UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ASPEKTE VAN GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (1850 - 1950)

## 'N KERKHISTORIESE STUDIE

DEUR

*CARL KRIGE FOURIE*

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

***PHILOSOPHIAE DOCTOR***

in die Fakulteit Teologie, Afdeling B
(Nederduitse Gereformeerde Kerk)

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

***Promotor: Prof. J W Hofmeyr***

1997

© University of Pretoria

# OPSOMMING

Sedert die vestiging van die kerk aan die suidpunt van Afrika, het die gereformeerde godsdiens 'n belangrike deel uitgemaak van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Deur die toedoen van predikante soos ds.Andrew Murray, het 'n nuwe evangeliese bewuswording posgevat wat mense laat vra het na wedergeboorte, bekering en heiligmaking. 'n Ernstige soeke na die werking van die Heilige Gees het, ná baie gebed, uitgeloop op die bekende herlewings laat in die vorige eeu. Hierdie opwekkings het 'n aptyt gewek vir die ongewone en daarmee saam het 'n ontevredenheid geheers oor die swak geestelike toestand in die Ned.Geref.Kerk.

In pogings wat aangewend is om te voldoen aan die geestelike behoefte van lidmate en om die onbekeerdes te bereik, het die Ned.Geref.Kerk met spesiale evangelieprediking begin. Intussen kom meer as een beweging, hoofsaaklik weens buitelandse invloede, die Kerk binne. Die vernaamste doelwit van hierdie bewegings was om op verskeie vlakke van die samelewing die boodskap van bekering en heiligmaking te bevorder. Hoewel sekere predikante en lidmate kon getuig van 'n besliste bekeringsmoment in hulle lewe, was dit nie verteenwoordigend van die res van die kerklike publiek nie. Enkeles het ook 'n definitiewe heiligmakingsondervinding voorgestaan.

Hierdie verwikkelinge het die besef laat ontstaan dat Metodistiese invloede in 'n baie groot mate die Kerk begin infiltreer het en daarom is enige poging ter bevordering van wedergeboorte, bekering en heiligmaking met agterdog bejeen. Terselfdertyd het, deur die invloed van dr.Abraham Kuyper, 'n oplewing van Calvinisme ontstaan wat verdere druk geplaas het op die evangelies-bevindelike stroom in die land. Beskuldigings van Metodistiese geesdrywery, gevoelvolle prediking en allerlei vorme van opsweping moes aangehoor word. Om die situasie te vererger, word twee predikante van hul gemeenteverpligtinge losgemaak en hou as sogenaamde Los predikante konferensies landwyd. Saam met die invloed van die A.E.B. word die kloof tussen Calvinisme en Metodisme groter. Met die stigting van Die Nuwe Protestantse Kerk (Evangelies-Gereformeerde Kerk) in 1944 onder die leiding van dr.D.J.J.de Vos, skaar die ondersteuners van die Los predikante en die A.E.B. hulle by hom.

Intussen kristalliseer 'n verskeidenheid leerstellige standpunte in die Ned.Geref.Kerk uit wat wissel van 'n strenge verbondsteologie (waarin wedergeboorte latent plaasvind) tot 'n meer Metodisties-gekleurde interpretasie van die heilsweg waar wedergeboorte neerkom op 'n bewustelike ondervinding. By laasgenoemde groep het heiligmaking sterk geneig in die rigting van perfeksionisme. Die oorsprong van hierdie groep kan teruggevoer word na sekere teoloë wat rondom die eeuwending aktief betrokke was, asook na die invloed van buitelandse evangeliesgesindes. Die verbondsteoloë daarenteen, wou getrou aan hul Nederlandse erfenis nie afsien van die suiwer Calvinistiese leer nie. In die Ned.Geref.Kerk het hierdie twee strominge in 'n groot mate saamgewerk sonder dat die Metodistiese invloede die Kerk leerstellig van die spoor laat afwyk het. Die evangeliese invloed, met die praktiese beoefening van wedergeboorte, bekering en heiligmaking kon ook verder bydra tot die verdieping van gereformeerde spiritualiteit in die Ned.Geref.Kerk. Die slotsom waartoe die kandidaat kom is dat gereformeerde spiritualiteit in die Ned.Geref.Kerk grootliks hand aan hand loop met die evangeliese inslag in hierdie Kerk en dat die term "Metodisme" dikwels verkeerdelik aan hierdie groepering gekoppel is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## SUMMARY

Since the founding of the church at the southern tip of Africa, reformed religion played an important part in the history of the church in the South African context. Through the contribution of the ministers like dr.Andrew Murray, a new evangelical awakening arose which inspired people to enquire about rebirth, conversion and sanctification. An earnest search after the work of the Holy Spirit resulted after much prayer, in the well-known revival towards the latter part of the previous century. These conversions awakened the appetite for the unusual and, with that, a dissatisfaction about the spiritual well-being of the church reigned.

By attempting to comply with the spiritual need of members as well as trying to reach the heathens, the Dutch Reformed Church began a special evangelical preaching programme. In the meantime more than one movement, mostly as a result of international influence, infiltrated the church. The prime object of these movements were to promote the message of salvation and sanctification. Although some ministers and members could testify to a decisive moment of rebirth in their lives, this was not representative of the rest of the church-going public. Individuals claimed a definite experience of sanctification.

These developments allowed for the relations that the Methodist influence, to a large extend, were beginning to infiltrate the church and thus any attempt to promote the concepts of rebirth, conversion and sanctification were treated with suspicion. Simultaneously, through the influence of dr.Abraham Kuyper, resurgence of Calvinism began which placed further pressure on the Evangelicals in the country. Accusation of Methodist practices, emotional preaching and various forms of incitement had to be heard. To worsen the situation, two ministers were relieved of their ministerial duties and held, as so-called "Loose ministers" country-wide conferences. The influence of the A.E.B. contributed to the rift between Calvinism and the Methodists widening. With the founding of the New Protestant Church (Evangelical Reformed Church) in 1944 under the auspices of dr.D.J.J.de Vos, the supporters of the "Loose ministers" and the A.E.B. rallied to his support.

In the meantime a variety of doctrinal viewpoints crystalised in the Dutch Reformed Church. These vary from a strictly covenant theology (wherein rebirth is latently present) to a more Methodist inclined interpretation of the root to salvation where rebirth is interpreted as a concious experience. Whith the latter salvation was strongly inclined towards perfectionism. The origin of the group can be attributed to various theologians who were active at the turn of the century, as well as the influence of international evangelists. In contrast the covenant thelogians did not want to waive from their pure Calvinism. In the Dutch Reformed Church these two streams worked together to a large extend, without the Methodist influences deviating them from their tracts. The evangelical influence, with the practical practise of rebirth, conversion and sanctification can further contribute to the deepening of the spirituality of the Dutch Reformed Church.

The final conclusion reached is that reformed spirituality in the Dutch Reformed Church can to a large extent be related to its evangelical inclination and that the exponents of this trent were falsely accused of Methodism.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# WAARDERING


- Al die eer kom my hemelse Vader toe wat my nie alleen gered het nie, maar ook geroep het om voltyds in sy diens te wees. Daarmee saam het Hy my ook in staat gestel om hierdie mylpaal te bereik.
- Teenoor my eggenote en kinders wil ek my opregte waardering uitspreek vir hulle liefde, begrip en opoffering terwyl ek met hierdie studie besig was.
- Vir my moeder was dit 'n ideaal dat ek, te midde van terugslae, hierdie doelwit sou bereik. Baie dankie vir al die gebede.
- Sonder 'n bekwame studieleier soos prof.Hofmeyr sou hierdie taak onmoontlik uitgevoer word. In hierdie tyd is sy eggenote onverwags deur die dood weggeneem, maar ten spyte daarvan kon hy sy volle aandag aan die vordering van hierdie werkstuk gee.
- 'n Spesiale woord van dank aan ds.F.S.Coetzee, prinsipaal en Dogmatiekdosent aan die Seminarie van die Evangelies-Gereformeerde Kerk vir die belangrike inset wat hy gelewer het.
- Die flinke diens van die personeel van die Ned.Geref.Kerkargief in Pretoria verdien ook spesiale vermelding.
- Die Evangelies-Gereformeerde Kerk staan nie onsimpatiek teenoor die bevordering van die akademiese standaard van predikante nie. Baie dankie vir die finansiële bystand.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE

**1. INLEIDING** 1

**1.1 DOEL VAN HIERDIE STUDIE** 1
1.1.1 PRIMÊRE DOEL 1
1.1.2 SEKONDÊRE DOEL 1
**1.2 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE** 2
1.2.1 SPIRITUALITEIT 2
1.2.2 GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT 5
**1.3 ASPEKTE VAN GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT** 7
1.3.1 GEREFORMEERDE EN METODISTIESE INTERPRETASIE VAN BEKERING 10
**1.4 PROBLEEMSTELLING** 13
**1.5 HIPOTESE** 14
**1.6 TERREINAFBAKENING** 14
**1.7 STOFVERSAMELING** 15
**1.8 VERWYSINGSTEGNIEK** 15
**1.9 HOOFSTUKINDELING** 16
**1.10 ALGEMEEN** 16

**2. PERSOONLIKE ERVARINGS** 18

**2.1 DS. ANDREW MURRAY (SR.) (1794-1866)** 19
2.1.1 VROEË LEWENSJARE IN SKOTLAND 20
2.1.2 SY BEDIENING IN SUID-AFRIKA 20
2.1.3 SY BEKERING 21
**2.2 DS.G.W.A. VAN DER LINGEN (1804-1869)** 21
2.2.1 SY VROEË LEWE EN BEKERING 21
2.2.2 SY BEDIENING 22
**2.3 DS. G.W.STEGMANN (1814 - 1890)** 22
**2.4 PROF.N.J.HOFMEYR (1827- 1909)** 23
2.4.1 SY VROEË LEWE 23
2.4.2 SY BEKERING EN OPLEIDING AS PREDIKANT 23
2.4.3 SY BEDIENING 24
2.4.4 KEERPUNT IN SY LEWE 25
**2.5 DR.ANDREW MURRAY (1828 -1917)** 25
2.5.1 SY VROEË LEWE 26
2.5.2 SY BEKERING 26
2.5.3 SY BEDIENING 27
2.5.4 DIEPER GEESTELIKE LEWE 28
2.5.5 SY GEESTELIKE INVLOED 28
2.5.6 SY PREDIKING 29
**2.6 DS. JOHN MURRAY (1826-1882)** 29
2.6.1 SY GEESTELIKE AGTERGROND 29
2.6.2 SY BEDIENING 30
**2.7 DR.SERVAAS HOFMEYR (1830 - 1888)** 30
2.7.1 SY VROEË LEWE EN BEKERING 30
2.7.2 SY STUDIES 31
2.7.3 SY BEDIENING 31
2.7.4 SPESIALE DIENSTE 32
2.7.5 ALGEMENE KARAKTERTREKKE 32
**2.8 EERW.STEPHANUS HOFMEYR (1839-1905)** 32
2.8.1 SY LEWE 32

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


2.8.2 SY BEKERING 33
2.8.3 SY BEDIENING 34
**2.9 DS.J.R.ALBERTIJN (1847-1920) 35**
2.9.1 SY BEKERING 35
2.9.2 SY BEDIENING 35
2.9.3 HERLEWING 36
2.9.4 DIE DIEPER GEESTELIKE LEWE 37
2.9.5 SAAM MET DIE KRYGSGEVANGENES 37
2.9.6 SY PREDIKING 38
**2.10 DR.H.S.BOSMAN (1848-1933) 39**
2.10.1 VROEË LEWE EN BEKERING 39
2.10.2 SY OPLEIDING 40
**2.11 DS.G.D.DU TOIT (1886-1961) 40**
2.11.1 PERSOONLIKE GETUIENIS 40
2.11.2 DS.DU TOIT AS SPESIALE EVAGELIEPREDIKER 42
2.11.3 GESKRIFTE VAN DS.DU TOIT 42
**2.12 PROF.J.C.G.KOTZÉ (1901-1979) 42**
2.12.1 SY BEKERING 43
2.12.2 SY "DIEPERLEWE-ONDERVINDING" 43
2.12.3 SY BEDIENING 44
**2.13 ANDER PROMINENTE FIGURE SE ONDERVINDING 44**
2.13.1 SAREL CILLIERS 45
2.13.2 PRES.PAUL KRUGER 46
**2.14 INTERPRETASIE EN BEOORDELING 47**

**3. HERLEWINGS EN GEESTELIKE OPWEKKINGS 49**

**3.1 WAT IS HERLEWING? 49**
**3.2 BEHOEFTE AAN HERLEWING 50**
**3.3 VROEGSTE TEKENS VAN HERLEWING IN SUID-AFRIKA 50**
**3.4 VOORSPEL TOT HERLEWING IN SUID-AFRIKA 51**
3.4.1 DREIGENDE GEVARE 51
3.4.2 OPROEP TOT GEBED 52
3.4.3 KONFERENSIE TE WORCESTER 53
**3.5 HERLEWING ONTSTAAN IN VERSKILLENDE DELE VAN DIE LAND 54**
3.5.1 MONTAGU 54
3.5.2 HERNUDE HERLEWINGS IN MONTAGU (1884,1885,1895) 56
3.5.3 WORCESTER 56
3.5.4 RIVERSDAL 58
3.5.5 MALMESBURY (ZWARTLAND) 58
3.5.6 HEIDELBERG, KAAP 59
3.5.7 VILLIERSDORP 60
3.5.8 FRANSCHHOEK 60
**3.6 HERLEWING REIK VER EN WYD 61**
**3.7 REAKSIE OP EN NAGEVOLGE VAN DIE HERLEWINGS 61**
3.7.1 TOENAME IN GEBED 62
3.7.2 SONDEBESEF EN VERLOSSING 62
3.7.3 HEILIGMAKING 63
3.7.4 AANSTEEKLIKHEID 63
3.7.5 KNOU VIR LIBERALISME 63
3.7.6 OPLEIDING VAN EVANGELIEDIENAARS 64
3.7.7 VERBETERING IN PREDIKING 64
3.7.8 SANG 65
3.7.9 KINDERBEKERINGS 65
3.7.10 LANGTERMYN-INVLOED OP DIE KERK 65

3.7.11 Kleur- taal- en kerkgrense word oorbrug 67
3.7.12 Die sendingsaak word bevorder 69
3.7.13 Opleidingsinrigting vir voornemende sendelinge 70
**3.8 Herlewing onder die krygsgevangenes 70**
3.8.1 Diyatalawa-kamp, Ceylon 71
3.8.2 St.Helena 71
3.8.3 Fort Amednagar, Indië 72
3.8.4 Shahjahanpr, Indië 73
**3.9 Herlewing in die vroeë jare van die twintigste eeu 73**
**3.10 Negatiewe reaksie op die herlewings 75**
**3.11 Pinksterbidure as uitvloeisel van herlewing 76**
3.11.1 Die oorsprong 76
3.11.2 Plasing van Pinksteronderwerpe in "Die Kerkbode" 79
3.11.3 Besware teen Pinkster 79
**3.12 Interpretasie en beoordeling 80**

**4. VOLGEHOUE BEGEERTE NA HERLEWING EN DIE TOESTAND VAN DIE KERK 82**

**4.1 Die toestand van die Kerk 82**
**4.2 Moontlike oorsake vir geestelike doodsheid 90**
4.2.1 Gebrek aan bekeringsprediking 90
4.2.2 Opleiding van predikante 93
4.2.3 Gebrek aan leierskap 94
4.2.4 Geestelike standaard van predikante 95
4.2.5 Oor die prediking in die algemeen 97
4.2.6 Spesiale evangelieprediking 98
**4.3 Byeenkomste en publikasies met "Herlewing" as tema 98**
4.3.1 Stellenbosch 99
4.3.2 Pretoria 99
4.3.3 Worcester 100
4.3.4 Herlewingsbond 100
4.3.5 Algemeen 100
**4.4 Drastiese optrede in reaksie op kerklike toestand 101**
4.4.1 Die Beukesgeloof 101
4.4.2 Die Nuwe Protestantse Kerk 102
4.4.3 Die Gereformeerde Kerke onder die kruis en ds.S.J.du Toit 102
4.4.3.1 Agtergrond 103
4.4.3.2 Opwekkings en spesiale dienste 103
4.4.3.3 Bidure 104
4.4.3.4 Ander onaanvaarbare praktyke 104
4.4.4 Gereformeerde Kerke onder die Kruis 105
**4.5 Interpretasie en beoordeling 106**

**5. SPESIALE EVANGELIEPREDIKING 108**

**5.1 Behoefte aan spesiale evangelieprediking 109**
**5.2 Evangelisasiewerk van die Kaapse Sinode 112**
5.2.1 Die spesiale prediking van ds.J.A.van der Merwe 112
5.2.1.1 Gereformeerde werksmetode van ds.Van der Merwe 115
5.2.1.2 'n Terugblik oor 10 jaar 117
5.2.2 Evangelisasiewerk van ds.G.D.du Toit 119
**5.3 Spesiale Evangelisasieprediker in Transvaal 121**
5.3.1 Ds.J.C.G.Kotzé as Spesiale Evangelieprediker 122
5.3.2 Ds.A.J.Pienaar 124

5.3.2.1 Agtergrond 124
**5.4 PLAASLIKE EVANGELISASIEAKSIES** **125**
5.4.1 AFNAME IN SPESIALE EVANGELISASIEPREDIKING 126
**5.5 EVANGELISASIEWERK IN DIE O.V.S.** **126**
**5.6 SPESIALE EVANGELIEPREDIKING ONDER DIE SOEKLIG** **128**
**5.7 KLEMVERSKUIWING IN EVANGELISASIE** **132**
**5.8 BESOEKE VAN BUITELANDSE EVANGELISTE** **134**
5.8.1 LIONEL FLETCHER 135
5.8.2 REV. DAVID MATTHEWS 138
**5.9 BINNELANDSE EVANGELISTE** **138**
5.9.1 ROBERT CROLL 139
5.9.2 PASTOR FRANSON 139
5.9.3 FRANK HUSKISSON 140
**5.10 INTERPRETASIE EN BEOORDELING** **140**

**6. BINNE- EN BUITEKERKLIKE BEWEGINGS** **145**

**6.1 DIE KESWICKBEWEGING** **145**
6.1.1 WAT DIE KESWICKBEWEGING LEER 147
**6.2 DIE STREWERSVERENIGING** **148**
6.2.1 ONTSTAANSGESKIEDENIS 149
6.2.2 DOEL VAN DIE STREWERSVERENIGING 150
6.2.3 KERKLIKE BETROKKENHEID 151
6.2.4 STREWERSVERENIGING ONDER DIE BALLINGE 151
6.2.5 DIE STREWERSVERENIGING ONDER CALVINISTIESE SOEKLIG 151
**6.3 DIE CHRISTELIKE STUDENTEVERENIGING (C.S.V.)** **154**
6.3.1 ONTSTAANSGESKIEDENIS 154
6.3.2 DIE DOEL VAN DIE C.S.V. 155
6.3.3 AKTIWITEITE VAN DIE C.S.V. 156
6.3.4 REISENDE SEKRETARISSE 157
6.3.4.1 Mej.Ellen Jacobs 157
6.3.5 KRITIEK TEEN DIE C.S.V. 157
6.3.6 DIE C.S.V. SE KERKLIKE BETROKKENHEID 160
**6.4 DIE OXFORDBEWEGING** **161**
6.4.1 ANDER REAKSIES VAN LIDMATE 164
**6.5 DIE AFRIKA EVANGELIESE BOND (A.E.B.)** **165**
6.5.1 ONTSTAAN 166
6.5.2 LEERSTELLIG 167
6.5.3 HOUDING VAN DIE NED.GEREF.KERK JEENS DIE A.E.B. 167
**6.6 UITEENLOPENDE REAKSIES OP BEDIENINGSARBEID VAN DIE A.E.B. EN ANDER BUITEKERKLIKE BEWEGINGS** **171**
**6.7 INTERPRETASIE EN BEOORDELING** **179**

**7. CALVINISME VERSUS METODISME** **182**

**7.1 TWEE SIENSWYSES OOR METODISME** **185**
7.1.1 DIE VERWEER VAN A.H.M.KOORNHOF TEEN METODISME 185
7.1.1.1 Die wese van Metodisme 186
7.1.1.2 Die Konsekwensie van Metodisme 186
7.1.2 DS.BOSMAN EN METODISME 191
**7.2 TWEE RIGTINGS VAN CALVINISME - "BEKOMMERD"-KORRESPONDENSIE** **196**
7.2.1 REAKSIE OP "BEKOMMERD" SE AANTYGINGS 197
**7.3 METODISTIESE INVLOEDE OP DIE KERK IN SUID-AFRIKA** **204**
**7.4 INTERPRETASIE EM BEOORDELING** **206**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**8. LEERSTELLINGS OOR BEKERING, WEDERGEBOORTE EN HEILIGMAKING 210**

**8.1 DIE HEILSORDE (ORDO SALUTIS) 212**
8.1.1 ROEPING EN WEDERGEBOORTE 212
8.1.2 GELOOF EN BEKERING 213
8.1.3 HEILIGMAKING 214
8.1.4 SAMEVATTEND 215
**8.2 BEKERING, WEDERGEBOORTE EN HEILIGMAKING SOOS GEÏNTERPRETEER DEUR VERSKILLENDE PREDIKANTE VAN DIE NED.GEREF.KERK 216**
8.2.1 PROF.N.J.HOFMEYR 216
8.2.1.1 Bekering 217
8.2.1.2 Roeping 219
8.2.1.3 Bekering en wedergeboorte 219
8.2.1.4 Die oorgawe aan Christus 220
8.2.1.5 Die rol van die mens by bekering 221
8.2.1.6 Heiligmaking 222
8.2.1.7 Opsomming 224
8.2.2 DR ANDREW MURRAY 225
8.2.2.1 Wedergeboorte 226
8.2.2.2 Bekering 226
8.2.2.3 Geloofsversekering 228
8.2.2.4 Heiligmaking 228
8.2.2.5 Perfeksionisme en die “Second Blessing” 229
8.2.2.6 Opsomming 231
8.2.3 PROF.JOHN MURRAY 232
8.2.3.1 Sondebewustheid 232
8.2.3.2 Wedergeboorte 233
8.2.3.3 Regverdigmaking 234
8.2.3.4 Geloof 234
8.2.3.5 Heiligmaking 235
8.2.3.6 Bekering 235
8.2.3.7 Opsomming 236
8.2.4 DS.J.R.ALBERTIJN 236
8.2.4.1 Berou 237
8.2.4.2 Belydenis 237
8.2.4.3 Bekering en geloof 238
8.2.4.4 Geloofsoorgawe 240
8.2.4.5 Opsomming 240
8.2.5 DR.B.B.KEET 241
8.2.5.1 Roeping 241
8.2.5.2 Wedergeboorte 241
8.2.5.3 Geloof en bekering 242
8.2.5.4 Regverdigmaking 243
8.2.5.5 Heiligmaking 243
8.2.5.6 Opsomming 244
8.2.6 DS.G.D.DU TOIT 244
8.2.6.1 Wedergeboorte en bekering 245
8.2.6.2 Heiligmaking 247
8.2.6.3 Ds Du Toit se persoonlike ondervinding 249
8.2.6.4 Die skeiding tussen "geheiligdes" en "ongeheiligdes". 250
8.2.6.5 Die leer van die "Second Blessing" 251
8.2.6.6 Opsomming 253
**8.3 ANDER INTERPRETASIES VAN DIE HEILSWEG 253**
8.3.1 DS.H.P. VAN DER MERWE 253
8.3.2 DS.C.W.RETIEF 254
8.3.3 DS.C.R.KOTZÉ 255

8.3.4 DR.D.R.SNYMAN 256
8.3.4.1 Heiligmaking 257
8.3.5 DS.H.J.PIENAAR 257
8.3.5.1 Heiligmaking 258
8.3.5.2 Vleeslik of geestelik 258
8.3.6 DS.A.V.KRIGE 259
8.3.7 DS.F.J.LIEBENBERG 259
8.3.8 DR.F.J.M. POTGIETER 260
8.3.8.1 Wedergeboorte 260
8.3.8.2 Bekering 261
8.3.8.3 Heiligmaking 261
8.3.9 DR.J.C.G.KOTZÉ 262
8.3.9.1 Ds.Kotzé en "Metodisme" 262
**8.4 WEDERGEBOORTE EN BEKERING - VERWARRENDE TERMINOLOGIE 264**
**8.5 INTERPRETASIE EN BEOORDELING 267**

**9. RADIKALE OPTREDE VAN NED.GEREF.-PREDIKANTE LOK REAKSIE UIT 269**

**9.1 DIE LOS PREDIKANTE 269**
9.1.1 BETEKENIS VAN DIE TERM "LOS PREDIKANT" 269
9.1.2 WIE WAS DIE LOS PREDIKANTE? 270
9.1.2.1 Ds.C.F.Scheepers 270
9.1.2.2 Ds.W.C.Malan 272
9.1.3 NEGATIEWE REAKSIES TEEN DIE LOS PREDIKANTE 273
9.1.4 POSITIEWE REAKSIE OORLOS PREDIKANTE 276
9.1.5 DIE LEER VAN DIE LOS PREDIKANTE 277
9.1.5.1 Die leer van ds.C.F.Scheepers 278
9.1.5.2 Ds.W.C.Malan 293
9.1.6 LEERVERSKILLE TUSSEN LOS PREDIKANTE EN NED.GEREF.KERK 297
**9.2 DR.D.J.J.DE VOS 300**
9.2.1 VROEË LEWE EN BEKERING 300
9.2.2 OPLEIDING EN BEDIENING 300
9.2.3 HOUDING JEENS BUITEKERKLIKE GROEPE 302
9.2.4 DR.DE VOS SE LEERSTELLIGE STANDPUNT 302
9.2.4.1 Roeping 302
9.2.4.2 Wedergeboorte 303
9.2.4.3 Bekering 304
9.2.4.4 Vergelyking tussen bekering en wedergeboorte 304
9.2.4.5 Regverdigmaking 305
9.2.4.6 Heiligmaking 305
9.2.5 OPSOMMING 305
**9.3 RADIKALES SE AANDEEL IN KERKSTIGTING 305**
9.3.1 LOS PREDIKANTE SE LEER VLOEI OOR NA DIE N.P.KERK 308
9.3.2 LEERVERSKILLE IN DIE NUWE PROTESTANTSE KERK LAAT DR.DE VOS WEER AFSKEI 309
9.3.3 BEHOUD VAN NED.GEREF.KERK-LEER 311
**9.4 INTERPRETASIE EN BEOORDELING 312**

**10. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING 314**

**10.1 "METODISTIESE" BEÏNVLOEDING 315**
**10.2 INTERPRETASIE VAN DIE HEILSORDE 319**
10.2.1 DIVERSITEIT VAN SIENSWYSES 320
10.2.2 ONSEKERHEID ONDER LIDMATE 324
**10.3 GEESTELIKE KLIMAAT BEWERK KERKSKEURING 325**


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

10.4 LEERSTELLIGE ONTWIKKELING 327
10.5 SLOTGEDAGTE 330

**11. BRONNELYS** **332**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG 1: ILLUSTRASIE GEBRUIK DEUR DS.C.F.SCHEEPERS (SIEN p.288)**



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG 2:**

# Verklaring van die Sewe Harte.

1 Die sewe groot sirkels stel ooral die mens se persoonlikheid voor. Die binnekant se sirkels stel die harte voor. Adam se hart was wit of sondeloos. Gen. 1:27, I. Kor. 11:7. Die beeld van God het veral bestaan in ware kennis, geregtigheid en heiligheid. Kol. 3:10, Ef. 4:24, I. Kor. 1:30.

2 Elke mens word met 'n swart hart gebore. Job 14:4, Psalm 58:4, Psalm 51:7, Gen. 8:21, Rom. 3:10-12. Die swart hart noem ons erfsmet, of erfsonde. Dit beteken die aangebore bedorvenheid waarmee elke mens gebore word, daarom is die mens van nature geneig God en sy naaste te haat, en die gebooie van God met gedagtes, woorde en werke te oortree. Titus 3:3. Daarom is die wedergeboorte noodsaaklik. Joh. 3:3, 5 en 7.

3 Die erfsmet is 'n fontein waar die sondes uit opborrel. Mark 7:20-23, Rom. 1:29-31. Die swart om die hart is dadelike sondes van gedagtes, woorde, en dade. Die weg tot bekering is: (1) Die Heilige Gees maak my oë oop vir die sondes van my lewe. Joh. 16:8. (2) Met berou bely ek my sondes één vir één by name. Psalm 32:5, I. Joh 1:9. (3) Dan geloof ek dat Jesus vir my sonde gesterf het. Joh. 1:29, Joh. 19:30, II. Kor. 5:21, en (4) Nou neem ek met dank aan die ewige lewe. Joh. 1:12.

4 Tussen harte No. 3 en No. 4 is twee verskille: (1) Die swart rand is wit. Dit stel voor vergiffenis, versoening, regvêrdigmaking. Luk 7:48 en 50, Rom. 5:1 en 11. (2) Daar is 'n 2de hart by gekom. Dit stel die wedergeboorte, die ewige lewe voor. I. Peter 1:23, Joh. 3:36.

5 Die gelowige het nou twee harte and daarom is daar lig en duisternis, vlees en gees, die Heilige Gees en Self in sy lewe. Rom. 7. Die ou lewe het 20 name:—

(1) Ek. Gal. 2:20; (2) Die ou mens. Col. 3:9 en 10, Rom. 6:6;
(3) Liggaam der sonde. Rom. 6:6; (4) Liggaam des doods. Rom. 7:24;
(5) Liggaam der sonder en des doods. Rom. 8:2; (6) Liggaam der sonde des vleses. Col. 2:11;
(7) Dubbel hart. Jac. 1:8; (8) Boos ongelowig hart. Hebr. 3:12;
(9) Harde hart. Hebr. 3:8; (10) Steen hart. Ezech. 36:26;
(11) Dubbel fontein. Jac. 3:10-12; (12) Inwonende sonde. Rom. 7:17;
(13) Vlees. Gal. 5:17-24; (14) Ongeregtigheid. I. Joh. 1:9;
(15) Krankheid. Petr. 2:24, Jer. 3:22; (16) Ismael lewe. Gal. 4:30;
(17) Woestyn lewe. Dent. 6:23; (18) Voorhangsel. Hebr. 10:20;
(19) Onrein hart. Ps. 51:12; (20) Ongehoorsaamheid. Hebr. 3:18.

6 Twee verskille tussen harte No. 5 en 6. (1) Die swart vlekke, wat die sondes in die gelowige se lewe voorstel, is weg. Die gelowige het sy sondes bely en vollens. I. Joh. 1:9, is dit vergewe. (2) Die kruis word aan SELF met sy 20 name onder **(5)** genoem toegepas. Gods Woord leer dat SELF dood is in Kristus aan die Kruis. Rom. 6:3-6, II. Kor. 5:15, Gal. 2:20, Col. 3:3.

7 Hier is 'n rein hart. Ps. 51:12, 73:1, Matt. 5:8, I. Tim. 1:5, I. Tim. 3:9, II. Tim. 2:21, I. Petr. 1:22, I. Joh. 3:3. Dis 'n goddelike eis. Ps. 24, Hebr. 12:14, I. Thes. 4:3. Die weg daartoe is: (1) Bely u sondes kind van God en (2) Glo vier dinge:—(1) Dat u sondes vergewe is; (2) Dat self dood is en dat u hart rein is, I. Joh. 1:9, en (3) Dat God u rein hart gevuld het met die Pinkster volheid; (4) Hou dit in die geloof vas totdat die onder vinding kom.

---

*Hierdie Kaart met verdere inligtinge is verkrybaar teen 3d. elk by Ds. C. F. Scheepers, Betshan, Privaatsak, Bloemfontein.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 1. INLEIDING

## *1.1 Doel van hierdie studie*

Die Ned.Geref.Kerk het op kerklike gebied sekerlik die grootste impak gemaak op die godsdienstige lewe van die Afrikaner aan die suidpunt van Afrika. Met wortels wat teruggevoer kan word na 1652 en met buitelandse invloede wat vormend daarop ingewerk het, het dit op die politieke, opvoedkundige en godsdienstige vlakke van die samelewing 'n beduidende invloed uitgeoefen.

Veral wat die geestelike dimensie betref, was hierdie kerk nie gevrywaar van interne stryd nie. Daar moes gedurig gewaak word teen vreemde invloede wat die gereformeerde identiteit sou skaad. Liberalisme en Metodisme was van die enkele bedreigings op leerstellige gebied waarteen geveg moes word.

Die vraag ontstaan of die sogenaamde bedreigings werklik tot nadeel van die Kerk in geheel gestrek het. Die liberalisme het die Kerk tot besinning gebring om opnuut na te dink oor die fundamentele waarhede, maar wat van Metodisme, met die klem op bekering en heiligmaking? Dat dit vir die gereformeerde leer bedreigings ingehou het, kan nie betwyfel word nie, maar het dit nie moontlik tog bevorderlik ingewerk op die geestelike standaard van die lidmate oor die algemeen nie? Wat se invloed het dit op die gereformeerde spiritualiteit in die Ned.Geref. Kerk gehad? Hierdie en ander vrae verg 'n deeglike besinning.

### *1.1.1 Primêre doel*

In hierdie studie word gepoog om hoofsaaklik aandag te gee aan die hantering van enkele aspekte van spiritualiteit in gereformeerde konteks, in besonder wedergeboorte, bekering en heiligmaking soos wat dit in die tydperk 1850-1950 in die Ned.Geref.Kerk op die voorgrond getree het. Aandag word gegee aan die wyse waarop hierdie temas deur predikante, evangeliste, lidmate, verenigings, ens. in die Kerk geïnterpreteer en toegepas is. 'n Bepaling moet gemaak word of hierdie onderwerpe wel algemeen in die Kerk gefunksioneer het en, indien wel, in watter mate dit gebeur het en wat die konsekwensies daaraan verbonde was. Dit behoort ook 'n aanduiding te gee van die mate waarin hierdie aspekte oor die algemeen die spiritualiteit in die Ned.Geref.Kerk beïnvloed het. Moontlik kan deur hierdie studie meer lig gewerp word op die hedendaagse soeke na die wese en plek van gereformeerde spiritualiteit in die Suid-Afrikaanse kerklike opset.

### *1.1.2 Sekondêre doel*

Vir my as predikant van die Evangelies-Gereformeerde Kerk[1] wat in hierdie kerk opgegroei het, is dit 'n verdere uitdaging om vas te stel of die ontwikkeling van gereformeerde spiritualiteit in die Ned.Geref.Kerk nie moontlik indirek aanleiding gegee het tot die stigting van hierdie kerk nie. In baie

[1] Voor1986 Die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika

kringe word aanvaar dat die stigting bloot toegeskryf kan word aan die onverkwiklike stryd tussen twee Ned.Geref.Kerk-predikante in Durban, maar wat was die werklike onderliggende faktore wat bepalend was tot hierdie drastiese stap?

In 'n baie deeglike en wetenskaplike studie oor "*Die Geskiedenis van Die Nuwe Protestantse Kerk*" behandel dr.Attie van Niekerk hierdie aspekte baie breedvoerig. Hy voer die leerstellige wortels van die Kerk terug na die twee Los predikante, asook die Metodistiese invloed van die A.E.B., maar die vraag ontstaan of die lyn nie nog verder teruggeneem kan word nie. Die twee Los predikante en veral hulle leer oor bekering, wedergeboorte en heiligmaking het in die dertiger- en veertigerjare hewig onder die spervuur deurgeloop en daarom moet nagevors word in watter opsig hierdie leer verskil het met dié van sekere evangeliese predikante in die Ned.Geref.Kerk. Het die ontwikkeling van die gereformeerde spiritualiteit in die Ned.Geref.Kerk hoegenaamd 'n rol gespeel in die ontstaansgeskiedenis van hierdie kerk?

## *1.2 Omskrywing van begrippe*

### *1.2.1 Spiritualiteit*

Enkele dekades gelede het hierdie woord nie bestaan in die algemene omgangstaal van die Afrikaanse kerkganger nie. Baie laat in die twintigste eeu het dit 'n baie algemene term geword en daarmee saam 'n ongekende belangstelling in die betekenis en wese daarvan.

Hierdie begrip is uiters moeilik definieerbaar, bloot omdat dit uit verskillende invalshoeke benader kan word. Omdat dit 'n term is wat uitsluitlik in religieuse konteks gebesig word, is dit verstaanbaar dat uiteenlopende betekenisse daaraan geheg word weens die diversiteit van die verskillende gelowe.

In ons moderne samelewing, met die drastiese bewuswording van die sogenaamde "New Age"-gedagterigtings, gesteun deur verskeie fasette vanuit die oosterse religieë, kom die term "spirituality" baie algemeen ook in hulle woordeskat voor. Uiteraard sal hierdie gebruik van die term fundamentalistiese lidmate, met hul konserwatiewe gereformeerde godsdiens- en lewensbeskouing, se wenkbroue laat lig. Daarom staan dit enige groep vry om hierdie term te gebruik, terwyl daar geen "regte" of "verkeerde" gebruik daarvan bestaan nie.

Om die veelsydigheid van hierdie term te beklemtoon, word verwys na die *"Evangelical Dictionary of Theology"* onder redaksie van Walter A.Elwell (1984:1046-1051) se uiteensetting daarvan. Die volgende begrippe kom onder **Spirituality** voor: "*Orthodox Spirituality; Western Medieval Spirituality; Modern Catholic Spirituality; Caroline Spirituality en Puritan Spirituality.* Onder dieselfde tema word die volgende begrippe ook behandel, naamlik: *Spirituality in Other Religions; Spirituality in Christian Heresies; German Pietism; Methodism* en *Modern Holiness Movements*

Verskeie teoloë het al probeer om die definiëring van hierdie term onder die knie te kry, om maar net tot die gevolgtrekking te kom dat dit nie maklik is om die diepe betekenis daarvan in 'n paar woorde vas te pen nie. Volgens Jonker (1989:288) verwys spiritualiteit na die geestelike lewe van die mens in sy verhouding tot God (spiritual life). Hy voeg by: "Die moderne begrip *spiritualiteit* verwys na vroomheid

in hierdie sin, dit wil sê na die *beleweniskant of ervaringskant van die religie*, of nog breër gestel, na die *subjektiewe kant* van die religie. Ons sou dit kon weergee met geloofsbelewing, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk." Volgens hom bestaan daar 'n sterk behoefte na literatuur oor onderwerpe soos byvoorbeeld geestelike verdieping, en hy noem dat 'n hernieude belangstelling in geskrifte van Andrew Murray ontwikkel het. "Die oorgrote meerderheid van sy werk lê op die terrein wat vandag spiritualiteit genoem word. Daar is egter 'n groot skat van geestelike lektuur deur die eeue wat in ons tyd weer onder die stof uitgehaal word." (Jonker 1989:289).

Die woord *spiritualiteit* in sigself word vir die laaste paar dekades meer algemeen gebruik. Volgens Venter (1996:1) se beredenering is hierdie "tipies Rooms-Katolieke woord" en ook die saak waaroor dit gaan, wesenslik nie iets nuuts nie, selfs nie in gereformeerde kringe nie. Dit is 'n term wat deesdae gebruik word vir vroomheid, piëteit, godsaligheid, godvresendheid en godsvrug. Venter (1996:2) verwys ook na spiritualiteit as die *ervaring* of die *belewenismatige* kant van die godsdiens. Hierdie belewenis of ervaring spruit uit 'n fundamentele lewens-oriëntasie. "Dit is die belewenis of ervaring van die diepste godsdienstige oortuigings denkbaar." Opsommend definieer Venter (1996:2) spiritualiteit dan soos volg: "Spiritualiteit is die dinamiese ervaring/belewing deur die mens van sy/haar fundamentele godsdienstige oortuigings wat die karakter van die hele lewe van die mens bepaal." Daarmee saam verduidelik hy dat hierdie definisie sal inpas in die konteks van die Moslem, Boedhis, Tradisionele Afrikaan en die Christen.

Smit (1989:85) plaas weer die klem op die "eiendomlike aard" van die verskillende tradisies en die noodsaaklikheid om objektief te werk te gaan by die bestudering van elke groep se persepsie van spiritualiteit. Hy erken voorts dat dit nie so eenvoudig is om die term "spiritualiteit" te omskryf nie en dat daar eers gelet moet word op die metodologie om spiritualiteit mee te beskryf.

Hierdie begrip het deur die eeue heelwat betekenisveranderinge ondergaan. Soms is dit in 'n tegniese sin gebruik, terwyl dit andersins weer vaag en ongedefinieerd voorgekom het. Waar dit by sekere groepe positiewe assosiasie opgeroep het, het dit by andere 'n negatiewe konnotasie ingehou. In verskillende verbande word dit deesdae gebruik as 'n sinoniem vir begrippe soos toewyding ("devotion"), aanbidding, mistiek, innerlikheid, vroomheid, godsdienstigheid, of sommer die Christelike of die geestelike lewe as geheel" (Smit 1989:85).

Nie alleen is *spiritualiteit* 'n term wat deesdae meer algemeen voorkom nie, maar dit gaan ook gepaard met 'n intense soeke na die mistiese wat daarin verskuil lê. Daarom word die vraag verder gevra wat die verskil is tussen spiritualitiet en mistiek.

Wessels (*Die Kerkbode* 7 Maart 1997:9) behandel hierdie onderwerp, veral in die lig van vreemde verskynsels wat hedendaags in die Ned.Geref.Kerk te bespeur is en beweer dat die mistieke element vir jare in die Ned.Geref.Kerk voorkom. Hy verwys na die invoed van die Nadere Reformasie en die Reveil op die Ned.Geref.Kerk wat versterk is deur die koms van die Skotse predikante. "Die NG.Kerk het deur die jare ook ruimte gelaat vir 'n soort spiritualiteit wat nie maklik in die nugtere atmosfeer van die Ned Herv en die Geref Kerke te vinde is nie." Hy verwys ook na die mistieke element wat 'n rol gespeel het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die ontstaan van die Pinksterbidure. "Die gesig wat ds.GWA van der Lingen op die preekstoel in die Paarl gesien het, was 'n dramatiese mistieke gebeurtenis." Wessels gee egter toe dat die woord *mistiek* nie die regte woord is om die groot verskeidenheid van ervaringe wat vir mense in die geskiedenis van die NG Kerk sinvol was, te beskryf nie.

Net soos in die geval van spiritualiteit, is mistiek ook moeilik definieerbaar, terwyl hierin ook verskillende vertakkinge geleë is. In Jonker (1985:416,7) se behandeling van hierdie onderwerp, verwys hy onder andere na die geskiedenis van die puriteinse en gereformeerde geloofsbelewing wat bevestig dat wanneer die element van die geloofservaring en die verborge omgang met God nie in die kerklike vroomheid tot sy reg kom nie, dit aanleiding kan gee tot sulke bewegings soos die Reveil, die Nadere Reformasie, die Piëtisme en die heiligheidsbewegings uit die negentiende eeu. Hier verwys hy na Andrew Murray by wie 'n hunkering na die verborge lewensvolheid bestaan "wat uit die eenheid en gemeenskap met Christus vloei, en die Christelike kerk kan alleen tot sy skade daaraan verbygaan." Du Plessis (1920:460-2) verwys ook na die aanklank wat dr.Andrew Murray gevind het by mistici soos William Law en Bernard van Clairvaux (na wie sy woning op Wellington vernoem is). Du Plessis beskou die christelike mistiek as 'n aanduiding van die onmiddellike ervaring van en omgang met die goddelike (:461). Hy beskryf dit verder as die strewe van die menslike gees om tot "de zaligheid van dadelike en onafgebrokene gemeenschap met God te geraken" (:462).

Ten einde by die problematiek uit te kom of spiritualiteit wel beskryfbaar is, gee Smit (1989:86) vervolgens aandag aan die drieledige onderskeiding wat deur die vroeë sogenaamde woestynmonnike gemaak is:

Eerstens word melding gemaak van die "algemene, wydverbreide geloofsgestaltes" soos byvoorbeeld die kerklike inskakeling, kennis neem van die Skrifte, gebed,ens. Hierdie fasette van die Christelike lewe is so algemeen van aard dat dit as vanselfsprekend geneem word dat alle Christene hierdie praktyke behoort te beoefen.

Tweedens lei dit daartoe dat verskillende *vroomheidstipes* ontstaan deurdat 'n soort kategorisering plaasvind waar byvoorbeeld sekere ordes, kerklike tradisies, verskillende vorme van spiritualiteit, ens. gevorm word.

Derdens dui dit op die "manier waarop elke mens *persoonlik* met God en die wêreld omgaan, binne die raamwerk van hierdie voorgeskrewe en beskikbare geloofspraktyke. Hierdie eg individuele, ook innerlike vroomheid of spiritualiteit is nie toeganklik vir andere nie en gevolglik ook nie beskryfbaar nie" (Smit 1989:86). Hy kom dan tot die slotsom dat as gepoog word om byvoorbeeld 'n konfessionele spiritualiteit te beskryf, dit nie gaan oor die spiritualiteit in die sin van die innerlike, eg persoonlike vroomheid nie. Dit is heel verstaanbaar, want 'n persoon se innerlike belewenis kan moeilik in woorde uitgedruk word en allermins kan dit as norm dien vir andere om na te volg. In hierdie sin is spiritualiteit onlosmaakbaar van die "mistiek", veral as dit kom by die persoonlike belewing.

Volgens Smit (1989:87) moet 'n poging aangewend word om binne die breër raamwerk van wat as algemeen Christelik beskou word, te probeer vasstel wat die eiendomlike aksente, voorkeure, praktyke, prioriteite, ensovoorts van 'n spesifieke tradisie of gemeenskap is. Dit lei daartoe dat daar deeglik gelet moet word op die voorveronderstellings wat in die verskillende tradisies opgesluit lê. Elke tradisie het 'n eie sienswyse ten opsigte van spiritualiteit wat gebou word rondom sekere praktyke wat eie is aan die betrokke tradisie. Die gevaar lê daarin dat ander tradisies aan hierdie praktyke gemeet kan word om te bepaal in hoe 'n mate dit voldoen aan "ware spiritualiteit". Hy sê dat Christene daaraan herinner moet word dat die betekenisse wat aan woorde, uitdrukkings, simbole, handelinge, godsdienstige gebruike, ensovoorts, geheg word, nie noodwendig normatief is nie (:88).

In die Suid-Afrikaanse konteks het verskillende vertakkinge uitgespruit wat uiteraard verskillende betekenisse aan die begrip "spiritualiteit" sou heg. Durand (1985:43) verwys na drie groepe wat met die eeuwending op die kerklike terrein teenwoordig was, naamlik die kleiner, piëtistiese en revivalistiese groep; 'n groter groep wat minder revivalisties in sy benadering was en derdens 'n groep wat hoofsaaklik sendingbewus was en eweneens evangelisties. In hierdie groepe sou spiritualitiet waarskynlik verskillende betekenisse ingehou het. Die een groep sou dit sien as piëtisme (vroomheid) insigself, terwyl andere moontlik die evangeliese uitreik na ander daaraan gekoppel het.

Smit (1989:93) verstrek 'n sesvoudige tabellering van verskillende vorme van spiritualiteit. Waar sommige tradisies volgens hierdie model nadruk lê op oefeninge en handelinge, soos meditasie, askese, bieg, boetepraktyke, ens, plaas ander weer die klem op die siklus en gemeenskap, soos byvoorbeeld aspekte in die lewensiklus (geboorte, doop, huwelik, ens.) asook sekere feesdae, maaltye, ens. in die onderskeie dag- en jaarsiklusse. Vir andere is Christelike simbole en leerstukke weer van uiterste belang, terwyl religieuse motiewe soos geloofsekerheid, heiliging, reinheid, ens. vir ander primêr is in hul godsdiensbelewenis. In die laaste twee tabelle word diegene vermeld wat die klem plaas op die aard van verhoudinge tot God, die wêreld, self en die naaste, terwyl die verband met die wêreldbeskouing, ethos en omstandighede die belangrikste is vir die laaste kategorie wat hy vermeld (1989:93).

### *1.2.2 Gereformeerde spiritualiteit*

In 'n opvolgartikel van prof Smit, naamlik: "*Wat is gereformeerde spiritualiteit?*" meet hy die spiritualiteit in die gereformeerde tradisie aan die verskillende vorme soos in die tabel uiteengesit. Hy wys daarop dat daar wel sekere raakpunte is, maar daar is ook aspekte wat in 'n mindere mate of selfs geensins in gereformeerde kringe voorkom nie. Oor hierdie model sê Jonker (1989:290) dat die bedoeling daarmee nie is om ander tipes spiritualiteit te diskrediteer en die gereformeerde tipe te verheerlik nie, "maar om geopende oë te ontwikkel vir die erfenis wat ons meegekry het sodat die krag en swakheid daarvan in die lig van die Skrif ontdek kan word."

Net om te wys hoe wyd die veld van gereformeerde spiritualiteit strek, behandel Smit (1988:187-191) onder die derde kolom "Fokus op Christelike simbole en leerstukke" slegs drie fokuspunte, naamlik God, Christus en die Heilige Gees en bring dit in verband met die Calvinistiese teologie. Venter (1996:3)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevestig dat die Gereformeerde tradisie 'n beslissende keuse gemaak het dat die Drie-enige God sentraal en soewerein is in die leer en lewe.

Eerstens leef die gereformeerde vroomheid in die bewussyn dat die mens voortdurend met die lewende God self te make het (Smit 1988:187). Daaronder gee hy aandag aan Calvyn se eie piëteit en wys onder andere daarop dat die Institusie bedoel is as samevatting van Calvinistiese vroomheid. Die Christen se lewe moet eerstens gekenmerk word deur 'n bewussyn van eie skuld, nietigheid, afhanklikheid en nood en moet dan uitloop op gehoorsame diens en navolging. Verder word die gereformeerde lewe gedryf deur die eer van God (Soli Deo Gloria) (:187,188). God wil tot sy eer kom in die redding en heil van die mense (Jonker 1989:294). Nicol (*Die Gereformeerde en Evangeliese identiteit van die Ned.Geref.Kerk en die Charismatiese beweging*) se redenasies vind ook aanklank by hierdie opvattings wanneer hy skryf: "Gereformeerdheid is uit 'n geestelike ervaring gebore, en daarom is Calvyn se *Institusie* eintlik 'n vroomheidsboek." Hy noem dat die woord "*Pietas*" 180 keer daarin voorkom.

Ook is die rol van Christus uiters noodsaaklik as Middelaar tussen God en die sondige mens. Hier kom Calvyn se mistieke vereniging met Christus ter sprake wat nou saamhang met 'n "nimmereindigende heiligings- of etiese proses." "Die *volle Christelike lewe,* wat Calvyn tuis bring onder die navolging, met die selfverloëning as belangrikste komponent daavan, is *dus deel* van hierdie groei in die gemeenskap of vereniging met Christus" (Smit 1988:188,9).

Hierdie "mistieke" vereniging met Christus is onlosmaakbaar van die rol van die Heilige Gees. Calvyn word beskou as "die teoloog van die Heilige Gees", soos sommige teoloë dit uitdruk (Smit 1989:189). Van die mens word verwag om te leef volgens die eis van Gods Woord wat niks anders is nie as heiligmaking. Ook in hierdie sin word Calvyn beskou as die "teoloog van die heiligmaking" (:189). Die *Institusie* kan dus beskou word as riglyn vir die navolging van Christus in terme van kruisdra en selfverloëning. "Ander begrippe soos boete en wedergeboorte word gebruik as sinonieme om hierdie (nimmereindigende) proses van lewensvernuwing te beskryf. Daar is geen sprake hoegenaamd van volmaaktheid wat bereik kan word nie, dog slegs van gehoorsaamheid wat verskuldig is" (:189). Dit is ook nie 'n soort wêreldontvlugting nie, "maar veeleer die regte toerusting om met albei voete op hierdie aarde te kan leef, maar nuut, anders, vreemd, vanuit 'n visie" (:190).

In die lig hiervan sê Smit (1988:190) dat Calvyn se persoonlike leuse dié was van 'n brandende hart wat hy bring as 'n offer aan God - 'n simbool van toewyding van die ganse lewe. Nie alleenlik is 'n persoonlike toewyding aan God noodsaaklik nie, maar hierdie heiliging moet ook in die samelewing plaasvind (:190). Nicol (*Gereformeerde en Evangeliese Identiteit)* voeg hieraan toe dat die gereformeerdes nie so sterk op die *belewing* van die godsdiens gerig is as op die *uitlewing* daarvan nie. "Die vervulling van die Gees is vir ons nie hoofsaaklik 'n innerlike belewenis nie, maar beteken dat God toenemend oor ons lewens beheer moet kry." Hy sê verder dat die energie nie net in persoonlike vroomheid uitgeleef moet word nie, maar ook in diens aan die kerk.

Waar die skuldmotief aanvanklik nie so geredelik in Calvinistiese kringe voorgekom het nie, wys Smit (1988:190) daarop dat dit met verloop van tyd kon verander deurdat ander invloede kon meewerk tot die

"skuldvraag". Hier noem hy die invloed van subjektivisme en die piëtisme, die invloed van die Nadere Reformasie asook die invloed van die Metodisme in die plaaslike Ned.Geref.-tradisie.

Jonker (1989:293) beklemtoon die gedagte dat die klem by gereformeerde spiritualiteit gelê word "op die noodsaaklikheid van die subjektiewe heilstoeëiening wat deur en deur die werk van die Gees is, waarby die mens se verantwoordelikheid en geloofskeuse ten volle ingeskakel word. Dit is duidelik hoe van hieruit 'n ernstige appèl tot die mens uitgaan in die prediking en pastoraat om hom te bekeer en om te gaan lewe in die heil wat in die prediking en die sakramente aan hom toegesê en beseël is."

Jonker (1989:293) waarsku egter teen die gevaar van 'n subjektiwisme wat 'n Arminiaanse en Piëtistiese gees adem. Hy vestig die aandag daarop dat Calvyn, meer as Luther "ook die subjektiewe, Pneumatologiese aspek van die heil na vore gebring het. Dit beteken dat daar ook ten volle aandag gegee word aan die hart van die mens waarin daar eweneens 'n beslissing in die verhouding tot God val, al is dit dan maar een van die momente van die beslissing wat in die predestinasie, op Golgota, in die sakramente en die laaste oordeel val."

In ons poging om die begrip "Gereformeerde spiritualiteit" te definieer, besef ons dat die taak nie makliker word nie, maar eerder moeiliker. Hierdie veld strek baie wyer as wat aanvanklik gemeen word. en bring ons tot die besef dat dit nie deur 'n waterdigte definisie omskryf kan word nie.

### *1.3 Aspekte van gereformeerde spiritualiteit*

Soos duidelik na vore kom in bogenoemde interpretasie van gereformeerde spiritualiteit, is daar vele fasette wat onder hierdie sambreel geplaas kan word.

Om dus die term "spiritualiteit" in 'n gereformeerde sin te definieer, sal uiteenlopende interpretasies tot gevolg hê. Verskillende skrywers, onder andere Brienen in *"Prediking en vroomheid bij Reformatie en Nadere Reformatie"* asook Smit en Jonker, gebruik die term vroomheid en spiritualiteit as sinonieme.

Om spiritualiteit bloot as vroomheid te sien, kan veral vanuit die Afrikanertradisie verskillende konnotasies oproep. So kan vroomheid byvoorbeeld as sedigheid gesien word en daarmee saam 'n "voorgee-heiligheid" oftewel skynheiligheid. Dit is vir elke mens moontlik om deur 'n werkheiligheid 'n voorgee-lewe te lei sonder 'n Godgewerkte verandering van hart.'

Aspekte wat in baie godsdienste voorkom is byvoorbeeld vas, gebed, getuienis, evangelisasie, sendingwerk, bidure, spesiale dienste en vele meer. Baie van hierdie aspekte is weer nie uniek aan gereformeerdheid nie. In gereformeerde konteks het elke aspek weer 'n eiesoortige betekenis. Bekering in gereformeerde sin verskil met dié van die Roomse Kerk, terwyl heiligmaking weer anders deur Metodiste geïnterpreteer sal word as deur gereformeerdes.

'n Onderwerp soos byvoorbeeld die uitverkiesing, kan ook met vroomheid in verband gebring word. In sy behandeling van die sekerheid van die uitverkiesing, sê Van der Walt (*Die Kerkblad* 26 Maart 1997:21) dat hierdie sekerheid nie maar net eensklaps daar is nie, maar dis iets wat deur die werk van die Heilige Gees in 'n mens groei. "Wanneer jy opreg en gereeld Bybel lees en bid, wanneer jy getrou met jou gemeente meeleef en die eredienste bywoon, dan bewerk die Heilige Gees bepaalde vrugte in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

jou....Moenie moedeloos word en oordeel dat jy nie 'n uitverkorene is nie. Sekerheid is iets wat in jou groei. Gaan maar net ywerig voort met jou Bybellees en gebed en God sal op sy tyd jou ook van jou uitverkiesing verseker."

Gereformeerde vroomheid kan ook in bogenoemde stelling ingelees word. *Gereformeerd* omdat die uitverkiesing 'n integrale deel daarvan is en *spiritualiteit* omdat Bybellees, meelewing in die gemeente *(koinonia)*, bywoning van eredienste, die inwerking van die Heilige Gees, ens. ongetwyfeld vroomheidstipes is.

Spiritualiteit kan ook "geestelikheid" reflekteer, veral wanneer dit gebruik word in die sin waarin Paulus die onderskeid in 1 Kor. 3 maak tussen diegene wat "geestelik" is teenoor andere wat "vleeslik" is. Veral in 'n studie soos hierdie, kan geen persoon homself verwerdig om mense wat in die verlede (of selfs in die hede) geleef het, te kategoriseer as "geestelik" en "nie-geestelik" nie. Dit bly tog maar die meeste mense se ideaal om vir God aanvaarbaar te wees - om, volgens Bybelse norme in God se oog geestelik ("spiritual") te wees.

In ander kringe word "spiritualiteit" weer gemeet aan die onthouding van wêreldse euwels soos dans, drank, ens.-Calvinisme in eie reg. Ander interpretasies van wêreldgesindheid raak weer die uiterlike voorkoms, veral by dames, soos kleredrag, grimering, die dra van die hoed, ens.. Saam met dit word die gehegtheid aan tradisies as 'n mate van vroomheid gesien. Hierin word die gedagtes teruggevoer na die konflik wat die instelling van die kelkies in plaas van die beker by die Nagmaal tot gevolg gehad het. In ds.J.H.Neethling se tyd het groot ontevredenheid geheers omdat die bediening van die Nagmaal verskuif is van die banke na die liturgiese ruimte. Hoewel dit "'n skyn van godsaligheid" het om aan tradisies vas te hou, kan dit op sy beurt weer 'n ander vorm van wettisisme tot gevolg hê en mense in 'n bose kringloop laat verval en weer laat teruggly in die moeras van vormgodsdiens.

Dr.Andrew Murray herinner hom aan sy kinderdae toe die Sondag in so 'n mate gerespekteer is dat selfs balspel ongeoorloof was. Huisvroue het selfs die voedselvoorbereiding op die vorige dag afgehandel.

Volgens Jonker (1989:297,8) bestaan die gevaar dat Calviniste Ou-Testamenties kan word wat wettisisme en moralisme tot gevolg kan hê. Is die "Dopperse" gestrengdheid om beginselvas te wees 'n uitvloeisel van 'n Heilige Gees-gewerkte heiligmaking, of spruit dit voort uit 'n morele verpligting om die gebooie van God, soos vervat in die Ou Testament, te eerbiedig? Aan die ander kant was daar diegene wat kon getuig van 'n ondervinding van heiligmaking en as "merkteken" van so 'n ondervinding het die liggaamlike voorkoms, soos bv. kleredrag, eetgewoontes en ander Ou Testamentiese voorskrifte, die fokuspunt geword.

Met prof.Smit se bydrae in gedagte dat gereformeerde spiritualiteit 'n omvangryke begrip is, wil ons dit inkort en veral let op die werking van God, Christus en die Heilige Gees in die mens, wat uitloop op die bewuswording van "skuld, nietigheid, afhanklikheid en nood", wat die mens bewus maak van sy nood aan Jesus Christus as Saligmaker. Deur die werking van die Heilige Gees vind die verandering in die mens se lewe plaas wat uitloop op 'n lewe van gehoorsame diens en navolging en wat strek tot eer van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

God. Hierdie verandering spreek nie bloot van 'n vertikale verhouding met God nie, maar het sy horisontale invloed op die samelewing. Malan (1984:35) plaas Calvyn se begrip van vroomheid ook in hierdie perspektief: "Hierdie vroomheid is vir Calvyn geloofsvroomheid, wat in die lewe van wedergeboorte en bekering ingebed is, wat ook oor die hele lewe uitstrek, waarin die gemeenskap met Christus en sy werk konkrete gestalte aannneem. Die vroomheid kry 'n konkrete verwesenliking in die navolging van Christus uit dankbaarheid vir sy verlossing.

Jonker (1989:289) beweer dat binne die Christendom groot verskille in die tipes spiritualiteit voorkom soos dit binne die verskillende kerklike, konfessionele en geestelike tradisies bestaan. Dit is blootgestel aan kulturele, maatskaplike en ander faktore wat dit beïnvloed. "Vroomheid is dus nie 'n konstante onveranderlike saak nie." Hy beweer dat die indruk soms by onkundiges bestaan dat gereformeerdes nie vroom mense kan wees nie, omdat hulle verdedigers is van die leer oor verlossing uit genade, die uitverkiesing en die verbond. Maar, sê hy "weinig ken van die vreugde van diegene wat daarop aandring dat die Christen 'n definitiewe krisis en breuk in sy lewe moet ken, 'n aanwysbare oorgang uit die duisternis na die lig en 'n bewuste ervaring van 'n moment van oorgawe aan God." (1989:291

Hy borduur hierop voort deur te noem dat daar sedert die ortodoksie wanbeelde van gereformeerde kerke bestaan, maar meen dat hierdie oordeel wat uitgespreek word, dikwels geskied deur die bril van mense se eie soort spiritualiteit "wat dalk van 'n meer entoesiastiese of Arminiaanse snit is. Wie die gereformeerdes beter ken en hulle van binne uit verstaan, weet egter dat 'n gereformeerde Christen nie *per se* minder vroom as ander Christene is nie, hoewel hy op 'n ander manier vroom is" (1989:291).

Hierdie opmerkings van Jonker strek 'n mens tot nadenke. Het alle gereformeerdes wel die ondervinding van 'n "definitiewe krisis en breuk", of is dit bloot die uitsondering op die reël? Vloei die vroomheid waarvan hy praat uit 'n verandering van hart of is dit bloot 'n openbaring van gedrag? Hierdie saak verg deeglike navorsing. Terselfdertyd gaan daar rooiligte op dat hierdie tipe navorsing maklik kan geskied uit die oogpunt van die navorser se "eie spiritualiteit."

Volgens Jonker (1989:291) bestaan daar twee tradisies in die Ned.Geref.Kerk, naamlik die gereformeerde en die evangelies-Metodistiese. Hy sê dat vir talle in die Ned.Geref.Kerk is die gereformeerde belydenis aanvaarbaar, maar wanneer dit kom by die uitlewing daarvan, bestaan daar 'n aangetrokkenheid tot die "evangelikaliese spiritualiteit" met sy Metodistiese en revivalistiese eienskappe soos deur die Skotse en Amerikaanse elemente beïnvloed is. "In die botsing tussen hierdie twee dinge is die gevaar dat die gereformeerde leer wel *pro forma* aanvaar word, terwyl 'n dopperse persepsie van wat ware vroomheid is, via die spiritualiteit in die lied, gebed en prediking infiltreer en die gereformeerde leer ontkragtig."

Terwyl bekering die fokus plaas op 'n spesifieke ondervinding, maak Jonker (1989:296) die aanname dat gereformeerde vroomheid nie ervaringsvroomheid is nie. Hy sê dat die Protestant eenvoudig rus deur die geloof in die beloftes van God wat aan hom die versekering gee dat die volle heil in Christus reeds aan hom geskenk is. "Die aksent val nie op die eie ervaring nie, maar op wat God gedoen het en nog doen." Tog sê hy verder dat dit 'n misverstand is om te dink dat die gereformeerde spiritualiteit tot passiwiteit

lei, "of dat daar geen ruimte vir die appèl in die gereformeerde prediking is nie. Die lewe uit die genade hef nie die verantwoordelikheid van die mens op nie."

Nicol (*Gereformeerde en Evangeliese Identiteit*), daarenteen, sê dat by gereformeerdes dit nie ervaringsvroomheid is nie, maar geloofsvroomheid wat gerig is op wat klaar vir ons gegee is. "Ons ontvang God se skatte deur die geloof, en nie eers as ons besondere belewenisse en ervarings daarvan het nie....deur die Seun bevry van gerigtheid op godsdienstigheid; ons bly nie op soek na God en geloofsekerheid nie, want deur Jesus het God ons klaar gevind..." Die ervaringsvroomheid is, volgens Nicol, nie losstaande van gereformeerdheid nie, want die geskiedenis het bewys dat daar talle voorbeelde is van die kombinasie van intense godsdienstige belewing en gereformeerdheid.

Heiligmaking is ook nie vreemd aan gereformeerde spiritualiteit nie.. Jonker (1989:296) herinner ons daaraan dat by Calvyn die heiligmaking die doel is waarop alles afstuur. Hy sê verder: "Daarom is die verlossing deur geloof nie alleen 'n passiewe rus in die genade nie, dit is ook die aktiewe wandel in die weg van die bekering en heiliging."

Tog is daar in gereformeerde kringe uiteenlopende idees ten opsigte van heiligmaking. Is heiligmaking bloot 'n herhaaldelike bekering of kan dit gekoppel word aan 'n definitiewe ondervinding naas bekering? Waarom het dit gebeur dat die ondervinding van mense, wat kon getuig van 'n definitiewe krisisondervinding van heiligmaking geëtiketteer is as Metodistiese perfeksionisme? Moontlik het hierdie vreemdsoortigheid wel deurgesypel in die gereformeerde leer.

Die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis het (soos enige ander geskiedenis) nie in 'n waterdigte kompartement afgespeel nie. Die spiritualiteitsontwikkeling is in 'n groot mate gevorm deur buitelandse denkrigtings. Die Reveil, Nadere Reformasie, Piëtisme, Puritanisme is enkele strome wat op een of ander wyse die teologiese denke in Suid-Afrika help vorm het. Dit is onmoontlik om die waarde te besef wat die invloed van byvoorbeeld Wilhelmus à Brakel gehad het op die lewe van die Voortrekkers en andere. Hierdie invloede het teoloë in die Ned.Geref.Kerk dikwels laat nadink oor hul eie leer. Die Kerk het immers nie van sy leer afgewyk nie, soos Nicol (*Gereformeerde en Evangeliese Identiteit*) tereg sê: "Die evangeliese vroomheid het die kerk nie van sy ortodokse leerbasis afgeskuif nie."

Jonker (1989:293) konstateer dat deur die invloed van Puritanisme 'n bepaalde kontak bestaan het tussen gereformeerde invloede en verskillende "afwykende vroomheidstipes" soos die Piëtisme en Metodisme, die heiligheidsbeweging van die negentiende eeu en die Pentekostalisme en charismatiese bewegings. Hy sien 'n gevaar daarin dat die aksent op die "bevindelikheid wat in die gereformeerde spiritualiteit ingebou is" riskant kan wees, hoewel dit nie noodwendig sal gebeur nie, mits dit binne die Bybelse riglyne geskied.

### *1.3.1 Gereformeerde en Metodistiese interpretasie van bekering*

Bekering, en daarmee saam wedergeboorte en heiligmaking, is nie uniek aan die gereformeerde leer nie, maar kom ook voor by Metodisme en selfs by die Rooms Katolisisme. By alle Evangeliesgesindes

("Evangelicals), waaronder die heiligheidsbewegings en Pinkstergroepe, neem hierdie onderwerp 'n prominente plek in. Die benadering daartoe verskil egter drasties.

Die konnotasie wat die Metodisme aan bekering heg, verskil byvoorbeeld van die gereformeerde benadering. Dr.G.Brillenburg Wurth spreek hierdie verskille aan in sy ongedateerde[2] geskrif "*De Bekering als Evangelisatie-probleem*" As gereformeerde in murg en been, erken hy dat bekering 'n probleem is in terme van evangelisasie in die gereformeerde stroom. Op die derde Evangelisasiekongres te Amsterdam het 'n spreker die opmerking gemaak "dat aan een gereformeerde leer der bekering voor de evangelisatie ten dringendste behoefte bestond" (Wurth:6).

Omdat dit so 'n netelige saak is, erken hy dat mense in gereformeerde kringe deurgaans nie evangelisasie in die eerste plek as bekeringsarbeid sien nie. Hy sê dat in hierdie opsig 'n merkwaardige onderskeid bestaan tussen gereformeerdes enersyds en Rooms-Katolieke en Metodiste andersyds. By die laaste twee kom die bekeringsgedagte sterker op die voorgrond as by die gereformeerdes ( Wurth :6). Nie dat dit vreemd is in gereformeerde sin nie, want daar gaan evangelisasie "om de bekering van zondaren, van de van Christus en zijn dienst en zijn kerk vervreemden" (:6).

Waar Rome vir die kerk sentraal staan in Roomse kringe, staan die mens en sy verlossing in die middelpunt van die Metodistiese sfeer. Oor die gereformeerde benadering beklemtoon hy dat dit altyd teosentries is. "Het gaat ons als gereformeerden niet om de glorie der kerk. In laatster instantie gaat het ons óók niet om het heil van de mens, het behoud, de redding van de zondaar" (Wurth:17).

Wurth (:12) gee erkenning aan die Metodisme en verwys na "groot evangelisten" in die onlangse geskiedenis van die christelike kerk soos Wesley, Moody, Finney, Booth wat byna almal Metodiste was. "Ja, heel de evangelisatie-idee heeft eiegenlijk in de sfeer van het methodisme haar oorsprong" (:12). Hy stel dit egter baie duidelik dat, in vergelyking met die Calvinistiese of gereformeerde tipe Christendom, God minder in die middelpunt staan by die Metodisme "en alles zich meer beweegt om de redding en de zaliging van de mens. De beheersende idee van het methodisme is: 'saving souls', zielen redden" (:12). Hierdie "redding", verduidelik Wurth, is dieselfde as om tot bekering te bring, want sonder redding is daar geen bekering en bekering alleen ontsluit die weg tot saligheid.

Volgens Wurth (:13) neem "revival" of opwekking 'n belangrike plek in die bekeringsmetodiek van die Metodisme in. Hy sê die Metodisme se groot evangeliste was feitlik almal opwekkingspredikers gewees en hulle het altyd hul persoonlike getuienis as agtergrond laat dien in die "revivals". In hierdie sin gebruik hy Wesley as voorbeeld.

Anders as die piëtisme, het die Metodisme nie evangelisasie gesien as iets wat "in een klein kringetje van geijkte vromen op te sluiten" is nie, maar moes na buite uitgedra word. Dwarsdeur die land en dorp moes die evangelie verkondig word. Hul visier was op die breë massa van die bevolking ingestel. Evangelisasie en opwekking gaan vir hulle hand aan hand.

---

[2] Volgens sekere aanduidings dateer hierdie bron uit die eerste paar dekades van hierdie eeu

Wurth (:14) skets die agtergrond wat in Wesley se tyd aan die orde van die dag was. Waar deïsme hoogty gevier het, het geestelike onverskilligheid, ongeloof, sedeloosheid en ander euwels buite en binne die kerk posgevat. Daarom het die Metodisteleiers hulle nie uitsluitlik tot buitekerklikes gewend nie, maar hul prediking gemik op vele wat aan die volkskerk behoort het en wat hulle byeenkomste bygewoon het. Die karakter van die prediking moes ook aanpas by die wese van Metodisme, naamlik praktiese Christendom wat op die lewe ingestel is (:14).

Verder het heiligmaking ook die sentrale tema van Wesley en andere se prediking geword. "Het was hun begonnen om geestelijke energie-ontplooiing, om krachtdadige omzetting van het leven der menschen" (:15). Anders as in die Roomse Kerk, gaan bekering nie so sterk van die kerk uit onder die Metodisme nie. Dit was hoofsaaklik leke wat die taak verrig het. Byeenkomste is ook nie in kerke gehou nie, maar in sale of in die oop veld, soos die geval was met die hagepredikers.

Tipies van die Metodiste se bekeringsywer, is dat hulle ontsaglik hard gewerk het. Behalwe Wesley en Moody, wat ongekende ywer aan die dag gelê het, word George Müller as voorbeeld genoem wat 78 jaar oud was toe hy met sy bekeringsveldtogte begin het en daarmee volgehou het tot sy 92ste jaar met ongeveer dertig preke per maand (:16).

'n Verdere kenmerk was die opwekkingspredikers se entoesiasme. In groot byeenkomste word mense meegesleep en 'n tipe fanatisme word bespeur. Verder is die hou van statistiek belangrik. Kennis word geneem van die hoeveelheid wat tot bekering gekom het.

Wurth(:16) verwys na Frank Buchmann wat, anders as die vroeë Metodiste, in die moderne tyd die Oxfordgroep laat toespits op die "hogere standen". Intensiewe aandag word aan die professionele mens gegee. Die bekering het hier dikwels 'n humanistiese karakter aangeneem. "Geen wonder, dat men voor bekering hier bij voorkeur de term 'life changing' bezigt" (:17) Die konkrete lewensvernuwing tree hier op die voorgrond in die plek van die ouer Metodistiese beginsel van "siele red van die verderf" en "siele red vir Christus" (:17).

In die konteks van gereformeerde evangelisasie word God as middelpunt gestel. Die doel is nie om deur evangelisasie die ledetal te vergroot om daardeur die magsposisie in die wêreld te verstewig nie. Die propagandagedagte word geheel en al verwerp in terme van evangelisasie. Verder is die redding van siele ook nie die doel van gereformeerde evangelisasie nie (Wurth :17,18). Die wesenlike doel lê by die verkondiging van God se heerlikheid aan dié wat van Hom vervreemd geraak het. Die Woord van God moet gepredik word "of hulle al luister of nie" (Es.2:7). Die metode van evangelisasie moenie gepaard gaan met opsienbare bravade nie, maar met 'n stille getuienis. Van sensasionele lokmiddele en toepassing van druk is daar geen sprake nie.

Volgens Wurth (:20) beteken dit nie dat gereformeerde evangelisasie onverskillig staan ten opsigte van die gedagte dat siele gewen word of dat sondaars tot bekering kom nie "en daarom mag het ook niet...langs welke weg dit geschiedt en volgens welke methode wij daarbij te werk hebben te gaan" (:20). Hy sê dat hoewel die herkerstening van die volk belangrik is, daar geen onverskilligheid moet wees ten

opsigte van die bekering nie. Hy waarsku dat versigtigheid aan die dag gelê moet word met die individualistiese versmalling van die begrip "bekering", maar stel dit onomwonde: "Bekering van de enkeling mag voor ons niet het laaste doel van ons werk zijn" (:20).

Ten slotte haal Wurth (:20) dr.Rasker aan wat verwys na die kerstening ten tye van Karel die Grote en die Jesuïete en waarsku dat die mens nie in reaksie teen die piëtistiese individualisme na die anderkant oorleun nie. "Daarom menen wij, dat gezegd mag worden, dat ook in het kader van de gereformeerde evangelisatie bezinning op de betekenis der bekering zeker niet misplaatst is"

Met die laaste aanhaling van Wurth in gedagte, tesame met sy vergelyking tussen Metodistiese en gereformeerde evangelisasie, met bekering as uitgangspunt, maak dit hierdie studie soveel meer relevant.

### *1.4 Probleemstelling*

In 'n vlugtige blik oor die afgelope drie eeue is dit opvallend dat net sekere predikante soos byvoorbeeld M.C.Vos, H.R.van Lier, N.J.Hofmeyr, Andrew Murray, G.D.du Toit, om maar net 'n paar te noem, by lidmate aangedring het op 'n daadwerklike bekeringsondervinding, terwyl andere dit óf sydelings aangeraak het óf geheel en al verswyg het óf selfs sterk beswaar gemaak het daarteen. Hierdie evangeliese predikante is deur kollegas gekritiseer en in 'n sekere kader van Metodisme geplaas. Ander predikante het weer die uitverkiesingsleer primêr gestel en selfs geleer dat die mens reeds voor sy geboorte uitverkies is tot saligheid en omdat hy deur die doop as kind van die verbond verseël is, noodsaak dit geensins 'n krisismoment van bekering nie. Ook in terme van die leer oor heiligmaking was 'n diversiteit te bespeur.

Terwyl wedergeboorte, bekering en heiligmaking wel eie is aan die gereformeerde leer, ontstaan die verdere vraag of al die predikante in die betrokke tydperk hierdie leer identies geïnterpreteer en konsekwent toegepas het. In watter verhouding staan gereformeerde spiritualiteit tot die gereformeerde leer, met ander woorde, impliseer dit 'n lewe los van die leer, of is dit ineengeweef daarmee? Wat het gereformeerdes in daardie tyd onder die term "bekering" verstaan?

Volgens Wurth (:24) het bekering in 'n Metodistiese konteks die betekenis ingehou van "*conversio prima*", die eerste bekering, terwyl dit in verband met die verbondsbeskouing die "*conversio continua*", die daaglikse bekering, in gedagte gehad het sinoniem aan die dogmatiese begrip "heiligmaking". Is hierdie verbondsbeskouing ook in die Suid-Afrikaanse konteks deurgaans gehandhaaf, of is daarvan afgewyk in die praktyk? Kon die gereformeerde leer oor heiligmaking voldoen aan die behoefte van die lidmaat, of het die Metodisties-gekleurde heiligmakingsleer meer byval gevind?

Oor die algemeen word aanvaar dat Metodisme en Calvinisme onversoenbaar is. Hoe was dit dan moontlik dat Metodisme hoogty gevier het in 'n Calvinistiese milieu? Waarom het geen predikant in die Ned.Geref.Kerk tipiese Metodistiese leerstellings soos die vervalleer en perfeksionisme verkondig nie? Was dit werklik Metodisme wat ten volle in die Ned.Geref.Kerk gestalte gekry het, of is die term "Metodisme" slegs as plaasvervanger gebruik vir die evangeliese stroom binne die Ned.Geref.Kerk?

'n Laaste probleem wat aangespreek moet word is of die grondliggende oorsake vir die ontstaan van Die Nuwe Protestantse Kerk in 1944 nie moontlik toegeskryf kan word aan 'n oneweredige toepassing en uitlewing van die gereformeerde leer in die jare voor sy ontstaan nie.

### *1.5 Hipotese*

Die vermoede bestaan dat die meeste predikante van die Ned.Geref.Kerk in die tydperk 1850 tot 1950 die gereformeerde leer teoreties onderskryf het, maar in baie gevalle het die praktiese toepassing daarvan 'n Metodistiese beïnvloeding getoon, sonder dat die twee noodwendig in konflik met mekaar gestaan het. Omdat baie van hulle kon getuig dat hulle self tot bekering gekom het, moet aanvaar word dat hulle hierdie boodskap uitgedra het en by ander mense aangedring het op 'n daadwerklike bekering. Dit veronderstel 'n spiritualiteit wat in die samelewing neerslag gevind het en nie gebly het by 'n subjektiewe vroomheid nie.

Verder kan dit ook aanvaar word dat die "heilbegerige siele" in hul soeke na 'n diepe sekerheid van saligheid, eerder 'n antwoord kon kry by hierdie Metodistiese patroon, met ander woorde dat die lewe meer waarde gehad het as die leer. Antwoorde op vrae oor heiligmaking het ook moontlik bevrediging gekry by die Metodistiese model. Die veronderstelling is dat die sogenaamde Metodistiese infiltrering in die Ned.Geref.Kerk onlosmaakbaar was van die evangeliese stroming en daarmee saam ook van die gereformeerde spiritualiteit in die Kerk. Die vermoede is dat die woord "Metodisme" slegs gebruik is as 'n beskrywende term vir die aktiwiteite van die evangeliesgesindes in die Kerk, aangesien die tipies Arminiaanse elemente, soos die verliesbaarheid van die saligheid en perfeksionisme, nooit deur die evangeliesgesinde predikante voorgestaan en verkondig is nie.

Waar Die Nuwe Protestantse Kerk allerweë as die "De Vos-kerk" bekend gestaan het, is die vermoede dat dr.De Vos slegs 'n katalisatorrol gespeel het en dat die formulering van die leer moontlik verder teruggevoer kan word na predikante wat vroeg in hierdie eeu geleef het en nie net beperk was tot die enkele rolspelers wat rondom die stigting aktief was nie. Die spanning tussen gereformeerdheid en Metodisme was onhoudbaar en kan aanvaar word dat dit aanleiding moes gee tot die stigting van 'n nuwe kerk.

### *1.6 Terreinafbakening*

Dit tydperk 1850 tot 1950 was 'n besondere tydvak in die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis. Hierdie era sluit van die eerste evangeliese predikante, waaronder ds.Andrew Murray, in, wat as vername eksponente van spiritualiteit beskou kan word. ('n Redelike groot deel van hulle bediening het ná 1850 afgespeel). Hierdie evangeliese predikante het 'n onuitwisbare invloed op die kerk in Suid-Afrika uitgeoefen. Baie van hulle het gedeel in die onvergeetlike herlewings in die sestigerjare van die vorige eeu. Verder was dit ook die tydperk, veral aan die begin van hierdie eeu, van geestelike doodsheid in die Kerk wat deur verskeie sektegroepe uitgebuit is en hul invoed laat geld het. Eweneens het buitekerklike groepe en individue aktief begin opereer in die Kerk. Die era van spesiale evangelieprediking in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ned.Geref.Kerk is teen die einde van die vyfde dekade van hierdie eeu beëindig wat 'n nuwe tydvak van Evangelisasie ingelei het. Selfs die hernude oplewing van Calvinisme was tiperend van hierdie tyd.

'n Veld wat op sy eie gedek kan word, en nie hierby ingesluit is nie, is dié van die sending. Sendingwerk was juis een van die kenmerkende uitvloeisels van lewens wat deur God omskep is. Sendingwerk in hierdie tydperk was nie net 'n kersteningsfunksie wat deur die Kerk uitgeoefen is nie, maar mense wat self 'n hartsverandering ondergaan het, het geroepe gevoel om die boodskap van verlossing aan anderskleuriges oor te dra - tot ver buite die landsgrense.

Die omvang van hierdie studie maak dit moeilik om by al die kleiner fasette stil te staan. So is byvoorbeeld geen aandag gegee aan gereformeerde spiritualiteit onder die Voortrekkers tydens en ná die Groot Trek nie.

### *1.7 Stofversameling*

Met die aanvang van hierdie studie is nagedink oor geskikte bronne wat geraadpleeg kon word vir die beste weergawe van verwikkelinge op die gebied van die gereformeerde spiritualiteit in 'n betrokke kerk oor 'n bepaalde tydperk. Die gedagte het ontstaan om meer bepaald te fokus op die ontwikkeling op grondvlak en nie soseer op wat in die notuleboeke van die meerdere vergaderings van die Kerk gestalte gekry het nie. Daarom is besef dat daar nie 'n beter bron vir navorsing vir hierdie studie is nie as juis *Die Kerkbode* van 1850 tot 1950.

Dit is sekerlik 'n debatteerbare punt of 'n tydskrif as primêre bron aanvaar kan word, maar waar anders kon lidmate (predikante ingesluit) hulle beter uitdruk as in hul eie kerkorgaan? 'n Brief van meer as een boer of sy vrou op 'n verafgeleë plaas is sodoende verewig en kan vandag handig gebruik word as navorsingsmiddel. Tereg sê ds.A.P.Smit: "Binne die vergeelde blaaie van hierdie ou grysaard se 160 gebonde dele, is 'n ware *goudmyn* van kerkhistoriese materiaal weggelê....In *Die Kerkbode* sien die navorser 'n spieëlbeeld van ons kerk - sy denke en ideale, sy handelinge en praktyke, sy strewe en stryd, sy nederlae en oorwinnings" (*Die Kerkbode* 8 Januarie 1969:80). Op hierdie wyse kán kosbare nalatenskappe weer na die oppervlak gebring word vir kennisname deur die jonger geslagte.

Alhoewel alle artikels in sodanige publikasies nie noodwendig die siening van die oorkoepelende liggaam weerspieël nie, bied die inhoud daarvan'n goeie weergawe van verwikkelinge asook individue se beskouinge in 'n bepaalde tydvak.

Benewens die gereelde publikasies, is ook gebruik gemaak van die pennevrug van talle predikante waardeur hul primêre denkrigting weerspieël word. Hierin kon geslaag word om van die oudste boeke wat in vergetelheid verdwyn het, ter hand te neem. In 'n mindere mate is onderhoude gevoer met veral ouer persone wat hulle indrukke kon weergee van gebeure wat vroeg in hierdie eeu plaasgevind het.

### *1.8 Verwysingstegniek*

Aan die hand van "*Form and Style in Theological Texts*" van Jansie Kilian is die verkorte Harvardmetode as verwysingstegniek gebruik. Hierdie metode is egter nie konsekwent toegepas nie,

veral met betrekking tot die bronnelys, aangesien die besonderhede oor die betrokke bron grotendeels in die teks ingeweef is.

### *1.9 Hoofstukindeling*

In hierdie studie word gepoog om chronologies-tematies in te gaan op die verskillende terreine waar die aspekte van wedergeboorte, bekering en heiligmaking na vore getree het. Eerstens word aandag gegee aan slegs 'n paar verteenwoordigende evangelies-piëtistiese predikante; hoe hulle hierdie ondervindings in hul eie lewe ondervind het. Baie van hierdie predikante was op een of ander wyse betrokke by die bekende herlewing van die vorige eeu, terwyl andere een of ander vorm van geestelike oplewing in hul bediening ondervind het, waarop vervolgens ingegaan word.

Hierdie herlewings het 'n ongekende aptyt onder predikante en lidmate gewek wat veroorsaak het dat hulle goedbedoelend gevra het na meer van die uitstorting van die Heilige Gees. Onwillekeurig is die geestelike toestand van die Kerk gemeet aan die ideaal van herlewing en te lig bevind. Hierdie soeke het uitgekring en 'n belangstelling in die ongewone aangewakker en daarom het die Kerk 'n tydperk van spesiale evangelieprediking deurgegaan. 'n Groter openheid het na buite ontstaan waarin 'n mate van verdraagsaamheid getoon is jeens buitekerklike groepe. Daarin is ook 'n middel tot die doel gevind, naamlik die "redding van siele" en die heiligmaking van die kinders van God. Hierdie groepe se onkonfessionele karakter het die Kerk opnuut laat besin oor sy gereformeerde identiteit en enige vorm van Metodistiese beïnvloeding probeer hokslaan. In hoofstuk 7 word aandag gegee aan hierdie twee teenpole, naamlik Metodisme teenoor Calvinisme.

Die vraag ontstaan dikwels of alle predikante 'n suiwer gereformeerde leer gehandhaaf het en of daar nie 'n mate van Metodistiese beïnvloeding by betrokke was nie. Hierop word ingegaan in hoofstuk 8. Laastens word gekyk na die teenreaksie wat die Kerk se optrede teen Metodistiese invloede gehad het en hoe dit uitgeloop het op die stigting van Die Nuwe Protestantse Kerk.

### *1.10 Algemeen*

Aangesien die bestudering van wedergeboorte, bekering en heiligmaking as heilselemente ook deel vorm van die Dogmatiek, sal voortdurend gewaak moet word om nie te diep op daardie terrein ingelaat te word nie. 'n Kerkhistoriese oorsig van die voorkoms van genoemde elemente sal die primêre grondslag wees.

'n Versoeking waarteen enige kerkhistorikus moet waak, is subjektiwiteit en veral in 'n studie soos hierdie. Waar die dogmatiese interpretasie van individue van 'n ander kerkgenootskap ter sprake kom, moet ook versigtigheid aan die dag gelê word dat hulle met alle billikheid hermeneuties korrek aangehaal word. Dit is nie moeilik om mense se uitsprake te manipuleer om in te pas by jou eie sienswyse nie, maar daarteen is voortdurend gewaak.

In hierdie navorsing is die wenk van Venter (1996:2) in gedagte gehou. Hy is van mening dat daar ten minste twee maniere is om na te dink oor outentieke gereformeerde spiritualiteit en onaanvaarbare vertekening daarvan: Die een is om bloot beskrywend te wees deur te kyk na die wyse waarop spiritualiteit uitdrukking vind in 'n bepaalde konteks in die beklemtoning van sekere leerstukke en temas,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in prominente geloofspraktyke, in waardes wat hoog geag word vir gedragspatrone en in die houding teenoor sosiale probleme. In die lig hiervan word dan gelet op genoemde leerstellige aspekte, soos wat dit uitdrukking vind in die lewens van verkeie prominente persoonlikhede en in die openbaar en hoe dit eweneens 'n invloed uitgeoefen het op die Kerk in die algemeen. In hierdie konteks word historiesbeskrywend daarop ingegaan.

In 'n mindere mate word Venter se tweede aanbeveling in ag geneem, naamlik dat 'n studie oor hierdie onderwerp prinsipieel en normatief sal wees. Die bevindinge van hierdie studie sal bloot 'n historiese tendens uitlig wat nie noodwendig normatief dwarsdeur die Kerk was in die bepaalde tydvak nie.

Bekering en wedergeboorte is onafskeidbaar van mekaar en daarmee saam ook heiligmaking. Die vertroue word uitgespreek dat hierdie studie oor die benadering tot hierdie aspekte in die verlede, nuwe lig sal werp op vrae wat bestaan en moontlik nog sal ontstaan en om veral meer lig te werp op die hedendaagse soeke na die eiendomlike aard van gereformeerde spiritualiteit.

In 'n tyd soos hierdie, waarin, volgens Venter (1996:2), grense vervaag en post-modernistiese relativering op feitlik elke terrein voorkom, is dit belangrik om te besin oor hierdie identiteitsvraag.: "Wat is *outentiek* Gereformeerde spiritualiteit en wat is onaanvaarbare *vertekening* van die Gereformeerde spiritualiteit? " (:2).

Mag hierdie studie bydra tot die soeke na 'n antwoord op hierdie vraag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2. PERSOONLIKE ERVARINGS

Aspekte van gereformeerde spiritualiteit, soos wedergeboorte, bekering en heiligmaking, is onlosmaakbaar van die mens, want God pas hierdie werkinge in die mens se lewe toe. Die mens, ongeag wie hy is, is 'n sondige wese en benodig 'n Godgewerkte hartsverandering om sodoende aan die eise van God te kan voldoen.

Nie alle mense kan getuig van so 'n lewensverandering nie. Eweneens is daar predikante uit verskillende denominasies wat nie so 'n ondervinding deelagtig geword het nie en is dus nie in staat om andere op hierdie weg te begelei nie.

In die geskiedenis van die Ned.Geref. Kerk het talle predikante op die voorgrond getree wat 'n onuitwisbare geestelike invloed op lidmate uitgeoefen het. As ondertoon van hierdie invloed was 'n lewe wat gespreek het van 'n daadwerklike hartsverandering. Hulle bydrae tot die uitbouing van 'n gereformeerde spiritualiteitsbewuswording het voortgevloei uit 'n lewe van totale vernuwing. Omdat hulle self tot bekering gekom het, het hulle 'n las gehad om ook ander tot 'n nuwe lewe te lei.

Benewens mense soos Van Lier en Vos, wat in die agtiende eeu geleef het, was dit veral met die koms van ds.Andrew Murray wat aspekte soos bekering en heiligmaking prominent op die voorgrond getree het. Toe ds.Murray in 1821 die uitnodiging ontvang het om na die Kaap te kom, het hy dit as 'n Goddelike roepstem beskou en gesien as 'n moontlikheid om sy sendingroeping "in 't belang der inboorlingen" uit te leef (Du Plessis 1920:20), min wetende dat dit veral die blankes was wat daarby sou baat. Baie lidmate van die Ned.Geref.Kerk het sedert daardie tyd tot bekering gekom en die noodsaaklikheid van heiligmaking besef.

Volgens Jooste (1986:175) het die Skotse predikante nie 'n totaal nuwe godsdienstige tradisie in die kerk met hulle meegebring nie, maar hulle kon aansluit by die tradisie waarin Faure, ds.M.C.Vos, ds.H.R. van Lier en andere gestaan het. Hulle het egter 'n kragtige stoot aan die evangelies-bevindelike tradisie gegee en daarmee saam sterk puriteinse en ook Metodistiese aksente.

Met die aankoms van ds.Murray aan die Kaap, het God 'n instrument gebruik waardeur die weg gebaan is vir 'n nuwe tydvak waarin die evangelie met groot krag in ons land posgevat het. Grotendeels het sy seuns John, maar veral Andrew, 'n onuitwisbare evangeliese invloed nagelaat. Daarmee saam het sommige van hulle tydgenote ook gedeel in die uitbouing van die evangeliese tradisie.

Edwin Orr (1975:170) konstateer dat van die Nederlandse gereformeerde kerke in Suid-Afrika, die Ned.Geref. Kerk die grootste besorgdheid getoon het vir evangelisasie. Hy merk op dat in elke geslag 'n predikant in die Ned.Geref.Kerk na vore getree het wat die tradisie van die jonger Andrew Murray moes voortsit. Hierdie persone het, tesame met 'n heilige lewenswandel, 'n ywer vir evangelisasie gehad, en terselfdertyd die lojaliteit teenoor die Kerk behou.

In die tydvak wat deur hierdie studie gedek word, het meer as een kerklike figuur op die voorgrond getree met 'n diepe las om die boodskap van bekering en heiligmaking te verkondig. Sommige van hulle, onder andere dr.Andrew Murray, prof. N.J.Hofmeyr, ds.G.D.du Toit en nog enkeles, het die gawe gehad om deur die geskrewe woord hierdie boodskap neer te pen. Dit vergemaklik die taak om hulle sienswyses en belewenisse na te speur. Aan die ander kant het talle ander ook die brandende roeping uitgeleef, hetsy op die kansel of "agter die skerms" maar daarvan is relatief min inligting beskikbaar. Hier dink ons veral aan talle vrouens, in besonder predikantsvroue, wat 'n getuienis van bekering gehad het en daarmee saam 'n kragtige geestelike lewe gelei het. (Vgl. "*The Piety of Afrikaans Women*" deur Christina Landman)

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan enkele bekende persone wat in hulle leeftyd kon getuig van 'n sekere moment waarop hulle tot bekering gekom het. Na hierdie ondervinding word verwys as 'n eenmalige, onvergeetlike belewenis; dus word hulle bekering nie gekoppel aan 'n ondervinding wat met verloop van tyd ontwikkel het of met 'n sekere proses gepaard gegaan het nie. In enkele gevalle word ook die definitiewe keerpunt ten opsigte van "'n tweede bekering" vermeld. In sommige gevalle word ander vroomheidselemente van die persone bygewerk wat bydra tot 'n breër perspektief van gereformeerde spiritualiteit.

'n Vraag mag ontstaan watter kriteria gebruik is om hierdie spesifieke persone uit te sonder. Uiteraard is dit onmoontlik om vanuit menslike oordeel te bepaal wie werklik uitgesonder kan word as manne en vroue wat nie alleenlik waarlik tot bekering gekom het nie, maar ook hierdie boodskap in hulle alledaagse lewe en bediening uitgeleef het. Daar was vele wat die getuienis van bekering gehad het, dit wel verkondig het, maar waarvan weinig aangeteken is vir die nageslag. Van andere word verhaal hoe kragtig die Here hulle gebruik het met byvoorbeeld spesiale evangelieprediking en sielebearbeiding, maar van hulle persoonlike ondervindings en leerstellige sienswyses is eweneens weinig inligting beskikbaar.

Opmerklik van hierdie hoofstuk is die uitsluitlike vermelding van predikante, terwyl weinig genoem word van ander geestelike werkers, soos sendelinge, gewone lidmate, en andere wat self 'n reuse aandeel gehad het in die verkondiging van die evangelie.

Weens die problematiek wat gepaardgaan met die behandeling van hierdie onderwerp, word nie 'n sekere vooropgestelde subjektiewe maatsaf gebruik nie. Die persone wat hier vermeld word, is veral kerklike leiers wat oor die tydperk van die tien dekades baie sterk op die voorgrond getree het in die verkondiging van die boodskap van bekering en heiligmaking. In hierdie studie word hulle slegs as verteenwoordigend beskou van 'n breë spektrum van mense wat 'n soortgelyke ondervinding deelagtig geword het.

### *2.1 Ds. Andrew Murray (sr.) (1794-1866)*

Alhoewel net die laaste deel van sy lewe binne bestek van hierdie studie val, word hy beskou as een van die belangrike grondleggers vir die evangelies-bevindelike denkrigtings in Suid-Afrika.

### *2.1.1 Vroeë lewensjare in Skotland*

Andrew Murray se grootouers was boere van Aberdeenshire, Skotland. Hulle was verbonde aan die "Old Lights Presbyterians", 'n kerk wat in die agtiende eeu godvresende mense onder die lidmate gehad het (Du Plessis 1920:17). Volgens Van der Watt (1979:7) was hy afkomstig van die evangeliese vleuel (die "Evangelicals") van die Skotse Kerk waar gevoelvolle prediking (Gospel preaching) met 'n sterk klem op 'n persoonlike geloofsbeslissing 'n groot rol gespeel het. Met 'n gematigde Calvinistiese inslag het hulle 'n ruimer siening van die uitverkiesingsleer gehad as wat vervat is in die Dordtse Leerreëls.

Terwyl sy vader op sy sterfbed lê, hoor Andrew hoe sy vader al die kinders in gebed voor die Here opdra. Dit het so 'n diep indruk op sy kindergemoed gemaak, dat hy besluit het om homself aan die evangeliebediening te wy. Hoewel sy vader op 'n redelike vroeë ouderdom gesterf het, was dit sy moeder se begeerte om haar kinders sodanig op te voed, dat hulle "nog een eerlik en nuttig christelijk leven zouden leiden" (Du Plessis 1920:18).

John, wat tien jaar ouer was as sy broer Andrew, het van vroeg af die begeerte gehad om die heilige evangeliebediening te aanvaar. Hy was 'n leraar van die "*Established Church of Scotland"* en tydens die "*Disruption*" in 1843, was hy een van die wat die "*Established*" kerk verlaat het om hom by die "Free Church" te skaar (Du Plessis 1920:19). Andrew, daarenteen, het weer 'n begeerte getoon om sendeling te word. Sy moeder was egter daarteen gekant, maar toe 'n uitnodiging hom bereik om na Suid-Afrika te gaan, het hy hom dit laat welgeval (:20).

In opdrag van goewerneur Lord Charles Somerset het dr.George Thom, leraar van die Ned.Geref.-gemeente Caledon, predikante gewerf vir Suid-Afrika. In Skotland ontmoet hy "de Weleerw. ANDREW MURRAY, M.A., een predikant van ongeveer dertig jaar, van een vast karakter en goede bekwaamheden" (Du Plessis 1920:20,21).

Ná ds.Andrew Murray se ordening te Aberdeen, Skotland, is hy na Holland waar hy vir tien maande die Hollandse taal aangeleer het. Daarna is hy terug na Londen voordat hy en ander gewerfde predikante en onderwysers in geselskap van dr.Thom aan boord van die **Artehus** na Suid-Afrika verhuis het (Du Plessis 1920:21,22).

### *2.1.2 Sy bediening in Suid-Afrika*

Direk ná sy aankoms word hy aangestel as leraar van Graaff-Reinet, waar hy ds.A.Faure, wat na Kaapstad verhuis het, opvolg. 'n Reisiger, George Thompson, verwys na ds.Murray se afkoms uit die kerk van Skotland en meld dat dit in leer en tug byna geheel en al ooreenstem met die Ned.Geref. Kerk (Du Plessis 1920:27).

In 1824 ontmoet hy 'n Hollandse dametjie, Maria Susanna Stegman, met wie hy in die huwelik tree. Haar vader was nie besorg omdat sy dogter slegs sestien jaar oud was nie, omdat hy "het grootste vertrouwen in de vroomheid van zijn schoonzoon en de toegewijdheid van zijn dogter" (Du Plessis 1920:29) gehad het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Kenmerkende eienskap van die pastorie was die betoning van respek vir God se Naam, sy dag en sy Woord. Hulle het ook respek teenoor mekaar betoon (Du Plessis 1920:31,2). Veral die vader se gesag is met die hoogste agting bejeën. Nuttige gesprekke is met die kinders gevoer. Dikwels het die kinders ná huisgodsdiens op 'n Sondagaand van hom gehoor: "Nu, lieveling, heb je het hart aan Jesuz reeds gegeven?" of "zal jy niet, voordat jij vannacht naar bed gaat, je aan Jesuz geven?" Of op 'n kind se verjaarsdag: "Dit is je verjaardag; heb je wedergeboren?" (:32). Hy het van sy kinders verwag dat hulle belang moet stel in die siele van ander jongmense.

### *2.1.3 Sy bekering*

Sy eie bekering staan in verband met die lied: *"When I can read my title clear"*. Aan sy oudste dogter deel hy hierdie gebeure mee en vertel hoe hy as jong seun in benoudheid verkeer het oor sy siel. Met 'n desperaatheid gaan hy met daardie vers die bos in en weier om huis toe te gaan voordat "zijn recht op de hemelse erfenis hem vast en zeker was geworden" (Du Plesssis 1920:33).

Hy het dikwels gebid vir herlewing en herinneringe aan die vroeë herlewings met sy gesin gedeel. Die kinders het ook meer as een keer gehoor hoe hulle vader in sy studeerkamer bid vir die uitstorting van die Heilige Gees (Du Plesssis 1920:33). Hierdie gebede was nie tevergeefs nie, want in 1860 breek die herlewing uit op 'n konferensie te Worcester en 'n jaar later beleef hy self die herlewing in sy eie gemeente.

Weens toenemende krankheid, lê hy die tuig neer op sewentigjarige ouderdom. Op sy sterfbed uiter hy die volgende woorde: "Jezus, uw versoenend streven Blijft het rustpunt van ons hart" (Du Plesssis 1920:34).

Sy geestelike krag het deurgewerk - nie alleen in die Ned.Geref.Kerk nie - maar ook in meer as een faset van die breë spektrum van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Veral die invloed op sy kinders en kindskinders was onuitwisbaar en het tot gevolg gehad dat 'n Murray-era in Suid-Afrika ontstaan het wat vir dekades bly voortleef.

## *2.2 Ds.G.W.A. van der Lingen (1804-1869)*

Ds.Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen, wat op 29 Mei 1804 gebore is, is as enigste kind reeds vroeg deur sy godvresende ouers aan die evangeliebediening opgedra.

### *2.2.1 Sy vroeë lewe en bekering*

Hy studeer vanaf 1818 tot 1821 aan die Latynse skool in Utrecht waarna hy hom vanaf 1822 aan die Utrechtse Universiteit bevind. Sy vader kom op vroeë leeftyd tot bekering en spreek op sy sterfbed die wens uit dat sy seun spoedig 'n hartgrondige bekering sou ondergaan" (*Die Kerkbode* 15 Mei 1946:600). Ná 'n driejarige universiteitstudie, waarin hy 'n graad behaal, studeer hy in die teologierigting. Aan die begin van hierdie kursus het sy vader se sterfbedbede in vervulling getree "toe die lig van die goddelike genade die hart van die soekende student tot die wedergeboorte gelei het" (:600). 'n Verskeidenheid faktore het daartoe aanleiding gegee. Die vrome voorbeeld en gebede van sy ouers, die dood van sy vader en die gedurige vermaning van 'n eenvoudige landman om tot 'n vaste besluit te kom, was onder



2091319
361828

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die middels wat deur God gebruik is om hom tot bekering te lei. Dit het aanvanklik nie so maklik gegaan nie, maar toe die lig uiteindelik deurbreek, was die vrede en die vreugde so groot. Die oortuiging en krag van sy latere prediking was gedurig die bewys van hierdie groot ondervinding (:600).

### *2.2.2 Sy bediening*

Hy word op 5 Junie 1831 in die Paarl bevestig. "Zijn preken waren lang, zijn stijl stroef, maar zijn voordracht was levendig en opgewekt. En zijn indrukwekkende persoonlikheid, godzalige wandel, en de ernst en de zalving, waarmede hij sprak, stictten zijn hoorders, en wonnen de liefde der gemeente" (Dreyer 1924:82). Hy het bekendheid verwerf vir sy preke oor die profesieë en die "tekens van die tye" (:82). Te midde van goeie getuienis vanaf die gemeente, het hy dikwels teenstand ontvang as gevolg van sy "ernstige bestraffing van de zonde" (:83). Hierdie diepe begeerte om 'n balans te vind in godsvrug en regsinnigheid, het gedurig in sy bediening na vore getree Hy het dikwels sy klagte aan die Ring voorgehou van die "doodigheid en geestelooze gehechtheid aan vormen." Uitwendige godsdienstigheid is alte dikwels "een deksel voor eene beredeneerde wereldgezindheid" (Uit Ringsverslag van 1848 soos aangehaal deur Gerdener in *Die Kerkbode* 15 Mei 1946:602).

Hoewel hy belas was met die daarstelling van 'n kweekskool, wys hy die professoraat wat hom aangebied is, van die hand. Soos die ander predikante, het hy ook 'n behoefte gehad na herlewing in sy gemeente, wat dan wel in 1860 plaasgevind het. "Ontroerende tonele en diep sondebesef het daardie herlewingstydperk ook in die Paarl-gemeente gekenmerk" (*Die Kerkbode* 15 Mei 1946:602). "Met liefde en wijzheid zocht hij in die tijd de zegen te verdiepen, die ook voor zijn eigen geestelik leven veel betekende" (Dreyer 1924:83).

Hy sterf aan beroerte op 7 November 1869 in die pastorie van die Paarl ná 38 jaar in die bediening.

## *2.3 Ds. G.W.Stegmann (1814 - 1890)*

Georg Wilhelm Stegmann, gebore in Kaapstad in 1814, was predikant van die Lutherse Kerk, Kaapstad in 1836. Hy word in 1857 in die Ned.Geref.Kerk gelegitimeer en bedien die St.Stephensgemeente (1857-1858) en Adelaide vanaf 1858 tot 1890.

Hy word beskou as "een krachtige boeteprediker en evangelist tegelijk. 'Eens strijder Gods en aanvaller van vestigen des satans'...en Ds.Andrew Murray, Sr., heeft hem genoemd: 'Een tijger, die de mense wilde verslinden.' Zijn prediking oefende een geweldige invloed uit" (Dreyer 1924:106)..

Dr.J.D.Kestell lewer soos volg getuienis van ds.Stegman:

> "De preeken van Stegmann waren van geheel anderen aard dan de statige redevoeringen van de predikanten die toen in de Kaapstad stonden. De diepste roerselen van het hart raakten zij niet. Wel stelde men 's menschen verloren toestand en zijn verlossing door Jezus Christus op rechtzinnige wijze voor, maar er was in de leerreden een gemis aan ernstige opwekking tot bekering en geloofsovergave. Bij Stegmann, daarentegen, trad vooral de bekeering op den voorgrond" (Aangehaal deur Gerdener in *Die Kerkbode* 3 April 1946:351).

Hy sterf op 14 Oktober 1890. Sy bediening het die weg gebaan vir meer as een persoon wat diep spore getrap het in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Een van hulle was prof.N.J.Hofmeyr.

## *2.4 Prof.N.J.Hofmeyr (1827- 1909)*

### *2.4.1 Sy vroeë lewe*

Op 8 Maart 1827 word 'n tweeling gebore in die huis "Welgemeend" in Kampstraat, Kaapstad. Een van die tweelingseuns was so swak by geboorte dat hy as dood eenkant neergelê is. 'n Sprankie lewe in die lewelose liggaampie het die geneesheer gemotiveer om hom deur te haal. Dit is hierdie swak babatjie wat 'n geestelike reus geword het in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis - Nicolaas Jacobus Hofmeyr. Hy was die vader "naar het vleesch, van dertien, en, naar het geloof, van wie weet hoevele zonen en dochteren in den Heer" (Uit "*De Goede Hoop*" aangehaal in *Het Gereformeerd Maandblad* Januarie 1913:5).

Hoewel Nicolaas vir jare 'n swak gestel gehad het, was sy houding altyd fier en as jongeling was hy vol lewe en bedrywigheid - vrolik en opgeruimd - met 'n aanleg vir musiek "vooral voor de viool en niet eens afkeerig van den dans!" (:5).

### *2.4.2 Sy bekering en opleiding as predikant*

Hy ontvang opleiding by "*Tot Nut van 't Algemeen*" waar hy uitblink. Saam met hom was sy lewensvriend, Johannes Henoch Neethling. In hierdie jare is hy sterk beïnvloed deur die prediking van ds.G.W.Stegmann. Onder die bearbeiding van hierdie boeteprediker het N.J.Hofmeyr tot die lig gekom. Ds.Stegmann is geken as een van die weinige predikante wat in sy tyd bekering gepreek het (Kestell 1911:10)

Van kleins af het Nicolaas 'n begeerte na die ewige dinge getoon. Hy was bekommerd oor sy geestelike heil en het nie geweet hoe hy tot die lig sou kom nie. Hy het gemeen dat hy moes wag totdat God die bekering in hom op geheimsinnige wyse sou bewerk. Hy het 'n begeerte gehad dat ds.Stegmann met hom in gesprek sou tree sodat hierdie soeke bevredig kon word (Kestell 1911:11).

Dit was veral Joh.3:16 wat daartoe bygedra het dat hy tot die lig gekom het. Hy het geredeneer dat as God die hele wêreld liefgehad het, hy ook daarby ingesluit is. Hy kom op sestienjarige leeftyd tot bekering (Kestell 1911:12).

Sy neef, Servaas de Kock, wat sy leermeester was, het vir hom 'n blink toekoms voorspel, maar sy hart het gestaan in die rigting van Evangeliedienaar. "Hij wilde aan de bekeering van zondaars zijne gaven en talenten wijden" (*Het Gereformeerd Maandblad* Januarie 1913:5). Hy was begerig om hom aan evangelisasiewerk onder die Kaapse kleurlinge te wy, los van die Ned.Geref. Kerk. Hierteen het Dr.Abraham Faure ernstig beswaar gemaak (*Die Kerkbode* 3 April 1946:351).

Nadat ds.Abraham Faure sy vader omgepraat het, kon Nicolaas in 1847 met sy teologiese studies aan die Utrechtse Universiteit begin en aan die begin van 1850 was hy gereed vir sy doktorale eksamen. Sy swak gesondheid het egter verhinder dat hierdie ideaal hom te beurt val en moes hy in Junie 1850 sy studies staak en sy proponentseksamen in Den Haag aflê waarna hy georden is. Tydens sy studiejare het hy ook, soos die Murray-broers, ingeskakel by die teologiese studentevereniging *Sechor Dabar* asook by die sendingvereniging *Eltheto* waarvan hy in 1849 voorsitter was (*Die Kerkbode* 3 April 1946:351).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*2.4.3 Sy bediening*

Met sy terugkeer in sy vaderland maak hy 'n groot indruk, veral met sy optrede in Kaapstad en omgewing en word in September 1851 as predikant bevestig in die gemeente Hantam, die latere Calvinia (soos hy dit na die Switserse Hervormer vernoem het) (*Die Kerkbode* 3 April 1946:352). Ses maande ná sy bevestiging tree hy in die huwelik met Maria Magdalena Louw, oudste dogter van Adriaan Louw van die Paarl en een van sewe wat met predikante getroud was (:352).

Intussen heers daar 'n groot behoefte, maar eweneens 'n groot verdeeldheid oor die wenslikheid van die daarstelling van 'n plaaslike Teologiese Kweekskool. Ná hewige debatte en uiteindelik ná die opstel van 'n brosjure, saamgestel deur dr.Servaas Hofmeyr, getiteld *"Bezwaren tegen Bezwaren"* word voortgegaan met die daarstelling van die Kweekskool, teen die sin van die liberales (*Die Kerkbode* 3 April 1946:5).

Aanvanklik word dr.Nicolaas Beets en dr.F.G.van den Ham as leerkragte beroep. Selfs nadat hulle vir die beroep bedank het, word 'n tweede poging aangewend om hulle te beroep, sonder sukses. Die Sinode van 1857 se keuse was ds.John Murray van Burgersdorp en ds.G.W.A. van der Lingen van die Paarl. Laasgenoemde aanvaar nie die benoeming nie en ds.N.J.Hofmeyr word saam met ds.Murray as eerste professore aangestel. Vir 'n tydperk was daar geen studente nie en op 1 November 1859 open die Kweekskool met vier studente (*Gereformeerd Maandblad* Oktober 1894:96). Onder sy leiding het 300 studente gestudeer en met sy dood was daar nog meer as 250 in die evangeliebediening betrokke (*De Kerkbode* 9 September 1909:445).

Hy was by uitstek 'n skrywer wat talle boeke die lig laat sien het. Oor sy geskrifte skryf ds.J.D.Kestell (1911:223): "Dan ook kon hij in de diepte dalen, of weer op een duizelingwekkende hoogte klimmen; maar de kracht zijner persoonlikheijd, en de gloed zijner voordracht, en de weergaloze eenvoud van zijn stijl - alles droeg ertoe bij, om de belangstelling te wekken en de aandacht der hoorders te boeien van zijn eerste tot zijn laaste woord toe."

Tydens sy bediening in Calvinia het hy verskeie kere probeer om die gemeente aan te moedig om onderlinge gebedsbyeenkomste te reël, maar dit was vrugteloos. Met die herlewing in Calvinia het 'n ongekende gees van gebed ontstaan. Oor die herlewing self, berig prof.Hofmeyr soos volg: "Het was de sterke begeerte naar verlossing en heiligmaking en de hartgrondige bekeering tot God, welke bij vele gezien werd als de gezegende vrucht hunner eigene opwekking (Kestell 1911:91). Terwyl die herlewing aan die gang was, kon hy daagliks gevalle van bekering waarneem.

Hy was ook bekend as Kinderprediker (*De Kerkbode* 9 September 1909:445) en belas met kindersiele. In *Die Kerkbode* van 16 Augustus 1933 skryf oud-ouderling P.J.Rabie van 'n insident wat in 1859 op Worcester plaasgevind het toe prof.Hofmeyr (wat pas op Stellenbosch aangestel is) 'n kinderpreek gehou het. Dit was iets ongewoons in daardie tyd. By dié geleentheid het hy oor Jes.55:6 gepreek: "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is."

### *2.4.4 Keerpunt in sy lewe*

Op veertigjarige ouderdom het Hofmeyr 'n keerpunt in sy geestelike lewe beleef. Dit was, soos hy dit noem, "de overgang van de knechtgezindheid tot de kindsgezindheid." Hy skryf dat hy so ongeveer 16 of 17 jaar oud was toe hy hom aan die Heiland oorgee. Hy het sedert daardie tyd nooit getwyfel of hy Gods kind en erfgenaam was nie. Eers in sy veertigste jaar het hy die onderskeid verstaan tussen knegskap en kindskap. Dit beskou hy as 'n keerpunt in sy lewe (Kestell 1911:121).

Reeds vier jaar voor hierdie ondervinding het hy reeds begin insien wat die ware verhouding van die gelowige tot God is. Verskeie preke wat hy in daardie tyd gelewer het, dui op die soeke na 'n verandering in sy geestelike lewe. Dat hy wel op veertigjarige ouderdom die keerpunt is sy lewe ondervind het, word bevestig deur Kestell (1911:121). Hy het in 'n preek aan die gemeente genoem dat die mag van sonde nie gebreek word deur vurige gebed en naarstige Bybellees asook getroue nakoming van verskillende lewensbeginsels nie, maar deur te leef in gemeenskap met Christus. "Zooals de geloovige ter rechtvaardigmaking rust op den boezem van Jezus, zoo moet hij dit ook doen ter heiligmaking" (:121).

In terme van hierdie verandering noem hy dat sy lewe "knechtelijk" was toe hy nog 'n jong Christen was. Hy het 'n vrees gehad om voor God te verskyn, aangesien daar by hom geen drang tot gebed was nie en hy ook oor verskillende waarhede getwyfel het. Dit was egter heel anders toe hy sy ware kindskap ontdek het (Kestell 1911:122). Ná hierdie ondervinding het hy meer intensief die Bybel gelees en hom ook in die geskrifte van ander skrywers verlustig.

Kestell (1911:44) wys die lesers daarop dat die jong Hofmeyr wat in Calvinia in die bediening gestaan het, nie dieselfde was as die een op Stellenbosch met sy rype geestelike ervaring, vol innige blydskap, gebore uit 'n onafgebroke gemeenskap met God nie. Die rede hiervoor was omdat, soos Kestell dit stel, hy nog nie die ondervinding gehad het nie. Op Calvinia was Hofmeyr belas met sy swakheid en stadige groei in heiligmaking. Hy het dikwels die oorsaak van die geestelike agteruitgang van die gemeente by homself gesoek. "Waar is mijn vuur?...Zoo biddeloos, zoo koud over het algemeen!" (:45). Hierdie versugting sou weldra verhoor word en 'n lewe van gemeenskap met God en vrug in die bediening, sou daarop volg.

In 'n huldeblyk ná sy dood word genoem dat die getal siele wat in die verskillende gemeentes kennis met die Heiland gemaak het, baie groot was (*De Kerkbode* 9 September 1909:445).

### *2.5 Dr.Andrew Murray (1828 -1917)*

Dr.Andrew Murray was ongetwyfeld een van die grootste teoloë wat die Ned.Geref.Kerk opgelewer het.

Aangesien sy invloed verreikende gevolge ingehou het in veral die bevordering van die evangelies-piëtistiese karakter in die Suid-Afrikaaanse kerklike opset, word meer aandag aan hierdie besondere persoon gewy.

### *2.5.1 Sy vroeë lewe*

Andrew, gebore op 9 Mei 1828 te Graaff-Reinet, was die naamgenoot van sy vader, oupa en oupagrootjie.

Hy en sy broer John se geaardhede was uiteenlopend van aard. John was stil, nadenkend en leergierig, terwyl Andrew 'n uitbundige gees geopenbaar het. Hy was nie so leergierig soos sy ouer broer nie, maar bedrywig, en uitermate skrander (Du Plessis 1920:37). John, daarenteen, was sy vader se seun: stilswyend, ingetoë en versigtig in woord en daad (:37).

Andrew se geestelike lewe is beïnvloed deur sy godvrugtige ouers. Die saad van godsvrug is reeds vroeg in sy hart gesaai en voor hy na Europa gegaan het, was die weg na die hemel nie vir hom onbekend nie (Liebenberg 1942:ix).

In Skotland, waar Andrew en John gaan studeer het, het die jong prediker, William C.Burns, 'n sterk en blywende invloed uitgeoefen op die geestelike lewe van die twee broers (Du Plessis 1920:44,47). Op 13 Januarie 1841 stuur William Burns 'n brief aan John waarin hy 'n sterk beroep op hom doen om sy lewe aan die Here oor te gee. In 'n naskrif onderaan die brief versoek hy vir John om die brief ook aan Andrew te gee (:48).

Gedurende 1844 stel hy sy vader in kennis dat hy besluit het om homself te wy aan die evangeliebediening waarop sy pa in 'n skrywe sy uiterste tevredenheid te kenne gee (Du Plessis 1920:57). Sy vader was egter meer bekommerd oor sy sieleheil en sekerheid van saligheid en voeg by: "Ik vertrouw echter, lieve jongen, dat gij uw hart aan Jezus Christus gegeven hebt, om nu en voor eeuwig de Zijne te wezen, en Hem door goed en kwaad gerucht te volgen" (:57).

### *2.5.2 Sy bekering*

Ná hulle studie in Skotland vertrek Andrew en John na Utrecht waar hulle hulself bekwaam vir die evangeliebediening.

Die geestelike toestand in Holland het veel te wense oorgelaat. Deur die gees van rasionalisme wat vanaf Duitsland die land ingevloei het, is die universiteite deurtrek van 'n vrysinnige gees wat deur die Staat bevorder is. Op die kansels was manne wat die evangeliese leer verwerp het. "Het godsdienstig leven in de gemeente was mat; er zat geen pit in....Bekering was een verouderd woord; onder geloof verstond men het aannemen van zekere godsdienstige waarheden; die Heilige Geest scheen geweken voor de tijdgeest" (Du Plessis 1920:63).

Opwekkingsbewegings soos die *Réveil* en *Christelike Vrienden* wat in Holland ontstaan het, was middele waardeur die protes teen die geestelike doodsheid tot uiting gekom het. Onder invloed van die *Réveil* ontstaan die studentegenootskap *Sechor Dabar* in 1843 met die hoofdoel om "geheel in de geest van het *Reveil* de wetenschappen te beoefenen, die gevorder worden tot het voortreffelik ambt van evangelieprediker" (Du Plessis 1920:64,65)

Hoewel nie een van die professore se onderrig veel geestelike waarde vir die studente ingehou het nie en die studente nie voor 'n besliste keuse vir hul Saligmaker gestel is nie, was Utrecht tog die plek waar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Andrew tot inkeer gekom het. Hy kom kragdadig tot bekering en was selfs in staat om die presiese huis, kamer en datum te noem waar hierdie gebeurtenis plaasgevind het. "Die was evenwel geen plotselinge omwenteling, maar een bewuste en algehele overgave aan den Christus, met al zijn eisen, een scherp-belijnde ondervinding, van welke hij een nieuw tijdperk dagtekende, en die de achtergrond vormde van al zijn toekomstige prediking" (Du Plessis 1920:69).

In 'n brief aan sy ouers deel hy hulle die nuus mee : "Even groot zal uw vreugde zijn, daar ben ik van verzekerd, als ik u vertel dat ik aan u veel blijder tijding kan meedeelen - een tijding waarover zich de engelen hebben verheugd - dat namelik uw zoon wedergeboren is" (:70). Hy vertel hoe hy blindelings deur die lewe gegaan het en 'n soeke na sekerheid gehad het. Hierdie sekerheid het hy ontvang, soos weergegee in die woorde: "Eén ding weet ik, dat ik blind was en nu zie" (:71).

Liebenberg (1942:10) maak die volgende opmerking oor die getuienis van Andrew Murray:

> Dis nie veel nie, en ook nie min nie. Tog is dit kragtig, pittig, helder en beslissend. Almal kan nie so 'n getuienis omtrent hulle bekering aflê nie, dit was 'uit die duisternis tot die lig'. Die oorgang was nie onvoorbereid nie en dit was beslis vir altyd. Die ommekeer was diep en blywend, vir die hele lewe betekenisvol....Sy geestelike ontwikkeling spruit nie voort uit 'n langdurige soek, 'n angstige worsteling of 'n sware gewetenstryd soos Luther nie; hy het die waarheid van God in Christus Jesus soos Timotheus van kindsbeen af geken....

*2.5.3 Sy bediening*

Vergesel deur sy vader, vertrek hulle vanaf Graaff-Reinet noordwaarts oor die Oranjerivier na Bloemfontein waar Andrew as predikant bevestig is. Op 6 Mei 1849 begin sy bediening van 11 jaar in Bloemfontein. In 'n brief aan sy broer John, wat ook intussen bevestig is, skryf hy onder andere die volgende met betrekking tot die toestand in sy gemeente:

> Nu dat ik mij enigzins meer thuis gevoel...vertrouw ik dat onze genadige God mij iets laat gevoelen van de noodzakelikheid van een intieme, proefondervindelike zielekennis van de heerlike waarheid die ik verkondigen moet, en boveal van de heerlike centrale waarheid - het verbazende wonder van de liefde van een gekruisigde Jezus. Laat ons zoeken, liewe broeder, om veel uit deze bron te drinken, en de liefde van Christus te maken tot de grondslag van een gedurig vertrouwen van hoop en vreugde. Dan zullen wij weten wat wij aan stervende zondaren moeten prediken. Dan ook zullen wij weten hoe wij prediken moete, met de ernst van een brandende liefde, die zich met alle kracht inspant om zielen van het eeuwig verderf te redden (Du Plessis 1920:96).

Volgens ds.C.Rabie het ds.Murray net betyds na sy volgende gemeente, Worcester, gegaan want onder die vorige predikant, ds.Sutherland, se bediening was daar nie sprake van bekerings nie. Niemand sou destyds gewaag het om te verklaar dat hy bekeerd of wedergebore was nie. Dit sou as die grootste vermetelheid beskou word (Rabie in Du Plessis 1920:210). Rabie verklaar verder dat ds.Murray se aandeel tydens die genoemde konferensie beperk was tot 'n gebed, maar hierdie gebed was so kragtig en aandoenlik dat siele daar en dan onder 'n diepe sondeoortuiging gekom het. Dit word beskou as die geboorteuur van die herlewing (:210).

Ds.Rabie berig voorts dat ds.Murray se prediking van die staanspoor af "in die betoning van Gees en krag" was en lewe in die doodsbeendere gebring het. Dit was asof een van die profete van ouds uit die

dode opgestaan het. Die onderwerpe van ware geloof en bekering wat hy gereeld op die gemeente afgedruk het, was baie ernstig (Du Plessis 1920:210).

*2.5.4 Dieper geestelike lewe*

Du Toit (1952:258) skryf oor die onvolledige geestelike lewe van Murray: "Gedurig het hy nog sy magteloosheid gevoel en gekla dat die tweespalt, die stryd tussen vlees en gees, vir hom te veel was." Met die aanraking van mev. Pearsall Smith se werke, besef hy dat dit nie meer vleeslike inspanning van sy kant kos nie, maar 'n volkome oorgawe aan die Here wat 'n blywende rus bring.

Tydens sy verblyf op die plaas van Paul Kruger, het Andrew Murray 'n behoefte ontwikkel na die dieper geestelike lewe. Daar was 'n begeerte na die vervulling met die Heilige Gees. Op 'n baie later stadium het hy by een van sy optredes tydens 'n Keswickkonferensie aan 'n versoek voldoen om sy getuienis oor die dieper geestelike lewe te gee:

> Mijn rechtverdigmaking voor God was mij zo klaar als het zonnelicht. Ik wist het uur, toen ik van God de vreugde van vergiffenis had ontvangen. Ik herinner mij dat ik in mijn klein vertrek te Bloemfontein zat, en tot mijzelf zij: 'Wat scheelt eraan? Hier verkeer ik in de stellige verzekering, dat God mij door het bloed van Christus gerechtvaardigd heeft, en toch heb ik geen kracht tot dienst (Du Plessis 1920:45).

Hy vertel verder hoe diep ongelukkig hy in homself was en hoe hy na ware rus en vrede bly soek het. Hoewel hy nie van 'n spesifieke oomblik kon getuig waarop hy die doop met die Heilige Gees ontvang het nie, het hy die les geleer om homself daagliks voor God te stel as 'n leë kruik wat met die Heilige Gees vervul moes word. "Hij heeft mij de zalige verzekering verleend dat Hij, de eeuwige God, Zijn eigen genadewerk in mij gewaarborgd heeft. Als er een les is, die ik van dag tot dag beter leer, dan is die deze: het is God die alles in allen werkt" (Du Plessis 1920:460).

*2.5.5 Sy geestelike invloed*

Die geheim van sy invloed het gelê in sy verhewe Christelike karakter en in die onweerstaanbare krag wat geopenbaar is in alles wat hy gesê en geskryf het. Hy self was boweal 'n man van gebed. Sy gemeenskap met die Onsienlike was innig en onafgebroke (Du Plessis 1920:447).

In "*The British Weekly*" lewer eerw. H.V.Taylor onder andere die volgende indrukke van Murray: "Ernst en kracht van elektriese invloed stromen van hem uit, en grijpen zowel het grote gehoor als de kleine kring rondom hem aan" (Du Plessis 1920:453).

Dr.Andrew Murray het in 'n besondere mate belanggestel in die mistici. Veral die geskrifte van die mistikus, William Law, het op hom 'n diep indruk gelaat (Du Plessis 1920:460,1). Beïnvloed deur hierdie stroming, met sy eiesoortige teologiese beskouing, het Murray klem gelê op die boodskap van die mistiek, naamlik die noodsaaklikheid van die vereniging tussen God en die mens en tog het hy die dwalinge wat daarmee gepaard gegaan het, vermy. Hy kon daarin slaag weens sy opleiding in die evangeliese en gereformeerde teologie, asook sy deeglike bestudering van die Skrif. Laasgenoemde was so noukeurig en aanhoudend, dat hy hom nie laat wegvoer het op die sypaaie van die bespiegelende mistiek nie (Du Plessis 1920:466).

### *2.5.6 Sy prediking*

Sy prediking was gekenmerk deur krag. "Hy het in die diepste werkinge van die menslike gees ingegaan, terwyl hy met buitengewone helderheid die waarheid van die Skrif uiteengesit het" (Liebenberg 1942:xi).

Veral twee onderwerpe is deur sy prediking gekenmerk, naamlik geloof en heiligmaking. Geloof is by hom nie 'n verstandsaak nie, maar 'n gewisse daad wat in die mens se lewe gewerk word deur die Heilige Gees. Geloofsversekering en 'n gedurige oorgawe aan Christus was van die vernaamste elemente in sy prediking.

Die Christelike lewe het hy beskou as die gerypte vrug van die oorgawe aan die Heiland wat ons van alle sonde sal kan verlos, namate die siel geleer het om voortdurend in hom te rus en nie in sy onmag teen die sonde te worstel, waaroor hy alleen die oorwinning nie kan behaal nie (Liebenberg 1942:xi).

Oor die invloed van Murray, haal Du Toit (1952:259) vir dr.G.B.A.Gerdener aan: "Dit is waarskynlik hierdie gloedvolle prediking van Andrew Murray wat een en ander in ons tyd in die versoeking gebring het om hom as Metodisties aan te dui. As dit beteken dat sy leer enigsins van die suiwer gereformeerde waarheid afgewyk het, dan is dit 'n growwe voorstelling." In sy wese het Andrew Murray altyd Skots-Calvinisties gebly.

## *2.6 Ds. John Murray (1826-1882)*

Sy vroeë lewe en opleiding is reeds onder die vorige punt behandel. Enkele gedagtes rondom sy bekering en geestelike invloed geniet vervolgens aandag:

### *2.6.1 Sy geestelike agtergrond*

Soos die geval was met sy broer Andrew, is die stewige fondament vir 'n godvrugtige lewe gelê in hul ouerhuis.

Tydens hulle verblyf in Aberdeen, Skotland, waar die invloed van William Burns bygedra het tot die ontwikkeling van hulle geestelike lewe, ontvang John in 1841 'n brief van Burns met onder andere die volgende inhoud:

> "Wil, ik bid u, niet toegeven aan de geheime gedachte, dat gij te verontschuldigen zijt voor het blijven in uw tegenwoordige onbekeerde toestand, of dat er ook de geringst mogelike hoop is dat gij gered zult worden, tenzij gij wezenlik uit de Heilige Geest herboren zijt, en met de heilige Jehovah verzoend zijt door de zoenbloed van Zijn eniggeboren Zoon (Du Plessis 1920:48).

Die res van die brief gee 'n weerspieëling van die besorgdheid oor die jongman se geestelike lewe. Burns se bediening het bygedra tot die bekering van talle mense, veral dié van jongmense (:49).

John het later as Andrew tot die besef gekom dat hy hom tot die evangeliebediening gaan wend. Sy vader, en veral sy oom met wie hy in 'n goeie verhouding gestaan het, het grotendeels bygedra tot hierdie besluit (Du Plessis 1920:58).

Saam met Andrew studeer hulle te Utrecht vanaf Mei 1846 tot Mei 1848. John was baie ontsteld oor die geestelike toestand aan die universiteit en spreek teenoor sy ouers sy ongelukkigheid uit oor die lae sedelike standaard van veral die teologiese studente (Du Plessis 1920:74).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*2.6.2 Sy bediening*

Ná sy studie en terugkeer in Suid-Afrika, word hy op 26 Mei 1849 deur sy vader in Burgersdorp bevestig. As teksvers vir sy intreeboodskap, gebruik hy 2 Kor.5:20: "Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen" (Du Plessis 1920:95).

In 'n omvattende studie meld Van der Watt (1979:75) dat Murray by uitstek 'n kragtige prediker was. Sy prediking was "toegespits om die hoorder te beweeg tot skuldbesef, bekering en heiligmaking." Hy het dikwels uit die Kategismus gepreek om die gemeente te onderrig in die geloofswaarhede (:76). In sy bediening was daar heelwat "wrywingsmomente" wat onder andere veroorsaak is deur sy Metodistiese prediking (:82).

Sekerlik die mees uitstaande waarmee John Murray geassosieer word, is sy aanstelling as een van die eerste professore aan die Kweekskool op Stellenbosch waar sy geestelike karakter neerslag gevind het in die lewe van meer as een student. Volgens Van der Watt (1979:112,113) het Murray en Hofmeyr altyd gewaak dat die verhoogde akademiese standaard nooit sou geskied ten koste van die godsvrug as vereiste vir die studente nie. Die Sinode van 1862 het onder andere besluit dat by toelating tot die Kweekskool, "die *wedergeboorte* en die *persoonlike ondervinding van Gods genade*" benadruk moes word (:113).

Van der Watt (1979:148) brei ook uit oor Murray se betrokkenheid by die hou van konferensies wat in die vorige eeu 'n algemene tendens was en wat nou verweef was aan die Evangeliese Alliansie.

## *2.7 Dr.Servaas Hofmeyr (1830 - 1888)*

### *2.7.1 Sy vroeë lewe en bekering*

Dr.Servaas Hofmeyr was die broer van prof.N.J.Hofmeyr. Hy is op 11 Desember 1830 in Kaapstad gebore. Hy ontvang sy eerste skoolopleiding onder die sorg van Servaas en Stephanus de Kock, nl.*"'t Tot Nut van het Algemeen*". Onder die geseënde evangeliebediening van ds.G.W.Stegman (Sr.) in Kaapstad kom hy tot bekering "door de genadewerking van de Heilige Geest die hem de Heiland als Heer en die Heer hem als knecht en wel als evangeliedienaar deed vinden (*De Kerkbode* 29 April 1920 :477). Op 16 jarige ouderdom is hy aangestel as hulponderwyser by *"Het Nut*".

In die *Korte Levensschets en nagelaten Geschriften* (1891:4) gee hy self die gebeure rondom sy bekering weer:

> Ik was toen zeventien jaar oud, en mijne schooljaren waren nog niet ten einde. Reeds eenigen tijd lang verkeerde ik onder diepe indrukken aangaande mijn geestelijk heil. Zoo als velen in die dagen, en ook nu, meende ik dat Jezus en de Zaligheid ver, o' ! zoo ver van mij waren, een berg dien ik niet kon bestijgen, een breede stroom dien ik niet kon doorwaden.

Hy het meer as een keer goeie voornemens gehad, maar moes telkens tot die slotsom kom dat alles tevergeefs was, tot die dag toe die lig deurbreek: "Eindelijk is het licht mij opgegaan, en werd het vrede in mijn hart door het eenvoudig geloof in Jezus Christus, mijn Zaligmaker" (*Korte Levensschets* 1891:4)

Behalwe die prediking van ds.Stegmann, het hy hulp ontvang uit die geestelike boekie "*Young Men's guide through Life to Immorality*" deur John Angel James. Hy het elke oggend vir omtrent 'n uur lank

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die boekie hoofstuk vir hoofstuk biddend gelees. Toe hy by die agste hoofstuk kom, wat oor geloof handel, kom dit duidelik tot hom dat dit nie goeie voornemens, goeie werke, baie stryd en aanhoudende gebed was nie, maar alleenlik "Geloof in den Heer Jezus Christus en gij zult zalig worden....Ik geloofde, en mijne ziel was gered. Geheel anders verliet ik dien morgen 't stille vertrek dan ik daar was binnengetreden....Van dien dag af was het ook mijn innige wensch en begeerte om mijn leven geheel aan de diens des heeren te wijden" (*Korte Levensschets* 1891:5).

*2.7.2 Sy studies*

Gedurende Mei 1849 verlaat hy saam met die latere predikante, di.A.A.Louw en William Murray, die land om sy opleiding as predikant aan die Universiteit van Utrecht te ondergaan. Hy geniet die studies so, dat hy langer as sy landgenote aanbly en ontvang in Augustus 1856 sy doktorsgraad in Godgeleerdheid "na verdediging eener Latijnse Dissertatie over de leer van Paulus aangaande de 'Eersgeborene aller Creatuur' - vervat in Col.1:15-20" (*De Kerkbode* 29 April 1920:477).

Voordat hy gepromoveer het, het hy aan die Edinburghse Universiteit onderrig ontvang. Ná 'n besoek aan Noord-Amerika, keer hy terug na sy vaderland op 7 Februarie 1857 en word 'n week later gelegitimeer.

*2.7.3 Sy bediening*

Sy intreepreek word gelewer in die Groote Kerk, Kaapstad na aanleiding van Johannes 12:3-8. Hy word na verskillende gemeentes beroep, soos Colesberg, Winburg, Glen Lynden en Mosselbaai. Die beroep na Colesberg geval hom en hy word georden deur die konsulent, ds.(later prof) J.Murray. Sy arbeidsveld was baie uitgebreid en afstande van tot 28, 36 en 48 uur moes afgelê word. Nadat hy beroepe onvang het na Burgersdorp, Queenstown en Pietermaritzburg en Montagu, neem hy die beroep na laasgenoemde gemeente aan en word op 16 September 1860 aldaar bevestig. Op Montagu kon hy ook deel in die geseënde herlewings.

Vyftien maande ná sy bevestiging op Montagu is hy met mej.Anna Morgan getroud. Sy was die dogter van 'n Skotse predikant wat op versoek van Lord Charles Somerset na Suid-Afrika gekom het. Ná 'n baie gelukkige huwelikslewe, waaruit 7 kinders gebore is, sterf sy in Desember 1875. In 1877 trou hy met mej.C.M.de Kock van Kaapstad met wie hy tot sy dood, elf jaar later, getroud was (*De Kerkbode* 15 September 1921:1074,5).

Hy het as rondreisende prediker verskeie dorpe, asook sendingstasies besoek en was ook betrokke by die verwikkelinge rondom die afskeiding van die Gereformeerde Kerk en in 1870 skryf hy 'n boek, getiteld *"Hoe de Afscheiding ontstaan is"* (*De Kerkbode* 29 April 1920 :478). Weens sy liefde vir en belangstelling in die drukkerswese, sorg hy dat die kerklike publiek van goeie leesstof voorsien word uit die pen van verskeie predikante. "Als schrijver was hij luimig, helder, leerzaam. Zijn stukken waren boeiend en werden met graagte gelezen" (:478).

Reeds met sy aankoms in Kaapstad as jong proponent begin hy met die wetenskaplik-teologiese tydskrif **Elpis**. Hy kry die samewerking van Nederlandse teoloë soos prof.Nicolaas Beets en dr.J.J.van Oosterzee

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en in Suid-Afrika van mense soos dr.P.E.Faure, di.G.W.A.van der Lingen en John Murray. Ná 4 jaar (1861) staak hy die publikasie, maar gee dit weer uit in 1873 (*De Kerkbode* 15 September1921:1076).

*2.7.4 Spesiale dienste*

Ds.G.W.Stegmann van Oudtshoorn berig dat dr.Hofmeyr tydens die predikante-konferensie te Wellington verslag gedoen het van die herlewing op Montagu. Omdat hy met die Heilige Gees gevul was, besluit hy om op uitnodiging vir twee weke spesiale dienste in Kaapstad te hou. Die Roggebaaikapel was te klein om al die mense te akkommodeer. Die preke is gekenmerk deur buitengewone krag. Bedags het hy onvermoeid huisbesoek gedoen, terwyl talle hulle aan die Here oorgegee het. Mense het besef dat die Here nog groot dinge gaan doen en daarom word die dienste met nog veertien dae verleng. Hulle is van een saal na die ander en elke keer was dit stampvol. "Het was een tijd van heerlijke inzameling van zielen en van verkwikking voor Gods volk" (*Korte Levensschets*1891:28).

Vroeg in die môre, terwyl dit nog donker was, het mense byeengekom om te bid. Van ver af kon gehoor word hoe hulle gesange en Sankeyliedere sing. Die spesiale dienste het onafgebroke vanaf 15 Junie tot aan die einde van Augustus geduur.

*2.7.5 Algemene karaktertrekke*

Waar hy as student 'n uiters gedissiplineerde en georganiseerde mens was, was dit heel anders in die bediening. Hy het dikwels laat gekom vir afsprake. Die rede hiervoor word toegeskryf aan die feit dat hy altyd 'n liefdevolle belangstelling in ander mense getoon het. Hy het gedurig geskenkies uitgedeel en beswaarlik by 'n kleurling verbygestap sonder om van hom notisie te neem.

Hy was baie lief vir sang en musiek en het baie bygedra tot die bevordering van sang in sy gemeente. As deel van die katkisasie, moes elke katkisant 'n gesangvers leer en voor die klas sing.

Hy sterf op 'n vroeë ouderdom van 58 jaar en op die begrafnis word hulde aan hom gebring vir die belange wat hy in die Kerk gehad het, veral met betrekking tot die stryd teen die Liberalisme, sy prediking, geskrifte en ook sy ywer om vir die Kweekskool te kollekteer. "Eigengemak, eigenbelang, alles werd voor de zaak (van de Kerk) opgeofferd" (*De Kerkbode* 15 September 1921:1077).

### *2.8 Eerw.Stephanus Hofmeyr (1839-1905)*

Alhoewel hierdie studie nie die sending insluit nie, kan die rol wat sendelinge gespeel het, nie oor die hoof gesien word nie. Verteenwoordigend van hierdie belangrike arbeid word ook aandag gegee aan een van die bekendste sendelinge in die vorige eeu, naamlik eerw.Stephanus Hofmeyr.

*2.8.1 Sy lewe*

Stephanus Hofmeyr, wat die eerste Afrikaner-sendeling in die buiteland was, is op 3 Junie 1839 te Kaapstad gebore. Hy was die seun van advokaat Hofmeyr en die tweede jongste van 9 kinders - en ook die stoutste. Hy is baie gestraf. Op sewejarige ouderdom is hy na *"'t Nut van 't Algemeen"* vir sy opleiding. Toe Stephanus ongeveer tien jaar oud was, is sy vader insolvent verklaar en hy moes die skool

verlaat en tydelik by een van sy susters onderrig ontvang. Daarna is hy na die *"South African College"*. Op sestienjarige leeftyd is hy na Bredasdorp waar hy as waarnemende klerk in sy vader (wat die magistraat was) se kantoor aangestel word.

Sy ondeundheid het voortgeduur en as "voorperd van die duiwel", soos hy homself genoem het, het sy verergerde lewe hom tot selfmoord genoop. Gedagtig aan sy grootmoeder se woorde : "Hy sal nog 'n voorbidder word", het hy hom weerhou van so 'n onbesonne daad.

In 1858 het sy ouers hom na sy oom, Hendrik Neethling, se plaas Remhoogte, buite Prins Albert gestuur waar hy homself op landbouterrein moes bekwaam. Hier het sy lewe 'n drastiese verandering ondergaan, veral weens die invloed van sy neef Stoffel.

### *2.8.2 Sy bekering*

Van kindsbeen af het hy besef dat hy hom moes bekeer. Hy getuig dat die Here van kleins af in sy siel gewerk het. Hy het geweet dat hy onbekeerd was. Dit is gedurig aan hom voorgehou omdat hy die "wildste, ongehoorzaamste en ondeugendste onder de kinderen des huizes" was (M.N. 1907:1). Wanneer hy 'n boek of traktaatjie lees, was dit vir hom bedoel en boodskappe oor die hel en verdoemenis het ernstig tot hom gespreek. Hy moes altyd aanhoor: "STEPHANUS hebt jij goed geluisterd" (:1). By die afsterwe van 'n persoon of by 'n begrafnis en selfs wanneer hy self siek was, moes hy telkens hoor hoe dit 'n roepstem was.

Die ander kinders was baie voorbeeldig. Tydens huisgodsdiens is hy dikwels verbied om te bid, omdat God nie die gebede van stout kinders sou hoor nie. Hy het gereeld voorgegee dat hy onverskillig was, maar erken dat hy homself dikwels aan die slaap gehuil het uit vrees vir die vlammende hel (M.N.1907:2). Op 'n keer het hy gedroom oor die oordeelsdag en hoe hy veroordeel is en hel toe moes gaan. As sy moeder hom waarsku dat stoute kinders hel toe gaan, het hy dit beaam, want hy het self daarvan gedroom (:2).

Tydens sy verblyf in Kaapstad het sy vader hom versoek om lidmaat te word van die gemeente van dr.A.Faure, Sr. Hoewel hy genoegsame Bybelkennis gehad het om die vrae te beantwoord, het hy homself as onbevoeg beskou omdat hy "onbekeerd" was (M.N. 1907:4).

Behalwe die voorbeeldige lewe van sy oom en neef op die plaas, is hy ook diep getref deur 'n artikel wat deur ds.J.H.Hofmeyr van Somerset-Oos in *"De Kerkbode"* geplaas is, met die titel "Zij gij weergeboren?" Hy het besluit om 'n godsdienstige lewe te lei deur gereelde Bybellees, gebed en deur godsdiens vir die plaasvolk en bidure vir die bure te hou, maar sy onbekeerde toestand het hom erg gekwel. "Ik werd vroom en werd gerespecteerd, doch ik gevoelde diep, dat ik met mijne vroomheid verloren ging, want ik was "onwedergeboren" (M.N. 1907:5).

Hy noem in 'n persoonlike getuienis dat, behalwe die lees van bogenoemde artikel, ander faktore ook op hom ingewerk het wat hom tot verhaal gebring het. Dit sluit die omgewing in waar hy by sy oom tuisgegaan het, briewe van sy ouers en oudste suster, asook 'n droom oor "den oude Heer Kootje de Wet" (*De Kerkbode* 16 November 1905:577).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die groot opwekking in 1861, wat ook op Prins Albert 'n uitwerking gehad het, het sy onrustigheid oor sy geestelike lewe voortgeduur. Hy sê dat hy begin onrustig, ja baie benoud word, het veel met die Bybel omgegaan en baie gebid, het soms glad nie gelag nie, wou somtyds oor niks as geestelike onderwerpe praat nie, het weinig geslaap; dog hoe ernstiger hy geword het, hoe meer het hy gesien dat dit alles eiegeregtigheid was. "Ik moet wedergeboren worden, zoo niet ik zal maar weer terugvallen naar de wereld; ik zal het in den hemel niet kunnen uithouden" (M.N.1907:5).

Op 23 Maart 1862 is 'n biduur deur 'n oefenaar, Gideon Kotzé, gehou na aanleiding van Joh.3:14 oor geloof in die verhoogde Heiland. Stefanus het besef dat hierdie man iets besit wat hy ook begeer. Dit het hom tot ernstige nadenke gelei. Die volgende dag, toe die oefenaar weer 'n draai op die plaas maak, het Stefanus aan hom gevra of hy waarlik die Here Jesus liefhet, waarop hy antwoord: "Ja, so lief, dat as ek Hom nou in my twee hande kry, laat ek Hom nooit weer los nie" (M.N. 1907:9). Hierdie woorde het die behoefte verder aangewakker om dieselfde ondervinding te smaak.

Terwyl hy die volgende dag besig was om brandewyn te stook, het hy weer eens nagedink oor sy lewe. Hy was diep ongelukkig en uit moedeloosheid dink hy by homself: "Ach, zal ik nog maar daarom bij al mijn bidden en tranen verloren gaan?" (M.N.1907:6). Hy dink na oor hoe hy dikwels uit groot gevare gered is en dan kom die profetiese woorde van sy grootmoeder weer by hom op.

Die volgende oggend, terwyl hy steeds in 'n sielestryd gewikkeld was, bid hy: "Ag, Here, wat sal ek doen? Ek het alles geprobeer, en niks het gehelp nie. Ek kan nie meer bid of ween nie. Kry tog vir my jammer". So skets hy die gebeure wat op hierdie geroep gevolg het:

> Op dat oogenblik, bliksemsnel was het alsof de hemel en mijn hart tegelijk opensprongen. Een gloed van liefde verwarmde mijne ziel. Ik zeide, "wat is dit? Is dit de liefde van den Heere JEZUS?" Alles in mij zeide: "Ja, dit is wat gij al zoo lang zoekt en dat de Heer van eeuwigheid voor u gevoeld heeft".... Ik was aan brand van liefde. De tranen barstten mij uit de oogen.... "O, dat ik toch een hoogen berg kon klimmen en de geheele wereld toeroepen en verzekeren, dat de Heer JEZUS zondaars lief heeft!".... De Heer had, zonder ik eraan dacht, mij een voorbidder gemaakt, naar het woord mijner zalige grootmoeder" (M.N. 1907:7,8).

### *2.8.3 Sy bediening*

Hofmeyr skryf dat hy onmiddellik ná sy bekering begin het om aan die "dienstboden" op die plaas, in hulle huise en by hul werk, meer van die Heiland te vertel. Ook vir die blankes in die omgewing kon hy as voorganger by bidure optree (Hofmeyr 1890:29). Ná sy bekering het hy ook 'n begeerte gehad om sendeling te word. Op aandrang van ds.J.H.Neethling is hy na Stellenbosch. Na afloop van sy studies het hy ds.Ham te Franschhoek opgevolg waar hy onder blankes en gekleurdes gearbei het (M.N. 1907:10).

Gedurende die opwekking het hy in Franschhoek gearbei. Opmerklik was die begeerte by mense om hulle huisbediendes te bearbei. Mettertyd het sy begeerte om buite die landsgrense sendingwerk te doen, begin toeneem.

Met die ondersteuning van die vriende op Franschhoek besluit hy om met die werk te begin. Op Stellenbosch het die twee lede van die Sendingkommissie, t.w. di. A.Murray en J.W.L.Hofmeyr, asook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die sendinginspekteur, die leiding geneem in die verrigtinge waar sy werksaamhede aan die Here opgedra is.

Ná sy ordening is hy getroud met die suster van ds.J.H.Neethling van Stellenbosch.

Sy vernaamste bedieningsveld was te Soutpansberg toe hy vir ds.Mackidd, 'n Skotse sendeling wat 'n sendingstasie aldaar gevestig het, opgevolg het. 'n Gedeelte van die werk van Hofmeyr was onder die Buyse agter die Soutpansberg waar talle bekerings plaasgevind het (M.N.1907:29). Te midde van vele teenkantings teen hom, beleef hy saam met sy gemeente 'n herlewing in 1874 waartydens talle siele gered is (:115).

Hy is ook geken as 'n ware kindervriend by uitnemendheid. Daar was geen Sondagskool in die land wat hom nie geken het nie. Hy het liefdesboodskappe aan die kinders geskryf in *De Wekker (Die Kerkbode* 14 September 1905:449).

In 'n huldeblyk aan hom, wat in *De Kerkbode* van 10 Augustus 1905 (p.376) verskyn het, is van hom gesê dat God wel die werksman begrawe, maar sy werk laat voortlewe "Stefanus Hofmeyr is ons het bewijs van wat de beschaafde Afrikaner, uit de beste kringen in de sameleving zijn kan, wanneer Gods Geest bezit neemt van de persoonlijkheid:en haar tot Zijn voertuig gebruikt."

### *2.9 Ds.J.R.Albertijn (1847-1920)*

Ds.Johannes Rudolph Albertijn is op Paarl gebore. Hy was die seun van die bekende ds.P.K. Albertijn wat saam met ds.G.W.A. van der Lingen in die gemeente gearbei het. Hy ontvang sy skoolopleiding aan die Gimnasium in die Paarl en selfs met sy vader se verhuising na Caledon gaan hy voort met sy skoolopleiding te Paarl. Aldaar kom hy tot bekering en deel ook in 1861 in die groot herlewing in die Paarl. Hierdie gebeure het so 'n sterk indruk op sy kindergemoed gemaak, dat hy in 1911 tydens die vyftigjarige feesvieringe nog die gebeure helder in herinnering kon roep (Meiring in Albertijn 1922:1)

#### *2.9.1 Sy bekering*

As kind was hy baie bekommerd oor sy verlore toestand en het hy dikwels drome oor die hel gehad. Toe hy tot bekering kom, vertel hy die nuus aan sy vader en versoek hom om dit nie aan sy moeder mee te deel nie. Uit mensevrees was hy versigtig om nie te gou vir ander te vertel van sy bekering nie, omdat dit so dikwels gebeur dat bekeerdes weer terugval (Meiring in Albertijn 1922: 1,2). Van jongs af het hy ook 'n begeerte uitgespreek om predikant te word. Ná sy opleiding as predikant het 'n sekere "Tante Käler" haar oor hom ontferm en deur haar persoonlikheid en gebede 'n sterk invloed op hom uitgeoefen (:2).

#### *2.9.2 Sy bediening*

Na afloop van sy teologiese studies aan Stellenbosch, word hy in Februarie 1872 bevestig in sy eerste gemeente, naamlik die St.Stephens-gemeente, Kaapstad. Ds.Andrew Murray het die bevestigingsrede gevoer. Ds.Neethling se intreeboodskap het gehandel oor Luk.5:5: "Op u woord sal ek die net laat sak". "Hierdie boodskap was tekenend van sy hele evangeliebediening" (Gerdener in *Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1874 verhuis hy na Middelburg, K.P. en in 1880-81 reis hy saam met sy swaer, prof.N.J.Hofmeyr, na Europa en Amerika. Die dienste wat deur D.L.Moody gehou is tydens die konferensie ter verdieping van die geestelike lewe te Northfield, Noord-Amerika, maak so 'n groot indruk op hom, dat hy dit ook in Suid-Afrika toepas. Hy reël 'n predikantekonferensie te Middelburg in 1882. Uit alle oorde het die 31 predikante vanaf 13 tot 19 April byeengekom. Meer as een predikant "heeft daar het geheim geleerd van de Heere Jezus door het geloof aan te doen als de kracht tot het overwinnend leven" (Meiring in Albertijn 1922:3). Gerdener (*Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139) gebruik die volgende aanhaling: "om met elkander te onderhandelen over de dingen die het koninkrijk Gods aangaan, en biddend op den Doop des Geestes te wachten."

Hy het ook dikwels gemeentekonferensies in Middelburg gehou wat gedien het "tot speciale arbeid ter inzameling van zielen" (Meiring in Albertijn 1922:3). Hy het 'n afkeur gehad in die benaming "spesiale dienste" (:3). Hy meen dat die begrippe "spesiale dienste" en "aftermeetings" nog onbekend was en verkies daarom die term "konferensie" (:61).

Sy begeerte om spesiale evangelisasie-arbeid te verrig was afkomstig uit Hanover waar sy swaer, ds.Arend Hofmeyr, in die bediening gestaan het. Op 'n tydstip toe ds. Andrew Murray aldaar besig was met dienste, het hy verneem van die jong predikant van Middelburg se sielelas. Ds. Murray het sy hand op Albertijn geplaas met die woorde: "U is, lieve broeder, van de Heer geroepen om dit werk van biezondere prediking te doen" (Meiring in Albertijn 1922:4). Ander faktore wat meegehelp het tot die evangelisasieywer, was die lees van die boekie "*Bringing in the Sheaves*" deur Rev. Earle. Ook die reaksie op die prediking van di.J.H.du Plessis van Cradock (vader van prof. J.du Plessis) en G.W.Stegmann van Adelaide tydens 'n gemeentekonferensie in Middelburg, het hom verder gemotiveer tot sielearbeid (:5).

### *2.9.3 Herlewing*

Vir 9 jaar het hy met vrug in die Karoodorp gearbei en al meer as opwekkingsprediker opgang gemaak (Gerdener in *Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139). In 1883 volg hy prof.P.J.G de Vos op in Riversdal en 'n herlewing vind plaas kort ná sy aankoms. In die buitewyke word gebedsgroepies gevorm en kragdadige bekerings vind plaas (Meiring in Albertijn 1922:5). Hierdie herlewing het met "tussenruimtes" tot in 1887 geduur. "Die roeping wat die jong leraar van sy jeug af gevoel het om naamlik met bekommerdes om te gaan en aan hulle die weg van die saligheid voor te stel, het in hierdie tyd sy hele bediening heerlik gemaak" (Gerdener in *Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139). Die herlewing wat in die gemeente Riversdal plaasgevind het, was volgens Geredener een van die treffendste en mees geseëndes wat hy ooit in die geskiedenis van enige gemeente van die Ned.Geref.Kerk teëgekom het (:1139).

Twee gemeente-afstigtings het in hierdie tyd plaasgevind, naamlik Albertina (vernoem na ds.Albertijn) en Van Wijksdorp (Meiring in Albertijn 1922::6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deur die toedoen van ds.Andrew Murray verbreed sy belangstelling in sendingwerk en hy word gekies as lid van die Algemene Sendingkommissie. Sy gesprekke, prediking, asook bereidwilligheid om een van sy kinders aan die Nyasa-sending af te staan, weerspieël sy ywer vir die uitbreiding van God se koninkryk (Meiring in Albertijn 1922:8,9).

*2.9.4 Die dieper geestelike lewe*

Gedurende sy bediening te Wellington was hy direk betokke by die "*Keswick Conventions*" ter verdieping van die geestelike lewe. Geleidelik begin hy hom hiervan distansieer, deels oor die optrede van persone sonder behoorlike teologiese opleiding tydens hierdie byeenkomste. "De nuchtere Kalvinist kwam nogeens bij hem hier boven" (Meiring in Albertijn 1922:9) Hy gee sy besware weer in "*Het Gereformeerde Maandblad*".

Hy was besorg oor sy geestelike toestand vanweë die "overgeblevene bedorvenheid, die strijd voer tegen de wet zijn gemoeds, en hem bij wijlen gevange neemt, onder de wet der zonde, die in zijn leden is..." (Albertijn 1922:46). Hy het gewonder waarom die Here nie op die dag van 'n mens se bekering die sonde met wortel en tak uitroei sodat hy daarna kan sê:" Ek kan nie sondig nie" (:46,47).

Volgens ds.Albertijn het 'n groot behoefte plaaslik bestaan na so 'n ondervinding, maar hy erken dat talle mense wat sodanige ondervinding deelagtig geword het, weer na die oorspronklike geestelike toestand teruggeval het. Sy beswaar was dat die klem geplaas is op dit wat die mens moes doen, terwyl uit die oog verloor word dat alles van God afhang. Hierdie hoë mate van heiligheid wat deur een oomblik verkry kon word, meen Albertijn, was misleidend en tot mislukking en teleurstelling gedoem (Albertijn 1922:49).

Albertijn stel dit tog duidelik dat hy dit nie teen die saak as sodanig het nie, maar die metode waarvolgens dit geskied het, het hom nie aangestaan nie. Hy verwys na twee leke-predikers van die "Holiness Movement" wat as sprekers op die konferensies opgetree het. Die een wat betreklik jonk was, het, volgens die meer geestelik volwasse gelowiges, die gevaar gestaan om in 'n strik van selfverheffing te val. Die persoon het na die gehoor verwys as "you low-level Christians", terwyl die verwysing na sy eie lewe sou grens aan perfeksionisme (:50). Die ander persoon het, volgens Albertijn (1922:50) 'n kragtige boodskap gehad en 'n onberispelike lewe gelei, maar in antwoord op Albertijn se opmerking dat die mens altyd in 'n onvolmaakte staat sal bly, was sy antwoord: "I can't help it, but God has eradicated sin from me."

Ds.Albertijn (1922:51) meen dat dit die enigste persone was wat hy in sy ganse lewe ontmoet het wat daarop aanspraak kon maak dat hulle "sondeloos" lewe, maar sy beswaar was dat hulle voorbeeld nie tot die einde nagestreef kon word nie.

*2.9.5 Saam met die krygsgevangenes*

Ná die slag van Modderrivier, tydens die Anglo Boereoorlog, is generaal Piet Cronjé en sy manskappe gevange geneem. Ds.Albertijn se Christelike gemoed en volksliefde noop hom om die gevangenes na St.Helena te vergesel. Ná twee maande van geestelike bearbeiding, word sy diens aldaar beëindig deur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die koms van 'n voltydse kapelaan, ds.Winter. Hy en sy vrou word egter spoedig daarna gevange geneem en verban na die eiland Bermuda. Op reis daarheen staan hy sy plek vol as geestelike bearbeider en maak 'n diep indruk op die gevangenes se lewens. Verspreid oor vyf eilande moes die 5 000 krygsgevangenes bearbei word. Met haar kinders wat in Suid-Afrika moes agterbly, besluit mev. Albertijn om op haar beurt die kinders op die eiland te versorg. Ná agt maande keer hulle na Suid-Afrika terug (Meiring in Albertijn 192211,12). Ná 'n uiters suksesvolle bediening tree hy in 1910 af.

*2.9.6 Sy prediking*

Sy voorbereiding was vir ds.Albertijn 'n saak van groot erns, waaraan getroue studie en gebed gewy is. Hy is beskou as 'n versigtige eksegeet en het nooit 'n "spyker" gebruik om sy preke aan te "hang" nie (Meiring in Albertijn 1922:15). Hy het hom altyd vergewis van die oorspronklike betekenis van die bepaalde teks. Sy preke is netjies uitgeskryf en was baie goed geformuleer. "Was de preek geschreven, zo werd die gebedvol nagelezen in de eenzaamheid, totdat de volle boodschap in hem leefde, die dan vrij, naardat de Geest de woorden gaf, aan de gemeente uitgesproken werd" (:15). Anders as sy vader wat 'n vurige prediker was, het hy op bedaarde en plegtige toon gepraat. Sy preke was vir hom van soveel erns dat hy nie veel aandag aan die preekstyl gegee het nie. "Zijn prediking was getuigenis. Er was grote natuurlikheid in zijn voordracht, zodat er geen storend element tussen hoorder en prediker zich indrong" (:15).

Hy was 'n evangelis by uitnemendheid; 'n uitgesoekte wegwyser op die weg van saligheid na die kruis en na die volheid in die verrese Heiland. Naas dr.Andrew Murray is hy waarskynlik die meeste van al die predikante van die Ned.Geref. Kerk deur die Here gebruik vir die bekering van onbekeerdes (Meiring in Albertijn 1922:16). Hy het groot waarde geheg aan die werking van die Heilige Gees by die bekering van mense en wantrou enige menslike inmenging wat veral tydens spesiale dienste voorgekom het (Meiring in Albertijn 1922:16). Hy het gewaak teen oppervlakkige gemoedelikheid. Sy prediking was by uitstek Calvinisties (:17). Hy het nooit daarna gestreef om as "kerkelik voorman" op te tree nie. Tydens kerklike vergaderings is sy insette gerespekteer. Hy was eerder 'n prediker as een wat hom met diskussies en debatte wou bemoei (:17).

Kort voor sy dood skryf hy oor *"The Regrets van mijn Leven"* waarin hy, aan die hand van Paulus se doring in die vlees, baie eerlik sê wat die doring in sy vlees was: "Die doorn en die engel zijn in mij geval de zondige en bedorvene geaardheid, die na de wedergeboorte overblijft, - ik zeg niet de *onoverwonnene* en *heersende* zonde, maar de nog overblijvende zondige bedorvenheid" (Meiring in Albertijn 1922:20). Hierdie diepe sondegevoel het daartoe gelei dat hy ootmoedig en nederig was, te midde van die feit dat hy so 'n gewilde en beminde prediker was. Hy beskou die doring in die vlees as middel wat die Here gebruik om hom nederig te hou. Hy was ook belas met bedruktheid en swaarmoedigheid asook met 'n oorgevoeligheid. "Hij bracht dat alles in schuldbelijdenis voor zijn Heer..." (:21)

Ds.Albertijn is ook geken aan sy besondere gebedslewe. Hy het meestal hardop gebid - vir sy gemeente, bure, kinders en kleinkinders waarvoor hy so lief was. Hierdie liefde en teerheid is uitgestraal in sy huis

en saam met sy vrou, wat as vriendin hom ten volle ondersteun het, is daarna gestreef om die huis vir hulle kinders die wonderlikste plek op aarde te maak (Meiring in Albertijn 1922:21).

As deel van sy sielearbeid het hy ook gereelde gemeentekonferensies gereël. Hy het veral gebruik gemaak van di.J.H.du Plessis en G.W.Stegman om as sprekers op te tree. Talle mense het tydens hierdie konferensies tot inkeer gekom (Albertijn 1922:61,62).

Hy sterf op 17 Junie 1920. Reeds voor sy dood het hy die versoek gerig dat geen lofrede oor hom gevoer moes word nie. "Lees uit Gods Woord wat de Heer over de dood en de zaligheid des hemels zegt" (Meiring in Albertijn 1922:22).

### *2.10 Dr.H.S.Bosman (1848-1933)*

Op dr.H.S.Bosman se begrafnis het iemand gesê: "Wat Andrew Murray vir die Kerk in die Kaap was, was Manus Bosman vir sy Kerk in Transvaal" (Gerdener in *Die Kerkbode* 10 Julie 1946:57). Nie alleen het hy 'n belangrike rol gespeel in die stryd oor Afrikaans op skole nie, maar ook in die kerkverniging in Transvaal. Vir die nut van hierdie studie word die aandag veral gevestig op sy geestelike ondervindings asook die stabiliseringsinvloed wat hy op geestelike gebied op die Kerk uitgeoefen het..

#### *2.10.1 Vroeë lewe en bekering*

Hermanus Stephanus Bosman is op 23 Junie 1848 gebore op die plaas Sterkfontein, in die distrik Victoria-Wes. In 1852 verhuis die gesin na Potchefstroom, voormalige hoofstad van die Zuid-Afrikaanse Republiek.

Sy skoolopleiding het hy ontvang by 'n Nederlander, Hendrik van der Lingen. Daarna word hy 'n winkelklerk. As veertienjarige seun ontmoet hy vir ds.Andrew Murray, wat op daardie stadium saam met 'n geselskap Potchefstroom aangedoen het op pad na die sendingveld. Ds.Murray sien die jong Bosman se leergierigheid en talent raak en sien in hom 'n groot potensiaal vir die Kerk. Dit was die begin van 'n lewenslange verbintenis met hierdie groot Godsman.

Ds. Murray het 'n begeerte uitgespreek dat meer jongmanne opgelei sou word as evangeliedienaars. Manus was een van die eerstes wat gereageer het op dié uitnodiging. Drie dae ná hul vertrek uit Potchefstroom, op 21 Junie 1862, hou ds.Murray die aand naby Kroonstad huisgodsdiens. Die woorde wat daardie aand gebesig is, het 'n diep indruk op die jong gemoed van Bosman gemaak. "Mijn hart was geroerd door zijn ernstig woord en zijn vriendelijke behandeling van zijn 'Vaalpensie, achter 'n bosch opgetilt,' zooals hij later dikwijls glimlaggend van mij sprak" (*De Volkstem* aangehaal in *De Kerkbode* 22 Augustus 1918).

Die volgende dag, terwyl 'n paar manne van die geselskap na die perde gaan soek het, en die ander met hul Sakbybeltjies na 'n bos is om te lees en te bid, het Manus ook hom afgesonder en erns gemaak met die woorde wat so 'n diep indruk op hom gemaak het. Daardie oggend het die handelswyse van die dominee en sy ouderling hom diep getref. In 'n sonnige hoekie van 'n ou kraal het ook hy die eensaamheid opgesoek en vir die eerste maal in sy lewe in sy eie woorde gebid. Nadat hy deur gebed van sy las ontslae geraak het, het 'n ware verligting sy deel geword. Hy het op daardie oomblik die

versekering gekry dat hy 'n kind van God was en dit vir altyd sou bly. Die kraal, so betuig hy self, het vir hom 'n hemel op aarde geword (*Die Kerkbode* 10 Julie 1946;58).

*2.10.2 Sy opleiding*

Ná sy opleiding te Worcester, behaal hy die B.A.-graad aan die S.A.Kollege. In 1869 lê hy sy admissie-eksamen af en op versoek van prof. Murray doseer hy aan die Gimnasium in Stellenbosch (*Die Kerkbode* 10 Julie 1946:58). Nadat hy aan die Kweekskool gestudeer het, vertrek hy na Skotland en Holland vir verdere studies.

Die gemeente in Pretoria was vir vyf jaar vakant, voordat hy daarheen beroep is, téén die raad van sommige kerkleiers. "Hy het gegaan om 'n halwe eeu daar te bly, geskiedenis te maak en uiteindelik sewe jaar na sy ontslag aldaar tot hoër diens geroep te word in 1933" (Gerdener in *Die Kerkbode* 10 Julie 1946:58).

Dr.Bosman het in sy prediking heelwat klem gelê op die noodsaaklikheid van die wedergeboorte. Tydens die openingsrede van die Sinode op 6 Junie 1906 het hy sy besorgdheid uitgespreek oor die koue geestelike klimaat wat in die Kerk geheers het. Hy verwys na die yskoue dooie ortodoksie, waarin die eerste liefde verlaat is en waar die Kerk gevaar loop dat die kandelaar van sy plek verwyder sou word.. "Er is, helaas, een rechtzinnigheid van het hooft, zonder die wedergeboorte des harten, en dit is de grootste aller kwalen!" (Du Toit 1979:216). Hy het ook gedurig gewaak dat vreemde leerstellings nie die Kerk binnesluip nie.

Bosman het veral in sy leerredes te velde getrek teen die beskuldigings wat gerig is oor die vermeende Metodistiese praktyke wat die Kerk kwansuis sou beoefen. In 'n latere hoofstuk word meer aandag hieraan gewy.

***2.11 Ds.G.D.du Toit (1886-1961)***

Een van die persone wat in die vroeë jare van hierdie eeu 'n vername rol gespeel het in die geestelike ontwikkeling onder lidmate van veral die Ned.Geref. Kerk, was ds. G.D.du Toit.

Hy het nie alleen bekendheid verwerf as spesiale prediker nie, maar het ook heelwat geskrewe werke nagelaat en talle artikels vir "*Die Kerkbode* " geskryf. In een van sy boeke, getiteld: "*Gods weg van verlossing*" waarin boodskappe vervat is wat hy tydens spesiale dienste tussen 1937 en 1948 gebring het, is sy persoonlike getuienis ook neergepen.

*2.11.1 Persoonlike getuienis*

Hy vertel dat die vervulling van sy ideaal om die evangelie te verkondig voorafgegaan is deur 'n tydperk in die onderwys te Lindley en Vredefort. Met sy verblyf op Vredefort het die drang om die evangelie te verkondig baie sterker geword. Aan die einde van 1909 het hy besluit om die daaropvolgende jaar na Stellenbosch te gaan vir sy kweekskoolopleiding.

Vanaf 1916-1924 het hy die gemeente op Swellendam bedien waarna hy 'n beroep na Murraysburg aangeneem het. Hy beskryf sy verhuising na Murraysburg as 'n besondere mylpaal in sy geestelike lewe:

"Ek moes na Murraysburg gaan om daar 'n geestelike operasie te ondergaan wat 'n geweldige keerpunt sou bring in my lewe...Ek het nooit besef dat ek so 'n operasie nodig gehad het nie. Van so iets het ek toe ook nooit gehoor nie" (Du Toit :12).

Hy vertel dat hy verneem het van geseënde werk wat twee dames op Richmond gehou het. Op aanbeveling van die leraar op Richmond, ds.H.J.L.du Toit, nooi hy die dames na Murraysburg. Hoewel die boodskappe vir ds.Du Toit nie iets nuuts ingehou het nie, het hulle lewe, veral dié van mej. Marjorie Lucas[3] tot hom gespreek.

Hy getuig soos volg: "Marjorie se lewe was vol van die Here Jesus, tot oorlopens toe vol. Die lieflike karaktertrekke van die Here Jesus het uitgestraal uit haar lewe. Sy het vir my 'n lewe getoon wat ek nie by ondervinding geken het nie" (Du Toit: 13).

Na die analogie van die volk se trek vanuit Egipte deur die woestyn tot in die land Kanaän, maak hy die volgende opmerking; "En ek? Deur die Rooi See deur die bloed van die Lam! Gered, ja! Maar in die woestyn van 'n gebrekkige, sukkelende lewe" (Du Toit:13).

Hy deel sy ondervinding van 'n beswaarde gemoed met die lesers en erken dat hy nie in staat was om te preek, vir krankes te bid en hulle te bemoedig nie omdat hy self "geestelik krank" was. Hierdie worsteling het agt dae lank geduur "en toe, een na-middag om 3-uur - die datum het ek nie aangeteken nie- terwyl ek in my studeerkamer op my knieë was, het die keerpunt gekom (Du Toit:14). Op daardie dag het hy met die Here 'n ontmoeting gehad. "Die Heilige Gees wat reeds in die tempel was, het voller besit geneem daarvan"(:14). "Wat 'n omkeer het hierdie krisis in my lewe gebring! My Bybel het vir my nuut geword. Gebed het vir my 'n nuwe betekenis gekry. Die kansel het vir my die dierbaarste plek op aarde geword, want my hart was vol van waarhede wat vir my duidelik geword het in Gods Woord" (:15).

Omdat hy homself nog as 'n geestelike swakkeling beskou het, het die boeke van dr. Andrew Murray en prof.Nicolaas Hofmeyr vir hom baie beteken. Die boeke van dr.Andrew Murray was vroeër vir hom “droog en onverstaanbaar”. Daarna was dit vir hom “soet en het hulle in my sielsbehoefte voorsien" (Du Toit:16).

Onder die opskrif "Derde keerpunt" beskryf hy sy innerlike stryd ná etlike jare in dieselfde gemeente met die besef dat 'n verandering noodsaaklik was. Hy het nie geweet waarheen nie, totdat die sinode van Oktober 1936 besluit het om hom as spesiale evangelieprediker aan te stel. Die besluit om die pos te aanvaar het gepaard gegaan met 'n lang worstelstryd, maar nadat hy en sy eggenote die prys bereken het, het hy ingewillig. Te midde van 'n groot werklas en ná 'n besoek aan 135 gemeentes, sê hy dat hy daardie tydperk in sy bediening vir niks in die wêreld sou wou verruil nie.

Te midde van groot seën wat hy met sy bediening ondervind, het sy liggaamskragte begin afneem. Hy het besef dat hy genoodsaak sou wees om drie jaar voor sy beoogde emeritaat af te tree. Een saak wat

[3] Mej.Marjorie Lucas was die eerste pelgrim van die Afrika Evangeliese bond (A.E.B.) in Suid-Afrika

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hom egter gedryf het om met sy bediening voort te gaan, was die geestelike toestand van die Kerk. Gedurende sy arbeid as spesiale evangelieprediker het sy oë oopgegaan vir die ontsettende geestelike nood van Gods kinders. Die peil van die geestelike lewe was laag en selftevredenheid was aan die orde van die dag. Innerlik het dit egter ontbreek aan geestelike krag. Hy verwys na dr.Andrew Murray se uitdrukking dat die Kerk tot 'n groot mate geestelik krank geword het. Hy besef dat die nood onder lidmate 'n gebrek aan kennis van Gods Woord is. Daar was ook 'n gebrekkige kennis van die diepere waarhede van die geloofslewe. Hy was oortuig dat die kinders van die Here meer vaste spyse moet kry en die evangeliedienaars moet dit vir hulle gee. "En as ons dit nie kan gee nie omdat ons self nog met melk gevoed word, nie met vaste spyse nie, moet daar 'n kragtige verandering in ons eie geestelike lewe plaasvind" (Du Toit :20-21).

Sy liggaamlike krag het totaal ontoereikend geword nadat dit in 1947 ingegee het, maar ná 'n duidelike leiding van die Here besluit hy om voortaan sy kragte te wy aan Bybelstudie en 'n vers-vir-vers-Skrifverklaring vir die leek. Hierdie keuse beskou hy as 'n vierde keerpunt in sy lewe.

In sy geskrifte het hy veral klem gelê op die noodsaaklikheid van 'n besliste bekering in die mens se lewe en daarna 'n ondervinding van heiligmaking wat met 'n definitiewe krisisondervinding gepaard moes gaan.

### *2.11.2 Ds.Du Toit as Spesiale Evageliepredike r*

In Oktober 1936 stel die sinode vir ds.Du Toit aan as spesiale evangelieprediker. Van tyd tot tyd verskyn berigte in *Die Kerkbode* oor dienste wat hy hou. Uiteraard is daar nie van al die dienste verslag gedoen nie, maar van die enkeles wat wel verskyn het, is dit duidelik dat hy geseënde werk in gemeentes gedoen het.

### *2.11.3 Geskrifte van ds.Du Toit*

Soos duidelik blyk uit bostaande, was ds.Du Toit 'n man wat nie op hom laat wag het om oor wedergeboorte en veral oor heiligmaking te skryf nie. Van die artikels wat in *Die Kerkbode* verskyn het, is gepubliseer. Boeke waarvoor hy bekendheid verwerf het, is onder andere: *Die Brief aan die Hebreërs, deel I en II; Die Brief aan die Efesiërs; Ons geestelike groei; Die Heilige Gees in die gelowige; Vrygemaak van die sonde; Die gelowige in Christus; Jesus op die troon; Die werk van die Heilige Gees in die Gelowige; Die Leer van die "Second Blessing" getoets aan die Skrif"* en andere.

## *2.12 Prof.J.C.G.Kotzé (1901-1979)*

Jacobus Cornelius Gideon Kotzé is op 8 Augustus 1901 in die distrik Calvinia gebore. Die geboorte het onder haglike omstandighede plaasgevind. Terwyl sy moeder ernstig siek was, het sy vader, wat as krygsgevangene in die tronk op Calvinia was, tot die Here gebid dat "as Hy sy seun vir die evangeliebediening sou roep, hy as vader sy deeltjie sal doen om hom predikant te laat word " (*Die Kerkbode* 31 Desember 1969:946).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy slaag matriek aan die Paul Roos Jongenshoërskool en begin in 1922 met sy B.A.-studies aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy verwerf die graad in 1924 waarna hy sy kweekskoolopleiding ondergaan.

*2.12.1 Sy bekering*

'n Hoogtepunt van sy lewe was sy "persoonlike ondervinding" wat ná 'n aanddiens plaasgevind het. Daardie aand sou hy in sy kamer tot volkome sekerheid kom van sy verlossing en bevryding in Christus (Redelinghuys 1983:25). Oor hierdie ondervinding skryf ds.Kotzé self: "Daardie aand is vandag nog onvergeetlik. Dit was asof ek in 'n malende meul van sondebesef was....in daardie smart het ek my vir die eerste keer in my lewe as 'n verlore sondaar ontdek. Voorheen was ek nog altyd te goed en godsdienstig om verlore te wees....Vir die eerste maal in my lewe het die lig van die ewigheid waarlik in my siel geskyn. salig was die rus waarin my siel daardie nag weggesink het. Alles het anders geword (Kotzé 1935:33).

*2.12.2 Sy "dieperlewe-ondervinding"*

Van die eerste geskrifte van hom wat verskyn het, is die bekendste "*Terug na Pinkster*". Hy skryf hierdie boek tydens sy bediening op Charl Cilliers. In hierdie boek skets hy die toestand van die kerk en die noodsaaklikheid aan 'n terugkeer tot God. Daarin deel hy met die leser sy persoonlike ondervinding van die vervulling met die Heilige Gees. Hy maak melding van sy kragtelose bediening. Tydens 'n Strewerskonferensie preek hy oor die "dieper lewe". Terwyl hy besig was om 'n boodskap te lewer oor die "oorwinningslewe van die kristen", erken hy voor die gemeente dat hy nie so 'n ondervinding besit nie. "Hierdie openhartige getuienis het diep ingeslaan beide by kerkraad en gemeente" (Kotzé 1935:35).

Op aanbeveling van die kerkraad, maar teen sy sin, nooi hy 'n medebroeder[4] om die Nagmaalsgeleentheid in die gemeente waar te neem. Ds.Kotzé se huiwering het voortgespruit uit verskille met die betrokke broeder "oor die diepere geestelike lewe" (Kotzé 1935:35).

Die reaksie van die gemeente op die prediking van die besoekende predikant het aanvanklik gelei tot 'n afgunstigheid by ds.Kotzé, maar hy was later genoodsaak om self hom voor die Here te verootmoedig. "Na die diens het ek soos 'n dief weggesluip reguit na my studeerkamer...hier was die grond vir my te heilig om in woorde te herhaal. Dit was asof die Heilige Gees deur my vuil hart geskyn het" (Kotzé 1935:36). Hy het 'n kragtige ontmoeting met die Here gehad en die volgende oggend by die vroeë biduur het hy aan sy gemeente alles vertel - en sonder uitsondering was daar diepe ontroeringe in harte. "Die lieflike seëninge en herlewing wat daarop gevolg het, het daardie more begin" (:37).

In sy volgende gemeente, naamlik Roodepoort, beleef die gemeente onder andere 'n geseënde Pinkstertyd. Die kerk was elke aand stampvol en stoele moes ingedra word. "Elke aand het bekommerde siele agtergebly om geestelike hulp te ontvang" (*Die Kerkbode* 4 April 1937:199). Dit het

---

[4] Ds. Kotzé , versterk nie die naam van die betrokke predikant nie, maar in *Die Kerkbode* van 31 Desember 1969 (p.947) word die naam van ds.C.F.Scheepers genoem.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in hierdie gemeente so goed gegaan, dat die kerkgebou met sy afskeidsboodskap te klein was en die stadsaal moes vir hierdie doel gebruik word.

### *2.12.3 Sy bediening*

Ná sy bediening op Charl Cilliers arbei hy vanaf 1936 in Roodepoort voordat hy as eerste spesiale evangelieprediker van die Transvaalse Kerk beroep word. Nadat hy hierdie taak suksesvol voltooi het, arbei hy in die Bosmanstraat-gemeente in Pretoria, waarna hy vanaf 1946 tot 1948 na Princeton, V.S.A. gaan vir verdere studie. Met sy terugkeer word hy benoem as Sekretaris van Evangelisasie vir die Kaapprovinsie. Voordat hy in 1959 as professor aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel word, bedien hy ook die gemeente van Woodstock. Met sy aanstelling aan die Kweekskool te Stellenbosch, het die Here "sy dinamiese persoonlikheid gebruik om seshonderd sewe en dertig jong manne te beïnvloed en 'n onuitwisbare stempel op hulle af te druk" (*Die Kerkbode* 31 Desember 1969:947,8).

Van der Watt (1987:192) is van mening dat onder al die bekende, talentvolle en geseënde predikante van die Ned.Geref. Kerk wat as spesiale evangeliepredikers opgetree het, hierdie besondere man altyd onthou sal word. "Sy passie vir die sieleheil van mense, sy ongekende geesdrif en geweldige werksvermoë het sy godvrugtige lewe versier...Benewens die deeglike voorbereidingswerk tydens elke besoek aan gemeentes, is uitnodigings tot persoonlike geestelike gesprekke herhaaldelik vanaf die kansel gehoor, terwyl tydens opwekkingsdienste dikwels aangedring is op geloofsbeslissings en oorgawes aan God" (:192).

Sy biograaf beskou hom as een van die mees begaafde predikers wat die Ned.Geref.Kerk nog opgelewer het. "Oom Kolie was by uitstek 'n evangelieprediker en honderde mense dwarsdeur Suid-Afrika het die Here gevind" (Kotzé 1981:46,47). "Naas Andrew Murray, N.J.Hofmeyr en andere was sy invloed as prediker en profeet miskien die grootste. Sy naam kan met reg geplaas word tussen dié van die Moody's, Graham's, Wesley's en ander" (:66).

Wat 'n mens opval van hierdie man, is die feit dat hy, ten spyte van sy besliste getuienis van wedergeboorte en ondervinding van heiligmaking, asook die onverskrokke prediking oor hierdie onderwerpe, altyd sy lojaliteit teenoor die Kerk en sy gereformeerde leer gehandhaaf het. Hy was deurgaans 'n kerkman en het deur sy geestelike invloed en intellektuele vermoë diep spore in die kerklike lewe getrap.

## *2.13 Ander prominente figure se ondervinding*

Bekeringsgenade is nie slegs die deel van predikante of voornemende predikante nie. Geskiedenis het bewys dat die Here mense tot bekering roep uit elke faset van die samelewing.

Om te wys hoe wyd die genade van God strek, word vervolgens kortliks aangestip hoe enkele ander bekende geskiedkundige figure, wat nie in die bediening gestaan het nie, tot bekering gekom het en hoe bekering of wedergeboorte vir hulle 'n saak ná aan die hart was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*2.13.1 Sarel Cilliers*

In 'n brief, gedateer 11 Januarie 1853, het hierdie merkwaardige man te kenne gegee dat hy sedert sy tiende jaar "soekende" was "....dat mijn ziele-Bruidegom naar mij zocht en Zijn hand op mij legde. Toen zag ik dat ik buiten Hem rampzalig was, en dat Hij de allerheilige was door wien mijn ziel kon behouden worden" (Gerdener 1919:127). Hy vertel ook van verskeie geleenthede waarby sy "ziele-Bruidegom" aan hom verskyn het.

Op twaalfjarige ouderdom was hy saam met ander kinders op die plaas "Wortelfontein" van Hans Lubbe. Terwyl hy in die skaduwee van 'n rots speel, word hy bewus dat God hom in "Zijn wijngaard" roep. Hy besef dat God as 'n Vader nie wil hê dat kinders verlore moet gaan nie. Sy gedagtes voer hom na 'n aardse vader wat net die beste vir sy kinders begeer. Met hierdie drang om vir die Here te gaan werk, neem hy ook die geleentheid te baat om die evangelie aan die ander kinders te bring. Die begeerte om voltyds in diens van die Here te wees, het nooit vervuld geraak nie, maar tog kon die Here hom op merkwaardige wyse op ander lewensterreine gebruik.

In die brief rig hy 'n ernstige vermaning aan predikante met die vraag of hulle ooit erns maak om seker te maak dat hulle lidmate waarlik weergebore is. Dit moet die leraar se eerste prioriteit wees. Hy noem dat hy gelees het van 'n gemeente met 'n sieletal van 5 000 waar die leraar tydens huisbesoek verneem het dat slegs 300 aan die ryk van Christus behoort (Gerdener 1919:130).

'n Interessante gebeurtenis word aan die leser deurgegee toe Cilliers en 'n mede-ouderling in afwesigheid van die predikant huisbesoek moes gaan doen. By die huis van 'n hooggeplaaste staatsamptenaar aangekom, weier die ouderling om in te gaan, want huisbesoek aan mense met so 'n hoë posisie is net vir die predikant beskore. Dit was by die huis van die Goewerneur, H.Cloete, op daardie stadium spesiale Kommissaris.

Met 'n Godopgelegde taak stap Cilliers die huis binne en verduidelik die doel van hulle besoek. Hy gee aan die Goewerneur te kenne dat hulle nie daar is om oor allerhande sake te gesels nie, maar val met die deur in die huis deur te sê dat as hy nie wederom gebore is nie, hy nie die koninkryk van God sou sien nie en die ewigheid sal moet deurbring weg van die aangesig van God, saam met die laagste, die vuilste, die goddeloosste op aarde, saam met die skuim van die mensdom. "Als verstandig man kan u dus sien dat die groot vraag vir u is, 'Is ik wedergebore of nie'?" (Gerdener 1919:76).

Sarel Cilliers is deur die mense geëer as 'n voorbeeld vir baie. Hy was getrou in sy amp, getrou aan die leer van die Kerk, goed bekend met die Skrifte, diep godsvrugtig en oorgegee aan die Here. Dr.Andrew Murray, wat hom goed geken het, getuig van hom "as een man met wie ik veel omgang gehad heb en die ik zeer liefhad. Onder de vele vrome ouderlingen, uitstekende mannen, die ik gekend heb, staat hij bovenaan" (Gerdener 1919:82).

In sy boodskap op Dinsdag 16 Desember 1913 te Bloemfontein, noem dr.Andrew Murray dat liefde die hoogste vrug is van Dingaansdag. Hy vertel aan die skare dat hy vir Sarel Cilliers geken het as 'n man wat 'n sterk begeerte getoon het vir die bekering van die Zoeloes. Hy het ook getrou gearbei aan ander

swart stamme tot sy dood. "Hij had eene groote liefde voor den Heere Jezus; hij word veel geprezen om zijn moed en dapperheid, maar ook was de liefde een besliste kenmerk van zijn leven" (*De Kerkbode* 8 Januarie 1914:29).

In dieselfe asem vertel Murray dat hy tydens 'n besoek aan Soutpansberg by Piet du Preez, 'n vriend van Stefanus Hofmeyr, tuisgegaan het. Du Preez se vrou en drie van hul kinders is tydens 'n aanval deur die Zoeloes vermoor. Hy kom egter onder die bearbeiding van Hofmeyr tot bekering. Een aand in die maanlig het iemand gesien hoe Du Preez by 'n miershoop vir 'n swartman bid. Daarna het die swarte ook gebid. "Wat een bewijs dat de liefde uit Dingaansdag geboren werd (:29).

*2.13.2 Pres.Paul Kruger*

Primêre bronne ontbreek om met sekerheid vas te stel wat die presiese omstandighede rondom die bekering van pres.Kruger was.

Ds.W.H.B.Ebersohn vra aan lesers van *Die Kerkbode* (18 Februarie 1942:253) of iemand die verhaal waarvan hy kennis geneem het, kan bevestig. Die gebeure rondom pres.Kruger se bekering word weergegee deur oom Hansie Coetzee van Dullstroom wie se vader, vroeër van Hartebeesfontein, 'n groot vriend van Kruger was. Pres.Kruger het dikwels by die Coetzees tuisgegaan tussen 1868 en 1877.

Oom Hansie vertel dat Kruger by meer as een geleentheid die huisgodsdiens waargeneem het en dan daarna oor godsdienstige sake gepraat het. Hy het gepraat van sy bekering, maar nie veel daaroor gesê nie. Op 'n later stadium het oom Hansie by 'n broer van pres.Kruger die gebeurtenis verneem. Dit was in die omgewing van Steelpoort waar Kruger in 'n poging om 'n renoster te skiet, in 'n fratsongeluk byna sy hand verloor het. Terwyl hy telkemale in 'n bewustelose staat verkeer het, het hy aan die Here 'n gelofte gedoen dat as sy hand behou word, hy hom aan die Here sou toewy.

Hy het die gelofte vergeet en 'n jaar later het hy die vraag gevra: "Hoe is my lewe en wandel?" Dit was die begin van dae se sielestryd. Hy moes dag en nag opgepas word en op 'n sekere moment het hy verdwyn. Op die negende dag is hy gevind deur mnr.Johannes Theunissen wat iemand hoor sing het. Op die Magaliesberg tussen Rustenburg en Olifantsnek het Theunissen vir Kruger ontdek "die stryd pas oorwin" (:253). Hy was in 'n uiters verswakte toestand. Wat hy gesing het, was nie bekend nie, "maar dit was die danklied van die pas behaalde oorwinning" (:253). Van hierdie 21 ste jaar af, was hy 'n godvrugtige en toegewyde man. Op 'n later stadium was hy weer op die berg, maar om leiding te soek vir 'n besluit.

Aangesien ds.Ebersohn getwyfel het oor die outentieke waarde van die vertelling, wou hy graag bevestiging ontvang. Dit het hy gekry in 'n antwoord van eerw.A.A.Odendaal wat 'n soortgelyke vertelling gelees het in die boek van dr.Manfred Nathan oor "*Paul Kruger, His Life and Times*" (*Die Kerkbode* 1 April 1942:482). Daar was wel ooreenkomste tussen die twee bronne, maar ook verskille. Laasgenoemde outeur verwys na 'n driedaagse stryd, in 1857 toe hy 32 jaar oud was, teenoor die stryd van agt dae as jongman van 21 jaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nathan skryf dat Kruger se lewe voor sy bekering nie veèl te wense oorgelaat het nie. Hy vertel wel van 'n sielestryd waarin hy gewikkeld was en hoe hy verdwyn het om later gevind te word met die lied van oorwinning duidelik hoorbaar. Daarna was hy 'n veranderde man en dit word beskou as die keerpunt in sy lewe (*Die Kerkbode* 1 April 1942:483).

Hoewel heelwat kritiek uitgespreek kan word oor die gebrek aan oorspronklike bronnemateriaal, is die twee verhale eens dat daar wel 'n keerpunt in sy lewe was. Weens Kruger se sogenaamde "Dopperse" agtergrond, is hy moontlik verbied om met sy godsdiens te koop te loop en daarom ontbreek genoegsame getuienis van hierdie persoonlike ondervinding.

In 'n brief aan sy kinders, skryf ds. Murray dat Paul Kruger gesê het dat, nadat die Here aan hom 'n nuwe hart gegee het, dit vir hom was asof hy aan elkeen van die liefde van Jesus wou vertel. Hy het gewens dat die voëls en die bome en alle dinge hom sou help om die Heiland te loof; en daarom kon hy die gedagte nie verdra dat daar swart mense sou wees wat nie dieselfde Heiland ken en liefhet as wat hy liefhet nie (Du Plessis 1920:214).

In die vroeë jare was al die mense nie geleerd nie, maar baie is deur God geroep vir 'n besondere taak. Gerdener (1919:10) stel dit treffend: "...manne uit één stuk, manne van één Boek, manne gehard in die strijd van die lewe, manne gekweek in die skool van God."

### *2.14 Interpretasie en beoordeling*

In hierdie hoofstuk is breedvoerig gekyk na enkele uitstaande figure wat tussen 1850 en 1950 'n onuitwisbare invloed op talle lewens gehad het.. Name soos J H.Neethling, J.D.Kestell, J.I.Marais, P.J.G de Vos, Charles Murray, P.K.Albertijn,W.A.Krige, G.B.A.Gerdener, Jac van der Merwe, Koos van der Merwe, B.J.K.Anderssen, H.D.A.du Toit, J.P.Liebenberg, eerw. Danie Odendaal en talle ander, selfs predikantvrouens en andere kon by hierdie lys gevoeg word. Dit was mense wat in hierdie tydvak die noodsaaklikheid van 'n persoonlike bekering op die hart gedra het, teenoor soveel wat nie die erns daarvan besef het nie en daarby volstaan het dat as iemand sou sê dat hy bekeerd is, is dit as 'n verwaande uitspraak beskou. Die getuienisse van bogenoemde persone bevestig die gedagte dat daar wel so iets as 'n definitiewe bekering kan wees.

Tekenend van die getuienisse van hierdie persone is die diepe ongelukkigheid wat geheers het oor hulle geestelike toestand. Daar was 'n intense soeke na vrede en rus. Tesame met hierdie soeke was daar ook 'n sondeoortuiging, gewerk deur die Heilige Gees. Hierdie soeke was nie tevergeefs nie, want dit het uitgeloop op 'n moment waarin hulle tot die lig gekom het. Die *sekerheid* van so 'n ondervinding was gewis.

'n Ander eienskap wat in meer as een se lewe opval, is die tevergeefse pogings wat aangewend is om tot hierdie rus te kom. Niks daarvan kon die plek inneem van die ware versekering wat deur die Heilige Gees bewerk is ná die bekeringsmoment nie. Slegs 'n geloofsaanvaarding van die aangebode verlossing kon hierdie vrede skep.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enkele persone het die terme "bekering" en "wedergeboorte" afwisselend gebruik, soos in die geval van dr. Andrew Murray en Stephanus Hofmeyr wat albei na hulle "wedergeboorte" verwys het. Dit sien nie altyd op die dogmatiese onderskeid wat daardeur getref is nie. Klem word slegs geplaas op die besliste ondervinding wat elkeen se deel geword het, terwyl die terminologie nie van soveel belang was nie. Wat wel belangrik is, is dat daar geen sprake was van 'n onbewustelike daad wat plaasgevind het nie. Hoewel elkeen nie die definitiewe datum genoem het nie, is telkens verwys na 'n besliste ondervinding wat die keerpunt in hulle lewe was.

In meer as een se lewe was daar op 'n tydstip ná hul bekering 'n ongelukkigheid oor die toestand van hulle geestelike lewe. Daar was 'n begeerte na 'n dieper geestelike lewe. 'n Geestelike afkoeling het ingetree en 'n kragtelose en vrugtelose bediening was kenmerkend. Dat daar wel 'n lewe van oorwinning is, is deur meer as een ontdek. 'n Geesvervulde lewe was die geheim van 'n vrugbare bediening. Tog het die besef deurgeskemer dat so 'n lewe nie 'n lewe van perfeksionisme tot gevolg het nie. 'n Lewe van daaglikse gemeenskap met God was die geheim. Wat opval is die feit dat nie twee persone se ondervindings dieselfde was nie.

'n Verdere eienskap van hierdie persone is dat die ondervindings wat hulle deel geword het, nie net vir hulle alleen bedoel was nie. Hulle het 'n spontane begeerte getoon om die evangelie van verlossing ook aan andere oor te dra. Hierdie, en ander persone se ondervindings, was soos 'n vonk wat 'n groot veldbrand ontketen het. Die ewigheid sal eendag openbaar hoeveel mense in hierdie tydperk uit die duisternis tot die lig gekom het. Baie het die evangelievlam oor die kleur- en landsgrense gedra.

In 'n gereformeerde milieu is dit opvallend dat hierdie persone nie melding maak van die feit dat hulle verbondskinders is en as uitverkorenes na God gekom het nie. Hulle het bloot hul sondige toestand ingesien en tot God genader vir verlossing. Verder kom elkeen se subjektiewe belewenis sterk na vore - 'n eienskap wat eie is aan die sogenaamde Metodisme.

Indien teoloë van mening is dat dit nie nodig is vir 'n mens om tot bekering te kom of om wedergebore te word nie, spreek hierdie getuienisse baie sterk van die realiteit daarvan. Hoewel die belewenisse van die verskillende persone se "dieper-lewe"-ondervinding nie dieselfde was nie, het meer as een die stryd met die sonde ná hul bekering besef en weer eens na God gevlug vir hulp en verlossing. Voortvloeiend van so 'n tweede ontmoeting met God, was die lewe van vrugbare arbeid wat gevolg het.

Omdat bogenoemde predikante, asook baie ander wat nie vermeld is nie, bekering gepredik het, is hulle almal oor dieselfde kam geskeer en geëtiketteer as Metodisties. Gesien in die lig van die problematiek rondom die definiëring van die term "spiritualiteit", bestaan die oortuiging dat vroomheid in die ware sin van die woord, net gevind kan word by persone wat waarlik weergebore is en 'n lewe van heiligmaking uitleef - anders sou so 'n vroomheid vals wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 3. HERLEWINGS EN GEESTELIKE OPWEKKINGS

Van die mees uitstaande gebeure waar mense op groot skaal tot bekering gekom het, en waar gelowiges geestelike oplewings beleef het, was tydens die herlewings wat van tyd tot tyd ook in ons land voorgekom het. Behalwe die enkele opwekkings wat ten tye van di.M.C. Vos en H.R.van Lier se bedienings plaasgevind het, was die herlewings wat in die omstreke van 1860 hoofsaaklik in die Ned.Geref.Kerk voorgekom het, die noemenswaardigste. Hoewel dit vir baie 'n vreemde verskynsel was en die egtheid daarvan aanvanklik betwyfel is, het talle getuienisse daarna bevestig dat die hand van God in die saak was.

'n Merkwaardige verskynsel is dat baie van die persone wat in die vorige hoofstuk genoem is, op een of ander wyse by herlewing betrokke was. Vir hulle, en so ook vir vele ander, het die noodsaaklikheid van 'n herlewing baie swaar op die gemoed gerus.

### *3.1 Wat is herlewing?*

In die voorwoord van dr.M.W.Retief se bekende geskrif "*Die Wonder van Herlewing*", gee J.C.Kotzé die volgende definisie: "Herlewing, daarenteen, is die periodieke buitengewone ingryping van God, waar daar veragtering in Sy gemeente ingetree het. Dit kan taamlik algemeen of meer lokaal wees" (Retief 1976:viii).

Retief se weergawe van dieselfde onderwerp word soos volg uitgestip: "...'n buitengewone inwerking van God die Heilige Gees in die harte van 'n kleiner of groter groep mense as gevolg waarvan die kinders van die Here van hulle floue, halfhartige, selftevrede geestelike lewe verlos word en daartoe gebring word om ernstig te bid en te werk vir die redding van siele, en wanneer dan ook groot getalle onbekeerdes tot bekering kom" (Retief 1976:ix).

Retief (1976:x) maan die lesers dat herlewing nie bedoel is om die plek van die gewone, gereelde evangeliebediening in te neem nie. Die evangelie moet nog steeds in die krag van die Heilige Gees Sondag na Sondag verkondig word; persoonlike sielearbeid en voorbiddings-werk moet steeds gedoen word. Daardeur word die werk van die Here gedoen en die gemeente word voorberei vir herlewing.

Prof.dr.D.J.Keet sien herlewing weer as die buitengewone openbaring van die genade van God in die grootskaalse bekering van sondaars en die lewendmaking van gelowiges en versterking van die geloof van reeds bekeerdes (Keet :3) Ter regverdiging van die herlewings wat plaasgevind het, noem hy dat dit nie noodwendig gekoppel kan word aan die sogenaamde Metodistiese "revival" nie, maar dat dit deur die eeue 'n algemene verskynsel was. Hy meen dat mense onnodig bevooroordeeld staan teenoor herlewings asof dit 'n tendens is wat op kunsmatige wyse na willekeur te voorskyn tree en waar gebruik gemaak word van sekere geykte metodes van geestelike bearbeiding, waarby die charisma van sprekers, die aansteeklike invloed van die massasuggestie deurslaggewend kan wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die herlewings van die sestigerjare van die vorige eeu is in lyn met Keet se interpretasie, naamlik dat 'n grootskaalse bekering van sondaars wel plaasgevind het en dat dit nie 'n kunsmatige opwekking was nie.

### *3.2 Behoefte aan herlewing*

Alreeds tydens die eerste helfte van die negentiende eeu het talle predikante in die Ned.Geref. Kerk 'n hunkering getoon na 'n vernuwing in die kerklik-godsdienstige lewe. Van der Watt (1980:16) skets die nood aan herlewing teen die agtergrond van die geestelike doodsheid in die Kerk. Hy noem dat die indruk van verstarde godsdienstigheid by baie lidmate en die lusteloosheid in die kerklike bedrywighede nie anders kon as om ernstige leraars na die warmte van 'n deurleefde geloof te laat vra nie. Stemme het opgegaan teen die geestelike insinking en oppervlakkigheid. Veral die verwaarlosing van die persoonlike gebedslewe, die huisaltaar en ander godsdienstige aktiwiteite is uitgewys as oorsake van die doodsheid.

Volgens Van der Watt (1980:16) was dit grotendeels die Skotse predikante in die Kaapse Kerk wat puriteins in hulle lewensuitkyk en gevoelvol in die godsdiens was wat die behoefte aan 'n nuwe geestelike lewe benadruk het. In 1838 kla ds.W.Robertson van Clanwilliam dat baie lidmate "de ware ondervindelijke Godsdienst" nie besit nie. Daar was allerweë 'n begeerte na die uitstorting van die Heilige Gees. Selfs Hollandsprekende predikante het aan hierdie herlewingsverlange meegedoen en in baie gemeentes se staat van godsdiensverslae kon die begeerte na herlewing telkens gehoor word (:16).

Sporadies verskyn artikels in *De Kerkbode* met herlewing as onderwerp. Dit dui op die diepe begeerte by mense dat die Heilige Gees die land sal besoek met 'n kragtige herlewing. Die begeerte was dat dit die werk van die Heilige Gees sou wees om daardeur die skeptici, wat dit aan Metodistiese opswepery wou koppel, se monde te snoer.

In 1922 skryf ds.C.F.Mijnhardt 'n reeks artikels oor hierdie onderwerp. Die eerste uitgawe handel oor die wese van herlewing, hoe dit ontstaan en hoe dit die mense affekteer. Hy noem dat doodsheid die skuld van die Christen is en nie van die wêreldling nie. As die Christen herleef, sal daar 'n beweging kom onder die onbekeerdes. "...'n herleving is de wedergeboorte van ziele en niet een bekering hier en daar, maar vele bekeringen" (*De Kerkbode* 20 September 1922:1236,7).

In die volgende uitgawe brei hy uit oor die herlewing van 1857-60 en meld dat vele bejaarde Christene en selfs predikante in ons land hulle bekering terugvoer na die herlewing van daardie tyd. Hy haal 'n Amerikaanse skrywer aan wat sê: "Er is nauweliks 'n dorp of stad waar er niet 'n biezonder goddelike kracht geopenbaard wordt. Het schijnt waarlik alsof het duizenjarig Vrederijk op ons gekomen is in zijn heerlikheid" (*De Kerkbode* 11 Oktober 1922:1339).

### *3.3 Vroegste tekens van herlewing in Suid-Afrika*

Sekerlik die bekendste herlewing wat in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis plaasgevind het, was dié in die Suid-Kaap laat in die vorige eeu. In sekere gemeentes van die Ned.Geref. Kerk het die herlewing langer geduur, maar veral gedurende 1859-60 het die hoogbloei van die herlewing in talle gemeentes plaasgevind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voor hierdie bekende herlewings was daar enkele gevallè van opwekkings wat aangeteken is. *"De eerste bekende opwekking in Zuid-Afrika"* is die opskrif van 'n artikel in *De Kerkbode* van 13 April 1922. Daarin word genoem van 'n artikel wat in "*De Fakkel*" verskyn het en handel oor 'n gebeurtenis wat ouderling Frans Badenhorst van Riversdale in 1796 as 14 jarige seun baie van gehoor het en waarby sy vader, Piet, direk betrokke was.

Hy vertel dat sy oom, mnr.W.Wessels (swaer van sy vader), 'n droom gehad het van drie vroue wat voor hom staan en sê: "Kom oor en help ons." By die huis aangekom, word Wessels gevra om godsdiens te hou. Daar was heelwat mense uit die omgewing teenwoordig. Omdat Wessels beswaarlik kon lees, lees sy vrou uit Johannes 3. Daarna het Wessels 'n paar ernstige woorde gespreek. Onverwags begin mense uitroep: "Wat moet ek doen om salig te word?" Die ontroering was só groot, dat Wessels nie met sy rede kon voortgaan nie. Piet Badenhorst het daarna na die populierbos gevlug waar hy homself op die grond neerwerp onder die invloed van sy sonde. Die drie vrouens wat in die droom verskyn het, het ook tot bekering gekom en saam met hulle vele ander. "Zo is de eerste opwekking begonnen" (*De Kerkbode* 13 April 1922:468).

Mijnhardt (*De Kerkbode* 11 Oktober 1922:1339) meld dat ná 1860 in Suid-Afrika geen groot herlewing plaasgevind het nie, maar meen dat twee jaartalle wel vermelding verdien, naamlik 1896 en 1900. In 1896 is die Christelike Studentevereniging in Stellenbosch gestig by watter geleentheid Donald Fraser 'n groot rol gespeel het om talle jongmense na die Here te lei. Selfs onverskillige studente het hul lewe aan die Here gegee (*De Kerkbode* 11 Oktober 1922:1339).

Die herlewing van 1900 waarna ds.Mijnhardt verwys, hou verband met die Anglo-Boereoorlog toe duisende Boere na verskillende plekke verban is. Deur die verdrukking het talle tot bekering gekom en baie predikante en sendelinge is tydens die ballingskap geroep tot die bediening (*De Kerkbode* 11 Oktober 1922:1339).

### *3.4 Voorspel tot herlewing in Suid-Afrika*

#### *3.4.1 Dreigende gevare*

Te midde van die instroming van berigte van herlewings uit Amerika en Engeland, was die kerklike lewe in Suid-Afrika gewikkeld in 'n stryd van alle kante. Benewens die wankelende verhouding tussen staat en kerk, was die bedreiging van die liberalisme kommerwekkend. Du Toit (1952:255) skryf dat verskeie "kerklike voormanne" in die Kaapkolonie oortuig was dat so 'n opwekking veral die gevaar van liberalisme sou keer. Omdat die liberaliste die persoonlikheid van die Heilige Gees geloën het, is geglo dat die vrugte van die herlewing as onbetwisbare bewys sou dien dat die Gees van God 'n werklikheid is (:255).

'n Insinking, dorheid en doodsheid op geestelike gebied het geheers. Hierdie gees van gerustheid, selftevredenheid, verslapping en "veruiterliking", het ook aan die Kaap in 'n groot mate geheers en daarteen het klagtes opgegaan (Barnard 1960:34). Die berigte oor die herlewing en die uitwerking daarvan in die ander lande het die toestand van doodsheid op geestelike gebied aan die lig laat kom en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mense in 'n groter mate daarvan bewus gemaak. Uit verskillende oorde word die klagte van geestelike doodsheid verneem en slegs 'n godsdienstige herlewing sou as redmiddel dien (:35).

*3.4.2 Oproep tot gebed*

Intussen het meer berigte oor die herlewings in die verskillende lande in *De Gereformeerde Kerkbode* verskyn, asook in die sekulêre pers. 'n Begeerte het by kinders van die Here in Suid-Afrika ontstaan dat iets soortgelyk ook die plaaslike kerk se deel sou wees. Dit het nie net by 'n begeerte gebly nie - daar is daadwerklik oorgegaan tot voorbidding vir herlewing.

Bidure het, volgens Barnard (1960:35), so vroeg as die dertigerjare van die vorige eeu in ons land begin posvat en is verbind aan die verlange na herlewing. In verskillende ringe en gemeentes word 'n beroep gedoen om te bid vir die uitstorting van die Heilige Gees. In die gebede, in die oproepe van ringe en sinodes, in artikels en in preke is die refrein dikwels gehoor: 'Bid om die uitstorting van die Heilige Gees" (:36).

By monde van die *Z.A.Evangelisch Verbond* is 'n openlike skrywe aan al die evangeliedienaars van die Suid-Afrikaanse kerke gerig om 'n reeks preke te hou oor "'d goddelijke personaliteit, de ambten en het werk van den Heiligen Geest,' en om 'n 'uitstorting' van die Gees oor lidmate en gemeentes te bid" (Du Toit 1952:255).

Oberholster (1952:218,9) gee 'n kort oorsig van die stryd rondom die instelling van die bidure. Hy vermeld dat vanuit die Ring van Graaff-Reinet pogings aangewend is om bidure in te stel, en die sinode van 1834 wou hom nie daarmee bemoei nie, daarom het die lede van die sinode dit op hul eie gehou. In 1837 is geen beswaar geopper teen die hou van bidure nie en in 1839 is 'n weeklikse biduur op Beaufort-Wes gehou en twee-maandelikse bidstondes in die buitewyke. Dit word dus aanvaar dat die Ring van Graaff-Reinet reeds vanaf 1833 gemeentebidure gehou het.

Artikels oor gebed het in die kerkorgaan verskyn - selfs geskrifte, soos "*De Krach des Gebeds*" is in gemeentes versprei. Sodoende het 'n gees van belangstelling en gebed stelselmatig by die predikante en gemeentelede ontstaan. Die berigte is gelees en oorpeins, en mense het die begeerte uitgespreek dat 'n geestlike reën op ons dorre aarde uitgestort sal word (Retief 1976:19).

In *De Gereformeerde Kerkbode* van 8 Oktober 1859 word 'n brief geplaas wat ingestuur is deur veertien van die oudste leraars van die Ned.Geref. Kerk. In hierdie brief word die herlewing wat in Amerika plaasgevind het, vermeld en daarmee saam 'n beroep gedoen op gemeentes van die Kerk om oral een uur per dag aan gebed te wy met die oog op die uitstorting van die Heilige Gees. 'n Oproep word gemaak om eendragtig en gelowig tot God te bid, om elke week een uur, alleen of saam met ander, aan vurige gebed te wy dat die Here ook in ons land sy Heilige Gees sal uitstort, soos dit in ander dele van die wêreld die geval is (*De Gereformeerde Kerkbode* 8 Oktober 1859:334).

'n Verdere oproep word deur J.M. (waarskynlik John Murray) gedoen op die Christelike publiek dat 'n konferensie gehou moet waarby die verskillende "Evangelische kerkgenootshappen" in die land betrokke moet raak Hy begeer dat met die Evangeliese Alliansie, wat plaaslik nog onbekend is, saamgewerk moet

word. Behalwe die strewe na 'n noue vereniging onder die verskillende kerkgenootskappe, word verskillende temas voorgestel wat bespreek kon word. Onder die temas is "De bevordering en herleving der ware godsdiens in dit land." 'n Wenk word aan die hand gedoen dat privaatkonferensies deur Evangeliedienaars gereël moet word om "de oorzaken van de te gewone onvruchtbaarheid der Evangelieprediking..." (*De Gereformeerde Kerkbode* 17 Desember 1859:406).

### *3.4.3 Konferensie te Worcester*

Wie sou ooit kon dink dat die volgende woorde bewaarheid word: "Ja, als de Heer tot ons afdaalt dan kan zulk eene Vergadering, wat reeds op andere plaatsen is geschied, voor sommigen, voor veler onzen, een keerpunt in ons leven worden" Hierdie aanhaling kom uit die kennisgewing oor die voorgenome konferensie op Worcester wat in *De Gereformeerde Kerkbode* van 24 Maart 1860 (p.93) verskyn het. . Die doel van die konferensie is soos volg deur prof.N.J.Hofmeyr uitgestip: "....om van nu af aan met verdubbelden ernst te bidden, *te bidden vooral om de uitstorting des Heiligen Geestes over de Kerk van Christus in Zuid Afrika*" (*De Gereformeerde Kerkbode* 24 Maart 1860:93). En hoe het hierdie konferensie en al die gebede nie meegewerk dat daar wel 'n keerpunt in die lewe van baie gekom het nie?

Op 18 en 19 April 1860 kom afgevaardigdes uit Paarl, Swellendam, Tulbach, Wellington, Montagu en Worcester byeen vir die konferensie. Die geleentheid is bygewoon deur 374 afgevaardigdes uit alle dele van die land (selfs van Fauresmith en Bloemfontein) en van verskillende kerkgenootskappe, waaronder die Episkopaalse, Presbiteriaanse, Lutheraanse, Wesleyaanse kerke en van die Broedergemeentes (*Die Gereformeerde Kerkbode* 5 Mei 1860:141). Daar is opnuut besef dat eendrag mag verleen (:144).

Dr.Shand was die voorsitter en dr.Robertson van Swellendam het as hoofspreker opgetree en die gehoor toegespreek oor die onderwerp "Herlewing". Dr.Adamson het by dieselfde geleentheid gepraat oor die geseënde opwekking in Amerika. 'n Baie "lieflike, broederlike gees" het op die konferensie geheers. Retief (1976:22) meen dat dit een van die geseëndste Christelike byeenkomste was wat nog ooit in ons land gehou is.

Reeds tydens die konferensie kon die werkinge van die Heilige Gees bespeur word (Du Plessis 1920:204). Met vasberadenheid om die Heilige Gees vir 'n soortgelyke werking in Suid-Afrika te vertrou, is die afgevaardigdes na hulle onderskeie bestemmings (:204).

Intussen verskyn negatiewe berigte in die pers oor dr.Robertson se sending omdat sy Skotse afkoms 'n antagonisme jeens die Hollanders sou ontketen en daarmee saam verengelsing sou bevorder. Verdere stemme teen sy teenwoordigheid in ons land het gekom van die liberaliste wat gevrees het dat sy sending 'n instroming van ortodokse predikante tot gevolg sou hê. Hierdie beswaar teen die besoekende prediker was verstaanbaar, gesien in die lig van die feit dat hy deur regsinnige predikante na die konferensie genooi is. Hy het ook tydens die konferensie opdrag ontvang om regsinnige predikante vir Suid-Afrika te werf. Elf evangeliedienaars en twee gekwalifseerde hoofonderwysers is gewerf (Retief 1976 :22,23).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### *3.5 Herlewing ontstaan in verskillende dele van die land*

Die Heilige Gees-gewerkte drang na herlewing en gepaardgaande gebed daarvoor, het nie teleurgestel nie. Een van die grootste herlewings in ons land se geskiedenis het bewaarheid geword. Die Worcester-konferensie word beskou as die deurslaggewende faktor wat tot die ontstaan van die herlewing aanleiding gegee het.

Prof.N.J.Hofmeyr het in 'n toespraak opgemerk dat, met die uitsondering van Calvinia, juis dié gemeentes wat die talrykste verteenwoordig was by die Worcester-konferensie, in die ruimste mate in die herlewing gedeel het (*De Gereformeerde Kerkbode* 5 Mei 1860:392).

Veral in die Worcester-omgewing het die herlewing feitlik onmiddellik ná die konferensie begin. Op verafgeleë plase is bidure gehou. Die beste bewys dat hierdie herlewing van God gekom het, was die feit dat dit begin het in Montagu, wat toe 'n vakante gemeente was en dat Calvinia, wat ook vakant was, van die eerste gemeentes was wat gevolg het. "Daar het oral 'n wonderlike drang tot gebed ontstaan en treffende bekerings het plaasgevind. Die seën van die herlewing het oor die hele land versprei van gemeente tot gemeente en het oral heerlike vrugte afgewerp vir die godsdiens, die sedelike lewe, die armesorg, die opvoeding en die Sending" (Fourie in *Die Kerkbode* 9 Oktober 1946:688).

Verdienstelike werke is in die verlede gepubliseer oor herlewings in die algemeen, maar meer spesifiek oor die plaaslike herlewing van 1860. Hier is die werk van dr.Retief oor die herlewing in Suid Afrika sekerlik die bekendste. Om onnodige duplisering uit te skakel, word slegs enkele hoogtepunte aangestip wat as bewys kan dien van bekerings wat kenmerkend was van die herlewing wat in baie dorpe, veral in die suid-Kaap, voorgekom het.

#### *3.5.1 Montagu*

Ongeveer 3 maande ná die konferensie op Worcester begin die herlewing op Montagu. Die gemeente was vakant en die geestelike toestand flou. Eredienste is swak bygewoon en huisgodsdiens is verwaarloos. Nadat die konsulent die gemeente toegelig het oor die herlewings in Amerika, het 'n gees van gebed ontstaan. Nie te lank nie of die geboue was te klein vir bidure sodat mans, vrouens en kinders afsonderlik moes vergader. Die Heilige Gees het mense begin oortuig van sonde en kon deur niks anders getroos word as deur die versoenende lyde van Christus en deur gebed nie (*De Gereformeerde Kerkbode* 11 Augustus 1860:254). Feitlik elke huis in die dorp en omgewing is deur die herlewing geraak. Selfs vyande van die herlewing se gesindheid het verander. Waar bidure 'n jaar tevore geen belangstelling gewek het nie, is daar nou tot drie bidure per dag gehou, selfs onder kinders (:253).

Hoewel "vreemde tonele" met die herlewing voor mense afgespeel het, was dit bloot uitsonderlik en nie die normale verloop van sake nie. Barnard (1960:42) maak die opmerking dat 'n mens die indruk kry van beheerstheid en dat daar ernstig gewaak is, ook in die prediking, teen moontlike ongesonde verskynsels. Selfs met beriggewing is beheerstheid aan die dag gelê.

James Cameron, die Metodiste-predikant, skryf aan die *Wesleyan Methodist Magazine* oor die herlewing in Montagu dat die Here besig is om wonders te doen. Bidure word elke dag en nag van die week gehou.

In reaksie op 'n oproep wat hy gedoen het vir gebed, het mense reeds om 3 uur die oggend saamgetrek. Een dag het die biduur tot 12 uur geduur waarna lidmate van die Ned.Geref.Kerk, wat uit 'n biduur gekom het, by die Engelse aangesluit het. Die plek was so vol dat mense buite moes staan en bid (Terhoven 1989:19).

Met dr.Servaas Hofmeyr se koms na Montagu, was die gemeente midde-in die geseënde belewing van hierdie herlewing. Volgens 'n verslag in *De Gereformeerde Kerkbode* (3 November 1860:334) het die herlewing in Montagu reeds vanaf die begin van daardie jaar begin. "...en krachtig is het werk der bekeering en herleving dat reeds aan menige ziel zich heeft geopenbaard."

Dr.Hofmeyr gee sy indrukke weer oor hierdie herlewing:

> Vooral te Montagu, waar ik veel in de gelegenheid was tot vele ontwaakten te spreken, werd ik diep overtuigd dat een krachtig werk verricht was door den Geest Gods. Gedurende twee of drie weken, terwijl de opwekking in volle kracht was, aanschouwde men dagelijks gevallen van bekeeringen. Er wordt bijna geen huis in het dorp gevonden, waar de levendmakende kracht van Gods Geest niet door één of meer perzonen gevoeld is geworden (*Korte Lewensschets* 1891:24).

Hy was onseker oor hoe hy teenoor hierdie vreemde verskynsel van 'n herlewing moes optree, omdat hy nog jonk en onervare was. Hy besluit egter om saam te werk, anders as diegene wat hulle daarvan gedistansieer het. Wat sou in elk geval word van die talle soekende siele as hy hom sou onttrek? "En daar zijn er honderden die de zaligheid zoeken, - zonen en dochteren die den voet des kruizes omklemmen, dienstknechten en diensmaagden die ook den Geest des Heeren ontvangen, roekeloozen en onbekeerden die met den tollenaar bidden: "O! Heer wees ons arme zondaars genadig!" (*Korte Lewensschets* 1891:24).

Orals waar daar tekens was van herlewing, het hy gaan besoek. Vroeg in die môre gaan hy by die kamervensters langs van diegene wat nog slaap en roep hulle op tot gebed . Terwyl dit nog donker was, stroom mense met voertuie na die reeds vol bidsaal. Ouers, wat beswaarlik iets van gebed geweet het, roep die gesinne daagliks byeen en so bid hulle vir mekaar se bekering. Hierdie gees het deurgedring tot elke uithoek van die gemeente en in elkeen se mond was daar 'n nuwe lied en lofsang tot God (*Korte Lewensschets* 1891:25).

Die herlewing het tot gevolg gehad dat nuwe lewe in dr.Hofmeyr geblaas is:"... nieuw leven en kracht; een geest van ijver en blijmoedigheid; en een lust tot speciale prediking, die hem is bijgebleven toot aan zijnen dood" (*Korte Lewensschets* 1891:25). Waar hy gehoor het van konferensies, het hy nie op hom laat wag om dit by te woon nie.

Pinksterdag van 1874 was 'n besondere dag toe die vroeë biduur deur 300 mense bygewoon is. Voor die oggenddiens vra hy "schijnbaar vol des Geestes" die gemeente om vir hom te bid, omdat hy nie weet waaroor om te preek nie. Die oggenddiens het toe gehandel oor Jes.12:3:" "En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil." Die aanddiens het gehandel oor Hand.2:21:"En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word". Daardie aand wou die mense nie huis toe gaan nie en wou daar oornag. Mens het gestaan en sing, gesels en gebid en geweier om huis toe te gaan - só het die Gees van God gewerk (*Korte Lewensschets* 1891:26).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*3.5.2 Hernude herlewings in Montagu (1884,1885,1895)*

Met die herlewing in 1884 en 1885 was Montagu weer eens in die bevoorregte posisie om daarin te kon deel. Veral die jongmense het daarby gebaat. Met die besoek van eerw.R.Daneel en Danie Odendaal aan Montagu in 1895, het die Heilige Gees weer op besondere wyse gewerk.

E.C.A. (1932:31,32) berig oor die arbeid van eerw.Danie Odendaal en Richard Daneel en noem dat in daardie tyd (1895) 'n groot insameling van siele plaasgevind het. 'n Spesiale boek "*De hand des Heeren*" is gedruk waarin 'n versameling bekeringsverhale deur eerw.Daneel opgeteken is. [In 'n huldeblyk met sy dood, word genoem dat eerw.Daneel 'n "sielesoeker by uitnemendheid was" (*Die Kerkbode* 28 Julie 1937:177).]

In genoemde bundel kom talle berigte voor van mense wat tot bekering gekom het. Ook is stukke geplaas deur ander skrywers oor veelvuldige onderwerpe. Ongelukkig word die name van die dorpe wat in die boek vermeld word, verswyg of slegs deur 'n letter aangedui, wat dit moeilik identifiseerbaar maak, veral vir gebruik in hierdie hoofstuk. Uit die bekeringsverhale kom dit duidelik na vore hoe mense bewus was van hul onsekerheid oor saligheid; 'n sondeoortuiging wat voorgekom het, gevolg deur 'n oorgawe en sekerheid dat hulle hul saak met God geskik het.

Een hoofstuk van die boek bevat beriggewing van die opwekking in Montagu. 'n Oud-ouderling, J.A.Burger, vertel van die dienste deur die twee broeders en hoe mense reeds op die derde en vierde dag na die Here geroep het om genade en belydenis van sonde gedoen het. Groot belangstelling in die dienste het geheers. In die na-byeenkomste was daar soms meer as dertig persone wat hulle aan die Here Jesus oorgegee het. In die oggende, tussen vyf- en sesuur, was die saal gevul met bidders en dit het weergalm van dankgebede vir die redding van siele. Groot getalle het in die byeenkomste van hulle bekering getuig. Die Heilige Gees het ook met krag gewerk, veral onder die kinders en jongmense. Die vorige leraar van die gemeente, ds.G.Malan, het 'n weeklange besoek aan die gemeente gebring om sy dankbaarheid te toon vir die groot werk wat plaasgevind het (Daneel: 186,7).

Ook in die sendinggemeentes en buitewyke het die Heilige Gees gewerk. In die omgewing van Kruispad was die geestelike lewe koud en dood. Tydens 'n diens wat die Saterdagaand deur eerw.Odendaal gehou is, het talle tot "ontwaking" gekom. Tot en met die Dinsdag is vier dienste per dag gehou. Voor sy vertrek het hy vir eerw.Daneel ontbied om met die werk voort te gaan. Die volgende Sondag is geleentheid gebied vir mense om te vertel wat hulle wedervaar het en nie minder nie as 70 het van die geleentheid gebruik gemaak (Daneel :187).

*3.5.3 Worcester*

'n Uitstaande tyd in die lewe van dr.Andrew Murray was tydens sy bediening in Worcester wat 'n aanvang geneem het op Pinkstersondag 27 Mei 1860. Vanaf die eerste Sondag was daar 'n groot verwagting onder die lidmate dat die Heilige Gees op 'n besondere wyse in hulle midde werksaam sou wees (Du Plessis 1920:203).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met sy aankoms in die gemeente het vormgodsdiens hoogty gevier. Net een of twee oudstes het in gebed voorgegaan, terwyl vrouens in bidure moes swyg. "Niemand sou dit gewaag het om te verkla (sic) dat hy bekeerd of wedergebore is nie. Dit sou as die grootste vermetelheid beskou word" (Retief 1976:56). “Met die aanvang van sy bediening het daar 'n algemene beweging onder die dorre doodsbeendere ontstaan. Sy prediking was waarlik in die betoning van die Gees en van krag. Dit was asof een van die profete van ouds uit die dode opgestaan het. Die onderwerpe wat hy behandel het was "geloof" en "bekering". Sy beroep op die gemeente was diep en ernstig (:57). Na afloop van die katkisasieklasse het hy enkele katkisante versoek om agter te bly sodat hy met hulle oor hulle sieletoestand kon praat. Baie mense skryf hulle bekering toe aan daardie gesprekke (:57).

Selfs onder jongmense het 'n sterk begeerte na herlewing ontstaan. 'n Sekere mnr.Dirk de Vos het langs sy huis 'n saaltjie laat bou, met banke toegerus en dit vir die jongmense se bidure beskikbaar gestel (Retief 1976:25). Een Sondagaand was daar ongeveer 60 persone in die saaltjie teenwoordig waarby ds.J.C.de Vries die byeenkoms gelei het. Tydens die samesang het 'n vyftienjarige bediende van mnr. Roelof van der Merwe van Hexrivier 'n versoek gerig dat Ges.39:4 gesing moes word: *"Komt gij allen, komt tot Hem! Zondaars komt, wat zou u hind'ren?"*. Dit was die vonk wat die kruitvat laat ontplof het! Onder die trane en gebede wat daarop gevolg het, was 'n geruis in die verte hoorbaar wat al nader gekom het. Die hele saal het gebewe en op enkele uitsonderings ná het die hele gehoor gesamentlik tot gebed oorgegaan. Ouderling Jan Rabie, wat die gebeure gadegeslaan het, het ds.Murray gaan roep. Laasgenoemde het op sy beurt alles probeer om die gehoor tot orde te roep, maar alles tevergeefs en daarom het hy maar besluit om die saal te verlaat. (Du Plessis 1920 :205,6) 'n Vreemdeling, wat pas uit Amerika teruggekeer het, deel ds.Murray mee: "Please be careful what you do for it is the Spirit of God at work here, just as in the American revival." (Terhoven 1989:34). Conradie (1951:45) sê dat, hoewel Murray vir jare gebid het vir herlewing, dit so anders plaasgevind het as wat hy hom dit voorgestel het. Dit bevestig net die egtheid van hierdie gebeurtenis.

In die aande wat gevolg het, het die bidure voortgegaan - soms tot drieuur in die oggend. Baie wou nie huis toe gaan nie en het op die strate begin sing. 'n Groter gebou moes later gebruik word. Ook die buitemense het die dorp ingestroom om die byeenkomste by te woon (Retief 1976:27).

In die daaropvolgende jaar het 'n soortgelyke herlewing ontstaan. 'n Groot deel van die vergadering het soms gelyktydig hard gebid vir die vergifnis van hulle eie sondes en ook vir dié van ander oor wie hulle bekommerd was (Retief 1976:28). Hulle het dikwels verleë gevoel oor die vreemde dinge wat daar plaasvind, maar het nie vrymoedighied gehad om dit te beëindig nie "omdat hulle te dikwels moes opmerk dat dit juis te midde van sulke tonele was dat onverskilliges kragdadig aangetas en tot inkeer gebring is en dat diegene wat getref is eers geleentheid moes kry om hulle sonder uitstel aan die Here oor te gee" (:28). Die kerkgebou moes met etlike honderde sitplekke vergroot word en elke Sondag was dit feitlik vol voorbidders.

Die vrug van hierdie herlewing het vir jare in die gemeente voortgeduur. Verskeie persone het hulle aan die evangeliebediening gewy (Du Plessis 1920:207) en talle mense het tot bekering gekom - selfs onder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die anderskleuriges. Dit het weer verder gelei tot 'n hernude belangstelling in die sendingsaak (Du Plessis 1920:209).

*3.5.4 Riversdal*

Oor die herlewing op Riversdal, wat as een van die grootstes in die geskiedenis van die Ned.Geref Kerk beskou word, skryf die leraar, ds.J.R.Albertijn in 1884 dat hy het nog nooit so'n herlewing beleef het nie. In die buitewyke was die opkoms so groot, dat mense buite op die werf moes vergader, en voordat het biduur begin het' was mense diep getref "het gelaat des eenen glinsterende van vreugde vanwege een pasgveonden heil in Jezus, en de mond loopt over, - des anderen terneergeslagen, of weenende of om genade roepende" (Gerdener in *Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139). Vriende en familielede het mekaar omhels en vir mekaar gebid. Die bidure het ordelik verloop, maar daar was geen einde aan die stroom van gebede van lofuitinge nie. "Hier op het dorp eerste sedert laatsleden Zaterdag tot vlam doorgebroken. Bij het biduur op Dinsdag avond bleven in de 30 bekommerden voor de nabijeenkomst" (:1139).

Hierdie opwekking het vir etlike jare voortgeduur en ryke vrugte is afgewerp. In 1885 word berig dat die geseënde werk van die Heilige Gees nog in hul midde voortgaan en dat daar 'n groot verandering in die toestand van die gemeente plaasgevind het (*Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139).

Berigte van herlewingstoestande duur tot in 1887 voort. Die kerkraad het besluit om in November van daardie jaar vir 'n week lank elke aand 'n bidstond te hou. Met die eerste byeenkoms was 400 mense teenwoordig. Elke aand het bekommerde siele agtergebly. Selfs die roekelose, godvergetende mense het die magtige aangryping van die Gees van God aangevoel. Die laaste aand het ongeveer 120 persone, meestal jongmense, agtergebly om te getuig van ontvange seën en om de begeerte te kenne te gee dat hulle vir die Here alleen wil leef (*Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139).

*3.5.5 Malmesbury (Zwartland)*

In 'n Gedenkboek van die gemeente, saamgestel deur ds.A.P.Smit, verskyn die getuienis dat die jaar 1894 ook 'n jaar van besondere seën was. Daar was 'n "roering" in die gemeente, wat later tot 'n hoogtepunt gelei het deur die arbeid van twee sendelinge, eerww. Eksteen en Daneel. Waar hulle aanvanklik onder die kleurlinge gewerk het, het die opwekking ook tot die blankes uitgebrei. Veral jongmense het in daardie tyd die oortuigingswerk van die Heilige Gees ondervind. Tydens die twee broeders se bediening op Paardenberg onder die kleurlinge, het die blankes van alle kante na die byeenkomste gestroom. Talle bejaardes het tot bekering gekom. In die gedenkboek word vermeld dat daar nie minder nie as honderd mense (vaders, moeders en kinders) een aand opgestaan het om van seën te getuig. "God het ons bekers laat oorvloei...." (D.J.N.du Toit in *Die Kerkbode* 4 Desember 1946:1089).

In daardie tyd is ook dienste gehou deur eerw. Odendaal en Walter Searle asook deur di. Andrew Murray en J.R.Albertyn. Du Toit (*Die Kerkbode* 4 Desember 1946:1098) vertel van die spesiale dienste wat vroeër deur eerww. Eksteen en Daneel gehou is en waarvan sy vader hom dikwels vertel het, "want dit was by hierdie dienste in die Perdeberg waar hy as seun van sestien jaar tot bekering gekom het en saam

die anderskleuriges. Dit het weer verder gelei tot 'n hernude belangstelling in die sendingsaak (Du Plessis 1920:209).

*3.5.4 Riversdal*

Oor die herlewing op Riversdal, wat as een van die grootstes in die geskiedenis van die Ned.Geref Kerk beskou word, skryf die leraar, ds.J.R.Albertijn in 1884 dat hy het nog nooit so'n herlewing beleef het nie. In die buitewyke was die opkoms so groot, dat mense buite op die werf moes vergader, en voordat het biduur begin het' was mense diep getref "het gelaat des eenen glinsterende van vreugde vanwege een pasgveonden heil in Jezus, en de mond loopt over, - des anderen terneergeslagen, of weenende of om genade roepende" (Gerdener in *Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139). Vriende en familielede het mekaar omhels en vir mekaar gebid. Die bidure het ordelik verloop, maar daar was geen einde aan die stroom van gebede van lofuitinge nie. "Hier op het dorp eerste sedert laatsleden Zaterdag tot vlam doorgebroken. Bij het biduur op Dinsdag avond bleven in de 30 bekommerden voor de nabijeenkomst" (:1139).

Hierdie opwekking het vir etlike jare voortgeduur en ryke vrugte is afgewerp. In 1885 word berig dat die geseënde werk van die Heilige Gees nog in hul midde voortgaan en dat daar 'n groot verandering in die toestand van die gemeente plaasgevind het (*Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139).

Berigte van herlewingstoestande duur tot in 1887 voort. Die kerkraad het besluit om in November van daardie jaar vir 'n week lank elke aand 'n bidstond te hou. Met die eerste byeenkoms was 400 mense teenwoordig. Elke aand het bekommerde siele agtergebly. Selfs die roekelose, godvergetende mense het die magtige aangryping van die Gees van God aangevoel. Die laaste aand het ongeveer 120 persone, meestal jongmense, agtergebly om te getuig van ontvange seën en om de begeerte te kenne te gee dat hulle vir die Here alleen wil leef (*Die Kerkbode* 11 Desember 1946:1139).

*3.5.5 Malmesbury (Zwartland)*

In 'n Gedenkboek van die gemeente, saamgestel deur ds.A.P.Smit, verskyn die getuienis dat die jaar 1894 ook 'n jaar van besondere seën was. Daar was 'n "roering" in die gemeente, wat later tot 'n hoogtepunt gelei het deur die arbeid van twee sendelinge, eerww. Eksteen en Daneel. Waar hulle aanvanklik onder die kleurlinge gewerk het, het die opwekking ook tot die blankes uitgebrei. Veral jongmense het in daardie tyd die oortuigingswerk van die Heilige Gees ondervind. Tydens die twee broeders se bediening op Paardenberg onder die kleurlinge, het die blankes van alle kante na die byeenkomste gestroom. Talle bejaardes het tot bekering gekom. In die gedenkboek word vermeld dat daar nie minder nie as honderd mense (vaders, moeders en kinders) een aand opgestaan het om van seën te getuig. "God het ons bekers laat oorvloei...." (D.J.N.du Toit in *Die Kerkbode* 4 Desember 1946:1089).

In daardie tyd is ook dienste gehou deur eerw. Odendaal en Walter Searle asook deur di. Andrew Murray en J.R.Albertyn. Du Toit (*Die Kerkbode* 4 Desember 1946:1098) vertel van die spesiale dienste wat vroeër deur eerww. Eksteen en Daneel gehou is en waarvan sy vader hom dikwels vertel het, "want dit was by hierdie dienste in die Perdeberg waar hy as seun van sestien jaar tot bekering gekom het en saam


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

met 'n hele aantal jongmense sy lewe aan die Here gewy het...". Hy berig ook oor die groot aantal bekeerlinge wat bly staan het en wat die manne en vroue vir die Kerk gedoen en vir die Koninkryk van Christus beteken het.

Op daardie stadium is 'n veertiendaagse biduur gehou. Daarna is 'n biduur vir jongmense gehou wat in 'n Strewersvereniging verander is. Bidure is op verskeie plase gehou en die kerk op Malmesbury (Swartland) was elke Sondag vol. Uit die omgewing waarin hy grootgeword het, het hy as kind geleer dat as 'n mens 'n Christen of 'n kind van God genoem wil word, moet jy een of ander tyd tot bekering kom of openlik kan bely dat jy die Here Jesus aangeneem het en dan moet 'n mens jou lewe aan die Here wy en vir Hom getuig" (Du Toit in *Die Kerkbode* 4 Desember 1946:1089).

*3.5.6 Heidelberg, Kaap*

Ds.Daneel van Victoria Wes skryf dat in daardie dae 'n diepe sondebesef in die harte van die mense posgevat het as gevolg van die vurige en langdurige geroep tot God deur "vrome geeste " in die gemeente. Onderlinge besoeke het gevolg waarop spontaan gepraat is oor die weg tot saligheid en groot heilswaarhede uit die Bybel (E.C.A. 1932:14). Hierdie "beroering" op geestelike gebied het gelei tot die hou van spesiale dienste. "Die kerkdeure moes eenvoudig wyd-oop gemaak word." Ds. Daneel beweer dat die herlewing wat hier plaasgevind het, nie die gevolg was van spesiale dienste wat daar gehou is nie, maar dat die spesiale dienste die gevolg was van die opwekking (:14). Die bekering van die bekende evangelis, eerw.Danie Odendaal ("'n Suid-Afrikaanse Billy Bray") word teruggevoer na die opwekking van 1884 in hierdie gemeente.

In daardie tyd het die gemeente swaar tye beleef deur verskillende rampe wat hulle getref het. Dit het hulle genoop om te bid vir uitkoms en die plaaslike leraar, ds.A.B.Daneel, getuig dat die gebede verhoor is en dat God aan hulle die strome van die Gees gestuur het "neder als een plasregen uit de donkere onweerswolken, die zich over onze hoofden hadden zamengepakt" (E.C.A.1932:15). Hy berig verder dat die herlewing van 1884 buitengewoon was en nooit vergeet sou word nie. Aan die Ring word berig dat dit die vierde keer was (1861-1867, 1874 en 1884) wat die Heilige Gees strome van seën oor die gemeente uitgestort het, maar nog nooit was dit soos die paar maande wat verby is nie.

'n Onderskeidende eienskap van die opwekking was die belangstelling in die spesiale dienste wat eers in die Independistiese Kerk, daarna in die ou gebou van die Ned.Geref.Kerk en uiteindelik in die "groote Kerk" gehou is. Die dienste wat vir byna drie weke aaneen gehou is, is gedurende die laaste week bygewoon deur beide leraars van die twee gemeentes met hulle gemeentelede, asook deur ds.J.W.Louw van Ladysmith wat spesiaal gekom het om in hulle vreugde te deel.

Die belangstelling in die dienste was buitengewoon groot en elke byeenkoms was met "heilbegeerige schare" gevul. Ná die preek het telkens twintig tot dertig mense uitgekom om hulle aan die Here oor te gee "en toen de diensten op Zondagavond den 10den Augustus geëindigd waren was er eenen gansche schare die de goede keuse had gedaan" ( E.C.A.1932:17).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

### 3.5.7 *Villiersdorp*

Ds.Malherbe skilder die gebeure van die aand van 23 Julie 1905 toe ongeveer 130 jongmense van die Strewersvereniging teenwoordig was en waar die hele gehoor deur oortuiging aangegryp is. "Onbeschrijfelijke krachtdadige overtuiging van zonde, benaauwdheid, angst, berouw, stromen van tranen en gebeden, luid geroep om redding waren de kenmerken" (*De Kerkbode* 3 Augustus 1905:364). Elke aand het mense vir ongeveer drie ure vergader. Die bywoning het toegeneem vanaf 350 tot 500. Soms het 'n groot getal mense gelyktydig gebid. Meer as 'n honderd inwoners het tot bekering gekom, insluitend die onverskilligste mense in die omgewing. Onder die bekeerdes was ses jongmense wat vir moord aangekla is. Vyf en veertig Sondagskoolkinders het ook tot bekering gekom (:364).

Die hele gemeenskap van Villiersdorp het verander. Uit die Jongeliedevereniging het spoedig 62 persone gedeel in die sendingorganisasie. In die gemeente het selfs mense wat 50 jaar en ouer was, 'n totale verandering ondergaan. Die predikant berig dat die herlewing uitbrei en doen 'n beroep op sy kollegas vir hulp. Soms het die Gees van God begin werk sonder die toedoen van enige mensehulp (Terhoven 1989:135). Hy skryf dat die Heilige Gees begin werk het in 30 ander Ned.Geref.gemeentes, hoofsaaklik in die Wes-Kaap, Boland en Oos-Kaap.

### 3.5.8 *Franschhoek*

Op 7 Augustus 1905 het die K.J.A. van Villiersdorp Franschhoek besoek en aan die volgepakte saal vertel wat God op hulle tuisdorp gedoen het. 'n Groot besorgdheid en 'n geestelike honger het die mense beetgepak en binne 'n maand kon die predikant sê: "Die druppels het begin val" (Terhoven 1989:136,137). 'n Groep jongmense het spontaan besluit om met 'n biduur in 'n privaathuis te begin. Sonder enige afkondiging het 42 voorbidders opgedaag. Die volgende dag het hulle in die konsisitorie vergader, maar omdat soveel daarheen gestroom het, het hulle daarna in die skoolsaal vergader totdat dit ook te klein geword het. Hulle het daarna in die moederkerk byeengekom waar 600 mense teenwoordig was (:136).

Dit was moeilik om die dankdiens wat gehou is, af te sluit, want toe die mense by die een deur uitbeweeg het, het hulle by 'n ander deur ingegaan en die Here begin loof en prys, terwyl ander die Here gesoek het in gebed. Mense is nie deur die prediking geraak nie, maar deur 'n ywer om die Heilige Gees aan die werk te sien. Hoewel die beweging onder die jongmense begin het, het ouer mense ook hulle lewe aan die Here gegee (Terhoven 1989:136).

Ná die besoek van die Engelse evangelis, Gipsy Smith, aan Suid-Afrika, word rev. William M.Douglas deur die Methodistekerk aangestel om opvolgwerk te doen. "His ministry was like a flame of fire which set the Eastern Province alight" (Terhoven 1989:137). Hy het plekke soos Somerset-Oos, Graaff-Reinet, Aberdeen, Port Elizabeth en Seymour besoek. Tydens sy besoek is kerke soos die Baptiste, Kongregasionaliste, Presbiteriaanse, Metodiste en Afrikaanse kerke geraak deur die vuur van die Heilige Gees (:138). Hy is ook onder andere genooi na Wellington waar hy, saam met Albert Head van Engeland, 'n konferensie, soortgelyk aan die Keswick Konferensies in Engeland, moes toespreek.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Dr.Andrew Murray het die konferensie gelei. Spoedig het ook daar 'n oortuiging posgevat en 'n tonele van herlewing het afgespeel (:137).

### *3.6 Herlewing reik ver en wyd*

Ander gemeentes het ook gedeel in die seën van herlewing, soos Paarl, Wellington, Tulbagh, Swellendam, Robertson, Stellenbosch, Calvinia, Alexandria, Richmond, Graaff-Reinet, Murraysburg, Beaufort-Wes, Prins Albert, Aberdeen en vele meer. Ook gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie het daarby gebaat, soos Fauresmith in die O.V.S., waar die lees van die boekie "*De Kracht des Gebeds*" tot merkbare verandering in mense se geestelike lewens gelei het. Waar die predikant aanvanklik teen bidure gekant was, moes hy toegee dat die uitwerking daarvan duidelik sigbaar was in sy gemeente. Selfs op Kroonstad, Ladysmith, Natal en Hartebeesfontein, Transvaal, was die Heilige Gees in daardie tyd aan die werk. Oor geïsoleerde gebeure in elke gemeente kan baie gesê word, maar 'n eienskap wat gemeenskaplik in al die sentra uitgelig kan word, is dat groot getalle verlore sondaars tot bekering gekom het.

Op sendinggebied het die herlewings ook 'n merkbare uitwerking gehad. Stephanus Hofmeyr, wat ten tye van die herlewings tot bekering gekom het, het eers onder die Buyse gewerk en later onder die swartes en blankes. Ná tien jaar het daar 'n wonder gebeur. Hy skryf die begin van die herlewing toe aan die kinderbiduur op die stasie. Mettertyd het 'n sondeoortuiging onder die kinders ontstaan totdat daar een aand groot ontroering onder hulle was soos trane, sugte en belydenis van skuld. Daarna het onbeskryflike tonele afgespeel toe die kleurling- en swart kinders van die biduurkring tot bekering gekom het. Vandaar het die beweging oorgegaan na die groot Buyse, en later na die swartes op ander stasies - selfs daar waar eerw. Hofmeyr nie persoonlik kon kom nie. Grysaards, towenaars, moordenaars het geween soos kinders. Sommige wat hul probeer verset het, het bewusteloos neergeval (Keet:16).

Hierdie herlewing het van daar af na die blankes uitgebrei. Mense wat uit nuuskierigheid kom kyk het, is aangegryp deur die geweldige skuldgevoel en kom eers na veel worsteling "en onder hewige aandoening" tot lig. Groot getalle het tot bekering gekom. Mense wat eerw.Hofmeyr eers gehaat het, het sy trouste ondersteuners geword (Keet:17).

### *3.7 Reaksie op en nagevolge van die herlewings*

Waar sommige predikante die herlewing veroordeel het en skepties daarteenoor gestaan het, het andere dit beskou as werk van die Heilige Gees. Barnard (1960:44) wys daarop dat die "afwesigheid van ernstige besware teen die herlewing" opvallend was. Ds.Van der Lingen was eers skepties daarteenoor en wou dit nie te haastig as 'n werking van die Gees aanvaar nie, "maar die gereserveerdheid het spoedig verdwyn. Van offisiële kerklike kant is die herlewing heelhartig gesteun" (:44).

Tydens die sitting van die Kaapse sinode in 1862 is drie sittingsdae gewy aan die onderwerp van herlewing, naamlik 22 en 29 Oktober en 5 November. Verslag is gedoen vanuit die volgende gemeentes waar herlewing voorgekom het: Calvinia, Tulbagh, Montagu, Worcester, Paarl, Beaufort-Wes, Murraysburg, Fauresmith, Swellendam, Caledon, Stellenbosch, Prins Albert, Sterkstroom, Graaff-Reinet,


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Richmond, Franschhoek, Villiersdorp, Queenstown, Abeerden, Hartbeesfontein, Kroonstad en Harrismith. Sommige predikante wat ook gesmag het na herlewing in hul eie gemeentes, kon egter nie saampraat nie. Op 5 November 1862 word die volgende sinodale besluit "met algemene stemme" geneem: "Die Sinode erken met ootmoed en dankbaarheid die opwekking wat in verskeie gemeentes plaasgevind het as 'n heerlike werk van die Heilige Gees tot redding van siele en tot verheerliking van die Here Jesus" . (Retief 1976:42). Prof.N.J.Hofmeyr het ook verwys na die oplewing wat in die omstreke van Breërivier, Goudini, Hexrivier, Montagu en Wellington onder plaasmense voorgekom het. Op sommige plekke moes die mans, vrouens en kinders, vanweë die talryke opkomste, afsonderlik vergader (Retief 1976:43).

Met die uitsondering van enkele negatiewe opmerkings, is die herlewing allerweë gunstig beleef. Dit het ook veelvuldige positiewe gevolge ingehou waarby kortliks stilgestaan word:

### *3.7.1 Toename in gebed*

Gebed was sekerlik die vernaamste dryfveer agter die herlewings. Van die staanspoor af is besef dat slegs gebed 'n soortgelyke herlewing wat op daardie stadium oorsee voorgekom het, kon ontketen. Spontane gebed en 'n buitengewone belangstelling in bidure was kenmerkend Daar is vurig gebid vir die "uitstorting van die Heilige Gees", soos dit soms genoem is. In gemeentes waar bidstondes getaan het, is spontaan tot gebed oorgegaan. Anders as wat die normale verloop van sake was, het selfs jongmense, kinders en anderskleuriges spontaan gedeel in gebed.

### *3.7.2 Sondebesef en verlossing*

Talle leraars was ná die Worcesterkonferenise verstom oor die diepe besef van sonde onder lidmate en die berou en erkenning wat hulle voor die troon van genade gebring het. Die kragtige inwerkinge van die Heilige Gees het gelei tot die oortuiging van sonde; die sterk begeerte na verlossing en die kragdadige bekeringe van baie lidmate (Oberholster 1952:222).

Prof.Hofmeyr skryf die oorsprong van hierdie opgewektheid tot gebed toe aan die "lewewekkende teenwoordigheid van die Heilige Gees asook aan die diepe oortuiging van skuld en sonde, die sterk begeerte na verlossing en heiligmaking en die hartgrondige bekering tot God" (Retief 1976:43). Hy noem dat talle mense wat tot inkeer gekom het, in sonde gelewe het, terwyl andere in sommige se oë 'n onbesproke gedrag geopenbaar het, maar in die lig van God se Gees het hulle tot die besef van hulle inwendige bederf gekom. Die besef van hulle onreinheid en van die heiligheid van God is in die meeste gevalle nie deur die prediking van die Woord teweeggebring nie (:44). Skeptici teen die werking van God in mense se lewens, is self deur die Gees van God oortuig van hul sondige toestand (:44). Ook Barnard (1960:44) verwys na die diepe skuldbesef, die ontwaakte gewetens en die besef van verlorenheid en die verlange na verlossing.

'n Uitstaande vrug van herlewing is die "veranderde lewens". Herhaaldelik word melding gemaak van persone wat hartgrondig tot bekering gekom het. Ander wat as lidmate 'n goeie en fatsoenlike lewe gelei het, kom tot 'n definitiewe beslissing en tot groter geloofsekerheid (Barnard 1960:46).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Retief (1976:45) noem ook van groot getalle onverskilliges, in sommige gevalle verharde sondaars, wat tot bekering gekom het. Baie voorgangers in ydelheid en wêreldse plesier het die Here Jesus aangeneem en daarna deur hulle dade en gesindheid getoon dat die Heilige Gees in hulle harte regeer. Die volk van die Here is uit hulle trae slaperigheid wakker geskud en tot ywer vir die diens van die Here opgewek; die Bybel is met groter belangstelling gelees en bestudeer; huisgodsdiens is getrou waargeneem; nuwe belangstelling in die sieleheil van die bediendes en die sending het posgevat; mense praat makliker oor die godsdiens en getuig makliker teenoor andere; die bywoning van eredienste en bidure het toegeneem, finansiële bydraes het vermeerder. Ernstige pogings is aangewend om van alle sonde af te sien en 'n begeerte om in alles volgens die wil van God te lewe (45,46)..

*3.7.3 Heiligmaking*

Volgens Du Toit (1952:257) is daar nie bloot nadruk gelê op sekerheid van geloof nie, maar ook op die leerstuk van heiligmaking. Hier verwys hy na ds.Van der Lingen wat ná die herlewing kon getuig dat hy nie meer "kneg" is nie, maar "seun".

*3.7.4 Aansteeklikheid*

As verdere kenmerk van die herlewing, wys Barnard (1960:44) op die aansteeklikheid van die emosie en die voorbeeld. Die buitelandse herlewing en ook plaaslik het meer gemeentes na so 'n ondervinding laat smag. Die onderlinge besieling was aansteeklik en die verwagting na herlewing is versterk (:44).

*3.7.5 Knou vir liberalisme*

Die negentiende eeu word beskou as die eeu van worsteling - ook in die Ned.Geref.Kerk. Veral die opkoms van die ongeloof soos in die liberalisme geopenbaar, het die innerlike lewe van die Kerk aangetas (Oberholster 1952:216). Ds.G.W.A.van der Lingen het in 1852 die Kerk 'n lyk genoem want in 1862 was die tekens van liberalisme in die Kerk baie duidelik sigbaar (:216,7). Lidmate is uit sinodale oord gewaarsku teen die verskillende vorme van verleiding, maar is ook opgewek tot 'n lewendige en proefondervindelike geloofslewe (:218). "Hierdie rigting wat gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu duideliker geword het, hang ten nouste saam met die opwekkings van 1860 - en ook die latere spesiale evangelieprediking het sy wortels in hierdie gebeurtenis" (:218)

Dat die herlewings die Kerk uit 'n dilemma gered het, is seker. Dr.Retief beskou die herlewing as 'n middel in die raadsplan van God waardeur die liberalisme afgewend kon word. Hy tref die vergelyking met onkruid wat geen vatkans het waar die koring welig groei nie; so kon die liberalistiese idees nie by die lidmate ingang vind nie. Die geestelike lewe in die gemeentes was te sterk. Waar die valse sogenaamde wetenskap die persoon, die werking en selfs die bestaan van die Heilige Gees ontken het; het dieselfde Gees Hom in sy almagtige werking geopenbaar (Retief 1976:46). Potgieter (1952:87) stel die oorwinning oor die liberalisme soos volg: "Waar die Vors van die duisternis die Kerk van Christus wou verbreek, het die Gees van God dit op kragdadige wyse bewaar, vermeerder en versterk."

Barnard (1960:45) sluit hierby aan en noem dat waar die liberalisme sy kop uitgesteek het en waarin die bonatuurlike ingrype van God deur die Gees en ook die leiding van die Gees verkleineer is, het God



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

geopenbaar dat Hy nog die lewende God is. Hy is die God wat sy Kerk regeer en bewaar en wat onmiskenbaar deur Sy Gees kan ingryp en kan vermag wat al die menslike pogings en prestasies nie kan doen nie, naamlik om die hart van die mens te verander en die geloofsverbondenheid met God te bewerk.

### *3.7.6 Opleiding van evangeliedienaars*

Volgens Terhoven (1989:109,110) het prof. Hofmeyr berig dat die verandering in die land revolusionêr was. Die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch kon beswaarlik al die aansoeke hanteer ná die herlewing. Vyftig uit 'n groep van 60 jongmense wat deur die herlewing op Worcester geraak is, het aangemeld. Sending en evangelisasie het posgevat en binne tien jaar ná die herlewing het die Ned.Geref. Kerk meer as 12 sendingstasies binne en buite die Kaapkolonie gehad (:110). Crafford (1982:58) bevestig dat die herlewing nie alleen daartoe bygedra het dat groot getalle jongmense aangemeld het vir opleiding nie, maar talle het ook hulle diens vir die sending beskikbaar gestel. "So het die herlewings die tydvak van groot opbloei van die sending van die NGK ingelui" (:58).

### *3.7.7 Verbetering in prediking*

Du Toit (1952:256) skryf dat die herlewing 'n positiewe bydrae tot die kansel gelewer het. Gedurende die eerste helfte van die 19de eeu het die prediking volgens sekere getuienisse in gebreke gebly om die hoorders tot sekerheid van hulle geloof te voer. Hy verwys na ds.J.R.Albertijn wat dit "wet-prediking" noem. Hy sê dat die weg van saligheid nie noodwendig verswyg is nie, maar daar was nie altyd 'n duidelike voorstelling van of aandrang tot die gelowige aanname van die heil in Christus Jesus nie. Dit het tot gevolg gehad dat die gelowige gemoed selde tot sekerheid gekom of blymoedigheid in die Here geniet het. Talle het onder sondeoortuiging gekom, 'n skuldgevoel ontwikkel, die gewete is aangekla, 'n vrees vir die dood en oordeel het posgevat, maar daarby het dit meestal gebly (:256,257).

Met die uitsondering van dr.A.Faure en ds.G.W Stegmann, was die ander predikante se kansel-arbeid "nie innig" nie. "Die diepste roersele van die hart is nie geraak nie. Wel is die mens se verlore toestand en sy verlossing deur Jesus Christus op regsinnige wyse voorgestel, maar daar was in die leerredes 'n gemis aan ernstige opwekking tot bekering en geloofsoorgawe" (Du Toit 1952:257). Kestell (1911:10) voeg hieraan toe:"Bij Stegman daarentegen trad vooral de bekering op den voorgrond."

Volgens ds.Albertijn het die herlewing daartoe bygedra dat 'n groot verbetering te bespeur was in die prediking. Hy verwys daarna as "geloofsprediking". Du Toit (1952:257) haal hom soos volg aan: "Een nieuwe periode brak aan in het geestelik leven van vele heilzoekenden, de prediking vond grote bijval, en bracht groot verandering ten goede in het leven van velen....wat nooit tevoren of zelden gehoord was, werd toen allerwege vernomene; men had vrijmoedigheid ontvangen tot ene blijmoedige belijdenis van de Heer". Volgens Du Toit kan hierdie klanke vandag nog (1952) op die kansels van die Ned.Geref. Kerk gehoor word en noem dat dit 'n "innige warme vroomheid" besorg het wat 'n karaktertrek van die Ned.Geref. Kerk geword het (:257).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

### *3.7.8 Sang*

Die sing van Halleluja- en Kinderharpliedere het algemeen byval gevind. "*Die Kinderharp*" het ongeveer 1863 in druk verskyn en bestaan uit 'n versameling liedere uit verskillende liederebundels - o.a ook dié van Sankey (1840-1909) wat as sangleier sedert 1870 saam met D.L.Moody (1837-1899) opgetree het. Hierdie bundel is saamgestel deur ds.Charles Murray van Graaff Reinet. Hoewel sonder enige kerklike opdrag, is die bundel langsamerhand deur meer en meer gemeentes gebruik, maar veral in kinderdienste, Sondagskole en Pinksterbidure (Van der Watt 1980:21).

### *3.7.9 Kinderbekerings*

Talle kinders het ten tye van die bekende opwekking in die Suid-Kaap tot bekering gekom. Ds.P.K.Albertijn bespreek in 'n artikel die onderwerp of kinders ook tot bekering kan kom en benewens die Skrifluurlike gronde daarvoor, verwys hy ook na voorbeelde van mense wat wel as kind tot bekering gekom het. So vertel hy van die opwekking in die gemeentes Riversdal en Heidelberg toe hy self 'n kind van 11-12 jaar oud was en onthou dat die opwekking soos 'n vuur versprei het, veral onder die kinders en jongmense (*De Kerkbode* 21 Mei 1930:931). Toe hy 30 jaar later sy maats gaan opsoek het, was hulle "nog onder die kudde, nog trou aan die Here Jesus, God nog dankende vir daardie dae...en die bewys gelewer dat ook kinders tot 'n waaragtige bekering kan kom" (:931). Hy spreek sy besorgdheid uit oor soveel gevalle waar kinders oor die hoof gesien word. Hy doen 'n beroep op die leiers om veral in die naderende Pinkstertyd meer aandag aan die kinders te gee.

### *3.7.10 Langtermyn-invloed op die Kerk*

Nadat die herlewing in die jare 1860-1862 'n hoogbloei beleef het, en sporadies daarna in enkele gemeentes opgevlam het, het dit geleidelik afgeneem en die belangstelling daarin het begin verflou. Ten spyte hiervan, kon die werking en invloed nog lank daarna gevoel word en het die vrug van die herlewing nog lank daarna voortgeduur. Benewens die Pinksterbidure wat gereeld gehou is, was daar 'n voortdurende verlange na 'n volgende herlewing. "Dit was die ondertoon van baie preke, gesprekke, artikels en konferensies" (Barnard 1960:66). Die herlewing onder Moody en Sankey in die vroeë sewentigerjare, het ook plaaslik weerklank gevind en kon plekke soos Swellendam en Montagu in 1874 weer deel in die herlewingsvuur (:66).

Hoewel die herlewing self vir etlike jare aangehou het, was die resultate permanent en dat die volk daardeur op 'n hoër geestelike peil gebring is. Die godsdienssin wat kenmerkend van ons volk is, het ons in groot mate aan hierdie herlewing te danke (Retief 1976:46).

Du Toit (1952:259) sluit sy bespreking oor hierdie onderwerp af met die opmerking: "Die herlewing was, ten spyte van sommige onreëlmatighede, tot onberekenbare seën vir Kerk, Evangelisasie en Sending in Suid-Afrika."

Die Methodistekerk en die Ned.Geref.Kerk het die meeste gebaat by die herlewings, aldus Terhoven (1989:93): "Within five years of the revival under Taylor and Palma, the Methodist Church of South


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Africa and the Dutch Reformed Church had made the greatest advances and had seen the greatest results. Although other churches shared in the blessings of revival, they were little effected."

'n Verdere stimulus wat kon dien om herlewing voortdurend onder die aandag van Christene te plaas, was die *Bidvereeniging van Zuid Afrika*. Hierdie vereniging, wat in 1874 opgerig is, het ten doel gehad om die diensknegte van die Here van alle kerke te verenig in gemeenskaplike gebed vir mekaar. Verder was hulle gebed dat die Here hulle met sy Gees sou doop; dat die Here sy Gees sou uitstort op hulle huisgesinne en omringende heidene; dat Hy 'n Gees van gebed en smeking sou uitstort op alle leraars en lede van die Kerk van Christus *(De Gereformeerde Kerkbode* 29 April 1876:142).

Die benoeming van "'n Kommissie vir Spesiale evangelie-prediking" in 1876 deur die Kaapse Kerk, was 'n verdere bydraende faktor tot die bereiking van 'n ideaal om herlewing in die kerk diep te laat inslaan. Die doel van hierdie kommisie was dat mense bepaalde tye moes afsonder om 'n spesiale boodskap van bekering te bring en aan te dring op 'n onmiddellike aanneming van die Here Jesus as Saligmaker. In die gewone dienste moes die leraar die preke afwissel, maar met die "besondere dienste" moes die prediking op die spits gedryf word sodat die sondaar kon besef *"Nu is het tijd. Nu moet ek mij bekeeren" (De Gereformeerde Kerkbode* 5 Julie 1879:217). Herlewing het dan ook inderdaad op die hou van sulke dienste gevolg" (Barnard 1960:67).

Aanvanklik is van ds.Andrew Murray van Wellington en dr. Servaas Hofmeyr van Montagu se dienste gebruik gemaak vir die hou van spesiale dienste. Tydens 'n toer van sewe weke is die groot taak van evangelisasie en gepaardgaande tekort aan evangeliste terdeë besef (Hanekom 1952:332). Gedurende 1879 en 1891 het dr.Andrew Murray sewe evangelisasiereise in verskillende dele van Suid-Afrika onderneem. Weens sy besondere gawe op hierdie gebied, het die gemeente van Wellington aan hom geredelik verlof toegestaan om die opwekkingsdienste te hou. Hy het 'n ernstige beroep gedoen op die gemeentes waar hy besoek sou aflê om deeglike voorbereiding te tref vir die dienste. Gelowige gebed vir 'n ryke oes moes die dienste voorafgaan (:447).

Later het ander predikante ook hierdie praktyk beoefen. Groot seën het daarop gerus. In die laaste jare van die vorige eeu is sporadiese beriggewing ontvang van geestelike herlewings in baie gemeentes ten gevolge van hierdie dienste. Ook ná die Anglo Boereoorlog is berig ontvang van soortgelyke godsdienstige gebeure in gemeentes soos Potchefstroom, Langlaagte, Klerksdorp en Bethal. Met hierdie seën het spesiale dienste, konferensies en die persoonlike aandeel van spesiale predikers 'n groot rol gespeel (Van der Watt 1980:21,22).

Spesiale evangelieprediking is tot laat in die veertigerjare beoefen. Oor hierdie aktiwiteite word meer uitgebrei in 'n volgende hoofstuk.

Hoewel predikante dit nie teen die spesiale dienste as sodanig gehad het nie, was hulle beswaar in wese teen die "na bijeenkomsten". In antwoord op hulle beswaar, verdedig ds.Murray hierdie byeenkomste wat telkens ná 'n diens gereël is vir geestelik-behoeftige siele soos volg: "Ik zeg aan hen dat het het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

afbreken van de pijlpunt zou wesen. Verbeeld u eén vergadering van het Heilsleger zonder een boetebank" (Hanekom 1952:448).

'n Besondere geleentheid was toe Murray op uitnodiging van D.L.Moody in Amerika vir veertien dae oggendbyeenkomste waargeneem het. Ds.Murray het oor die "swak en sieklike" toestand van die kerk gepraat, wat nie alleen die nagenoeg vierhonderd gaste wat teenwoordig was, aangegryp het nie, maar in besonder vir D.L.Moody (Hanekom 1952:456).

### *3.7.11 Kleur- taal- en kerkgrense word oorbrug*

Ken Terhoven, wat self tydens Pinksterbidure in 1941 in die Ned.Geref. Kerk tot bekering gekom het, noem, benewens verkeie ander faktore wat as uitvloeisels van die herlewings gedien het, ook die begin van die Keswickkonferensies. 'n Ander saak wat hy aansny, is die talle geestelike leiers wat gedurende die Boereoorlog na vore getree het, waaronder generaal Beyers - "a God-fearing man, led his commandos in daily prayer and Bible study." (Terhoven 1989:93:94). Twee van sy offisiere, J.F.Naudé en J.A.Retief, was so belas met die swartmense wat sonder Christus geleef het, dat hulle besluit het om 'n vergadering te belê vir al die Boere in 1900 in Pietersburg. Naudé, Retief en ds.Kriel was ongelukkig omdat buitelanders meer besorg was oor die sieleheil van die plaaslike bevolking, dat hierdie vergadering op 28 September 1900 gehou is (:205). Voortvloeiend daaruit het verskeie persone as sendelinge na die Soutpansberg, Waterberg en Pietersburg gegaan.

Evangelisasie onder die Britse magte het bygedra tot die hou van bidure te Mafeking, Ladysmith en Kimberley. Ook aan die Boere se kant is bidure gehou. Terwyl genl.Beyers op kommando was naby Nelspruit, was daar geestelike mense saam met hom, o.a. ds.A.Kriel. Hulle het snags vir die krygers gepreek, met die gevolg dat talle Christene geword het en daarna met Bybelstudie en bidure begin het. Hulle was behulpsaam met die bou van 'n sendingstasie tussen Waterburg en Lydenburg (Terhoven 1989:205).

In ‘n betekenisvolle stelling beweer Terhoven (1989:110) dat die “Boereoorlog” tragies was, maar baie is dit eens dat die oorlog ‘n honderd keer meer tragies sou wees sonder die herlewing van 1860.

Verskillende denominasies het tydens die herlewing spontaan saamgewerk. Oberholster (1952:221) beweer dat die herlewings nie net toegeskryf kon word aan die buitelandse invloed nie. Die invloed van die Wesleyaanse Kerk (Metodisme in Suid-Afrika) kan nie onderskat word nie. Deur hulle opwekkings-veldtogte in die jare 1830, 1836, 1837, 1849 en 1866 het hulle groot invloed uitgeoefen. Dit is geen wonder dat verklaar word:"The history of the Methodist Church in South Africa is a history of many revivals" (:221). Oberholster (1952:221) sê dat ook die Metodiste die Here dank vir die wonderlike herlewing van sy Woord onder lidmate van die Ned.Geref.Kerk. Veral deur “*Het Zuid-Afrikaansche Evangelisch Verbond*” het die Ned.Geref. Kerk met die Metodisteleraars in aanraking gekom. Hierdie beweging het hom beywer om die opwekkings in Europa, Engeland, Ierland en Amerika plaaslik bekend te stel (:221).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Terhoven (1989:122,123) verwys na die eerste dienste wat deur die "*Church of England*" gehou is in die Groote Kerk, Kaapstad ná die opspraakwekkende prediking van ds.Van Lier. Alle rasse het onder die invloed gekom van die herlewing wat in die laat 1790's ontstaan het en ná die aardbewing van 1809 groter momentum verkry het. Methodiste, lede van die Church of England en die Ned.Geref.Kerk, Baptiste en Presbiteriane, het 'n gemeenskaplike doel gehad, naamlik die redding van verlorenes.

Nadat die nuus van die Walliese herlewing Suid-Afrika bereik het, het dit beide Afrikaans- as Engelssprekendes geraak. 'n Ned.Geref. Kerk-kommissie reik 'n uitnodiging aan alle kerke om saam te staan in gebed (Terhoven 1989:133). Dr.Andrew Murray, prof.Hofmeyr en ds.Botha het so 'n konferensie gereël vir Mei 1905 aan die Kweekskool op Stellenbosch. Toe 'n brief van Evan Roberts uit Wallis ontvang is oor die herlewings aldaar, het dit die Christene aan die Kaap tot groter toewyding gemotiveer. Spoedig het fenomenale ontwakings in die Kaapkolonie plaasgevind in beide Afrikaans- en Engelssprekende kerke (:134).

Gedurende Pinkster het die Methodiste van Wittebergen 'n week van gebed geborg. Daar was so 'n oorweldigende reaksie, in so 'n mate dat voorbidders reeds om vieruur die oggend vergader het en bidure dwarsdeur die dag aangehou het. 'n Maand later het die herlewing in Villiersdorp uitbreek (Terhoven 1989:134).

Die besoek van buitelandse predikers aan ons land het ook verder bygedra tot die versoening tussen die Boere en Engelse. In 1905, ná die besoek van Rodney "Gypsy" Smith, die Britse Evangelis, was die hele Suid-Afrika geroer deurdat Boer en Brit hande gevat het in die herlewing en tienduisende het tot bekering gekom (Terhoven 1989:94). In daardie tyd het 'n evangelis, William Douglas, die Oos-Kaap besoek waar herlewing ontstaan het. Aberdeen in die Karoo is geraak en op plase het wit en swart, Engelse en Hollanders na God gesoek. Douglas het na Port Elizabeth gegaan waar 'n ander golf van herlewing die stad getref het. Vanaf Seymour, Grahamstad en Cradock, was die hele Oos-Kaap spoedig aan die brand deur die vuur van herlewing. Rees Howells van Wallis het met sy besoek aan Suid- en Sentraal Afika gesien hoe tienduisende na Christus kom. Hy het verskeie sendingstasies in Suid-Afrika en Rhodesië gestig voordat hy na Wallis teruggekeer het om 'n intredingsbediening te begin (Terhoven 1989:118).

Grubb (1971:165) skryf in die biografie van Rees Howells dat hy deel was van die "*South African General Mission*" wat in 1889 gestig is onder die presidentskap van dr.Andrew Murray. Op versoek van die S.A.G.M. in Kaapstad, moes Howells 'n konferensie in Durban bywoon (:171) en daarna die verskillende sendingstasies in Swaziland, Pondoland, Bomvanaland, Tembuland en Zululand besoek (:173). In Johannesburg het hy vir 21 dae aaneen dienste gehou in een van die grootste kerke wat elke aand volgepak was. Hy het van drie tolke gebruik gemaak weens die teenwoordigheid van verskillende stamme. Dit het egter nie die Gees van God gekeer nie, want honderde het elke aand uitgekom vir redding (:175).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Mnr.en mev.Howells is ook deur Charles Murray, die seun van dr.Andrew Murray genader om hulle sendingstasie te besoek, maar weens die griep, wat reeds die lewens van twee sendelinge geëis het, is dit afgestel (Grubb 1971:179).

*3.7.12 Die sendingsaak word bevorder*

Een van die grootste uitvloeisels van die herlewing was die sendingbewustheid wat ontstaan het en daarmee saam die begeerte om self tot aksie oor te gaan. Veral in die Kaapse Kerk het die sending 'n kragtige stimulus gekry deur die herlewings (Crafford 1982:57).

Reeds met die veelbesproke konferensie te Worcester (17-19 April 1860) het nie alleen sake soos herlewing, offervaardigheid, sabbatsheiliging en lektuur aandag gekry nie, maar ook die sending. Dr.P.Faure het in sy voorlesing nadruk daarop gelê dat meer aan die sendingsaak gedoen kon word. 'n Beroep wat deur ds.A.Murray (jr.) gedoen is dat meer werkkragte gewerf moes word, het onder andere vir die sendingsaak van die Ned.Geref. Kerk groot voordeel ingehou (Crafford 1982:57).

Nie alleen het kleurlinge tydens die herlewings onder oortuiging van sonde gekom en Christus as Saligmaker aangeneem nie, maar ook die blankes is aangewakker deur 'n groot belangstelling en ywer vir die sendingsaak. Behalwe dat individue tot die sendingsaak toegetree het, het kerkrade ook gepoog om hierdie verdienstelike saak te steun.

Prof. N.J.Hofmeyr het verskeie gemeentes, "wat in die opwekking kragdadig gedeel het", besoek ten einde die sendinggees aan te wakker. Veral die aankoms van di.McKidd en Gonin het stimulerend ingewerk op die plaaslike sendingsaak en pogings is aangewend om die buitelandse sending te steun. In meer as een gemeente is geld ingesamel en sendingverenigings is gestig. Volgens Retief (1976:53) het die herlewing bygedra dat die Ned.Geref. Kerk tot ontwaking gekom in verband met die sending. Daarna het die Sendingkommissie jaarliks soveel bydraes ontvang as wat voor die tyd in vyf jaar ontvang is. Waar daar vroeër vier werkgeselskappe was, het dit aangegroei tot een en dertig. 'n Wenk van prof. Hofmeyr, dat een persoon vir die sendingsaak afgesonder moes word, het nie op dowe ore geval nie, toe 'n sendingsekretaris later aangestel is.

In April 1862 vertrek ds. (later dr.) Andrew Murray, ds.en mev. Gonin en ds.Mc.Kidd na die sendingwerkkring van Transvaal, waar hulle onder andere met Paul Kruger in aanraking gekom het. Nadat Ramkok te kenne gegee het dat hy nie in 'n sendeling belangstel nie, is McKidd na die Soutpansberge waar hy onder die Buys-stam (afstammeling van Coenraad Buys) sendingwerk gedoen het. Beide ds.en mev.McKidd is kort na mekaar oorlede en die werk aldaar is voortgesit deur Stephanus Hofmeyr, wat vir veertig jaar daar sendingwerk gedoen het. Ds.en mev.Gonin het weer op hulle beurt by Saulspoort sendingwerk gedoen tot en met die dood van ds.Gonin in 1911.

In 1897 het die Njassa-sending (Malawi) ook die voorreg gehad om in die herlewing te kon deel. Ná die dood van eerw.Koos du Toit op 30 Julie 1897, was daar 'n groter openheid tussen sendeling en inboorling, met die gevolg dat die Gees van God ook daar met krag kon werk. (Retief 1976:65). Naas ds. W.H.Murray, het ds. A.C. Murray ook 'n onuitwisbare rol gespeel in die Njassa-sending.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

‘n Verdere uitvloeisel van die herlewing, wat tot voordeel van die sending was, was die stigting van die Kinder- en Vrouewerkgeselskappe Crafford (1982:58) beweer dat hierdie organisasies die voorlopers was van vroueverenigings en die Kinder-sendingkrans wat groot bydraes gelewer het tot die bewuswording van die sending.

### *3.7.13 Opleidingsinrigting vir voornemende sendelinge*

Verskeie leraars het die sendingsaak sterk benadruk - nie alleen in die prediking nie, maar ook deur die hou van konferensies en samesprekings. Tot 175 persone het hulle as kandidate vir die sendingveld beskikbaar gestel. 'n Spesiale kommissie is aangestel wat moes omsien na die opleiding van die kandidate. Die kommissie, bestaande uit di.J.R.Albertijn, W.A.Alheit, I.F.A de Villiers, G.J.Hugo en J.du Plessis het besluit om 'n inrigting op Worcester te stig. As hoof het ds.A.F.Louw gestaan. Die inrigting het op 12 Februarie 1903 onder blyke van groot belangstelling plaasgevind. Naas ds.J.H.Hofmeyr se aandeel in die verrigtinge, het prof.De Vos ook as spreker opgetree en opgemerk dat daar 200 jongmanne is wat begerig is om as sendelinge opgelei te word (Retief 1976:88,89).

## *3.8 Herlewing onder die krygsgevangenes*

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) is talle Boere as krygsgevangenes na plekke soos Ceylon, Indië en Egipte weggevoer. Talle vrae het ontstaan waarom dit met hulle moes plaasvind. Ná alles was dit duidelik dat God daarmee ‘n doel gehad het. Verskeie predikante het dit hulle taak gemaak om die Boere te besoek en geestelik te versorg. Die Heilige Gees het kragdadig gewerk onder die Boere in die kampe. Die rede hiervoor was omdat die beproewing, eensaamheid en verlange die manne tot ‘n herwaardering van hul verhouding tot God gebring het. Baie krygsgevangenes het vir die eerste maal of by hernuwing hulle lewe aan die Here gegee. Hierdie vernuwing het hernude belangstelling in die verlossing van die heiden bewerk (Cronjé 1981:274). Ds.C.R.Kotzé, wat self in ballingskap was, bevestig dat die Kerk bepaald die vernaamste plek in die Boer se lewe in die kamp ingeneem het (1942:68). Hy sê dat die Boerevolk in die uur van benoudheid sy toevlug geneem het tot die Kerk, die Bybel en gebed (:69).

Brink (1904:149) erken dat die geestelike standaard van die Boere aanvanklik nie op standaard was nie. Die geloof was in baie opsigte verdoof en die godsdiens het nie geklink soos egte goud nie. Ceylon was egter die beste plek waar God sy volk in die woestyn kon lei om tot hulle hart te spreek. So spreek ds.Geo.Murray op Dinsdagaand 16 Desember 1900 in ‘n boodskap na aanleding van Sefanja 3:19 baie ernstig tot die hoorders. Hy sê dat die oorlog plaasgevind het, sodat God die sonde uit hul lewens kon neem. Hy wys hoe hulle as “hinkende” en “verstote” vreemdelinge hul eie sondige toestand moet ontbloot en vergifnis van God ontvang. Die doodsvyand in hulle, die Agan, moet uitgelewer word (:168-173).

Van die belangrikste kampe waar die krygsgevangenes aangehou is, was die volgende:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

*3.8.1 Diyatalawa-kamp, Ceylon*

Hier het die nagenoeg 5 000 Boere onbeskryflike fisieke en emosionele ontberings deurgemaak. Hierdie, en ander omstandighede aan die tuisfront het die krygsgevangenes tot ernstige nadenke gestem. "Daar was baie wat besef het: die pad deur die hospitaal na die graf kan my pad ook wees, en is ek gered?" (Retief 1976:81). Verskeie leraars het die blye boodskap van verlossing aan die gevangenes oorgedra waaronder ds. P.Postma van Pretoria, ds.Geo.Murray van Oudtshoorn, genl. P.H.Roux van Senekal, ds.Geo.Thom van Frankfort, ds.D.Minnaar van Heilbron en eerw.H.Roux van Bethlehem (Brink 1904:165).

Genl.Roux vertel dat hy gedurende drie weke in Maart 20 keer moes preek, ongeag prof.Hofmeyr se versekering dat hy slegs een keer per week sou preek. Telkens was die vergaderplek stampvol (J.W.L.Hofmeyr in Cronjé 1981:273). Baie het daar tot bekering gekom en uitvloeiend van so 'n ondervinding was die begeerte dat ook die heidene gered moes word (:274).

J.H.Brink vertel in sy geskrif "*Ceylon en de Bannelingen*" hoe die Boere die Here leer ken het, wat onder die treurigste omstandighede die hart kan verbly en vertroos. Die heidene, sowel as die Christene wat op die eiland woonagtig was, moes erken dat die krygsgevangenes vreugde het wat hulle (die eilandbewoners) nie geken het nie. Selfs die heidene het die versekering gegee dat hulle geen beswaar het om die God van die Boere te leer ken nie, omdat dié God 'n mens heilig en gelukkig maak (1904:164).

Wat interessant is, is die vermelding dat daar reeds Christene op die eiland was met die aankoms van die bannelinge. Wat in gedagte gehou moet word is dat ds.M.C.Vos vanaf 1804 tot 1809 as sendeling in Indië en Ceylon gearbei het. Op 'n stadium was daar tot 300 000 naam-Christene (Cronjé 1981:276). Nie alleen het 'n groot herlewing in hierdie kamp uitgebreek nie, maar ná die oorlog het die bekeerlinge die *Ceylon-Hulp Zendinggenootschapp* gestig (*De Koningsbode* Aug.1902 aangehaal deur Cronjé 1981:277).

Op Ceylon het die Strewersvereniging 'n hoogbloei beleef. Die groot vergaderings van die Strewers- en Jongeliedeverenigings is druk besoek en tye van verkwikking is ondervind. (Brink 1904:164). Die Strewers het in die Diyatalawakamp 200 lede gehad. Verskillende takke het ontstaan met 'n totaal van ongeveer 600 lede (:156).

*3.8.2 St.Helena*

Van ds.A.F.Louw se bediening op hierdie eiland word gesê dat hy met vuur en geesdrif gearbei het. Sondae en feitlik elke aand het hy dienste gehou. Sy prediking was baie ernstig en direk op die man af en hy het gedurig aangedring op bekering. Die mense het gevoel dat hy hulle vaskeer en dat hulle nie sonder bekering kan loskom nie. Hierdie benadering van hom is tot in die katkisasieklasse en Strewersvergaderings toegepas. Mense het getuienis afgelê van wat die Here vir hulle gedoen het en hoe hulle tot bekering gekom het (Retief 1976:83). Die plaaslike en huislike omstandighede het 'n "suggestiewe" invloed op die mense gehad. "En daarom verbaas ons ons ook nie oor die baie harte wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

daar vir onse Here Jesus gewen is nie, alhoewel die herlewing natuurlik nie deur die omstandighede teweegebring is nie, maar deur die Gees van die Here" (:84).

Ds.Louw skryf oor sy ondervinding op die eiland dat hy seer bewus geword het van die krag van die evangelie. Hy sê dat die werking van God, deur die Heilige Gees, in 'n mens se diep bedorwe hart iets werkliks is. "Die bekering van die sonde tot God is nie maar verbeelding nie. Dit is 'n ware verandering van hart en lewe" (Louw 1958:115). Op pittige wyse skryf hy: "Meermale het die man wat kliphard gestry het teen hierdie soort van evangelie - soos baie daar dit uitgedruk het - vir die Here gehendsop" (:115). Hy berig dat grysaards en jong manne hulle tot die Here bekeer het. Kinders van die Here is aangemoedig om hul getuienis uit te dra. ""Menige sondaar onder die duisende bannelinge is deur 'n vriend daartoe gebring om na die Saligmaker te kom om verlossing" (:116).

Ook hier het die herlewing mense tot nuwe insigte gebring, veral ten opsigte van die sending. Ds.F.Louw vertel op 'n sendingkonferensie van 'n sekere kommandant wat getuig het dat hy 'n teëstander van die sending was, maar sy oë het oopgegaan. Hy wys daarop dat die hart van die sondaar eers moet verander. Eers wanneer 'n mens bekeerd is, kom alles reg (Cronjé 1981:274).

Die sendingsaak het só gebloei dat "*De St.Helena Zending Hulp Kommissie*" gestig is met die doel om onder andere die sendingbelangstelling in Suid-Afrika te bevorder. Talle jongmense het aangemeld om hulle as sendelinge te bekwaam ná afloop van die oorlog. Ds.Louw berig dat 175 manne daarvoor geroepe gevoel het (Cronjé 1981:274). C.R.Kotzé (1942:70) skryf ook van die talle konferensies wat in sy tyd in en buite die kampe gehou is. Daar is veral besin oor die Boer se verpligting teenoor Sendingwerk.

Drie faktore wat Retief (1976:86) uitlig wat as oorsake gedien het vir die geestelike oplewing, was die geestelike vatbaarheid van die bannelinge, die erns en toewyding van die leraars wat hulle bearbei het en baie gebed.

'n Groot gevaar waaarvan ds.Louw bewus geword het tydens sy bediening op die eiland is die vormgodsdiens van die Afrikaner. Hy sê die probleem is dat hulle so tevrede kan wees met 'n uiterlike godsdiens "sonder die salige versekering van verlossing en die vrugte van die Heilige Gees in die lewe" (Louw 1958:116).

### *3.8.3 Fort Amednagar, Indië*

Terwyl 'n groep krygsgevangenes met die "*Roslin Castle*" weggevoer is, het ds.D.J.Viljoen daagliks aan boord dienste gehou. 'n Klein groepie het die dienste bygewoon. In Indië aangekom, het ds.Viljoen dadelik begin om die godsdiens te reël. Uit die persone wat vroeër as kerkraadslede in hul onderskeie gemeentes gedien het, is 'n kampkerkraad saamgestel, wat die leraar moes bystaan met huisbesoek, katkisasie, bidure en eredienste (Retief 1976:78).

Spoedig was die vrug op die arbeid sigbaar. Ds.Viljoen het onder andere vir etlike dae aaneen 'n spesiale reeks dienste gehou. Hy het veral oor sonde en verlossing gepraat en die volksonde van Israel uitgelig. Aanvanklik was die bywoning nie na wense nie, maar met verloop van tyd het daar kragdadige bekerings


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

plaasgevind. Dit het tot gevolg gehad dat die dienste later baie beter bygewoon is en dat honderde in hierdie tyd tot bekering gekom het. Daarmee saam is die kinders van die Here versterk en verdiep in hulle geestelike lewe. 'n Ware herlewing het ontstaan (Retief 1976:78).

Ook hierdie herlewing is, te midde van teenkanting, voorafgegaan deur volhardende gebed. Roekeloses en onverskilliges het hulle probeer ontwrig. Ná die herlewing was toestande anders, toe godsdiens gehou en na hartelus gesing is. Dikwels kon die stemme van bidders in die nag gehoor word. Dit was persone wat om genade en vergifnis van sonde gesmeek het (Retief 1976:79).

### *3.8.4 Shahjahanpr, Indië*

Ds.Burger het as predikant van Middelburg, Transvaal, opgetree as veldprediker by die Republikeinse Magte. Nadat hy in Februarie 1902 gevange geneem is, is hy na Indië gestuur waar hy saam met nagenoeg 2 000 ander krygsgevangenes in 'n kamp geplaas is. Die ongewensde omstandighede in die kamp het hom genoop om dienste te hou. Naas die vestiging van skoolonderrig, het gereelde kooroefening plaasgevind en is selfs 'n Jongeliedevereniging gestig. Elke aand ná die diens het hy katkisasieonderrig aan 170 jongmense aangebied. Omdat daar nie veel was waarmee die krygsgevangenes hulle kon besig hou nie, is die dienste goed bygewoon. Die manne was heilbegerig en baie het hom versoek om die weg van saligheid vir hulle noukeuriger te verduidelik. Groot getalle van die burgers het tot bekering gekom (Retief 1976:80).

## *3.9 Herlewing in die vroeë jare van die twintigste eeu*

Nie alleen in die vorige eeu nie, maar ook vroeg in hierdie eeu het merkwaardige herlewings wêreldwyd plaasgevind, waaronder die herlewing in Wallis 1904 en 1906, wat onverwags begin het. Die beweging het by 'n eenvoudige jong mynwerker, Evan Roberts, ontstaan en op die byeenkomste het merkwaardige tonele plaasgevind. Verharde sondaars het in trane uitgebars en geroep om genade. Ander het weer stuiptrekkings gekry en in 'n beswyming neergeval (Keet :12).

Keet (:11) noem ook dat naas die Walliese herlewing, die Oxford Groepbeweging beskou kan word as 'n uitvloeisel van herlewing. Hy getuig dat hy self groot seën ontvang het deur hulle arbeid en maak melding van die meer as 40 lande waar hulle aktief is en waar honderdduisende tot oorgawe of vernude oorgawe aan Christus gebring is. Deur die wêreldoorlog is die beweging geweldig gestrem, maar sy werk gaan in stilte voort (:11).

Wat hier terloops vermeld kan word, is die waarde wat prof.dr.D.J.Keet aan die werk van die Oxfordbeweging geheg het, terwyl dit allerweë later in dele van die Ned.Geref. Kerk sterk veroordeel is. In 'n volgende hoofstuk word meer breedvoerig hierop ingegaan.

In dieselfde jaar as wat die herlewing in Wallis ontstaan het, is dele van ons land ook deur herlewing geraak. In 1905 ontvlam 'n herlewing in Villiersdorp. In *De Gereformeerde Kerkbode* van 3 Augustus 1905 berig ds.E.G.Malherbe dat heerlike, ongekende seën op Sondagaand 23 Julie gerus het. Die aand om 8-uur was ongeveer 130 Christelike Strewers byeen, toe die Heilige Gees Hom kennelik openbaar het. Onbeskryflike, kragdadige oortuiging van sonde, benoudheid, angs, berou, strome van trane en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

gebede, luide geroep om redding was die kenmerke. Elke aand is byeenkomste in die kerk gehou wat soms tot drie uur lank geduur het. Die opkomste het tussen 350 en 500 beloop en soms het 15 tot 20 mense tegelyk gebid. Daar was op 'n stadium meer as 100 egte bekerings, onder wie van die roekeloosste sondaars was. Vyf-en-veertig kinders in die Sondagskool het tot bekering gekom.

Berigte van herlewings is ook ontvang van Bradasdorp, Ceres, Grabouw en Sutherland. In Sutherland het meer as 'n honderd mense die Here Jesus aangeneem (Retief 1976:91). In 1923 het die herlewing in Stormsvlei (Swellendam-distrik) begin. Ook in Malagas het mense ernstig begin bid vir die "redding van siele".

Ds.G.D.du Toit berig self oor die herlewing wat op 8 en 9 September 1923 daar plaasgevind het. Die Here het hom gelei om 'n tweedaagse konferensie op Malagas te hou oor die onderwerp "Die drie ampte van Christus". Twee weke tevore is 'n soortgelyke byeenkoms op Stormsvlei gehou. Die werkinge van Gods Gees was sigbaar en groot afwagting het geheers. "Die lug was vol elektrisiteit. Ek meld dit hier om aan te toon dat die herlewing wat gekom het, van die begin af die werk van die Heilige Gees was. Die negetal werkers was aan brand vir die redding van siele" (*Die Kerkbode* 7 Augustus 1940:243). Hy vertel van die gebedsgees wat geheers het en die gevolg was dat die Gees van God kragtig begin werk het. Daar was 'n ongekende bekommernis oor sonde en dié wat gered is, het dadelik begin getuig en werk. Nie alleen was die Sondagoggenddiens 'n geleentheid om nooit te vergeet nie, maar met die aanddiens, "nog voor die derde gelui, voor 'n enkele woord gespreek is, was die hele kerkgebou een toneel van gesnik en geween. Die menslike element was hier heeltemal uitgeskakel. Gods Gees was self aan die Woord" (*Die Kerkbode* 7 Augustus 1940:234). Ds.Du Toit het die gehoor versoek om te bedaar; 'n kort gebed is begin, maar toe 'n lied opgegee is, kon niemand sing nie. Ná die diens het 'n groot aantal bekommerdes agter gebly "en daardie aand het God groot dinge gedoen in die kerkgebou op Malagas" (:243).

Volgens 'n berig in *De Kerkbode* het die herlewingsvuur vanaf Malagas na Bredasdorp en Napier getrek waar weldra die nood aan spesiale dienste besef is. "Ons geliefde leraar het met al die erns van sy siel gepleit vir die siele van die onbekeerdes. By elke vergadering was die saal stampvol en baie bly na elke diens agter" (*De Kerkbode* 14 November 1923:1562). Ds.Van Wyk van Franschhoek is genooi om dienste te hou. Die geestelike behoefte was so groot dat hy langer moes bly. Een aand het 41 mense getuienis afgelê van seën. Die meeste was jongmense en kinders. Elke aand het groot getalle bekommerdes agtergebly (:1562).

Van daar af het die vuur versprei na omliggende dele soos Swellendam en Bredasdorp. Veral onder die jongmense en kinders was die werking van die Gees van God oral in die wyke sigbaar. Omdat die tyd ryp was vir 'n reeks dienste, het di.G.D.Du Toit, A.E.du Toit en Eckard op Sondag 14 Oktober daarmee begin. 'n Spontane gebedsgees het onder die mense posgevat (:243).

Vanaf Swellendam het die herlewing na Bredasdorp versprei. Ds.D.J.Viljoen van Bredasdorp berig dat sommige van die onverskilligste en hardste siele tot bekering gekom het. Wat hom getref het, was die heilbegerigheid wat oral in die gemeente bestaan het. Hoewel dit oestyd was, en almal druk besig was,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

het mense baie ver gekom. As bekommerdes agterbly, word hulle gou omsingel deur jong Christene. "Die stroom is so sterk en die seën so groot, dat ons almal moet sê: Dit het van die Here geskied, en dit is wonderlik in ons oë" (*Die Kerkbode* 7 Augustus 1940:244).

Ook op Napier was 'n groot honger na die vrymakende evangelie. Ds.G.D.du Toit maak melding hiervan en haal 'n verslag van 'n onderwyser, mnr.P.J.du Toit, aan, soos wat dit in *Die Kerkbode* van 14 November 1923 verskyn het.

Ds.Du Toit sluit die terugblik oor die herlewings in die onderskeie gemeentes af met die volgende versugting: "En mag die Christene in die drie genoemde gemeentes wat hierdie tyd van herlewing deurgemaak het, op 8 en 9 September, a.s., hulle voor die aangesig van God stel met danksegging, met skuldbelydenis en terugkeer, waar daar afdwaling was, en met vernude toewyding!" (*Die Kerkbode* 7 Augustus 1940:244).

Die volgende gedagte van Terhoven (1989:21) is heel gepas in die lig van die geseënde herlewing wat soveel mense se lewens verander het:

> *Revival is nothing less than a sovereign breath of heaven. It is God-planned, God-initiated, God-given, God controlled and God-glorifying. No man takes any credit for it, although some have been associated with revivals of the past. No man can organize it, control it or plan it; it is something which is completely in God's hands.*

### *3.10 Negatiewe reaksie op die herlewings*

Die felste kritiek was gewoonlik afkomstig uit ultra-Calvinistiese kringe, veral uit geskrifte van predikante uit ander gereformeerde kerkgenootskappe. Een van die min negatiewe uitvloeisels van die herlewing word aangesny deur Du Toit (1952:259) wanneer hy na ds.S.J. du Toit verwys as 'n persoon wat dit as sy taak beskou het om op sekere afwykinge die aandag te vestig. Hy verwys na sy preekbundel, *De Huiskerk*, waarin hy betoog dat 'n oppervlakkige gevoelsprediking alte dikwels aangetref word, wat nie genoeg rekening hou met die verbondsleer nie. Predikers stel dit baie keer voor asof God in sy evangelie enkel met individue werk, sodat elke mens geheel vir sy eie rekening staan. Hy meen dat die bekerings-ywer van sommige predikers te ver gegaan het.

Du Toit (1952:259) verwys ook na 'n korrespondent van *De Gereformeerde Kerkbode* wat die opmerking maak dat al die preke wat tydens die sinode van 1862 gehou is, volgens die sintese gebou is. "Dit beteken dat die Skrif nie tot sy reg op die kansel gekom het nie. Ná die herlewing sien ons ongetwyfeld tendense wat gevaarlik was. Die ou kruiskerk moet al meer plek maak vir kerkgeboue van meer moderne styl, terwyl die "eierkelk"-kansel wat die aandag op die Woord gevestig het, verruil word vir die rostrum of platform, waar meer as een leraar kon staan en wat hom leen vir die hou van konferensies. Inderdaad, sommige godsdienstige samekomste op Sondag was nie meer eredienste nie, maar "meetings" . As kerklied word al meer aan Sankey en die Halleluja voorkeur gegee" (:259).

Van der Watt (1980:22) erken dat die plaaslike herlewings én sy onmisbare verband met soortgelyke verskynsels in die buiteland onteenseglik Metodistiese invloede verraai het. Oor die spesiale evangelieprediking wat uit die herlewings gegroei het, is dieselfde beswaar, wat teen die opwekkings



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

ingebring is, ook teen hierdie soort prediking gehoor. Die oormatige aksent op bekeringsprediking, die aandring op die gehoor op onmiddellike bekering, die druk op lidmate om tydens die dienste getuienis af te lê "asof slegs diegene wat daartoe in staat is ware bekeerdes is", was alles faktore wat kritiek uitgelok het. "Die menslike werk van die verlossingswerk is sodanig geaksentueer dat die goddelike sy daarvan verswyg is; en die heerlike waarhede soos die uitverkiesing, die vrymagtige werking van die Heilige Gees en die volharding van die heiliges is verbygegaan" (:23).

In hierdie verwysings van Van der Watt na die kritici van herlewings is duidelike Calvinistiese klanke te bespeur. (In 'n volgende hoofstuk word hierdie onderwerp behandel.) Enigiets wat neig in die rigting van 'n bekeringsappèl op gedoopte verbondskinders, word as Metodisties afgemaak. Is dit nie dalk vergesog om die werking van die Heilige Gees, waar verlore sondaars tot redding kom, as 'n niksbeduidende mensgemaakte emosionele reaksie af te maak nie? Mense het in 'n atmosfeer van geestelike droogte in gebed tot die hemel geroep vir die uitstorting van die Heilige Gees. Die soewereine wil van God het bepaal waar en op watter wyse sy Gees werksaam sou wees. Daarom dwing dit die mens tot stilswye, maar terselfdertyd tot bewondering vir God se bemoeienis met die mens - al staan die wyse waarop die manifestasies plaasgevind het, die mens nie aan nie. Sou die mens egter in sy vleeslike ywer 'n mensgemaakte opwekking probeer genereer, sou dit uiteraard afkeurenswaardig wees.

### *3.11 Pinksterbidure as uitvloeisel van herlewing*

Een van die geseëndste uitvloeisels van die herlewings, is die Pinksterbidure - "iets eiesoortigs onder alle Kerke van die wêreld - en iets wat as 'n besondere geestelike begenadiging aan ons eie Kerk deur God gegee is....'n gedagte wat waarlik van die Here was...." (Muller in *Die Kerkbode* 26 Januarie 1949:172). Pinkster was nog altyd tye van verkwikking vir Gods volk en ook dikwels tye van besondere insameling van siele vir die koninkryk van God. "Tot watter onberekenbare seën hierdie instelling vir Gods volk was ten opsigte van die verryking en verdieping van sy geestelike lewe, sal die ewigheid alleen kan openbaar" (:172).

'n Onbekende skrywer spreek sy dank uit teenoor God omdat Hy vir die Kerk so onuitspreeklik goed is, want uit talle oorde word berigte ontvang van "krachtige werkingen van Gods Geest tot de bekering van onbekeerden en tot de opbouw der gelovigen" (*De Kerkbode* 18 Junie 1924:773). Hy betoon groot waardering vir die Pinkstertyd wat ná 60 jaar nog gereeld gehou word en "'n tyd der minne" vir die Kerk geword het. "Het is de tijd, wanneer de stem der tortelduiven gehoord wordt in ons land - de stem der bekommerden en der zoekenden, die daar vrage: " wat moeten wij doen om zalig te worden?"" (:774).

#### *3.11.1 Die oorsprong*

Die twee wortels waaruit die Pinksterbidure ontstaan het, is die herlewing in die middel van die vorige eeu en die herdenking van Pinkster wat die kragtige werking van die Gees herdenk (Barnard 1960:53).

Die Pinksterbidure het 'n aanvang geneem gedurende die herlewingstyd in die gemeente van die Paarl (1861). Ds.en mev. Van der Lingen het, nadat hulle verneem het van die herlewing in Wellington, saam met vriende begin bid vir herlewing in hulle eie gemeente.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

In 1857 word ds.Van der Lingen benoem as professor aan die Kweekskool, maar weens die besorgdheid oor sy eie gemeente, wys hy dit van die hand. Hy was 'n harde werker, kragtige prediker "en 'n man wat persoonlik belang gestel het in die sieleheil van mense" (De Villiers in *Die Kerkbode* 1 Mei 1968:584). Ná 'n teleurstellende saketransaksie in 1856 het hy besluit om hom geheel en al op sy gemeente toe te spits. Die geestelike toestand het hom uiters swaarmoedig gemaak. Te midde van baie spanning, sterf hulle dogter in 1857 (:584).

Op 21 Oktober 1860 tree prof.Hofmeyr, in die afwesigheid van ds.Van der Lingen, in die gemeente op. Die gemeente is met erns op herlewing voorberei en daar is oral en dringend gebid om "de beloftes des Vaders", terwyl verskeie "bidbijeenkomsten" op verskillende plekke gehou is. Die bidure het vermeerder en die bywoningstal het toegeneem (Barnard 1960:56). Vanaf 26 Oktober het mense gereeld in die gimnasium byeengekom vir gesamentlike gebed.

Vanuit Liverpool, Engeland, is 'n versoek aan die Evangeliese Alliansie gerig om Christelike kerke op te wek om aan die begin van elke jaar 'n week van gebed te hou. Hierdie versoek het byval gevind toe die gemeente van die Paarl vanaf 5 tot 13 Januarie 1861 so 'n reeks gehou het. Hierdie week van gebed was geseënd deurdat lewe in die dorre doodsbeendere begin kom het. Die jongmense was die eerstes wat gereageer het (Retief 1976:36). Die aantal bidure en aantal bidders het ná hierdie week toegeneem, terwyl daar allerweë by mense 'n besef van sonde en skuld ontstaan het (Barnard 1960:57).

Buitengewone verskynsels was waarneembaar van mense wat onder sondeoortuiging gekom het. Baie het in groot benoudheid by ds.Van der Lingen kom hulp vra. Een persoon het gesê: "Vroeër het ek geweet dat ek 'n groot sondaar is, maar nou voel ek dit". So het mense op 'n kragdadige wyse tot oortuiging van sonde gekom (Retief 1976:36,7).

Ds.Van der Lingen het die noodsaaklikheid besef dat mense nie alleen tot sondeoortuiging moes kom nie en daarom het hy hulle gelei tot versekering van hulle saligheid en tot 'n lewe van vreugde en oorwinning. As Calvinis het hy hom deeglik in die Skrif gegrond, omdat hy aanvanklik skepties was met hierdie tipe verwikkelinge. Gaandeweg het hy die vrug van herlewing in sy eie en in ander gemeentes aanskou. Hy het besef dat dit nie mensewerk was nie, maar dat dit God was wat in antwoord op gebed begin werk het.

In Februarie belê hy 'n vergadering vir die leiers van die verskillende "bid-byeenkomste" om te besin oor middele wat aangewend kan word om die ontvange seën vas te maak, te behou en uit te brei. Daarna is bidure gereeld gehou ten einde berigte van opwekkings in ander lande na te gaan, "die gebeurtenisse onder ons te overwegen, en overeenkomstig Matth.XVIII:19,20 gemeenschappelijk te bidden" (Barnard 1960:57). Dit het geseënde resultate opgelewer. In Mei daardie jaar is besluit dat die lede van die verskillende gebedsbyeenkomste jaarliks tussen Hemelvaart en Pinkster moet afsonder "in navolging van die eerste Christelike gemeente, en om dan "die belofte van die Vader" af te smeek" (Retief 1976:37,38).

In daardie tyd het ds.Van der Lingen homself as 'n groot sondaar beskou en terdeë bewus van die gebreke in sy geestelike lewe, het hy en sy gemeente hulle diep voor God verootmoedig. Hy het homself


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

onwaardig gevoel om as man van God geken te word. Hy het sterk verlang om volkome vry te wees van die sondebande en om die vreugde van die Here waarlik te besit (Retief 1976:38).

Hierdie sondebewustheid het in sy lewe voortgeduur. Ná die Saterdagaand-byeenkoms, waar daar steeds om genade gesmeek is vir hul sondetoestand, versoek die leraar diegene wat 'n behoefte het, om agter te bly. Hoewel net twee persone gereageer het, is die Here se teenwoordigheid sterk aangevoel. Nogtans het daar groot verwagting geheers dat die Heilige Gees hulle sou besoek op Pinkstersondag.

Anders as in die verlede, reël ds.Van der Lingen 'n biduur vir die middag van Pinkstersondag 19 Mei 1861. Ná die erediens het hy in die kerkgebou gebly "om in gebed te worstel" en toe die gemeente die middag by hom aansluit, rig hy 'n ernstige woord tot hulle waarna hy voortgaan in gebed waarin belydenis van sy eie sonde en dié van sy gemeente gedoen is. "Terwyl hy bid, kom hy in 'n soort verrukking van sinne en roep onder 'n vloed van trane, onder diep ontroering uit: "Vader, Vader, zie ....wie is Hij....stelt zich tusschen U en ons....lieflijk voorwerp....het is de Held van Bozra, zijne kleederen zijn geverfd met bloed" (Barnard 1960:59).

Aanvanklik was sy woorde vir die gemeentelede duister, maar op 'n later stadium verduidelik hy dat, terwyl hy op sy knieë gelê het en die belofte van die Vader gesmeek het, het hy baie sneeuvlokkies gesien wat na die hemel opstyg en skielik was daar bliksemstrale uit die troon, totdat 'n Krygsheld in 'n bloedbevlekte mantel met snelle vaart deur die lugruim voor die sneeuvlokkies kom en Hom tussen hulle en die troon stel, om sodoende die bliksems af te weer. Eers het hy nie die gesig verstaan nie, maar toe Hy herken dat dit sy Verlosser was, sê 'n stem in sy binneste dat dit die gebede van Gods volk is wat opstyg, maar nie aangeneem kan word sonder die tussenkoms van die Erekoning nie (Retief 1976:40).

Ná hierdie gebeurtenis het die Here op 'n nog kragtiger manier in die harte van mense gewerk "om sondaars tot bekering te lei en om die kinders van die Here tot voller en ryker geestelike lewe te bring" (Retief 1976:40). Ds.van der Lingen getuig nou dat hy nie meer die Here as "kneg" dien nie, maar as "kind" (:40).

Voortaan sou die tien dae voor Pinkstersondag dien as geleentheid om deur afsondering en gebed "opnuut 'n Pinksterseën van die Here af te smeek" (:40). Meer as een gemeente het hierdie voorbeeld nagevolg totdat dit 'n algemene gebruik in die Kerk geword het. Sedert 1867 word jaarliks Pinksteronderwerpe in *Die Kerkbode* gepubliseer as riglyn vir hierdie besondere tyd.

Ds.A.Murray skryf in *De Gereformeerde Kerkbode* van 11 Mei 1867, p.145: "Tijdens de gezegende opwekking hier te lande eenige jaren geleden, werd in meer dan eene gemeente behoefte gevoeld om gedurende de Tien dagen dagelijks byeen te komen, tot het gebed om de uitstorting des Geestes. En op meer dan ééne plaats gaat men er nog jaarlijks mede voort".

Hierdie oplewing in die gemeente van Paarl het mettertyd genormaliseer. Nogtans het 'n ongekende belangstelling geheers onder gemeentelede om die openbare byeenkomste by te woon. Die kerk was stampvol, in so 'n mate dat mense selfs op die trap van die galery stelling moes inneem. Bo en behalwe die formele samekomste, het 'n lewende entoesiasme oor die algemeen onder lidmate posgevat. Mense



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

se harte was "gevoeliger" vir geestelike waarhede; godsdiens was 'n vername onderwerp in menige gesprekke en selfs die huisgodsdiens is hierdeur gestimuleer. Die herlewing het 'n omwenteling in daardie gemeente gebring. Talle onverskillige mense het tot bekering gekom. Roekelose sondaars het 'n liefde vir gebed en die Woord begin openbaar. Ds.Van der Lingen het by geleentheid gesê dat hy nie glo dat iemand in die hele gemeente onaangeraak gebly het nie (Retief 1976:41).

Soos genoem, het hierdie Pinksterbidure in verskeie gemeentes in die Ned.Geref.Kerk, en ook in ander kerke, 'n algemene gebruik geword. Dit was nie nodig dat enige sinode die Pinksterbidure deeglik moes bespreek of daaroor besin nie. Ook is bepalinge daaromtrent nie in die kerkwet van die verskillende gefedereerde kerke vervat nie. Dit het as 'n vanselfsprekendheid in gemeentes begin posvat (Barnard 1960:62).

### *3.11.2 Plasing van Pinksteronderwerpe in "Die Kerkbode"*

Geen daadwerklike leiding vir die hou van Pinksterbidure is vanuit kerkweë geneem nie. In 1867 word vir die eerste keer leiding en wenke gegee deur ds.Andrew Murray in *De Gereformeerde Kerkbode* van 11 en 25 Mei. Daarna is reekse ongereeld geplaas totdat dit meer reëlmatig gepubliseer is. Waar die Suid-Afrikaanse Bybel- en Bidvereniging aanvanklik iemand genader het om die reekse op te stel, het die Kaapse Sinode besluit om 'n kommissie te benoem om jaarliks onderwerpe op te stel en aan die Sinode te rapporteer (Barnard 1960:63).

Verskeie publikasies het veral ná die herlewing daarin geslaag om die onderwerp van bidure en herlewing onder die kerklike publiek se aandag te vestig. Benewens *De Gereformeerde Kerkbode* , het ander geskrifte verskyn, onder andere: *Het Biduur. Toespraken ten gebruike bij Bedestonden (1877); De Volle Pinksterseen (ds.A.Murray) (1895);Pinksterlicht en Leven (prof.N.J.Hofmeyr) (1896)*

Die herlewingsliedjies wat in die Kerk bekend geraak het, is veral tydens Pinksterdienste gesing. Hieronder was die Kinderharpliedere, die liedere van Moodey en Sankey en die Hallelujaliedere (Barnard 1960:65).

### *3.11.3 Besware teen Pinkster*

'n Beswaarde ds.A.M.Meiring van Johannesburg reageer in *Die Kerkbode* van 23 Mei 1951 (:1138) op 'n berig onder die opskrif: *"Pinksterdienste is vir baie 'n vloek"* wat in *Die Oosterlig* van 4 Mei 1951 verskyn het. Hierin kom etlike negatiewe klanke onder predikante tevoorskyn. Vir die een predikant is Pinksterdienste 'n geleentheid wat vir sommige mense net ""n soort geestelike hoogspanning en opgewondenheid gee, om daarna die geestelike lewe weer te laat verslap tot 'n lae en trae peil waarin sommige baie selde of selfs gladnie weer die kerk bywoon voordat dit weer pinkstertyd is nie." Voorstelle wat gemaak word is dat Pinksterdienste vervang moet word met een Pinksterbiduur in elke maand van die jaar. 'n Ander predikant verkies dat die Pinksterweek afgestel word en met 'n Evangelisasieweek vervang word omdat die bestaande vorm "sektewese bevorder, wat glo dat die Heilige Gees elke jaar weer opnuut uitgestort word" (:1138).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Ds.Meiring distansieer hom van bogenoemde negatiewe uìtsprake en sê: "Die pinksterdienste in die Ned.Geref. Kerke van Suid-Afrika het in die negentig jaar van hul bestaan 'n geestelike erfenis nagelaat en 'n gewyde betekenis verkry wat vir ons baie kosbaar is" (*Die Kerkbode* 23 Mei 1951:1138).

### *3.12 Interpretasie en beoordeling*

In hierdie hoofstuk is grotendeels staat gemaak op sekondêre bronne omdat dit 'n onderwerp is wat in die verlede baie deeglik bestudeer is. Hierdie onderwerp het die verbeelding van baie mense aangegryp omdat daar onder andere besef is dat die gebeure vir die nageslag behoue moes bly en omdat dit ook kon dien as motivering vir die moderne kerk om te bid vir herlewing.

Sekerlik die belangrikste gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom is dat die mees uitstaande tema by herlewing ongetwyfeld "bekering" is. Nie alleen kom sondaars tot bekering nie, maar ook kinders van God wat afvallig geword het, keer weer terug tot God en herleef. Vir mense wat twyfel of daar nog enigsins plek in die Kerk is vir bekering, dien hierdie gebeure as klinkklare bewys dat dit wel die taak van die Kerk is om mense tot bekering te lei.

'n Belangrike les wat hieruit geleer kan word is dat herlewing nie iets is wat kunsmatig opgewek kan word nie. Die woord "herlewing" het deesdae baie goedkoop geword. Herlewing verg 'n baie hoë prys.

Een van die hoë pryse wat betaal moet word, is gebed. Die noodsaaklikheid daarvan is deeglik besef en daarom het die betrokkenes volhardend daarop voortgebou. Dit is ook duidelik dat as die Heilige Gees werk, niemand kan keer nie. 'n Mens kan ook nie voorskriftelik wees oor die wyse waarop herlewing sy loop moet neem nie. Dikwels het tonele afgespeel wat mense net verbysterd gelaat het. Dit is heel moontlik dat ongevraagde elemente kon insluip wat die herlewings in die algemeen in diskrediet kon bring, maar waar egte Heilige Gees gewerkte herlewing plaasvind, is die mens slegs 'n toeskouer.

Kenmerkend van 'n Heilige Gees-gewerkte herlewing is dat 'n diepe sondeoortuiging voorkom. Mense word bewus van hulle ellendige toestand voor 'n heilige God en roep dan om genade. In so 'n heilige atmosfeer is minder belangrike sake op die agtergrond geskuif. Geen leerstellige diskussies vind plaas nie. Navraag word nie gedoen of mense uitverkies is nie. Daar word nie gewonder of mense tot bekering kom en of hulle weergebore word nie. Selfs die orde van die heilsweg is van minder belang. Mense roep om hulp en word onmiddellik gered. Hier is egter ook geen sprake van bekering wat geleidelik plaasvind nie.

Om positief op die herlewings te reageer, spreek duidelik van 'n spesifieke invalshoek waaruit dit benader word, naamlik evangelies-piëtisties. Daarteenoor vind 'n mens diegene wat die herlewings beskou as 'n Metodistiese tendens waarby emosionele opsweping aan die orde van die dag is. Dit is kontra-gereformeerd en hoort eerder tuis by die sogenaamde "revivalists".

Die herlewing het nie die land in sy geheel beïnvloed nie. Waar net sekere gemeentes, hoofsaaklik in die Suid-Kaap, daardeur geraak is, het die res van die land onverpoosd voortgegaan. Intussen gaan die stryd met die liberales (Kotzé, Burgers en Loedolff) in die Kaapse Kerk voort en op politieke gebied dreig die oorlogswolke met die naderende Anglo-Boereoorlog (1899-1902).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Die herlewings het net vir 'n sekere tyd geduur, maar die vrug was blywend. Dit het bygedra tot die bevordering van gereformeerde spiritualiteit in die breë. Dit het ook 'n aptyt gewek om voort te gaan in gebed vir 'n geestelike vernuwing. Vir langer as 'n eeu word die versugting vandag nog hemelwaarts gerig: "Here, sal U ons nie weer lewend maak nie!"


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 4. VOLGEHOUE BEGEERTE NA HERLEWING EN DIE TOESTAND VAN DIE KERK

Dr.D.J.Keet konstateer dat ná 'n tydperk van geestelike warmte en bloei, kom daar een of ander tyd 'n mate van koudheid of doodsheid wat dan weer opgevolg word deur nuwe geesdrif en vrugbaarheid. Die Here gebruik gewoonlik omstandighede, soos die nood van die tyd, om die gunstige verandering tot stand te bring. In so 'n tyd gebruik Hy gewoonlik aangewese persone om vorm en rigting te gee (Keet:3).

So het daar deur die jare allerweë stemme van besorgdheid opgegaan oor die geestelike toestand van die Kerk. Veral in *Die Kerkbode* het heelwat berigte verskyn van lidmate wat hulle bekommernis uitgespreek het oor hierdie toestand. Dit was veral tydens die dertiger- en veertigerjare wat klagtes uit alle oorde na vore getree het oor hierdie toestand.

A.van Niekerk (1983:76) bevestig dat daar sedert 1930 'n redelik algemene besef binne die Ned.Geref. Kerk was van die geestelike nood, en daarmee saam 'n groot verlange na vernuwing en herlewing in die Kerk. Hy verwys verder na 'n algemene tendens in die kerkgeskiedenis waar mense in 'n tyd van vormlikheid en geestelike stagnasie begin vra na persoonlike belewenis van die heil in Christus. "..heilswaarhede soos wedergeboorte, bekering en heiligmaking het opnuut ter sprake gekom..." (:76).

A.van Niekerk (1983:77) haal dr.D. Moorrees aan wat 'n beskrywing gee van die twee strominge in die Ned.Geref.Kerk, naamlik dié wat sterk Calvinisties en streng ortodoks was en nie bereid was vir enige kompromieë nie, en daarteenor diegene wat bekend wou staan as Evangelies-Gereformeerd. Hy sê dat beide die "Evangeliese" as "Ortodokse" groepe erken het dat vernuwing in die Kerk 'n noodsaaklikheid was, maar dat daar verskille was oor die wyse waarop dit moes plaasvind. Die Evangeliese rigting, met eksponente soos G.D.du Toit, A.C.Murray en J.C.G.Kotzé het 'n oplossing gesien in 'n herlewing. Daarom was onderwerpe soos wedergeboorte, heiligmaking, herlewing, geestelike verdieping, ens. baie algemeen in daardie tyd (:77).

Vervolgens word in diepte ingegaan op die geestelike toestand van die Kerk in die betrokke tydperk en die konsekwensies wat daarmee gepaardgegaan het.

### *4.1 Die toestand van die Kerk*

Vir baie jare kon stemme roepende in die woestyn gehoor word oor die geestelike toestand van die Kerk. Te midde van die opwekkings wat op enkele dorpe beleef is, was die res van die Kerk in 'n geestelike droogte gehul. In die loop van 1860 word 'n reeks bydraes in *De Gereformeerde Kerkbode* geplaas oor hierdie toestand. Daar was 'n algemene ontevredenheid oor die heersende geestestoestand (28 Julie 1860:228). Dit word vergelyk met die dal vol doodsbeendere (11 Augustus 1860:245). Geen kunsmatige aanblaas van 'n herlewing sou tot 'n oplossing lei nie, slegs ernstige, kragdadige gebed (:246,7).

Iemand wat baie besorg was oor hierdie situasie, was dr. Andrew Murray. Een van sy bekende geskrifte wat in 1911 in Engels verskyn het, was "*Die Geestelike Toestand van die Kerk*". In 1860 verskyn 'n Nederlandse uitgawe van "*Die krag van die gebed*", 'n vertaling deur dr.Murray van 'n werk wat in 1858 in Amerika verskyn het. Dit handel oor die herlewings in Amerika in 1857 en 1858. In 1898 word die eerste uitgawe in Engels van sy boek "*Waarom Geen bekerings?*" gepubliseer. Die onderwerpe van hierdie boeke spreek vanself. Hy het gewis 'n passie gehad dat iets daadwerkliks in die Kerk moes plaasvind.

Een uitvloeisel van hierdie geskrif was 'n predikantekonferensie wat in 1912 te Stellenbosch gehou is oor die geestelike toestand in die Kerk. Ds.A.F.Louw skryf dat 147 predikante en sendelinge, asook 82 kweekskoolstudente die verrigtinge bygewoon het. Die liggaamlik-verswakte dr.Andrew Murray het die gehoor aangegryp met sy boodskap oor biddeloosheid. Mense kon nie ophou praat oor hierdie konferensie nie (Louw 1958:141,2). "*Het gebedslewe en de binnekamer*" het kort ná die konferensie uit die pen van dr.Murray verskyn (:143).

In *De Kerkbode* van 18 Julie 1918 (p.690) verskyn 'n kennisgewing oor 'n beplande konferensie ter verdieping van die geestelike lewe. Daarin word die algemene geestelike toestand in die Kerk as "ziekelijk en zwak" beskou, want daar is "min overwinning over zonde. Betrekkelijk weinige bekeeringen vinden plaats." Daar bestaan 'n behoefte aan 'n meer kragtige openbaring van die Heilige Gees in die gelowiges. Hierdie kennisgewing, onderteken deur Di.George Murray (sr.). A.G.du Toit, A.F.Louw, P.G.J.Meiring en A.C.Murray, vra ook ernstige voorbidding vir die konferensie en doen 'n beroep op die "Andrew Murray Gebeds-Unie, om met ons den Heere dagelijks ernstig te smeken" (*De Kerkbode* 18 Julie 1918:690).

In 1921 skryf ds.A. Murray oor "*Een hartstocht om de redding van zielen*". Benewens die vlugtige verwysing na buitelandse predikante, soos Jowett (*Passion for Souls*), Moody en Spurgeon, wat 'n passie vir siele gehad het, bepleit hy die hou van dienste vir sondaars, omdat dit geestelik dood is in die kerk: "Deze diensten, ondernomen met een brandend hart, zullen slechts één doel hebben, namelik zielen te *bewegen* Christus als Zaligmaker aan te nemen. En waar er een gloed van liefde en bekommernis over verloregaanden zich openbaart, daar zullen koude zielen tot het vuur getrokken worden. Is dit niet de reden, waarom onze diensten slecht bijgewoond worden, omdat zij zo geestelik koud zijn?" (*De Kerkbode* 8 September 1921:1043).

Ds.G.D. du Toit laat nie op hom wag nie en reageer onmiddellik op 'n versoek van ds.Rabie in *De Kerkbode* dat meer lig op die onderwerp van 'n krisisondervinding by heiligmaking gewerp moet word. Sy antwoord verskyn in 'n reeks aflewerings onder die titel "*Die Geestelike nood van die Kerk*" waarvan die eerste op 7 Augustus 1929 verskyn.

In die eerste aflewering bestee hy heelwat aandag aan die lae geestelike peil van die Kerk en skryf dit onder andere toe aan die gebrek aan geestelike krag - menende 'n lewe vervul met die Heilige Gees. Ds.Du Toit beskou die behoefte aan meer kennis oor die onderwerp van heiligmaking as 'n teken van die naderende wederkoms. Hy sê dat daar nog nooit 'n tyd was waarin mense meer 'n studie gemaak het van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wederkoms, waarin die onderwerp van heiligmaking meer die aandag van die Kerk getrek het as toe nie. Ondervinding het bewys dat dat waar Gods volk die heiligmaking najaag en met Gods Gees vervul is en afgeskeie van die wêreld leef, hulle gehaat, belaster en verdruk word. "Die vervulling met die Heilige Gees is vandag sulk 'n seldsaamheid in die Kerk, dat, waar mense hierdie seën van God waarlik ontvang het, hulle dadelik suspiesie (sic) opwek by baie mense. Ja, selfs by 'n groot deel van die Kerk" (*De Kerkbode* 7 Augustus 1929:235)

Hy spreek verder sy teleurstelling uit oor die geestelike toestand en meen dat die Kerk 'n gebrek aan geestelike krag besit. "Haar getalle mag styg, haar organisasie mag perfek wees, maar sy mis geestelike krag. Vandaar so wenig (sic) bekeringe onder ons en in die sendingveld" (:235) Hy vra die vraag of daar nie 'n predikantekonferensie gehou kan word waarop aandag aan hierdie saak gegee kan word nie. Hy deel die kommer van dr.Andrew Murray soos vervat in sy geskrif: "*Die geestelike toestand van die Kerk*". Vir ds.Du Toit wil dit voorkom asof Murray " 'n stem van die roepende in die woestyn" was (:235). Hy haal hom aan: "Die herlewing, wat ons nodig het, is 'n herlewing in heiligheid. Hiervoor sal daar nodig wees 'n nuwe soort van prediking...Deur die Hervorming is die grote waarheid van die regvaardigmaking, die uitbring uit die slawerny van Egipte, in sy plek herstel. Maar die ander waarheid van heiligmaking, die inbring in die land van rus en oorwinning, het nog nooit die plek geneem in die prediking en in die lewe van die Kerk, wat Gods Woord hom toeken nie" (:235).

In sy tweede aflewering van die reeks oor "*Die Geestelike Nood van die Kerk*" gaan ds.Du Toit voort met sy uitsprake oor die heersende toestand en beweer dat daar radikaal iets verkeerd is. "Die christelike lewe is in vele opsigte 'n totale mislukking...Hoeveel gemeentes is daar wat spreek van bekeringe? En waar daar ook nog bekeringe plaasvind, wat is die geestelike toestand van die bekeerlinge 'n jaar na hulle bekering?" Hy verwys na die groot getal bekerings wat plaasvind tydens die spesiale evangelieprediking van ds.P.van der Merwe, maar hy wou weet wat van die bekeerlinge geword het (*De Kerkbode* 14 Augustus1929:276).

Uit die mond van dr.Andrew Murray, wat verwys na die twee verbonde (bekering en heiligmaking) skryf ds.Du Toit: "Baie christene leef nog in die skaduwees van die Ou Verbond, en het nog nooit gekom tot die heerlike lewe van die Nuwe Verbond nie" (:276).

Ds.J.C.G.Kotzé van Stanford spreek in geen onduidelike taal nie, sy besorgdheid uit oor die toestand van die Kerk. Voordat 'n kerk sy sendingtaak kan volbring, moet dit kerngesond wees en daarom is selfondersoek nodig. Op die sendingkonferensie te Uitenhage is verklaar dat die Kerk se geestelike toestand van so 'n aard is dat die sendingwerk nie na behore gedoen kan word nie. Hy gebruik 'n voorbeeld van 'n swartman wat hom meegedeel het dat nog niemand met hom oor Jesus gepraat het nie (*De Kerkbode* 29 Julie 1931:210).

Kotzé impliseer dat die meerderheid lidmate van die Ned.Geref.Kerk geen geloofsversekering van hulle saligheid het nie. Baie sal nog eendag sien of hulle verlos is, terwyl andere dit ontken dat 'n mens seker kan wees van saligheid. "Die getal van ware lewende kinders van die Heer is die kleine minderheid, terwyl die groot getalle wat hulle vandag christene noem, hulle tevrede stel met so 'n vae godsdiens, dat

dit so goed is asof hulle òf 'n God aanbid wat ver buitè hulle bereik is òf 'n Saligmaker ken wat twee duisend jaar terug geleef het" (:210).

Hy verwys selfs na die Kinderkranse wat fondse insamel "om heidenkindertjies te red" terwyl talle kinders self nog "ongered" is (:210). Ook die kerkrade en in besonder die predikante word nie gespaar nie. "As ons net wil eerlik wees, moet ons erken, ons sink as Kerk dieper en dieper, omdat die leidsliede nie daardie Geesteskrag en toegewyde heiligheid besit en uitleef waartoe God ons geroep het en wat die inwoning van die Heilige Gees moontlik maak" (:210). Nie alleen is die Kerk in 'n "versonke geestelike toestand" nie, maar ook die sendingwerk bring soveel onoplosbare moeilikhede (:210).

In 'n volgende aflewering spreek Kotzé sy bedenkinge uit oor die bidure, konferensies, Pinksterdienste en spesiale evangelieprediking wat so min resultate oplewer omdat dit met soveel vleeslike ywer gepaard gaan. Die noodsaaklikheid van die vervulling met die Heilige Gees word sterk benadruk (*De Kerkbode* 12 Augustus 1931:302).

In die slotaflewering erken hy dat die enigste oplossing vir die probleem 'n kragtige herlewing onder Gods kinders is. Hierdie herlewing moenie 'n gebrekkige opflikkering wees nie, maar 'n hernude uitvloei van die Gees van God deur Sy wedergebore kinders tot die wêreld (*De Kerkbode* 19 Augustus 1931:344). Dit het nodig geword dat daar 'n kruisiging van die self moet plaasvind. Hy sluit die reeks af met 'n beroep dat *dadelik* gehandel sal word op die Uitenhagebesluit "dat dit dringend noodsaaklik is, dat daar oral samekomste sal gehou word tot verdieping van die geestelike lewe en tot gebed (345).

"Wat makeer die Kerk?" is 'n vraag wat voorkom in *De Kerkbode (*5 Augustus 1931:229). Ná ongeveer 1900 jaar sedert die uitstorting van die Heilige Gees, word die vraag gevra: "Waar is daardie krag en hoe is dit verlore geraak?" Later in dieselfde artikel word gevra: "Wat is die oorsaak van die magteloosheid? Want sy was magteloos om 'n wêreldoorlog te verhinder, is kragteloos om die wêreldgees te bestry, en kragteloos om die grote heidenwêreld te evangeliseer" (:229). Vir 'n antwoord op hierdie kwelvrae verwys die skrywer ook na die boek van dr.Andrew Murray "*De Geestelijke toestand der Kerk*": Die antwoord is geleë in die gedagte dat die Kerk mank gaan aan die krag van die Heilige Gees. Hierdie krag tree alleen in werking deur gebed, maar die Kerk kan nie meer bid nie omdat "ons *te traag* en te wêrelds is, om die kragtige gebed te kan bid dat ons te blind en te lou is, om in te sien dat dit werklik van ons afhang, dat God die Gees nie kragtiger kan uitstort nie; en dat daar geen verandering kan kom, totdat Gods volk sig geheelenal opoffer, om deur die Heilige Gees vernuut en vervul te word, geheilig en versterk, vir die werk wat God beloof het om deur ons te doen" (:230).

Vanuit Bulwater skryf "*Gevoelig*" oor die gereelde biddae wat vir reën gehou word, en sê dat daar min besorgdheid bestaan oor die geestelike droogtetoestand in die land. Die sonde neem op skrikwekkende wyse toe. Die toestand van die siele in die gemeentes word vergelyk met die droë Karoobossies waaraan nie 'n enkele groen blaar te vinde is nie. "Sal die droë veld ons nie opwek om ook te dink aan 'n herlewing in ons geestelike lewe nie. Mag die Heer, in Sy grote genade, 'n geestesreën oor ons

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemeentes laat neerdaal, sodat daar meer lewe by ons mag kom en Sy naam mag verheerlik word" (*Die Kerkbode* 3 Mei 1933:837).

In 'n skrywe wat in die Korrespondensiekolom op bostaande brief volg, teken Anton M. Heyns van Libertas, Senekal, beswaar aan teen die korrespondensie oor ampsdrag van kerkraadslede, terwyl die ander waardes tot niet gaan: "As dit geestelik reg is in ons Kerk, sal ons kerkrade nie ontaard en klein ministeries na iedere verkiesing vorm nie.... Dit is yskoud daarbinne, en dit slaap vas onder die geroep tot hoër waarde" (*Die Kerkbode* 3 Mei 1933:837).

J.A.J.Steenkamp van "Seleka" worstel met al die strydvrae oor "Wat is reg, wat is verkeerd, wat is Gereformeerd, wat is Metodisties, wat is eg of wat is sektaries?" (*Die Kerkbode* 20 Mei 1936:1010). Hy kla oor die ongelooflike lae geestelike peil van die gemeentes. "Die polsslag is stadig; daar is 'n verflouing in die geloof..." (:1010).

In 'n berig deur "R.B." maak die skrywer die volgende bewering: "Algemeen word erken dat daar 'n geestelike doodsheid onder ons heers, en dit is ons plig om ondersoek in te stel na die oorsake daarvan" (*Die Kerkbode* 30 Desember 1936:1316). Hy glo ook dat die algemene gedagte is dat die Kerk uit wedergebore mense moet bestaan, maar ongelukkig is daar baie mense wat die Kerk wil gebruik as 'n dekmantel vir hulle geestelike onmag en gerief. Behalwe die alledaagse sondes, word ook hier verwys na die politiek wat as groot sondebok uitgesonder word. Daar bestaan ook heelwat onkunde in verband met geestelike dinge en gewoontes wat uit ander lande oorgewaai het en gretig nagevolg word (:1316). Nadat hy verwys na Jesus as die hemelse Brood, sê hy dat die oorsaak van die doodsheid is omdat mense die hemelse brood verag en tevrede is met die "swynevoedsel" van die wêreld. "Wat die wêreld vandag nodig het, is 'n waaragtige herlewing, en daarom spreek ons van opwekkingsdienste" (:1316). Gevorderde Christene word aangemoedig om jong bekeerdes by te staan en te ondersteun. "Dit kan gedoen word deur gesprekke of in de vorm van traktaatjies of boekies oor verlossing, heiligmaking en die volharding en oorwinning oor sonde" (:1316)

*"Die Toestand van die Kerk"*, deur dr.A.Murray word ook na verwys deur G.J.R. waar hy in *Die Kerkbode* van 17 Junie 1942 skryf oor die tendens in die vroeë veertigerjare. Hy maak onder andere die volgende stellings: "Ook vandag stem die geestelike toestand van die christelike Kerk ons tot ernstige nadenke....Ons is nog baie godsdienstig sonder ware godsvrug; onder ons is daar baie "Christenmense" maar min ware *Christene* in die algemeen....Die lyn tussen die goeies buite en binne die Kerk het baie vaag geword....Maar ons kan byna nie meer onderskei tussen dié wat tot die Kerk behoort en die buitestaanders nie....Sy invloed en die geestelike lewe van sy kinders staan op 'n lae peil....Jesus Christus staan en klop buite aan die deur van die Kerk en van die harte, en hoe weinig maak vir Hom oop?" (:838).

Selfs preke wat gepubliseer word, spreek soms van hierdie kommer oor die geestelike toestand in die Kerk. Ds.J.F.Mentz vergelyk die geestelike droogte met die droogtetoestande in die land (*Die* Kerkbode 22 November 1933:948,9), terwyl ds.F.J.de Kock in 'n gepubliseerde preek onder die tema "Vervul met

die Gees" noem dat die afvalligheid ontsaglike afmetings aangeneem het, in so 'n mate dat slegs tien persent van die lidmate nog kerkgangers is (*Die Kerkbode* 3 Mei 1939:796)

Ds.J.W.Snyman van Oos-Londen gebruik byvoorbeeld die gedeelte in Esegiël 37 oor die doodsbeendere as hy na die geestelike situasie in die Kerk verwys. Die bewys van herlewing lê vir hom onder andere in die "Beroering in die hart, beroering in die siel, in die gees en in die gewete - die beroering van sondeoortuiging, van sondebesef, van sondebelydenis, die beroering van sondebestryding, sondeverskoning en sonde-oorwinning!" (*Die Kerkbode* 19 Mei 1943:412). In 'n slotgedagte rig hy die ernstige oproep tot die lesers: "....glo ook in die wederbarende, bekerende en heiligmakende krag van die Heilige Gees....En u wat reeds lewendig gemaak is deur sy woord en Gees, staan op u voete, bid om 'n geestelike herlewing in u huis en gemeente...." (:413).

In die volgende uitgawe van *Die Kerkbode* (26 Mei 1943:427) handel die redaksionele kommentaar oor 'n oproep tot die lesers om, met die oog op die naderende Pinkstertyd, terug te keer tot God.

> Die voorwaarde vir 'n ware Pinksterseën is 'n ontwaakte sondebesef en 'n diepgaande verootmoediging voor die Here....ons moet diep in die stof neerbuig, sodat die Gees van Pinkster wat in die Kerk van Christus, in die harte van gelowiges woon, sy werk aan ons kan doen en die sondes wat daar in ons lewe is en wat tot die mees verborge skuilhoeke deurgedring het, kan uitbrand" (:427).

Die Redakteur verwys weer eens na die uitspraak van die Interkerklike Kommissie vanuit Bloemfontein oor die godsdienstige en sedelike verval wat merkbaar is onder ons volk en wat deur die heersende wêreldtoestande vererger is. Met die oog daarop het die Kommissie by die Raad van Kerke aanbeveel dat die Afrikaanse Kerke in die daaropvolgende maande hulle besonder daarop sal toelê om 'n dieper sondebesef by hul lidmate op te wek. Dit kon gedoen word deur in die prediking en by spesiale geleenthede nadruk te lê op die ongesonde verskynsels in die volkslewe. Die kerke sou dan voorberei word vir 'n gesamentlike verootmoediging. Veral is 'n diepe sondebesef van die allergrootste belang (:427).

Die Ring van Uitenhage het 'n "Voorwaartse Beweging" beplan deur onder andere kanselruiling gedurende Mei aan te moedig by watter geleentheid die broeders hulle moes toespits op "boetprediking". "Pinkster sal dan wees die geleentheid vir "oesinsameling" en toewyding en daarna sal die "nasorg" ywerig ter hand geneem word" (*Die Kerkbode* 26 Mei 1943:428). Hierdie Ring het so ver gegaan deur selfs van die dagblad gebruik te maak en ook deur die uitstuur van pamflette mense teruggeroep na die Kerk.

Met 'n waarneembare ernstige toon rig die Redakteur ten slotte weer eens 'n dringende pleidooi tot die lesers om terug te keer tot God. "Die boetprediking moet van ons kansels gehoor word. Soos die profete van ouds moet ons die stem wat roep tot berou en bekering verhef" (:428).

Ds.J.F.Linde vra die vraag: "Watter soort herlewing verwag ons? (*Die Kerkbode* 15 Mei 1946:598). Hy stel dit onomwonde dat daar "met reikhalsende verlange" uitgesien word na herlewing. Terwyl die geestelike lewe 'n uiterste laagwatermerk bereik het en terwyl die gelowiges roep na geestelike

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

herlewing, word gevra na watter soort herlewing word uitgesien. Hy wys daarop dat geen ernstiggesinde deur 'n oppervlakkige godsdienstige oplewing bevredig word nie, hoe bemoedigend dit ookal mag voorkom. Dit sou net van die mens wees, maar sekerlik nie van die Here nie. Hy lê met klem nadruk op die noodsaaklikheid van 'n berou oor sonde en terugkeer tot God; mense wat Jesus nie ken as persoonlike Saligmaker nie. Hy waarsku teen die "godsdienstige grootdoenery" van die sektes wat maar net skyn is. Hy spreek hom ernstig uit teen die passiwiteit wat onder lidmate heers: "Daar is soveel belydendes wat nog vashou aan die dwaalbegrip dat die saligheid bedoel is om hulle eenmaal in die hemel te bring, en nie om hulle in staat te stel om *hier* en *nou* Gods wil te doen nie. Gevolglik beskou hulle hul godsdiens as 'n soort van assuransiepolis wat vir hulle die hemel moet waarborg. Hulle betaal hul premies deur 'n maandelikse bydrae vir die Kerk, deur af en toe die erediens te besoek en soms ook aan die Nagmaal deel te neem. Wat 'n sieklike geestelike lewe vloei tog nie voort uit hierdie wanbegrip nie!" (:598).

Ten slotte spreek hy sy begeerte uit dat die Here in sy groot genade 'n herlewing sal bring in die hele Kerk, wat sal meebring 'n ware terugkeer tot God; ware diepte van geestelike lewe; 'n lewe wat prakties en gebalanseerd sal wees met die regte verhouding tussen tydelike en ewige dinge (:599).

Ds.G.D.du Toit skryf in die voorwoord van sy boekie *"Die gelowige in Christus"* dat hy in sy beweging onder gemeentes met spesiale evangelieprediking die voorafgaande 8 jaar onder die indruk gekom het van die geestelike nood onder kinders van die Here. "Die gebrek aan kennis aangaande die heilsweg roep na die hemel" (Du Toit 1946:6). Hy verwys na die selftevrede vleeslike toestand van kinders van die Here wat nie eers in staat is om ander swakkere Christene te help nie. "Dikwels twyfel hulle ook of hulle wel gered is" (:6). In hierdie boekie, waarin hy swaar leun op werke van dr.Andrew Murray en dr.A.B.Simpson, probeer hy om die gelowige opnuut bewus te maak van die lewe wat hulle in Christus kan leef.

Ds. G.D.du Toit was 'n persoon wat nooit geskroom het om sy saak aan die kerklike publiek te stel en die beginsels waarop hy staan, met hand en tand te verdedig nie. As 'n persoon wat met ywer die vrymakende evangelieboodskap uitgedra het, het hy hom veral uitgespreek oor die gebrek aan bekeringsprediking en die verwaarlosing van die boodskap oor heiligmaking.

In 'n reeks artikels oor die vervulling met die Heilige Gees vra hy die vraag waarom ons so min hoor van bekerings in die gemeente. Die oorsaak vir hierdie gebrek, sê hy, moenie by God gesoek word nie: "Sou dit Sy wil wees, dat daar na 'n hele jaar van arbeid geen enkele bekering sal wees nie? Sou dit Sy wil wees dat 'n leraar jarelank in 'n gemeente die Evangelie sal verkondig, en gedurende daardie tyd van weinig of van geen enkele bekering kan spreek nie!....God wil die redding van die mens. As die Heilige Gees maar net 'n kans kan kry om deur geheiligde lewens te spreek, sal bekeringe vanself volg....Is dit nie hoog tyd dat die evangeliedienaars hulleself ondersoek op hierdie punt nie? Is ons gemeentes nie geestelik dood, omdat ons self geestelik dood is nie?....Die geestelike lewe van die gemeente kan moeilik hoër staan as die geestelike lewe van die leraar" (*De Kerkbode* 8 Januarie 1930 :65).

In reaksie hierop, skryf 'n sekere A. Munnik van Tweefontein, O.V.S. dat daar wel 'n geestelike koudheid en doodsheid in ons kerke heers, waarvoor bepaald 'n oorsaak moet bestaan. Hy stem saam met ds.Du

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toit dat die krag en volheid van Gods Gees ontbreek by die prediker, by Christenwerkers en Christenbelyers. Die blydskap in die hemel sal groot wees as daar elke Sondag in elke kerk van ons geliefde Suid-Afrika, maar een sondaar tot bekering kom deur die prediking van Gods Woord. Wat hom opval is dat tydens spesiale dienste, wat deur 'n spesiale evangelieprediker gehou word, dikwels gehoor word van persone wat openlik sondebelydenis doen en wat tot bekering gelei is deur die prediking van Gods Woord. Hy staan egter verbaas oor die tendens dat hierdie scenario nie in die alledaagse gemeenteopset voorkom nie (*De Kerkbode* 12 Maart 1930:481).

Dieselfde persoon (A.Munnik van Tweefontein, Kestell) rig 'n skrywe in *De Kerkbode* van 7 Mei 1930 (p.853) waarin 'n soortgelyke kommer oor die toestand in die Kerk uitgespreek word. Die persoon verwys na 'n vorige artikel wat in die uitgawe van 26 Maart 1930 verskyn het oor twee werkers van die A.E.B. wat in die gemeente Soutpan met groot vrug spesiale dienste gehou het. Hy is teleurgesteld omdat grootskaalse bekerings net plaasvind tydens buitengewone geleenthede. "Dit bedroef my as ek dink dat ons dierbare Kerk vandag magteloos staan teenoor 'n behoeftige wêreld, wat roep: "Help ons." Wat is die groot doel van die *prediking* van Gods Woord vandag? Het ons godsdiens nie al te veel 'n vorm geword nie, en is daar nie meer die werklikheid nie? Moet elke evangeliedienaar, wanneer hy hom vir die kansel voorberei, dit nie doen met die heilige begeerte om onder Gods genade een of meer siele tot bekering te bring nie?..." (*De Kerkbode* 7 Mei 1930:853).

Ds.Du Toit laat nie op hom wag nie en reageer onmiddellik op hierdie skrywe. As lid van die Adviserende Raad van die A.E.B. bring hy hulde aan hierdie beweging deur onder andere daarop te wys dat dit sy ontstaan in ons land gehad het op 'n tydstip van geestelike doodsheid in die Kerk. Die beweging spits hom veral toe op die boodskap van bekering en heiligmaking Hy wys laastens daarop dat die Sinode in 1928 die beginsel van leke-arbeid, soos deur die A.E.B. toegepas is, goedgekeur het en dat die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking opdrag gegee het om aan jongmense wat nie in staat is om opleiding as predikant of sendeling te ontvang nie, die geleentheid te bied om na 'n sekere mate van "voorbereiding" die geleentheid gebied word om vir die Here te gaan werk (*De Kerkbode* 21 Mei 1930:947,8).

Weer eens reageer mnr.A.Munnik met waardering op ds.Du Toit se verduideliking oor die rol van die A.E.B. Hy waarsku egter teen "gemoedelike bekerings by 'n herlewing", maar spreek hom weer uit oor die predikante: "Ek tel nog onder diegene wat grote eerbied en respek koester vir die predikante in die bediening van ons dierbare Kerk...Ek voel jammer dat daar nie meer predikante van onse Kerk is nie, wat die gawe van die volheid van Gods Gees besit nie omdat daar nie nog 'n Kerk is wat soveel maak van die Heilige Gees nie" (*De Kerkbode* 11 Junie 1930:1094).

So ernstig was ds.Du Toit oor die toestand van die kerk en die noodsaaklikheid van die vervulling met die Heilige Gees dat hy, benewens bogenoemde artikels, gereeld in *De Kerkbode* oor hierdie onderwerp skryf. In die uitgawe van 12 Maart 1930 (pp.467-8) verskyn sy bydrae onder die opskrif "*Vrae en antwoorde in verband met die Volheid van die Heilige Gees*". *De Kerkbode* van 30 Julie 1930 bevat weer 'n artikel: *"Kan 'n mens heilig wees hier op aarde?"* (pp.211-212). Die week daarna (6 Augustus

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1930) behandel hy weer die vraag: *"Kan 'n mens volmaak wees hier op aarde?"* In die uitgawe van 4 Februarie 1931 (pp.221-222) gee hy onder andere 'n weergawe van prof.Hofmeyr se beskouing oor *"'n Keerpunt in die lewe van die Christen"*. *"Hoe om ons seën te behou"* is die opskrif in *De Kerkbode* van 1 April 1931 (pp.605,606).

Vanaf 13 April 1932 verskyn weer 'n reeks artikels van 8 aflewerings oor "Heiligmaking". Hierdie reeks het daarna in boekvorm verskyn. Die voorrede deur ds.Paul Nel, moderator van die Transvaalse Sinode, bevat die volgende opmerkings: "Die swak geestelike lewe en gebrek aan groei in die heiligmaking moet ons ongetwyfeld toeskrywe aan die onkunde by gelowiges aangaande hierdie heerlike waarheid. En tog is dit juis hierdie selfde waarheid wat met soveel erns verkondig is deur wyle Prof.N.J.Hofmeyr en Dr.A.Murray...Ons het in hierdie boek 'n gesonde, skriftuurlike leer oor die heiligmaking en nie 'n ongesonde, onskriftuurlike leer, waarin die mens op die voorgrond gestel word en die Here op die agtergrond nie" (*De Kerkbode* 25 Januarie 1933:155).

Op 10 Mei 1933 skryf ds.Du Toit *oor "Die doop met die Heilige Gees - Voorbereiding vir Pinkster"* en in die uitgawe van 1 November 1933 (pp.817,8) behandel hy die tema: *"Die moontlikheid om nie te sondig nie."* Daarin brei hy veral uit oor twee temas, naamlik "perfeksionisme" en "Imperfeksionisme". In die uitgawe van 27 Desember 1933 p.1183 verskyn 'n beriggie: *"Hoe kry ons oorwinning?"* wat deur ds.Du Toit ingestuur is bestaande uit 'n aanhaling uit prof.Hofmeyr se boek *"Pinksterlicht en Leven"*.

Benewens verskeie kort artikels, behartig ds.Du Toit weer vanaf Julie 1936 vrae en antwoorde oor kwelvrae in die geestelike lewe. In twee uitgawes van Maart 1941 verskyn twee van sy artikels oor *"Die ou mens en die wêreld gekruisig"* en in November van dieselfde jaar weer 'n bydrae: *"Ons Heiligmaking Skrifuurlik gesien"* (p.885-6) en in Julie 1943 (pp.80-1) *"Die doop met die Heilige Gees"*

Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat ds.Du Toit besorgd was oor die geestelike toestand in die Kerk en het die verantwoordelikheid op homself geneem om die Kerk met die boodskap van heiligmaking deur die geskrewe woord te bedien. Van tyd tot tyd het kennisgewings in *Die Kerkbode* verskyn van nuwe boeke van ds.Du Toit wat die lig gesien het.

### *4.2 Moontlike oorsake vir geestelike doodsheid*

Soos hierbo aangetoon, het verskeie persone dikwels in die verlede gepoog om 'n oorsaak te soek vir die oënskynlike geestelike doodsheid wat in die Kerk ingetree het. Allerlei faktore, onder andere die gees van die tyd, verdeeldheid, onkunde, biddeloosheid, gebrek aan geestelike krag, verwaarlosing van bekeringsprediking, en nog meer is as moontlike oorsake uitgewys. Veral die gebrek aan bekering en bekeringsprediking, asook heiligmaking was van die vernaamste oorsake wat voor die deur van die Kerk gelê is.

#### *4.2.1 Gebrek aan bekeringsprediking*

In *De Gereformeerde Kerkbode* (17 Maart 1877:81) deel 'n persoon ("S") sy kommer met die lesers oor die prediking. Hy haal gedeeltes aan uit 'n geskrif van Fuller, onder andere: "...er word te veel zóó gepreekt, dat noch de geloovigen opgebouwd worden, noch de ongeloovigen verontrust en bewogen tot

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geloof en bekeering." Die hoorders sit dood op hul gemak in die kerk en besef nie dat die oneindige skuld op hulle druk nie en tensy hulle hul tot God bekeer, bly hulle onder die toorn van God. (:81,82). Dan vra hy die vraag of dit hier te lande beter gaan as wat Fuller beskryf. Hy verwys na geleenthede wat 'n predikant dikwels het om die gemeente "tot erns en bekeering te bewegen", maar dit nie doen nie. "En Hij leeren ons zóó te preeken, dat Gods kinderen weten wat zij zijn, waar zij staan, en wat van het gevorderd wordt, alsmede dat de ongeredden niet in den waan gebracht worden, dat hun *vreden* word toegeroepen, maar dat zij in de engte worden gedreven en zonder rust gelaten, totdat zij zich met God hebben later verzoenen" (:84).

Vroeg in 1918 verskyn die volgende oproep van die Moderatuur van die Kaapse Kerk in die Redaksionele kolom:

> Naar aanleiding van het verzoek van Z.M. de Koning om den 6den Januari aanst. als biddag waar te nemen, willen de ondergeteekenden beleefdelijk aan de hand doen, dat er in al de gemeenten onzer Kerk in de Kaap Provincie op dien dag voor alle volkeren, doch inzonderheid voor hen die in den grooten krijg betrokken zijn, dus ook voor ons volk, het aangezicht des Allerhoogsten in den gebede zal worden gezocht, om den zegen van oprecht berouw en waarachtige verootmoediging van wege hunne zonden, en een geloovig smeeken om vergiffenis, opdat alzoo de weg hoge worden geopend voor een zoo zeer gewenschten en duurzamen vrede" (:8).

Die redakteur gee gewig aan hierdie oproep deur die lesers te wys op 'n paar sake wat aanleiding gee tot verootmoediging en gebed, naamlik die wêreldtoestand, onderlinge verdeeldheid, gebrek aan bekerings en gevoelde kragteloosheid.

Die gebrek aan kragdadige bekerings word gelê aan die deur van die wêreldsgees wat die Kerk binnegekom het. Die skrywer verwys na dr.Andrew Murray wat gesê het dat daar slegs twee magte aan die werk is, naamlik die Gees van God en die gees van die wêreld. Die een begeerte van die Seun van God is na bekering op aarde. Watter droefheid bewerk die gebrek aan bekering nie by Hom nie "De kerk, die dit (de bekeering van zondaren) op den voorgrond stelt, die zich op apostolische wijze van de wereld onttrekt, en alle vertrouwen in hare eigene deugdelijkheid en wijsheid laat varen, ten einde te wachten op de kracht van boven - de kerk zal bekeeringen hebben." (*De Kerkbode* 3 Januarie 1918:8,9). Die kragteloosheid waarna die redakteur verwys, word ook toegeskryf aan die gees van die wêreld wat die binnekamers binnegedring het en 'n biddeloosheid tot gevolg gehad het (:9).

Die redakteur van *De Kerkbode* wys in 1919 op die tendens wat op daardie stadium aan die orde van die dag was, naamlik 'n gebrek aan bekeringsprediking: Hy stel dit onomwonde dat bekeringspreke beswaarlik van kansels af gehoor word, nieteenstaande dat die roeping daartoe baie duidelik is (*De Kerkbode* 20 Maart 1919:278). Daar word gemeen dat die verstandelike te veel van die prediking uitmaak. "Men moet zich meer op het gemoed beroepen. In de prediking moet het hart tot zijn recht komen" (:278). Hy sê dat as daar geen bekering is nie, kan daar ook geen verdere werk van Gods genade plaasvind nie. “En dit omdat de bekeering de verandering is, welke de Heilige Geest in den diepste van den mensch teweegbring” (:279).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op Donderdag 1 Desember 1921 verskyn 'n artikel in *De Kerkbode* onder die opskrif "*De Prediking en de Gewenste Herleving*". Die skrywer wys daarop dat indien daar nie 'n verwagting by die prediker bestaan dat bekering sal plaasvind nie, dit gewis nie die geval sal wees nie. "Als wij bekeringen willen zien dan moet onze prediking beslist daarop mikken" (*De Kerkbode* 1 Desember 1921:1438). Die skrywer verwys in hierdie verband na Moody wat geen besondere gawe gehad het nie, maar 'n heilige en nuttige instrument in die hand van die Here was. "Een prediker, wiens hart hem verklaagt, kan wel hard en vrijmoedig spreken, maar zijn prediking zal overtuigen missen" (:1438).

'n Ander aspek wat hy aansny is 'n gebrek aan erns. Te veel eise word aan predikante gestel deur vergaderings en ander aktiwiteite, dat die woord wat gepredik word "geen woord is uit de mond des Heeren ontvangen. 'n Besige lewe en veral betrokkenheid in die samelewing, kan wel daartoe bydra dat predikante "interessant" is, maar 'n gebrek aan afsondering en stilte moenie die predikant verbaas oor die "schrale inzameling van zielen" nie (*De Kerkbode* 1 Desember 1921:1439).

Twyfelagtigheid oor die Woord van God en 'n gebrek aan erns aangaande die ewigheid en jeens God self, kan beslis nie vrugbare prediking tot gevolg hê nie. "Het is of onze ogen niet geopend zijn om eensdeels de Driemaal Heilige te zien en anderdeels de rampzaligheid der verlorenen" (*De Kerkbode* 1 Desember 1921:1439). Die prediker moet so bewus wees van sy verantwoordelikheid om die erns van God se toorn aan verloregaande siele oor te dra, dat hy self in benoudheid en barensnood moet wees. Sal die gemeente Sondag agterkom dat die prediker in benoudheid is oor hulle behoud? "Zou deze "schrik des Heren" niet nodig zijn in onze prediking, als er herleving komen en er weer van bekeringen vernomen worden zal onder onder de geregelde prediking des Zondags?"(:1439).

Ten slotte doen hy 'n beroep op diegene wat werklik smag na herlewing om met erns te begin bid daarvoor. Daar moet verootmoediging wees sonder om die skuld op ander te laai (*De Kerkbode* 1 Desember 1921:1439). In ons gebed moet die voorbidding vir die leraars en voorgangers nie ontbreek nie. "Zult Gij ons niet weder levend maken, opdat Uw volk zich in U verblijde?"

Die redakteur van "*De Kerkbode*" verwys na die opmerking wat ds.G.D.du Toit van Swellendam gemaak het oor 'n klein bende manne wat vervul was met 'n vurige verlange, naamlik die redding van siele. Wanneer hulle uit die binnekamer kom, het hulle soos "jaghonde" onder die mense ingevaar, pleitende, biddende. "Het gevolg was, dat Gods Geest krachtig begon te overtuigen van zonde" (*De Kerkbode* 14 November 1923:1555). Die redakteur se kommentaar daarop is dat 'n groter behoefte aan sulke tipe mense bestaan as aan groot redenaars. Hy voeg by dat die bewyse van bekommernis oor verloregaandes in die Kerk grootliks verdwyn het. Uitdrukkings soos "verlore", "verlore gaan" en "verdoemenis" het feitlik uit die spreek- en preektaal verdwyn. Hy maak die lesers deeglik bewus van die noodsaaklikheid om "sielesoekers" te word.

In 1930 word 'n boodskap van wyle ds.N.H.C.Theunissen in *Die Kerkbode* geplaas waarin hy nie sy woorde spaar om die kerk en sy predikante te wys op die verantwoordelikhede wat nie nagekom word nie. Die kerk het geen invloed meer op die wêreld nie. 'n Groot deel van die volk het geen erg aan die geestelike nie. "Komt men dit geslacht tegen met de heerlike waarheden van 't Evangelie, en spreekt


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

men van zonde, bekering, verzoening door 't bloed van Christus, dan ziet men u spottend en onverschillig aan. Die oude waarheden, zecht men, hebben uitgediend" (*De Kerkbode* 7 Mei 1930:825).

Bo en behalwe geskrewe bewyse dat bekeringsprediking skaars was, het dit ook duidelik aan die lig gekom in persoonlike onderhoude wat gevoer is. Persone soos mnr.en mev.Z.van Rensburg, ds.en mev.A.Grobler, mev.J.Cronjé, is enkeles wat persoonlik te kenne gegee het dat bekeringsprediking in die Ned.Geref.Kerk baie skaars was. Baie persone wat die Ned.Geref.Kerk verlaat het, kon dit bevestig.

### *4.2.2 Opleiding van predikante*

Ds.J.P.Liebenberg[5] van Bethal vra die vraag in *Die Kerkbode* van 27 September 1933 onder die opskrif "*Ons Teologiese Seminarium en ons Geestelike Werk*": "Sal die Kerk in Suid-Afrika haar geestelike status bly handhaaf en op geestelike gebied nie alleen terugwin, wat hy in die laaste vyftien jaar verloor het nie, dan moet sy aan die voet van die kruis kom en met nuwe Pinksterkrag haar stem laat hoor van die kansel sowel as onder die kansel" (:594). Hy wys onder andere op die noodsaaklikheid van huisbesoek, aangesien daar 'n "honger is na die hoër geestelike dinge" (:594). Verder spreek hy die geestelike arbeiders aan en waarsku dat 'n mens nie 'n Christen kan help op die weg van heiligmaking en oorwinning, as hy self nie kan getuig van 'n lewe van oorwinning nie. Hierdie soeke na hoër geestelike dinge maak dat mense afdwaal na ander kerkgenootskappe, sektes en vreemde gelowe. 'n Ernstige beroep word verder gedoen op kerkrade om Geesvervuld te wees. "O! die jare van vrugtelose arbeid in 'n gemeente, omdat die *Heilige Gees* nie Sy weg het met ons nie! Om nederig, maar 'n krag te wees in die gemeente; om nie "self" te verkondig nie, maar *Jesus* die Gekruisigde, moet hy 'n man wees van die *Heilige Gees*" (:695).

Ten slotte noem hy dat daar veral drie dinge is waarop met meer klem en nadruk by die voorbereiding van die evangeliedienaar gewys moet word, naamlik die noodsaaklikheid van die proefondervindelike wedergeboorte deur die Heilige Gees van elke teologiese student; die toerusting met krag uit die hoogte en die waarde en krag van gebed. Oor die eerste aspek spreek hy sy begeerte uit dat daar een hoogleraar sal wees wat dit as sy spesiale roeping beskou om deur persoonlike bearbeiding reeds in die student se eerste jaar op die noodsaaklikheid van bekering te wys. "Hy moet 'n vakman in die heilige kuns wees om siele te kan help om deur-en-deur gered te wees" (:695).

Oor die tweede punt, naamlik die noodsaaklikheid van 'n toerusting met krag uit die hoogte, spreek hy sy wens uit dat die Pinksterweek van die student se laaste jaar in die Seminarium hom vir die eerste maal' of by vernuwing, sal dryf na sy binnekamer soos nog nooit tevore nie; na die kruis van Golgotha, en na die geestelike bergtoppe, waar die tweede boodskap van die kruis: "Ek is met Christus gekruisig" (Gal. 2:20) vir hom 'n nuwe betekenis sal kry (:595,6).

---

[5] Volgens ds.A.Grobler, wat in Bethal-distrik grootgeword het, het ds.Liebenberg eers op 'n hoë ouderdom tot bekering gekom.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie artikel word afgesluit met die woorde: "O Heer! Besoek ons Kerk, en begin by ons Kweekskool! En skenk ons u herlewing" (:596).

Vanuit die Teologiese Seminarie skryf J.D.Cilliers oor die kritiek wat die Kweekskool moet verduur en erken dat daar stof tot nadenke is. Hy erken dat hulle oë oopgegaan het vir die groot behoefte aan geestelike diepte in hulle tyd. Daar bestaan by hulle 'n verlange na dieper geestelikheid. Daar heers 'n groot geestelike nood soos weerspieël word deur die leë kerke en groot "tekorte om oortuig te raak van die ondiepe lewe van ons tyd"(*Die Kerkbode* 5 April 1933:654). Hy skets die materiële nood waarin die studente verkeer en doen 'n beroep op die Kerk om vir die Seminarie te bid.

### *4.2.3 Gebrek aan leierskap*

"*Pro Ecclesia*" is die skuilnaam van 'n persoon wat uit die Vrystaat 'n brief aan die redaksie van *Die Kerkbode* skryf. Hy verwys na die jammerlike toestand van die Kerk. Die eerste rede wat hy aanvoer waarom die Kerk in so 'n toestand verval het, is die gebrek aan die regte leiding "deur die stormagtige waters van ons tyd" (*De Kerkbode* 19 Maart 1930:530). Hy doen 'n striemende aanval op *De Kerkbode* wat passief tussen twee ander tydskrifte, naamlik "*Het Zoeklicht*" en "*Die Ou Paaie*" staan en verwarring veroorsaak. "Ons moet soek naar die regte leiding vir die benarde toestand waarin ons gedompel is." Hy beweer dat geen kerklike kommissie leiding kan gee nie. Hulle moet teruggaan na die tydperk van prof.Hofmeyr, dr.Andrew Murray, prof.John Murray, ds.Neethling, en Ds.J.K.Albertyn (P.K.?). "Dit is die gees van ons Kerk wat moes regkom; en die werke, gedagtes en gees van die manne moet ons weer besiel en lei (:531).

"*Pro Ecclesia*" besing die deugde van prof.Hofmeyr voordat hy na dr.Andrew Murray verwys as die praktiese, vurige, geestelike man. "Ons moet terugkeer tot die voetspore van die kerklike reuse, en daar weer ons eenheid en leiding soek....Nee, ons rigting moet wees *naar bowe*, meer van die Heilige Gees, meer van Christus, meer van God ons Vader in ons Kerk" (*De Kerkbode* 19 Maart 1930:531).

'n Maand later reageer C.C.Kritzinger van die Kweekskool op Stellenbosch op "*Pro Ecclesia*" se uitsprake. Kritzinger sê dat hy 'n ernstige, tweeledige beroep wil doen op die lesers wat saam met duisende bekommerd voel oor die bedenklike toestand waarin die Kerk verkeer (*De Kerkbode* 19 April 1930:662). Hy verwys na die betrokke "outoriteite" wat die vorige jaar 'n oproep gedoen het vir 'n algemene biddag "in verband met die winterslaap van geestelike doodsheid in die Kerk van Jesus Christus" (:662). Hierop bou hy verder voort:

> Helaas, hoeveel verandering het daar gekom, en kon daar in ons geliefde Kerk kom in hierdie toestand van onenigheid en bitterheid. Daar is oppervlakkigheid, ongeloof en baie min geestelike krag by ons Kerk. Bekerings, en veral herlewings, is 'n seldsaamheid. Die "Oxford Group", A.E.B. e.a. liggame doen heerlike en geseënde werk, ook in ons Kerk - weer 'n bewys dat die behoefte aan God nog daar is. Maar self is ons Kerk in die algemeen kragteloos en sonder invloed. Ook op die sendinggebied is daar 'n groot leemte.... Bowe alles is daar vandag die verskriklike moontlikheid van 'n noodlottige skeuring in ons Kerk."(:662)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oor 'n moontlike oplossing van die probleem, sê Kritzinger dat die stryd nie aangeknoop moet word "teen die leerstellige beskouings - wat dit ook al is - van my broeder nie, maar teen die ongeloof en geestelike doodsheid in my eie hart en in die lewe van my dierbare Kerk" (:662).

In aansluiting by "*Pro Ecclesia*" versoek hy die leiers om die voortou te neem en soos een man die stryd aan te knoop en hulle te verootmoedig in die stof voor God. Die harte moet uitgestort word voor Sy genadetroon in georganiseerde en eendragtige gebede. "Sal daar nie van die leiers van ons Kerk die voortou in hierdie saak neem nie? Dit moet begin by ons leraars en kerkraadslede, en deurdring tot elke gemeentelid....Sal ons nie nou al ons Meester en Heiland begin bid vir die groot Pinksterseën wat Hy vanjaar oor die Ned.Geref.Kerk gaan uitstort nie?" (:662)

*4.2.4 Geestelike standaard van predikante*

Besorgdheid oor die geestelike toestand van die bedienaars van die Woord en die ywer wat hulle aan die dag lê oor die heil van kosbare siele, kon ook nie verswyg word nie.

Onder die opskrif "*Leë kerke of kerkloosheid*" word die fout gesoek by die predikant wat sorgeloos huisbesoek doen, asook die toestand van die kerkraadslede en selfs lidmate. 'n Uitsonderlike voorbeeld word genoem waar 'n predikant met die pyp in die mond huisbesoek gedoen het (*De Kerkbode* 24 Julie 1929:152).

Ouderling J.C.Venter van Waterbron lig die doodsheid in die Kerk uit en versoek die leraars en ouderlinge om meer aandag aan persoonlike sielearbeid te gee. Hy sê daar moet ware ywer, liefde en opregte belangstelling in die ewige welvaart van siele wees. Geen moeite of opoffering moet ontsien word waar die redding van siele ter sprake is nie (*Die Kerkbode* 20 Mei 1936:1008).

In 'n brief in dieselfde uitgawe, hoop ouderling Viljoen van Olifantshoek dat die Kerk se beroepstelsel so sal verander dat "as die kerkraad en gemeente daar oortuig van is dat die aanbly van 'n predikant in 'n gemeente nie tot heil van so 'n gemeente strek nie, so 'n gemeente die reg sal hê om met meerderheid van stemme hom te kan versoek om te bedank, of om hom te kan afdank (*Die Kerkbode* 20 Mei 1936:1011).

Ds.E.P.Groenewald skryf oor die "*Afval in die Kerk*" en wys op enkele "swakhede van die kant van die Kerk" (*Die Kerkbode* 28 Julie 1937:158). Hy sny 'n paar sensitiewe sake aan, onder andere die leemtes in die katkisasie, Sondagskool en veral die feit dat katkisante te maklik aangeneem word. 'n Saak wat hy swaar op die hart dra is die vraag of die Kerk nog 'n boodskap het vir die gemeente. Lidmate neem as laaste uitvlug hul plek op die kerkbank in en wag op 'n woord wat verlossing sal bring. In plaas van 'n boodskap van saligheid, hoor hulle 'n rede oor een of ander belangrike gebeurtenis die afgelope week, of 'n sedepreek oor wantoestande, maar geen prediking van verlossing uit dié toestande nie. (:159). Sommige predikante lewer "mooi" preke, maar voldoen nie in die behoefte nie. Jesus Christus, die Saligmaker, moet die hoofsaak van die prediking wees, anders sal die belangstelling in die prediking verflou (:160).

Vir hom hou 'n hoogdrawende preek en wetenskaplike teologie geen voordeel in nie, terwyl 'n persoonlike aanraking met siele in die gemeente meer aanvaarbaar is. Alleen deur persoonlike


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bearbeiding is daar oorgawe aan die Here, want onder die prediking geskied dit heel selde. "Indien ons maar met die gegriefdes en diegene wat tot afval geneig is so in aanraking kon kom en Christus aan hulle bekend stel as Verlosser van die sondaar, sou die kerklike lewe van die gemeente sterk opbloei" (:160). Ten slotte moedig hy die leser aan om biddend alle gebreke in onsself deur Christus te laat oorwin, en in sy Naam die suiwere heilsboodskap te bring aan 'n afvallige en haatdraende maar heilsoekende wêreld.

In 1936 skryf *"Bekommerd"* 'n brief aan *Die Kerkbode* om sy besorgdheid oor die toestand van die Kerk te kenne te gee. (Of hierdie persoon dieselfde is as dié van die veelbesproke "Bekommerd"-korrespondensie van 1936, is nie seker nie.) Hy skryf onder andere dat daar veral onder die jongmense minagting vir die predikant, vir die kerkraadslede, vir die Kerk, en vir die godsdiens in die algemeen bestaan. Hy sê hy dank die Heer dat daar nog waardige manne aan die hoof van sommige van die gemeentes staan, maar nogtans is daar ook predikante wat die oorsaak is van leë kerke, swak bywoning van bidure, kwynende Strewersverenigings, en van min belangstelling in die sendingsaak (*Die Kerkbode* 8 Februarie 1939:270). Hy het dit ook teen predikante se deelname aan die "verderflike party-politiek" en haal ook kleinlikhede aan oor die posisie van die predikant se hande tydens die kanselgebed: die hande agter die rug, aan die sye of selfs in die broeksak. (:270)

Volgens hom word te dikwels 'n geleerde preek gelewer, terwyl niks uit die hart kom nie. Die hoorders kom agter dat dit nie die ondervinding van die spreker is nie. Die begeerte en verlange na 'n veranderde en 'n beter lewe bestaan nog onder die volksgenote. Hy skryf die tendens waarin lidmate na ander kerke oorloop toe aan die toestand van die predikante. Baie verkies om eerder tuis te bly en na die boodskap oor die radio te luister.. "Ons, as ouer lede van die Kerk, voel die toestand erg, en kan sien waarheen dit gaan, en ons verlang terug na die tyd toe daar agting en respek vir ons predikante en kerkraadslede was..." (*Die Kerkbode* 8 Februarie 1939:270)

Ds.J.P.Liebenberg plaas die Evangeliebediening onder die soeklig en te midde van vrees vir aanstoot, wys hy op rooiligte wat die predikant se bediening kan verongeluk. Hy benadruk die gedagte dat sukses slegs geleë is in die Woord van God en gebed (*Die Kerkbode* 1 Junie 1938:1028).

'n Artikel deur dr.A.B.du Preez in *Die Kerkbode* het heelwat reaksie uitgelok. Die opskrif *"Kan 'n predikant ook salig word?"* spreek soveel dat dit enige leser nuuskierig sal maak om die inhoud daarvan te verneem.

Hy wys op die noodsaaklikheid dat 'n predikant geroepe en "afgesonder" (geheilig) moet wees vir die heilige amp. Die Kweekskoolkursus bied geen waarborg dat 'n predikant die nodige heiliging en geestelike toerusting het nie. "Dit is God self en God alleen wat ons deur 'n waaragtige wedergeboorte en die salwing van die Heilige Gees kan afsonder of salf tot ware leraars; ten volle toegewy aan die heilige amp" (*Die Kerkbode* 19 Oktober 1938:690). Met erns lig hy dit uit dat daar meer gebid moet word vir die geestelike redding en wedergeboorte van die Kweekskoolstudente. "Ons moet self geredde persoonlikhede wees voordat ons die redding aan andere kan verkondig" (:690).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds.J.P. Liebenberg, emeritusleraar, kom weer aan die woord wanneer hy weer eens sy las met die lesers deel oor die heersende toestand in die Kerk. Die opskrif spreek vanself: "*Die predikant onder die soeklig*". In hierdie bydrae reageer hy op dr.Du Preez se artikel. Hy besef dat 'n herlewing in die Kerk 'n absolute noodsaaklikheid is en dat dit by die predikant moet begin. Hy erken dat dit onmoontlik is om statistiek te gee, maar indien dit moontlik sou wees, sou die Kerk verbaas wees oor hoeveel predikers daar in Suid-Afrika is wat nog nie gered is nie, "wyl hulle 'redding' moet preek, die reddingstou tot verlorenes moet uitwerp" (*Die Kerkbode* 4 Januarie 1939:14). Hy probeer 'n situasie aan die leser voorstel waar die predikant voor 'n gemeente staan met duisende siele, jaar in en jaar uit vir hulle preek, terwyl hy self ongered is. Hy is van mening dat die predikant nie 'n duidelike "kant-en-klaar" getuienis kan gee en bewys dat hy deur Gods genade persoonlik kennis dra van die wedergeboorte deur die Heilige Gees nie. Sy lewe lewer nie die ontwyfelbare vrugte, dra nie die kenmerke van die wedergeboorte nie. Daar bestaan ook geen ywer vir die redding van siele; 'n vurige verlange na heiligmaking en om deur woord en daad die oorwinningslewe te preek nie. Talle lidmate van die drie Hollandse Kerke verlaat soms by dosyne hul kerk vir een of ander sekte om hul geestelike verlange en hul sug na iets uiterliks te bevredig (:14).

Mnr.W.M.Fourie gooi ook 'n stuiwer in die armbeurs na aanleiding van dr.Du Preez se artikel en doen aan die hand dat daar meer vir die predikant gebid moet word sodat hy 'n ware geestelike herder sal wees, nie alleeen in woorde nie, maar uit die diepte van 'n wedergebore hart en sodoende die gemeente tot 'n hoë peil van geestelikheid kan ophef. As ou man kan hy getuig hoe hy gesien het hoe 'n gemeente geestelik kan ly deur 'n ontoegewyde predikant (*Die Kerkbode* 18 Januarie 1939:106). Hy stem saam met dr.Du Preez dat die onwedergebore predikant wat nie tot die bediening geroep is nie "'n vloek...en 'n hindernis op geestelike gebied" is vir die gemeente. (:106).

### *4.2.5 Oor die prediking in die algemeen*

Die Tweede Wêreldoorlog het 'n merkbare invloed op die prediking gehad. Onder die opskrif "*Ons prediking in hierdie tyd*" het verskeie predikante hul menings gelug oor hoe die oorlogsjare met gepaardgaande onsekerheid hulle prediking beïnvloed het. Naas di.A.M.Meiring, J.F.du Toit en J.P.Joubert se weergawes, noem ds.J.A Theron van Machadodorp dat hy oortuig voel dat die kruisevangelie op die ou gewone manier van ons kansels met meer geestelike krag en oortuiging as ooit tevore verkondig moet word. Die enigste uitkoms en redding van die mensheid is tog maar die kruis van Jesus Christus. Selfs die gemoedstoestand van die volk moet van die kansel beïnvloed word. Daar moet geleer word om daadwerklik terug te keer tot die God van ons vaders. "Ons moet kan sê: 'So sê die Here' en ons volksonde by name noem en dit uit Gods Woord veroordeel. Ek dink dis ook hieraan toe te skryf dat ons Kerk so ver die houvas op ons volk verloor het. Ons het ons alte veel deur partypolitiek laat beïnvloed...." (*Die Kerkbode* 1 November 1939:821).

A.W.Smit van die Hoërskool Hopefield teken beswaar aan teen die jongmense wat kla dat hulle eie geestelike doodsheid toe te skryf is aan die doodsheid in die kerk en omdat die predikante nie in staat is om met die prediking hulle geestelik te voed nie. Hy sê dat die fout gesoek moet word by die dooie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lidmate self. As die Kerk dood is, dan is die lede dood. Om die lewe te bekom, moet 'n mens die Woord ondersoek, met Gods kinders omgaan, by godsdienstige liggame soos die Strewers-vereniging e.a. aansluit en die Heer om lig en leiding vra. 'n Mens kan nie van sy kant wil stilsit en dan verwag dat die Kerk en die predikante 'n mens moet lewendig maak nie (*Die Kerkbode* 25 Oktober 1933:785).

#### *4.2.6 Spesiale evangelieprediking*

Onder die skuilnaam "Oud-ouderling", skryf 'n leser dat spesiale bearbeiding van die kant van die Kerk so nodig is, want mense verlang na iets wat sy gemoed bevredig, na iets dieps, wat hom roer tot in die diepste van sy siel. Die mens soek sekerheid oor die ewigheid (*Die Kerkbode* 19 April 1933:748). Hy benadruk die noodsaaklikheid van persoonlike sielearbeid en verwys na stampvol kerke en sale waar "spesiale arbeiders, wat nie by ons Kerk verantwoordelik is nie en nie deur ons Kerk uitgestuur word nie" betrokke is. Die vraag kom dan by hom op of die Kerk nie, bo en behalwe die gewone bearbeiding, ook spesiale aandag moet gee aan die mense, veral dié wat begin moeg word van die gewone godsdiensoefening elke Sondag nie. Sodoende sal die geestelike werkers wie se leer nie ooreenstem met die Kerk nie, uitgesluit word (:748). Hy kla, soos ander voor hom, dat die predikant by te veel aktiwiteite betrokke is, wat tot gevolg het dat persoonlike sielearbeid verwaarloos word. Daarom bepleit hy die aanstelling van 'n evagelisasiedienaar in die gemeentes.

Mnr.N.J.Smit van Kroonstad (*Die Kerkbode* 6 Maart 1935:458) beweer dat die doodsheid in die Kerk by die gelowiges gesoek moet word en nie by die wêreld nie. Hy spreek sy teleurstelling uit teen die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking van die Vrystaat omdat die Kommissie nie sy weg oopsien om 'n spesiale prediker aan te stel nie. Predikante van naburige gemeentes moet mekaar oor en weer help. "As 'n spesiale evangelieprediker aangestel word, kan hy rondgaan, en dan kan ons die beste resultate verwag" (:458).

Hierdie is maar enkele uittreksels om aan te toon hoedanig die klimaat op daardie stadium in die Kerk was. Dit was verteenwoordigend van 'n groep predikante en lidmate wat hulle besorgdheid uitgespreek het oor die heersende geestelike toestand in die Kerk. Dit het tot gevolg gehad dat meer daadwerklike pogings aangewend moes word om die toestand te verbeter.

### ***4.3 Byeenkomste en publikasies met "Herlewing" as tema***

Hierdie groot nood wat in die Kerk geheers het, het mense laat besluit om tot aksie oor te gaan. Hulle het opnuut besef dat herlewing in die Kerk die enigste oplossing was om die doodse toestand te oorkom. Terwyl die herlewing in 1860 aan die gang was, is op die ringsvergadering van Oktober daardie jaar in Kaapstad 'n beskrywingspunt hanteer wat gedoen kon word om herlewing te bevorder. Daar is ook met waardering kennis geneem van die herlewings (*De Gereformeerde Kerkbode* 3 November 1860:332).

Ds.G.D.du Toit van Swellendam doen aan die hand om vroeg in 1924 'n konferensie op Worcester te hou met die oog op herlewing. Hy verwys na die konferensie van April 1860 wat uitgeloop het op die herlewing (*De Kerkbode* 28 November 1923:1641). Ook in ander sentra is soortgelyke aksies geloods en enkeles word aangestip:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*4.3.1 Stellenbosch*

Ds.A.V.Krige skryf dat 'n groepie studente in Stellenbosch begin saam bid, nadat verneem is van duisende mense wat besig is om te bid vir 'n kragtige werking van die Heilige Gees en vir 'n wêreldherlewing. Daagliks bid hulle vir een uur saam. "Ons het ons voor God verootmoedig, en Hy het ons ver bo ons verwagtinge geseën..." (*De Kerkbode* 13 Julie 1927:50).

"'*n Herlewingsveldtog op Stellebosch*" is die opskrif van 'n berig, ingestuur deur J.H.Moolman waarin verslag gedoen word van 'n week van spesiale dienste, gehou deur di.George du Toit en Piet van der Merwe, tesame met die ondersteuning van die C.S.V. Hy getuig van wonderlike ontmoetings wat mense met die Here gehad het (*Die Kerkbode* 9 Oktober 1935:703).

*4.3.2 Pretoria*

Die Teologiese Fakulteitskommissie het predikante en sendelinge genooi om op 29 Februarie 1944 die opening van die klasse van die Fakulteit in Pretoria by te woon. Die tema by daardie geleentheid, wat begin is in die Ooskerk en die volgende dag by die Fonteine voortgesit is, was "Herlewing op godsdienstige gebied ". Dr.D.J.Keet het die gehoor toegelig oor die "Herlewing in die Geskiedenis van die Kerk" en daarop gewys dat dit nie iets kunsmatigs is wat na willekeur opgeroep en gereproduseer kan word nie. Die gehoor is daarop gewys dat gebed die voorwaarde vir herlewing is en dat dit nie bedoel is om die plek van die gereelde, getroue evangelie-bearbeiding in te neem nie "maar 'n buitengewone gawe van God is, op buitengewone tye en maniere geskenk, om getalle tot sy kinders te voeg en om sy kinders meer met sy Gees te beklee" (*Die Kerkbode* 5 April 1944:295).

Hy het die gehoor verder herinner aan die ongunstige omstandighede - "die gebrek aan 'n sondebesef, wreedheid, verwoesting en onsedelikheid; die verdowing en uitdowing van die aloue Godsbewustheid en die vertroue op meganiese bedrywigheid om die voorsienigheid te verplaas; oordrewe nasionalisme...en die gebrek aan evangeliedienare" (:296). Ander sprekers tydens hierdie byeenkoms was di.J.R Albertyn, B.H.Swart, P.S.Z.Coetzee, H.J.Piek en prof.dr.Kritzinger.

('n Boek "Herlewing sy Geskiedenis en Voorbereiding" wat saamgestel is uit preke van dr.Keet, ds.Nicol, dr. Kritzinger, di.Coetzee, Piek en Albertijn is moontlik die teboekstelling van bognoemde konferensie. Ongelukkig ontbreek die publikasiedatum.)

In hierdie boekie kom die toestand van die wêreld en land in die algemeen, maar die Kerk in besonder, na vore. Ds.W.Nicol (:21) merk op dat ons aan 'n herlewing dink as 'n tyd waarin die mensdom in sy wanhoop na God terugkeer om versoening en verlossing te vind, maar daar is egter vandag geen tekens van so 'n terugkeer na God nie. Ds.H.J.Piek (:48) stem ook saam dat 'n herlewing in die Kerk nodig is. Hy het aan 'n paar idees gedink wat predikante kan doen om dit te bewerkstellig, maar moes tot die slotsom kom dat niks wat 'n mens doen, daartoe sal bydra nie. "Nee, om in eie kragte te werk te gaan, sal ons nie net nooit 'n herlewing sien nie, maar sal ons die oorsaak wees dat daar verskynsels tevoorskyn sal kom wat Godonterend sal wees, en wat vir die gemeente van die Heer uiters skadelik sal wees. Herlewing is Godsweg, en daarom is iets anders nodig vir die opwekking daarvan as eie kragte."


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds.Albertijn (:52) het in sy aandeel in genoemde boek "*Gebed en Herlewing*" onder andere gewys op die gevare wat opgesluit lê in die verwagting na herlewing. Daar het 'n tendens bestaan waar mense net "kragdadige bekerings" ten tye van herlewings verwag en nie langs die weg van die gewone prediking nie. Die gevaar bestaan dat die egtheid van bekerings getoets sal word aan die uiterlike tekens van trane en berou - tekens wat baie misleidend kan wees (:52). Nog gevare is die aanskoulike en vleeslike opgewondenheid. Mense kan uiteindelik 'n aptyt ontwikkel vir die "ongesonde gemoedsprikkeling" wat in spesiale dienste voorkom, terwyl hulle nie meer behae skep in die "vaste spyse van die gereelde prediking" nie" (:52). Hy gee ook toe dat die Kerk 'n geestelike laagtepunt bereik het en vra na 'n hernude Godsopenbaring. Volgens hom was die toestand benard en 'n geroep na 'n Godsopenbaring kan gehoor word. Van die hele christelike wêreld styg die sugtende geroep op: "Keer terug Here! Tot hoelank? En ontferm u oor u knegte" (:53).

#### *4.3.3 Worcester*

Die herlewing van 1860 in Worcester is in herinnering geroep deur die Ring van Tulbach wat besluit het om op 13 en 14 Augustus 1946 'n kerkraadskonferensie naby Worcester te hou met "Herlewing" as onderwerp. Verskeie predikante het as sprekers opgetree.

#### *4.3.4 Herlewingsbond*

In 1945 verskyn 'n boekie "*Wekroep tot herlewing*" deur F.J.Liebenberg. In die voorwoord word inligting verskaf van 12 persone wat in Johannesburg byeengekom het met die oog op gebed om herlewing as gevolg van die ellendige toestand in die wêreld. Daar is gevoel dat herlewing nie in die eerste plek die bekering van sondaars in die oog het nie, maar die herlewing van die kinders van die Here "omdat die geestelike peil van Christene oor die algemeen so ontsettend veel te wense oorlaat" (Liebenberg 1945:5). By dié vergadering is oorgegaan tot die stigting van "*Die Herlewingsbond*".

In die boekie word kennis gegee van die beweging se amptelike orgaan, "*Die Oorvloedige Lewe*" wat by Posbus 25, Stellenbosch verkrygbaar was. Wat hier opval is dat dit dieselfde adres is as die C.S.V. wat ook die boekie uitgegee het. In die publikasie, wat onder andere die doelstellings, geloofsbelydenis en ondernemings bevat, word die leser herinner aan die herlewing van 1860 waartydens 'n paar persone feitlik dag en nag gebid het. "So sal ook vandag geen herlewing uitbreek voordat Gods volk nie eers na hul knieë gegaan het nie" (Liebenberg 1945:24).

#### *4.3.5 Algemeen*

Kommer oor die doodsheid in die kerk was nie slegs tot die dertiger- en veertigerjare beperk nie Dit het selfs in die vyftigerjare voortgeduur, soos weerspieel in 'n artikel deur ds.C.B.Brink, nl. "*Die Geestelike lewe in die Kerk*" (*Die Kerkbode* 6 Augustus 1952). Die punte wat hy aansny is onder andere: Verswakte sondebesef, terwyl die duidelikste besef dat belydende Christene besig is om hierdie oortuiging te verloor, waarskynlik die feit is dat hulle nie meer in hul harte getref word nie; hulle weet nie meer om op hul aangesig voor God te val onder die oortuiging van sonde nie (:262). Ander punte wat hy behandel is: Gebrek aan geloofsversekerdheid; Gebrekkige geloofsvertroue en Gebrekkige selfoorgawe.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### *4.4 Drastiese optrede in reaksie op kerklike toestand*

Die geestelike toestand in die Kerk het in die eerste helfte van die twintigste eeu verreikende gevolge vir veral die Ned.Geref. Kerk ingehou. Die meeste predikante en lidmate het besef dat 'n verandering van binne uiters noodsaaklik geword het. Andere het meer drasties opgetree en die Kerk verlaat.

So word die eerste helfte van die twintigste eeu gekenmerk deur die opkoms van verskeie Pinkstergroepe en ander denominasies. Nie al die motiewe was dieselfde nie. In sekere gevalle was die geestelike doodsheid die oorsaak, terwyl in ander gevalle het die die Metodistiese tendens in die Ned.Geref.Kerk aanleiding gegee tot afskeiding.

Reeds in die loop van die laaste helfte van die vorige eeu het verskillende sektegroepe ontstaan. Onder hulle was die Jerusalemgangers (ongeveer 1850), die Groenewoud-sekte, die Hazenberg-geloof, die Slabbertsekte, Die Swanepoeliete en die Beukes-geloof (Kriel en Gerdener 1924:164). Nie al hierdie groepe se ontstaansmotiewe was dieselfde nie, dog het die heersende kerklike toestand in enkele gevalle tot die stigting daarvan aanleiding gegee. Benewens die Pinkster- en ander kerke wat ontstaan het, het veral twee minder bekendes op die toneel verskyn:

#### *4.4.1 Die Beukesgeloof*

Ten spyte van pogings wat aangewend is om die doodsheid in die Kerk teë te werk, het 'n paar persone in Standerton-distrik in 1894 as teenreaksie op die doodsheid 'n drastiese stap geneem deur hulle van die Kerk te distansieer. Die sogenaamde "Beukes-geloof" se wortels kan teruggevoer word na Gerhardus Johannes Beukes en Jacobus Wehmeyr wat ontevrede was oor die geestelike toestand van die Kerk. Ná 'n biduur in November 1894 het Wehmeyr verklaar "dat hy in 'n biduur was, maar dit was vir hom asof hy in die hel was" (Kriel en Gerdener 1924:168). Volgens hom was die kerkraad en predikant van Standerton oppad hel toe. Kerkraadslede is veroordeel, terwyl die Kerk met die stad Babilon vergelyk is. Die kerkraadslede is veroordeel "as so onbekeerd as klippe" (:168).

Die gevolg hiervan was dat die volgelinge van Beukes en Wehmeyr hulle van die Kerk afgeskei het op grond van Op.18:4: "Gaan uit haar uit..." Ten spyte van pogings om hulle van standpunt te laat verander, het hulle voortgegaan met 'n gees van veroordeling teenoor almal wat nie soos hulle gedink het nie. Die sakramente is verwerp en gebruike soos huisgodsdiens en tafelgebede is afgeskaf.

Hulle leier, Beukes, het deur die uitleg van drome sy invloed verder laat geld en is allerweë deur sy volgelinge met die nodige agting bejeen. In 1924 was daar ongeveer 20 huisgesinne in die omgewing van Standerton en Ermelo. George Rautenbach sou die aangewese opvolger van Beukes wees (Kriel en Gerdener 1924:168). Aanvanklik het hierdie beweging bekend gestaan as die "Lekkergeloof" op grond van die beweerde "vrye liefde" wat hulle sou beoefen. Die bewerings was egter vals. Die groep het hulleself "Vriende" genoem op grond van Joh.15:15 (:168).

Ds.S.J.du Toit het in 1905 met hierdie beweging kennis gemaak. Op 11 en 13 November 1905 het hy met Beukes in 'n "disputasie" betrokke geraak in die huis van 'n volgeling, mnr.Lourens. Op albei dae was die bywoning so goed dat mense buite moes staan. Ds.Du Toit het tot die volgende slotsom gekom:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die samesprekings het in 'n Christelike, vriendskaplike gees plaasgevind. Dit het duidelik na vore gekom dat Beukes en sy volgelinge die volgende verwerp:

Die Bybel in soverre dit nie met hulle geestesopenbarings ooreenstem nie;
Die kerkgenootskap in geheel, tesame met die ouderlinge en diakens;
Die gebruik van die sakramente;
Die openbare erediens;
Huisgodsdiens, tafelgebede, ens.;

Daarteenoor glo hulle slegs aan die geestesopenbaring van Beukes en van die drome soos deur Beukes uitgelê. Sover hulle getuienis strek, is hulle lewenswandel onberispelik, maar veroordeel en verwerp alles wat nie met hulle beskouinge ooreenstem nie.

Du Toit kom dan tot die slotsom dat hulle dwaal

omdat hulle nie hul geestesopenbaring meet aan die Woord van God nie, maar die Woord verwring om by hulle openbaring aan te pas
omdat hulle nie die gebreke in die Kerk wil hervorm ooreenkomstig die Woord van God nie, maar alles verwerp wat na hul mening misbruik is

Hy vat alles saam met die woorde:"Eienaardig so'n Boere-sekte!" (Du Toit 1917:350).

### *4.4.2 Die Nuwe Protestantse Kerk*[6]

Nog 'n drastiese reaksie wat voortgespruit het uit die geestelike toestand in die Ned.Geref. Kerk, is die stigting van *Die Nuwe Protestantse Kerk* in 1944. Dr.D.J.de Vos, wat 'n sterk evangeliese prediker was, wou die Kerk van binne hervorm. Hy was ontevrede oor die heersende toestand in die Kerk en het sterk aangedring op bekering en heiligmaking. Baie goeie getuienis is ontvang uit gemeentes wat hy bedien het. Selfs in Durban het toestande op verskeie gebiede drasties verbeter. Hy het groot skares getrek en met tye is gepraat van herlewing.

Ongelukkig het 'n interne stryd in Durban tussen hom en sy medeleraar, ds.Van Rooyen plaasgevind. Hierdie stryd is op die spits gedryf toe dr.De Vos en twee-derdes van die kerkraad hulle afgeskei het en *Die Nuwe Protestantse Kerk* gevorm het. Baie lidmate van die Ned.Geref.Kerk wat ontevrede was oor die heersende toestand in die Kerk, het geestelike voedsel gekry by veral die konferensies wat deur die A.E.B. en die Los predikante, di. C.F.Scheepers en W.C.Malan gehou is. Hulle het die gramskap van die Kerk op die hals gehaal oor die bywoning van hierdie byeenkomste. Sommige is onder sensuur geplaas. Met die stigting van *Die Nuwe Protestantse Kerk* het hierdie beswaarde lidmate daarin 'n geestelike tuiste gevind. In hoofstuk 9 word meer breedvoerig op die verwikkelinge rondom die stigting en rol van hierdie kerk ingegaan.

### *4.4.3 Die Gereformeerde Kerke onder die kruis en ds.S.J.du Toit*

Anders as die ander beswaardes, wat te velde getrek het teen die geestelike doodsheid en gebrek aan herlewing in die Ned.Geref.Kerk, het ds.S.J.du Toit weer sy stem verhef teen die Metodistiese klanke, ten koste van die gereformeerde beginsels, wat in die Ned.Geref. Kerk te bespeur was. Van ds.S.J.du

---

[6] Vir meer besonderhede, raadpleeg "Die Geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk" deur dr.A.S.van Niekerk. Die naam van die Kerk is in 1986 verander na die "Evangelies-Gereformeerde Kerk".



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toit word gesê dat, sover bekend, hy meer as iemand anders in Suid-Afrika opgetree het as kampvegter van die ou gereformeerde waarheid (Du Toit 1917:337).. Hy het hom sterk uitgespreek teen sake soos geloofsgenesing, afskaffing,opwekkinge, spesiale dienste, bidure, nuwe uitstortinge, Kinderharp, Evangeliese gesange en ander tendense wat oënskynlik 'n bedreiging vir die gereformeerde leer tot gevolg gehad het. Hy het veral sy blaadjie "*De Getuige*" gebruik om sy standpunte te stel. (:337).

Vir 'n beter begrip vir sy standpunte, word kortliks ingegaan op sy huislike en godsdienstige agtergrond:

4.4.3.1 Agtergrond

Stephanus Jacobus du Toit (1847-1911) het as jong seun (tussen 5 en 7 jaar) 'n onbeskryflike innerlike worsteling ondergaan. Omdat hy in sy ouerhuis geleer is om nie met sy godsdiens te koop te loop nie en selfs nie eers in die openbaar te bid nie ("bidkamer-heiligen") het hy die stryd alleen gedra. Hoewel sy ouers kon agterkom dat hy in 'n geweldige worstelstryd gewikkeld was, kon niks aan sy saligheid gedoen word nie. Op 'n vraag wat hom makeer, het hy net sy hart vasgehou. Sy moeder het vir hom medisyne gegee en later moes hy selfs mediese behandeling kry (Du Toit 1917:7).

Hy was baie bekommerd oor sy sieletoestand en het gevrees dat God hom nie uitverkies het nie, maar sou verwerp en in die hel werp. Toe die stryd breekpunt bereik, kniel hy by 'n boomstam en bid dat as God hom vir die verderf bestem het, hy niks daaraan kon doen nie, omdat hy dit verdien. "Nu dan, ik geef mij hier van avond over aan de hel, om voor eeuwig verloren te gaan. Alleen, ik werp mij neeraan de voet des kruizes. Laat mij daar verloren gaan. Meer *kan* ik niet!" Direk daarna val hy in 'n bewustelose toestand ("doodslaap") en toe hy weer bykom, was dit donker daarbuite maar lig in sy siel. Hy verklaar dat hy nooit ná daardie ondervinding aan sy "genadestaat" getwyfel het nie (Du Toit 1917:7,8).

Geen mens is by magte om te sê of dit sy bekering was nie, maar die feit dat hy hom nie op bekeringsprediking toegespits het nie en uitgevaar het teen praktyke wat bekering bevorder, laat vrae in 'n mens se gemoed opkom. Die feit dat hy nie na hierdie ondervinding verwys het as sy bekering nie, is moontlik toe te skryf aan die feit dat hy van kleins af geleer is om nie te koop te loop met persoonlike godsdienstige belewenisse nie. Verder het sy Calvinistiese beginsels te sterk na vore getree wat hom sou verhoed om hom op bekeringsprediking toe te spits. Interessant is dat hy ds.Van der Lingen van die Paarl in 'n sekere sin as sy "geestelike vader"beskou het (Du Toit 1917:337).

4.4.3.2 Opwekkings en spesiale dienste

Die opwekkings van 1860 het vir hom as dertienjarige seun lank bygebly.. Hy sê dat feitlik al die predikante met die opwekkings saamgegaan het, behalwe twee, naamlik di.D.van Velden (Ladismith) en A.F.du Toit (Wellington), wat selfs daarteen gepreek het. (Du Toit 1917:8,353). Ds.Van der Lingen was aanvanklik ten gunste daarvan, maar het later teen sekere tensdense wat opgeduik het, gewaarsku (:353). S.J.du Toit sê dat sy vader ook biduur in hulle huis gehou het en as kind het hy self daaraan deelgeneem, "maar daar nooit vrede mee gehad nie. Ik het ondervind dis 'n ongesonde vroomheid, wat op die duur g'n opwekkende maar neerdrukkende invloed op die gees uitoefen. Bowedien het ik toen al die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

misbruike gesien wat daaruit voortvloei, bijv.dat op mekaar geskimp word met gesangversies en in die gebed" (:8).

Ds.Du Toit het ook vroegtydig opgetree teen spesiale dienste en spesiale evangelieprediking vergelyk met die saad wat op die rotsagtige plekke geval het. 'n Belangrike opmerking wat hy maak is dat, hoewel hy nie deelgeneem het aan hierdie aksies nie, hy dit nie summier veroordeel het nie, "zolang men daarbijnog de verzoeningsdood van Christus als enig heilsmiddel vekondigt..." (354). Hy het dit egter gehad teen sekere gebruike wat met die opwekkings gepaard gegaan het:

- Dit is volgens hom in stryd met die Skrif wat leer dat die Heilige Gees eenmalig uitgestort is.
- Die opwekkings gaan gepaard met dryfvere en gevoelsopwindinge, terwyl die Heilige Gees nie deur krag of deur geweld werk nie.
- Die opwekkings misken en lei tot minagting van die gewone heilsmiddele wat deur God daargestel is
- Dit word deur menslike middele gedryf, terwyl die Heilige Gees by wedergeboorte soos die wind waai waarheen Hy wil
- Die opwekkingsleer is in stryd met die Bybel- en Kerkleer omdat dit menslike bekeringswerk in die plek plaas van die wedergeboorte deur die vrymagtige en onweerstaanbare werking van die Heilige Gees, m.a.w. die algemene genade en menslike vrye wil word verhef teenoor God se soewereiniteit
- Die "opwekkingsdrijvers" misken die stille genadewerk van God by sy uitverkorenes en gee net erkenning aan diegene wat met hulle "woelinge" meegaan
- Dat die tel van uiterlike bekeerdes in stryd is met die leer van die Bybel (Du Toit 1917:354,5).

#### 4.4.3.3 Bidure

Ds.Du Toit spreek hom ook uit teen die hou van gereelde bidure omdat hy hierdie gebruik nie in die Skrif vind nie en omdat voorbeelde in die Skrif daarop dui dat gebed slegs in openbare eredienste en in afsondering geskied. In die verlede is daar telkens spesiale biddae uitgeroep, maar dit word onderskei van die gereelde bidure (Du Toit 1917:353).

Hy trek op teen die duur en vorm van die biduur en vind daarin "*ziekeliks*" omdat dit 'n neerdrukkende uitwerking het. In bidure moet eerder bespreking en behandeling van die Woord plaasvind, terwyl gebed net beoefen moet word na die die behoefte en drang van die Gees (:356).

Selfs die Pinksterbidure het nie sy goedkeuring weggedra nie. Alhoewel bidure nie Skriftuurlik is nie, is dit nie direk in stryd daarmee nie. Pinksterbidure daarenteen is direk in stryd met Gods Woord omdat dit die gemeente terugvoer tot die toestand van die dissipels voor Pinksterdag en omdat die Gees eenmaal vir die gemeente gegee is (Du Toit 1917:356).

#### 4.4.3.4 Ander onaanvaarbare praktyke

Ds.Du Toit het ook kapsie gemaak teen die Kinderharp, Evangeliese gesange, ens. Hy het veral in sy laaste jare hom veral in sy prediking toegespits op die verdediging van die gereformeerde leer. Ook deur sy geskrifte het hy die strydbyl opgeneem. Hy het veral die "Predestinasieleer" beskou as die hart van die kerk. Daarmee saam het die Verbondsleer as "tweede grondsuil, waarop die gereformeerde waarheid gebouw is" (Du Toit 1917:365,6).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit het al hoe duideliker geword dat ds.Du Toit se kerklike aksie tot kerkformasie sou lei. Hoewel hy daarin geslaag het om groot skares te trek en te oortuig, was hy nie suksesvol om daarop te konsolideer nie. Tog was sy getuienis so kragtig dat hy die totstandkoming van die Kruisgemeentes nie kon verhinder nie (Du Toit 1917:367,9).

*4.4.4 Gereformeerde Kerke onder die Kruis*

In die "Ope Brief", saamgestel deur die Algemene Vergadering van Gereformeerde Gemeentes onder die Kruis kom die volgende voor:

> De meer onmiddellike aanleiding tot de sticting der eerste Kruisgemeente te Strijdenburg in Junie, 1897, was het houden van 2 Broederlike samekomsten aan de Paarl; en de mondelinge en en schriftelike getuigenissen aldaar gegeven, aangaande de verzaking der zuivere Gereformeerde leer en beginselinen in de Ned.Ger.Kerk" (Du Toit 1917:369).

Tydens die twee broederlike byeenkomste wat in Januarie 1896 en Januarie 1897 in die Paarl gehou is, en waarby 'n groot aantal mense uit verskillende dele van die land betrokke was, is besin oor die mate waarin die gereformeerde leer in die Kerk toegepas word. Kommer is uitgespreek oor die sigbare afname daarvan en "het ware redmiddel voor land en volk, voor kerk en staat, acht zij te zijn terugkeer tot de zuivere Gereformeerde beginselen, waaraan onze vrome vaderen, zo van Hugenoten als van Hollandse afkomst, zich hielden..." (Du Toit 1917:370). Dit sou noodgedwonge aanleiding gee tot die stigting van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis.

Die eerste gemeente is in Junie 1897 op Strijdenburg gestig. Op die Sinode van die Ned.Geref.Kerk van Oktober 1897 is 'n kommissie, bestaande uit di.A.Murray, A.Moorrees, G.Scholtz en W.P.de Villiers, benoem om na Strijdenburg te gaan om besware uit die weg te ruim.

In sy behandeling van faktore wat aanleiding gegee het tot die afskeiding, noem dr.J.A.S.Oberholster die volgende:

- Die Belydenissskrifte op die agtergrond gestel
- Die Gereformeerde Kerkregering ondermyn
- Die Gereformeerde Erediens bedreig
- Die Gereformeerde Geloofslewe benadeel
- Kritiek op die Kerklike Werkprogram

Onder die tweede laaste punt behandel hy onder andere die volgende onderwerpe: Die Biduur; Opwekkings; Spesiale evangelieprediking; Bid om die uitstorting van die Heilige Gees; Die direkte aanspreking van die Heilige Gees in die gebed en laastens Profesie-verklaring.

'n Uiters interessante verwikkeling spruit voort uit die laaste onderwerp. Ds.Du Toit was beswaard omdat so min predikante in die Ned.Geref.Kerk 'n belangstelling getoon het in die profesieë. As leerling aan die Gimnasium in die Paarl het hy onder invloed gekom van ds.G.W.A. van der Lingen wat heelwat studie gewy het aan die profesieë (Oberholster 1956:185).

Du Toit wou sien dat predikante meer oor die tekens van die tye preek (:186). "Behalwe die oorbeklemtoning van die tekens van die tye, het ds.S.J.du Toit en die lidmate van die Kerke onder die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kruis ten opsigte van die wederkoms van Christus en die ònvervulde profesieë die gereformeerde lyn afgebuig en die chiliasme verkondig" (:188). In 'n voetnota word verwys na dr.P.A.Verhoef wat ds.Du Toit "die belangrikste en vernaamste verteenwoordiger van die Chiliasme in Suid-Afrika" noem (:188).

Sonder om onnodig van die onderwerp af te wyk, dien dit kortliks vermeld te word dat ds.S.J.du Toit se seun. ds.C.W.M. du Toit ook die chiliastiese leer voorgestaan het. Benewens verkeie publikasies, tree hy in sy boekie "*'n Maranata-beweging in Suid-Afrika*" in 'n polemiese geskil met Verhoef oor die feit of die Duisendjarige Vrederyk, oftewel chiliasme, gereformeerd is of nie. (Hierdie kwessie word egter verder gevoer tot die stigting van die Vrye Christelike Gereformeerde Kerk in Frankfort.)

Wat interessant is, is dat ander chiliastiese predikante naas di.S.J. en C.W.M. du Toit op die voorgrond getree het. Van die bekendstes was ds.G.W.A.van der Lingen, wat in sy geskrifte en preke kenmerkende chiliastiese trekke getoon het (Kitshoff 1972:253). Beide die Réveil as die revolusuiebeweginge het bygedra tot sy chiliastiese denke (:254). Ander bekende chiliaste was dr.D.R.Snyman, di.W.C.Malan, C.F.Scheepers en andere. Dr.Snyman maak in die voorwoord van sy boek: "*Die Komende Christus en die Komende Krisis*" melding van nog ander teoloë wat ook die profesieë bestudeer het, soos prof.N.J.Hofmeyr, ds.G.W.A.van der Lingen, prof.C.F.J.Muller en prof.J.I.Marais. In die voorwoord van ds.C.W.M. du Toit se werk "*Toekomstige Wêreldgebeure*" sê Snyman dat Du Toit die metode van verklaring gevolg het van S.J.du Toit, prof.Muller en prof.Marais.

In die lig van *Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis* se verdediging van die gereformeerde leer, is dit vreemd dat hulle die chiliastiese leer voorgestaan het - 'n leerstuk wat eerder pas by die Pinkster- en ander Evangeliese kerke. Skrywers wat hulle kragte wy aan die bekamping van sektes, voer gewoonlik die chiliastiese leer aan as een van die mees uitstaande kenmerke van sektes.

Om terug te keer tot die Kruiskerk, dien vermeld te word dat die verwikkelinge rondom afskeiding nie net tot Strydenburg beperk was nie. Ander dorpe soos Clanwilliam, Ceres, Witbank (Ermelo) Mier (Gordonia), Hoopstad, Lindley en Frankfort is ook bygetrek.

Hierdie kerk kon egter nie lank die pas volhou nie, veral ná die dood van ds.S.J.du Toit in 1911. Die meeste lidmate het oorgegaan na die Gereformeerde Kerk.

### *4.5 Interpretasie en beoordeling*

Ná die uitstaande herlewing wat laat in die vorige eeu in sekere dorpe in ons land voorgekom het, het die Ned.Geref.Kerk 'n ongekende geestelike insinking beleef. Dit spreek uit getuienisse van vooraanstaande persone uit eie geledere. Dit wil voorkom asof die beswaardes dit nie gehad het teen die leer van die Kerk as sodanig nie, maar teen die toepassing daarvan. Daar was 'n voortdurende soeke na die oorsake vir die doodsheid.

Baie predikante en lidmate het gepleit dat iets daadwerkliks gedoen moes word. Hulle het besef dat enige menslike poging tevergeefs sou wees. 'n Hernude besef het ontstaan oor die noodsaaklikheid van gebed in die algemeen en spesifiek vir die werking van die Heilige Gees. Ook is die gebrek aan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bekeringsprediking betreur. Onlosmaakbaar van die prediking is die predikant self. Slegs wanneer 'n mens hierdie lewende getuienis in hom omdra, is hy in staat om ook ander op dieselfde weg te lei.

'n Treffende eienskap wat na vore getree het in hierdie tydvak, is die erkentlikheid van baie predikante. Sonder om die vinger na ander te wys, het hulle hand in eie boesem gesteek en erken dat iets daadwerkliks gedoen moes word.

Aan die ander kant was daar die ultra-Calvinistiese stroom wat die metodes wat aangewend is om bekering te bevorder, afgemaak het as Metodisties. In die ywer om die gereformeerde karakter van die Kerk te behou, het hulle as teenpool die werk van die meer evangeliese predikante gestuit. Enkele predikante, in besonder die spesiale evangeliepredikers en vele ander, is nie hierdeur afgesit nie en het hulle roeping in die betoning van Gees en krag voortgesit.

Dit wil voorkom asof die groep predikante wat die neutrale middeweg gevolg het, eerder aan die veilige kant wou bly deur nie 'n uitgesproke Metodistiese kleur aan te neem nie. Moontlik het hierdie element, wat in die meerderheid was, bygedra tot die doodsheid in die Kerk.

Die stigting van kerk- en sektegroepe was sekerlik nie bevorderlik vir die ekumeniese gees van die twintigste eeu nie. Regverdiging moet daarin gesien word dat van hierdie groepe wat behoue gebly het, 'n eie identiteit ontwikkel het waarin 'n leerstelling eie aan hulleself, gestalte kon kry. In 'n latere hoofstuk word verder hierop ingegaan.

Wat egter nie weggeredeneer kan word nie, is dat daar in die Ned.Geref.Kerk 'n sterk evangeliese stroming onder predikante en lidmate was wat, midde-in 'n gereformeerde milieu, vernuwing wou skep. Dit moes 'n versadiging bied vir lidmate wat gesmag het na meer as wat op daardie stadium in die Kerk aangebied is. Die erns van sektariese bedreigings is besef en daarom moes daadwerklik stappe geneem word om hand in eie boesem te steek en te soek na geskikte oplossings.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 5. SPESIALE EVANGELIEPREDIKING

Naas pogings wat aangewend is om herlewing in die Kerk te bevorder, het die Ned.Geref. Kerk verdere stappe geneem om op spesiale wyse die boodskap van bekering tot die ongeredde wêreld te bring. Daar was 'n tydperk waarin enkele predikante die taak opgelê was om die land te deurkruis en deur spesiale evangelieprediking besoeke aan gemeentes af te lê. Nieteenstaande die feit dat plaaslike leraars gereeld dienste in hulle eie gemeentes gehou het, het hierdie veldtogte groot getalle belangstellendes getrek.

Vrese is uitgespreek dat die instelling van spesiale dienste 'n gees van Metodisme sou adem. Oberholster (1952:224) sê in die lig hiervan, dat die invloed van die Metodisme met sy "special services" en "revival meetings" op die Ned.Geref.Kerk nie buite rekening gelaat kan word nie. De Klerk (1979:27) konstateer weer dat die massale opwekkingsprediking wat in die vorm van spesiale evangelisasieveldtogte voorgekom het, 'n algemene verskynsel in lande soos Engeland en Amerika was. In navolging van die oorsese vorm van evangelisasieveldtogte het hierdie idee van spesiale evangelieprediking teen die tweede helfte van die 19de eeu ook in die Ned.Geref.Kerk posgevat. Dit is beskou as besondere middel tot geloofsvernuwing en bekering.

In 'n ander geskrif meld De Klerk dat die "revival'-prediking tot die prediking van die laaste drie eeue gereken moet word. Dit kan toegeskryf word aan die gedagte dat talle herlewings in verskillende kerke dwarsoor die wêreld voorgekom het. In aansluiting met die "revival" moet die massale gerigtheid genoem word. Hy verwys ook na die sogenaamde "camp meetings" wat in die V.S.A. gehou is waar groot getalle mense saamgetrek het (1975:46). "Sommige reisende evangeliste het sulke groot skares getrek dat dit teen die einde van die 19de eeu algemene gebruik geword het om groot tydelike geboue, tabernakels, op te rig" (:46).

De Klerk (1975:46-49) noem uit die geskiedenis enkele voorbeelde om te bewys dat massagerigte prediking 'n algemene verskynsel is. "In die lang ry van opwekkingspredikers klink die name op van mense soos Billy Sunday, "Gypsy" Smith, Edwin Orr, Ivor Powell, Lionel Fletcher, Oswald Smith en baie ander. Sommige van hulle het ook Suid-Afrika besoek en baie dienste hier waargeneem" (:49). Ook in die Ned.Geref. Kerk het sekere predikante as "opwekkingspredikers" bekend gestaan. Hy noem dat die opwekkingsprediking hier te lande by die vele ooreenkomste met die res van die wêreld, 'n eie karakter gedra het. Hy noem die name van dr. A.Murray, di.J.R.Albertyn, Piet van der Merwe (O.V.S), Koos van der Merwe, G.D.du Toit, proff.N.J.Hofmeyr en J.C.G.Kotzé as enkeles uit 'n hele ry van predikers wat hulle in besonder met hierdie vorm van prediking besig gehou het (:50).

Ds. H.J.Pienaar skets 'n saaklike historiese voorkoms van spesiale evangelieprediking in Suid-Afrika. Hy neem die wortels so ver terug as die negentiende eeu toe die noodsaaklikheid van spesiale evangelieprediking besef is. In 1876 stel ds.P.J.G.de Vos (later prof.) voor, gesekondeer deur ds.G.J.Stegmann, dat 'n kommissie vir spesiale evangelieprediking aangestel moes word. Die gewildheid en geseëndheid van hierdie werk het daartoe gelei dat voorstelle in 1903 en 1906 ingedien is om aandag



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te gee aan die permanente aanstelling van 'n persoon in hierdie pos. Die Sinode het egter volstaan by 'n kommissie, maar in 1924 is besluit om 'n permanente aanstelling te maak. In 1932 sou 'n tweede arbeider aangestel word (*Die Kerkbode* 19 Junie 1946:798).

### *5.1 Behoefte aan spesiale evangelieprediking*

Reeds in die vorige eeu het stemme opgegaan dat spesiale evangelisasiewerk gedoen moes word. In die rubriek "Predikantekorrespondensie" van "*De Gereformeerde Kerkbode*" (24 Januarie 1874:17-19) beskryf 'n leraar ("H") hoe hy besluit het om die week van gebed te gebruik as 'n week van spesiale evangelieprediking. Hy het dit ten doel gehad om "den weg der zaligheid duidelijk te ontvouwen, en tot geloof en bekering, vooral tot een *besliste* overgave aan den Heer en Zijne dienste te bewegen" (:17). Hy versoek sy medebroeders om 'n week af te sonder vir spesiale evangelieprediking en gebruik te maak van 'n ander leraar (wat die gawe van God ontvang het) omdat 'n gemeente so gewoond kan raak aan hul eie leraar (:18). Sy gebed is dat die Here manne soos bv. Moody in Amerika sal gebruik om tot geloof en bekering op te wek (:19).

In die uitgawe van 17 April1875 spreek 'n predikant ("Quartus") sy verlange uit dat in 'n bepaalde tyd, bv. tussen Hemelvaart en Pinkster, spesiale pogings aangewend sal word om siele vir die Here in te oes - 'n tyd waarin God sy beloftes vervul "in de meer merkbare mededeeling van de gave des Heiligen Geestes tot Bekeering en Wedergeboorte" (*De Gereformeerde Kerkbode* 17 April 1875:113).

Onder die skuilnaam "A.M." ( waarskynlik Andrew Murray) word 'n pleidooi gelewer vir die hou van "Bijzondere diensten". Die skrywer poog om misverstande uit die weg te ruim en noem dat dit nie 'n ander evangelie is wat verkondig word nie. Dit is 'n spesiale tyd wat afgesonder word om slegs die boodskap van bekering en geloof te bring en aan te dring op die onmiddellike aanneming van Jesus Christus as Saligmaker (*De Gereformeerde Kerkbode* 5 Julie 1879:218). Waar die gewone prediking deur ander onderwerpe afgewissel word en die Sondae deur die weeklikse verpligtinge onderbreek word, kan die spesiale dienste daarop gemik wees om die mense stapsgewys te lei tot 'n besliste oorgawe. Ná die diens kry mense die geleentheid om op 'n persoonlike vlak hulle probleme te ontboesem (:218). Die res van die gemeente se koue en onverskillige houding kan aanleiding daartoe gee dat mense nie gered word nie. As hulle belydenis duideliker, vroliker en vuriger was, sou meer mense al tot bekering gekom het (:219). Daarom moet 'n gesamentlike poging aangewend word, ook deur gebed, om kosbare siele te lei tot bekering.

Die doodsheid in die Kerk en die heerlike tye van geestelike werksaamhede in ander lande, is die twee faktore wat deur 'n predikant (skuilnaam: "Oost.") genoem word as motivering dat iets soortgelyks "vooral in de Nederduitsch Gereformeerde Kerk" sal plaasvind (*De Gereformeerde Kerkbode* 16 Augustus 1879:265). Hy herinner die lesers aan die Sinodale besluit van 1876 dat 'n Evangelisasiekommissie benoem sou word om op "buitengewone" wyse bekeerdes en onbekeerdes op die noodsaaklikheid van "waarachtige bekeering en algeheele overgawe aan den Heer" te wys (:265,6). Sy voorstel is dat deeglike voorbereidingswerk moet geskied van bekendstelling en voorbidding. Verder


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet dit verskieslik vanaf die Vrydag tot die Maandagoggend plaasvind (:266). Daar moet ook aangedring word op onmiddellike oorgawe (:267)

In 1876 het die Kaapse sinode besluit om 'n Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking te benoem en het daartoe bygedra "om die gedagte van herlewing in die Ned.Geref. Kerk brandend te hou" (Van der Watt 1980:21). Die dienste van ds.Andrew Murray van Wellington en dr.Servaas Hofmeyr van Montagu is hiervoor gebruik. Die doel van hul besondere arbeid is gesien as: 'Men zondert een bepaalden tijd er voor af, om enkel de boodskap van bekering en geloof te prediken, en aan te dring op die onmiddellijke aanneming van den Heeren als zaligmaker". In hierdie bepaalde dienste word die bekering op die spits gedryf, terwyl 'in de gewone diensten moet de leeraar zijne prediking afwisselen'" (:21). Conradie (1951:72) maak melding van Murray se gevoelvolle beriggewing van die nood wat hy in Carnarvon en Meiringspoort angetref het wat as dryfveer gedien het vir sy uitreiking met spesiale evangelisasiereise.

Nie lank na die 1874-herlewing nie, het dr.Servaas Hofmeyr self 'n reeks spesiale dienste in Kaapstad gehou wat "een tijd was van heerlike inzameling van zielen, en van verkwikking van Gods volk" (*Korte Lewensschets* 1891:28). Soortgelyke dienste is ook op Kimberley, Adelaide, Beaufort-Wes en Riversdale gehou.

Mettertyd het ander predikante ook spesiale dienste gehou. In "*De Christen*" van 26 Augustus 1881 spreek prof.N.J.Hofmeyr die begeerte uit dat fondse beskikbaar sal wees om jaarliks twee predikante na Transvaal te stuur om as "rondreisende" predikers die evangelie te verkondig. Dit sal ook tot hulp wees vir die Transvaalse predikante (Van der Watt 1980:21).

Groot geestelike seën het gevolg op hierdie spesiale evangelieprediking. In die laaste jare van die vorige eeu is berigte ontvang van herlewings wat in verskeie gemeentes plaasgevind het as gevolg van hierdie dienste. Ook ná die Anglo-Boere-oorlog is soortgelyke dienste in gemeentes soos Potchefstroom, Langlaagte, Klerksdorp en Bethal gehou (Van der Watt 1980:21-22)

Oor hierdie tydperk van spesiale evangelieprediking en konferensies tot verdieping van die geestelike lewe maak Van der Watt (1980:22) die volgende stelling: "Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu het die prediking in gebreke gebly om die hoorders tot sekerheid van hul geloof te voer. *Nou* was daar 'n nuwe klank: nie alleen is veel nadruk gelê op geloofsekerheid nie, maar die leerstuk van die heiligmaking geniet groter aandag. Hierdie klanke het ongetwyfeld 'n innige warme vroomheid gebring - 'n evangeliese inslag - en dit het 'n karaktertrek van die Ned.Geref. Kerk se prediking geword"

In 'n beriggie uit Tulbach (27 Julie 1905) word genoem dat die gemeente wonderlike tye beleef soos dit nog nooit ondervind was sedert die herlewing in 1884 nie. Na afloop van die voorafgaande sinode is ds.Büchner deur die Kommissie vir Spesiale Prediking aangestel om op Tulbach spesiale dienste te hou. Sy siekte het hom egter verhinder en in April daardie jaar kom ds.Van der Merwe van Robertson en eerw.Le Roux vir hierdie doel daar aan (*De Kerkbode* 27 Julie 1905:353).

In die omstreke van 1909-1911 het 'n traagheid met betrekking tot hierdie saak ingetree (Redelinghuys 1983:3). Ná 'n afname in spesiale evangelieprediking bepleit die Kommissie vir Evangelisasie van die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ring van Johannesburg in 1921 dat meer spesiale evangelieprediking gedoen moes word. Enkele gemeentes reageer daarop en in 1923/24 is verskeie konferensies en spesiale dienste gehou met bekering en herlewing as onderwerp (:5).

In 'n verslag van die "Synodale Commissie voor Speciale Evangelieprediking" wat in 1915 gedien het, was die Kommissie dit eens dat daar nog steeds 'n behoefte in die Kerk bestaan na spesiale evangelieprediking; dat sodanige prediking in die meeste gevalle met kennelike seën gepaardgegaan het en dat, geoordeel aan die aanvraag uit die kerkrade en ringe, asook gemeet aan die vrug op die arbeid, dit wenslik is dat die Kerk met die diens van die predikante, meer sal doen aan die saak van spesiale evangelieprediking (Acta Synodi 1915 Bylae 20:45).

Die probleem word besef wat die implikasies is as een predikant vir 'n bepaalde tyd uit die gemeente geneem word vir hierdie taak. Tog willig dr.D.F.Malan in 1912 in om die vier gemeentes in Rhodesië te besoek met die oog op spesiale evangelieprediking. Verdere verslag word gedoen van ds.J.R.Albertijn wat as emeritusleraar in vier jaar tussen 90 en 100 gemeentes besoek het, meestal in die Kaapprovinsie asook in die Vrystaat en Transvaal (Acta Synodi 1915 Bylae 20:45). Onder 'n laaste punt van die verslag word die wens uitgespreek dat die prediking vanaf die kansels van so 'n aard sal wees "dat bekeeringen onder de geregelde trouwe bearbeiding de regel en niet de uitzondering zullen uitmaken" (:46).

Volgens die verslag van die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking wat in 1919 gedien het, is niks aan spesiale evangelieprediking gedoen nie, omdat, met enkele uitsonderings, geen leraar of kerkraad die Kommissie daarvoor genader het nie. Tog word die behoefte aan die hou van spesiale dienste, veral met Pinkster, uitgespreek. Die Kommissie ag dit wenslik en dringend noodsaaklik dat 'n predikant spesiaal afgesonder sal word vir spesiale evangelieprediking. Hierdie saak word dan vir ernstige oorweging aan die sinode gerig (Acta Synodi 1919 Bylae 37:110).

Vanaf 12-18 September 1922 hou ds.P.van der Merwe van Bloemfontein 'n reeks evangelisasiedienste in Willowmore. Ná hierdie dienste doen die plaaslike leraar, ds.J.R.Albertijn, 'n beroep op die ringe van die Kerk om ernstig aandag te gee aan die afsondering van 'n spesiale evangelieprediker. Hy sien spesiale dienste as 'n geleentheid waar "de mogelikheid van de bekering en wedergeboorte van zielen krachtig voor de aandacht der christelike gemeente gebracht" word (*De Kerkbode* 11 Oktober 1922:1339). Talle aktiwiteite in die gemeente verg soveel aandag dat "waarachtige wedergeboorte" uit die oog verloor word. "Zelfs in de hedendaagse prediking wordt misschien al te weinig op bepaalde bekering gemik, worden bekeringen derhalve zelde verwacht, en vinden zij dan ook even zelde plaats" (:1339). Een reeks spesiale dienste wat nou en dan gehou word en met biddende verwagting voorafgegaan word, kan ontsaglik veel doen om die gemeente te oortuig dat haar eerste, grootste en saligste arbeid is: "Zielen in te zamelen tot het eeuwig Koninkrijk van onze Heer en Zaligmaker Jezus Christus" (:1339).

Vir ds.Albertijn is dit verbasend dat die Kerk nog nie 'n persoon afgesonder het vir hierdie taak nie. Hy verwys na een leraar wat reeds 30 "smeekbrieven" ontvang het. 'n Ander leraar het net soveel, indien nie meer nie, ontvang, maar dit moes van die hand gewys word. Daar bestaan wel 'n kommissie vir spesiale


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

evangelieprediking, maar kon min uitrig weens 'n gebrek aan fondse en beskikbare manne (*De Kerkbode* 11 Oktober 1922:1339).

Hierdie belangrike saak het nie net by praat gebly nie. Die daad is by die woord gevoeg en een na die ander sinode het mettertyd oorgegaan tot die beroeping van geskikte predikante vir die pos. Hierdie bediening het in die Kaapprovinsie baie vrug opgelewer, met die gevolg dat van die ander provinsies hulle voorbeeld gevolg het.

In 1925 dien 'n beskrywingspunt van die ring van Johannesburg voor die Transvaalse sinode: "Is die tyd nie aangebreek vir die afsondering van toegeruste manne om ons gemeentes met spesiale evangelieprediking te besoek nie?" As reaksie hierop word 'n Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking benoem (Van der Watt 1987:190).

In 1928 berig die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking dat, na aanleiding van 'n sinodale besluit (Akta XXV, p.111), ds.P.van der Merwe in dié pos aangestel is. Hy het op daardie stadium in die twee jaar en drie maande van diens, reeds 62 gemeentes besoek. Opnuut word die noodsaaklikheid van so 'n pos beklemtoon en ds.Van der Merwe se woorde word deur die Kommissie aangehaal: "Die Kerk sal 'n groot geleentheid mis, as sy die werk nie met krag voortset nie. Die geleentheid gaan verby; andere doen die werk; en, hoe goed ook al gemeen, trek hule tog ons mense van ons Kerk af" (Sinodale besluite 1928:90).

## *5.2 Evangelisasiewerk van die Kaapse Sinode*

### *5.2.1 Die spesiale prediking van ds.J.A.van der Merwe*

'n Amptelike kennisgewing verskyn op 9 Oktober 1929 in *De Kerkbode* waarin die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking bekendmaak dat ds.Jac.A.van der Merwe van Laingsburg die benoeming as spesiale evangelieprediker aanvaar het. Lesers word herinner aan die groot bydrae wat hy tot op daardie stadium tot die C.S.V.-Unie verrig het.

Sedert die aanvang van sy werksaamhede in 1930 kom heelwat berigte in *De Kerkbode* voor. Van oraloor stroom goeie getuienis in van vrug op sy arbeid. Ds.Louis J.Fourie van Middelburg, Kaap, getuig van die individuele seën en gemeentelike seën wat ondervind is met die besoek van ds.Van der Merwe. Vir baie het 'n spesifieke dag of aand in 1930 'n nuwe tydperk in hul lewe ingelei. Die dienste wat begin het met 300 mense en afgesluit het met 1 100, het ds.Fourie laat terugdink aan die vroeë jare van Fouriesburg toe di.Paul Roux en Abraham Kriel daar spesiale dienste gehou het en "menigte ander Fouriesburger met hom die Heer gevind het" (*De Kerkbode* 18 Junie 1930:1118). (Ds.A.F. Louw skryf dat ds.Paul Roux 'n kragtige prediker was. "Hy kon met die voorhamer slaan dat die vonke vlieg" (Louw 1958:140) en onder sy prediking het baie bekerings plaasgevind.)

By die twee na-byeenkomste op Fouriesburg het 'n groot getal mense 'n oorgawe gemaak. "Daarvan het tot bewys gedien die skaar van oor die 700, wat die Sondagaand agtergebly het, toe dit ontbreek het aan tyd vir almal, wat soos menigte ander kalm maar met erns van persoonlike seën wou getuig" (*De Kerkbode* 18 Junie 1930:1118).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In "*De Kerkbode* " van 7 Mei 1930 gee ds.S.J.Latsky van Strydenburg sy weergawe van die metode wat ds. Van der Merwe gebruik tydens sy besoeke aan gemeentes. Hy doen dit met die doel om gemeentes, wat deur ds. van der Merwe besoek sou word, voor te berei. Terselfdertyd wil hy ook die vrese besweer van mense wat bevooroordeeld staan teenoor spesiale evangelieprediking as synde Metodisties van aard te wees. Hy verwys na diegene wat meen dat met die dienste slegs op mense se gevoel gespeel word en daarom geen blywende nut het nie. Ook weerlê hy die stelling dat die werksaamhede van die "*pastor loci*" voldoende is en dat hulp van buite onnodig is. "Laasgenoemde (*pastor loci*) se werk verteenwoordig die sagte reën, wat byna ongemerk sy werk doen en onmisbaar is vir die veld; dié van die spesiale prediker is die plasreën, wat vir almal so welkom is, en ons geestelike damme en panne volmaak" (:833).

Vervolgens gee hy drie kenmerke weer van ds.Van der Merwe se dienste wat ook kon dien as riglyn vir ander gemeentes, naamlik deeglike voorbereiding waarin 'n vurige verlange "en ware dors naar siele" bestaan (*De Kerkbode* 7 Mei 1930:834). Vervolgens is nodig 'n "diep selfondersoek of hulle eie lewe reg is om pas wedergeborene kinders van God te ontvang. Die onbekeerdes sal die belangstelling aanvoel. Op sy beurt sal die spesiale prediker trag om die onbekeerdes vir die wedergeboorte voor te berei (:834).

Naas die voorbereidingswerk, is die regte prediking noodsaaklik. Hy sê dat ds. van der Merwe hom daarop toelê om die siel van stap tot stap te voer tot 'n hoogtepunt, waarna 'n beroep op hom gedoen word om die besliste keuse te doen en hom aan die Here oor te gee" (*De Kerkbode* 7 Mei 1930:834). Op hierdie punt verdedig ds.Latsky enige aanval wat op die prediking gemaak word asof dit Metodisties van aard sou wees. Hy verduidelik dat die Metodistiese of sektariese prediker probeer om alleen of te veel op die gevoel te werk. "As nou alleen die gevoel van die mens bekeerd word, maar nie sy wil en sy verstand, is hy maar half, of liewers glad nie bekeerd nie" (:834:).

Ds.Latsky veseker dat geen opwinding of wanorde tydens die dienste plaasgevind het nie en dat tydens die Saterdagaanddiens vir die eerste keer gevra is dat diegene wat geestelike hulp verlang ná die diens moes agterbly..."en toe was die aantal verrasend groot. Ons geloof seker dat vele die aand uit die duisternis tot die wonderbare lig gekom het" (*De Kerkbode* 7 Mei 1930:834).

Die laaste stap in die werksmetode van ds.Van der Merwe, is "troue nasorg" waar die pasbekeerdes gedurig gehelp en bemoedig moet word. Hulle moet as "pasgebore suigelinge met melk gevoed word, totdat hulle later vaste spyse kan geniet" (*De Kerkbode* 7 Mei 1930:834).

In aansluiting by hierdie laaste punt oor nasorgwerk, skryf ds.I.J.Viljoen van Adelaide met waardering van die groot taak wat ds.Van der Merwe verrig. Hy wys daarop dat daar nie net 'n behoefte is aan bekeringspreke nie, "maar daar is die bekeerdes, wat verlang na 'n dieper geestelike lewe. Hulle het tog ook die reg om aanspraak te maak op die aandag en hulp van die spesiale prediker" (*De Kerkbode* 27 April 1932:799).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds.Viljoen was besorg oor buitekerklike groepe wat hulle toespits op die verdieping van die geestelike lewe van die bekeerdes. Sy kommer is dat hulle nie onder kerklike toesig staan nie en daarom bepleit hy die hulp van 'n tweede spesiale evangelieprediker om ds.Van der Merwe by te staan.

Uit 'n heel ander oord skryf ds.F.J.W.Koch van Omaruru, S.W.A. oor die dienste wat ds. Van der Merwe daar gehou het en sy opmerkings sluit nou saam met dié van ds. Viljoen en meen dat dit jammer is dat daar nie meer leraars van die Ned.Geref.Kerk is wat vir spesiale evangelieprediking afgesonder kan word nie. In die verlede was hulle verplig gewees om werkers van die A.E.B. toe te laat om spesiale dienste in verskillende sentra te hou. Hy betwyfel of dit in belang van die Kerk sal wees op die lang duur (*De Kerkbode* 11 Mei 1932:891). Oor die dienste self, wat deur mense van heinde en ver bygewoon is, is buitengewone belangstelling en geestelike honger geopenbaar, terwyl kragtige bekerings onder oud en jonk plaasgevind het (:891). As uitvloeisel van die dienste is "sterk takke" van die Christelike Strewersvereniging gestig om die lede te help om die vuur wat aangesteek is, aan die brand te hou" (:891).

Te midde van die knellende droogte van 1933 is ryke geestelike seën beleef met die dienste van ds.Van der Merwe in Britstown. Die onderwerp van bespreking onder lidmate was nie meer die depressie en lae markpryse nie, maar die geestelike seëninge wat die gemeente ondervind het. "Ons dank die Here innig vir diegene wat versterk is en vir andere wat vir die eerste maal ontdek het hoe aangenaam dit is om naby die Here Jesus te lewe" (*De Kerkbode* 22 Februarie 1933:367). Ook hy bepleit die diens van 'n tweede spesiale evangelieprediker omdat ds. Van der Merwe elke 17e jaar 'n bepaalde gemeente weer kan besoek. Direk ná die besoek van ds.Van der Merwe is 'n Christelike Strewersvereniging gestig.

Ook in die omgewing van Riversdal het die dienste van Augustus 1937 die gesprekke oorheers te midde van die droogte en politieke onmin. Ná elke aand se diens is die strate gekenmerk deur 'n doodse stilte (*Die Kerkbode* 5 Januarie 1938:4). Die getal Strewers het van 30 tot 90 vermeerder.

Volgens ds.H.L.Pepler van De Hoop kon meer as ooit tevore besef word hoe noodsaaklik 'n diepe sondeoortuiging by siele gewek moet word voordat daar van verlossing kon gespreek word en blywende seën verwag kan word. Sommige het hulle by vernuwing aan die Here gewy; terwyl andere na jare van twyfel tot die lig gekom het (*De Kerkbode* 4 Maart 1936:453).

Uit ds.J.Z.Eloff (Bredasdorp) se oogpunt is met ds.Van der Merwe se duidelike en kragtige prediking 'n helder beeld van die sonde in sy ellende, mag en gevolge geskilder. "Hy het met die hulp van Gods Gees die sonde uit die mens se liggaam kon haal en dit dan vir hom wys. Die uiterlike godsdienskleed is afgeskeur en meer as een het naak, blind, arm en ellendig voor God gestaan" (*Die Kerkbode* 30 September 1936:687).

Onder die opskrif "Spesiale evangelieprediking op Rietbron" (*Die Kerkbode* 13 November 1935:960) skryf ds.J.C.A Steyl: "Toe alles diep gedolwe was, het elkeen by sy eie akker gestaan en uitgeroep: "O Heer, is dit my lewe, hierdie, wat so diep bedorwe is?" Verborge sondes het opgeskuim, soos die skuimende golwe uit die dieptes van die see, en is verbrysel."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds.F.B.Odendaal som die situasie in die gemeente van Knysna soos volg op: "Hier word oortuigingswerk van die diepste aard gedoen. Die sonde word in 'n onomwonde taal in al sy aakligheid en verwoestende gevolge geskilder" (*Die Kerkbode* 25 September 1935:619). Hy berig dat die bekerings hartgrondig en waaragtig was, omdat dit duidelik uitkom in die belydenisse wat gedoen word en die restitusies wat gemaak word (:620).

Ds.J.C.Lamprecht van Bonnievale se waarneming was dat die hoorder eers stap vir stap gelei is om die afskuwelikheid van sonde in te sien, en om sy behoefte aan verlossing en aan 'n Verlosser te besef. Dan word hy op treffende wyse bekend gemaak met die weg van verlossing en "tederlik gelei tot die boesem van die Vader" (*Die Kerkbode* 15 Desember 1937:1142).

Hierdie is maar enkele berigte wat 'n juiste weergawe gee van die dienste van ds.Van der Merwe. Mense is gekonfronteer deur die Woord en die Gees oor hulle sondige toestand, daarna is die verlossing in Christus hulle aangebied, waarna diegene wat positief daarop gereageer het, in die meeste gevalle sekerheid van saligheid ontvang het. Ds.Van der Merwe het met uiterste versigtigheid opgetree om binne die gereformeerde of Calvinistiese beginsels te bly.

5.2.1.1 Gereformeerde werksmetode van ds.Van der Merwe

Uiteraard is die metode wat ds.Van der Merwe gebruik het, onder die gereformeerde vergrootglas geplaas uit vrees dat dit moontlik 'n sektariese gees kon weerspieël. Meer as een berig wat getuig van kragdadige bekerings wat plaasgevind het, kwalifiseer die omstandighede daarvan deur uitdruklik te meld dat dit nie met een of ander vorm van "gevoelsprediking" of emosionele opsweping gepaard gegaan het nie. Persone wat berigte ingestuur het na *Die Kerkbode* (hoofsaaklik predikante) wys uitdruklik op die effektiewe metode wat hy gebruik het en dat daar geen teken van gevoelsprediking of enige vorm van opsweping was nie.

Ds.C.H.Stulting van Humansdorp noem dat sy metode in alle opsigte is na die eise van die Ned.Geref.Kerk en gemeentes (*De Kerkbode* 15 Mei 1935:915). Hy verduidelik dat hy die berig skryf met die oog daarop om die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking te verseker dat die metode van ds.Van der Merwe op die regte spoor is en dat daar aan 'n groot behoefte voorsien word (:916).

In genoemde berig van die dienste op Britstown, getuig ds.Jackson van kragdadige bekerings wat voorgekom het en meld pertinent dat die dienste in die "gees" van die Ned.Geref. Kerk gehou is. Niks wat vreemd of as 'n nuwigheid voorgekom het, het kop uitgesteek nie. Die werk is gedoen sonder uiterlike vertoon of oppervlakkige opgewondenheid. "Die gevoel word nooit geprikkel nie en sensasie word nooit gesoek nie" (*De Kerkbode* 22 Februarie 1933:367).

Ds.J.G.S.van Jaarsveld lewer 'n inset oor die dienste op Willowmore en is oortuig daarvan dat die metode by die dienste sielkundig gesond was en evangelies suiwer (*Die Kerkbode* 13 November 1935:960). Volgens ds.F.B.Odendaal van Knysna is dit nie dat die gevoel buite rekening gelaat is nie, maar dit is tot 'n minimum gereduseer (*Die Kerkbode* 25 September 1935:619). Hy is oortuig daarvan dat hierdie metode van spesiale dienste nie alleen doeltreffend is en bestendige werk beteken nie, maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dis sonder twyfel die metode wat besonder aanpas "by ons mense en ons Kerk" (:620). Op sy beurt skryf ds.J.C.Lamprecht dat ds.Van der Merwe sy eie metode het, wat volkome aanpas by die gewone prediking in ons Kerk en volksaard. Hy spreek tot hart *en* verstand..." (*Die Kerkbode* 15 Desember 1937:1142).

Ds.S.S.Weyers is dit ook eens dat ds.Van der Merwe se metode van evangelie-prediking aanpas by "ons volksaard en by die opvatting van ons Kerk". Hy sê dat sy boodskappe prakties, nugter en oortuigend is wat beide hart en hoof raak. Hy voeg by dat sy prediking vry is van opsweping van gevoelens en hy maak nie gebruik van die ou metode van handopsteek nie (*Die Kerkbode* 23 Februarie 1938:343).

Of die een predikant bloot die ander se woorde gebruik, is nie seker nie, maar ds.C.A.du Plessis van Brandvlei se verslag lui: "Die spesiale evangelieprediking soos dit hier by ons beoefen is pas hom aan by ons volksaard en by ons gereformeerde opvatting van die saak. Daar is geen opsweping en gevoel nie..." (*Die Kerkbode* 18 Oktober 1939:725).

In 'n baie ernstige trant spreek dr.Jac.J.Müller vroeg in 1933 sy besorgdheid uit oor die "Metodistiese" tendense wat in die Kerk posvat in stryd met die Calvinsitiese. Tog het hy waardering vir die "metode van die hou van 'spesiale' dienste...wat hom aansluit by die Kalvinistiese beskouings en gevoel. Ons bedoel die wyse en metode, waarop die spesiale evangelieprediker van die Kaapse Kerk, Ds.J.A. van der Merwe, te werk gaan in sy evangelisasiearbeid. Teenoor die Metodistiese wyse van spesiale dienste te hou met die oog op bekering kan ons laasgenoemde met vrymoedigheid noem die Kalvinistiese metode" (*De Kerkbode* 8 Maart 1933:452).

Hy trek te velde teen 'n vreemde tendens wat in die Ned.Geref. Kerk ingang gevind het waar "nie alleen Gereformeerde beskouings in die teologie (bv.insake die heilsorde en die uitverkiesing) ingeruil word vir Angelsaksies-Metodistiese opvattings nie, maar ook ons-kerk-vreemde praktyke, soos gevoels-opsweping by opwekkingsdienste en onheilige sieletellery van diegene wat onder indrukke gekom het, ingesluip het" (*De Kerkbode* 8 Maart 1933:452). Hy voeg by: "Sommige christene moet as gevolg daarvan van tyd tot tyd opge"charge" word by opwekkingsdienste, en het geheel afgeleer om van dag tot dag alleen uit die Woord van God en onder die bestraling van Sy Gees te lewe....As Gereformeerde volk het ons 'n intuktiewe afkeer van sulke dinge as gevoelsopjaging in belang van ons godsdiens, en dit is te verstaan dat die handopstekery om aan te dui wie in die dae van gevoelsopwekking geestelik ryp gedruk is vir die Koninkryk van die hemele, vir vele weersinwekkend is" (:452).

Dr.Müller kom egter nie skotvry af van uitlatings wat hy in sy berig gemaak het nie. In 'n uitgawe 2 weke later, skryf 'n persoon, moontlik 'n predikant onder die skuilnaam "Pastor" dat dr.Müller dikwels terme soos "Kalvinis", "Gereformeerd" en "Metodis" gebruik en wys daarop dat terminologie 'n vername rol speel, maar ook dikwels tot misverstande kan lei. Veral oor die term "rypdruk", deel "Pastor" die gevare wat dr.Müller daarin sien, maar "is die gevaar aan die ander kant nie nog groter van te stadig te wees en gulde kanse te laat verbygaan nie? Dr. Andrew Murray het eenmaal gesê: 'Mense is skynbaar vir die gat van perfeksionisme baie banger as vir dié van imperfeksionisme, en tog val 100 in die tweede gat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waar een in die eerste gat val.' 'n Mens sou so graag gesien het dat Dr.Murray 'n bietjie meer hierop moet gedruk het" (*De Kerkbode* 22 Maart 1933:553).

"Pastor" gebruik 'n voorbeeld waar iemand vroeër in *Die Kerkbode* geskryf het hoe 'n prediker 'n indrukwekkende evangeliepreek kan lewer "waar 'n mens voel die krag van die Heilige Gees is daar teenwoordig", maar geen uitnodiging word gemaak nie. Hulle weet om die net uit te gooi, maar dit nie intrek nie. Nou vra "Pastor" die vraag: "Hoe moet die net ingetrek word? Hier skyn dr.Müller beswaar te maak teen te gou hande te laat opsteek .... Daar is gevaar....En tog die ou ondervinding is, as 'n siel die stap neem, laat hom dadelik daarvoor uitkom en belydenis doen. .Dit is die beste ding vir die persoon self...Publieke belydenis is seker een van die beste maniere om 'n jongbekeerde staande te hou....daarom druk die Heilsleër daarop: nie net hande opsteek nie, nie net agterbly nie, maar publiek in die vergadering opstaan, langs die paadjie opwandel en daar by die prediker, by die boetelingsbank gaan kniel. Dan weet almal dit, en dit is baie makliker vir daardie persoon om verder vir sy Heer uit te kom" (*De Kerkbode* 22 Maart 1933:553).

Aan die einde van die artikel gaan "Pastor" vir dr.Müller teë deur geen fout te vind by die tel van siele nie, want op Pinksterdag is 3 000 getel. "Die aangee van getalle, hoewel seker dikwels oppervlakkig en onvertroubaar, strek tog tot bemoediging van die werk en die werkers" (:553).

Ten spyte van die versigtigheid waarmee ds.Van der Merwe se dienste bejeën is, is sy dienste voorafgegaan deur 'n afwagting en deeglike voorbereiding, veral deur gebed. Groot getalle het, te midde van soms moeilike omstandighede, van heinde en ver na die dienste gestroom - sommige tot 160 km (100 myl). Die hele gemeenskap is deur die dienste geraak. Sy prediking was op die sondige toestand van die mens gerig en daarom was daar 'n spontane sondeoortuiging gewerk deur die Heilige Gees. Mense het spontaan gereageer en kragdadige bekerings het plaasgevind. Kinders van die Here is herstel en 'n nuwe vuur en ywer is in gemeentes geblaas. Ds.Van der Merwe se prediking was eenvoudig, prakties en op die man af. Geen emosionele opsweping was te bespeur nie en predikante, kerkrade en gemeentelede was tevrede met sy werkswyse. In verskeie gemeentes is nuwe takke van die Christelike Strewersvereniging gestig, terwyl bestaande takke ná die dienste in ledetal versterk is.

5.2.1.2 'n Terugblik oor 10 jaar

Op versoek van die Spesiale Evangeliepredikingkommissie skryf ds.Van der Merwe in *Die Kerkbode* 'n verslag oor sy werk die voorafgaande 10 jaar. Gehoorsaam aan die Kommissie, skryf hy tog, maar baie teësinnig uit vrees dat dit die indruk mag skep dat hy homself op die voorgrond plaas.

Hy beskou hierdie taak van hom as pionierwerk omdat hy "feitlik 'n afkeer gehad het in die ou metode van spesiale dienste" en nie op dieselfde trant wou voortgaan nie (*Die Kerkbode* 6 Maart 1940:406). Omdat die ou metode nie aanpas by die volksopvatting van godsdiens nie (as gevolg van die uiterlike en emosionele aard daarvan) wou hy sien dat dit in verband moet staan met die gewone vorm van die eredienste. Die hoofkenmerk moes wees die "prediking van die heilsweg". "Die leerstuk van ons Kerk wat handel oor die verlossing moet vir tien dae geaksentueer word...Die siel moet stap vir stap gelei


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

e. Metodisme huldig die leer van perfeksionisme. Koornhof (:212) meen dat daar wel verskil bestaan oor die vraag of Wesley perfeksionisme in die volle sin van die woord geleer het, maar staan vas op die punt dat Metodisme met sy leer van perfeksie konsekwent daartoe moet lei.

5. *Metodisme doen soms af aan die gesag van Gods Woord en lei also lig tot Modernisme.* Die gevolg hiervan is omdat "iemand nie in die eerste plek vra wat leer die Woord van God nie maar wat vereis die saligheid van die mens....Daarby pleit die Metodis vir 'n 'wider and more liberal interpretation of the Scriptures.' En op hierdie standpunt is Modernisme die noodsaaklike gevolg" (Koornhof Julie 1936:213).

6. *Metodisme beskou die leer as minderwaardig en stel lewe teenoor leer.* Koornhof (Julie 1936:213) verwys weer na Wesley wat nie veel waarde aan 'n suiwere leer geheg het nie, solank as daar vrug op sy werk was. Teen die agtergrond van die hedendaagse "Metodistiese kreet: "Gee my lewe en nie leer nie!" sê Koornhof nee, die leer moet 'n rigsnoer wees en die lewe die openbaring daarvan (:213).

- Die Konsekwensies van Metodisme op kerklike gebied

*1. Die Metodiste wek vooroordeel teen die gevestigde kerkorde*

Hieronder lig Koornhof (Augustus 1936:252) 'n paar sienswyses van Metodisme uit en meld onder andere die volgende: "Die absolute en sentrale karakter van die Pinksterwonder word negeer; daar moet weer apostels, evangeliste ens., wees; daar moet weer 'n uitstorting van die Heilige Gees plaasvind; en daar is 'n gedurige gesug na massa-bekeringe soos op die Pinksterdag. By baie lidmate van ons Kerk vind ons nog sulke verwagtings. En as die verwagtings nie verwesenlik word nie, ontstaan as vanself 'n gevoel van vooroordeel en antipatie teen die gevestigde Kerkorde en word gretig gegryp na Metodistiese opwekkingsdienste."

*2. Die Metodisme verontagsaam die verbondsmatige beskouing van die Kerk*

*3. Die Metodisme lei tot uitwissing van Kerklyne.* Hierdie houding word ingeneem deur diegene wat "die bekering van siele" as enigste en laaste doel voor oë het. Dan kom dit immers nie meer daarop aan in watter kerkverband gewerk word nie, solank as siele maar gewen word. "Op hierdie standpunt word 'n bepaalde kerkverband dan ook beskou as iets wat hinderlik en stremmend inwerk op die werk van die 'sielewenner'. Daarom praat 'n man as [sic] Eerw. Lionel Fletcher van die 'saaie routiene van die kerkdiens' waar daar nie genoeg gebied word vir siele-redding nie. En daarom vind ons die begeerte by baie mense in ons Kerk dat die kerkdeur wyd oop gesit moet word vir enige opwekkingsprediker - van watter denominasie ook al - wat daarop uit is om siele te wen" (Koornhof Augustus 1936:252).

*4. Metodisme bied 'n vrugbare bodem vir die ontstaan van buitekerklike strominge en vereniginge.* Verwysende na die Metodiste se "*ecclesiolae in ecclesia*" en "*society*-gees" noem Koornhof (:252) dat hierdie Metodistiese neiging by baie lidmate in die Kerk bestaan wat


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dienste. Dit stem grotendeels ooreen met opmerkings wat reeds vroeër deur predikante gemaak is in die beriggewing oor die dienste in die onderskeie gemeentes.

Gebed bly die vernaamste faktor voor en tydens die dienste. 'n Warm atmosfeer moet geskep word om pasbekeerdes tuis te laat voel. Tydens die dienste moet die werkers hulle diensbaar stel onder die leiding van die spesiale prediker "en hom help om met die bekommerdes te handel, waar hy dit nodig ag. Laat die werkers bekommerdes aanmoedig om agter te bly maar niemand dwing nie." Goeie raad oor nasorg word gegee, onder andere om pasbekeerdes te besoek, hulle aan te moedig om by 'n Strewersvereniging of Bidgeselskap aan te sluit, hulle aan opbouende prediking te onderwerp, die lees van traktaatjies en boeke aan te moedig, asook om konferensies vir hulle te reël.

Tydens 'n vergadering van die Kommissie van Evangelisasie wat op 18 Januarie 1951 gehou is, het ds.Van der Merwe berig dat hy die vorige jaar 13 gemeentes besoek het. Die opkomste was altyd groot en die verlange na die evangelie sterk. Dit het sestien jaar geneem om al die gemeentes van die Kerk in Kaapland te besoek, terwyl hy die voorafgaande vyf jaar reeds met sy tweede rondte besig was. By hierdie tweede reeks besoeke het hy oral bewyse teengekom van die blywende vrug van die bekerings wat tydens spesiale dienste plaasgevind het (*Die Kerkbode* 28 Februarie 1951:444).

### *5.2.2 Evangelisasiewerk van ds.G.D.du Toit*

In 'n beriggie deur ds.J.C.Smit, wat handel oor spesiale dienste te Aurora vanaf 10 tot 17 Oktober 1937, skryf hy dat ds.Du Toit begin het met sieldeursoekende boodskappe oor sonde, wat 'n groot en dringende behoefte en verlange na verlossing en vrede gewek het. "Sy boodskappe is suiwer evangelies, deeglik uitgewerk en word op 'n besonder duidelike, aantreklike en hartlike manier gelewer, sodat die eenvoudigste dit helder kan vat en verstaan. Daar was geen opgewondenheid nie, en die besluite wat daar geneem is, is na stille, tydsame en kalme oordenking in 'n rustige atmosfeer geneem" (*Die Kerkbode* 10 November 1937:885).

'n Soortgelyke getuienis word gelewer deur ds.W.A.Alheit van Touwsrivier oor dienste wat in 1937 gehou is. Met die namiddagdienste is boodskappe oor die verdieping van die geestelike lewe gehou omdat daar 'n merkbare verlange in die Kerk bestaan het na die ondervinding van heiligmaking. In die aande is die boodskap oor sonde en verlossing gebring. Met die afsluitingsdiens is ekstra sitplekke in die kerk aangebring en een na die ander, soms tegelyk, oud en jonk, het opgestaan om te sê wat Jesus vir hulle gedoen het en beteken, "nadat almal wat aan die kant van die Here staan, saam opgestaan het" (*Die Kerkbode* 1 Desember 1937:1042,3).

In die uitgawe van *Die Kerkbode* van 15 Desember 1937 (p.1118) getuig ds.W.L.Steenkamp van geseënde dienste wat ds.Du Toit in Goudini gehou het. Soos in die vorige gevalle, berig ds.C.C.Kritzinger van Hopetown (*Die Kerkbode* 5 Julie 1939:27) nie alleen van die geseënde dienste nie, maar ook van die positiewe uitwerking wat dit op die plaaslike Strewersvereniging gehad het.

Ds.I.J.Viljoen vertel ook in sy weergawe van die dienste wat op Somerset-Oos gehou is (*Die Kerkbode* Oktober 1940:635) van die geestelike verdieping en maak 'n slotopmerking: "'n Laaste indruk van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

boodskappe is dat die dienste die juiste balansering bewaar van intellek en emosie; of moet ek liewer praat van oortuiging en besieling? Loop ons oor die algemeen nie gevaar om te bang te wees vir die woord "emosie" nie? ...Die waarborg van hierdie juiste balansering van intelek en emosie, of van oortuiging en besieling lê daarin dat die prediker Gods Woord laat spreek. En wanneer sy Woord spreek, dan biggel daar 'n traan oor die wange van die sondebewuste siel, maar die Woord lê ook weer die loflied op die lippe van die verloste kind van God."

Na 'n paar dae van deeglike voorbereiding en selfondersoek, waar kinders van die Here begeer het om "geestelik voller en voller te word deur die werking van die Heilige Gees", het ds.Du Toit die gemeente Albanie, Riebeek-Oos, besoek. Ds.G.P.le Roux vertel van die middag- en aanddienste dat die Gees van God sy werk van oortuiging in harte gedoen het en vir hulle getoon het die krag en aakligheid van die "vlees", die woestynlewe, die selfliefde in die koue harte. In die aand het die Gees van God weer baie pleitend en kragtig deur sy kneg gespreek tot die ongeredde siele. Nadat die uitnodiging tot die mense gerig is, het daar veertien grootmense en 'n aantal kinders die stap geneem "en in trane van skuldgevoel (ge)buk voor die voet van die kruis en Hom erken, as Jesus, die Redder van hul siele!" (*Die Kerkbode* 16 April 1941:702).

Ds.S.S.Weyers van die gemeente Greykerk skryf oor ds.Du Toit dat sy optrede geen opgewondenheid en geen opsweping van gevoelens opgelewer het nie. Sy boodskappe was suiwer evangelies. Sy metode om bekommerdes uit te nooi was by uitstek taktvol (*Die Kerkbode* 14 Mei 1941:895). Wat die dienste op Caledon betref, word die volgende berig: "Sondagaand by die afsluiting, asook Maandagaand by ons dankstond, kon vele op aangrypende wyse, met gesigte stralende van innerlike vreugde en heerlike oorwinning, getuig dat hulle Christus vir die eerste maal gevind het, of nuwe lig vir hulle siele ontvang het, of geloofsversekering verkry het. Roerend was voorwaar die getuienisse van persone wat openlik in sonde geleef het en tot kragdadige bekering gekom het" (*Die Kerkbode* Oktober 1942:471).

Laastens word berig van dienste wat aan die begin van 1942 in Stellenbosch gehou is. Waar ander berigte net meld dat die kerke stampvol was, skryf dr.D.R.Snyman dat by die slotdiens ongeveer 1 800 mense teenwoordig was. Ook hy getuig van groot seën tydens die dienste (*Die Kerkbode* 4 Maart 1942:)

Ds.G.D.du Toit word beskou as een van die "spesiale" manne wat hierdie pos beklee het. "Hy het sonderlinge gawes gehad om te kan preek en om veral die diep waarhede van Gods Woord duidelik te maak en daarby was hy 'n student van die Bybel by uitnemendheid." Ná die reekse spesiale dienste wat deur hom gehou is, het die jong studente op Stellenbosch telkens by hom gaan verneem hoe die dienste verloop het. "Ons het dan verneem van die wonderlike bekerings en ons in die werke van God deur Sy dienskneg verbly" (*Die Kerkbode 1*9 Februarie 1975:242).

In feitlik al die berigte word melding gemaak van die verwagting wat by lidmate was dat die Here hul sou seën. Die middagbyeenkomste het oor heiligmaking gehandel, terwyl die aanddienste gebruik is om boodskappe aan onbekeerdes te bring. Die skrywers is dit eens dat die boodskappe kragtig afgelewer is en dat dit nie met enige opsweping gepaard gegaan het nie. Telkens is berig gebring van 'n groot aantal



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

persone wat getuig het wat die Here vir hulle gedoen het tydens die dienste. Waardering is ook uitgespreek vir die groot taak wat die twee spesiale evangeliepredikers, di.Du Toit en Van der Merwe doen.

Op 'n vergadering van die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking op 25 Januarie 1939, waarby beide di. Van der Merwe en Du Toit teenwoordig was, word verslag gedoen dat daar 'n "klimmende belangstelling" in die spesiale evangelieprediking voorkom, deurdat navrae daarna en bywoning tydens byeenkomste toegeneem het (*Die Kerkbode* 8 Maart 1939:430). "Daar is 'n merkbare ernstige verlange in die Kerk na die verkondiging van die ou Evangelie, wat 'n krag van God tot saligheid is" (:430).

Enkele probleme word tydens hierdie vergadering aangestip, onder andere die onkunde aangaande die heilsweg. "Siele verlang daarna maar verstaan nie" (*Die Kerkbode* 8 Maart 1939:430) asook die probleem met die Los predikante wat "met 'n verkeerde leer die gemeentes opsweep." Seën word met die dienste ontvang deurdat "etlike gevalle van merkwaardige bekeringe" plaasvind - "Siele word weder gebore" terwyl gelowiges geestelik versterk word (:430). 'n Konferensie vir al die gemeentes word in die vooruitsig gestel met "Die Heilsweg" as tema.

Tydens 'n kommissievergadering van die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking wat op 18 Januarie 1945 gehou is, het die werksaamhede van bogenoemde twee leraars onder die loep gekom. Albei het verslag gedoen van hulle werksaamhede. Eersgenoemde het reeds sestien jaar se werksaamhede op hierdie terrein agter die rug.

Gedurende die besprekings is drie vrae na vore getree: Regverdig die werk die afsondering van twee werkkragte? Keur die vergadering die werkmetode, soos deur ds. Van der Merwe uiteengesit, goed? Is dit kerkregtelik in orde dat sulke predikers optree?

Op die eerste twee vrae is positief geantwoord "en wat die laaste betref, dat, alhoewel daar geen roepende gemeente, ens. is nie, die lae peil van die geestelike lewe in hierdie eeu van afval die optrede van manne met besondere gawes deur die hele Kerk heen eis" (*Die Kerkbode* 31 Januarie 1945:101). Op hierdie vergadering is die gedagte geopper dat die naam van die Kommissie verander moes word.

### *5.3 Spesiale Evangelisasieprediker in Transvaal*

In 1934 willig di.J.C.Reyneke en J.C.Cronjé in om hulle dienste tydelik beskikbaar te stel as spesiale predikers. Hulle getuig "dat daar kennelike seën op die arbeid gerus het; dat die Ou Evangelie nog niks aan krag en frisheid verloor het nie, dat daar etlike gevalle was van kragdadige bekering en oortuiging van sonde....Daar is ongetwyfeld behoefte aan spesiale evangelieprediking in ons Kerk" (Redelinghuys 1983:12).

Nie alle gemeentes het hierdie visioen gedeel nie en het daar nie voor 1937 iets daadwerkliks plaasgevind nie. Ds.J.F.Botha, emeritusleraar van Molteno, is tydelik in hierdie pos aangestel. Volgens sy eie waarneming is dit vir hom duidelik dat met sy besoek aan gemeentes sy primêre oogmerk was om "kinders van die Here" te bereik "om hulle te help tot self-ondersoek, verootmoediging en toewyding." Die meeste mense wat op die prediking gereageer het, was juis kinders van die Here wat "ontevrede was


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om hulle opnuut aan die Here te wy, en na die krag van die Heilige Gees verlang het" (Redelinghuys 1983:20,21). Ds.Botha se dienste is dikwels as "Metodistiese opswepery" beskou (:21).

Hoe dit ookal sy; die noodsaaklikheid van 'n voltydse evangelieprediker het onafwendbaar geword, onder andere weens die gevaar van geestelike verwarring by baie lidmate wat veroorsaak word deur sektes, asook deur die gebruikmaking van persone en bewegings van buite die Kerk (Van der Watt 1987:191). Dit was die A.E.B. en Oxfordbeweging wat die geestesstrominge en buitekerklike groepe was wat dikwels in die geestelike behoeftes van die lidmate voorsien het (:192).

Die ideaal van 'n spesiale evangelieprediker in Transvaal is verwesenlik toe ds.J.C.G.Kotzé op 27 April 1937 tot hierdie amp verkies is.

### *5.3.1 Ds.J.C.G.Kotzé as Spesiale Evangelieprediker*

Goeie getuienis is deur die jare gelewer van 'n suksesvolle bediening wat hy volvoer het. Na aanleiding van 'n reeks dienste wat hy in Middelburg gehou het, verskyn 'n berig in *Die Voorligter* van Maart 1938 dat die dienste nie met enige opsweping gepaardgegaan het nie, maar "op kragtige wyse lê hy die al-oue-Evangelie-waarhede voor" (Redelinghuys 1983:40). Daar word terselfdertyd gewaarsku teen 'n "oordrewe konferensiegees" wat kan ontstaan.

Vanaf 22 tot 31 Januarie 1938 besoek ds.J.C.G.Kotzé, Carolina. Die plaaslike leraar, ds. H.D.A.du Toit, getuig van die groot belangstelling wat onder lidmate geheers het vir die dienste. "Meedoënloos het die besoekende leraar die sonde in al sy vorme aan die kaak gestel en hul ongenadig gestriem totdat 'n mens by jouself die sug laat hoor het: 'Ag wanneer sal hy dan die mense vra om agter te bly? Waarom martel hy hulle so?' Maar nee, aand vir aand gaan verby sonder dat so 'n oproep gemaak word....'n Drie of vier aande voor die afsluiting word gevra dat diegene wat nog nie die Here as Saligmaker ken nie en ook ander vriende sal agterbly om die weg van saligheid nog eenvoudiger te verneem. Van daardie oomblik af word die swakkes elke aand by die hand geneem en verder gelei op die pad na die hemel" (*Die Kerkbode* 16 Maart 1938:475).

Baie opvallend van hierdie en ander berigte is die pertinente vermelding van die metode van uitnodiging wat ds.Kotzé gevolg het. Soos in die geval van beriggewing oor ds. Jac. van der Merwe se dienste, word met nadruk daarop klem gelê dat met versigtigheid omgegaan word wanneer behoeftige siele uitgenooi word. Dit kan slegs wees uit vrees dat dit 'n "Metodistiese" karakter kan aanneem soos wat die geval is met handopsteek.

So skryf C.J.Geldenhuys uit Fochville byvoorbeeld: "Nooit was daar die minste opsweping nie. Tog het die krag van die evangelie die harte gebreek en vatbaar gemaak. Die Gees van die Here het wonderlik gewerk en siele het so onder die indruk van hul verlore toestand gekom dat buitekant die kerk al gefluister is: "Wanneer tog sal dominee bekommerde siele uitnooi?" Maar Ds.Kotzé doen niks haastig nie; 'n siel moet eers tot waaragtige oortuiging van sonde kom. Teen die einde van die dienste is daar afgekondig dat bekommerde siele mag agter bly" (*Die Kerkbode* 25 Mei 1938:972). Tydens hierdie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dienste het "groot getalle" die Here aangeneem as Verlosser. "Andere moes die vorm van godsdiens afwerp, en kinders van die Heer is kragdadig onder sondebesef gebring" (:972).

Ook lê ds.H.C.Botha van Biesjesvlei nadruk daarop dat ds.Kotzé se prediking nie met gevoel en opsweping gepaard gegaan het nie. Getalle was nie die oogmerk nie, maar waaragtigheid. Vir die eerste sewe dae word geen uitnodiging gemaak dat siele moes agterbly ná die diens nie. Alles word oorgelaat aan die oortuigende werk van die Heilige Gees. Op die agste aand word al die kinders van die Here en diegene wat die Here soek, uitgenooi om agter te bly ná die diens. Die volgende aand is persone wat die Here ten tye van die spesiale dienste gevind het, gevra om agter te bly, sowel as diegene wat nog glad nie die Here kon vind nie. Ná verduideliking en gebede is daar persoonlike aandag geskenk aan diegene wat nog in duisternis verkeer (*Die Kerkbode* 26 April 1939:765).

Te midde van talle positiewe verslae oor sy werk, maak ds.Kotzé in 1943 'n paar opmerkings oor verkeerde opvattings wat bestaan oor die pos van spesiale evangelieprediker, onder andere hardheid, oppervlakkigheid en gejaagdheid van die tyd asook die brandstoftekort. Hy doen 'n beroep op die Sinodale Uitbreidingskommissie dat 'n wetenskaplike studie oor evangelisasie gedoen moet word omdat sommige mense die spesiale evangelieprediker as onbybels en ongereformeerde beskou (Redelinghuys 1983:46). Hierin kan reeds die eerste tekens gesien word van die wegbeweeg van hierdie tipe bediening.

"*Spesiale evangelieprediking - 'n Terugblik*" is die opskrif in *Die Kerkbode* van 16 Februarie 1944 (p.144-145) waaronder ds.Kotzé, sy indrukke gee van meer as 6 jaar se arbeid op hierdie gebied. Hy het soveel waardering vir diegene wat hom deur die jare ondersteun het en vir hulle wat met die Here ontmoet het. Hy spreek openhartig sy gevoel uit oor die vermoeienis en ontberings wat met so 'n bediening gepaard gaan en ook oor gevalle waar hy, selfs van kollegas, teëkanting ontvang het.

Reeds op hierdie stadium (1944) kon 'n mens tussen die lyne lees dat hy sy oog daarop gehad het om weg te beweeg van die rol van spesiale evangelieprediker en om die taak aan die gemeenteleraars oor te laat. Dit het dan aan die begin van die vyftigerjare gerealiseer. In die genoemde terugblik sê hy: "daarom het ons ook al meer oortuig geword dat sulke dienste kosbaar en nodig is, maar dat dit van die leraar self moet uitgaan, selfs al roep hy hulp van elders in. Dan alleen sal ons blywende vrug sien wanneer dié werk 'n direkte uitvloeiing van die gereelde bediening is. Spesiale dienste is nie 'n towerstok om alles reg te maak nie. Wat meer is, herlewings kom nie deur spesiale prediking nie, maar deur spesiale gebede. Sonder hierdie voorbereide atmosfeer bly die verwagting van spesiale dienste 'n spottende opgeefsel. Weer sê ons, hierdie werk moet uitgaan van die leraar self..." (*Die Kerkbode* 16 Februarie 1944:144,5).

Hy het verder besef dat die kerkvreemde nie deur hierdie metode van evangelisasie bereik kon word nie, maar wel deur die korrekte funksionering van die plaaslike gemeente. Hy was genoodsaak om hieroor 'n studie te doen en in sy geskrif "*Die Kerk op sy Soektog - Besinning oor die Evangelisasietaak van die N.G.Kerk in Suid-Afrika in ons dag*", wat in 1959 gepubliseer is, maak hy 'n nuwe deur oop vir die evangelisasietaak.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die bediening van sy opvolger, ds.Pienaar, het die klem verskuif weg van spesiale evangelieprediker na dié van Sekretaris vir Evangelisasie.

*5.3.2 Ds.A.J.Pienaar*

Nadat ds.J.A.van der Merwe beroep is as spesiale evangelieprediker en dit nie aanvaar het nie, is ds.A.J.Pienaar beroep. Hy was huiwerig om dit te aanvaar omdat hy van mening was dat hy as tweede keuse nie die vertroue van die Transvaalse Kerk gehad het nie (Redelinghuys 1983:30). Hy aanvaar egter die beroep wat op 7 November 1944 uitgebring is.

Reeds in sy tyd het 'n klemverskuiwing begin intree weg van spesiale prediking. Die Sinodale Kommissie vir Evangelisasie het aan die sinode 'n aanbeveling gedoen dat die benaming "Spesiale Evangelieprediker" vervang moes word met "Sekretaris van Evangelisasie" (*Die Kerkbode* 6 Junie 1945: 292,3).

5.3.2.1 Agtergrond

Andries Jacobus Pienaar is op 8 Julie 1902 in Pretoria gebore. Hy ontvang sy skoolopleiding aan die Eendrachtskool en later aan Boys High in Pretoria. Hy kom as veertienjarige tot bekering tydens 'n C.S.V.-konferensie op Heidelberg. Ook sy roeping om predikant te word ontvang hy tydens 'n C.S.V.-konferensie in 1918 (Redelinghuys 1983:31). Hy behaal die B.A.-graad en Teologiese Diploma aan die Universiteit van Stellenbosch. Tydens sy bediening te Rustenburg (1932-34) het sy kollega, ds.J.C.Cronjé, 'n groot invloed op hom uitgeoefen. Hy bedien die gemeentes Messina, Nelspruit en Malvern. "Hierdie ernstige man en vurige prediker was by uitnemendheid geskik om ds.Kotzé op te volg" (:32).

Nadat hy die beroep as Sekretaris vir Evangelisasie aanvaar het, sonder hy hom vir 'n maandlank af en word daarna op die aand van 10 Maart 1945 in die Grote Kerk in Pretoria bevestig - in die gemeente waar hy gedoop, aangeneem en getroud is (*Die Kerkbode* 6 Junie 1945:292). Ds.H.D.A. du Toit het die bevestigingsrede gevoer. Ds.Pienaar het die Sondagoggend sy intreerede gelewer in die Bronbergkerk. Die teksvers by daardie geleentheid was: "Want die Seun van die Mens het gekom om te soek en te red die wat verlore is. "Gedurende die daaropvolgende week is spesiale dienste gehou. "Die belangstelling was besonder groot, sodat luidsprekers aangebring moes word. Vele het sekerheid van die geloof ontvang, terwyl ander versterk is op die weg van die lewe" (:292).

Vanaf 29 Maart tot 7 April 1945 was ds.Pienaar verantwoordelik vir 'n reeks dienste op Hendrina. "Met groot krag, duidelikheid en oortuiging het die boodskappe aand na aand gekom; boodskappe wat nog vir jare in die hart van hierdie gemeente sal lewe!" (*Die Kerkbode* 6 Junie 1945:292). Groot getalle het na die dienste opgekom en kleiner biduurtjies is daagliks gehou ter wille van die dienste. Vele oorgawes aan die Here is gemaak. Ná elke diens het groot getalle mense agtergebly; sommige vir gebed en voorbidding, ander om 'n nuwe stap in hul lewe te doen (:293).

Ds. Pienaar het ook aan die gemeente gewys dat die taak van evangelisasie nie alleenlik by die spesiale evangelieprediker berus nie, maar dat dit die taak van die kerk as geheel is. Hy het dit benadruk dat elke


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ware gelowige die opdrag ontvang het om "siele te wen" (*Die Kerkbode* 6 Junie 1945:293). Die lied wat ds.Pienaar so baie laat sing het, het vir die gemeente nuwe betekenis gekry:"*Red wat verlore gaan, Soek die wat sterwe. Ruk hul ontfermend uit sonde en dood!...*"

Die Sinodale Evangelisasiekommissie het besluit dat die leuse "*Terug na die Kerk en die Christus van die Kerk*" gedurende 1946 in die Kerk toegepas moes word. In *Die Kerkbode* (15 Mei 1946:596) gee ds.Pienaar etlike wenke aan die hand hoe om hierdie offensief tydens Pinkster toe te pas. Leraars is versoek om volgens 'n voorgestelde temalys soos deur die Kommissie saamgestel, boodskappe in die gemeentes te bring. Predikante is ook aangeraai om gedurende Meimaand soveel moontlik met mekaar kansels te ruil. Verdere strategieë is ook beplan vir optredes tydens en ná Pinkster.

In 1950 aanvaar ds.Pienaar 'n beroep na Pretoria-Sentraal en hy word opgevolg deur ds.R.J.N. van Tonder as Sekretaris van Evangelisasie. Laasgenoemde was ook verantwoordelik vir die daarstelling van 'n Evanglisasiespreekkamer in Transvaal.

### *5.4 Plaaslike evangelisasieaksies*

Evangelisasiewerk is nie net deur spesiale evangeliepredikers gehou nie. Gemeentes en ringe het onderling die nood besef en besluit om self voort te gaan met die groot taak.

Gedurende 1945 het predikante van die ring van Ermelo byvoorbeeld vergader om evangelisasie onder die loep te neem, veral in die lig van die nuwe oriëntering in die Transvaalse Kerk ten opsigte van evangelisasie. Verskeie besprekingspunte het gedien. Die eerste ideaal wat nagestreef sou word, is "'n kerk wat van preekstoel tot lidmaat vervul is met die een begeerte om 'n gedurige toevloei te sien van mense wat Jesus leer ken het as hul persoonlike Saligmaker, en wat op hul beurt weer ander tot dieselfde ondervinding probeer lei" (*Die Kerkbode* 6 Junie 1945:292). Uit 'n totaal van 13 besprekingspunte het van die volgende gedagtes na vore gekom: Om 'n ware "visser van mense " te wees, moet die leraar hom losmaak van kommissies; elke ouderling moet 'n sielesoeker en 'n voorbidder wees; die prediking moet gemik wees op die inbring van siele, ens. (:292).

Gedurende Maart 1946 hou die ring van Ermelo op Amsterdam 'n kerkraadskonferensie met Evangelisasie as tema. Ds.J.J.Driescher stel 9 punte saam wat ook kon dien as riglyn vir ander kerkraadskonferensies. Hierdie punte beklemtoon die nood aan evangelisasie, in besonder die noodsaaklikheid van die "redding van siele" te midde van die "floue geestelike toestand van die kerk". Elke gewone lidmaat en veral kerkraadslede het die taak om "behoeftige siele" in te bring. Persoonlike werk, opelugdienste, straatprediking, kampe vir jongmense, getuienisse, informele buitedienste met die klem op Bybelstudie, traktaatverspreiding en kolportasiewerk "en byeenkomste met die oog op buitengewone voorbidding vir individue en vir herlewing in die Kerk" is alles idees wat voorgehou word as middele vir evangelisasie (*Die Kerkbode* 17 April 1946:404).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### *5.4.1 Afname in Spesiale Evangelisasieprediking*

Algemene ontevredenheid het begin intree teen die spesiale evangelieprediking "wat eintlik net die meelewende lidmate bereik het, terwyl die rand-kerklikes en buitekerklikes buite skoot van die Evangelie gebly het" (Groenewald 1972:56).

In 1949 het geen spesiale dienste in Transvaal plaasgevind nie omdat dit óf in onguns geraak het, óf omdat gemeentes onder die indruk verkeer het dat die Sekretaris van Evangelisasie se program te vol is en dan nalaat om hom te nooi. Volgens Redelinghuys (1983:72) is dit opvallend dat in die tydperk Julie 1948 tot Desember 1950 benewens ander aktiwiteite slegs in 14 gemeentes spesiale dienste gehou is. Die byeenkomste was ook kleiner, veral as dit vergelyk word met die werk van ds.Kotzé wat in drie en 'n half jaar 55 gemeentes besoek het waartydens 5 500 kaartjies aan jong bekeerlinge uitgedeel is (:44). Die rede vir hierdie afname kan toegeskryf word aan die feit dat die fokus van evangelisasie wegbeweeg het van die spesiale evangelieprediker na die plaaslike gemeente.

### *5.5 Evangelisasiewerk in die O.V.S.*

Vir etlike jare het die Sinode van die Vrystaatse Kerk wel 'n kommissie vir spesiale evangelieprediking gehad. Gemeentes wat spesiale dienste wou hou, kon die Kommissie nader sodat aan die versoek voldoen kon word. Geen kerkraad het oor 'n tydperk van drie jaar van die Kommissie se dienste gebruik gemaak nie, hoewel daar wel spesiale dienste gehou is en selfs van persone van buite gebruik gemaak is (*De Kerkbode* 26 September 1934:585). Hierdie tendens het daartoe aanleiding gegee dat die Sinode besluit het om 'n "vaste spesiale evangelieprediker" vir die Vrystaatse Kerk (insluitend Rhodesië) aan te stel.

In hierdie artikel verduidelik ds.J.J.Wasserfall dat die daarstelling van so 'n pos nie beteken dat 'n "ander Evangelie" verkondig sal word nie, ook nie dat dit 'n refleksie werp op die leraar en kerkraad wat die "volle evangelieprediking verwaarloos" het nie en allermins dat dit "'n belydenislose metode van prediking" sal wees wat bestaan uit 'n "aaneenskakeling van sensasiewekkende, gemoedsopswepende terme en uitroepe en sielskokkende sinsnedes uit hul Bybelse verband uitgeruk" (*Die Kerkbode* 26 September 1934:586). Die doel van spesiale evangelieprediking moet wees "om die gewete van die onbekeerde wakker te skud tot bekering, en om die gewete van Gods kind wakker te skud tot 'n heiliger lewe" (:586).

Die motivering vir die daarstelling van spesiale evangelieprediking is gegrond op die feit dat daar waarskynlik oral 'n sterk begeerte was na sodanige bedieningsrigting. In weerwil van die teleurstellende ondervinding van die Spesiale Evagelieprediking-kommissie, soos weergegee in die verslag aan die Sinode, wou talle lidmate van die Ned.Geref.Kerk graag sulke spesiale dienste bywoon, ongeag wie die predikers was (*Die Kerkbode* 26 September 1934:586). Ook die besondere belangstelling in die jaarlikse Pinksterbidure versterk die behoefte aan so 'n aksie en ook die kommerwekkende toenemende invloed van buitekerklike bewegings noodsaak die spoedige aanstelling van 'n spesiale evangelieprediker (:586).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Lidmate begeer ook meer preke oor "Die hoër lewe", "Heiligmaking" of "Troonlewe". Omdat die plaaslike leraar by sy vele verpligtinge nie by dit alles kan uitkom nie, sou die aanstelling van 'n spesiale prediker die las verlig (*Die Kerkbode* 26 September 1934:587). 'n Sterk kwalifikasie wat geld vir die spesiale evangelieprediker is dat die prediking "diep, ernstig, suiwer Skriftuurlik, en eg-Gereformeerd" sal wees" (:587). Wat die verwagte resultate van so 'n bediening sal wees, skryf ds.Wasserfall: "Daar sal gewisselik siele vir Koning Jesus ingesamel word; siele van Gods uitverkorenes, vir wie die tyd van insameling, in Sy ewige raad vasgestel, ryp is. En hieroor sal daar innige sielevreugde onder Gods kinders wees!" (:587). Tog word die waarskuwing gerig dat die "sensasiesoekende lidmaat wat, net soos die bioskoopganger, 'n onlesbare dors ontwikkel het vir gedurige prikkeling en opwinding van die gevoelslewe" teleurgesteld sal wees "met ons eie spesiale evangelieprediker" (:587).

Tydens die Vrystaatse sinode van 1937 is diep onder die besef gekom van die behoefte onder die mense aan verdieping van die geestelike lewe. Sommige het gemeen dat die aanstelling van 'n spesiale evangelieprediker in die behoefte sou voorsien. Andere het weer daarteen gewaarsku uit vrees dat 'n sektegees sou posvat en aanbeveel dat dit 'n gesonder metode sou wees as die predikant en kerkraad meer intensiewe bearbeiding onder lidmate doen (*Die Kerkbode* 28 April 1937:776,7). Ná 'n hele dag se bespreking is die volgende besluit met 80 teen 74 stemme geneem:

> *"Die Hoogeerw. Sinode getuig met grote dankbaarheid jeens die Here van die seën wat steeds gerus het op die gereelde en getroue prediking van die Evangelie in ons gemeentes; hy spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die wedergeboorte, waaragtige bekering en heiligmaking alleen die werk is van die Heilige Gees en dieselfde gepredikte Woord; hy het kennis geneem dat vele gelowiges in die Kerk, onder die invloed van die verskillende geestesrigtinge van die teenswoordige tyd die Kerk en sy prediking as feitlik ontoereikend - so nie as uitgedien beskou...hy sien in hierdie gees en gesindheid 'n aktuele gevaar waarteen gewaarsku moet word. Met die oog op hierdie een en ander besluit die Hoogeerw. sinode om sy besluit van 1934 (Not.Sin.1934 bls.60) te herroep en om vir die teenswoordige nie oor te gaan tot die beroeping van die spesiale evangelieprediker nie..."* (:777).

Predikante is aangemoedig om oor en weer spesiale dienste te hou en vra die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking om behulpsaam te wees.

Hoewel die behoefte aan 'n spesiale Evangelieprediker reeds vir jare in die Vrystaat bly voortbestaan, word in 1951 vanuit 'n Rings-kerkraadskonferensie te Kestell berig dat daar nog niks aan die saak gedoen is nie. Die noodsaaklikheid daarvan het opnuut weer aan die lig gekom en sou die saak die volgende jaar vir dringende aandag voor die Vrystaatse sinode dien (*Die Kerkbode* 14 November 1951:966). Tydens dieselfde konferensie is kommer uitgespreek oor die "geestelike insinkingsproses" wat in die provinsie plaasgevind het. Kommer bestaan oor die gees van materialisme. "Dit ontbreek ons Kerk nie aan getalle, bedrywighede en stoflike middels nie, maar aan innerlike krag en selfbeheersing. Daar is 'n steeds aangroeiende stroom wat die Kerk verlaat om by ander geloofsrigtings aan te sluit....Lewelose vormlikheid en koudheid is byna oral die kenmerk van die Kerk....Behoefte aan gebed en 'n drang na 'n dieper geestelike lewe is skaars. Dis of ons magteloos staan om die ontsettende ongeloofstrome die hoof te bied, en in die nood van 'n sinkende wêreld te voorsien" (:966). Opnuut is die behoefte aan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

georganiseerde evangelisasie uitgespreek as enigste middel waardeur die peil van geestelike lewe binne die Kerk verhoog kan word en om die afvalliges te bereik en terug te bring na Christus.

Volgens Van der Watt (1987:197) is eers aan die begin van die vyftigerjare met evangelisasie as 'n georganiseerde werksaamheid in die O.V.S. begin. Telkens is die gedagte van die beroeping van 'n spesiale evangelieprediker op sinodes verwerp. "Die motivering hiervoor was sterk: enige vorm van buitengewone evangelisasie is nie genoeg nie as 'n lae peil van geestelike lewe, 'n verslapping van die tug en 'n funksieverlies van die ampte toegelaat word in die gemeentes. Vervreemding sal so steeds groter afmetings aanneem" (:197) In 1952 besluit die Vrystaatse Sinode om in beginsel die aanstelling van 'n Sekretaris van Kerkherstel en Evangelisasie goed te keur (Van der Watt 1987:197).

### *5.6 Spesiale evangelieprediking onder die soeklig*

Die bediening van spesiale evagelieprediking het deur die jare dikwels onder die vergrootglas gekom. Mense was baie skepties daarteen; sommige het openlik hulle afkeur daaraan geheg, terwyl andere met versigtigheid dit benader het.

Oberholster (1952:224) sê dat daar tydens spesiale dienste druk op lidmate uitgeoefen is om getuienis af te lê en dat slegs diegene wat getuienis afgelê het, as kinders van God beskou is. Die sukses van die dienste is dikwels gemeet aan die hoeveelheid getuienisse wat afgelê is. Mense is daardeur gewoond gemaak dat die buitengewone geleenthede die enigste was wanneer die Gees van God werk. Sodoende is gereelde arbeid in gemeentes in 'n swak lig geplaas.

Oberholster (1952:225) verwys na ds.P.D.Rossouw se bydrae in *Elpis* (Julie 1879) waarin hy sê dat diegene wat volstaan met die gewone prediking, tevrede is met 'n koue, dooie, dorre formalisme en dat die herlewing wat deur spesiale evangelieprediking bewerk word, die Kerk verlewendig en verfris. Hierop reageer Oberholster dat die koudheid nie primêr by die gemeente gesoek moet word nie, maar dat die leraar dikwels die oorsaak daarvan kan wees. Hy sê ook dat diegene wat teen spesiale evangelieprediking gekant was, nie noodwendig die doodsheid goedgepraat het nie. Hulle wat op die oog af daarteen was, was van die ernstigste en toegewydste lidmate Hulle het ook die toestand van onbekeerde harte betreur en verlang dat die Gees van God verandering moes bring. Hulle het dit ook nie gehad teen die evangeliese aksent in die prediking nie en ook nie teen die gedagte dat die noodsaaklikheid van bekering beklemtoon is nie. Spesiale evangelieprediking as sodanig is nie veroordeel nie, maar slegs die metodes wat aangewend is, het hulle nie aangestaan nie (:225).

In 1899 verdedig ds.H.C. de Wet die beoefening van spesiale evangelieprediking, te midde van heelwat besware daarteen, veral as hierdie vorm van prediking geskied deur ongeordende evangeliste. Hy is egter gekant teen die gedagte dat spesiale evangelieprediking so opgehef word en die idee geskep word dat dit die taak van die gewone herder- en leraarsamp kan vervang. (De Wet in Daneel :38).

Eerstens beklemtoon hy enkele voordele wat spesiale evangelieprediking inhou, onder andere die volgende:

- Die uitgestrektheid van die gemeentes maak dit vir die leraar onmoontlik om sy gemeente in elke opsig na behore te bearbei.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die amp van die evangelis is deur God ingestel
- Om siele te wen vereis spesiale aandag.

Daar is diegene wat beweer dat die gewone prediking op Sondae voldoende is, maar dit is nie die geval met alle mense nie. Heilsoekende mense baat by spesiale prediking. Satan is voortdurend daarop uit om die mens weg te voer en as buitengewone middele aangewend word om siele te red, dan protesteer mense daarteen. Omdat mense nie altyd die weg van saligheid verstaan nie, moet spesiale aandag daaraan geskenk word.

Daar is 'n verskeidenheid van gawes wat by verskillende mense aangetref word. *"De gave om zondaren uit den slaap der zonde wakker te schudden en tot geloof en bekeering te bewegen is niet aller"* (De Wet in Daneel:40).

Vervolgens gaan De Wet (in Daneel :41-46) voort om enkele besware teen spesiale evangelieprediking te weerlê. Eerstens word die beswaar vermeld, waarna De Wet se weerlegging volg:

- Die amp van Evangelis kan nie langer in die Kerk (veral in geordende gemeentes) tuishoort nie.

  Dit sou, volgens die mense die standpunt van Calvyn wees, maar Calvyn spreek hom nie uit teen Evangeliste nie. As die predikant en kerkraadslede vol van die Heilige Gees was en die meeste lidmate ware gelowiges, sou Evangeliste in die kerk oorbodig wees. As Evangeliste in Calvyn se tyd nodig was om mense van die afval van die Antichris terug te voer, hoeveel te meer is dit nie nodig om die Kerk terug te bring uit die Laodiciese louheid nie (De Wet in Daneel:41-43)
- Dat slegs geordende manne predikers van die Evangelie moet wees

  Filippus en Stefanus is nooit tot die leraarsamp georden nie, maar wel as diakens en tog is hulle nie belet om die Evangelie te verkondig nie. Met die tekort aan geordende predikante, verrig dit geen skade as van Evangeliste gebruik gemaak word nie. Bowendien is die Evangeliste opgeleide lidmate van die Kerk onder die toesig van die Binnelandse Sendingkommissie.
- Dat mense deur spesiale evangelieprediking God se soewereiniteit beperk.

  Mense beweer dat aangesien God salig maak wie Hy wil, ontneem die mens die mag van God deur spesiale pogings aan te wend om siele tot bekering en geloof te beweeg. Hulle sê dat gewone prediking voldoende is.

  Gewone prediking is nie voldoende nie weens die geestelike onkunde en talle invloede wat op siele inwerk. "God heeft verordend dat er gepredikt zal word tot geloof, bekeering en zaligheid. Doch nergens is bepaald hoe dikwijls het Woord gepredikt mag worden. Er is geene bepaling, dus ook geene beperking" (De Wet in Daneel:43,4).

  Prediking wat gepaard gaan met ernstige gelowige gebed, is die middel wat God gebruik tot die redding van sondaars. Die Bybel sê ook "Dwing hulle om in te kom..." - nie dat die bekering deur menslike krag of geweld moet geskied nie, maar daar moet voortdurend gebid word vir die kragtige werking van die Heilige Gees. Dié wat ons Evangeliste ken sal weet dat hulle manne van gebed is wat dag en nag bid vir die redding van siele. Hulle praat meer met God in gebed as tot mense deur prediking. Daarom word die soewereiniteit van God erken en geëer
- Die vrug op hierdie tipe arbeid is nie standhoudend nie

  Dit is wel die geval dat nie almal staande bly nie. Indien die spesiale arbeid na die mens is, sal die vrug nie blywend wees nie. "Eene echte opwekking kan niet gefabriceerd worden" (De Wet in Daneel :44). Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van deeglike voorbereidings- en opvolgwerk wat gedoen moet word ten einde blywende vrug op die arbeid te verwag (:44,5).
- Opwekking gee aanleiding tot dwepery

  Dat dit wel moontlik is, kan nie betwis word nie, maar dit verg die nodige voorsorg om dit te verhoed.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten slotte voeg ds.De Wet 'n uittreksel by uit 'n ringsverslag van die gemeente van Alexandria van Oktober 1898. Daarin word vermeld hoedanig daar 'n geestelike verbetering in die gemeente posgevat het. Geestelike doodsheid en onverskilligheid is vervang met die vrug van die Gees. Waar daar in die verlede geen bidstondes gehou is nie, het die getal voorbidders toegeneem. Die prediker word gedra deur gebed. Die sang is hartliker.

Op'n vraag wat aanleiding gegee het tot die verbeterde toestand, word genoem dat die droogte die mense tot nadenke gestem het. Sonde is as oorsaak uitgesonder en ware bekering was die antwoord in plaas van 'n tydelike verootmoediging. Die geestelike droogte moes die mense opwek om te bid vir die reën van Gods Gees, wat dan ook uitgestort is. Verder word terugverwys na 'n herlewing in 1896 en '97 met die besoeke van persone soos broer S.Kloppers, D.Odendaal en A. du Preez. Talle mense het tot bekering gekom (De Wet in Daneel:48).

Heelwat onsekerheid was aanvanklik teenwoordig of hierdie metode van bearbeiding in die Kerk tuishoort. Oberholster (1952:225-227) noem enkele voorbeelde waar predikante besware teen die hou van spesiale evangelieprediking opper. Onder hulle was ds.J.H.Neethling, wat glo dat dit nie tuishoort by Calvinisme nie. By Oberholster self was enkele negatiewe klanke ten opsigte van spesiale evangelieprediking te bespeur.

Ds.J.C.G.Kotzé skryf in *Die Kerkbode* (17 Januarie 1940:99-102) 'n artikel om die Kerk "tot nuwe belangstelling, medewerking en voorbidding op te wek" vir spesiale evangelieprediking. Eerstens wys hy op die noodsaaklikheid daarvan omdat hulle in buitengewone tye leef en buitengewone maatreëls moet toegepas word. Hy moedig predikante aan om spesiale reekse dienste in hul eie gemeentes te reël, dit self te hou of iemand daarvoor te nooi. Ook wys hy die lesers daarop dat spesiale evangelieprediking geregverdig is en doen 'n beroep op die Kerk om 1940 'n jaar van spesiale prediking van die evangelie te maak. Daarbenewens wys hy op die geweldige eise van hierdie taak en vra onder andere voorbidding vir die ander twee broeders van die Kaapse Kerk (di.J.A.van der Merwe en G.D.du Toit). (:101).

*Betaal Spesiale Evangelieprediking*? is die opskrif van 'n artikel deur dr.T.C.de Villiers in *Die Voorligter* (April 1943:1413). Hy is van oortuiging dat spesiale evangelieprediking geen doel dien nie "as die prediker trag om mense op te sweep om in 'n tyd van opgewondenheid 'n groot besluit te neem en 'n getuienis af te lê!" As die prediker as 'n spesiale soort mens beskou word of as die gewone prediking of gewone eredienste as van minder belang beskou word, dan dien spesiale evangelieprediking allermins sy doel (:1413). Die skrywer spreek nogtans sy tevredenheid uit met die wyse waarop die spesiale dienste gehou is, veral in Transvaal, omdat dit veel vrug opgelewer het en omdat die prediker hom onder andere by gereformeerde beginsels hou.

Nie alle skrywers is positief oor die hou van spesiale evangeliedienste nie. In *Die Gereformeerde Vaandel* van Oktober 1947 verskyn 'n artikel deur ds.J.F.Mentz oor besware teen die pos van 'n spesiale evangelieprediker. Eerstens haal hy gebeure aan wat tydens die Sinode van 1945 plaasgevind het. Op daardie vergadering het 'n voortsel van dr.F.J.M.Potgieter gedien dat Art.353 geskrap moes word. Dit sou beteken dat die spesiale evangelieprediking afgeskaf moes word. Die betrokke artikel handel


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

hoofsaaklik oor ds.Mentz se beswaar teen hierdie pos. Hy gee 'n kort historiese oorsig oor die voorkoms van spesiale evangelieprediking in die Ned.Geref. Kerk sedert 1876. Hy kom dan tot die volgende slotsom: "Die Kerk het derhalwe maar baie langsaam daartoe oorgegaan om iemand af te sonder om hierdie werk te doen. Die saak het hy telkens bespreek en behandel, maar die persoon het hy nie gou gevind nie" (*Die Gereformeerde Vaandel* Oktober 1947:14).

Vervolgens vra hy die vraag of dit wel op Skriftuurlike grond berus en kom tot die konklusie dat die aanstelling van reisende predikante geen grond in die Woord van die Here vind nie. Die amp van 'n reisende lerende ouderling bestaan nie in die Kerk nie. Ons kan dus geen regverdiging vir die bestaansreg van spesiale evangeliepredikers in die Skrif of by die gereformeerdes kry nie (*Die Gereformeerde Vaandel* Oktober 1947:14).

Benewens bogenoemde bevinding, opper hy ook heelwat praktiese besware teen hierdie tipe bediening. Hy is negatief oor die gedurige beroep wat op die gemoed gemaak word omdat dit by sommige 'n afkeer in die sobere, kalme prediking van die woord skep. Hy is van oortuiging dat daar alreeds 'n groot aantal mense is wat gedurig soek na geestelike opwekking. Die vaste fondament waarop die geloof opgebou word, raak verlore en baie wil put uit die gemoedstoestand i.p.v. om te put uit die Woord van God (:14). Hy vra of dit nie een van die oorsake is waarom gemeentelede die bidure swak bywoon, terwyl die Pinksterbidure gereeld besoek word nie. "Ons het meer van die vaste spyse van die verbondsprediking nodig. Ons moet waak teen die gevaar dat ons later weer spesiale predikers moet uitstuur om die Verbondsleer te gaan verkondig. Daar word nou reeds in baie opsigte nie meer erns gemaak met die verbondsprediking nie, omdat dit nie in die smaak val nie" (:14).

Ds.J.C.N.Mentz van Parow spreek hom uit oor kritiek dat spesiale dienste as ongereformeerd en as 'n Metodistiese opswepery beskou word, wat geen blywende resultate lewer nie en die Kerk op die duur nadelig beïnvloed. Hy sê dat, nieteenstaande die kritiek, daar gedurig 'n vraag na spesiale dienste in die Kerk is "wat nog altyd 'n suiwere Kalvinistiese evangeliese rigting toegedaan is; 'n rigting , wat in haar prediking die kruisevangelie die sentrale plek toeken as die boodskap wat die Kerk het vir 'n verloregaande wêreld (1 Kor.2:2)" (*Die Kerkbode* 1937:848,9).

Ds.G.D.du Toit vra die vraag of die afsondering van 'n predikant vir die werk van spesiale evangelieprediking skriftuurlik, gereformeerd en kerkregtelik in orde is (*Die Kerkbode* 19 Junie 1946:798). Dr.Jac.J.Müller is van mening dat dit wel Skriftuurlik is omdat, onder andere, dit in die Skrif nie vreemd is dat manne van plek tot plek rondgaan om die evangelie te verkondig nie, selfs nadat die Kerk in vaste gemeentes georganiseer is.

Vir hom kan so 'n aksie slegs gereformeerd wees as die Skriftuurlik is. "Met inagneming en beskerming van die regte van die plaaslike kerkraad en leraar het verskillende Kerke tog tot die instelling van die betrekking van 'spesiale evangelieprediker' oorgegaan om hulpdiens in gemeentes te laat verrig deur manne wat deur die Here op besondere wyse met bekwaamheid en erns en salwing toegerus is vir daardie opsetlike bekeringsprediking wat kenmerkend is van die evangelisasiearbeid (*Die Kerkbode* 19 Junie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1946:798). "Dat die arbeid nie op Metodistiese trant en wyse hoef te geskied nie, maar in Gereformeerde gees kan geskied, spreek vanself" (:798).

Hierdie aksie sal alleen kerkregtelik wees as dit as 'n hulpdiens nie op 'n gemeente afgedwing word nie, maar op versoek of instemming deur die kerkraad geskied. Hy vind dit nie as kerkregtelik foutief om mense in hierdie pos aan te stel nie (*Die Kerkbode* 19 Junie 1946:798).

Vervolgens antwoord ds.H.J.Pienaar op hierdie drie vrae. Hy verwys na die apostels wie se hoofkenmerk spesiale evangelieprediking was. Die apostels moes die mense oproep tot bekering en die gelowiges onderwysing, voorligting en opbouing in hul geeestelike lewe bied. Op grond hiervan wil hy weet hoe dit dan moontlik is dat 'n werksaamheid soos die spesiale evangelieprediking, waarop soveel seën gerus het en wat niks anders beoog as die heil van sondaars nie, as onskriftuurlik bestempel word. Hy vra watter uitsprake in die Skrif is in stryd met die spesiale prediking (*Die Kerkbode* 19 Junie 1946:799). Eweneens vra hy 'n soortgelyke vraag in terme van die gereformeerdheid en kerkregtelikheid daarvan: "Waarom sou dit dan nou ongereformeerd wees vir *gestudeerde* manne, wat besondere gawes van God ontvang het en hulle deur die Here daartoe geroepe voel, om hulle aan spesiale evangelieprediking te gaan wy? (:799).

Albei hierdie gesiene kerkmanne vind dus geen Skriftuurlike, gereformeerde of kerkregtelike probleme in die daarstelling van 'n spesiale evangelieprediker nie. Hierdie pos kan alleenlik tot sy reg kom as dit wel binne die genoemde drieledige beginsels aangewend word. In die breëre gesien, was daar nie algemene eenstemmigheid onder predikante oor hierdie onderwerp nie.

### *5.7 Klemverskuiwing in Evangelisasie*

Soos duidelik blyk uit bostaande inligting, het die neiging in toenemende mate bestaan om weg te beweeg van georganiseerde spesiale evangelieprediking. Nie alleen is die benaming "Spesiale Evangelieprediker" vervang met "Sekretaris van Evangelisasie" nie, maar die klem het ook mettertyd wegbeweeg van die hou van spesiale dienste, veral deur een persoon. Volgens dr.J.C.G.Kotzé (*Die Kerkbode* 19 April 1950:775) behels dit nie slegs 'n naamsverandering nie, maar 'n wesenlike verandering van werksmetode. Ds.H.D.A.du Toit (*Die Kerkbode* 3 Januarie 1945:11) verwys na die sinodale besluit rakende die Sekretaris van Evangelisasie wat voortaan "op kantoor" sal sit om die taak vandaar te koördineer. Hy sal ook ongeveer tien gemeentes per jaar besoek met die oog op spesiale evangelieprediking, in samewerking met die kerkraad. Hy doen aan die hand dat evangelisasiewerk moet geskied deur middel van huisbesoek, traktaatverspreiding, wyksbyeenkomste, straatprediking en selvorming (:11).

Dat evangelisasie die terugbring van afgedwaaldes in die oog het, word bevestig deur ds.E.A.Venter (*Die Kerkbode* 17 April 1946:410) na aanleiding van 'n toespraak wat dr.Keet aan die Kweekskool gebring het. In die toespraak het dr.Keet die eerste kongres vir gereformeerde Evangelisasie, wat in 1913 in Amsterdam gehou is, as basis gebruik.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 'n ander artikel onderskei ds.Venter Evangelisasie van die ander twee "werksaamhede" van die Kerk, naamlik sending en "die bediening van die Woord in die gevestigde gemeentes, waarby die eis van bekering uitgaan tot alle verbondsverbrekers en die gelowiges opgewek word tot 'n lewe van heiligmaking in die vrees van die Here (*Die Kerkbode* 12 Oktober 1949:735). Uit hierdie spesifisering is dit duidelik dat hy nie bekering, soos wat dit in die res van hierdie studie voorkom, as onderdeel van evangelisasie sien nie, maar as iets afsonderliks. Dit word egter nie uit die oog verloor dat met die terugkeer van afgedwaalde "verbondsverbrekers" wel 'n vorm van bekering plaasvind nie. Venter (:735) stel dit egter onomwonde dat daar nie sprake is om evangelisasie op te dra aan een of twee leraars wat van gemeente tot gemeente reis om die Woord te bedien nie. Leiding moet van die plaaslike kerkraad uitgaan.

Die Sinode van 1948 het weer die taak van Evangelisasie soos volg saamgestel:

> a. Met Evangelisasie word bedoel die stelselmatige verlewendiging en inspanning van die kragte van die Kerk tot opbou en uitbou van die gemeente van Jesus Christus deur die uitdra van die evangelie.
>
> b. Voorwerp van Evangelisasie is volksgenote wat in die geloof veragter geraak of geheel ongelowig geword het.
>
> c. Middel van Evangelisasie is die bring van die Evangelie van Christus in die betoning van Gees en krag. Dit geskied deur die ampte van bedienaar van die Woord, ouderlingskap, diakenskap en priesterskap van die gelowiges en deur die gesonde beoefening van die kerklike tug.
>
> d. Metode van Evangelisasie sal wees om:
>
> (i) die kragdadige verlewendiging en verinniging van die gelowiges,
>
> (ii) die organisering en aanwending van geestelike kragte in die gemeente om die beoogde doel te bereik (Redelinghuys 1983:67,68).

Wanneer ds.H.D.A.du Toit die tema "Evangelisasie" onder die loep neem, verwys hy na die verskeidenheid interpretasies van dieselfde begrip. Hy kom tot die slotsom dat Evangelisasie die terugbring van die afgedwaalde "skape" na die "kudde" is. "...dit het te doen met afgedwaalde verbondskinders. Evangelisasie is nie "revivalism" deur 'n paar eksentrieke persone nie, maar die suiwere roeping van die Kerk in opdrag van Christus" (*Die Kerkbode* 3 Januarie 1945:11). Die nood aan hierdie tipe evangelisasie onder veral die blankes word toegeskryf aan die industrialisasie, verstedeliking en ander faktore wat kerkloosheid tot gevolg het.

Dr.J.C.G.Kotzé (*Die Kerkbode* 12 April 1950:718) skryf hierdie klemverskuiwing toe aan die gemoedstoestand van die moderne mens wat sodanig deur die gees van die tyd beïnvloed is, en sy vervreemding van die dinge van God so radikaal geword het. Daarom noodsaak dit die Kerk om sy Evangelisasietaak meer sistematies en ook op 'n baie wyer basis aan te pak. Hy verwys na die "voorwaartse stap" van die Kaapse Kerk se besluite, naamlik dat dit die roeping en die plig van die Kerk is om uit te reik na diegene wat van die Kerk vervreemd geraak het en om hulle terug te bring na "Christus en sy Kerk". Die inisiatief berus by die plaaslike kerkraad. Rigtings waarin hierdie vorm van evangelisasie moet geskied, is die huisgodsdiens, opvoeding van die kinders, Sondagskool, aandag aan voorgestelde nuwe lidmate, die aanmelding by die verskillende verenigings, ens. Kotzé verwys telkens na die agterstand wat plaaslik heers, ten opsigte van evangelisasie, in vergelyking met ander lande.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie onderwerp verg volgens Kotzé 'n wetenskaplike benadering en deeglike studie en daar moet van meer moderne middels gebruik gemaak word, soos die radio, pers en die rolprent (*Die Kerkbode* 12 April 1950:713). Hy wys verder daarop dat die taak van die spesiale evangelieprediker ten einde sal loop met die aftrede van die persoon in hierdie pos, naamlik ds.Jac.van der Merwe, wat op daardie stadium nog geseënde werk in gemeentes doen (*Die Kerkbode* 19 April 1950:775).

Die nuwe aanslag met evangelisasie sal, volgens Kotzé, geskied met die hulp van 'n gereelde maandbrief "*Herlewe en Herwin*", die hou van streekskursusse, toerusting van leiers en plaaslike skoling gepaard met gebed. (*Die Kerkbode* 19 April 1950:775-7). In 'n slotaflewering van 'n drieledige reeks oor hierdie onderwerp, bevestig Kotzé dat die Kerk niks het teen die hou van spesiale dienste nie, maar moedig dit aan, veral wanneer 'n paar gemeentes in 'n stad so iets reël om diegene wat nie meer kerklik meelewend is nie, te oortuig van die aktiewe teenwoordigheid van die Kerk van Chrristus (*Die Kerkbode* 26 April 1950:842).

Teen die einde van dieselfde jaar skryf Kotzé weer oor hierdie onderwerp en herinner die lesers daaraan dat die besluit van die Kaapse sinode sien op 'n "georganiseerde evangelisasie" waarop kerkrade te werk moet gaan om diegene wat van die Kerk vervreemd geraak het, terug te win (*Die Kerkbode* 15 November 1950:1021). In hierdie artikel kan 'n mens tussen die lyne lees dat die kerkrade nog nie ten volle die verantwoordelikheid van hulle taak besef nie en dit is asof daar nie soveel entoesiasme te vinde is as wat verwag word nie. Kotzé probeer dan deur hierdie artikel om hulle aan te spoor tot groter aksie.

Insake die evangelisasieprogram wat ná Pinkster van 1951 beplan word, skets Kotzé die noodsaaklikheid van opvolgwerk wat gedoen moet word. Hy voel belas met die vervreemdes en pasbekeerdes wat weer kan afdwaal (*Die Kerkbode* 25 April 1951:890).

Hoewel buite die tydsbestek van hierdie studie, dien ds.E.A.Venter se artikel oor evangelisasie kortliks vermelding. Weer eens verwys hy na die drie vorme van bediening, naamlik die verbondsmatige prediking, die sendingwerk en laastens evangelisasie. Wat opval is sy opmerking dat die Kerk eers ná 300 jaar (1652-1952) 'n begin gemaak het met die evangelisasie-arbeid (*Die Kerkbode* 12 Maart 1952:539). Op die oog af wil dit die indruk skep asof al die ander vorme van evangelisasie deur die jare tevergeefs was. Hy het egter georganiseerde evangelisasie in die oog gehad. 'n Verder opmerking wat hy maak is dat hierdie vorm van evangelisasie genoodsaak was weens die afval wat in die Kerk geheers het. Die afvalligheid word toegeskryf aan die groot getal gedoopte lidmate wat nie meer deur die gewone prediking geraak word nie (:537). Die opskrif van sy artikel is dan gepas: "Evangelisasie - profesie van die einde" (:537). In die lig hiervan verwys hy na die verdonkerde wêreldtoestande, afval en kerkvervreemding en die belangrikheid vir die Kerk om te mobiliseer.

### *5.8 Besoeke van buitelandse evangeliste*

Nie alleen is pogings deur die Kerk aangewend om van binne massagerigte evangelisasiewerk te doen nie, maar met groot sukses is ook van buitelandse predikante gebruik gemaak. Veral gedurende die dertigerjare het verskeie oorsese evangeliste Suid-Afrika besoek. Hoewel hierdie sprekers



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Engelssprekend was, het hulle baie goeie samewerking van die Ned.Geref.Kerk geniet. Dit is 'n duidelike bewys van hoe groot die behoefte onder Afrikaanssprekendes was na sulke dienste.

J.Edwin Orr (1975:170) beweer dat van die drie Afrikaanse kerke, die Ned.Geref.Kerk 'n groot hoeveelheid kerklikes bevat het wat gewillig was om met andersdenkende Engelssprekendes van ander denominasies saam te werk. Hy gee toe dat 'n groep predikante weens politieke redes dit teengestaan het, maar in elke inter-denominasionele evangelisasiepoging het die Ned.Geref.Kerk die helfte van die ondersteuning gegee, al was die meeste van die evangeliste Engelssprekend.

Gedurende 1904 besoek Gypsey Smith ons land. In hierdie na-oorlogse tyd het die Ned.Geref.-lidmate aan hom 'n koue ontvangs gegee. Hierdie gesindheid teenoor hom het egter verander nadat prof.N.J.Hofmeyr hom genooi het om die universiteitstudente op Stellenbosch toe te spreek. Daarna het hy verskeie Ned.Geref.-gemeentes besoek met oorweldigende reaksie, hoewel kritiek nie uitgebly het nie (Orr 1967:184-189).

Ander bekende buitelandse besoekers was Stanley Jones en Paget Wilkes. Sonder om aan almal breedvoerig aandag te gee, word slegs na enkeles gekyk:

### *5.8.1 Lionel Fletcher*

Lionel B.Fletcher, wat in baie lande bekendheid verwerf het vir herlewings, het by drie geleentheide Suid-Afrika besoek, naamlik in 1934, 1936 en 1938. Hy is deur die organisasie *"World Evangelization"* aangestel as " *Empire Evangelist*" en geborg om in verskillende wêrelddele op te tree. Terwyl herlewing in die noordelike deel van Afrika aan die gang was, was daar ook in Suid-Afrika 'n toenemende belangstelling in evangelisasie. Oor Fletcher se besoeke aan ons land, sê Orr (1975:171) "He added many thousands of converts to the South African Churches."

Gedurende 1934 het hy in verskeie stede en dorpe evangelisasiebyeenkomste gehou, met die beste ondersteuning in groot sentra soos Pretoria, Johannesburg, Pietermaritzburg, Durban, Oos-Londen, Port-Elizabeth, Wynberg en Kaapstad. Hy beskou hierdie belangstelling in evangelisasie as die grootste wat hy ooit beleef het (Orr 1975:171). Ongekende reaksie het uit hierdie byeenkomste gevloei. Die meeste reaksie, naamlik 25%, het uit die Ned.Geref.Kerk gekom, daarna uit die Methodistekerk met 23%. "Most encouraging was the cordial co-operation of Dutch Reformed churches in many cities, often the biggest church being used for interdenominational meetings. It remained to integrate into church life." (:171).

Dr.D.R.Snyman se reaksie oor die besoek van Fletcher was baie positief. Hy beskou hom as 'n kragtige prediker. "Dit skyn asof daar 'n toenemende krag in sy boodskappe is. Die boodskap van elke aand skyn altyd kragtiger te wees as dié van die vorige aand" (*Die Kerkbode* 26 September 1934:578b).

Hy verwys na hierdie prediker se besoek aan Stellenbosch (vanaf 2 September 1934). Daar is gebruik gemaak van 'n telefoniese draad wat in die *Recreation-saal* aangebring is waar die hele diens in die Kaap deur middel van twee luidsprekers uitgesaai is. Vir hom was dit aandoenlik en verblydend om oor die telefoniese draad selfs die voetstappe te kon hoor van vele wat hulle aand vir aand aan die Here


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorgegee het . Hy sê dat Fletcher besonder klem lê op die feit dat die mens inderdaad moet wedergebore word voordat hy in staat kan wees om 'n Christelike lewe te lei. Dit is die uitgangspunt van sy hele prediking. Die mens is, volgens hom, nie gered alvorens God met die wederbarende krag van die Heilige Gees in sy lewe kom woon het nie, op grond van die soenverdienste van Christus (*Die Kerkbode* 26 September 1934:578b).

Dr.Snyman maak melding van 'n groot getal mense wat die Here bely het as gevolg van Fletcher se prediking (*Die Kerkbode* 26 September 1934:578b). Vyf mense wat ten tye van die dienste tot bekering gekom het, het kort daarna gesterf. Daar word vertel van 'n ruwe man wat sy vrou baie hartseer aangedoen het, wat twee dae ná sy bekering verongeluk het. Voor sy heengaan het hy sterwend gesê: "Ek gaan, maar, Goddank, die deur staan vir my oop " (:578b).

In 'n volgende uitgawe van *Die Kerkbode* (10 Oktober 1934:684) voel dr.Snyman dat hulle op Stellebosch op die "vooraand van 'n kragtige herlewing staan....Druppels het geval, maar strome sal kom" Tydens die bovermelde dienste het ongeveer 100 "siele" hulle vir die eerste maal en by vernuwing oorgegee in die openbaar. Kragtige bekerings het plaasgevind" (:684). Ná hierdie reeks het hy ook dienste vir die kleurlinge gehou. Deur middel van telegrafiese verbinding is die diens herlei na die Rynse sendingkerk.

[Onder die opskrif *"My hand in eie boesem - 'n Roerende ontboeseming"* skryf Snyman 'n artikel waarin hy erken dat verkeerde gesindhede die oorsaak was waarom die Heilige Gees aanvanklik nie kon werk tydens die besoek van Fletcher aan Stellenbosch nie. Veral die geskil tussen hom en ander broeders, onder andere prop.Liebenberg, in verband met 'n kerksaak, was die oorsaak. Nadat die geskille uit die weg geruim is, het die Heilige Gees kragtig begin werk en talle bekerings het plaasgevind (*Die Kerkbode* 17 Oktober 1934:720). Hierdie ontboeseming het onder andere 'n reaksie uit Kestell ontlok waarin 'n lidmaat aanbeveel dat ander predikante dieselfde voorbeeld moet volg ten einde die gees van doodsheid in die Kerk teë te werk (*Die Kerkbode* 19 Desember 1934:1181).]

Fletcher (*South African Jewels*:27) vertel hoe hy gevrees het dat die Matiestudente se voorbereiding vir die "Intervarsity" teen die Universiteit van Kaapstad met sy byeenkoms sou bots deurdat hulle sangoefeninge in die Y.M.C.A.-saal oorverdowend was. Die studente besluit toe om hul oefensessies te vervroeg om sodoende ook die dienste by te woon. Hy vertel dat die mees uitstaande byeenkoms was toe hy een Sondag 'n boodskap gebring het met die tema: "A Univerity student who shook the world", verwysende na Paulus. In die teenwoordigheid van 800 studente het honderde ná die diens gereageer op die uitnodiging om Jesus as Saligmaker aan te neem (:28,29).

Sy besoek aan die klein dorpie Cradock, dien ook om vermeld te word. Weens die beperkte akkomodasie wat die Ned.Geref.-kerkgebou kon bied, moes die honderde belangstellendes na die stadsaal verwys word, waar spreekwoordelik geen plek vir 'n muis was nie. Fletcher se vrees was dat die Afrikaanssprekendes op die platteland hom nie sou verstaan nie, maar op die uitnodiging wat hy ná die boodskap gemaak het, het 200 persone gereageer, wat 'n aanduiding was van die ontvanklikheid


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Fletcher:55). Dit het ook getoon hoe groot die behoefte was aan hierdie tipe evangelisasie. "The news flashed over the wires, and nearly every newspaper in South Africa told of the most wonderful religious gathering ever known in Cradock, and letters have been coming to me since from people whose relatives were converted or from ministers who are praying for a similar experience in their own towns (:56).

Met sy besoek aan die Ned.Geref. Kerk van Uitenhage, moes luidsprekers aangebring word om die honderde mense buite die kerkgebou te bedien. Daar het ongeveer 800 mense op die uitnodigings ná die boodskappe gereageer (Fletcher :84,85).

Tydens hierdie dienste het die Ned.Geref.-predikant van Graaff-Reinet, ds.F.J.Berning Malan, 'n besoek by Fletcher afgelê. Laasgenoemde was bevrees dat ds.Malan hom wou nooi vir dienste in sy gemeente, maar moes verneem dat ds. Malan 150 myl ver gereis het om 'n boodskap van mej.Helen Murray, suster van dr.Andrew Murray, aan hom te bring. Hierdie sewe-en-tagtigjarige ou dame was begerig dat Fletcher ook in Graaff-Reinet dienste sou hou. Hierop reageer Fletcher: "Andrew Murray has been one of my spiritual teachers for forty years, and I felt that if he knew of this invitation he would have met at least to this piece of service for the place he was born, and where the marvelous Murray family of which he was a member took its rise" (:86).

Hy voldoen toe aan die versoek en ten spyte van die kort kennisgewing, was die bywoning verstommend. Die belangstelling in hierdie dienste sien Fletcher as die antwoord op gebede van 114 jaar tevore, toe ds.Andrew Murray (sr.) in Graaff-Reinet was. Hy meen dat as daar 'n plek is wat deurweek is met gebed, dit juis daardie dorp is. "I was right, for that night 115 people came forward and grasped my hand as they confessed Christ as their Saviour" (:87).

Oor die buitengewone belangstelling by laasgenoemde byeenkoms, het hy tot die besef gekom hoe begerig die mense was "for the evangelical message, and for the evangelistic appeal. When the church looses these two, it looses its power to attract and convert" (:87).

Voordat Fletcher teruggekeer het, is 'n afskeidsdiens in die stadsaal van Kaapstad gereël. Ongeveer 20 minute voordat die diens moes begin, was die stadsaal reeds stampvol gepak. Daar was tussen drie- en vierduisend mense teenwoordig. In die Kaapse Skiereiland het ongeveer 2 700 mense tot bekering gekom en in Kaapstad alleen het 1 310 mense kaartjies geteken as getuienis dat hulle die Here Jesus as hulle Saligmaker aangeneem het. Die grootste persentasie van hierdie getal was lidmate van die Ned.Geref.Kerk (*Die Kerkbode* 3 Oktober 1934:647).

Met die vyfmaandelange besoek aan Suid-Afrika het 7 500 mense "openlik die Here aangeneem en bely as hulle Saligmaker. Hierdie groot getal sluit nie in mense wat hulle by vernuwing oorgegee het nie, maar is siele wat vir die eerste maal die Here aangeneem het en bely het" (*Die Kerkbode* 10 Oktober 1934:685). Tydens die afskeidsdiens wat in die Kaapstadse stadsaal gehou is, het ds.P.G.J.Meiring namens die Evangeliedienaars in Suid-Afrika sy waardering teenoor Fletcher uitgespreek en meegedeel dat uit die 1 310 mense wat in Kaapstad tot bekering gekom het, ongeveer 451 lidmate van die Ned.Geref.Kerk was en daarna 236 lidmate van die Wesleyaanse Kerk" (:685,6). Rev.Fletcher het


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

genoem dat die werke van dr.Andrew Murray "'n magtige faktor was om hom tot hierdie geloofstap te bring", verwysende na sy onvoorwaardelike oorgawe aan die Here (:686). Met nadruk het hy die naam van dr.Andrew Murray genoem, wie se boeke hy as jeugdige predikant met ywer gelees het en onder invloed daarvan het hy nagte in gebed deurgebring in sy behoefte aan die volheid van die Heilige Gees. "Dit is die behoefte vandag van die voorgangers in die Kerk (*Die Kerkbode* 3 Oktober 1934:647). Tydens sy besoek in 1938 is kleiner dorpe besoek en in die veertien maande was die getal "navraers" agtienduisend (Orr 1975:171).

Uit die aard van Fletcher se nasionaliteit en kerklike agtergrond, is dit begryplik dat hy nie met proselietmakery besig was nie, inteendeel, hy het jong Christene wat nie aan 'n kerk behoort het nie, aangemoedig om by 'n kerk aan te sluit waar hulle voel dit die wil van God is. Hoewel die verskillende kerke verskillende name het, bevind daardie kerke wat die naam van Jesus bely, hulle onder die bloedbevlekte banier van die kruis (Fletcher 1938:64).

### *5.8.2 Rev. David Matthews*

Hierdie Walliese evangelis het in die loop van 1933 deelgeneem aan 'n konferensie tot verdieping van die geestelike lewe en terselfdertyd verkeie ander sentra met spesiale dienste besoek. 'n Kommissie is saamgestel om reëlings te tref met die oog op 'n agtmaande-lange besoek deur hom in 1934. Aansoeke vir reekse dienste het van alle kante ingestroom (*De Kerkbode* 30 Augustus 1933:404).

Hierde evangelis was die vrug van die Walliese herlewing onder Evan Roberts en word beskou as een van die deeglikste en kragtigste predikers wat Suid-Afrika besoek het. Ná sy besoek aan Durban getuig van die plaaslike leraars dat hulle nooit 'n geseënder tyd beleef het nie (*De Kerkbode* 30 Augustus 1933:404).

Goeie getuienis is ook ontvang van dienste wat hy in Pretoria gehou het. "Hierdie dienste is met welslae bekroon en 'n herlewing is op geestelike gebied onder die 'formaliteitskerkgangers' aangebring. Sulke herlewings behoort gereeld in ons kerke plaas te vind, en die vraag word dan ook gestel, 'Wat is daar dan met ons predikante verkeerd?'" (*De Kerkbode* 24 Mei 1933:979). Hierdie beswaarde lidmaat sluit sy korrespondensie af met die volgende opmerking: "Vreemde evangeliste is altyd baie hartlik welkom, maar dit behoort nie nodig te wees dat 'n man van Wallis die slapende hier in Suid-Afrika moet kom wakker skud nie" (:980). Hy vra die Kerk "om 'n paar leraars spesiaal af te sonder om deur die gemeentes te gaan en gereeld herlewingsdienste te hou" (:980).

## *5.9 Binnelandse evangeliste*

Benewens die buitelandse predikers wat die land besoek het, het enkele plaaslike Engelssprekende evangeliste dienste gehou wat ook deur die Afrikaanssprekende lidmate ondersteun is. Alhoewel hulle bediening nie so omvangryk was nie, toon die belangstelling in hulle dienste tog in watter mate daar 'n behoefte bestaan het onder die Afrikaners na so 'n tipe bediening. Net die gedagte dat berigte van hulle bedrywighede in *Die Kerkbode* geplaas is, spreek van waardering vir die taak wat hulle verrig.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### *5.9.1 Robert Croll*

In "*De Kerkbode* " van 18 April 1928 kom 'n beriggie voor van mnr.en mev. Robert Croll van Skotse afkoms wat die vorige vier jaar deur groot dele van die Unie met 'n waentjie gereis het en oral waar die geleentheid hom voorgedoen het, die Woord van God gepreek het, meestal in die ope lug. Veral in die gemeentes van Clanwilliam, Vanrhynsdorp, Garies, Namakwaland en ander aangrensende gemeentes in daardie streke, het die Heer die arbeid van mnr.Croll geseën wat gelei het tot die bekering van vele. In die laaste maande het hy veral in die gemeente van Caledon gewerk en is berig dat sy woord soveel byval gevind het, dat oral in die buitegemeente mense na die prediking kom luister het en vele het die Here gevind.

Ds.M.N.van Rensburg berig uit Woodstock dat eerw.Croll 'n reeks spesiale dienste gehou het en afgesluit het met 'n bywoningtal van 860. Die Heilige Gees het kragtig gewerk en bekerings het plaasgevind. Ná twee ure was mense nog traag om huis toe te gaan. Ds.Van Rensburg sê dat die mense van Croll hou omdat hy getrou is aan die Woord van God en "hy is in merg en been 'n Kalvinis" (*Die Kerkbode* 16 Augustus 1933:316).

Ongeveer nege jaar later berig eerw.J.de Villiers dat mnr. Robert Croll nog steeds besig is om die Evangeliesaad te saai in harte van baie mense wat hy aantref by die opelugdienste en persoonlike omgang. Hy vermeld dat hy goed gebruik maak van die uitgee van traktaatjies. Eerw.Croll noem in sy verslag van 'n 19 jarige blanke seun wat tydens sy opelugdienste na vore gekom het en die Here Jesus aangeneem het as Verlosser. Gedurende die maande van Augustus en September het veertien na vore gekom by die opelugdienste in Strandstraat om die Here Jesus aan te neem (*Die Kerkbode* 13 Oktober 1937:700).

Eerw.Croll het baie goeie ondersteuning ontvang van die Ned.Geref. Kerk. Hy spreek sy waardering uit vir die "vrygewigheid van Gods kinders in Suid-Afrika, sowel Afrikaans- as Engelssprekendes." Hy het genoeg donasies ontvang vir twee jaar en versoek die lesers om vir 'n jaar geen donasie aan hom te stuur nie, maar dit aan te wend vir die Ned.Geref. Kerk se buitelandse en binnelandse sending. Hy verwys onder andere met waardering na die hulp van eerw. J.de Villiers en ds.P.G.J.Meiring (*Die Kerkbode* 26 September 1934:578d).

### *5.9.2 Pastor Franson*

Onder die leiding van die predikant van Worcester, ds.I.F.A. de Villiers, asook die predikante van Heidelberg, Kaap en Mosselbaai, is 'n Bybelstudiekursus in 1907 deur Pastor Franson op Worcester aangebied. Vir tien dae het hoofsaaklik jongmense uit verskillende dele van die land byeengekom om na hierdie besondere spreker te luister. In dieselfde jaar verskyn die lesings in boekvorm, getiteld "Vergaderde Honig". Naas die positiewe aanbeveling deur ds.J.G Perold, word pastor Franson beskou as 'n persoon met een passie, naamlik "zielen voor Jezus te winnen" (De Villiers 1907:4). Die doel van hierdie studie was dan ook om jongmense as evangeliste op te lei om sodoende die las van die predikante te verlig.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Elke dag is 'n halfuur afgestaan vir getuienisse waartydens die jongmense hulle "bekeringsgeskiedenis" kon weergee. Talle jongmanne se getuienisse spruit voort uit hul bekeringsondervinding tydens die ballingskap in Indië, Ceylon, Simonstad of St.Helena. Byna al hierdie jongmanne was studente aan die Opleidingskole te Wellington, Worcester en Robertson (De Villiers 1907:5).

Die studie oor die boek Openbaring is tydens die aandsessie met die hele gemeete behandel en daarna "werden die onbekeerden ernstig toegesproken, om hen zodoende te bewegen de Here Jezus aan te nemen vóór het te laat was" (De Villiers 1907:6). Ook die kinders van God is daaraan herinner om hulle lampe brandend te hou om die Here te ontmoet as Hy kom (:6).

Dit dien ook hier vermeld te word dat pastor Franson se studie oor die boek Openbaring uitsluitlik chiliasties van aard was. Daarin word 'n verduideliking gegee van die letterlike duisendjarige vrederyk (De Villiers 1907:50), die wegname van die gelowiges voor die Groot Verdrukking (:56,57) en ander onderwerpe wat eie is aan chiliasme. In die lig van die Ned.Geref.Kerk se anti-chiliastiese leer, is dit vreemd dat predikante, soos ds.Perold, De Villiers en andere toegelaat is om die verkondiging van hierdie leer te bevorder. Soos vroeër genoem, was daar 'n hele aantal predikante in die Ned.Geref.Kerk wat chiliasme voorgestaan het. 'n Studie oor die ontwikkeling van die eskatologie blyk ook 'n noodsaaklikheid te wees.

### *5.9.3 Frank Huskisson*

Op uitnodiging van die Wesleyaanse gemeente op Heidelberg, Transvaal, word mnr.Huskisson van Johannesburg genooi om 'n reeks dienste te hou. Die dienste is in die middae en aande in die Wesleyaanse kerkgebou gehou maar spoedig was die plek te klein, sodat hulle genoodsaak was om na die Ned.Geref.Kerk te verskuif. *Die Kerkbode* (21 Mei 1930) berig dat die prediking so skriftuurlik en boodskappe met soveel gloed afgelewer is, dat menige siele aangegryp is. Met die laaste diens was die groot kerkgebou stampvol met sowat 800 mense teenwoordig. "Die Here Jesus is gedurig voorgestel as volkome en lewende Saligmaker. Geen wonder dat ook vele van sonde oortuig is en tot lig en genade gekom het, sodat by die slotdiens enige honderde getuig het van redding en seën." Die berig sluit af met 'n opmerking dat die "Afrikaner sowel as die Engelse afdeling van ons samelewing" die Here dankbaar is vir die verkwikkende en geseënde dae van evangelisasiewerk.

## ***5.10 Interpretasie en beoordeling***

Oor die algemeen het heelwat meningsverskil in dieNed.Geref.Kerk bestaan oor die hou van spesiale evangeliedienste, hetsy deur die spesiale evangeliepredikers of deur buitelandse sprekers. Waar sommige mense dit sterk bepleit het, omdat dit ideale geleenthede was waar siele tot inkeer kon kom, het ander weer die gevaar van sektarisme daarin gesien. Selfs onder predikante was 'n verskil in sienswyse te bespeur. In die lig van die Skrif en ook aan die hand van die gereformeerde belydenis is nagevors oor die wenslikheid en geloofwaardigheid van hierdie tipe bediening. Mense het tot verskillende gevolgtrekkings gekom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Kerk was werklik in 'n dilemma, want aan die eèn kant moes die bedreiging van buitekerklike groepe die hoof gebied word en aan die ander kant het lidmate gevra na so 'n tipe evangelisasie. Talle lidmate het na sulke byeenkomste gestroom weens 'n behoefte na 'n dieper geestelike ondervinding wat hulle nie in hul plaaslike gemeentes kon vind nie. Aan die ander kant kon 'n klimaat geskep word waar lidmate nie meer tevrede was met die boodskappe van hul plaaslike leraar nie, omdat die besondere atmosfeer wat geheers het by sulke groot byeenkomste, aanlokliker was vir enige soekende siel.

Die groot bywoningsgetalle by hierdie geleenthede spreek van die nood wat onder lidmate geheers het. Hierdie reaksie kan die idee skep dat óf die lidmate gesoek het na sensasie, óf dat die meeste predikante op daardie stadium nie in staat was om te voldoen aan die geestelike honger onder lidmate nie. Predikante het sekerlik die vermoë besit om aan die behoefte van lidmate te voldoen, maar die verlede het bewys dat waar die predikant self nie die sekerheid van saligheid gesmaak het nie, hy nie in staat was om ten volle versadiging te kon bied aan die behoeftes van geestelike honger mense nie. Tog salf die Heilige Gees soms sekere mense vir 'n bepaalde dienswerk, wat dan ook die geval was met die spesiale evangeliepredikers. Hulle het 'n las gehad vir verloregaande siele en met 'n Godgewerkte ywer die boodskappe oorgedra. Nie enige persoon kon vir hierdie taak kwalifiseer nie.

Hierdie predikers kon hulle ook onvermoeid toespits op reekse dienste sonder die alledaagse gemeentelike verpligtinge. Die gemeenteleraar se taak is onder andere om die gemeente vir hulle dienswerk toe te rus en daarvoor moes hulle uiteraard ander temas, anders as bekering en wedergeboorte, in hulle prediking invleg. Hierdie "vaste spyse" het nie altyd in die smaak van lidmate geval nie.

Wanneer gemeentelede hoor van die suksesse wat 'n spesiale evangelieprediker in ander gemeentes behaal het, sien hulle met verwagting uit na so 'n besoek. Uit die aard hiervan is die opkoms beter as met 'n gewone erediens. Die "andersheid" van die dienste beïnvloed die bywoningsyfer ten goede.

Die noodsaaklikheid van so 'n tipe bediening is versterk deur die oproepe wat gedoen is dat die taak te omvangryk vir een persoon was. Meer persone moes in die veld gestuur word om reekse dienste te hou. Die vraag ontstaan net of daar wel mannekrag beskikbaar was, want nie elke predikant besit die vermoë om so 'n gewigtige taak op sy skouers te neem nie.

Te midde van die behoefte onder lidmate na so 'n tipe bediening, het daar ongetwyfeld kommer by predikante ontstaan of die dienste nie sou ontaard in 'n tipe Metodistiese geesdrywery nie. Daar is altyd gewaak dat die dienste 'n "sektekarakter" sou aanneem. Veral die kwessie van uitnodigings wat gemaak is, veral deur handopstekery, het groot kommer gewek. Die meeste deelnemers aan die redenasies vir of teen die hou van sodanige dienste, het hulle argumente gegrond op die skriftuurlikheid en die gereformeerdheid van sodanige byeenkomste. Dit kom baie duidelik uit in verslagdoening deur predikante. Die Kerk moes nie vervals word nie, maar terselfdertyd moes voorsiening gemaak word deur die Kerk vir die diepe behoefte van soekende siele.

In die lig hiervan is daar altyd gewaak teen die opsweping van emosies. Wat egter nie uit die oog verloor kan word nie, is dat wanneer die Heilige Gees mense van hulle sondige toestand oortuig, dit dikwels


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gepaardgaan met 'n emosionele ekstase. Mense stort trane van berou oor hulle sondige verlede. Daar kon moontlik geïsoleerde gevalle gewees het waar mense deur 'n opsweping gereageer het, maar oor die ondervinding wat in honderde mense se lewens plaasgevind het vanaf 1850 tot 1950, kan die Here net gedank word.

Uit verslae is dit duidelik dat daar baie gebid is vir die dienste en die Heilige Gees het bloot op gebed gehandel. Die mens met sy beperkte verstandelike en waarnemingsvermoë moet altyd versigtig wees om nie die soewereiniteit van God te probeer "inperk" deur sy eie kerklike maatstawwe nie. Aan die ander kant waarsku die Skrif ons ook dat die saad wat op rotsagtige plekke val, tiperend is van die mens wat die woord dadelik met blydskap (verwysend na die emosie) aanvaar, maar in wie se lewe die vrug nie blywend is nie.

Tog is met duidelikheid vermeld dat die betrokke predikers, veral die spesiale evangeliepredikers, nie haastig mense tot 'n oorgawe gelei het nie. Genoegsaam tyd is gebruik om mense van hulle sondetoestand bewus te maak

Wat ook opval is dat ds.Van der Merwe klem plaas op sy metode van evangelisasiewerk wat verskil van die "ou metode" waar mense tot opswepery aangehits is. Die spesiale evangeliepredikers was by uitstek versigtig om nie sodanige praktyke te laat posvat nie.

In sy behandeling van die onderwerp "*Die op-die-massa-gerigte opwekkingsprediking van die laaste drie eeue*" merk prof.J.J.de Klerk (1975:50-52) enkele negatiewe tendense hieromtrent op. Eerstens bestaan daarin 'n piëtistiese tendens. Hy haal B.A.Muller aan wat in sy bespreking van die "individualistiese vroomheidsprediking" op verskeie gevare wys wat ook hierin van toepassing is:

> "*Eerstens*, wanneer die prediking alleen 'n oproep word tot berou, bekering en heiliging van die persoonlike lewe, verloor dit sy betrokkenheid op die gemeente as geheel...
>
> *Tweedens*, die subjektivistiese inperking van die boodskap het 'n dubbele uitwerking...Die ordo salutis kry die ereplek daarin - dit is reg. Maar sy verband met die ordo politicus bly agterweë.
>
> *Derdens*, die gevaar is baie groot dat die prediking van die Woord opgeoffer word aan die skematiek van berou, boete en bekering. In byna alle herlewingsprediking is die gejag na resultate so groot dat alles daarop ingestel word. Die subjektiewe aanname van die Woord word aangehelp deur psigologiese en sensasionele magsmiddele wat die prediker gebruik..." (Muller in De Klerk 1975:50).

'n Tweede beswaar wat De Klerk (1975:50-51) na vore bring is die tendens van onverskillige houding teenoor die liturgiese binding en orde. Een aspek wat hy aanroer is die volgende: "Waar die appèl in baie gevalle eindig met die oproep tot 'n beslissing deur die opsteek van hande, die na-vore-kom na die liturgiese sentrum e.s.m., word die liturgiese slot van die aanbidding ingesluk."

Derdens bevat hierdie tipe prediking 'n subjektivistiese karakter. "Baie predikers het meer vanuit die eie ervaringe gepreek as vanuit die objektiewe heil soos in die Skrif en sakramente gegee" (De Klerk 1975:51).

'n Vierde negatiewe tendens in hierdie tipe prediking wat De Klerk (1975:51) uitlig, is die "ooraksentuering van die menslike vermoë in die verlossing" wat algemeen aanwesig is. "Die mens word, in die aanwesigheid van die teosentriese benadering, absoluut verantwoordelik gemaak vir sy eie


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlossing. Hy moet opstaan en die beslissing hier en nou maak, anders gaan sy geleentheid vir ewig verby. Hy moet hom bekeer deur op te staan en na vore te tree en daarop volg die wedergeboorte."

Nadat De Klerk (1975:55) 'n persoonlike evaluering oor bogenoemde onderwerp maak, kom die volgende slotgedagtes by hom op: "In die besinning oor die massaal-gerigte opwekkingsprediking van die afgelope drie eeue het ons veel om voor te dank maar ook veel om oor te swyg"

In 'n ander artikel deur De Klerk (1979:28-31) oor die massale opwekkingsprediking, verwys hy na die kenmerke en eensydigheid van hierdie soort prediking. Sonder om weer op al die eienskappe in te gaan, wil dit tog voorkom asof baie van hierdie kenmerkende eienskappe heel waarskynlik tydens die beoefening van die spesiale evangelieprediking voorgekom het en om daardie rede daarvan afgesien is.

Daar bestaan geen twyfel nie dat hierdie metode van spesiale evangelieprediking uiters suksesvol was in terme van die insameling van verlore siele wat tot bekering gekom het. Dit is egter jammer dat dit in so 'n mate afgeskaal is en nie verder as 'n permanente instelling in die Ned.Geref.Kerk geakkomodeer kon word nie. Waar evangelisasie aanvanklik gesien is as die verkondiging van die bekeringsboodskap aan sondaars, het die klem verskuif na die inbring van mense wat van die Kerk vervreemd geraak het. Die klemverskuiwing van 'n enkele spesiale evangelieprediker na gemeentelike evangelisasiepogings, was teoreties meer aanvaarbaar, maar dit laat die vraag ontstaan of dit in die praktyk meer bekeringsresultate opgelewer het. Hier dink ons byvoorbeeld aan die era ná 1950 toe dr.Willie Marais groot welslae behaal het met veldtogte waar groot getalle mense tot bekering gekom het. Wat nooit uit die oog verloor moet word nie, is dat daar geen kerk is wat daarop aanspraak kan maak dat al sy lidmate bekeerd is nie en daarom moet ten alle koste voortgegaan word om die appèl tot alle mense te rig om hulle tot God te bekeer.

In die behandeling van die sinodale besluite rakende hierdie klemversuiwing, kom weinig vermeldings voor van die onderwerpe van veral wedergeboorte en bekering, soos wat die geval vroeër was met die hou van spesiale evangeliedienste. Daar word hoofsaaklik verwys na die terugbring van afgedwaaldes na die Kerk. Tog merk dr.Kotzé op in 'n inleidende sin: "Op die oomblik is ons Kerk besig met meer intensiewe arbeid met die oog op die geestelike opbouing van gelowiges, *die inbring van ongereddes* (my kursivering) en bereiking van vervreemdes (*Die Kerkbode* 25 April 1951:890). Verder verwys hy ook na "jong bekeerlinge."

Die hooftaak van die nuwe evangelisasiestrategie was dus nie meer die massale opwekkingsprediking waarin 'n appèl op onbekeerdes gedoen is om hulle te bekeer nie. Hoewel hierdie klemverskuiwing in die lig van veranderde omstandighede genoodsaak was, vind 'n mens nie meer in artikels spontane getuienisse van mense wat tot bekering gekom het nie. Dit is asof die las wat 'n enkel spesiale prediker gehad het oor die bekering van sondaars, afgewentel is tot 'n kerkraad wat nie hierdie visioen gedeel het nie. Die kerkraad se taak was dus om op georganiseerde wyse afgedwaaldes of "verbondsverbrekers" tot die Kerk terug te bring.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Objektiewe beskouing lei 'n mens se gedagtes daartoe dat bekering van verlore sondaars tot 'n lewende God vervang is met 'n soort "kerstening" tot 'n bepaalde kerkgenootskap. Of die teendeel eerder waar is, sal alleenlik duidelik aan die lig kom in 'n soortgelyke studie wat gemik is op die voorkoms van wedergeboorte en bekering in die tydvak vanaf 1950 tot die hede.

Ten slotte word aan prof.dr.D.W.de Villiers die geleentheid gegee om 'n woord te spreek: "Spesiale evangelieprediking het wellig sy nadele, maar dit het ook sy voordele gehad soos blyk uit baie mense se getuienisse. Eendag sal ons seker op die skaal van God kan sien watter kant - die voordele of die nadele - die swaarste geweeg het" (*Die Kerkbode* 19 Februarie 1975:242).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 6. BINNE- EN BUITEKERKLIKE BEWEGINGS

Die groot behoefte onder lidmate na 'n meer intense godsdiensbelewing, het 'n teelaarde geskep vir die onstaan van verskeie buitelandse kerkgenootskappe, buite die gereformeerde konteks. Ook het meer as een buitekerklike bewegings begin posvat.

Selfs binne die gevestigde kerke het enkele godsdienstige bewegings hul taak gesien om naas die Kerk, tot geestelike diens beskikbaar te wees.

Vir die meeste van hierdie bewegings het wedergeboorte, bekering en heiligmaking 'n hoë prioriteit ingeneem. Die bewegings het in 'n mate 'n tuiste geskep vir hulle wat gesmag het na die verdieping van hul geestelike lewe. Dit wou nie in opposisie los van die Kerk funksioneer nie, maar wou as hulp dien in die geestelike ontwikkeling van lidmate. Waar enkele bewegings goed in die Kerk geakkommodeer kon word, het andere tot ongevraagde konflik gelei, veral weens die ongereformeerde karakter daarvan.

Soos in 'n vorige hoofstuk uitgelig, is uit verskillende oorde besorgdheid uitgespreek oor die geestelike toestand in die Ned.Geref. Kerk, veral in die dertiger en veertigerjare van hierdie eeu. Kommer is veral betoon oor die verwaarlosing van die bekeringsboodskap en geestelike vernuwing. Daarom was hierdie bewegings grotendeels geskik om hierdie behoefte aan te spreek..

Aanvanklik is hierdie pogings deur die Kerk verwelkom, maar namate 'n sektariese tendens in hulle benadering en optrede bespeur is, het dit antagonisme ontlok. Tog het hierdie groepe 'n merkbare invloed uitgeoefen op die spiritualiteitsbewuswording in die gereformeerde kerke in Suid-Afrika, veral in die Ned.Geref. Kerk. Hulle rol kan nie misken word nie en daarom word vervolgens aandag aan enkele groepe gegee:

## *6.1 Die Keswickbeweging*

Hierdie beweging, wat sy ontstaan in Engeland gehad het, het nie alleen baie Suid-Afrikaners daarheen getrek nie, maar ook as motivering gedien om plaaslik iets soorteglyks op die been te bring.

Sedert 1875 is jaarlikse konferensies in Keswick, Engeland, gehou "for the promotion of holiness". Mettertyd is verskeie konferensiesentrums in ander lande gevestig waar konferensie jaarliks gehou is op die oorspronklike Keswickpatroon (McQuilkin 1996:153).

Brümmer (*De Kerkbode* 31 Mei 1906:270) beweer dat hierdie beweging gelyktydig in Amerika onder Pearsall Smith en in Engeland onder manne soos Battersby, Evan Hopkins, Webb-Pebloe, Robert Wilson en Henry Howker ontstaan het. Die inisiatief het oorspronklik van die Amerikaners uitgegaan, maar vanaf die eerste Keswickkonferensie het die Britte leiding geneem. Die leiers was mense wat aanvanklik ongelukkig was oor hulle lae geestelike lewe, dat hulle begin verlang het na 'n lewe gevul met die krag van die Heilige Gees. Hulle het die oplossing by Keswick gekry en die boodskap verder versprei dat so 'n lewe wel moontlik is. Hierdie leiers was uit verskillende denominasies afkomstig en het leiding geneem by die "Keswick Conventions" (McQuilkin 1996:153).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Maart 1989 word die *Cape General Mission* gestig met 'n bestuursraad in Londen en Spencer Walton as direkteur in Suid-Afrika (Du Plessis 1920:395). Die lede van die sending het verskeie sogenaamde "*Holiness Conventions*" gehou. Aan Walton, in samewerking met dr.A.Murray, is opdrag gegee om jaarlikse samekomste te Wellington te reël wat mettertyd bekendgestaan het as die "*South African Keswick*" omdat dit op die lees geskoei was van die heiligheidsbyeenkomste te Keswick, Engeland. Op hierdie konferensies sou Walton leer wat 'n lewe van algehele oorgawe is en daarop wys dat so 'n lewe verkry kan word deur beoefening van eenvoudige geloof, gepaard met 'n heelhartige oorgawe (Du Plessis 1920:396,7). Ander bekende "Keswickers" was di.Daintree en Sampson van die Episkopaalse Kerk en ds.W.Douglas van die Wesleyaanse Kerk (*De Kerkbode* 31 Mei 1906:270).

In *De Kerkbode* van 24 Augustus 1899 (pp.533-4) berig V.D.M. dat daar ongeveer 4 000 persone teenwoordig was tydens die Keswickkonferensie in Julie 1899. Hy verstrek ook die name van diegene wat uit Suid-Afrika die konferensie bygewoon het. Van die sprekers wat opgetree het, was onder andere ds.F.B.Meyer. V.D.M. was baie ingenome met die konferensie en skryf dat die beweringe dat die Keswickleer sondelose volmaaktheid voorskryf, ongegrond is.

Onmiddellik ná die plasing van V.D.M. se brief, het reaksies oor Keswick die redakteur van *De Kerkbode* bereik. In die uitgawe van 7 September 1899 (p569,570) spreek D.V.M. hom uit oor uitlatings wat V.D.M. gemaak het oor heiligmaking en in die uitgawe van 12 Oktober 1899 (pp.650-652) word 'n gedeelte uit "*The Life of Faith*" geplaas waardeur D.V.M. weer teëgestaan word. Daarin word die Keswickleer verdedig en genoem dat die grondwaarhede wat daarin vervat is, neerkom op "Verwoesting door Val, verlossing door de Bloed van Christus, wedergeboorte door het Heiligen Geest. Naas die wedergeboorte word veral aandag gegee aan die verdieping van die geestelike lewe, 'n uitdrukking wat verkies word bo "Hooger Christelijk Leven" (*De Kerkbode* 12 Oktober 1899:650). Gesteun deur een van die Keswicksprekers, Webb-Peploe, word kategories verwerp dat hierdie beweging sondelose volmaaktheid voorstaan. Inteendeel, die sondekwessie word só benadruk, dat geen mens wat die konferensie bywoon, nog kan dink dat sondelose volmaaktheid geleer word nie (:650).

Keswick leer nie die "weder-bekering" nie, maar eerder 'n verlewendiging van 'n lewe wat reeds bestaan en selfs gelyktydig met die bekering kan plaasvind. Soos in de geval van bekering, gee die gelowige homself opnuut aan die Here oor (*De Kerkbode* 12 Oktober 1899:651). Keswick leer dus nie 'n nuwe leer nie, maar lê klem op 'n bewuste oorgawe aan Christus van wie die gelowige se verwagting is om die heiligheid wat verwag word, na te kom(:651).

Bogenoemde artikels het net die lesers geprikkel om meer oor Keswick te skryf. In die uitgawe van 16 November 1899 (p.727) verskyn 'n aantal getuienisse van mense wat seën ontvang het tydens die konferensies.

Ook ds.J.R.Albertijn het gedurende sy bediening op Wellington betrokke geraak by die "*Keswick Conventions*". Geleidelik begin hy hom hiervan distansieer, deels oor die optrede van persone sonder



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoorlike teologiese opleiding tydens hierdie byeenkomste. "De nuchtere Kalvinist kwam nogeens bij hem hier boven" (Albertijn 1922:9)

Oor die "*Keswick Holiness Movement*" skryf ds.Albertijn dat die gevaar aanvanklik bestaan het dat dit geneig het in die rigting van Perfeksionisme, maar dat die Here hierdie beweging daarvan bewaar het "en zij is toenemend meer gematigd geworden in haar woorden en voorstelling van het geheiligd leven van de gelovige" (Albertijn 1922:47). Die belangrikste boodskap van die beweging is dat 'n lewe van algehele heiligheid nie alleen noodsaaklik is nie, maar ook moontlik is (:48).

Naas die leer, was ook die metode waarvolgens so 'n lewe verkry kan word, belangrik. So 'n bewustelike innerlike ondervinding vind in een oomblik plaas waardeur die gelowige op 'n hoër platform geplaas word tot 'n lewe van geloof en deur onafgebroke gemeenskap met die Here. Hierdie ondervinding het bekend gestaan as "the second blessing" of "the second conversion"(Albertijn 1922:49). Verder was daar ook sprake van 'n prysberekening en ook van 'n "absolute self-surrender", "whole-hearted consecration", "wholly for God", "all on the altar" (:49).

Dr.Andrew Murray het altyd die leiding geneem met die "*Convention*" wat in die stadsaal op Wellington gehou is. Die bywoning onder predikante uit die Ned.Geref.Kerk was swak, omdat Engels hoofsaaklik die voertaal was. Selfs 'n poging om 'n deel van die samekomste in Hollands te hou, het nie die belangstelling laat verbeter nie (*Het Gereformeerd Vaandel* Desember 1918:165). Op 'n stadium het predikante van verskillende Engelse kerkgenootskappe dr.Murray genader vir inskakeling, maar nadat hulle verneem het dat dit onder beskerming van die "*Cape General Mission*" staan, het hulle nie verder belang gestel nie (:164,5).

In 'n kort berig, geplaas in *Het Gereformeerde Maandblad* (Des.1918) skryf 'n persoon dat hy 'n Keswickkonferensie, wat by die Strand gehou is, bygewoon het. Hy berig dat hy aanvanklik skepties gestaan het daarteenoor, weens die opsweping wat gewoonlik plaasvind. Hy erken egter dat op daardie stadium predikante op die kansels staan wat by sulke konferesnies tot die Lig gekom het. Hy spreek verder met groot lof van predikante soos di.A.C.Murray ("onze voorsitter") Albertijn Van Wijk, W.Murray en J.W.L.Hofmeyr. "Ds.Gerdener deed ons zien, dat er een onderscheid was tussen Jezus als Zaligmaker en Jezus als Meester..." (:174).

Die onbekende skrywer, wat self by die konferensie opgetree het in die plek van prof.Moorrees, sê: "'t Was vir ons goed daar te zijn. Ik hoop, dat deze eersteling een 'rijke oogst' zal brengen, en dat onze 'Keswick' een instelling van betekenis zal worden" (*Het Gereformeerd Maandblad* Des.1918:174)

### *6.1.1 Wat die Keswickbeweging leer*

Brümmer (*De Kerkbode* 31 Mei 1906:270), wat verdedigend optree teen valse aantygings teen hierdie beweging, sê dat die rede waarom dit nie oral byval vind nie, is omdat sekere mense die indruk skep asof hulle aanspraak maak op 'n sondelose lewe. Dit is deels te wyte aan misverstande of onbekendheid. Hy beweer dat die Keswickers nie 'n afsonderlike sekte of genootskap is nie en ook nie iets nuuts verkondig nie. Hy lig sewe punte uit wat in wese hulle leer bevat. Dit kom hoofsaaklik neer op 'n


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

algehele toewyding aan God en verloëning van die self. Die laaste punt lui: "Gods Geest moet als een kracht in ons wonen en wij moeten dit weten. Met moet kunnen antwoorden op de vraag: Hebt gij den Heilige Geest ontvangen?"

McQuilkin (1996:153) sê op sy beurt: ."Keswick is not a doctrinal system, much less an organization or denomination, which perhaps explains why participation in is has been so broad." In 'n relatief ou geskrif (datum onbekend) getiteld "*Scriptural Holiness and Keswick Teaching*" slaag A.M.Hills daarin om die verskil in leer van die twee rigtings uit te lig. Oor die wese van die Keswickleer, spreek die opskrif van Hoofstuk VII vanself: "Keswick teachers are not consistent with themselves, nor in agreement with each other" (:114). In hierdie boek wys hy daarop dat, alhoewel daar ooreenstemmings is met die "Holiness Movement" wat 'n "Second Blessing" leer, daar heelwat verskille is. In breë trekke kom dit daarop neer dat, volgens die Woord van God, dit wel moontlik is vir 'n Christen om in geloof oorwinning oor sonde te behaal (McQuilkin 1996:153,4).

Die kern van Keswick is egter geleë in die werkwyse van 'n tipiese "Keswick Convention". McQuilkin (1996:154,5) skets die verloop van 'n tipiese konferensie. Die tema van die eerste dag is "sonde". Aan die gehoor word God se standaard van heiligheid teenoor menslike mislukking gestel, sodat dit uitloop op 'n oortuiging van sonde en geestelike nood.

Op die tweede dag word God se voorsiening vir 'n oorwinnende lewe voorgehou. Die volbragte werk van Christus impliseer nie net regverdigmaking nie, maar ook vereenselwiging en eenheid met Christus.

Die derde dag is beslissend, want dan word die gehoor voor die uitdaging gestel om 'n algehele oorgawe te maak. "Lewe in die Gees" is die tema van die vierde dag. Dit impliseer om "vol" van die Heilige Gees te wees, met ander woorde om onder sy beheer te wees. Die Heilige Gees is God se voorsiening om beide 'n heilige lewe te leef en diensbaar te wees.

Oorspronklike konferensies het dus die klem geplaas op die vier temas, naamlik sonde, God se voorsiening, toewyding en om gevul te wees met die Heilige Gees. Later is 'n vyfde tema bygevoeg, naamlik "diens". (McQuilkin 1996:155). Diensbaarheid was egter van die begin af tiperend van hierdie beweging, in so 'n mate dat klem geplaas is op sending en wêreldevangelisasie (:155,6).

Alhoewel die Wellington Keswick ná die dood van dr.A. Murray momentum begin verloor het, het dit tog 'n noemenswaardige invloed uitgeoefen op die bevordering van heiligmaking onder predikante en lidmate in die Ned.Geref.Kerk.

### *6.2 Die Strewersvereniging*

Die Strewersvereniging is 'n beweging wat binne die geledere van die Ned.Geref.Kerk gefunksioneer het. Dit het dikwels onbewustelik in baie gemeentes as barometer gedien wat die geestelike toestand van die betrokke gemeente verraai het. Ten tye van geestelike insinking en doodsheid, het die Strewersvereniging getaan, maar wanneer 'n herlewing of geestelike opwekking in 'n gemeente voorgekom het, het dit 'n bloeitydperk beleef.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*6.2.1 Ontstaansgeskiedenis*

Terwyl dr.Francis Edward Clark van Williston, V.S.A. in Januarie 1881 die bidure in sy gemeente waargeneem het, het die Heilige Gees van God kragdadig begin werk, "harte word oor die sonde ontroer, tussen 30 en 40 jongmense ontwaak en kom tot waaragtige bekering" (De Waal 1940:22). Sy grootste probleem ná daardie gebeure was wat gedoen kon word om die jongmense geestelik aan die gang te hou. Die bestaande organisasies was ontoereikend en het nie na behore aan hierdie behoefte voldoen nie. Hy wou 'n absoluut geestelike organisasie hê, sonder sekulêre of bykomende aanloklikhede. Met 'n groepie jongmense in sy pastorie, besluit hulle om op 2 Februarie 1881 'n ander vereniging in die Independente gemeente te stig. So sien die Christelike Strewersvereniging die lig (:22)

Die jeugbidure in sy gemeente het dadelik nuwe lewe begin vertoon. Bidders en bidsters het vinnig vermeerder en die vereniging self het al sterker gebloei (De Waal 1940:23). Die vereniging het met rasseskrede in die V.S.A. begin groei; in so 'n mate dat in 'n enkele jaar tot 5 000 verenigings gestig is met 250 000 lede. Selfs buite die V.S.A. het verenigings begin opskiet (:23).

Sedert 1887 is verenigings ook in Suid-Afrika gestig, sodat 62 teen 1899 hul verskyning gemaak het. Die eerste Strewerskonferensie is in September 1894 in Wellington gehou, by watter geleentheid die eerste Hollands-Engelse Unie gestig is met dr.Andrew Murray as president (:24). Teen 1898 was plaaslik meer as 'n honderd takke met 'n ledetal van 4 000. Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het duisende Strewers hulle in die gevangeniskampe bevind. In 1902 het St.Helena byvoorbeeld meer as 400 lede gehad (:24).

De Waal (1940:25) noem dat die Strewersunie nie alleen offisiële kerklike sanksie gedra het nie, "maar is deur ons kerk self in die lewe geroep." Dit het plaasgevind toe die Ring van Kaapstad in 1900 besluit het "om 'n kommissie aan te stel ten einde 'n Strewersunie in verband met die Ned.Geref. gemeentes van die Kaapse Skiereiland op te rig en allengs tot al ons gemeentes in Suid-Afrika uit te brei. Di.Roome, Marchand en De Beer het op hierdie kommissie gedien." In 1903 is die Sinode gevra om die Strewersunie amptelik te erken, wat dan ook plaasgevind het (:26).

Pogings is aangewend om Kinderkranse te stig waar Strewersverenigings reeds bestaan het. Die Kinderkrans is beskou as die "Kindergarten" van die Strewers (Strewers 1931:22). Die Kinderkrans word ook die "Junior C.S.V." of "Junior Strewersvereniging" genoem (:34). Die lede van die Kinderkrans-hoofbestuur het bestaan uit verteenwoordigers van die Vrouesendingbond en die C.S.V. Die leuse van die Kinderkrans was "Vir Christus en sy Koninkryk" om aan te pas by die leuse van die Strewers: "Vir Christus en sy Kerk" (:23). Benewens die werk onder die kinders, het die Strewers hulle ook vir sendingwerk beywer.

Ds.De Waal (1940:26) maak die volgende opmerking in die Strewershandboek: "Hoewel geestelike werk vandag (1940) in die algemeen aan die kwyn is, vanweë die ontsettende wêreldgees, tel ons beweging nog oor die 80 000 verenigings en meer as 4 250 000 lede op aarde."


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos in die geval van die C.S.V., het die Strewersvereniging ook reisende sekretarisse gehad. Hulle taak was om as skakel te dien tussen die bestuur en die verskillende takke.

### *6.2.2 Doel van die Strewersvereniging*

Tydens die Jubileumkonferensie wat in 1931 op Middelburg, K.P. gehou is, het die president van die Strewersunie, ds.D.J.Marchand, na dr.Clark se visioen verwys en onder andere bygevoeg: "Verder was dit 'n gevoel van sy troue arbeid as antwoord op sy begeerte om die Kerk van Christus te dien en onder die drang van liefde tot onsterflike siele" (Strewers 1931:9).

De Waal (1940:28) beskou die Strewersvereniging as 'n organisasie wat 'n groot behoefte in die kerk vervul deurdat dit dien as teenvoeter vir die oppervlakkige wêreldgees. "Die innerlike behoefte van die siel verlang na 'n beweging, ernstig, werksaam, innig vroom en Gode toegewy, wat g'n ooreenkoms met die wêreld gedoog nie. Aan hierdie begeerte beantwoord die beginsels van die Strewersbeweging" (:28). As Strewersvereniging nie in die gemeente aan sy doel beantwoord nie, is dit 'n aanklag teen die geestelike toestand van die jongmense in die gemeente en nie teen die vereniging nie. Tog vervul hierdie eg geestelike beweging 'n groot behoefte, waarin miljoene kinders van die Here hulle verbly en die Here ewig dankbaar is (:29).

De Waal (1940:30) wys daarop dat die beweging 'n groot bydrae lewer tot die pasbekeerdes. Hy bevestig dat siele in elke gemeente tot bekering kom, veral gedurende Pinkstertyd en met spesiale dienste. Die grootste probleem is dat 'n geestelike koudheid mettertyd intree, maar hiervoor is die Strewersvereniging by uitstek geskik om "warm te hou en steeds warmer te laat word, deur die siel uiting te laat gee aan wat in hom is" (:30). Verder maak die vereniging ook voorsiening vir "ernstig geworde Christene" (:31).

De Waal (1940:34) gee die formele doelstelling weer: "Die doel van die vereniging is om 'n ernstige en praktiese christelike lewe te bevorder, en mekaar onderling daartoe aan te help" Verdere doelstellings word in die handboek uiteengesit en sien kortliks soos volg daar uit:

- Om die Jeug tot die Here Jesus te beweeg....Die Strewersvereniging laat die jeug verstaan dat daar g'n ander Naam is waardeur 'n mens kan salig word nie; dat Jesus die enigste middelaar, brug en leer tot die hemelse Vader is, en dat Hy alleen dus as koning van hart en lewe gekroon moet word.
- Om die jeug te bemoedig om die geloof te behou.
- Om die jeug in absolute afhanklikheid van God te laat lewe.
- Om die jeug in die gemeenskap met God te bewaar.
- Om die jeug tot getroue bywoning van die openbare eredienste te oefen.
- Om die jeug te leer getuig en werk vir die Heiland....Die monde is gesluit om vir die Heer te getuig, die oog geslote om die oesvelde raak te sien, die oor dig toe om die noodkrete rondom te hoor en die hande en voete gebonde om vir die Heer te werk!" (De Waal 1940:34-36).

Samevattend kan die doel van hierdie vereniging soos volg beskryf word: "Om die jeug te voer tot die Seun van God, die Woord van God, die troon van God, die wil van God, die werk van God, die kerk van God en die gemeenskap met die kindere van God" (:37). Die "Belofte-kaart" van die Strewersvereniging begin met die woorde: "Vertrouende op die Here Jesus as my Saligmaker en steunende op Sy krag..."


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Strauss 1951:105). Hierdie woorde lig die wese van hierdie vereniging uit om as "verlostes" soos die sout van die aarde te wees.

Gedurende die vyftigjarige bestaan van hierdie beweging, het "Vryheid in Christus" as tema gedien (Strewers 1931:44,45). Wat opvallend is van die boodskappe wat deur verskeie predikante by daardie geleentheid gebring is, is die klem wat geplaas is op verlossing van sonde.

*6.2.3 Kerklike betrokkenheid*

Ds.De Waal, wat vroeër self in gemeentebediening gestaan het (:41) en reisende sekretaris van die Strewers geword het, bevestig dat hierdie vereniging 'n onlosmaakbare band met die Kerk, by name die Ned.Geref.Kerk het. So dui die amptelike naam ook aan: Die vereniging tot Christelike Strewe in verband met die *Ned.Geref.Kerke in Suid-Afrika*" (:43). Sy kerklike karakter word verder uitgestip in die konstitusie, naamlik dat die Vereniging nie sonder die toestemming van die plaaslike leraar of kerkraad opgerig mag word nie (:42). Die leuse bevestig ook die kerklike betrokkenheid: "*Vir Christus en die Kerk*". In die lede se lidmaatskapkaartjie kom die volgende verklaring voor: "Ek sal strewe om *my eie kerk* in elke opsig te ondersteun, veral deur al sy dienste sover moontlik gereeld by te woon" (:43). Hierdie vereniging staan onder direkte toesig van die kerkraad (:43). Verder word dit aanbeveel dat die predikant of kerkraadslid as voorsitter sal optree (:44).

*6.2.4 Strewersvereniging onder die ballinge*

Soos in 'n vorige hoofstuk gemeld, het die geestelike lewe in die konsentrasiekampe nie agterweë gebly nie. Die blad: *"De Strever - Orgaan der C.S.V. onder de Krijgsgevangenen"* wat vroeg in hierdie eeu in die Diyatalawa-kamp op Ceylon versprei is, het ook voorsiening gemaak vir die boodskap van verlossing. In die uitgawe van 15 Maart 1902 onder die opskrif: "*De Weg Naar den Hemel*" word die Here Jesus as “Deur” voorgestel en 'n beroep word op die onbekeerdes gedoen om daardeur te gaan. Kennis word ook gegee van 'n traktaatjie "Bekeert u", wat na verskillende kampe gestuur is (:5). In *De Gereformeerde Kerkbode* van 14 November 1901 word kennis gegee dat ‘n nuwe uitgawe van hierdie traktaatjie verskyn het. Daarvan is 24 000 gedruk vir gebruik deur predikante in die kampe. Tot 1 000 traktaatjies is na sekere kampe gestuur.

Uit "*Ons Getuienisboekie*" wat in 1931 uitgegee is, haal ds.W.de W.Strauss (1951:31-34) verskeie getuienisse aan van wat die Strewersvereniging vir die Boere-bannelinge beteken het. Hierdie beweging het dus nie net innerlike vrede aan die verwarde bannelinge gebied nie, maar dit was ook 'n bron van afleiding te midde van die emosionele en fisiese eise wat op hulle geplaas is.

*6.2.5 Die Strewersvereniging onder Calvinistiese soeklig*

'n Uitgesproke Calvinis, seker weens sy kerklike agtergrond, was dr.J.D.du Toit. Ons herinner ons aan sy proefskrif oor die Metodisme. So het hy dan ook die Strewersvereniging vanuit Calvinistiese oogpunt onder die soeklig geplaas, want hy was oortuig daarvan dat hierdie beweging sy oorsprong in die Metodisme gehad het (Du Toit 1905:1). In sy geskrif "*De Streversvereeniging beoordeeld van Gereformeerd standpunt*", wat, volgens sy voorwoord, bepaald bedoel is vir lede van die Gereformeerde


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerk, het hy ten doel gehad om onder andere die lesers te prikkel tot 'n dieper ondersoek na die gereformeerde waarheid.

Soos genoem, herlei hy die oorsprong terug na John Wesley, wat tydens sy studiejare aan Oxford betrokke geraak het by die studentevereniging waarna spottenderwys as *Metodiste* verwys is. Du Toit (1905:1) verwys ook hoe Wesley onder die invloed van Böhler gekom het, wat sy aandag daarop gevestig het "dat die "bekeering" en het geloof in Jezus bloed ineens, plotseling komen moet. Zóó geschiedde het dan ook bij Wesley. In zijn eigen woorden geven wij de beschrijving zijner bekeering: 'In den avond.....'" (Du Toit 1905:1,2)

Wesley se optrede deur verenigings te stig was omdat hy ontevrede was met die geestelike doodsheid van die Staatskerk en die ander kerke in Engeland. Hy het hom daartoe beywer om nie die kerk te herstel nie, maar om verenigings buite die kerk te stig (Du Toit 1905:2). Wesley het nie die kerk hervorm nie, maar verenigings gestig waaraan mense kon behoort sonder om hulle kerk te verlaat. Vir die doop en Nagmaal, moes mense na hul eie kerk gaan, want "daarvoor was de kerk nog goed genoeg" (:3) maar die geestelike lewe was slegs by die verenigings te vinde.

Volgens Du Toit (1905:4) is "de Streversveereniging...niets anders dan de voortzetting van Wesley's Vereeniging". Beide het ontstaan uit protes teen die doodsheid in die Kerk; beide vereis nie die opsegging van kerklidmaatskap nie - die Strewers-vereniging is 'n interkerklike beweging. Beide het een doel voor oë, naamlik die bevordering van 'n ernstige Christelike lewe en vriendskaplike verkeer onder die lede. Beide wil die belange van die kerk bevorder deur die opwekking van die Christelike lewe. Die enigste verskil tussen die twee verenigings is dat die Strewersvereniging uitsluitlik vir jongmense is, terwyl Wesley se vereniging geen beperking stel nie (:4).

Du Toit (1905:5) toon dat hy met versigtigheid beswaar aanteken teen die Strewers, omdat hulle juis die heil van die Kerk op die hart dra. Hy erken dat daar 'n doodsheid in die Kerk te bespeur is: "Het is waarlijk in onze dagen met de kerk des Heeren treurig gesteld, zoodat dikwijls in ons de verzuchting moet oprijzen: "Ach Heere geef bekeering, geef waarachtig geestelijk leeven!....Het is of de Kerk dikwijls meer gelijkt op een vallei vol doodsbeenderen dan op de woonstede Gods in de Geest, en degenen die daarover zuchten en daarin verandering wenschen aan te brengen moeten waarlijk niet worden tegengegaan, zoo zij de door God verordende middelen daartoe aangewenden"

Wat hy egter teen hulle het, is dat die kerk nie deur hulle werksaamhede opgebou word nie, maar afgebreek word. Die geskiedenis bewys dat as mense hulle onttrek in klein kringetjies waar hulle na geestelike voeding soek, word die kerk van lewensap ontneem en word dit uiteindelik 'n geraamte. Die Strewersvereniging is nie 'n kerk nie en om sonder die bediening van die Woord en sakramente te probeer voortbestaan, sal tevergeefs wees.

Du Toit (1905:6) meen dus dat die Strewersvereniging onnodig is. "Men redt zich niet door te beweren, dat zij zoo goed kan *aanvullen* en kan *helpen* waar de Kerk te kort schiet. Deze aanvuling en hulp is beslist onnoodig".



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voorts meet dr.Du Toit in verskillende hoofstukke die Strewersvereniging aan die verbond, die leer en die lewe. Hy het dit teen Wesley se onderskeid tussen bekeerdes en onbekeerdes omdat hy almal wat nie bekeerd was nie as "heidenen gedoopt of ongedoopt" beskou het. Slegs bekeerdes is tot Wesley se vereniging toegelaat. Du Toit (1905:11) is daarvan oortuig dat die gebruik van die terme "bekeerdes" en "onbekeerdes" in ons land seker ten gevolge is van die optrede van die Strewers, want dit was hulle doel om kinders vir Christus te wen. Ook in hierdie vereniging wil dit vir hom voorkom asof die bekeerdes in die vereniging en die onbekeerdes daarbuite is. In hierdie verband haal hy dr.A.Kuyper "de groote strijder voor de Gereformeerd leer in Holland" aan wat gekant is teen die beginsel om 'n onderskeid te maak tussen bekeerdes en onbekeerdes. Hy erken dat 'n mens wel seker kan wees van saligheid, maar nie buite jouself kan oordeel wie salig is en wie nie (:12).

Hy erken verder dat daar wel so iets bestaan as "onbekeerde Verbondskinders", maar mag nie afgeskei word van die ander nie. Hulle moet as Verbondskinders aanhoudend vermaan word, solank hulle nie deur leer of lewe opsetlik met die Verbond breek nie, anders word hulle deur kerklike tug afgesny as Verbondskinders (Du Toit 1905:17). Hy glo dat die Strewersvereniging nooit tot stand sou gekom het nie as die Kerk by die Verbond gebly het en die lidmate as Verbondskinders aangesien het.

Hy teken ook beswaar aan omdat die Strewers geen leer het nie en is van mening dat as 'n jongmens uit die Gereformeerde Kerk lid word van die Strewersvereniging, hy 'n onverskilligheid in terme van die leer toon en verkoop sy Calvinisme vir Arminianisme en Metodisme. Calvinistiese Metodisme is 'n onding, sê Du Toit (1905:21).

Die Strewers, met hul kort evangelieboodskap, lê te veel klem op Jesus (soos byvoorbeeld in hul leuse uitgedruk) en dit kan die gevolg inhou dat 'n verwatering in die Drie-eenheidleer kan intree(Du Toit 1905:25).

Laastens bring Du Toit die Strewersvereniging in verband met die lewe. Die doel van hierdie vereniging is om 'n ernstige Christelike lewe na te volg en verwerp daarom die Kerk, Verbond en die Leer. Vir hom is dit onmoontlik om heiligmaking na te streef sonder enige leer. "In zijn 'bekeering' voelde hij in zich leven en warmte, en nu kan door een krachtige beweging van armen en beenen (Christelijke werkzaamheid) dat leven en die levenswarmte vermeerderd worden. Dit is Arminiaansch" (:28).

Om saam te vat: Dr.J.D.Du Toit, wat die Strewersvereniging vanuit 'n Gereformeerde standpunt beoordeel, het dit teen hierdie beweging omdat hulle Metodistiese trekke toon deurdat dit as 'n vereniging binne die bestaande Kerk funksioneer, die verbondsgedagte ignoreer en 'n onderskeid maak tussen bekeerdes en onbekeerdes en dat hulle die lewe belangriker ag as die leer.

Dit is jammer dat mense soos dr.Du Toit so ver gaan om enigiets wat parallel met die kerk funksioneer, af te maak as van nul en gener waarde. Hierdie bewegings wou nie kerk speel nie en allermins die plek van die kerk inneem. Dit wou as hulp naas en in die kerk funksioneer om onder andere die boodskap van verlossing uit te dra. Du Toit spreek aan die een kant sy kommer uit oor die doodsheid in die kerk, maar in dieselfde asem val hy 'n vereniging soos die Strewers aan wat op hulle beurt wou sien dat geestelike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lewe in die kerk ingeblaas word. Daarom moet groter versigtigheid aan die dag gelê word dat 'n kerk, met al sy beginsels en belydenisse, nie self 'n struikelblok word in die verspreiding van die evangelie nie.

### *6.3 Die Christelike Studentevereniging (C.S.V.)*

Ds.G.Bell sien die Christelike Strewersvereniging, Christelike Jongeliedevereniging en die Christelike Studentevereniging as 'n driemanskap wat die jeug van Suid-Afrika vir Christus Jesus en sy kerk wil wen en hulle geestelik te help opbou (*Die Kerkbode* 8 Januarie 1969:90).

Waar die Christelike Strewersvereniging nie slegs effektief was vir die jongmense nie, maar ook vir die ouer garde, het die Christelike Studentevereniging uitsluitlik die jongmense, veral die studerende jeug, bedien. Eersgenoemde het mettertyd van naam en karakter verander, terwyl laasgenoemde, met geringe innerlike aanpassings, onveranderd gebly het.

Soos in die geval van die Strewersvereniging, het hierdie organisasie dit ook ten doel gehad om toegespits te wees op die geestelike bearbeiding van die jongmense. Die noodsaaklikheid van 'n hartgrondige bekering en verdieping van die geestelike lewe is ook in 'n groot mate deur hierdie beweging beklemtoon.

Alhoewel hierdie groep nie noodwendig aan 'n sekere kerk verbonde was nie, het dit 'n lang pad met die Ned.Geref.Kerk geloop en was ook verantwoordelik vir die bevordering van die spiritualiteitskarakter van die Kerk.

#### *6.3.1 Ontstaansgeskiedenis*

Sedert 1874 was mejj.A.P.Ferguson en Bliss onder die wakende oog van dr.Andrew Murray verbonde aan die Hugenote-Seminarie. In 1894 woon mej.Ferguson 'n konferensie by van die Students' Convention in Northfield, V.S.A. By hierdie konferensie, onder voorsitterskap van mnr.Luther D.Wishard, was nagenoeg 500 jongmense (uit meer as 109 kolleges en inrigtings) wat besiel was met 'n visie om die Koninkryk van God te bevorder en om 'n besondere geestelike atmosfeer in die verskillende inrigtings te skep. Wishard lewer getuienis van die groei van die organisasie in verskeie wêrelddele. Mej.Ferguson is so aangegryp deur die konferensie, dat sy die moontlikheid van die stigting van so 'n organisasie in Suid-Afrika met mnr.Wishard bespreek. Op sy beurt noem hy dat die gedagte reeds vroeër bestaan het om ook in Suid-Afrika te werk (Van der Merwe 1996:18).

Terug in haar vaderland, bespreek sy die saak met dr.Andrew Murray en prof. Hofmeyr wat albei positief was. 'n Reëlingskomitee word op die been gebring wat moes omsien na die besoek van Wishard aan Suid-Afrika. Dr.en mev. Murray ontmoet in 1895 vir mnr. Wishard in Ierland, wat nuwe stukrag verleen aan sy voorgenome besoek. In 1896 kom hy in die land aan met die ideaal om die beweging te stig. Hy noem die beweging "the Church at work for students with thorough systems of Bible Study, Prayer meetings, Individual work and Evangelistic meetings in the Colleges. It is the Church's most successful agency in recruiting the ranks of the Ministry at home, and has also proved to be her most efficient factor in the enlistment of men en [sic] women in Foreign Missions" (Gerdener in Van der Merwe 1996:19).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Intussen besoek mnr.Donald Fraser, 'n Skotse sendeling, die land en gee hernude stukrag aan die moontlikheid vir die stigting van 'n studentebeweging (:20).

Tydens 'n Christelike konferensie vanaf 24 tot 29 Julie 1896 te Stellenbosch, word die C.S.V. op Dinsdag 28 Julie gestig. Dit het bekend gestaan as *"The Students' Christian Association of South Africa"* (Van der Merwe 1996:22). Tydens die eerste byeenkoms op Vrydag 24 Julie, noem mnr. Wishard dat dit, benewens die Japanse konferensie, die grootste byeenkoms was wat hy wêreldwyd toegespreek het. Dit het hom opgeval dat 'n mens 'n verwagting onder die studente kon aanvoel terwyl die Heilige Gees op 'n besondere wyse werksaam was. Hy het telkens beklemtoon dat net die Here Jesus lewens kan verander. Dit moet mense dring om persoonlike werk te doen en ander na Jesus toe lei. Die belangrikste doelwit en roeping wat hy uitgelig het was om elke skoolkind en student te lei tot 'n ontmoeting met Jesus Christus, en te lei op 'n pad van geestelike groei en wasdom (:21). Ná sy toespraak, het dr.Andrew Murray die gehoor toegespreek.

Met groot entoesiasme het die konferensie die daaropvolgende dae voortgegaan, en wel in die moedergemeente van die Ned.Geref. Kerk, omdat die lokaal te klein geword het. Talle studente uit 29 verskillende denominasies en verskillende kerkverbande het die byeenkomste met groot ywer bygewoon "...en die meer as 400 studente se ywer vir Jesus was aansteeklik" (Van der Merwe 1996:22).

Die unieke geestelike klimaat wat op Stellenbosch geheers het, was bevorderlik vir die vooruitgang en groei van die CSV. Die Bybelklas van prof.N.J.Hofmeyr het die geestelike akker voorberei (Van der Merwe 1996:23). Ná die konferensie onderneem Donald Fraser en Charles Murray 'n toer om die werk van die beweging bekend te stel.

Van die persone wat in die eerste dekades 'n prominente rol as leiers in die organisasie gespeel het, was mense soos dr.Andrew Murray, proff.J.I.Marais en N.J.Hofmeyr en rev.J.Lennox. Die eerste voorsitters sedert die stigting tot 1948 was J.P.Burger, A.L.Hofmeyr, C.H.Murray, Lou Hofmeyr, J.F.Naudé, W.E.Malherbe, N.J.van der Merwe, G.B.A.Gerdener en B.B.Keet. Baie persone, waarvan heelwat predikante in die Ned.Geref. Kerk, het as reisende sekretarisse diens gedoen.

Hoewel die werk van die C.S.V. deur die uitbreek van die Anglo Boereoorlog in die wiele gery is, veral die werk van die reisende sekretarisse, het dit tog 'n merkbare invloed gehad op die lydendes, deurdat daar onder andere 'n tak in die konsentrasiekamp op Bethulie gestig is, terwyl die gevangenes op St.Helena 'n "Sendingstudiekring op die voetspoor van 'n deel van die werksaamhede van die C.S.V." tot stand gebring het (Van der Merwe 1996:35,36).

### *6.3.2 Die doel van die C.S.V.*

Die doel van die C.S.V. sien soos volg daaruit: "De Vereeniging heeft ten doel: studenten en school kinderen te bewegen Jezus Christus aan te nemen en te belijden als hun eenigen Zaligmaker; het geestelijk leven van studenten te verdiepen; studente te bewegen zich an te bieden om het Koninkrijk van Christus over de geheele wêreld uit te breiden" (C.F.M. in *De Kerkbode* 3 Augustus 1905:358,9).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die "Konstitusie van die Christen Studente Vereniging van Suid-Afrika (offisieel) 1924 artikel II (p.2) lees soos volg:

> Afd.1 Die doeleindes sal wees:
> Die volgende fundamentele werksaamhede te bevorder:
> (a) Studente te beweeg die Christelike geloof in God - Vader Soon en Heilige Gees - volgens die Heilige Skrif aan te neem, en as ware disiepels (sic.) van Jesus Christus te lewe.
> (b) 'n Dieper geestelike lewe by studente aan te kweek, en ernstige studie van die Heilige Skrif onder hulle te bevorder.
> (c) Studente te beweeg om hulle te wy aan die uitbreiding van Gods Koninkryk onder hul eie volk en deur die gehele wêreld; en met die oog hierop sal die Studente Vrywilligers Beweging as organiese deel van die Vereniging bevorder word.
> (d) Gehegtheid op te wek by studente aan die Kerk van Christus, en aan hulle eie Kerk in besonder.

Volgens Conradie (1946:27) kan die waarde van die C.S.V. in die skole nie noodwendig gemeet word aan die hoeveelheid kinders wat daaraan behoort nie, maar die blote teenwoordigheid van 'n tak van dié vereniging bied 'n kanaal vir geestelike beïnvloeding. In dieselfde artikel noem hy van die kinders met besliste godsdienstige oortuigings wat 'n ware oase vind in die C.S.V. in baie skole. Deur die C.S.V.-vergaderings en -kringe word aan die kinders geestelike versterking gebied en hulle word daardeur weerbaar gemaak teen 'n aanval op hulle reinheid, gevoel vir eerlikheid en waarheidsliefde (:27).

### *6.3.3 Aktiwiteite van die C.S.V.*

Die C.S.V. is veral bekend vir konferensies, Bybelstudies by skole en Strand- en Vaksieoordbediening. Sedert 1930 het naweekkonferensies 'n gereelde instelling geword. Die invloed van konferensies word deur mnr.G.T.le Roux (Provinsiale Sekretaris van die C.S.V. in Transvaal) soos volg beskryf: "Watter vrugbare naweke, watter besluite vir Christus, watter verdieping het die Gees van God nie met so 'n geleentheid bewerk nie. 'n Naweek is baie gou verby maar dit is 'n oestyd na 'n jaar van arbeid in die takke" (Le Roux 1949:29).

Vandat die eerste C.S.V.-kamp in 1908 in Natal deur mnr.O.B.Bull gehou is, het dit 'n ongekende momentum beleef. Net voor 1930 het 'n ontwaking gekom wat uiteindelik uitgeloop het op die daarstelling van permanente kampplekke. Ook is kampe vir volwassenes gereël waarby die leiers hoofsaaklik betrokke was. "Die doel was hier die verdieping van die geestelike lewe en afsondering om die Here se wil te soek" (Le Roux 1949:29).

Sedert ongeveer 1911 en 1916 is met stranddienste in onderskeidelik die Strand en Oos-Londen begin. Van die uitstaande figure op hierdie gebied was mnr.Oswin Bull, minister J.H. Hofmeyr, ds.Frank Liebenberg, mejj.Feneysey, Ellen Jacobs en oom Hansie Fourie (Van der Westhuizen 1946:30).

Veral op die gebied van die geskrewe woord, het die C.S.V. baie gedoen om die middele vir geestelike groei by die Christene dwarsoor die land beskikbaar te stel. Benewens die gereelde publikasies wat vir Bybelstudiedoeleindes gedruk is, het "*Die Christen-Studentevereniging-Maatskappy*" veral gedurende die eerste helfte van hierdie eeu bekendheid verwerf met die publikasie van geestelike lektuur. Die geskrifte is gepubliseer met die oog op die verdieping van die geestelike lewe. Van die bekendstes is die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

versamelde en ander werke van dr.Andrew Murray, asoòk geskrifte van ds.G.D.du Toit, dr.J.C.G.Kotzé, en andere.

Een van die persone wat oor 'n tydperk van 38 jaar diep spore getrap het in die geskiedenis van hierdie beweging, was ds.Fred Liebenberg. Benewens die veelvuldige take wat hy verrig het, was sy artikels in *Die Kerkbode* , wat van behoudende aard getuig het, 'n positiewe bydrae tot die geestelike opbou van baie lesers.

### *6.3.4 Reisende sekretarisse*

Onlosmaakbaar van die C.S.V. is die reisende sektretarisse. Hulle was "toegewyde diensknegte en diensmaagde, wat deur die genade van God met liefde in sy werk gestaan het" (Roux 1946:217). Deur die jare het verskeie persone hulle lewe gewy aan hierdie groot taak. In *De Kerkbode* van 3 Augustus 1905 berig C.F.M. van proponente C.V.Nel, J.R.Albertijn en mej.A.Naudé wat die land deurreis en "trachten overal tak vereenigingen te stichten. Zij zetten echter hoogen prijs op het winnen van zielen voor den Heer, en maken dit dan ook een voornaam deel van hun werk" (:359).

In die eeufees-gedenkuitgawe van die C.S.V., saamgestel deur dr.Gerdrie van der Merwe, word breedvoerig aandag aan die verskillende reisende sekretarisse gegee. Een van dier mees uitstaande figure was mej. Ellen (H.E.) Jacobs, wat vir 21 jaar hierdie taak verrig het. 'n Kort lewenskets van haar dien as voorbeeld van die tipe stoffasie wat deur die C.S.V.vir hierdie taak afgesonder is.

#### 6.3.4.1 Mej.Ellen Jacobs

As jong hoërskooldogter het sy gedurende spesiale dienste, wat deur ds.Pieter van der Merwe gehou is, tot bekering gekom. Sy was 'n onderwyseres, maar het hierdie pos neergelê nadat sy deur God geroep is om die land en veral die O.V.S. te deurkruis "om die seuns en dogters van ons land en volk vir die koninkryk van God te probeer verower, en op te bou in die geestelike dinge. Ná 'n geweldige worstelstryd een nag, kort na sy die groot, maar moeilike taak aanvaar het, het sy al haar wapens neergelê aan die deurboorde voete van Hom, wat vir haar van toe af die lieflikste van Tienduisend geword het. Van toe af was Jesus Christus alleen heerser in haar lewe, en het sy maar een ambisie gehad, nl. om Hom te verheerlik" (Kelber in *Die Voorligter* Mei 1944:93).

Gedurende 1928 het sy saam met mev.Esperance Kelber (néé Hamman) vir 4 maande 'n Wêreld C.S.V.-konferensie bygewoon. Daar het mev.Kelber haar beter leer ken, veral haar diepe gebedslewe. Mej Jacobs het diep in die nag wakker geword en gebid. Omdat sy so 'n intensiewe bidder was en ondersoeker van Gods Woord, het haar boodskappe met aangrypende oortuiging gekom. "Die baie siele wat vandag kan getuig dat hulle met die Here Jesus persoonlik kennis gemaak het, en ook die Heiland as Oorwinnaar in hulle lewens erken het, deur haar arbeid, getuig daarvan dat sy 'n uitstaande sielesoeker was" (Kelber in *Die Voorligter* Mei 1944:93).

### *6.3.5 Kritiek teen die C.S.V.*

In die Calvinistiese bundel "Koers in die Krisis- Vol I" gee ds.T.J.Kotzé, as studentebearbeider, 'n beskrywing van die algemene geestelike toestand van veral die studente wat pas op universiteit kom. Hy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maak die aantyging dat die meeste studente antroposentries is waar die mens 'n groot aandeel het in sy eie saligheid. Hulle is meestal Metodisties en nie Calvinisties nie. "Diegene wat wel 'n gevoelsoortuiging van kindskap het, veral die tipies Metodistiese studente....is wel bewus van 'n tydstip dat 'ek die Here Jesus aangeneem het' - maar...wat God reeds vir hulle gedoen het in Christus, in die verbond van genade, die inlywing in die Kerk van Christus deur die doop, die Christelike opvoeding deur Gods leiding, ens. dit alles leef nie in hulle bewussyn nie" (1935:340).

Kotzé (1935:343) erken dat goeie invloede van die C.S.V. tot die studente uitgaan, maar maak beswaar teen die gedagte dat dit die student te neutraal maak ten opsigte van konfessionalisme. Die C.S.V. is nie slegs non-konfessioneel nie, maar laat die klem net op die subjektiewe val (:341).

Die houding van die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika (F.C.S.V.) jeens die C.S.V. word in 'n slotartikel in "Koers in die Krisis (1935:381-386) weergegee: "Die verhouding van ons Federasie tot ander studente-organisasies soos...die C.S.V. (Christelike Studentevereniging) is duidelik en maklik te bepaal....Ons Federasie is in die allereerste en ook allerlaaste plek daarin te *onderskeie* dat dit 'n duidelik gestelde en omlynde *grondslag* het, en dit wel 'n spesifieke Calvinistiese grondslag."

Die Federasie se beswaar teen die C.S.V. is ook dat dit nie 'n spesifieke bepaalde konfessionele grondslag het nie. Die verdere klagte is dat die doel en strewe van die C.S.V. is om onder die studente 'siele te win vir Jesus'. Die C.S.V. is meer gerig op die geestelik-sedelike behoeftes van die student en is dus soteriologies in uitgangspunt. Vir die Federasie daarenteen, gaan dit nie om "siele win" en bekeerlinge werf nie, omdat dit van die lede verwag word dat as hulle aansluit, hulle alreeds oortuigde Christene moet wees en dat hulle dit ook sal bly. "As die C.S.V. spesifiek Calvinisties of Geref. *konfessioneel* sou wees, dan sou ons Federasie pragtig daarmee kon saamwerk, want ons Federasie beweeg hom nie soseer op die godsdienstig-sedelike terrein van ons studentelewe nie" (*Koers in die Krisis* 1935:386).

Uit die Vrystaat kom 'n berig deur ds.C.W.Retief waarin hy beswaard voel oor die werk wat die C.S.V. doen, en by name die rondreisende sekretarisse of sekretaresse. Volgens hom beskik die Kerk oor die mag en die vermoë om self die jongmense te bearbei. Waarom moet die C.S.V. dan die werk doen, so asof die Kerk dit nie goed genoeg doen nie? Hy wys daarop dat dit die tyd is waarin die "wedergebore kind tot bekering kom" (*Die Kerkbode* 8 Oktober 1941:598). Op hierdie sensitiewe stadium moet buiteorganisasies, volgens hom, met hulle teologies-ontoereikende opleiding, nie inmeng in die werk van die kerk nie. Op hierdie ouderdom (tussen 12 en 14 jaar) is die kind baie gevoelig vir geestelike indrukke. Om nou van elders spesiale mense te kry om hulle tot bekering te lei, bring die kind onder die indruk dat sy kerk en predikant nie daartoe in staat is nie. Vir Retief is die sielkundige uitwerking op die gemoed van die kind voor die handliggend: "Sy Kerk staan beslis 'n sport laer as die C.S.V." (*Die Kerkbode* 8 Oktober 1941:597,8). Hy beskou hierdie tendens as 'n oorsaak waarom lidmate maklik hul kerkverband verlaat om by die sektes aan te sluit en ook aandring op die hou van spesiale dienste (:598).

Dit is baie duidelik dat Retief wedergeboorte en bekering as twee momente sien wat op verskillende tye in die mens se lewe plaasvind. Dit word bevestig deur sy siening dat die goddelike ingeplante lewe by


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

die kind van die gelowige ouer, oftewel die gedoopte lidmaat van die kerk, op die puberteitsleeftyd tot uiting kom. Die goddelike saad van wedergeboorte wat ontkiem en gegroei het, begin homself openbaar in die besef van sonde, in eie verantwoordelikheid daarvoor. "So werk God die Heilige Gees deur en word die kind uitgedryf tot die soek na redding, na verlossing, na vergifnis van sonde wat lei tot bekering" (*Die Kerkbode* 8 Oktober 1941:598)

Retief voel oortuig dat dit die tydperk is waarop die Christenouer dit nouliks waag om in te gryp op die "teer terrein waar die worsteling tussen die Heilige Gees en die siel plaasvind" (*Die Kerkbode* 8 Oktober 1941:598). Op hierdie stadium moet die plaaslike predikant "met skugterheid die ontluikende godskind met tere sielsorg gadeslaan, en wag tot die tydperk van aanneming, tot die doen van belydenis, om eers dan met die jongmense persoonlik die saak van eie saligheid te behartig" (:598). Hy het dit teen die C.S.V. omdat hulle in hierdie tyd van buite kom "en gevaar loop om die vrug van die deur God ingelegde saak van wedergeboorte, wat gegroei het en nou besig is om oor te gaan in die bekering, ryp te druk" (:598)

Retief maan dat as die C.S.V. hierdie taak verrig, dit 'n kerk word, waarvoor die C.S.V. hom nie wil uitgee nie. Die prediking en bediening van die sakramente is ampspligte wat in die kerk as instituut tuishoort en waartoe die predikant geroep is (*Die Kerkbode* 8 Oktober 1941:598).

Hy vra voorts die vraag of die broeders en susters "wat ook met die tot-bekering-bring" van ons kinders besig is, op hoogte is met die heilswaarhede. Hy wil weet of die onderskeid tussen *wedergeboorte* en *bekering* duidelik aan die kinders voorgehou word en of dit vir die kinders duidelik is dat die wedergeboorte 'n vrymagtige daad van God is, en as die mens tot bekering kom, dit die resultaat is van die goddelike lewe wat deur God in ons ingeplant is. As dit nie die geval is nie, dan kom die kind baie maklik onder die indruk dat die *bekering* 'n daad is waarin die mens se wil 'n groot rol speel (*Die Kerkbode* 8 Oktober 1941:598). Die jongmens kan dan tot verkeerde indrukke kom en dus verwarring en vertwyfeling skep.

Hy vra ernstig dat die werk van die geestelike intensiewe siele-arbeid in die hande van die kerk oorgelaat word en behartig word deur manne wat daartoe geroep is (*Die Kerkbode* 8 Oktober 1941:598). Hy sou verkies dat as daar nog rondreisende sekretarisse of sekretaresse sou omgaan, dit teologies-opgeleide mense moet wees.

Ook in hierdie redenasie van Retief kom die twee uiteenlopende strominge in die Kerk ten opsigte van wedergeboorte en bekering, duidelik na vore. Vir die C.S.V. gaan dit om die sogenaamde "Metodistiese" model van 'n bewustelike bekeringsmoment, terwyl Retief, in die tipiese dampkring van die verbondsteologie, met groot versigtigheid omgaan met die terminologie van wedergeboorte en bekering. By hom is daar beslis geen aanmoediging dat 'n appèl op die jeug gemaak moet word om hulle tot God te bekeer nie.

Prof.P.W.Buys (1975:71,72) is van mening dat die C.S.V. kragtens sy doelstellings 'n tipies Metodistiese trek vertoon. Die neiging van Wesley om "societies" te stig, wat los van die kerk was, was ook


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kenmerkend van die C.S.V. Die taak wat die C.S.V. voor oë stel, is volgens hom die taak van die kerk. Hy is oortuig daarvan dat hierdie vereniging nie die taak van die kerk kan oorneem nie. Hy is uiters besorg oor die onkonfessionele karakter wat 'n gevaar vir die kerk inhou. Hy wys die sogenaamde interkerklikheid van die C.S.V. en gepaardgaande betrokkenheid by die Ned.Geref. Kerk sterk af (:77).

### *6.3.6 Die C.S.V. se kerklike betrokkenheid*

Dr.B.B.Keet (voormalige voorsitter van die hoofbestuur van die C.S.V. en professor aan die Kweekskool op Stellebosch) stel sy saak in die vyftigjarige gedenkuitgawe en sê dat die C.S.V. as 'n interkerklike beweging in Suid-Afrika ontstaan het en as interkerklike beweging het dit nog altyd bly voortbestaan tot die huidige dag toe. As dit 'n kerklike vereniging wil word, sal dit ongetwyfeld van karakter moet verander (Keet 1946:50).

Ofskoon hierdie vereniging nie deel van die kerk is nie, het dit ten doel om altyd 'n goeie verhouding met die kerk te handhaaf, daarom is een van die geskrewe doelstellings om 'n "gehegtheid op te wek by die studente aan die Kerk van Christus in die algemeen, en aan hulle eie Kerk in die besonder" (C.S.V. 1924:2). Lede is aangemoedig om in die nouste samewerking met die kerk te bly deur aktiewe meelewing met hulle eie kerk. Hierdeur sou die gevaar van kerkies binne 'n kerk uitgeskakel word.

Terselfdertyd wou die Vereniging sy selfstandigheid as interkerklike beweging behou en sy werk onder die studerende jeug voortsit en uitbrei. Die C.S.V. het in die loop van sy geskiedenis op die persoonlike arbeid gekonsentreer om die leerstellige onderrig in die hande van betrokke kerke te laat, waar dit ook werklik tuishoort. Sodoende was die C.S.V. in staat om saam te werk met die kerk sonder om die plek daarvan in te neem (Keet 1946:50). Keet se slotgedagte is dat dit nie die begeerte van die kerk is om hierdie vereniging direk onder die kerk se beheer te plaas nie, dat die kerk sy verantwoordelikheid besef om 'n wakende oog daaroor te hou, "nie in 'n gees van foutvindery of veroordeling nie, maar van vaderlike belangstelling" (:50).

Buys (1975:76) is van mening dat die C.S.V. se interkerklikheid net die stempel van die Ned.Geref.Kerk dra, terwyl die C.S.V. in die kerklike pers van die Hervormde en Gereformeerde Kerke skerp veroordeel word. Hierdie beswaar kan gegrond word uit die feit dat die meeste lede van die C.S.V. in 1954 uit die Ned.Geref. Kerk was, naamlik 77,5%, terwyl uit die Ned.Herv.Kerk net 9% en die Gereformeerde Kerk net 6% lede was (Saunders 1954:13). In 1930 was 90% van die lede ondersteuners of lidmate van die Ned.Geref.Kerk. Op daardie stadium het die ledetal 300 000 getel (Cruse in *Die Kerkbode* 7 Mei 1930:846).

Uiteraard is dit onmoontlik om 'n idee te vorm van hoeveel mense deur die bearbeiding van die C.S.V. tot bekering gekom het. In 'n onderhoud met 'n gesiene afgetrede boer van Frankfort, en lidmaat van die Ned.Geref.Kerk, mnr.Bart Venter, was 'n hoogtepunt in sy lewe toe hy in 1940 as matriekseun onder die bearbeiding van 'n reisende sekretaris, mnr. Christie van der Westhuyzen, in die koshuis tot bekering gekom het. Ná 56 jaar speel dié gebeure nog glashelder voor hom af en besit hy nog steeds die sekerheid van saligheid.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### *6.4 Die Oxfordbeweging*

In 1876 begin die "Oxford Heiligheidsbeweging", wat onder die invloed van Pearsall Smith was, met konferensies in verskillende dele van Suid-Afrika. Die doel van hierdie konferensies was om onbekeerdes tot bekering te lei en ook ter bevordering van die geestelike lewe van gelowiges.

In opvolging op 'n besoek deur 'n groep studente van die Oxford-universiteit in 1928, het die stigter van die beweging, dr.F.N.D.Buchman, vergesel van twaalf helpers, in 1929 'n besoek aan Suid-Afrika gebring. Volgens *De Kerkbode* (24 Julie 1929:135) het hulle op openhartige wyse aangedring op belydenis van wat verkeerd en sondig in die lewe was en op die aanname van vergifnis en ontvangs van die inwonenede Heiland as die krag tot 'n heilige en oorwinnende lewe. Voorts is die ononderbroke gemeenskap met die Here Jesus aangemoedig deur die vroeë-oggend stiltetyd "welke die siel aan die Heilige Gees die geleentheid moet gee om Sy gedagtes en begeertes en leiding duidelik te maak." Net soos wat die Here Jesus deur die Gees gelei is om Hom aan die kruis oor te gee, so moet ons gewillig wees om deur die Gees geroep te word om onsself in selfopoffering aan die diens van andere oor te gee. En in dit alles moet die blydskap van die Here ons sterkte wees (:135).

Hierdie beweging het die gewone boodskappe gebring as wat in die kerke gehoor word, maar hulle poog om die boodskap uit te leef. Tot groot seën vir baie het hulle in verskillende wêrelddele opgetree. Daar was elemente in die beweging wat tot aanstoot kon lei, maar elkeen wat vir herlewing gebid het, "sal vir hom verheug oor 'n golf van jeugdige lewe wat so kragtig by ons jongmense op ons hoër skole aanslaan" (*De Kerkbode* 24 Julie 1929:135).

Buchman het erken dat hy veel te danke gehad het aan die onderwys en invloed van wyle dr.Andrew Murray en hy probeer om op sy manier dieselfde onderwys toe te pas (*De Kerkbode* 24 Julie 1929:135). As blyk van waardering en agting wat hulle vir hierdie Godsman gehad het, het hulle 'n blommekrans gelê aan die voetstuk van die monument van dr.Andrew Murray by die Adderleystraat-kerk. Op die krans het die volgende woorde verskyn: "In dankbare erkenning van die lewe en werk van Andrew Murray, wat 'n bron van besieling vir die lede van die Oxford Group was"(:135). By dié geleentheid was enkele predikante van die Ned.Geref. Kerk teenwoordig waartydens ds.J.P.van Heerden 'n gebed gedoen en die seën uitgespreek het.

Ds.P.J.de Waal gee inligting deur oor die Oxfordgroep wat 'n besoek aan Somerset-Wes en die Strand gebring het. Hy sê dat ons te doen het met 'n beweging waarmee die Christelike Kerk en die Ned.Geref. Kerk rekening moet hou en om dit te veroordeel of te ignoreer, sal onverstandig wees. Dié groep beïnvloed mense wat nie deur die Kerk bereik word nie. Hieronder tel nie noodwendig onverskilliges nie, maar goeie kerkmense, wat vir jare onder die invloed van die Kerk verkeer het, maar nie veel gevorder het in die geestelike lewe nie. "In aanraking met die Groep, word hulle nuwe mense" (*De Kerkbode* 12 Desember 1930:1119).

Volgens De Waal vind hulle byeenkomste stemmig en informeel plaas, terwyl daar niks sensasiewekkends is in die wyse waarop hulle te werk gaan nie. "En die leer wat hulle verkondig, is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar net wat ons eie Kerk huldig....En tog word die mense sè lewe verander wat met hulle in aanraking kom" (*De Kerkbode* 12 Desember 1930:1119). Hy noem voorts dat niemand kan ontken dat die beweging vir die Kerk tot seën was nie, want dooie lidmate het lewend geword, en dien hulle kerk en beywer hulle in die saak van Gods Koninkryk. Volgens hom het verskeie leraars openlik verklaar dat daar verandering ingetree het, wat 'n nuwe uitsig op die lewe geskep het (:1119). Ten slotte erken hy dat 'n mens nie met alles kan saamstem nie en dat daar veral met die belydenis van sonde baie versigtig gehandel moet word.

Ds.G.D.du Toit, wat kennis geneem het van al die positiewe en negatiewe berigte oor die Oxford-groep in *De Kerkbode*, het hom voorgeneem om self een van hulle vergaderings by te woon. In opdrag van die Sinodale Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking, is hy na die vergadering op Bloemfontein wat vanaf 27 September tot 5 Oktober 1930 gehou is. Ds.Du Toit lig toe dat genoemde Kommissie te doen het met spesiale geestelike arbeid in die Kerk, en waar die Oxford-Groep ook spesiale geestelikė arbeid verrig, en reeds 'n magtige invloed in die Ned.Geref. Kerk uitoefen, is dit die plig van die Kommissie om in aanraking te kom met die Groep. As dit blyk dat daar gevaar is, moes waarsku word, en as daar lesse te leer is, moet ook daarvolgens die regte gebruik van gemaak word (*De Kerkbode* 22 Oktober 1930:787). Met 'n gees van openheid is hy na Bloemfontein om eerstehandse inligting te bekom en "met 'n gevoel van dankbaarheid jeëns God vir al die grote dinge wat Hy reeds deur die Groep gedaan het" (:787).

Terwyl ds.Du Toit sy indrukke van die Groep verstrek, maak hy op opportunistiese wyse van die geleenteid gebruik om die weg tot saligheid aan die lesers oor te dra.

Die Groep het, volgens hom, 'n bepaalde boodskap, naamlik: "Christus, die gekruisigde, opgewekte, verheerlikte Christus, wonende in ons hart deur die Heilige Gees, en vervullende die ganse tempel, gees, siel en liggaam, met Sy heerlikheid, sodat die heerlikheid gesien word in ons lewe - dit is die geheim van 'n waarlik gelukkige lewe, 'n lewe wat God kan verheerlik en die wêreld tot seën kan wees" (*De Kerkbode* 22 Oktober 1930:787).

Du Toit verduidelik dat hierdie lewe in geloof aangeneem word, slegs nadat 'n mens tot oortuiging van sonde gekom het. Hy stem saam met ds.A.C.Murray wat in *De Kerkbode* van 27 Augustus 1930 gesê het dat hy van geen konferensie weet waar hy sulke hartdeursoekende toesprake oor sonde gehoor het nie. "Wanneer die mens dan in volslae wanhoop aan homself tot God roep om verlossing, wys die Heilige Gees vir hom op die kruis, waar Christus in sy plek volkome versoening te weeg gebring het. Daar aan die voet van die kruis word die siel wedergebore....Daardie wedergeboorte bring 'n ganse ommekeer in die mens. Die vrug van die Heilige Gees (Gal.5) word in hom gesien. 'n Lewe waarin daardie vrug nie gesien word nie, is nie 'n wedergebore lewe nie" (*De Kerkbode* 22 Oktober 1930:787).

Hy sê verder dat hierdie gebeurtenis die moontlikheid bewerk om deur die Heilige Gees oorwinning oor sonde te verkry en voeg by dat daar geen sonde is waarvan Gods kind nie verlos kan word nie. "Dit beteken nie dat hy nou nie meer kan sondig nie. Nee, die selflewe is nie vernietig nie, maar geheel en al kragteloos gemaak deur die volkome inwoning van Christus. Is iemand eenmaal waaragtig wedergebore,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dan kan hy nie verlore gaan nie, omdat Christus, wat die ewige lewe self is, in hom woon" (*De Kerkbode* 22 Oktober 1930:787).

Wat opvallend is in hierdie evaluering van ds.Du Toit, is die begrip "wedergeboorte" waarna hy verwys wat op 'n definitiewe oomblik plaasvind - 'n beskouing wat radikaal verskil met ander teoloë wat leer dat wedergeboorte as 'n daad van God soms onbewustelik in 'n lewe kan plaasvind. (Hier kom die verwarring van terminologie tussen bekering en wedergeboorte duidelik na vore). Wat verder opval is die kwalifisering van die wedergeborene wat wel nog kan sondig - 'n aspek wat hy duidelik uitstip ten einde hom nie skuldig te maak aan die verkondiging van perfeksionisme nie. Verder is dit ook opvallend dat hy spesifiek noem dat die wedergeborene nie weer verlore kan gaan nie - 'n verdere bewys dat hy hom nie skaar aan die kant van die Arminianisme nie.

In hierdie artikel maak hy 'n uiters belangrike en veelseggende stelling, naamlik dat die boodskap wat die Groep uitdra, nie in stryd is met die leer van die Ned.Geref. Kerk nie. Hulle huldig geen bepaalde dogma nie en as interkerklike beweging vermy hulle alle dogmatiese verskilpunte, en konsentreer hulle op die een groot boodskap van verlossing soos uiteengesit. Hy voeg by dat hierdie boodskap tog niks meer bevat as die ou Evangelieboodskap waarvoor die Kerk geroep is om aan die wêreld te bring nie. Op 'n vraag wat dan die geheim is van die krag wat die Oxford-Groep uitoefen, is sy indruk dat dit die metode is wat hulle volg en dat hulle nie alleen hulle boodskap preek nie, maar ook uitleef (*De Kerkbode* 22 Oktober 1930:788).

In 'n volgende uitgawe spandeer Du Toit meer tyd aan die metode wat die Groep volg en verduidelik hoe 'n tipiese dag in hulle program verloop. Wat pertinent na vore tree in so 'n dagprogram is gebed, "fellowship" en "sharing" (*De Kerkbode* 29 Oktober 1930:825).

Du Toit haal gedeeltes aan uit 'n brief wat hy van 'n advokaat ontvang het wat onder die Groep se invloed tot bekering gekom het. In die brief kom die volgende voor: "Ek voel dat ons Kerk in alle opsigte dieselfde godsdienstige beginsels voorstaan as die Oxford-Groep, en ek, persoonlik, vermy die uitdrukking 'Oxford-Groep' soveel moontlik, want dit is Christus alleen wat van die grootste belang is" (*De Kerkbode* 29 Oktober 1930:826).

Du Toit sluit sy bydrae af met 'n vraag wat die Ned.Geref.Kerk se houding jeens die Groep behoort te wees. Hy erken dat geringe verskilpunte voorkom, maar stem nie saam met die idee om op grond daarvan hulle te veroordeel nie. Hy wys op algemene kritiek wat soms uitgespreek word dat hierdie beweging nie uit "ons Kerk" kom nie. Oor hierdie "onheilige kerkywer" sê ds.Du Toit: "Ons kan God nooit genoeg dank vir die bestaan van die Ned.Geref.Kerk nie. Sy is 'n kosbare pand, wat God aan ons volk gegee het, maar laat my hier met alle erns vra, loop ons hier nie gevaar om *te veel* klem te lê op die term "ons Kerk" nie (*De Kerkbode* 29 Oktober 1930:825).

Hy doen 'n ernstige beroep op die lesers om die Oxford-Groep te aanvaar: "...maar as hulle die suiwer Evangelie bring, en daarin gebruik maak van 'n metode wat God reeds heerlik geseën het, laat ons dan tog nie veroordelend optree nie..." (*De Kerkbode* 29 Oktober 1930:826). Hy doen 'n wenk aan die hand


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat daar gedurende die April- en Septembervakansies Bybelskole gehou word op dieselfde wyse as wat die Oxford-Groep te werk gaan, met die hulp van predikante, onder andere van die 18 predikante wat die konferensie op Bloemfontein bygewoon het. Hy vertrou dat die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking sulke Bybelskole sal organiseer. Hy wil nie toelaat dat die Bybelskole afbreek sal doen aan die bestaande Strewersvereniging nie. Die moontlikheid om so iets op die been te bring, is nie onmoontlik nie, omdat op daardie stadium in sy gemeente (Murraysburg) reeds 'n gebedsunie bestaan en wat gehou word "op presies dieselfde lyne as die huisparty van die Oxford-Groep, en die ewigheid sal openbaar wat hierdie samekomste al vir menigeen beteken het" (:826).

In *De Kerkbode* van 19 November 1930 verskyn die geloofsbelydenis van die Oxford-Groep soos vertaal en ingestuur deur ds.G.D. du Toit. Die eerste vraag is: "*Wat is 'n veranderde lewe*? met die antwoord: "'n Veranderde lewe of bekering is 'n ondervinding van wedergeboorte (nie maar net hervorming nie), en dit geskied deur 'n skeppende daad van die Heilige Gees. Dit is 'n nuwe lewe, 'n tweede geboorte" (:978).

Ander hoofpunte wat die geloofsbelydenis uitmaak is: "*Wat is die vrug van 'n veranderde lewe?; "Waarom is die wedergeboorte onmisbaar?"; "Die voorwaardes tot wedergeboorte"* en *"Die voortsetting van die nuwe lewe"* (*De Kerkbode* 19 November 1930:978).

In die lig van die antagonisme van Calviniste teen buitekerklike organisasies in die algemeen en in besonder die verkondiging van 'n besliste daad van wedergeboorte, is hierdie bydrae van ds.Du Toit, as predikant van die Ned.Geref.Kerk, uiters gewaagd. Alles wat die Calviniste as Metodisties etiketteer word hier, deur 'n verteenwoordiger van 'n sinodale kommissie, goedgekeur en 'n aanbeveling word gedoen dat die Groep nie veroordeel moet word nie.

Aan die ander kant was 'n man soos ds.Du Toit, wat 'n groot bydrae gelewer het tot die bevordering van die bekering en heiligmaking in sy kerk, sekerlik te dankbaar vir meer arbeiders wat in die ryp oeslande besig was om verlore sondaars by Christus te kry.

### *6.4.1 Ander reaksies van lidmate*

Nie alle lidmate was vyandiggesind jeens die Oxford-beweging nie. In 'n vorige hoofstuk is vermeld hoe prof.Keet getuig wat die Groep vir hom beteken het. 'n Korrespondent kritiseer mnr.N.J.J.Badenhorst van Keimoes oor sy negatiewe beriggewing van die Oxford-Groep en getuig: "Ek het die Groep-vergaderings bygewoon en kan dit sê dat ek nog nooit in enige Kerk of vergadering die Gees van God so sien werk het as in die Groep-vergaderings nie (*De Kerkbode* 10 September 1930:520).

Vervolgens antwoord die persoon op al die punte van beswaar wat mnr.Badenhorst aangeteken het. Op sy bewering dat hulle aan geen kerkgenootskap behoort nie, reageer die korrespondent dat dit juis goed is, "want nou bring hulle elkeen naar sy Kerk terug, want as iemand tot bekering kom, dan kom hy as vanself naar sy Kerk terug" (:520). Omtrent hul belydenis: "...hul bely die kruis en bloed van Christus, en wat meer is, hulle moedig mense aan om tot Christus hul toevlug te neem, en hul sonde aan die voet van die kruis neer te lê" (:520).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mev.G.A.van Zyl van Ratomba spreek haar waardering uit teenoor ds.J.P.Liebenberg van Bethal vir sy positiewe opmerkings oor die Christelike bewegings "wat siele help en red en terugbring na die kerk." Sy het soveel lof vir die Oxfordbeweging wie se besoek in haar omgewing daartoe bygedra het dat kerkbywoning verbeter het. Ook het die uitkyk op geestelike sake het drasties verbeter (*Die Kerkbode* 20 Mei 1936:1009).

Mnr.J.D.Louw van Pretoria tree ook verdedigend op teenoor hierdie groep deur nie alleen te wys op die "ommekeer wat daar in (sy) lewe gekom het deur die reinigende bloed van Christus" nie, maar ook op van hulle vernaamste doelstellings:

> a. Om mense tot Christus te bring deur persoonlike getuienis aangaande verlossing van sonde deur die bloed van Christus
>
> b. om aan te spoor tot 'n lewe van absolute oorgawe en gehoorsaamheid aan die wil van God tot ware liefde; reinheid, eerlikheid en onselfsugtigheid
>
> c. om Christene van alle Evangeliese Kerke aan mekaar te bind (*Die Kerkbode* 14 Junie 1933:1105).

Nie alle beriggewing was positief ten gunste van die beweging nie. 'n Artikel deur eerw.Harold T.Commons, wat in die *Bible League Quarterly* geplaas was, is deur die redakteur van *Die Kerkbode* gepubliseer waarin al die knelpunte uitgelig word, soos die klem op ondervinding, oorgawe, veranderde lewens, openbare sondebelydenis en veel meer (*De Kerkbode* 24 Mei 1933:959).

Ook by die evaluering van hierdie beweging kom dit duidelik na vore dat persone, veral predikante, wat 'n besliste weergeboorte voorgestaan het, die arbeid van so 'n beweging verwelkom het, omdat hulle dit gesien het as aanvullend tot die dienswerk van die kerk.

### *6.5 Die Afrika Evangeliese Bond (A.E.B.)*

Van al die organisasies wat geestelike werk onder lidmate van die Ned. Geref.Kerk verrig het, was die A.E.B. sekerlik die mees kontroversuele. Waar die Ned.Geref.Kerk hulle aanvanklik verdra het, het hulle mettertyd die gramskap van die Kerk op die hals gehaal weens hulle onkonfessionele en Metodistiese karakter, maar meer omdat hulle binne gemeentegrense gewerk het sonder die nodige toestemming. Veral die leer oor die sogenaamde "perfeksionisme" is dikwels vooropgestel as rede vir die verwerping.

Ten spyte van hierdie negatiewe konnotasies, het hierdie beweging ongetwyfeld 'n groot bygedrae gelewer tot die redding van talle kosbare siele en tot die verdieping van meer as een se geestelike lewe.

Soos met die vorige beweging, het ds.G.D.du Toit ook met betrekking tot die A.E.B.sy nek uitgesteek en die volgende ter verdediging genoem:

> Die Afrika Evangeliese Bond is opgerig in 1924. Die geestelike nood van Suid-Afrika het daardie tyd as 'n sware las gerus op die harte van 'n aantal van Gods kinders...Die Bond moet dan met verenigde kragte optree teen die geestelike doodsheid van Christus Kerk in Suid-Afrika. Die werk van die Bond moet gedaan word nie buite die Kerk om nie, maar in en deur die Kerk...Die Bond geloof aan die volle inspirasie van die hele Bybel, en in sy leer lê hy besonder klem op die wedergeboorte, die reiniging van die hart deur die bloed van Christus, die doop van die Heilige Gees, en 'n lewe van voortdurende oorwinning oor sonde deur die inwoning van Christus in die hart...Skrywer hiervan sal God tot in ewigheid dank, dat Hy hom in aanraking gebring het met


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie beweging. Dit het sy geestelike lewe 'n stoot vooruit gegee (*De Kerkbode* 21 Mei 1930:947,8).

*6.5.1 Ontstaan*

In 'n huis in Dublin, Noord-Ierland, met die naam "Glenvar", het Joseph en Harrietta Garrat en hul drie dogters May, Emma en Helena gewoon. Die kinders het 'n streng godsdienstige opvoeding ondergaan en die geheim van hierdie gesin se suksesvolle geestelike lewe is toegeskryf aan 'n persoonlike getuienis van hartsreiniging (Peckham 1973:5).

In 1891 ontmoet die Garrat-susters mnr.J.G.Govan tydens 'n "*International Police Association*"-konferensie te Belfast. Hulle het onmiddellik gevoel dat hulle geesgenote is weens die gemeenskaplike belange in die strewe na 'n heilige lewe. Hulle onderlinge verbintenis het gelei tot die stigting van die *Faith Mission* en die hou van gereelde byeenkomste te Glenvar. Met verloop van tyd is die "*Faith Mission Training Home*" te Edinburgh opgerig onder die leiding van John Govan.

Die Garratt-susters het dikwels as sprekers by konferensies opgetree en het ook skakeling gehad met die "*Japan Evangelistic Band*", die "*Africa Inland Mission*" en die "*South African General Mission*". Hulle het 'n ongekende ywer gehad vir die "heidenlande" (Peckham 1973:11).

Ná die dood van hulle ouers en broers het hulle hul eiendom verkoop en in samewerking met die *S.A.General Mission*, vertrek hulle in Augustus 1916 na Suid-Afrika. Hulle besluit om onder die polisie te werk en koop "*The Aloes*" in Simonstad aan en verander dit in 'n rusoord vir lede van die polisiemag vanwaar hulle in samewerking met die owerhede dwarsoor die land onder die polisiemanne kon arbei (Stewart 1953:70-72).

Omdat Govan nie sy weg oopgesien het om 'n "distrikspelgrim" van die *Faith Mission* na Suid-Afrika te stuur nie, beveel hy aan dat die Garratt-susters self so 'n organisasie op die been bring. Hulle deel hul visioen met mense soos mnre. D.H.Beyers, J.A.Ferguson. H.G.Semark en mej.Cameron en vergader in die loop van 1923 te Rosebank. Daar besluit hulle eenparig om die A.E.B. te stig. Dit sou 'n interkerklike sending wees "wat hom ten doel stel die Verkondiging van 'n Volkome Verlossing en wat hom geheel en al van God afhanklik sou stel vir sy onderhoud" (Stewart 1953:78). Hierdie besluit het in 1924 'n werklikheid geword met die stigting van die Bond en met mnr.D.H.Beyers as eerste voorsitter.

Die eerste A.E.B.-pelgrim was mej.Marjorie Lucas en een van die mees uitstaande vroeë werkers was Leonard Messenger. Messenger het sy opleiding aan die "All Nations Bible College" ontvang waarvan dr.F.B.Meyer die prinsipaal was. Meyer het 'n baie hoë agting vir hom gehad. In Desember 1924 kom kaptein G.S.Dobbie vanuit Brits-Colombië om hom by die A.E.B. te voeg.

Dit was nie lank nie of die Garratt-susters het vir hulle 'n plek verower in die evangeliese lewe van die Kaapse Skiereiland en ook op ander plekke waar hulle opgetree het. Veral die boodskap van heiligmaking was hoofsaaklik hulle tema en sodoende het hulle prediking "verlossing en vrymaking vir baie siele gebring en die hele werk vir God permanent verryk..." (Stewart 1953:87).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*6.5.2 Leerstellig*

Hierdie beweging het veral die aspek van wedergeboorte en heiligmaking geaksentueer en daarom is dit nodig om, ter wille van hierdie studie, dieper hierop in te gaan:

Peckham (1973:21) verstrek 'n weergawe van die beweging se leerstellings en vir ons doel word die volgende uitgelig:

> *h. That all who receive by faith the Lord Jesus Christ are born again of the Holy Spirit, and thereby become children of God to be conformed to the image of His Son;*
>
> *i. In the bodily ressurection of the just and the unjust; the judgement of the living and dead; the everlasting blessedness of the saved; and the everlasting punishment of the lost.*
>
> *j. In heart cleansing, the Fulness of the Spirit and a life of contiunious victory over sin through the indwelling of Christ in the heart"*

In 'n pamflet "*What the A.E.B.teaches*" verskyn die volgende:

> *Contrary to the widespread belief, the A.E.B. has no doctrinal eccentricities. It holds to the orthodox, fundamental teachings of the Evangelical churches. It has made no new discovery, or invented any new theories, nor does it deny any of the main formularities as expressed in the generally accepted confessions of faith....it proclaims the old truths of conversion, assurance, and of full salvation as a dynamic experience of the saving grace of God (*Peckham 1973:177*).*

In dieselfde pamflet word genoem dat die verkondiging van saligheid noodsaaklik is en dat dit nie net moontlik is vir enige mens om gered te word nie, maar dat die mens ook seker kan wees van sy saligheid. Ook die moontlikheid van 'n heilige lewe word verkondig as 'n definitiewe tweede genaderwerk wat van wedergeboorte onderskei word. Dit gaan gepaard met 'n reiniging van die inwondende sonde en volledige inwoning van die Heilige Gees. Weer eens word die verwerping van sondelose volmaaktheid beklemtoon (Peckham 1973:177,178).

*6.5.3 Houding van die Ned.Geref.Kerk jeens die A.E.B.*

Oor die skakeling met die Ned.Geref.Kerk sê Peckham (1973:111,112) dat groot seëninge beleef is in die vroeë dertigerjare toe die Ned.Geref.Kerk van die A.E.B.-werkers gebruik gemaak het. "...the years of 1933 and 1934 were years when the Holy Spirit was in a peculiar way shed abroad ib South Africa,not only in the work of the A.E.B. but all over."

Van die vroegste skakelings met die Ned.Gertef.Kerk was deur middel van Leonard Messenger. Hierdie jongman, wat ná 'n baie kort bediening op 9 Junie 1926 tragies in 'n treinongeluk omgekom het, het 'n besondere las vir siele gehad en het 'n groot invloed uitgeoefen, selfs onder Afrikaanssprekendes. In 'n huldeblyk, waaraan talle Afrikaanssprekendes deelgeneem het, kom onder andere die name van di.J.J.R.van Wijk van Riebeeck-Wes en M.G.Potgieter van Parow voor. Laasgenoemde sê: "Mr. Messenger was the means of winning many souls for Christ, and the crown of glory awaited him" (Govan 1926:87). Agter in die boekie "*Just Glorious!*" wat saamgestel is deur H.E.Govan, verskyn 'n berig wat uit *Die Kerkbode"* vertaal is en wat handel oor die Pinksterdienste waarby Messenger in die Ned.Geref.Kerk van Riebeek Wes betrokke was. Die dienste was vir die talle in die gemeente tot groot seën "and many of the Christians were afresh anointed with the Holy Spirit..." (Govan 1926:110).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Helena Garratt, het hulle hoofsaaklik in die Church of England, Wesleyaanse, Presbiteriaanse en Baptiste Kerke gearbei, maar die grootste hoeveelheid van hulle sendings is in die Ned. Geref. Kerk.uitgevoer. "We shall never cease to thank God for the right hand of fellowship that has been extended to us by the ministers, and also for their kindness and generosity " (Peckham 1973:17).

As voorbeeld kan gemeld word dat ds.G.D.du Toit, as leraar van die Ned.Geref. Kerk, 'n raadslid was van die A.E.B. vanaf Oktober 1929 tot Junie 1933. Albei "Los predikante", naamlik di.W.C.Malan en C.F.Scheepers het ook op die Raad van die A.E.B. gedien (Van Niekerk 1983:41). Bekende persone soos mev.A.C. Murray, mnre. Paget Wilkes, W.M.Douglas, Frank Huskisson en andere het as sprekers by konferensies opgetree (Stewart 1953:94).

Die keerpunt van goeie onderlinge verhoudinge tussen die Ned.Geref.Kerk en die A.E.B. het in 1936 gekom toe 'n ondersoek oor die A.E.B. gelas is. Die bevindinge van die 9 predikante op hierdie kommissie was onder andere:

(i) Die onskriftuurlike heiligmakings-leer van die A.E.B. bring verwarring. Voorts hulle optrede
(ii) ondermyn die Kerklike gesag en Kerklike bewussyn,
(iii) werk verbrokkelend in die gemeentes,
(iv) veroorsaak die verlies van voortreflike werkkragte vir die Kerk,
(v) skep 'n gees van wantroue in die leraar en kerkraad,
(vi) werk 'n sektariese gees in die hand (Aangehaal in Peckham 1973:113).

Van der Watt (1987:193,194) sê dat sinodale besluite wat reeds sedert 1931 ten opsigte van die A.E.B. en die Oxfordbeweging geneem is, nie so drasties was nie en dat dit die Kaapse Sinode was wat in 1936 in geen onduidelike taal sy afkeur aan hierdie organisasie betoon het nie. Hy noem van 'n verslag deur ds.J.F.Botha (tydelike spesiale evangelieprediker) voor die Transvaalse sinode van 1937 waarin hy verwys na die buitekerklike groepe "wat nie altyd in verband met ons kerk is nie en soms leringe verkondig en praktyke beoefen wat die kerk afkeur, dienste in die gemeentes kom hou en die indruk skep dat hulle meer belangstel in ons mense en ernstige pogings aanwend tot redding van siele en opbouing van gelowiges, as die Kerk self" (Van der Watt 1987:193).

Onder die Natal-bylaag in *Die Kerkbode* van 15 Julie 1942 verskyn die Sinodale besluit van die Natalse kerk rakende die A.E.B.. Die besluit lui soos volg: "Aangesien die Sinodes hulle uitgespreek het teen die A.E.B., het die tyd aangebreek dat kerkrade tug sal toepas op kerkdienaars en gemeentelede wat hulle beywer om A.E.B.-werkers in die gemeente in te bring." Die berig wys daarop dat lidmate nie verhinder kan word om die byeenkomste by te woon nie, solank die A.E.B.-werkers nie in die gemeente ingebring word nie. "Oppervlakkig beskou skyn so 'n optrede van die Kerk onverdraagsaam en onbillik te wees, maar as ons bedink dat elke evangeliedienaar, kerkraads- en gemeentelid by hul bevestiging trou betuig het aan kerkleer en hulle onderwerp het aan die kerklike opsig, dan moet erken word dat hulle eerlik handel deur hul belofte te hou" (*Die Kerkbode* 15 Julie 1942:76).

Wat die A.E.B.-werkers betref, noem Van der Watt (1987:193) dat hulle leke-predikers is wat voorgee om interdenominasioneel te wees en hulle nie aan 'n bepaalde belydenis hou nie. Hulle stel hul ten doel


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die evangelisering van die hele Afrika "om siele tot bekering én gelowiges tot 'n dieper geestelike lewe te lei. Hulle leer van die heiligmaking het 'n onmiskenbare perfeksionistiese strekking gehad wat geestelike hoogmoed en eiegeregtigheid by baie van hulle volgelinge in die hand werk. Hulle tree binne gemeentelike grense op - meestal sonder die toestemming van die betrokke plaaslike kerkraad" (:193).

Hy sê verder dat hulle in alle gevalle die kerklike gesag en kerkbewussyn in gemeentes ondermyn wat gelei het tot verbrokkeling en 'n gees van wanorde by lidmate. Gevalle het ook voorgekom waar lidmate ná die opwekkingsdienste van die A.E.B. na veral Pinkstersektes gegaan het wat uiteraard 'n bedreiging vir geestelike eenheid tot gevolg gehad het. Daarom is kerkrade versoek om die lidmate wat onder die A.E.B. se invloed was, vir die Kerk te behou.

In *Die Voorligter* van September 1940 verskyn die "Bevinding van die Sinode oor die A.E.B." (Transvaalse sinode) Aangesien hierdie berig 'n goeie weergawe gee van die Ned. Geref. Kerk se houding jeens die A.E.B., word dit so volledig as moontlik hieronder weergegee:

> 1. *Doel en strewe*: Die A.E.B.-werkers is lekepredikers wat voorgee om interdenominasioneel te wees, hou hulle nie aan 'n bepaalde belydenis nie, en stel hulle self tot doel die evangelisering van die hele Afrika - om siele tot bekering en gelowiges tot 'n dieper geestelike lewe te lei.
>
> 2. *Hul Leer* A. Hul leer van heiligmaking berus nie op skriftuurlike grondslag nie, veral met betrekking tot twee aspekte van hierdie leer wat hulle beklemtoon: (a) Dat nl. by heiligmaking, wat blykbaar op 'n bepaalde moment geskied, volgens hulle, die ou sondige natuur geheel-en-al gedood word. Die ou "Self" word vernietig. Dit is kennelik in stryd met die ondervinding en met die uitsprake van die Heilige Skrif....Dit is ook in stryd met die Belydenisskrifte...(b) Dat die onmiskenbare perfeksionistiese strekking van bostaande leer geestelike hoogmoed en eiegeregtigheid in die hand werk, en juis die "Self", vermom in 'n godsdienstige kleed, die botoon laat voer. Ook dit is in stryd met (i) die Skrif... (ii) die ondervinding van Bybelheiliges.
>
> B. Met betrekking tot die verklaring dat alle siekte uit die Duiwel is, wens u kommissie te verwys na die Sinodale Besluit oor "Geloofsgenesing", "Wette en Bepalings" 1937, Pag.175. Dit lui soos volg...."
>
> 3. *Wyse van Optrede*: Dit blyk duidelik uit die getuienisse dat die optrede van die A.E.B.-werkers verskil van plek tot plek en van werker tot werker. Soms soek hulle om met verlof van leraar of kerkraad binne die grense van 'n gemeente te werk, en soms daarsonder op eie houtjie, sonder verlof. So ook die beklemtoning van die verskillende aspekte van die leer wat hulle verkondig. Dit varieer en hang klaarblyklik saam met die kerkverband van die prediker.
>
> 4. *Die vrugte van hul optrede*: Alhoewel dit waar is dat daar gevalle voorkom waar daar geseënde vrugte afgewerp word deur die ywer en prediking van die A.E.B., waardeur soms blywende lewensverandering en bekeringe plaasvind, moet hier gekonstateer word dat hierdie beweging beslis verbrokkelend op die kerklike en gemeentelewe inwerk, waardeur kerklike gesag en kerklike lojaliteit ondermyn word en die geestelike eenheid van die gelowiges verbreek word met jammerlike gevolge en onchristelike wrywing binne die gemeente, soms ook skeuring. (ii) Hierdeur word 'n ongesonde gees van wantroue in predikant en kerkraad gekweek en versprei. (iii) Voorts lei die onskriftuurlike leer van heiligmaking tot verwarring, en dikwels tot algehele terugslag deur diepe teleurstelling, uit hoofde van die proefondervindelike onbereikbaarheid van die voorgestelde heiligheid. (iv) Eindelik, soos dit uit die meerderheid van getuienisse duidelik geword het, stuur die A.E.B. vandag in 'n definitiewe sektariese rigting, in sover dat bysaak langsamerhand hoofsaak word, en dit dan tot middelpunt van leer en lewe verhef word.
>
> 5. *Aanbeveling*: Uit hoofde van die feit dat daar gewoonlik met die optrede van A.E.B.-werkers moeilikheid, verwarring en onenigheid gepaard gaan, as gevolg van (a) die onskriftuurlike grondslag van sekere belangrike aspekte van hul optrede, (b) die onkonfessionele karakter van hulle optrede, (c) die ondermynende inwerking op die Christelike eenheid, vgl.Awendmaals-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

formulier, (d) die neiging tot eksklusiwiteit, wat hom openbaar in die totstandbring van parallele bidstonde en vergaderinge naas die kerklike en gemeentelike, beveel u kommissie aan:

> 1. dat kerkrade sterk aangeraai word om voortaan die A.E.B. nie binne die grense van hul gemeentes toe te laat nie, omdat daar genoegsame voorsiening in die kerk self gemaak word deur die gereelde bediening van die Woord, die hou van kerklike bidstonde, kerklike verenigings, konferensies en spesiale evangelieprediking.
>
> 2. Dat met groot versigtigheid en liefde gehandel sal word met lidmate wat onder die invloed van die A.E.B. gekom het, ten einde hulle te behou en terug te win vir die kerk (*Die Voorligter* September 1940:779).

In die katkisasieboek van die Ned.Geref.Kerk wat in 1950 verskyn het, kom die A.E.B. saam met talle ander groepe voor onder die opskrif "Sektes en Dwalinge" (N.G.Kerk 1969:347-349). Daarin word dit onomwonde gestel dat die sinodes van die Kerk 'n afwysende houding ingeneem het teenoor die A.E.B., hoofsaaklik vanweë (a) hulle optrede en (b) hul afwykende leringe. Bogenoemde besluite word dan daarin weergegee.

Volgens Peckham (1973:114) is die vermelde historiese feite in hierdie publikasie korrek, "but some of the statements regarding the operation and doctrine of the A.E.B. are grossly distorted and in some cases completely devoid of truth." Hy verwerp die valse aantygings wat in die katkisasieboek gemaak word oor onder andere genesing en heiligmaking. Veral die aspek van perfeksionisme waarvan die A.E.B. beskuldig word, word deur hom kategories verwerp. Dit geld ook vir bewerings wat gemaak is oor die beweerde skakeling met die "Scheepers"-beweging en met die stigting van Die Nuwe Protestantse Kerk in 1944.

Sommige skrywers het artilels in *Die Kerkbode* geskryf waarin heftig aanvalle teen die A.E.B. gemaak is. Peckham (1973:118) verwys na twee prominente lede van die A.E.B. wat deur die Ned.Gerf. Kerk onder sensuur geplaas is weens hulle betrokkenheid by hierdie beweging. Die verhouding teenoor die A.E.B. het egter gewissel van predikant tot predikant. Die beleid van die A.E.B. was egter nie om ‘n teenreaksie teen hierdie vyandigheid te loods nie.

Verskeie faktore wat waarskynlik die vyandigheid van die Ned.Geref. Kerk jeens die A.E.B. kon ontketen, word deur Peckham (1973:125-129) uitgelig. Van die redes wat hy aangee is onder andere onkunde, misverstand oor die karakter en leer van die A.E.B., die vooroordeel soos geskep deur geskrifte en verkeerde interpretasies, wanvoorstellings, verkeerde opmerkings vanuit A.E.B.-geledere self, houding van die kerkraad, ens. Ondanks die negatiewe onderlinge verhouding, meen hy dat geen kwade gevoelens by die A.E.B. bestaan nie en dat die vyandelikheid slegs tot geestelike voordeel strek. , "The work has developed all over and many souls in the N.G.K. will thank God on that great day that Hy sent the pilgrims their way" (Peckham 1973:129).

Peckham (1973:175) erken dat die A.E.B. deurgeloop het onder die "skerp sweep van Calvinisme". Hy sê dat die A.E.B. uit Calvinistiese oogpunt beskou word en daarom teologies as Metodisties geklassifiseer word. "Because the A.E.B. is thought to propagate the 'heresies' of Methodism it comes under the sharp Calvinistic lash." Hy verklaar egter onomwonde dat die A.E.B. nooit 'n duidelik



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedefinieerde leerstellige standpunt ingeneem het ten opsigte van Calvinisme of Arminianisme nie. "It has sought to avoid the extremes of both teachings" (:176). Hy meen dat dit waar is om te beweer dat die A.E.B. in sy geheel simpatiek is jeens die Metodistiese uitkyk, "but these doctrines are not held as the sum total of truth" (:176). Om hierdie rede is die aantygings dat die A.E.B. ten volle Metodisties is, onwaar, aangesien daar talle persone was wat uit Calvinistiese agtergrond gekom het en baie bygedra het tot die geestelike en Skriftuurlike opbou van hierdie beweging (:176).

Vanuit Ned.Geref.-geledere was die teenwoordigheid van die A.E.B. ongetwyfeld 'n bedreiging. Die daarstelling van 'n voltydse spesiale evangelieprediker was 'n antwoord op die geestestrominge en buitekerklike groepe wat in die geestelike behoefte van lidmate voorsien het. Die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking van die Vrystaatse sinode berig in 1933 reeds dat daar verlange by lidmate bestaan dat spesiale dienste gehou moes word en omdat die Kommissie nie die vrymoedigheid het om mense soos die A.E.B.-werkers te gebruik nie, bepleit hy die aanstelling van 'n spesiale evangelieprediker (Van der Watt 1987:192).

Gedurende 1940 het die A.E.B. en die "Los predikante" opspraak verwek in die Ned.Geref.-gemeente van Belfast toe 96 gemeentelede 'n *Getuienis* voor die kerkraad gelê het, waarin hulle hul steun aan genoemde buitekerklikes toegesê het. In die dokument word 'n uiteensetting gevind van die seën wat die A.E.B. vir hulle was en dat 'n groot aantal die lig gesien het onder die prediking van die A.E.B. Hulle leer met betrekking tot wedergeboorte en die feit dat hierdie groep nie sondelose volmaaktheid preek nie, word vermeld. "Ons getuig dat deur die bywoning van die A.E.B.-dienste het die weg van saligheid vir ons meer duidelik geword, en het die Heer ons opnuut ontmoet" (Getuienis 1940:3).

In reaksie hierop reik die kerkraad van Belfast in November 1940 'n geskrif uit met die titel: "*Wat gebeur het*". Daarin word die toedrag van sake aan die gemeentelede geskets met betrekking tot die aktiwiteite van die Los predikante en die A.E.B. Kennis is gegee van ongeruimdhede. Die volgende sin dien as afsluiting van die dokument: "Een ding is seker, die breuk tussen Kerk en gemelde beweging is finaal! Elkeen sal moet kies waar hy (sy) wil staan! Die opregte seun (dogter) van ons dierbare Kerk sal nie verkeerd kies nie!" (*Getuienis* 1940:4).

Volgens mev.M.Steyn, een van bogenoemdee ondersteuners van die A.E.B., het die leraar van Belfast, ds.Van der Merwe, 'n belangrike rol gespeel in hierdie vervolging, veral deur sy skerp aanvalle van die kansel af (Onderhoud op 5/10/1997).

### *6.6 Uiteenlopende reaksies op bedieningsarbeid van die A.E.B. en ander buitekerklike bewegings*

Soos reeds genoem, was dit veral die A.E.B. wat die meeste teëstand ontvang het vanaf Ned.Geref.Kerk. Uit sinodale-, rings- en kerkraadgeledere is uitsprake teen die beweging gemaak. Individue het uiteenlopende reaksies getoon, soos uitgedruk in *Die Kerkbode* en selfs die dagblaaie. Relatief min positiewe berigte is deur lidmate ingestuur wat 'n bewys is van waar die lojaliteit van die meeste lidmate gelê het. Heelwat lidmate, onder andere 'n paar dames, het tot die stryd toegetree.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Baie min predikante het openlik lof aan die A.E.B. toegeswaai, moontlik uit vrees vir kerklike vervolging. Een van die weiniges was ds.C.F.Mynhardt. Soos die geval met ds.G.D.du Toit, het hy ook met groot lof na die werk van die A.E.B. verwys onder andere na die besoek van twee evangeliste wat 'n besoek op Piet Retief afgelê het. Hy maak die volgende aanbeveling: "Met die grootste vrymoedigheid kan ons die A.E.B.-werkers en werksters aanbeveel vir spesiale dienste. Ons glo nie dat enige predikant of kerkraad ooit sal spyt hê dat hulle so 'n uitnodiging gegee het nie (*De Kerkbode* 3 Desember 1930:1072).

Ds.C.F.Scheepers getuig van 'n A.E.B.-konferensie wat op Muizenberg gehou is. Hy skryf die wonderlike atmosfeer wat daar geheers het toe aan gebed, getuienisse, die sprekers, sang en onderlinge verkeer. Mnr.Paget Wilkes van Japan was die hoofspreker en insigself 'n man van gebed. Van hom sê ds.Scheepers: "Wat 'n gedagte dat die boodskap van volle saligheid uit die sendingveld aan die Kerk tuis gebring word! Die boodskap het met heiligende krag gekom. Onder die beeld van Israel op reis uit Egipte naar Kanaän is die bekering en die heiligmaking voorgestel" (*De Kerkbode* 28 September 1927:447). Die vrug op hierdie konferensie was veral die "diepere ondervindings in die Kanaänslewe" en in besonder die feit dat ongeveer 20 jongmense hulleself aangemeld het vir diens aan die Meester.

Uit Suidwes-Afrika skryf 'n bekommerde mnr.A.S.J.Karsten dat hy nie die A.E.B. onder die sektes kan klassifiseer nie, want hulle doen goeie werk en het ook daartoe bygedra dat hulle 'n noemenswaardige invloed op die bywoning van die eredienste, bidure en Strewersvergaderings gehad het. Sy besorgdheid gaan oor die gedagte dat lidmate tydens biduurtyd A.E.B.-byeenkomste bywoon. Hy wil weet wat die oorsaak is dat lidmate geestelike voedsel elders gaan soek en beveel aan dat die kerk self spesiale pogings sal aanwend om te bied waarna lidmate vra. "Ek is bevrees dat as ons aanhou om ons in te laat met die dienste van vreemde genootskappe, daar later tussengemeentes in ons Kerk sal opspring, en ons moet dit probeer verhoed" (*Die Kerkbode* 29 November 1933:991).

'n Berig deur ds.C.R.Kotzé in *Die Kerkbode* van 22 November 1933 het hewige reaksie uitgelok, veral vanaf J.C.Bornman van Myndertdorp. In twee afsonderlike berigte in die korrespondensiekolomme, vaar hy uit teen ds.Kotzé se uitlatings oor hierdie groepe. Hy skryf onder andere: "Het ds.Kotzé dan geen oog of oor vir al die getuienisse nie? Dit is almal bewyse dat siele ingesamel word deur die vriende, wat vandag oor een kam geskeer word met die sektes. Ek lees nêrens in die Bybel dat dit net predikante of opgeleide persone moet wees, wat siele moet win vir Gods Koninkryk" (*Die Kerkbode* 3 Januarie 1934:37,38).

Aan die begin van Januarie 1934 waarsku mnr.S.van der Merwe van Rhodes teen diegene wat met soveel lof van die buitekerklike groepe praat. Hy beskou hierdie groepe as 'n bedreiging vir die kerk. Hy vergelyk hulle met 'n koevoet wat onder die fondament van die kerk ingebeur word. Elkeen wat hul optrede in ons die Ned.Geref.Kerk goedpraat en hulle volg, help druk aan die koevoet (*Die Kerkbode* 3 Januarie 1934:38). Hy is van mening dat die aanstelling van spesiale predikers die beste teëwig teen hierdie groepe sal wees.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Onder die skuilnaam "*Toekomstige Predikantsvrou*" skryf 'n dame hoe die kerk, Oxfordgroep en die A.E.B. respektiewelik bygedra het tot haar bekering, tot die ontdekking van haar "val-en-opstaan-lewe" en die ontdekking van haar "self" en as derde ondervinding het sy deur bemiddeling van 'n A.E.B.-werker "die reiniging van die hart ontvang asook die vervulling met die Heilige Gees" (*Die Kerkbode* 7 Februarie 1934:272,3). Sy spreek haar ontevredenheid uit omdat die drie groepe nie saamwerk nie en erken dat baie predikante teen die buitekerklike groepe gekant is.

'n Maand later verdedig mev.S.Bisschoff van Kafferrivier die A.E.B. met die opmerking dat sy in 1925 deur een van die A.E.B.-werkers versekering gekry het deur die Gees dat sy 'n kind van die Here is en vir die eerste keer het Joh.3:3 'n waarheid in haar lewe geword. Sy het van 'n diepere lewe niks geweet nie. Sy het ontdek dat daar nog iets beter en dieper is as die wedergeboorte, ook verder dat die Christen se lewe nie daar ophou nie, maar slegs die begin is van die lewe van ‘n ware kind van God (*Die Kerkbode* 7 Maart 1934:456). Ook sy kan nie verstaan waarom Christene gekant kan wees teen bewegings soos die A.E.B. nie. Sy verwys spesifiek na die berig deur mnr.Van der Merwe wat meen dat hierdie bewegings 'n koevoet is wat die fondamente van die kerk beskadig. Sy kan nie besef hoe 'n ware bekeerde enige poging sal aanwend om sulke Christelike liggame te wil strem wat 100 persent in die kerkleer bly en wat daagliks in aanraking kom met siele en net die verloregaande wêreld op hulle hart dra nie(:456). Ten slotte moedig sy mense aan wat nog nie die ondervinding van die diepere geestelike lewe het nie, om in te teken op die "*Oorvloedige Lewe*" deur ds.A.C.Murray van Somerset-Wes.

'n Onbekende vrou uit Melon, Avontuurlyn, skryf in die korrespondensiekolom dat godsdienstigheid nie wedergeboorte is nie. Sy is in 'n godsdienstige huis opgevoed en was onder die indruk dat alles pluis was, totdat sy tot ander insigte gekom het tydens 'n diens wat 'n A.E.B.-werker gelewer het waar sy die Heer Jesus as haar Saligmaker aangeneem het en waar Hy al haar sondeskuld uitgedelg het (*Die Kerkbode* 13 Junie 1934:1107).

Ds.J.P.van der Walt van Frankfort doen 'n striemende aanval op *Die Kerkbode* wat buitekerklike bewegings "sydelings adverteer" deur die plasing van artikels oor die werk van hierdie groepe. Hy voel verontwaardig omdat die stukke wat hy ingestuur het vir publikasie, wat handel oor bv. die heiligmaking, as te onoorspronklik en te lank afgewys is. Dit ontneem hom van sy ywer om die Kerkblad in sy gemeente aan te beveel (*Die Kerkbode* 27 November 1935:1065).

Ds.J.J.Wasserfall van Excelsior lewer verslag oor die kwarteeufees wat die gemeente in 1935 gevier het. Tydens die fees het daar vir vier weke 'n groot A.E.B.-tent gestaan waarin daagliks dienste gehou is deur drie A.E.B.-werkers. Wat opval is die volgende opmerking wat hy maak: "Presies een week nadat hierdie jongste A.E.B.-dienste alhier gestaak is, is ses van die genoemde gemeentelede (insluitende twee jong seuns) hier in 'n dam deur onderdompeling oorgedoop en also is die finale stap daartoe geneem, om die reeds byna tot brekens toe verrekte band met ons Kerk af te knip, en by die "Hollandse Baptiste-Kerk", by ons in die wandel as die Wederdoperse sekte bekend, aan te sluit. Kommentaar is oorbodig!" (*Die Kerkbode* 12 Februarie 1936:305).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die blad van 7 Oktober 1936 skryf mev.C.Lattele van Riversdal dat sy onder die bearbeiding van 'n A.E.B.-werker, en lidmaat van die Ned.Geref.Kerk, tot bekering gekom het. "Van daardie tyd af is ek die gelukkigste mens op aarde. Ek verbly my elke dag in my Here Jesus, want Hy het deur Sy kosbare bloed al my bande verbreek...Al wat ek van die A.E.B. kan sê is dat hulle die suiwere Evangelieleer verkondig (*Die Kerkbode* 7 Oktober 1936 :738).

In "*Die Burger*" van Woensdag 25 November 1936 verskyn 'n brief deur W.J.Wentzel van Elandsbaai in die kolom: "Menings van ons lesers" In 'n baie sterkbewoorde brief verdedig hy twee sake, onder andere die A.E.B., wat tydens die Kaapse sinode van 1936 veroordeel is. Die besluite is in die nuusblaaie gepubliseer. Hy vaar uit teen die "oppervlakkige en dikwels onlogiese redenasies en besluite, wat seker nie so 'n vername vergadering van hoog ontwikkelde mense tot eer strek nie." Ter verdediging van die A.E.B.het Wentzel heelwat kommentaar gelewer. Ons haal sy interpretasie en reaksie op die sinodale besluite aan:

> "Die A.E.B. is interkerklik (en laat ons hier dadelik sê dat ons een van die fundamentaliste is wat staan by die ortodokse leer en regering van ons Kerk en nogal taamlik skepties is teenoor nuwe beweginge) - maar hoe ons ook al wil redeneer, moet ons erken dat die A.E.B. 'n kostelike en geseënde werk doen. Baie van ons predikante het die beweging hartlik ondersteun. Dikwels is werkers(sters) van die A.E.B. uitgenooi deur die predikant en kerkraad om 'n reeks dienste te kom hou. En vandag word die Kerk deur Sinodale besluit teen die A.E.B. gewaarsku; waarom?" (*Die Burger* 25 November 1936:6).

Hy noem twee redes, naamlik omdat die A.E.B. soms in 'n dorp of distrik dienste hou sonder die toestemming van die predikant en kerkraad en vra dan waarom dit dan juis nodig is, want hulle dwing tog niemand om te kom nie, en dit staan elkeen vry om na hul dienste te gaan, of weg te bly! 'n Ander rede wat Wentzel aanvoer is omdat die predikant sien dat baie van die mense wat byna of nooit na sy kerk kom nie, die A.E.B.-dienste bywoon. Volgens hom bestaan daar 'n algemene behoefte onder die kerklike publiek na meer persoonlike arbeid, 'n dieper geestelike lewe en meer geleentheid om vir die Heer te getuig. Hierdie feite het die Oxford-Groep en die A.E.B. baie duidelik geopenbaar asook spesiale evangelie-predikers soos L.Fletcher, Orr, ens. Hy wil weet waarom die Kerk nie in daardie behoefte van die lidmate voorsien nie (*Die Burger* 25 November 1936:6).

In dieselfde dagblad verkyn 'n brief van 'n persoon met die skuilnaam: "'n Korrespondent" van Kaapstad. Hy haal die predikant van Prieska aan wat die volgende oor die A.E.B. sou gesê het: "Die A.E.B. se mense het geen gemeenskaplike belydenis, en geen verantwoordelikheid teenoor 'n hoër gesag wat hulle met een mond laat praat nie." Die korrespondent sê dat die dominee niks kan bewys van wat hy gesê het nie, aangesien die Heilige Gees en die Heilige Skrif die hoër gesag van die A.E.B. is, terwyl die kerkwet die hoër gesag van die predikante is. "Die kerkwet word gehandhaaf ten koste van Gods gebooie" (*Die Burger* 25 November 1936:6). Hy maak verdere verskerpte aantygings teen sekere predikante se negatiewe uitlatings jeens die A.E.B. en die bekering wat onder hulle bediening plaasvind.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy verwys ten slotte na ds.Van der Merwe wat maar een maal in 17 jaar in 'n gemeente kom vir spesiale dienste "en die dominees dink dis genoeg. O! die doodsheid, die koudheid van die Laodicea-kerk. Geen wonder dat mense elders kos soek vir hul onsterflike siele nie..." (*Die Burger* 25 November 1936:6).

Hierdie uitlatings van mense is 'n aanduiding van hoe verdeeld die Kerk werklik op daardie stadium was oor onder andere die A.E.B.. Van kerkweë af is die A.E.B. beskuldig dat hulle verdeeldheid saai, terwyl die aanhangers van die A.E.B., wat lidmate van die Kerk was, weer die Kerk van sodanige verdeeldheid beskuldig.

Op 'n vergadering van die kerkraad van Frankfort, gehou op 9 November 1938, is 'n besluit geneem waarin hulle hul misnoë uitspreek teen *Die Kerkbode* wat die buitekerklike bewegings sydelings adverteer (*Die Kerkbode* 23 November 1938:963). (Vergelyk in hierdie verband ds.J.P.van der Walt van Frankfort se identiese beswaar wat op 27 November 1935 gemaak is.)

Op versoek van 'n leser word die besluit van die Kaapse Sinode rakende die buitekerklike bewegings in *Die Kerkbode* geplaas. Daarin word by kerkrade aanbeveel om nie van die dienste van die A.E.B. en die Oxfordgroep gebruik te maak nie. In die slotparagraaf oor die besluit rakende die Oxfordbeweging, kom die volgende voor: "...en gevolglik beveel u kommissie aan dat van Kerkweë niks gedoen sal word tot propagering, uitbreiding, beskerming van of vereenselwiging met die werksaamhede van die genoemde beweging nie, en waar nodig, ook gewaarsku sal word teen moontlike ongesonde ontwikkelinge of uitwasse van die beweging; en andersyds dat die Ned.Geref. Kerk positief sy eie erkende vereniginge en hul werksaamhede sal ondersteun en bevorder" (*Die Kerkbode* 12 Januarie 1938:60).

Hierdie besluit is ook aangeval deur lesers van *Die Kerkbode*. Mnr.Chris van Wyk van Goodwood reageer skerp daarop en betreffende die A.E.B. sê hy dat hy hulle nie anders kan sien as "sielesoekers in die sterkste sin van die woord nie. Nou wil ek net aan ons kerkvaders vra of die Ned.Geref.Kerk die enigste middel is om siele na die Here te lei?....In ons gemeente is persone wat nie hoef teruggewin te word nie, maar wat uitstekende werk in die gemeente doen en wat onder die A.E.B. in die lig gekom het, en onder hulle ook kerkraadlede" (*Die Kerkbode* 19 Januarie 1938:126).

Op 2 Oktober 1940 verskyn 'n breedvoerige uiteensetting van die Kerkraad van Belfast se besluit rakende die buitekerklike bewegings. Naas die besluit wat op 13 Augustus 1938 geneem is, en deur talle lidmate geïgnoreer is, is 'n verdere oproep op gemeentelede gedoen om nie hierdie groepe te ondersteun nie. Na 5 jaar van aktiewe betrokkenheid van die A.E.B. binne die gemeentegrense, word die lidmate weer eens gewaarsku - en hierdie keer word dit in die kerkorgaan opgeneem. Daarin word die volgende besware teen die A.E.B. geopper: Hulle verwantskap met die Los predikante; hulle geheimsinnigheid, dislojaliteit van lidmate; lastigheid deurdat lidmate "omgerokkel" word om hulle byeenkomste te ondersteun; minagting, agterdog en veroordeling wat in die Kerk gesaai word; geestelike hoogmoed; gemoedsopsweping; verkeerde standpunt ten opsigte van genesing; uitbuiting van die gasvryheid van lidmate en die verdeeldheid wat veroorsaak word in die gemeente (*Die Kerkbode* 2 Oktober 1940:595).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1943 herinner die redakteur van *Die Kerkbode* die lesers aan die sinodale besluite van die Kaapse sinode (1936), Vrystaatse sinodes (1931 en 1937) en die Transvaalse sinode (1940) rakende die buitekerklike bewegings. Aspekte wat uitgelig word, is die A.E.B. se "onskiftuurlike heiligmakingsleer" wat daarop neerkom "dat algehele heiligmaking op 'n sekere moment in die lewe kan geskied deur 'n werking van die Heilige Gees, wat as 'n Tweede Seën ("second blessing") opgevat word". (*Die Kerkbode* 6 Oktober 1943:289). Daar word op gewys dat dit in stryd is met die Skrif wat leer dat die heiligmaking 'n proses is wat tot aan die einde van die lewe van die gelowige voortduur. Verder is dit ook in stryd met die belydenisskrifte en lei tot perfeksionisme en geestelike hoogmoed. Voorts is daarop gewys dat die A.E.B. die gesag van die kerk ondermyn en verbrokkelend werk in die gemeentes (:289)

In dieselfde bydrae word die beskouing van ds.Jac.A.van der Merwe, spesiale evangelieprediker van die Kaapse Kerk en president van die Strewersunie weergegee. In 'n waarskuwing wat hy rig deur die mondstuk *"Die Christelike Strewer"* (Feb.1943) skryf hy dat hy ten volle saamstem met die sinodale besluite ten opsigte van die A.E.B., die Los predikante en ander buitekerklike, godsdienstige bewegings. Hy voel dat as 'n lid van die Kerk, en so ook 'n Strewerslid, met ander buitekerklike, godsdienstige bewegings heul, dan verraai dit sy onkunde insake die kerkleer en onderskat hy die waarde van sy eie kerk en word hy besiel met bittere kritiek teenoor sy kerk. Verder word hy vervreemd en word hy 'n hindernis en 'n gevaar onder die kerk se strydmagte (*Die Kerkbode* 6 Oktober 1943:290).

Hierby voeg die redakteur weer op sy beurt by dat die jeug in die kerklike verenigings gewaarsku moet word teen die verbrokkelende invloede van die buitekerklike bewegings in die gees van die besluite van die sinodes. Die jeug is die kerk van die toekoms en sal moet waak vir die suiwerheid van die gereformeerde leer en vir die erfenis wat deur die vaders aan hulle toevertrou is. Hy sê hulle mag nie toelaat dat die Calvinistiese grondslag en tradisie van die Kerk langsamerhand afgebreek word deur die inwerking van bewegings en sektes wat dit nie opgebou het nie. Die krag lê in 'n positiewe optrede - in die opbouing van die gemeentes in die gereformeerde leer; in die kragtige, suiwere prediking van Gods Woord en ook in die gereelde behandeling van die Kategismus met die gemeente wat, volgens hom, nie altyd getrou gedoen word nie. Hy versoek dat die ringe in hul huidige sittinge weer opnuut die aandag sal vestig op die noodsaaklikheid daarvan (*Die Kerkbode* 6 Oktober 1943:290).

Ds.H.S.Theron van De Bloem skroom nie om die A.E.B. "oop te vlek" in 'n artikel in *Die Kerkbode* nie. Benewens die wese van die A.E.B., skets hy vlugtig die stigtingsgeskiedenis daarvan en brei uit oor enkele besware teen hulle. Hy het dit teen die onskriftuurlike en gevolglik ongereformeerde opvatting insake die amptelike bediening van die Woord van die Here. Waar die Kerk glo dat die verkondiging van die Woord langs 'n ordelike weg moet geskied, glo die A.E.B. in "los werkers, los predikers, los predikante". Hy wys daarop dat hulle hul sogenaamd laat lei en leer deur die Heilige Gees, maar as dit wel die geval is, beteken dit dat die Heilige Gees nie altyd in die verlede deur die Woord en deur die belydenis geleer en gelei het nie (:205).

Wat betref "die verwarring en skeuring wat hulle stig in die Kerke", noem Theron verder dat hulle "kom bv. in gemeentes om diens te hou of agteraf biduurtjies, en godsdienstige samekomsies, ongevraag deur


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kerkraad of sonder sy wete" (*Die Kerkbode* 8 Maart 1944:205). Oor "die aanmatigende en verkeerde in hul motiewe en doel", wat daarop neerkom dat hulle ten doel het "om die volle saligheid te verkondig in die dorpe en plattelandse stede in Afrika" reageer Theron verder baie skerp deur te beweer dat hulle selfaangestelde predikers is sonder wettige gesag, dus aanmatigend. Hy wil weet waar daar 'n plattelandse streek of dorp in blank Suid-Afrika is waar die evangelie van volle saligheid nie verkondig word nie. Hy dink aan al die gemeentes met hulle leraars en kerkraadslede wat deur die jare heen die evangelie verkondig het. Die A.E.B. is aanmatigend om te glo dat die volle saligheid nie verkondig is nie. Hy wys verder daarop dat hierdie groep, wat daarop aanspraak maak dat hulle die "volle saligheid" verkondig, dit nie doen nie, "want leerstukke soos die uitverkiesing en die volharding van die heiliges, wat baie, of die meeste van hulle nie eers verstaan of glo nie, laat hulle weg in hul prediking" (:206).

In 'n opvolguitgawe gaan Theron voort en teken beswaar aan teen hulle heiligheidsleer waarin hulle kwansuis verkondig dat 'n mens tot bekering kom, maar nog nie die Heilige Gees ontvang nie, of nie ten volle nie. Hy is nog 'n vleeslike of "ongeheiligde kind" van die Here. Op 'n later oomblik moet hy die Heilige Gees ten volle ontvang waar hy die "second blessing" deelagtig word en van dan af is hy sonder sonde en word beskou as 'n "geheiligde" kind van God (*Die Kerkbode* 22 Maart 1944:250). Theron hang ook die volgende vuil wasgoed uit:"...daardeur gee hulle te kenne dat die Christen hier op aarde al moet lewe soos in die hemel, en baie van die dinge op die wêreld nie meer nodig het nie, bv. as burger van die land mag ek nie aan politiek deelneem nie, want dit is uit die bose; om eie kultuur en geskiedenis te beskerm en te bevorder is sonde; aan die Helpmekaar te behoort, is verkeerd; aan goeie gesonde "sport" mag ek ook nie meer deelneem nie; na 'n goeie konsert mag ek ook nie gaan nie. Daarom wou ook die kinders by 'n sekere skool in 'n vorige gemeente van ons nie meer speel nie, maar net sit en Bybel lees, nadat van die A.E.B.-mense ongevraag daar begin dienste hou het. Ja, van hulle beweer selfs dat dit sonde is om te trou..." (*Die Kerkbode* 22 Maart 1944:250).

Ander sake wat Theron aanroer is hulle leer oor siekte en gesondmaking, hulle gevoelsgodsdiens en geesdrywery, asook hulle minagting van volksgebondenheid of nasieskap. Oor hulle gevoelsgodsdiens het Theron die volgende te sê: "...iemand het selfs van 'n 'jazz'-godsdiens gepraat, 'n soort godsdiens wat selfs tot laat in die nag aanhou (ons weet van 'n geval waar die prediker vir die mense gesê het om maar hul reisdekens saam te bring, ingeval dit later te koud word, want dit was in die winter). Hierdie soort godsdiens is dan nie eentonig of lank nie" (*Die Kerkbode* 22 Maart 1944:250).

Ds.Theron het soveel ongevraagde aantygings gemaak, dat dit enige objektiewe waarnemer kan laat twyfel oor die geloofwaardigheid daarvan. Baie sterk veralgemenings kom ook daarin voor. Aspekte soos uitverkiesing en volharding van die heiliges weeg vir hom baie swaarder as dat sondaars tot bekering moet kom. Hier dink 'n mens aan Peckham se uitdrukking van die skerp sweep van Calvinisme waaronder die A.E.B. gely het. Tog het hierdie artikels soveel byval gevind onder kerklui, dat o.a. by die Vrystaatse sinode 'n voorstel ingedien is dat die artikel in pamfletvorm in gemeentes versprei moet word (Sinodale besluite p.369,370)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds.J.P.van der Walt het ook op die voorgrond getree deur die lidmate te waarsku teen die doen en late van die A.E.B. Anders as die ander skrywers, het hy hom meer op dogmatiese terrein begewe deur die leerstellings van die A.E.B. met dié van die Kerk te vergelyk. Aspekte soos bekering en wedergeboorte, perfeksionisme en siekte en gesondmaking kom onder die loep. Hy skets ook ten slotte 'n paar van hulle karaktertrekke, soos minagting van die kerklike gesag, gees van veroordeling en verwarring en skeuring in die kerke (*Die Kerkbode* 10 Oktober 1945:367-9).

Van die enkele stemme wat opgegaan het teen die negatiewe beeld wat van die A.E.B. geskets word, was dié van S.G.du Toit van die Strand. Dié korrespondent beweer dat die A.E.B. nie sondelose volmaaktheid verkondig nie. Hy verwys na mense wat onder die bearbeiding van die A.E.B. tot "waaragtige bekering" gekom het en toe getrouer lede van die kerk geword het en nog is en aangeraai is om in hulle kerk te bly. Wanneer die A.E.B.-werkers dienste in die Strand hou, word die eredienstye in ag geneem en van hulle woon selfs die eredienste by. Die skrywer beweer dat die leer oor sondelose volmaaktheid nie in hulle leerstellings vervat is nie, maar deur enkele onkundiges oorgedra word. Ten slotte word die versekering gegee dat die plaaslike lidmate wat die A.E.B. goedgesind is, getroue lidmate van die kerk is en dat hulle nog geen moeilikheid vir die leraars besorg het nie (*Die Kerkbode* 24 Oktober 1945:421).

In meer as een verduideliking oor die werksaamhede van die A.E.B.in gemeentes, wys die redakteur daarop dat in die kerk genoegsame middels bestaan wat voorsiening kan bied aan die geestelike behoeftes van die lidmate. Hieronder word genoem die gereelde bediening van die Woord, die gemeentelike bidstonde, kerklike vereniginge, konferensies en spesiale evangelieprediking (vgl.*Die Kerkbode* 6 Oktober 1943:290).

"*Die geestelike lewe in ons kerk*" is die opskrif van 'n artikel deur dr.Jac.J.Müller. Daarin gee hy 'n kort oorsig van hoogtepunte in die voorafgaande eeu, waaronder die daarstelling van die Kweekskool op Stellenbosch, die herlewings van 1859-1861, die Pinksterbidstonde, groot manne wat 'n rol gespeel het in die geestelike lewe van die Kerk; die Kerk wat sy belydenis handhaaf, asook 'n slotgedagte oor die gesonde geestelike lewe in die Kerk. Oor strominge en sektes wat in die bepaalde tyd na vore getree het, het Liberalisme, Modernisme, maar veral Metodisme 'n merkbare invloed op die geestelike lewe van die kerk uitgeoefen. Hy sê dat dit in 'n sekere sin die prakties-religieuse lewe heilsaam beïnvloed het, insoverre dit, met sy geestelike erns en klem op die persoonlike beslissing in geloofsake, die teenhanger is van 'n dorre geloof en onvrugbare selftevredenheid. Daarteenoor is die teologiese of leerstellige gevare van die Metodisme ontwyk deur die suiwer belydenis van die gereformeerde waarheid soos dit in die Belydenisskrifte tot uiting gekom het (*Die Kerkbode* 26 Januarie 1949:172).

Naas die opkoms van die Apostoliese Geloofsending en Sewendedag-Adventiste, verwys hy ook na die Oxford Groep, met sy klem op die persoonlik-deurleefde vroomheid, gegrond veral op die "hoofpylers van leiding en sondebelydenis", en die A.E.B. met sy klem op 'n geestelik-verdiepte godsdiens deur die ontvangs van die sg. "tweede seën". Beide bewegings het in sommige kringe van die kerklike gemeente


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hul invloed laat voel, sonder om die aanhangers noodwendig los te maak van hul Kerk, soos die sektes wel doen (*Die Kerkbode* 26 Januarie 1949:172,3).

Ds.J.D.Vorster van Kaapstad laat hom baie sterk uit teen "*Interkerkisme*", veral soos geopenbaar in die Oxfordgroep en die C.S.V. Ook die besoek van buitelandse predikers beskou hy as bedreiging vir die leer van die kerk en 'n aanmoediging om kerkmure te verbreek. "In die laaste tyd egter vertoon dit hom so sterk dat uitgesogte predikers van elders op die kansels van ons kerk verskyn....sodat dit selfs mode geword het om al meer van die angelsaksiese voorstanders van hierdie beweging welkom te heet. So het daar in resente tye manne soos Rev.Lionel Fletcher en Dr.Stanley Jones op ons kansels verskyn. Weliswaar het hulle hierheen gekom as evangeliste, maar die angel in die stert van al hulle redevoeringe was steeds die samevatting van alle bestaande kerke in een kerk in die Naam van Christus" (*Die Gereformeedre Vaandel* September 1937:273).

Hy skryf die oorsprong van die gevaar toe aan lande soos Amerika en Engeland. Die C.S.V., met sy oorsprong in Amerika, beklee volgens hom 'n interkerklike en in Suid-Afrika 'n interkonfessionele grondslag en is nie volgens die Skrif (1 Joh.1:2) nie. "Die Waarheid in Liefde" betrag nie, maar na die pragmatiese wysbegeerte die eenheid soek in "liefde" terwille van die nut

Vorster beweer dat hierdie verkeerde uitgangspunt van die C.S.V. verantwoordelik is dat die beweging, 'n onberekenbare skadelike invloed uitgeoefen het deurdat die jeug van die Kerk "kerklos, pap en ruggraatloos" geword het.. Ook het die C.S.V. 'n waardige medestander gevind in die Oxford Groep uit Engeland wat ook sy grondslag in die gevoel gevind het en ook interkerkisme nagestreef het" (*Die Gereformeedre Vaandel September* 1937:274). .

### *6.7 Interpretasie en beoordeling*

Gesien in die lig van die veelvuldige reaksies teen die buitekerklike bewegings, is dit baie duidelik dat die kerk alles in sy vermoë gedoen het om behoorlik wal te gooi teen hierdie ongevraagde invloede. Dit was veral die A.E.B. en Oxfordbeweging wat baie swaar gestraf is. Die Strewersvereniging en C.S.V. is meer geredelik aanvaar. Die rede hiervoor is moontlik omdat laasgenoemde bewegings binne kerklike geledere ontstaan het. Dit het hulle egter nie gevrywaar van die skerp kritiek deur die konserwatiewe Calviniste wat die karakter van die kerk suiwer gereformeerd wou hou nie. Dit was veral die Arminianistiese kleur wat dikwels deurgeskemer het wat hierdie oorversigtigheid en antagonisme ontketen het.

Die grootste beswaar teen hierdie bewegings was die onkonfessionele en onskriftuurlike optrede. Beskuldigings is geopper dat dit die taak van die kerk wou oorneem. Hulle het as tipe kerkies binne 'n kerk gefunksioneer en die hoofstroom-kerke het daarin 'n groot bedreiging gesien. Die kerk was op homself aangewese en het hierdie invloed van buite as ongevraagde inmenging beskou. Die beklemtoning van die lewe ten koste van die leer was vir die kerk 'n hindernis. Veral gesien vanuit Calvinistiese oogpunt, was die boodskap van bekering wat hulle as eerste prioriteit beskou het, 'n steen des aanstoots. Daarteenoor is aspekte soos die uitverkiesing en die volharding van die heiliges agterweë


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelaat. Die onderskeid wat hulle gemaak het tussen bekeerdes en onbekeerdes is ook as onskriftuurlik beskou. Ook die "onskriftuurlike" leer van heiligmaking, wat veral deur die A.E.B. verkondig is, is sterk veroordeel.

Betrokkenes by hierdie groepe was kwansuis teologies-ongeskoold en sou bydra tot die verwarring onder die lidmate. Dit skep die idee asof sommige predikante onder die indruk was dat die kerk die monopolie besit het om die evangelie te verkondig. Talle lidmate het ruiterlik erken dat hulle nie meer die boodskap van verlossing van die kansels af hoor nie en was dit eens dat die kerk koud en dood geword het. In plaas daarvan dat hierdie predikante hand in eie boesem gesteek het en voldoen het aan die behoefte van die lidmate, het dit 'n heksejag teen hierdie bewegings op tou gesit. Daarteenoor is die kerk se verwaarlosing van die verbond as rede gesien waarom hierdie bewegings gefloreer het.

Waar predikante uiters versigtig was om nie te positief te wees oor hierdie bewegings nie, het lidmate dikwels nie geskroom om hulle saak te stel en gunstige uitsprake te lewer nie. Veral mense wat geestelik daarby gebaat het, het positiewe verslae ingestuur. Die uiteenlopende reaksie van predikante en lidmate bevestig dat die geestelike agtergrond van die individue bepalend was vir die tipe kritiek wat uitgespreek is. Ongelukkig is vele veralgemenings gemaak wat onnodiglik die bewegings in 'n swak lig geplaas het.

Vrese is ook uitgespreek dat hierdie verenigings lidmate van die kerk sou vervreem. Hierdie verenigings was nie kerke wat los van die bestaande kerke gefunksioneer het nie en daarom kon hulle hul nie skuldig maak aan proselietmakery nie. Dit was organisasies wat dit ten doel gehad het om as hulp te dien vir die geestelike opbou van lidmate. Oor die geïsoleerde gevalle waarna verwys is waar mense aangetrokke gevoel het tot Pinksterkerke, is die verweer dat nie een van hierdie bewegings onder bespreking charismatiese trekke getoon het nie.

'n Verdere saak wat opval is die rol wat dr.Andrew Murray gespeel het in die ontstaansgeskiedenis van enkele van hierdie bewegings. Die optrede van lede van die Oxfordbeweging wat hulde aan hom gebring het, spreek ook van gemeenskaplike belange. Die Oxfordbeweging en die A.E.B. het hoofsaaklik ná sy dood gefunksioneer en daarom is dit moeilik om te bepaal wat sy houding teenoor hulle sou wees.

Hoewel nie alleen die A.E.B. nie, maar ook die ander buitekerklike beweging onder die "sweep van Calvinisme" deurgeloop het, kan dit nie weggeredeneer word nie, dat dit 'n baie groot rol gespeel het in die geestelike lewens van baie. Talle mense het tot bekering gekom en vele kon ook getuig dat hulle 'n dieper geestelike lewe deelagtig geword het deur die toedoen van hierdie bewegings. Die primêre doel van veral die Oxfordbeweging en die A.E.B. was om die boodskap van bekering uit te dra. In 'n groter mate was die A.E.B. ook daarop uit om die boodskap van heiligmaking te verkondig. Hoewel die Strewersvereniging nie so 'n radikale rol gespeel het soos die genoemde twee bewegings nie, het dit tog 'n tuiste geword vir menigte soekende siel.

Die reaksie wat hierdie groepe uitgelok het, is dus tekenend van die klimaat wat in die Ned.Geref.Kerk geheers het. Soos in 'n vorige hoofstuk uitgelig, was daar 'n tydperk waarin die toestand in die Kerk veel te wense oorgelaat het. Predikante kon nie aan die geestelike aptyte van die lidmate voldoen nie. Die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hul invloed laat voel, sonder om die aanhangers noodwendig los te maak van hul Kerk, soos die sektes wel doen (*Die Kerkbode* 26 Januarie 1949:172,3).

Ds.J.D.Vorster van Kaapstad laat hom baie sterk uit teen "*Interkerkisme*", veral soos geopenbaar in die Oxfordgroep en die C.S.V. Ook die besoek van buitelandse predikers beskou hy as bedreiging vir die leer van die kerk en 'n aanmoediging om kerkmure te verbreek. "In die laaste tyd egter vertoon dit hom so sterk dat uitgesogte predikers van elders op die kansels van ons kerk verskyn....sodat dit selfs mode geword het om al meer van die angelsaksiese voorstanders van hierdie beweging welkom te heet. So het daar in resente tye manne soos Rev.Lionel Fletcher en Dr.Stanley Jones op ons kansels verskyn. Weliswaar het hulle hierheen gekom as evangeliste, maar die angel in die stert van al hulle redevoeringe was steeds die samevatting van alle bestaande kerke in een kerk in die Naam van Christus" (*Die Gereformeedre Vaandel* September 1937:273).

Hy skryf die oorsprong van die gevaar toe aan lande soos Amerika en Engeland. Die C.S.V., met sy oorsprong in Amerika, beklee volgens hom 'n interkerklike en in Suid-Afrika 'n interkonfessionele grondslag en is nie volgens die Skrif (1 Joh.1:2) nie. "Die Waarheid in Liefde" betrag nie, maar na die pragmatiese wysbegeerte die eenheid soek in "liefde" terwille van die nut

Vorster beweer dat hierdie verkeerde uitgangspunt van die C.S.V. verantwoordelik is dat die beweging, 'n onberekenbare skadelike invloed uitgeoefen het deurdat die jeug van die Kerk "kerklos, pap en ruggraatloos" geword het.. Ook het die C.S.V. 'n waardige medestander gevind in die Oxford Groep uit Engeland wat ook sy grondslag in die gevoel gevind het en ook interkerkisme nagestreef het" (*Die Gereformeedre Vaandel September* 1937:274). .

### *6.7 Interpretasie en beoordeling*

Gesien in die lig van die veelvuldige reaksies teen die buitekerklike bewegings, is dit baie duidelik dat die kerk alles in sy vermoë gedoen het om behoorlik wal te gooi teen hierdie ongevraagde invloede. Dit was veral die A.E.B. en Oxfordbeweging wat baie swaar gestraf is. Die Strewersvereniging en C.S.V. is meer geredelik aanvaar. Die rede hiervoor is moontlik omdat laasgenoemde bewegings binne kerklike geledere ontstaan het. Dit het hulle egter nie gevrywaar van die skerp kritiek deur die konserwatiewe Calviniste wat die karakter van die kerk suiwer gereformeerd wou hou nie. Dit was veral die Arminianistiese kleur wat dikwels deurgeskemer het wat hierdie oorversigtigheid en antagonisme ontketen het.

Die grootste beswaar teen hierdie bewegings was die onkonfessionele en onskriftuurlike optrede. Beskuldigings is geopper dat dit die taak van die kerk wou oorneem. Hulle het as tipe kerkies binne 'n kerk gefunksioneer en die hoofstroom-kerke het daarin 'n groot bedreiging gesien. Die kerk was op homself aangewese en het hierdie invloed van buite as ongevraagde inmenging beskou. Die beklemtoning van die lewe ten koste van die leer was vir die kerk 'n hindernis. Veral gesien vanuit Calvinistiese oogpunt, was die boodskap van bekering wat hulle as eerste prioriteit beskou het, 'n steen des aanstoots. Daarteenoor is aspekte soos die uitverkiesing en die volharding van die heiliges agterweë


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelaat. Die onderskeid wat hulle gemaak het tussen bekeerdes en onbekeerdes is ook as onskriftuurlik beskou. Ook die "onskriftuurlike" leer van heiligmaking, wat veral deur die A.E.B. verkondig is, is sterk veroordeel.

Betrokkenes by hierdie groepe was kwansuis teologies-ongeskoold en sou bydra tot die verwarring onder die lidmate. Dit skep die idee asof sommige predikante onder die indruk was dat die kerk die monopolie besit het om die evangelie te verkondig. Talle lidmate het ruiterlik erken dat hulle nie meer die boodskap van verlossing van die kansels af hoor nie en was dit eens dat die kerk koud en dood geword het. In plaas daarvan dat hierdie predikante hand in eie boesem gesteek het en voldoen het aan die behoefte van die lidmate, het dit 'n heksejag teen hierdie bewegings op tou gesit. Daarteenoor is die kerk se verwaarlosing van die verbond as rede gesien waarom hierdie bewegings gefloreer het.

Waar predikante uiters versigtig was om nie te positief te wees oor hierdie bewegings nie, het lidmate dikwels nie geskroom om hulle saak te stel en gunstige uitsprake te lewer nie. Veral mense wat geestelik daarby gebaat het, het positiewe verslae ingestuur. Die uiteenlopende reaksie van predikante en lidmate bevestig dat die geestelike agtergrond van die individue bepalend was vir die tipe kritiek wat uitgespreek is. Ongelukkig is vele veralgemenings gemaak wat onnodiglik die bewegings in 'n swak lig geplaas het.

Vrese is ook uitgespreek dat hierdie verenigings lidmate van die kerk sou vervreem. Hierdie verenigings was nie kerke wat los van die bestaande kerke gefunksioneer het nie en daarom kon hulle hul nie skuldig maak aan proselietmakery nie. Dit was organisasies wat dit ten doel gehad het om as hulp te dien vir die geestelike opbou van lidmate. Oor die geïsoleerde gevalle waarna verwys is waar mense aangetrokke gevoel het tot Pinksterkerke, is die verweer dat nie een van hierdie bewegings onder bespreking charismatiese trekke getoon het nie.

'n Verdere saak wat opval is die rol wat dr.Andrew Murray gespeel het in die ontstaansgeskiedenis van enkele van hierdie bewegings. Die optrede van lede van die Oxfordbeweging wat hulde aan hom gebring het, spreek ook van gemeenskaplike belange. Die Oxfordbeweging en die A.E.B. het hoofsaaklik ná sy dood gefunksioneer en daarom is dit moeilik om te bepaal wat sy houding teenoor hulle sou wees.

Hoewel nie alleen die A.E.B. nie, maar ook die ander buitekerklike beweging onder die "sweep van Calvinisme" deurgeloop het, kan dit nie weggeredeneer word nie, dat dit 'n baie groot rol gespeel het in die geestelike lewens van baie. Talle mense het tot bekering gekom en vele kon ook getuig dat hulle 'n dieper geestelike lewe deelagtig geword het deur die toedoen van hierdie bewegings. Die primêre doel van veral die Oxfordbeweging en die A.E.B. was om die boodskap van bekering uit te dra. In 'n groter mate was die A.E.B. ook daarop uit om die boodskap van heiligmaking te verkondig. Hoewel die Strewersvereniging nie so 'n radikale rol gespeel het soos die genoemde twee bewegings nie, het dit tog 'n tuiste geword vir menigte soekende siel.

Die reaksie wat hierdie groepe uitgelok het, is dus tekenend van die klimaat wat in die Ned.Geref.Kerk geheers het. Soos in 'n vorige hoofstuk uitgelig, was daar 'n tydperk waarin die toestand in die Kerk veel te wense oorgelaat het. Predikante kon nie aan die geestelike aptyte van die lidmate voldoen nie. Die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

buitengewone belangstelling in spesiale evangelieprediking en buitekerklike konferensies het grotendeels aan die behoefte voorsien. Hierdie klemverskuiwing van leer na lewe het die Kerk tot groter waaksaamheid gemaan en drastiese optrede was die gevolg.

Vanuit 'n streng gereformeerde oogpunt was die wyse van optrede, veral van die A.E.B., nie goed te keur nie. Veral weens die sterk geneigdheid van lidmate tot hierdie bewegings, het die Kerk genoop om wal te gooi. Vroeër het predikante gesê dat Calvinisme en Metodisme nie kan meng nie en daarom moes die Kerk die lidmate voortdurend herinner aan die gereformeerde belydenisgrondslag waarop die Kerk gebou is en dat hierdie groepe dit sou ondermyn.

Dat die Kerk sy taak na behore volvoer het, is duidelik, maar ongelukkig het die vroomheidskarakter van die Kerk daardeur 'n geweldige knou gekry. Strenge gereformeerdheid het geseëvier bo spiritualiteit!


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 7. CALVINISME VERSUS METODISME

Tot dusver is heelwat aandag gegee aan die voorkoms van elemente van wedergeboorte, bekering en heiligmaking soos wat dit in die praktyk op verskeie terreine van die kerklike samelewing in die Ned.Geref.Kerk na vore getree het. Diegene wat hierdie aspekte in hulle lewe toegepas het en dit selfs verkondig het, het nie onverskillig gestaan teenoor die gereformeerde leer in die algemeen nie. Tog was dit asof hulle die lewe hoër geag het as die leer. Dit het 'n soort evangelies-piëtistiese neiging vertoon waar die noodsaaklikheid van 'n hardgrondige bekering en gepaardgaande heilige lewe primêr was.

Vir sommige predikante was dit belangrik dat "siele gered" moes word, terwyl spesiale evangeliepredikers wat die land deurkruis het, ook bekeringsprediking as primêre doelwit gesien het. Selfs buitelandse predikers het die evangelisering van verloregaandes in die vooruitsig gestel.. Terselfdertyd het bewegings wat binne en buite die Kerk gefunksioneer het, ook bygedra tot die geestelike behoud van baie mense.

Die Kerk het sy verantwoordelikheid ten opsigte van evangelisasie terdeë besef en daarom is verskeie evangelisasieaksies wat van buite die Kerk geloods is, met agterdog bejeën as synde ongevraagde inmenging in kerklike sake. Waar die Kerk evangelisasie gesien het as die terugbring van afgedwaalde skape (verbondsverbrekers), het hierdie individue en groepe'n ander klem op die begrip evangelisasie geplaas, naamlik die "redding van siele". Nie alle lidmate is as verbondskinders gesien nie, maar as verlore sondaars wat tot bekering moes kom.

Terselfdertyd is hierdie genoemde aksies in baie kerklike kringe nie as hulp nie, maar as rysmierbedrywighede gesien wat besig was om die Calvinistiese fondamente van die Kerk te ondergrawe. Enigiets wat buite gereformeerde konteks gestaan het, is as Metodisties afgemaak, wat te begrype was.

Waar hierdie sogenaamde Metodistiese tendense na vore getree het, was daar altyd die bewakers van Calvinisme wat gereed gestaan het om die behoudende gereformeerde leer te beskerm teen die vreemdsoortige. Ds.J.J.Krige lewer byvoorbeeld reeds in 1935 'n bydrae tot die Calvinistiese bundel *Koers in die Krisis* - Deel III en sê dat dié wat konsekwent wil wees, nie Metodis en Calvinis tegelyk kan wees nie, omdat die Metodisme en Calvinisme antiteties teenoormekaar staan en nie onder 'n hoëre eenheid saamgevat kan word nie. "Die Metodis wil siele win, mense bekeer, wedergeborenes verwek en wil hulle tot volmaakte heiligheid hier op aarde bring, wat insluit dat hulle as gelowiges wel ander mense moet bekeer, maar tog ook, dat hulle hul van die wêreldse genietinge moes afsonder. Die metode...rig...tot die gevoel"(:133). Ook hy verwys soos die ander na die Metodiste se "skokmetode" van bekering, die aanduiding van die bekeringsmoment, dat alle mense salig kan word, die "bewustelike" en "oombliklike" bekering", die leer van die perfeksionisme, ens. (:134,5). Hy meen dat die Skrif 'n prediking ken van die evangelie aan alle volke, maar nie 'n individualistiese bekering van siele nie (:136).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nog 'n kampvegter vir die behoud van die Calvinistiese identiteit van die Ned.Geref. Kerk, dr. J.D.(Koot) Vorster (1941:186,7) beskou die twee geestesrigtings wat skadelik inwerk op die Calvinisme in Suid-Afrika, die liberale en Metodistiese strominge. Hy meen dat Metodisme die volk verlam en van sy koers afgebring het (:188). Van ds.M.C.Vos sê Vorster (:189) dat hy eers onder invloed van die Reveil-mense en later onder die Hernhutters en ander piëtistiese kringe beweeg het, maar later die streng Calvinistiese lyn verlaat het. Hy is verder die mening toegedaan dat Suid-Afrika deur die Opwekkings sy rug op Calvinistiese Nederland gedraai het en heilsoekend hom na die Metodisme van die Angelsaksiese wêreld gewend het om dan sodoende onder die invloed van die Metodisme te kom. Hy het dit teen die baie berigte in *Die Kerkbode* wat handel oor die herlewings, terwyl weinig vermeld word van die oplewing van Calvinisme (:191,192).

As teruggedink word aan die onenigheid tussen Wesley en Whitefield, is dit verstaanbaar dat hierdie twee teologiese strominge nie maklik versoenbaar is nie (Walker 1968:461). Volgens Buys (1975:59) is die Metodisme en Calvinisme twee denkwêrelde wat diametraal teenoor mekaar staan, terwyl hy terselfdertyd vir Wesley aanhaal wat Calvinisme beskou as 'n element wat vernietigend inwerk op Metodisme.

Selfs die herlewings of "opwekkings" wat in die vorige eeu plaasgevind het, word deur Buys (1975:44) beoordeel en as Metodistiese praktyk gesien. Hy beskou hierdie gebeure as in stryd met die Skrif omdat dit gesien kan word as 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees. Hoewel daar volgens hom in ooreenstemming met die Heidelbergse Kategismus wel 'n meerdere werking van die Gees kan plaasvind, is hierdie opwekkings "kennelik iets anders as wat die Metodistiese Opwekkinge van die negentiende eeu op die oog gehad het" (:44,45). Hierdie dwaling van die Metodisme het dwarsdeur die negentiende eeu in Suid-Afrika voortgeleef en pas in die twintigste eeu het 'n kentering ten goede gekom. Hierdie "kentering ten goede" stem ooreen met Vorster (1941:195) se beskouing dat, hoewel Metodisme die Afrikaner van sy koers afgetrek het, dit die Calvinisme nie geheel en al verdring het nie en het daar ná die Boereoorlog 'n Nasionale oplewing gekom. "Die volk het weer gevra na die ou paaie....Met die teruggaan na die verlede het die Afrikaner weer op die spore van die Calvinisme gekom (:195). Hanekom (1951:258) betrek ook die herlewings as oorsaak vir 'n verdere infiltrering van Metodisme in die Ned.Geref.Kerk.

Ook die visioen wat ds.G.W.A. van der Lingen tydens die herlewingstyd ondervind het, en wat uitgeloop het op die instelling van die gereelde Pinksterbidure, is vir Buys (1975:47) nie in ooreenstemming "met die leer van die genoegsaamheid van die Heilige Skrif soos vervat in art.7 N.G.B. (nie). In laasgenoemde artikel word alle buite-Bybelse openbaringe implesiet van die hand gewys." Oor die herlewings sê hy dat die pad van opwekkings en herlewings nie die gereformeerde pad is nie, maar die pad van die Metodisme (:48). "In die volksmond het dit vandag nog nie heeltemal uitgesterf nie, sodat in kringe waarin die Metodisme naleef, dit soms nou nog gehoor word dat die Pinksterbidstonde bedoel is om 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees te bewerkstellig" (:45).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir Buys (1975:50-60) is die ondersoek na Metodisme in Suid-Afrika nie volledig sonder om die persoon en werk van dr.Andrew Murray as "*Der Vater des Zweitaufenschemas is Süd-Afrika*" in ag te neem nie. Vergelykings tussen Murray en Wesley, soos getref deur sy biograaf, prof.J.du Plessis, word deurgaans deur Buys aangehaal. Veral Murray se aandeel aan die binnekerklike evangelisasieveldtogte wat eie aan die Ned.Geref.Kerk geword het, word nie deur Buys (1975:54-56) se kritiek gespaar nie.

Oor Murray se leer aangaande die geestesdoop as 'n "tweede soort lewe", vra Buys (1975:57): "Is dit nie presies hierdie leer wat sit agter die Metodistiese bekeringsdrywery wat so goed bekend is in Suid-Afrika nie? Hy meen dat dit tot gevolg het dat kerklidmate wat binne die kring van die verbond grootgeword het en belydenis van die geloof afgelê het, skielik onder die prediking van 'n "spesiale" evangelieprediker tydens 'n "evangeliese veldtog" tot 'n skokbekering kom "so asof hulle die vorige deel van hulle lewe heidene was" (:57).

Dr.Andrew Murray se beoefening van gebedsgenesing word deur Buys (1975:57,58) in verband gebring met latere Pinksterbewegings. Ook sy geskrifte lê soos Wesley eensydige nadruk op die leer van verlossing: "En dit is ook een van die grondfoute van Wesley se leerstellige werk: die eensydige oorbeklemtoning van die leer van die verlossing en die totale verwaarlosing van die res van die geloofsleer" (:58). Buys vergelyk die versamelde werke van Murray met dié van J.D.du Toit en wys op die verskille tussen dié twee met die slotsom: "Hierdie verskille in lewensbenadering dui presies die verskil tussen Metodisme en Calvinisme aan. Die Metodis ken net een leerstuk, die van verlossing, en hy kan sy belydenis op die rand van 'n stuiwer skrywe: siele wen vir Jesus" (:58). Hy meen dat Murray 'n Metodistiese dampkring geskep het met weinig of niks van die tipiese Calvinistiese element daarin (:59).

Vorster (1941:189) verwys na die invloed van die Skotse predikante wat deur die Engelse Regering ingevoer is. Hy sê dat wat die aard en denkwyse betref, die Skot en Boer wel van mekaar verskil het, maar in leerbeskouing was daar tussen die Skotse Calvinis en die Calvinistiese Boer, met sy sterk piëtistiese inslag onder invloed van a'Brakel, nie veel verskil nie. "Die Metodisme het dus langs direkte weg geen noemenswaardige invloed op ons volk gehad nie."

Die Calviniste was ook baie sterk gekant teen kerklike verenigings. Buys (1975:61,62) assosieer dr.Andrew Murray met verenigings soos die Y.M.C.A., Oxford-Heiligheidsbeweging, Bijbel- en Bidvereniging, Cape General Mission en die South African Keswick. Oor dieselfde kam skeer hy godsdienstige verenigings soos die Christelike Strewersunie, C.S.V., A.E.B., ens. Sy bevinding is dat hierdie bewegings almal in 'n mindere of meerdere mate trekke van Metodisme toon: "hulle wil mense bekeer....en om die doel te bereik, dring hulle in die kerk in; gewoonlik onder die voorwendsel dat hulle "interkerklik" is en doen dan die werk wat Christus, nie aan 'n vereniging nie, maar aan die kerk self opgedra het" (:62,63).

Die optrede van die Calviniste was geregverdig, want enige organisasie of liggaam, en in besonder 'n kerk, wat sonder riglyne probeer bestaan, is gedoem tot ondergang. Daarom staan die gereformeerde kerke by die Belydenisskrifte en enigiets in stryd daarmee, is met agterdog bejeen.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nie alleen het die Drie Formuliere van Enigheid as maatstaf gedien nie, maar uiteraard die ware kanon, die Skrif, is telkens as "verdedigingsmeganisme" ingespan om die verkeerdheid van Metodisme te bewys. Aan die ander kant het diegene wat die spiritualiteitsgedagte na vore laat tree het, ook die Skrif gebruik om hulle saak te verdedig. Die appèl wat gemaak is om mense te lei tot bekering en evangelisering, is ook Skrifgebaseerd toegepas (en so ver moontlik binne die gereformeerde genslyne probeer hou.) 'n Groot probleem het egter ontstaan by die interpretasie van die Skrif. Hoeveel sektariese strominge het nie juis ontstaan uit onverantwoordelike Skriftuurlike interpretasie nie?

### *7.1 Twee sienswyses oor Metodisme*

Bo en behalwe die bogenoemde persone, het baie ander predikante standpunt ingeneem teen Metodisme. In plaas daarvan om sieninge van al die predikante saam te voeg, word vervolgens net twee voorbeelde geneem uit die verlede van persone wat hulle sterk vir en teen die onderskeie sake uitgespreek het. 'n Redelik getroue weergawe van die twee strominge behoort hierdeur verteenwoordigend te wees.

Die twee persone wat aan die woord gestel word is mnr.Koornhof en ds.H.S.Bosman. Eersgenoemde was op daardie stadium verbonde aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch. Hy het op 16 Junie 1936 'n referaat gelewer voor die Calvinistiese Studentebond te Stellenbosch oor "Die Konsekwensies van Methodisme". Aan die ander kant staan ds.H.S.Bosman, moderator van die Verenigde Kerk wat die sinode toegespreek het op Vrydagaand 31 Mei 1912 in die Groote Kerk, Pretoria.

Albei persone gee konkrete, tersaaklike uiteensettings van knelpunte rondom Metodisme, wat dit vir die doel van hierdie studie soveel makliker maak eerder as om in 'n ingewikkelde en breedvoerige referaat, soos dié van dr.J.D.du Toit, verlore te raak.

Hoewel hierdie twee persone nie in dieselfde tyd geleef het nie en wat kerklike status betref, nie op gelyke vlak opgetree het nie, gee elkeen tog 'n goeie wetenskaplike uiteensetting van hulle saak.

Aangesien Metodisme in die kerkgeskiedenis redelik algemeen bekend is, en daar reeds baie oor geskryf is, vind ons dit nie nodig om in hierdie studie veel uit te brei oor die ontstaansgeskiedenis daarvan nie. Direkte aanhalings word ruimskoots gebruik om seker te maak dat die kerninhoud en gees van die uitsprake nie verlore gaan nie.

#### *7.1.1 Die verweer van A.H.M.Koornhof teen Metodisme*

Koornhof (*Die Gereformeerde Vaandel* Julie 1936:209) meen dat een of ander stelsel altyd volgens sy konsekwensies beoordeel moet word en daarom poog hy in sy verweer om die lesers te wys op die "Konsekwensies van Metodisme". "En dit wil ons doen by die lig van die Heilige Skrif wat ook hier vir ons die enigste en finale maatstaf is."

Nadat Koornhof (1936:210) die historiese wortels van Metodisme uiteengesit het, verwys hy na die wyse waarop dit na Suid-Afrika oorgedra is en sê dat die hoofsentra van Metodisme onder die blankes die Engelse nedersettings in Grahamstad, Natal, Transvaal en Rhodesië was. Hulle wou voorsien in die geestelike behoeftes van diegene vir wie die Hollandse Kerk ontoereikend was. Koornhof sê dat daar in sy dag met Metodisme in ons vaderland terdeë rekening gehou word, nie slegs omdat dit sy invloed laat


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geld in eie kerke nie, maar omdat dit sy wortels in meer as een opsig reeds baie diep ingeslaan het in die kerklike, geestelike en volkslewe van die Afrikaanse nasie. (:210).

7.1.1.1 Die wese van Metodisme

Koornhof (Julie 1936:210) beskou die wese van Metodisme as antropologies-soteriologies - *Antropologies* omdat die mens die spil is waarom alles draai en *soteriologies* omdat die redding van siele hier die oorheersende motief is. Alles gaan vir hulle om die saligheid van die mens. Hy haal ook J.D.du Toit aan wat beweer dat sielewen by die Metodiste alles is.

Koornhof (1936:211) sê verder dat Metodisme in sy wese Arminiaans moet wees en moet uitgaan van die grondveronderstelling: *"'Christus pro omnibus'* - Christus het vir alle mense, hoof vir hoof, gesterf, en elkeen sal salig word, as hy maar net wil. Met ander woorde die Metodis moet leer dat die genade universeel is en nie partikulier nie. Workman bevestig dan ook ons mening as hy sê: 'In its doctrine of atonement Methodism is Arminian and Evangelical.'" 'n Verdere wesenseienskap van Metodisme is dat 'n bepaalde metode aangewend moet word; vandaar die term "Metodis". Koornhof (:211) kwalifiseer dit as 'n skok-metode wat veral daarop gemik is om op die mens se gevoel te werk en hom dan so tot bekering te bring.

7.1.1.2 Die Konsekwensie van Metodisme

Aan die hand van Koornhof se studie onder hierdie opskrif, gebruik ons dieselfde hoofpunte en haal enkele toepaslike opmerkings aan. Baie van hierdie punte wat hy gebruik, is dogmaties van aard en uit hoofde van die historiese karakter van hierdie proefskrif, word gewaak om nie onnodig in dogmatiese geskilpunte betrokke te raak nie

- Konsekwensies op leerstellige gebied

*1. Metodisme loën die heerlike leerstuk van die Uitverkiesing*

Reeds op hierdie punt is die uiteenlopenheid van Metodisme en Calvinisme duidelik te bespeur. Koornhof (Julie 1936:211) haal Wesley aan:

> What is most destructive of Methodism, or the doctrine of inward holiness?....Calvinism, that is the doctrine of unconditional predestination. All the devices of satan have done far less towards stopping the work of God than that single doctrine....This doctrine seems to magnify Christ, although in reality it supposes Him to die in vain...."

Koornhof (:211) waarsku diegene wat die leer van die uitverkiesing loën op die voetspoor van Metodisme en sê dat hulle teen die duidelike uitsprake van die Heilige Skrif gaan en "haal ook God van Sy troon, ontneem Hom Sy eer as die vrymagtige wat alleen seggenskap het, ook oor die saligheid van die mens, en maak alles ten slotte ondergeskik aan die redding van die nietige mens."

2. *Metodisme verwater die leer van die erfsonde en lei konsekwent tot loëning daarvan.* Waar die Metodis leer dat "die saligheid afhanklik gemaak word van die wil van die mens", leer die Skrif "dat die ongeredde sondaar dood is in die sonde en in die misdade en dat hy enkel deur Gods genade kan gered word" (:211).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3. *Metodisme doen af aan die algenoegsaamheid van die soendood van Christus*

4. *Metodisme handhaaf 'n onskriftuurlike heilsorde.*

Die Metodis se heilsorde is: Voorbereidende genade (wat by alle mense aanwesig is), roeping en bekering, boete en geloof, regverdigmaking en perfeksie. Daarteenoor is die Gereformeerde heilsorde: roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, heiligmaking, en uiteindelike heerlikmaking. Volgens Koornhof (:212) lei laasgenoemde heilsorde tot die volgende konsekwensies:

a. Die Metodisme onderskei nie tussen uitwendige en inwendige roeping nie. "Die uitwendige roeping wat tot alle mense kom deur die prediking van die Evangelie word verwar met die inwendige of effektiewe roeping wat deur die ontdekkende en oortuigende stem van die Heilige Gees alleen tot die uitverkorenes kom" (:212)

b.(i) Wedergeboorte word eintlik onnodig

(ii) Wedergeboorte word mensewerk. "Eers moet die mens sy sonde besef en boete daarvoor doen en daarop volg dan eers die wedergeboorte..." (:212).

(iii) Wedergeboorte word afhanklik gemaak van die gepredikte woord. "'n Bewuste bekering moet volgens die Metodis die wedergeboorte voorafgaan en beide deur die gepredikte woord. Die absurde van hierdie beskouing blyk daaruit dat daar van wedergeboorte by kindertjies wat vroeg sterf geen sprake kan wees nie" (:212).

c. Metodisme wil almal op dieselfde wyse bekeer:

(i) Alle mense moet by hul bekering iets spesifieks ondervind of liewer gevoel. Hieronder haal Koornhof (:212) Wesley aan wat oor sy bekering praat en sê: "Hierdie 'gevoels'-bekering van Wesley dien dan as model vir alle ware bekerings.

(ii) Bekering moet by alle mense momenteel en bewus geskied. "Dit moet 'n abrupte breke met die verlede in een oomblik wees en almal moet uur en dag van hul bekering kan opnoem. Verbondskinders en ander persone wat dit nie kan doen nie, is volgens die Metodis nog nie waarlik bekeerd nie" (:212).

(iii) Bekering moet by alle mense gepaard gaan met 'n openlike verklaring.

d. Metodisme loën die Volharding van die Heiliges. "Die Metodis glo nie aan die certitudo fidei van die Gerefor.[sic] nie....so kan iemand wat tot bekering gekom het weer 'n volslae onbekeerde word. En later in sy lewe moet hy 'n verdere getuienis van die Heilige Gees van buite ontvang - dus 'n "second blessing" in kiem." Hierop stip Koornhof (:211) die Skriftuurlike uit, naamlik "dat as ons eenmaal 'n kind van God is ons dit altyd bly en dat die Heilige Gees in ons en met ons gees getuig dat ons kinders van God is."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

e. Metodisme huldig die leer van perfeksionisme. Koornhof (:212) meen dat daar wel verskil bestaan oor die vraag of Wesley perfeksionisme in die volle sin van die woord geleer het, maar staan vas op die punt dat Metodisme met sy leer van perfeksie konsekwent daartoe moet lei.

5. *Metodisme doen soms af aan die gesag van Gods Woord en lei also lig tot Modernisme.* Die gevolg hiervan is omdat "iemand nie in die eerste plek vra wat leer die Woord van God nie maar wat vereis die saligheid van die mens....Daarby pleit die Metodis vir 'n 'wider and more liberal interpretation of the Scriptures.' En op hierdie standpunt is Modernisme die noodsaaklike gevolg" (Koornhof Julie 1936:213).

6. *Metodisme beskou die leer as minderwaardig en stel lewe teenoor leer.* Koornhof (Julie 1936:213) verwys weer na Wesley wat nie veel waarde aan 'n suiwere leer geheg het nie, solank as daar vrug op sy werk was. Teen die agtergrond van die hedendaagse "Metodistiese kreet: "Gee my lewe en nie leer nie!" sê Koornhof nee, die leer moet 'n rigsnoer wees en die lewe die openbaring daarvan (:213).

- Die Konsekwensies van Metodisme op kerklike gebied

*1. Die Metodiste wek vooroordeel teen die gevestigde kerkorde*

Hieronder lig Koornhof (Augustus 1936:252) 'n paar sienswyses van Metodisme uit en meld onder andere die volgende: "Die absolute en sentrale karakter van die Pinksterwonder word negeer; daar moet weer apostels, evangeliste ens., wees; daar moet weer 'n uitstorting van die Heilige Gees plaasvind; en daar is 'n gedurige gesug na massa-bekeringe soos op die Pinksterdag. By baie lidmate van ons Kerk vind ons nog sulke verwagtings. En as die verwagtings nie verwesenlik word nie, ontstaan as vanself 'n gevoel van vooroordeel en antipatie teen die gevestigde Kerkorde en word gretig gegryp na Metodistiese opwekkingsdienste."

*2. Die Metodisme verontagsaam die verbondsmatige beskouing van die Kerk*

*3. Die Metodisme lei tot uitwissing van Kerklyne.* Hierdie houding word ingeneem deur diegene wat "die bekering van siele" as enigste en laaste doel voor oë het. Dan kom dit immers nie meer daarop aan in watter kerkverband gewerk word nie, solank as siele maar gewen word. "Op hierdie standpunt word 'n bepaalde kerkverband dan ook beskou as iets wat hinderlik en stremmend inwerk op die werk van die 'sielewenner'. Daarom praat 'n man as [sic] Eerw. Lionel Fletcher van die 'saaie routiene van die kerkdiens' waar daar nie genoeg gebied word vir siele-redding nie. En daarom vind ons die begeerte by baie mense in ons Kerk dat die kerkdeur wyd oop gesit moet word vir enige opwekkingsprediker - van watter denominasie ook al - wat daarop uit is om siele te wen" (Koornhof Augustus 1936:252).

*4. Metodisme bied 'n vrugbare bodem vir die ontstaan van buitekerklike strominge en verenigings.* Verwysende na die Metodiste se "*ecclesiolae in ecclesia*" en "*society*-gees" noem Koornhof (:252) dat hierdie Metodistiese neiging by baie lidmate in die Kerk bestaan wat


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorstanders is van sulke beweginge soos die A.E.B. en Oxfordgroep "en by diegene wat herhaaldelik briewe van verontwaardiging in die nuusblaaie laat verskyn as teen sulke strominge gewaarsku word. Die Metodistiese neiging bied 'n vrugbare bodem vir die bestaan en voortbestaan van sulke buitekerklike vereniginge binne ons Kerk"

- Die Konsekwensies van Metodisme op die gebied van die prediking

1. *"Metodisme verontagsaam die amptelike karakter van die prediking."*

Hieronder verwys Koornhof (:253) na die lekepredikers wat met die minimum opleiding "op voetspoor van die stigter van Metodisme sig ten doel (stel) om die wêreld te bekeer, om almal te red wat verlore is." Die vernaamste vereiste is dat sodanige persone die Heilige Gees en spesiale gawes tot die prediking moet besit. Ook hier verwys hy na die A.E.B.

2. *"Metodisme verontagsaam die verbondsmatige karakter van die prediking."*

Hy het dit teen die gedagte dat verbondskinders, gelowiges, in die eerste plek die voorwerp van die prediking is, terwyl dit eerder gerig moet wees teen 'n groep onbekende of gedoopte heidene. Uitsluitlik enkele bekeringspreke behoort gelewer te word. Prediking wat op "siele-redding" gemik is, hoort volgens hom by die heidene in die sendingveld, of vir verwaarloosdes in die agterbuurtes, maar nie in die boesem van 'n gevestigde gemeente van Christus nie. Hy ontken daardeur nie dat die prediking ook soms met die eis van bekering tot die gemeente moet kom nie, maar dit moenie primêr wees nie.

In die eerste instansie moet die prediker hom rig tot die gemeente as heiliges in Christus Jesus. Die opbouing in hulle allerheiligste geloof en stigting van die kinders van God moet die vernaamste uitgangspunt wees. Vir Koornhof blyk dit nou dat die verbondsmatige karakter van die spesiale evangelieprediking baie ernstig in die gedrang kom as die redding van siele die hoogste en enigste doel word. In dié sin is spesiale evangelieprediking in 'n gemeente onskriftuurlik en die kinders van God moet kla omdat hulle met melk in plaas van met vaste spyse gevoed word (Koornhof Augustus 1936:253).

3. *"Metodisme gee aan die prediking 'n oordrewe gevoelskarakter."*

Volgens die Metodisme moet siele gewen word en daarvoor moet allerhande middels en metodes aangewend word. Hulle maak 'n eensydige beroep op die "vrye wil" van die mens, werk op die gevoel van die hoorders deur 'n aangrypende boeteprediking, deur indrukwekkende en vreesaanjaende voorstellinge van die eindoordeel en die ewige verdoemenis, en deur 'n oordrewe wederkoms-prediking wat dikwels ook chiliasties is. Die prediking moet so dramaties moontlik wees. Die aanhoudende en lewendige gesing van liedere moet tot die atmosfeer bydra. Koornhof meen dat mense sodoende deur 'n "religieuse terrorisme" gedwing en gedrywe word tot bekering, wat dan meer bestaan uit 'n vlug van die toekomende oordeel as uit 'n terugkeer tot God. Hierdie opwelling van die gevoel gee dikwels aanleiding tot 'n skynbekering en die mense


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kom spoedig weer deur die werklikheid van die lewe tot die ontnugtering dat alles maar skyn was (Koornhof Augustus 1936:253).

4. *"Metodisme bevorder nie exegetiese* [sic] *prediking nie wat dan oppervlakkig en eentonig word."*

Omdat alles in die prediking gemik is op die bekering van die mens, moet die Metodis noodwendig 'n groot deel van die Skrif vergeestelik, verallegoriseer en selfs verdraai. Gevoelsprediking wat bestaan uit heilsoproepe bied geen geleentheid vir die leerstellige of eksegetiese nie (Koornhof Augustus 1936:254).

- Die Konsekwensies van Metodisme op die Geestelike en Algemeen-natuurlike gebied

*1. "Metodisme kweek gevoelschristene."*

Koornhof se beswaar teen die Metodis is omdat alles gepaard gaan met 'n mate van gevoel. Dit is die rede waarom twyfel dikwels oorslaan in moedeloosheid en wanhoop. Daar is 'n gedurige gesug na opwekkingsdienste, herlewings, konferensies ens., wat dan kunsmatig weer die kwynende vlammetjie vir 'n tydjie laat opflikker (Koornhof September 1936:280).

*2. "Metodisme werk nie bevorderlik tot die ontwikkeling van 'n harmonieuse lewens- en wêreldsbeskouing nie."*

Die godsdiens van die gevoelschristen is beperk tot die kerk en die binnekamer en hy is nie besorg oor wat op ander terreine van die lewe plaasvind nie. Hy staan onverskillig teenoor byvoorbeeld 'n Christelike Wetenskap, Christelike Nasionale Onderwys, ens. (Koornhof September 1936:280)

3. *"Metodisme is tevrede met 'n minimum geestelike kennis."*

"Die Evangelie van die saligheid word tot 'n minimum gereduseer." Die bekeerling wil net weet dat hy deur geloof in die sterwe van Christus gered word. "Van die diepte en rykdom van die genade van God waardeur hy gered is weet hy niks nie" (Koornhof September 1936:280).

*4. "Metodisme maak sig skuldig aan die skeiding van natuur en genade."*

In hierdie sin word die Metodisme se asketiese neigings en wettiesheid behandel. "Die wêreld as die skone skepping van God word as sondig beskou, en aan anti-christelike magte oorgegee" (Koornhof September 1936:281).

*5. "Metodisme lei konsekwent tot Humanisme."*

In die Metodisme is die mens in die middelpunt en daarmee saam die bekering, heiligheid en arbeid van die mens.(Koornhof September 1936:281).

In die laaste plek, behandel Koornhof (September 1936:281) die verband tussen Metodisme en Calvinisme en sy interpretasie kom kortliks op die volgende neer:

Metodisme en Calvinisme staan lynreg teenoor mekaar. Metodisme neem 'n vyandige houding teenoor Calvinisme in en beskou Calvinisme as vernietigend vir Metodisme. Metodisme en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Calvinisme verskil radikaal in hul verklaring van die Woord van God. Metodisme is antroposentries, terwyl Calvinisme teosentries is. "Die Metodis vra in die eerste plek: hoe word die mens gered? - die Calvinis vra: hoe kom God tot Sy eer?"

'n Baie belangrike slotopmerking wat Koornhof (September 1936:281) maak, en wat na my mening 'n algemene interpretasie is van gereformeerde spiritualiteit, is die volgende: "Dit is dan ook alleen onkunde en gebrek aan onderskeidingsvermoë wat laat uitroep: 'Na my geloof wil ek graag 'n Calvinis wees, maar na my lewenswandel en prediking sou dit my 'n eer wees om 'n Metodis genoem te word.'"

*7.1.2 Ds.Bosman en Metodisme*

Ongeveer 24 jaar voordat Koornhof sy referaat gelewer het, het een van die bekendste predikante van die Ned.Geref.Kerk, t.w. ds.H.S.Bosman, 'n rede gevoer waarin o.a. die kwessie van Metodisme onder die soeklig gekom het.

Die gehoor het die boodskap soos volg beleef: "Onder doodse stilte werd de met ernst, bijna hartstocht uitgesproken rede van de moderator van't afgelopen kerkjaar aangehoord" (Bosman 1912:3). Ter inleiding wys ds.Bosman daarop dat die doel van sy rede is die "toelichting en verdediging van ons kerkelik standpunt, ook terwille van 't opkomend geslacht, dat maar al te min weet van die loop der zaken" (:3).

Hierdie rede van ds.Bosman, en veral die punt oor Metodisme, gee 'n goeie verweer op die meeste van die beskuldigings wat Koornhof aangeraak het. Ter verdediging van die Kerk se standpunt teen die beskuldigings, behandel Bosman die volgende punte: Uitverkiesingsleer, Die Koningskap van Jesus Christus, Evangeliese gesange, Die Dordtse Kerkorde, Metodisme, die naam en ontstaan van die Gereformeerde Kerk en laastens "nog meer beschuldigen".

Hy wys daarop hoe die susterskerke die Kerk verdag maak deur allerhande beskuldigings. "Het Metodisme, waarvan zij ons beschuldigen is in hen oog gevaarliker dan 't liberalisme" (Bosman 1912:3). Hierop vra hy wat van dr.Kuyper (wat die Calvyn van die negentiende eeu genoem word) se onheilige bondgenootskap met Rooms Katolisisme (:3). Bosman sê dat hiper-Calvinisme en Rooms-Katolisisme tweeling-broers is. Indien hy moes kies tussen Metodisme en Rooms-Katolisisme, sou hy tienmaal eerder eersgenoemde kies. "Immers zowel die leer der heilige Drie-eenheid als die der goddelike ingeving der Heilige Schrift en ook die der godheid van Jezus Kristus zowel als de rechtvaardigmaking alleen door 't geloof...worden alle door het eerste (Metodisme) geloofd en beleden (:3,4).

In sy boodskap verdedig hy die Kerk se standpunt en anders as wat 'n mens sou verwag van 'n teoloog van sy statuur, tree hy terselfdertyd op ten gunste van Metodisme.

Bosman (1912:13) haal prof.P.C.Stroom aan wat 'n proefskrif geskryf het oor Metodisme en wat van kleins af gewaarsku is teen die "verkeerde en sondige" van hierdie rigting. Tog spreek hy van die Metodisme as 'n groot geestelike beweging waardeur God groot werk tot stand gebring het. Verwysende na Whitefield en Wesley sê hy dat hulle ware instrumente in God se hand was om die Christendom uit die diepe en sondige slaap wakker te skud en "waar de stroom van geestelik leven in orthodoxisme en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

rationalisme verzandt, daar is een revival (opwekking) van methodistiese trant al te vaak het enig redmiddel" (:13).

Vir Bosman (1912:13) is die essensie van die saak die teorie en praktyk wat met mekaar bots. "Als wij nu plechtig verklaren dat wij in de leer niet methodisties maar ook streng gereformeerd zijn - en geen Neo-Calvinisten - zal men dit niet dadelik willen geloven, maar ons toevoegen: geheel uw kerkelik leven is doortrokken van methodistiese praktijken; als daar zijn biduren, het knielen, allerlei verenigingen, kinderharp liederen, enz.,enz....Men wil kerkhervorming en niet kerkherleving. Men is bang voor opwekkingen, schokkende predikaties, speciale dienste, konferenties van velerlei aard! Men wil de leer, de 'gezonde woorden'. Stil, kalm, bedaard, ongeroerd, op een stapje - ja, dit is echt gereformeerd, en het tegenovergestelde is methodisties! .... Onse leven moet dan ook meer Kristo-centries dan Dort-centries zijn; moet zich meer bewegen om een persoon dan om een zaak. Wij moeten hem kennen en niet alleen zijn leer." (:13).

Bosman (1912:13) maak beswaar teen die feit dat die proefondervindelike kennis van die Saligmaker so dikwels gemis word onder kenners van die gereformeerde leer. Hy sê dat in die goeie oue tyd in Nederland altyd gehoor is: "Ik ben bekeerd", maar nou hoor ons net "Ik ben Gereformeerd" (:14). Die ware godsdiens is lewe en nie reël nie; dis 'n lewende beginsel en nie uiterlike vorm nie, "Kristus en niet Kalvyn! Men is in een enghartig kerkisme tevreden..." (:14).

In "Een Terugblik op Kerkelijke en Godsdienstige Toestande in de Transvaal" neem ds.Bosman (1923:113) 'n aanhaling uit Bavinck wat onder andere beweer dat Metodisme onder andere bestaan uit persoonlike bekerings en 'n openbaring van 'n nuwe lewe in 'n nuwe vorm. Bosman reageer hierop: "En is dit dan zoo ongereformeerd, onbijbelsch en dus verwerpelijk? Beteekent 'epistrophe' (uiterlijk gedrag) dan meer als 'metanoia' (gemoedsverandering)? Mijn werd eenmaal gezegd door een ouderling, 'Bekeering is alleen noodig voor de heiden en niet voor de Christen.' Word er dikwijls in onze kerken gepredikt over bekeering des harten? Och, of wij koud waren of heet?" (:113).

Hy teken verder beswaar aan dat geen stemme opgaan (veral by die jongere broeders) vanuit gereformeerde kringe dat hulle na iets beters, iets hoërs, iets meer geestelik verlang "dan er in de regel in eigen kraal te vinden is. De Koning der kerke sterke en bevredig die begeerte, dan zal er minder over en tegen z.g. methodistiese praktijken gesproken en geschreven worden, en de kloven tussen ons en hen zal minder diep en minder breed zijn, en uiteindelik gedemp" (Bosman 1912:14).

Vervolgens behandel Bosman die aspekte waaroor die Ned.Geref. Kerk altyd van beskuldig word as sou hulle Metodistiese praktyke beoefen:

Bidure: Hy sê dit is net so min onbybels en anti-gereformeerd as die verandering van die laaste dag van die week as rusdag na die eerste dag (Bosman 1912:14). Hy vra of die gemeente van Christus dan geen behoefte het aan aanvuring van haar liefde vir die Koning, sowel as die versterking van haar geloof deur gemeenskaplike gebed nie. "Haalt de gloeiende kolen uit elkander en spoedig gaan zij dood; brengt ze bijeen, blaast daarover en een vlam ontstaat!" (:14).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy neem verder as voorbeeld die algemene vergaderings (sinodes) waar onder andere eendragtig saam gebid word. "Is dit alles dan enkel methodistiese en ook niet bijbels, apostolies, kristelik, noodzakelik, onmisbaar? Is het gebed dan niet de ademhaling der ziel, de polsslag, de barometer, het weerglas van het geestelik leven? (Bosman 1912:15) Hy verwys weer na Kuyper se opmerking: "Bidstonden zij ongetwijfeld zeer aan te bevelen..." (:15). Selfs die knielende posisie word as Metodisties beskou en op bekwame wyse weerlê ds.Bosman dit (:15).

Oor die voortdurende bid om die uitstorting van die Heilige Gees, gee Bosman (1912:16) ook hier bewyse dat dit wel Skriftuurlik is.

Omdat die verskeie verenigings, konferensies en opwekkingsdienste ook as Metodistiese elemente beskou word, vra Bosman (1912:17) die vraag hoe die Kerk daarin kan slaag om die jongmense ná hulle voorstelling blywend te beïnvloed. Die Skrif verwys dan na skape (probata), lammers (arnia) en jong skape (probatia) waarna omgesien moet word. "Indien men nu gebruik maakt van hulpmiddelen, soals allerlei verenigen, bijbelkringen, debats-, jongelieden-, strevers vereniginen - is dit dan methodisties...? (:17).

Bosman (1912:17) is meer besorg oor die toestand van die tyd en daarom is al hierdie voorskrifte so onnodig. "...Dort heeft ons toch ook niet willen voorschrijven hoe of hoe niet wij alles moeten worden, opdat wij enigen behouden mochten! De tijd is zo ernstig, de afval zo groot, de onkerkelikheid neemt hand over hand toe, het ongeloof en het bijgeloof werken zo verwoesten, zullen, mogen, durven, kunnen wij stil zitten en maar Gods water over Gods akker laten lopen? Men doe ons toch geen moeite aan. Wij menen ook de Geest van Christus hebben! Het werk is al zwaar genoeg, men make het toch niet nog moeiliker!"

Die volgende saak wat hy opneem is die beswaar teen opwekkingsdienste en verskillende soorte konferensies. Onmiddellik verwys Bosman (1912:17) na die groot gees van Calvinisme, dr.A.Kuyper wat glo: "Dat er soms tijden zijn dat de Kerk van Christus bezield is en vol heilige verrukking; dan wordt het heerlik genot gekend dat er stromen van leven en zegen uit het hoofd op de lede vallen." Hierby betrek Kuyper die vroeë kerk, asook die tye in die geskiedenis van die kerk soos die Reformasie en Réveil toe sulke tye van verkwikking plaasgevind het asook "in geestelike bewegingen der 19de eeuw veel heerlike veerkracht openbaar worden - zalige ogenblikken waarin de kudde des Heren zich weer zielzinnig één met haar Hoofd en Heiland gevoeld heeft" Dan voeg Bosman by: "Is dit niet schoon gezegd? En hij is toch geen methodist!"

Vervolgens verwys ds.Bosman (1912:17) ook na 'n opmerking wat dr.H.de Cock van die Gereformeerde Kerk in Nederland gemaak het ná die herlewings wat in 1859 ontstaan het: "God gaf een milde regen van Zijn Geest. De geschiedenis van de laatste dagen strekt hiervoor ten bewijze....Mocht de Here zich ook onzer (in Nederland) ontfermen en ons ook genadig zijn." Hy noem ook die naam van Da Costa "de held van de Reveil in Nederland" wie se eerste geskrif gehandel het oor 'n opwekking tot gebed vir die Heilige Gees. "En wat was die man duizenden tot zegen geweest! Ook voor de waardige Prof.Cachet!" (:18). Ook teenoor ds.S.J.du Toit voeg ds.Bosman woorde van hoë agting toe: "...ik heb geen groter


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Reveil prediker gehoord dan hij geweest is gedurende de eerste jaren van zijn evangeliebediening. En nocht hij, nocht ds.v.d. Lingen was een methodist." (:18). Hierna waarsku hy ernstig: "Men houde toch op om over deze heilige dingen lichtvaardig, afkeurend, ja zelfs spottend te spreken (:18).

'n Ander outoriteit in gereformeerde kringe, dr.Bavinck, word ook na verwys wat gesê het: "dat revivals, ondanks vele excessen, het godsdienstig leven in breede kringen weer gewerkt en bevestigd heeft, en niet zulden rijke vruchten dragen" (Bosman 1912:18) Hierop volg ds.Bosman met 'n sug: "Och, dat Gods Geest over de Kristelike Kerk vaardig wierde! Dit is het enig geneesmiddel voor al onze geestelike kwalen! Waar de Geest des Heeren is, daar is 'Vrijheid en Leven!'"

Nog iets wat vir die Calviniste 'n teer saak is, is die onmiddellike bekerings. Ds. Bosman betrek dr.J.D.du Toit (wie se proefskrif gehandel het oor Metodisme) wat skryf dat bekering uit drie sake bestaan, naamlik dat dit 'n mens iets spesifieks moet ondervind; na 'n definitiewe oomblik moet kan verwys en 'n openlike verklaring daaromtrent doen. Hierop is Bosman se reaksie: "Maar waarom noemt hij zulk ook bekering methodisties? Is zij ook niet bijbels, apostolies, gereformeerd?" Eigen bekeringsgeschiedenis mag wel niet als model aan anderen voorgehouden; doch hoe men Gods leven in eigen ziel kan ontvangen zonder iets specifieks te ondervinden - de een meer en de ander minder, maar dan toch altijd een ondervinding -is mij altans niet duidelik. Het is wel geen 'sine qua non' dat men weten moet, wanneer men tot bekering komt- Tim. moet wees wist het niet - doch dat men van het felt zelve - dat grote keerpunt in eens mensen leven - overtuigd moet zijn, kan niet anders dan eeuwig waar wezen" (Bosman 1912:18).

Mense soos Johannes, Augustinus, Van Zinzendorf en Wesley kon na definitiewe oomblikke van hulle bekering verwys. Ook skryf ds.S.J.du Toit "een allerroerendste beschrijving" (op pp.232-234 van zijn Huiskerk) wat plaasgevind het agter sy ouerhuis langs 'n sloot by 'n boomstam. "Welk een onvergetelik moment, toen er ook in zijn ziel iets specifieks plaats vond! En hij was geen methodist, net zo min als Augustinus of Johannes, of Luther....en ds.v.d.Lingen....en is het dan methodisties en ook niet Bijbels om te gaan vertellen welke grote dingen God aan ons gedaan heeft?" (Bosman 1912:18).

Ds.Bosman het verder ook 'n probleem met die beswaar wat gemaak word oor die wen van siele. Hy vra of die predikant dan nie 'n "zielzorger" is nie en wat van die Skrif wat sê dat "Hy wat siele win is wys"? "Waar is die brandende hartstocht, dat smachtend verlangen? Hoe heeft Paulus niet gearbeid, gezwoegd, gebeden om de Galaten te baren? Hoe bedroevend weinig wordt er van zielzorg gesproken in de 17 vragen die, volgens de professor, gedaan moeten worden bij huisbesoek? (Bosman 1912:19).

Ds.Bosman (1912:19) se versugting is dat ons moet wag in Jersusalem totdat ons met die krag van die Heilige Gees bekragtig is om, soos die apostels gedoen het, te preek, sodat "10-talle, 100-talle en selfs 1 000-talle" tot bekering mag kom. Hy besef dat dit nie afhang van die prediker se geleerdheid, welsprekendheid of gereformeerdheid nie, maar soos Paulus dit stel: "Want ons evangelie het tot julle gekom nie in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees en in volle versekerdheid."


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Doch juist zulke krachtige, geest-driftvolle, opwekkende, schokkende predikasies wil dr.du Toit niet. Het moet alles op een stapje gaan. Het mag nooit gezegd worden: "zij zijn vol zoete wijns", want dit is aalweer methodisties! Maar welke boetpredikers waren A.Brakel, en Smytegelt en Mel, en de gebroeders Erskine van Schotland, welker werken vertaald en zo vel gelezen werden in Nederland en de vele Nonconformisten van wie dr.K. verklaart dat "hun invloed op onze strikt gereformeerde kringen van meet af zeer sterk geweest is, iets wat vooral daaraan te wijten is dat men in Engeland en Schotland meer dan ten onzent het prakties terrein bestudeerde en in populaire stijl schreef" (Bosman 1912:19).

Hy vra of daar dan geen boetepredikers onder die profete was nie; wat van Johannes die Doper en Jesus? Staan daar dan nie: "Dwing hulle om in te kom" nie? "Wel geen dwang door geweld, maar dan toch zeker dwang ener brandende liefde die uitnodigt, uitlokt, beweegt, overreedt, aanhoudt en meesleept; 'met alle bidding en smeking, biddende ten alle tijde in de Geest, en tot hetzelve wakende met alle gedurigheid en smeking voor al de heiligen'. En hoe dan met die opgewekte, bezielende, schokkende Hagepreken in de eerste tijden der Reformasie, zowel als in de dagen der afscheiding en der Doleantie in Nederland? En de voorgangers waren toch zeker niet methodisten!" (Bosman 1912:20).

Weer eens word dr.Kuyper bygetrek wat sê dat "de tederer en bewegeliker snaren van het menselik gemoed tans te weinig betokkeld worden." Bosman (1912:20) voeg by: "De taal des geloofs, de bezieling der liefde, de warmte der emotie mogen niet ontbreken. Ja zeker, er moet vuur in onze prediking zijn. Alleen de zelf geroerd is kan anderen roeren. Ons woord moet bezield zijn om bezielend te kunne weken. Het woord Gods moet tot onze eige zielen spreken. Het moet onszelven beschamen, vertroosten, vernederen, verheffen, opwekken - doch juist die opwekking wil de Geref. niet. 't Is methodisties!" Weer eens wil hy weet of ds.Van der Lingen Metodisties was toe hy geesdriftig deelgeneem het aan die bidure en spesiale dienste tydens die opwekking in 1861.

Hy sluit hierdie onderwerp oor Metodisme af met die Skrifwoord wat sê dat die letter doodmaak, maar die Gees maak lewend (Bosman 1912:20).

Uit 'n ander bron van ds.Bosman "*Een Terugblik op Kerkelijke en Godsdienstige Toestande in de Transvaal*" kom 'n vraag aan ds.J.D.du Toit en ander Gereformeerde en Hervormde predikante voor. Hy vra of hulle sal ophou "om met ons fout te vinden als Kaapsch, ongereformeerd, methodistisch, kolonianers, enz." (Bosman 1923:109,110). Hy verwys na 'n berig waarin "dr.du T" negatiewe uitlatings maak oor die opwekkings van 1860 en die bidstonde, spesiale evangelieprediking en konferensies ter verdieping van die geestelike lewe afmaak as "versteende korst". Bosman vra dan die vraag of die bidstonde dan so onbybels is. Ook hier verwys hy na die reeds aangehaalde opmerking van dr.A.Kuyper se *E.Voto* (Deel IV,p.405): "...als het gemeenschappelijk gebed nagelaten wordt, ook het eenzaam gebed verstomde....Bidstonden, of uren des gebeds zijn ongetwijfeld zeer aan te bevelen."

Ds.Bosman was geensins onverskillig ten opsigte van samewerking met ander gereformeerde kerkgenootskappe nie. Hy doen 'n beroep op die kerke dat onderlinge verskille uit die weg geruim moet word en dat gestreef moet word na samewerking. As predikant van die N.H of G..Kerk meen hy dat die twee susterskerke te veel onder Nederlandse invloed is. Hy koester die ideaal dat dit wonderlik sou wees

Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as die drie kerke verenig kon word onder een naam. Dit is dus duidelik dat die vrees vir die invloed van Metodisme in gereformeerde kringe die besef laat ontstaan dat die ideaal van kerklike eenheid nie maklik verwesenlik sal kan word nie.

Bosman (1923:115) betrek ook 'n artikel in die "Hervormer" deur ds.Van Belkum wat lui dat aspekte soos "gevoels theologie" en "methodistiese praktijken" van die oorsake kan wees waarom eenheid tussen veral die twee kerke nie moontlik is nie). Ds.Van Belkum beskou "de methodistische instellingen der Wesleyanen, zooals speciale opwekkingsdiensten en methodistische gebruiken" as van die vernaamste hindernisse vir kerklike vereniging. Hy sien dit as gevoelsteologie wat die bekering van siele vooropstel en nie die eer van God nie. Hieroor spreek ds.Bosman sy verbasing uit en vra of elke evangeliedienaar, ook die Hervormers, nie die sieleheil van mense op die hart dra nie (:117).

Dat ds.Bosman hierdie aspek oor die Metodisme baie ernstig opgeneem het, spreek ook uit die feit dat 'n reeks artikels in *Die Kerkbode* verskyn het onder die opskrif "Ontboezemingen". (Vanaf die uitgawe van 23 September 1931 tot 30 Desember 1931 is hierdie betrokke onderwerp behandel).

### *7.2 Twee rigtings van Calvinisme - "Bekommerd"-korrespondensie*

Net so fel as wat die aanslag teen Metodisme in die Ned.Geref.Kerk was, so het beswaarde Evangeliesgesinde predikante met tye te velde getrek teen die geweldige toename van 'n oorbeklemtoning van Calvinisme. Daar was 'n openlike verdeeldheid onder predikante wat verskillende teologiese strominge tot gevolg gehad het. De Gruchy in Hofmeyr (1990:144) onderskei tussen die drie "models of churchmanship" in die Ned.Geref.Kerk, naamlik die tradisie van Andrew Murray (sending-georiënteerde en piëtistiese Evangelies-gesindes), die tradisie van Abraham Kuyper (Calvinisme as 'n lewenstyl) en diegene wat meer onlangs beïnvloed is deur die neo-Calvinisme van teoloë soos Karl Barth, Hendrik Kraemer en G.C.Berkouwer. In die breë gesien, onderskei ons hier net tussen die Evangelies-gesindes en neo-Calviniste of Kuyperiaanse teologie.

Een persoon wat, soos sy skuilnaam lui "bekommerd" was oor die sterk neiging onder predikante na die neo-Calvinistiese denkrigting van Kuyper, het in 1936 'n reeks artikels geskryf met die titel: *"Christus die Deur- Die Twee Rigtings van Kalvinisme"*. Hierdie reeks artikels wat aanvanklik in *Die Kerkbode* verskyn het, is in 1936 in pamfletvorm uitgegee.

In hierdie reeks spreek "Bekommerd" hom uit oor die klemverskuiwing onder predikante na die meer ortodoks-gereformeerde rigting. Hy verwys na die twee rigtings van Calvinisme wat 'n beliggaming het in die Gereformeerde Kerk asook in die Ned.Geref.Kerk, met elk 'n eie interpretasie daarvan. Volgens hom is daar geweldige magte aan die werk om die Ned.Geref.Kerk van sy eie karakteristieke kenmerke te beroof en al meer en meer Enkel-Gereformeerd te laat word. (Bekommerd 1936:2). Hy benadruk die evangeliese karakter van die Ned.Geref.Kerk wat gewis nie by die Gereformeerde Kerk te vinde is nie en voeg by dat hierdie streng Evangeliese gees die Ned.Geref.Kerk roemryk gemaak het, ook in die buiteland onder al die Evangelies-gesinde kerkgenootskappe, sodat die Kerk dikwels ook in die buiteland beskryf word as die "mees Evangeliese Kerk in die wêreld" (:3).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens hom word die saak van die wedergeboorte hoog aangeskryf deur die Ned.Geref.Kerk, maar deur die Gereformeerde Kerk verwaarloos. Hy verwys na prof.J.Murray se katkisasieboek waarin die noodsaaklikheid van wedergeboorte vir kerklidmaatskap benadruk word, asook heiligheid waarna elke wedergeborene moet strewe omdat die Christelike Kerk ook 'n heilige kerk is (Bekommerd 1936:8). In sy verweer spandeer hy baie aandag aan die verdediging van wedergeboorte en die noodsaaklikheid om na sondaars uit te reik. Hy doen 'n striemende aanval op die beskouing dat saligheid deur die doop verkry word.

In hierdie artikel noem die skrywer dikwels die naam van die Gereformeerde Kerk, maar bedoel daarmee ook die neiging van die streng gereformeerde predikante binne die Ned.Geref.Kerk. So haal hy een van hulle aan: "Dit is nie die roeping van die Kerk om die onbekeerdes tot bekering te roep nie. Die Kerk het nie nodig om uit sy pad te gaan om die verlore massas daarbuite in te bring nie..." (Bekommerd 1936:14).

Selfs die aanval van die Gereformeerdes op spesiale evangelieprediking kom ook in gedrang. Hy maak die skokkende opmerking dat "Iemand wat 'n baie hoë pos *in* ons Kerk beklee, maar *van* die Ger.Kerk is, het van die dienste van ds.Fletcher gespreek as 'Metodistiese gemors!'" (Bekommerd 1936:22).

Oor die prediking stel "Bekommerd" dit soos volg: "Die soort van prediking wat vir 'n driekwart eeu gangbaar was in ons Kerk en in nagenoeg alle Evangeliese Kerke en wat God in Sy genade gebruik het om duisende en tienduisende siele uit die duisternis tot Sy wonderbare lig te trek, verskil hemelsbreed van die soort van prediking wat nou deur die Neo-Kalviniste aangeprys en beoefen en aan ons opgedring word. Mag God ons dierbare kerk daarvoor bewaar." Hierna verwys hy na verskeie binne- en buitelandse predikante met die opmerking: "Onder hulle is vol-bloed Kalviniste (nie neo-Kalviniste nie!) en andere wat nie tot die Geref. Kerke behoort nie. Hulle verteenwoordig almal die suiwer Evangeliese rigting wat ook die rigting in ons Kerk was vir 'n driekwart eeu" (Bekommerd 1936:32).

Ten slotte teken hy die volgende beswaar aan: "Wat sal ons alles moet opgee as die Neo-Kalviniste of Kuyperisme die oorhand behaal?....Ons sal moet opgee - die soort prediking wat ons vandag ken; ons Bidure; die Sondagskool; ons Spesiale prediking; ons Sendingywer; die Vroue en Manne Sendingbond; die Mede-Sending Arbeidsters en Kinderkranse; die Strewers Vereniging en die Studente Vereniging....Al hierdie dinge moet gaan, WANT HULLE IS MOS ONKALVINISTIES!" (:46).

### *7.2.1 Reaksie op "Bekommerd" se aantygings*

Dr.J.H.Eybers (*Die Kerkbode* 20 November 1935:998) wil meer duidelikheid hê oor wat "Bekommerd" presies bedoel by die twee rigtings van Calvinisme, en verstrek sy eie opsomming van die twee groepe: Die eerste rigting is dié wat die Heilige Skrif in sy interpretasie en toepassing daarvan in die praktiese, geestelike en kerklike lewe nie in alle opsigte tot sy reg laat kom nie. By die ander rigting kom 'n meer gesonde harmoniëring van leer en lewe, gemeet aan die Skrif, voor. 'n Voorbeeld van die eersgenoemde rigting meen hy, is tiperend van die "Enkel"-Gereformeerde Kerk, terwyl laasgenoemde in die Nederduits Gereformeerde Kerk gestalte vind. Dit wil dan, na sy oordeel, beteken dat die leer in die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geref.Kerk nie in alle opsigte reg verklaar en suiwer toegepas word nie (*Die Kerkbode* 20 November 1935:998).

Eybers verwys na die volgende aanhaling van ds.Krige (wat ook op "Bekommerd" se skrywe gereageer het) :"Niemand kan die Enkel-Geref.Kerk beskuldig aangaande die leer nie. Hulle is stip ortodoks en print hulle lede dit ernstig op die harte by die openbare belydenis van hulle geloof" (Aangehaal in *Die Kerkbode* 20 November 1935:998). Hierop reageer Eybers baie ferm en lei dan af dat ds.Krige se beskouing een van die volgende twee betekenisse kan inhou:

> "...óf dat daar nie twee rigtings in die Kalvinisme in Suid-Afrika bestaan nie, óf dat daar wel twee bestaan, maar dat dié wat in die "Enkel"-Geref. Kerk gehuldig word, in ieder geval 'n onaantasbare is. Laasgenoemde beskouing is seker dié wat sal aangetref word ten minste by 'n gedeelte van die predikante en lede van die "Enkel"-Geref.Kerk. Maar dat dit die opvatting kan wees wat Ds.Krige of enige ander goedingeligde predikant van ons Kerk oor die saak onder bespreking daarop na hou, kan ek nouliks glo" (:998).

Dr.Eybers laat "Bekommerd" eers met rus en val die aanhaling van ds.Krige aan, veral oor die gebruik van sy woordkeuse van "stip ortodoks". Oor die woordjie "stip" sê hy onder andere dat dit 'n goeie hoedanigheid is om nougeset te wees in die leer van jou kerk "mits dit nie 'n mens se enigste hartstog word nie, sodat jy nie ook tegelyk 'n oor het vir *al* die hemelse stemme, waarmee God tot die hart van Sy volk wil spreek nie..." (*Die Kerkbode* 20 November 1935:998).

Oor die woord "ortodoks" laat Eybers hom soos volg uit:

> "Miskien weet ons almal van mense wat vuur en vlam is oor die ortodoksie en tog geheel onskriftuurlike beskouings daarop nahou aangaande groot lewensvraagstukke van die Koninkryk van die Saligmaker, soos bv. die sendingsaak, die weg van saligheid, die regmatighid en gepastheid van 'n oproep tot bekering van die hart tot God vir gedoopte lede van die Kerk en selfs ook vir belydende lede, wanneer dit nl. uit hulle werke blyk dat hulle lewe hulle belydenis loënstraf. Om hierdie redes, meen ek, moet 'n mens baie versigtig wees hoe jy aangaan met woorde soos "Stip ortodoks'!" (:998).

In 'n opvolguitgawe van *Die Kerkbode* gaan Eybers voort met sy kritiek teen Krige en blyk dit asof hy meer begrip vir "Bekommerd" het. Hy beveel aan dat die Ned.Geref.Kerk op selfstandige lyne die gereformeerde leer verdedig, bewaar en ontwikkel "en dat ons in liefde vir ons broeders in die Afgeskeie of "Enkel"-Geref.Kerk toon al die punte waarin ons oortuig is dat hulle toepassing van die Gereformeerde leer noodwendig tot verarmoeding van die erfdeel van die Heer in die Kerk sal lei....En ek dink, hier lê die grondmotief vir die ambisies wat "Bekommerd" koester. Dit spruit m.i. uit 'n meer suiwere goed, ingeligte en sielsherderlike vêrsiende aandrang as wat sommige van sy respondente in *Die Kerkbode* skyn te vermoed....Maar sy artikels verdien m.i. oor die algemeen ons ernstige aandag. Hulle getuig van ervaring en insig en ook van 'n goeie mate van eerstehandse kennis" (*Die Kerkbode* 11 Desember 1935:1163).

Vanuit die Gereformeerde Kerk verwys die redakteur van *Die Kerkblad* ook na die "Bekommerd"-korrespondensie en spreek sy misnoë uit oor die verdeeldheid in gereformeerde geledere. "Waarom is die gebed van Christus om eenheid nog nie in Suid-Afrika vervul nie? Waarom lewe ons kerklik gedeeld, terwyl ons tog daarop aanspraak maak dat ons seuns is van die Reformasie? (Aangehaal in *Die*


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Kerkbode* 18 Desember 1935:1212). Hy sê dat dit meer is as die Gesangekwessie wat die verdeeldheid veroorsaak.

Eienaardig genoeg spreek hy tog sy waardering uit vir die kritiek wat "Bekommerd" lewer. "Al spreek ook daaruit 'n totale onwil om te reformeer en die kerklike gedeeldheid tot 'n end te bring; al word die stukke ook gekenmerk deur algehele berusting in 'n eenmaal-gegewe kerklike instituut met al sy foute; al spreek daaruit ook die poging om teen die Geref. Kerk verdagmaking te saai - tog probeer die genoemde skrywer om rekenskap te gee van wat ons kerklik uitmekaar hou in Suid-Afrika. En daarom kan ek daardie stukke ook waardeer" (*Die Kerkbode* 18 Desember 1935:1212).

In "*Koers in die Krisis*", vol.1, pen dr.P.J.S.de Klerk 'n artikel neer met die opskrif "Calvinisme en Sending". Moodie (1975:64) se kommentaar daarop is dat "Bekommerd" gelyk het, want hierdie artikel bevestig die akkuraatheid van "Bekommerd" se aanval. Hy skryf: "The mission of the church was not to save souls for its own sake, said de Klerk, but rather because this was one way to serve God." Moodie sê dat die bydraes van "*Koers in die Krisis*" nie sou ontken dat hulle drasties met "Bekommerd" verskil nie. "They would have insisted, however, that his position was not an alternative Calvinist one....For, like Kuyper, these Afrikaans neo-calvinists believed that Calvinism was more than simple evangelism" (:64). In 'n verdere verwysing na De Klerk, sê Moodie (1975:68): "In a very real sense, *Bekommerd* as a Murray man, and De Klerk, as a Kuyperian, were talking past each other because they started from fundamentally different metaphysical presuppositions."

(De Klerk, wat nie betrokke wou raak by die "Bekommerd" diskussie nie, het in *Die Kerkbode* (29 Januarie 1936:229) gereageer op ds.G.D.du Toit se versoek rakende die feit dat Calviniste nie so iets as Pinksterbidure en opwekkingsdienste ken nie. Hy versoek "Bekommerd" om op sy skrywe te reageer.)

Intussen gaan die woordestryd rondom "Bekommerd" se korrespondensie oor die twee rigtings van Calvinisme in die Ned.Geref.Kerk voort. Mnr.L.A.du Pisani van Kaapstad spreek sy waardering uit vir die bydrae van "Bekommerd". Veral die gedeelte oor die prediking het vir hom baie beteken. Hy is dankbaar teenoor sy Kerk wat nog altyd 'n suiwer Evangelie verkondig, omdat daar sondaars is wat gered moet word (*Die Kerkbode* 29 Januarie 1936:227).

Hy noem 'n insident as voorbeeld wat bewys hoe daar in die Ned.Geref.Kerk lede is wat aan "verdoppering" is. Dit gaan oor 'n poging wat hy wou aanwend om 'n straatdiens te hou, waarop die reaksie van 'n persoon was dat mense wat hemel toe gaan, buitendien uitverkies is en daarom noodsaak dit geen ekstra pogings om dit te bewerk nie. Du Pisani laat nie op hom wag nie en antwoord: "Wel as dit die standpunt van die Enkel-Gereformeerdes is, waarom dan kerke, waarom die woord van die Here lees en gehoorsaam, want jy sal tog in die hemel kom, of jy dit doen of nie, as jy uitverkies is" (:227). Hy versoek die Kerk om voort te gaan met die suiwere evangelieprediking wat sondaars tot 'n besluit sal bring om Jesus as hulle persoonlike Verlosser te kies.

S.J.Latsky van Stellenbosch sê dat dit goed is om 'n Calvinis te wees, maar dit is nie nodig om Metodisme as uit die bose te beskou nie. Die verskil tussen die twee strominge word verduidelik en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afgesluit met die woorde wat ook deur Koornhof gebruik is:"Na my *geloof* wil ek graag 'n Kalvinis wees, maar na my *lewenswandel* en *prediking* sou dit my 'n eer wees om 'n Metodis genoem te word" (*Die Kerkbode* 29 Januarie 1936).

Een van die gesiene teoloë, dr.B.B.Keet het in "*Die Soeklig*" 'n besadigde bydrae tot die betrokke korrespondensie gelewer. Op versoek is hierdie artikel ook in *Die Kerkbode* opgeneem.

Keet gee 'n baie nugtere uiteensetting van hierdie "partyskappe" wat bestaan en beweer dat partyskappe in die Christelike Kerk altyd valse toestande skep en maak dit vir die partygenoot onmoontlik om sy Christelike geloof in beoefening te bring. "Ons moes b.v. in die laaste tyd die allervreemdste verskynsel belewe dat christene hulle vererg as iemand in diepe sielsbewoënheid sy skuld voor God bely - dit was natuurlik nie tot voordeel van die party nie! En dan die valse waarde wat geheg word aan sogenaamde beginselvastheid (wat miskien niks anders as koppigheid is nie) terwyl 'n daad soos hierbo vermeld, wat tog seker van die rykste genade getuig, veroordeel word as iets uit die bose" (*Die Kerkbode* 12 Februarie 1936:311).

Keet gee erkenning aan die onderskeiding (nie skeiding nie) wat in die partyskappe voorkom. "In grond van die saak is dit dieselfde onderskeiding wat van die vroegste tye onder gereformeerdes gevind is en wat sy dogmatiese uitdrukking gevind het in die supra- en infralapsariese beskouing oor die leer van die uitverkiesing" (*Die Kerkbode* 12 Februarie 1936:311). Eweneens is die twee strominge wat ter sprake is, 'n gegewe feit wat nie weggeredeneer kan word nie en wat maklik tot ongewenste uiterstes aanleiding kan gee.

Vir Keet (*Die Kerkbode* 12 Februarie 1936:311) bestaan die kuns daarin om die regte verhouding te bewaar, en hierin, glo hy, het die Ned.Geref.Kerk in die verlede, ten spyte van veel swakheid, geslaag. Hy sê 'n kenmerkende eienskap van die Kerk se arbeid was altyd die evangeliese rigting, d.w.s. die arbeid aan siele in die kerklike gemeenskap, met inagneming van die verbondsgedagte, om hulle tot geloof in Christus te beweeg en om hulle Christelike lewe te verryk en te verdiep en daarmee saam die voortplanting van die evangelie na buite deur sendingarbeid onder die heidene. "Ons hoef net die name van die Murrays, die Hofmeyrs en die Albertyns te noem, manne wat hul stempel op die prediking en arbeid van die Kerk gedruk het. Hulle het sielserns gemaak met die apostoliese woord: werk julle saligheid uit met vrees en bewing. En tog het hulle die tweede gedeelte van daardie vermaning nie vergeet nie: want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (:311).

Oor die beskuldigings van Metodisme maak Keet (:312) die stelling dat dit ongeoorloof is om nou hierdie sterk beklemtoning van die evangeliese taak as "Metodisties" te bestempel. Net so is die liefde vir siele en die begeerte na verdieping van die geestelike lewe, die hou van konferensies en spesiale evangelieprediking allermins Metodisties. "Ek wil glad nie ontken dat die Metodisme sy invloed op die Ned.Geref.Kerk gehad het nie; ook nie dat die metodes wat aangewend word soms bedenklik kan wees nie; maar die vraag kan wel gedoen word: Is daar dan niks goeds in Metodisme nie? Het daar van die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

magtige beweging dan nie ryke seën gevloei vir die wêreld nie? Kan ons nie van die Metodisme iets leer nie?" (*Die Kerkbode* 12 Februarie 1936:312).

Keet verwys na sy leermeester, prof.Bavinck, wat gesê het dat die Metodisme ook vir die Gereformeerde Kerke in Holland iets te sê het. Hy spreek sy vrees uit dat die Kerk al hoe meer die toestand nader van: "Gee 'n hond 'n slegte naam en hang hom dan op". "So sluit ons onsself af van elke boodskap wat die Here ons langs die weg van ander beweginge wil gee; so bou ons 'n eiegeregtigheid op wat verfoeilik is. En dit is net so waar van die een kant as van die ander; dit geld nie alleen die veroordeling van alles wat "Metodisties" of "Oxford-Groep" is nie, maar ook van alles wat "Doppers" is" (:312).

Dr.Keet sluit hierdie uiters gebalanseerde artikel af met die opmerking dat die twee rigtings nie noodwendig antiteties teenoor mekaar staan in die Ned.Geref.Kerk nie. Deur vervul te wees met liefde tot God en liefde tot die broeders kan verdraagsaamheid teenoor mekaar en onderlinge verryking tot gevolg hê. "Wat die een ontbreek, kan die ander gee; wat die een minder van het, kan die ander aanvul" (:312).

Die artikel van Keet het die een sy van die saak beklemtoon, daarom is 'n versoek gerig dat 'n artikel van prof.D.G.Malan uit *Die Gereformeerde Vaandel* ook in *Die Kerkbode* geplaas sal word om die balans in ewewig te bring. (Die betrokke artikel het in *Die Gerformeerde Vaandel* van Februarie 1936 (Deel IV no.5) pp.34-36 verskyn. Aanhalings wat volg, word uit *Die Kerkbode* geneem.)

Malan spaar nie sy woorde om 'n hewige aanval te loods op die "ontboeseminge" van "Bekommerd" nie. Hy sê dat die hele tirade nie veel om die lyf het nie en dat "Bekommerd" wat beweer dat hy self 'n Calvinis is, se stukke oorvloedige bewys lewer "dat hy baie gebrekkig op die hoogte is, beide wat die grondbeginsels van die Kalvinisme betref, en wat sy nuwere ontwikkelinge in ons dae aangaan....Sy eie teologie skyn ietwat verroes te wees....Hy maak hom skuldig aan enige ernstige wanvoorstellinge van die gereformeerde opvatting en standpunt..." (*Die Kerkbode* 11 Maart 1936:499)

Hy gaan "Bekommerd" teë oor onder andere die valse teenstelling wat hy maak tussen die Evangeliese en Calvinistiese rigtings en die verkeerde bewering dat die Gereformeerdes leer dat die doop wedergeboorte teweegbring (*Die Kerkbode* 11 Maart 1936:499). Malan, wat baie beskermend teenoor die Gereformeerde Kerk optree, beskuldig "Bekommerd" van slegte smaak en slegte taktiek. Hy verbaas hom dat mense soos "Bekommerd" nie aandag gee aan samewerking tussen die Ned.Geref.Kerk en die Enkel Gereformeerde Kerk nie, maar eerder simpatie betoon jeens die A.E.B. en Oxford-Groep. Hy sê dat die benaminge soos "Neo-Kalviniste", "Hiper-Kalviniste", "Verdopperdes" of "Kuyperiane" slegs agterdog wek. Hy verdedig die Calvinisme deur die aandag daarop te vestig dat hulle grondwaarhede gebaseer is op die Belydenisskrifte en die Woord van God "en met name op die leer van die Apostel Paulus". Daar steek geen waarheid in dat hulle Calvyn verhef ten koste van Christus nie (:500).

Hy verbaas hom verder dat "Bekommerd" en sy medestanders nie 'n woord gerep het ten tye van die bedreiging deur die Modernisme nie. Hy voel dat hulle eerder bekommerd moet wees oor die skromelike onkunde van baie lidmate ten opsigte van die groot grondwaarhede van die Skrif, en in

Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besonder die Gereformeerde Belydenis. 'n Geskooldheid in die Skrif en in die Belydenisskrifte sal, volgens hom, 'n verweermiddel wees teen die opkomende gety van Modernisme en Sektarisme en wêreldse onverskilligheid.

Malan (*Die Kerkbode* 11 Maart 1936:500) se beswaardheid gaan verder oor die stelling van leer teenoor lewe, terwyl hy van mening is dat 'n gesonde kragtige lewe voortspruit uit 'n suiwere leer. Hy gee toe dat 'n herlewing in die kerk nodig is, maar dat dit slegs moet geskied deur die werkinge van God en nie deur enige menslike middele nie. Herlewing sal slegs plaasvind wanneer die Christelike Kerk weer terugkeer tot die heelhartige aanvaarding van die Skrif as die geïnspireerde Woord van God en die blymoedige erkenning van Christus se absolute gesag (:501).

Hy is egter baie dankbaar dat, te midde van die verontrustende tye, "die helderste ligstrale juis die merkwaardige oplewing van die Kalvinisme in so baie lande van die wêreld en ook in ons eie vaderland" is. Daardeur skep hy moed vir die toekoms ten spyte van "Bekommerd" se "donkere ontboeseminge" (*Die Kerkbode* 11 Maart 1936:501).

Ds.C.W.Retief het ook tot die "Bekommerd"-debat toegetree en voel ook dat die oorbeklemtoning van die een rigting, ten koste van die ander, 'n nadelige uitwerking kan hê. "As ons die evangeliese rigting te veel beklem en die leerstellige verwaarloos of te min op die voorgrond bring, bereik ons ons doel nie, en omgekeerd, word die leerstellige, die meer verstandelike, ten koste van die evangeliese waarhede te veel beklem, dan verval die mens maklik in dorre dogmatisme, want die mens is nie net verstand nie" (*Die Kerkbode* 12 Februarie 1936:320).

Retief het dit teen die oorbeklemtoning van die menslike. Te veel nadruk op die bloot evangeliese sy van die waarhede plaas noodwendig te veel nadruk op die menslike in die godsdiens (*Die Kerkbode* 11 Maart 1936:320). Hy waak veral teen 'n gevoelsgodsdiens wat maklik kan posvat deur die evangeliese rigting.

'n Vreemde vergelyking wat Retief in hierdie verband tref is dié tussen Luther en Calvyn. Vir Luther was die vraag: "Hoe word ons salig?", terwyl Calvyn weer gevra het: "Wie maak ons salig?" "Luther het die verlossing van die menslike kant gesien, en Kalvyn het dit van die goddelike sy beskou" (*Die Kerkbode* 11 Maart 1936:320). Retief konstateer dat Luther by verskeie Roomse tradisies vasgesteek het, terwyl Calvyn totaal daarmee gebreek het. "Maar hier het ons ook met twee rigtinge te doen, nl. die meer evangeliese en die meer leerstellige" (:320). Dit gee die idee asof Retief impliseer dat die evangeliese rigting Roomse verbintenisse het.

Ds.Retief verwys verder na die nadruk wat die laaste jare geplaas is op spesiale evangelie-prediking met bekering as hooftoon van die dienste. Hy sê dat tydens dienste 'n besliste invloed uitgeoefen word op die gevoel van die gehoor. Kinders en jongmense begin soms op die vloer van die gebou rondkruip onder die invloed van 'n soort beswyming (*Die Kerkbode* 11 Maart 1936:320). Hy verwys verder na die spesiale dienste waar die gemeente spesiaal opgeroep word en spesiale predikers word gekry. Dit bring 'n opflikkering in die gemeente wat later weer afkoel. Die plaaslike predikant kom onder die indruk dat


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy minderwaardig is en die gereelde bediening van die Woord is nie meer goed genoeg nie. Die gemeente wil gedurig vergas word op konferensies.

Hierdie verskil in die twee rigtings waarna Retief verwys, kom ook sterk onder die soeklig by die Gereformeerde Kerk, wanneer die redakteur van *Die Kerkblad* 'n verdere stuiwer in die armbeurs werp. Vir hom is daar 'n besliste verskil in benadering ten opsigte van die doel van die prediking. Hy sê"Bekommerd" gaan uit van die standpunt dat die Kerk van Christus die "saailand" is waarop onkruid en koring saam moet groei. Hy is oortuig dat hierdie beskouing in stryd is met die eksegese van Christus self wat die wêreld as die saailand beskou en nie die Kerk nie. "Maar as 'n mens eenmaal uitgaan van die gedagte dat die Kerk 'saailand' is, is jy ook verplig om jou kerkpraktyk in te rig in ooreenstemming met jou 'saailand'-teorie. Hierdie prediking moet noodwendig prediking en tug ten kwade influenseer [sic]. Want is die Kerk werklik 'saailand', waarop onkruid en koring saam langs mekaar moet groei, dan, dit spreek vanself, sal jou prediking die sogenaamde 'Evangeliese' karakter vertoon, en sal jou Kerk gekenmerk word deur gebrek aan tug" (Aangehaal in *Die Kerkbode* 19 Februarie 1936:357).

Die rede waarom die Gereformeerde Kerk en die Ned.Geref.Kerk nog nie kon verenig nie, word deur die redakteur van *Die Kerkblad* o.a. toegeskryf aan "die sogenaamde 'Evangeliese' rigting" in die Ned.Geref.Kerk wat tot onlangs toonaangewend was en sy heillose invloed sterk op die prediking en tug in die Ned.Geref.Kerk laat geld het. “Waar die 'saailand'-teorie oorheers, moet jy 'n Kerk kry wat in sy prediking Remonstrats is, in sy diens Metodisties en in sy tug slap. Dit is geen wonder dat die sogenaamde 'Evangeliese' rigting die pleit gevoer het en nog voer vir verdraagsaamheid ten opsigte van verskillende rigtings van leer in die Kerk, d.w.s. van tugteloosheid op die terrein van die leer” (Aangehaal in *Die Kerkbode* 19 Februarie 1936:358).

Hy brei uit deur te verwys na 'Bekommerd' wat so geweldig protesteer teen die “verdoppering” van die Ned.Geref.Kerk en miskenning van sy “evangeliese” rigting en noem dat dit maar die logiese gevolg is van sy onskriftuurlike kerkbegrip. Hy vervolg deur te beweer dat 'n werklike verskil tussen die Gereformeerde en die “Evangeliese rigtings” hierin bestaan dat die “Evangeliese rigting” vir die Kerk heil verwag langs die weg van opwekkings deur spesiale evangelieprediking, terwyl die Gereformeerdes alleen vir die Kerk van Christus heil sien in “reformasie”, dit wil sê “in die weg waarin die gelowiges self, as mondige lidmate van Christus en burgers van die hemelse *Politeuma*, die Kerk institueer en reformeer na die bevele van die hemelse residensie" (Aangehaal in *Die Kerkbode* 19 Februarie 1936:358).

Die Redakteur van *Die Kerkbode* tree verdedigend op en meen dat "Bekommerd" nie die Gereformeerde Kerk enige onreg aangedoen het nie. Hy sê dat daar in die Geref.Kerk meningsverskil is en verwys na 'n reeks artikels wat op daardie tydstip in *De Wachter*, die semi-offisiële orgaan van die Geref.Kerk in Holland, verskyn het. Daardeur skyn dit asof die redakteur van die Hollandse blad nie saamstem met die beskouing van *Die Kerkblad* nie (*Die Kerkbode* 19 Februarie 1936:333).

Onder die skuilnaam M.D.V., spreek 'n leser sy waardering uit teenoor "Bekommerd" vir die belangrike saak wat hy aangeroer het. Hy sê dat dit 'n jaar of wat tevore was wat hy verneem het "dat daar vanuit


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sekere kwartiere doelbewus gewerk word om ons Kerk na die kant van die Enkel Gereformeerdes te stuur" (*Die Kerkbode* 11 Maart 1936:517). Hy noem die naam van prof. Müller wat by meer as een geleentheid sy studente gewaarsku het "dat ons Kerk in die toekoms sou moet waak teen twee rigtinge, dié van die Fundamentaliste en dié na die kant van die Enkel-Gereformeerdes. Hy het 'n profetiese blik gehad!" (:517).

Wat opvallend is van die "Bekommerd"-korrespondensie, is dat verskeie korrespondente hulle nie bloot by die "Bekommerd"-aangeleentheid bepaal het nie, maar by wat ander korrespondente te sê gehad het. So was daar byvoorbeeld drie studente (van Kaapland, Bloemfontein en Potchefstroom) wat by die korrespondensie betrokke geraak het. "Derde Student" van Potchefstroom merk die volgende op: "Deurgaans is dit egter te betreur dat daar 'n grondtoon van persoonlikhede in die briewe van etlike skrywers aanwesig is; skerp skikskote word onderlangs geskiet, wat dikwels 'n haatdraende karakter het, en dit terwyl daar tersefdertyd seer lieftallig gepraat word oor die dierbaarheid van ons Kerk, en - ek huiwer om dit te sê, maar doen dit met heilige eerbied - terwyl ons die belange van onse Meester tog so op die hart dra" (*Die Kerkbode* 12 Februarie 1936:317).

### *7.3 Metodistiese invloede op die Kerk in Suid-Afrika*

Net soos in die geval van die voorafgaande afdeling, bestaan daar ook veelvuldige verskille ten opsigte van die invloed wat Metodisme op die kerklike lewe in Suid-Afrika gehad het. Party glo dat die invloed ‘n knou gegee het vir Calvinisme, terwyl andere weer van oortuiging is dat dit heilsaam was.

Prof.P.W.Buys (1975:38) stem saam met J.D.du Toit dat die Metodisme se invloed nie te versmaai is nie, maar wys daarop dat in Metodisme 'n verstrengeling van goed en kwaad te vinde is. Hy voer die Metodistiese invloede terug na die vorige eeu, onder andere na "Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond" wat in 1842 in Kaapstad onstaan het en ten doel gehad het die noue skakeling tussen verskillende kerkgenootskappe (:39). Volgens Buys (:41) het hierdie verwikkelinge 'n negering vir die Gereformeerde Belydenisskrifte asook 'n a-konfessionalistiese gees tot gevolg gehad.

J.D.Vorster (1941:193) is ook bekommerd oor hierdie invloed en sê dat daar geywer word om die kerklike bewussyn te ondermyn, en om dogma en leer voor te stel as uit die bose, en handhawing van leer as bewys van onchristelike liefdeloosheid. Volgens hom het hierdie uitwissing van grense en negering van dogmatiese verskille die mense se gevoel en liefde vir die eie en suiwere verstomp, en die hoofklem laat val op die 'lewe' en op die ervaring en gevoel en volgens hom is die grond vir die Metodisme voorberei.

Oor die gevolge van Metodisme in die praktyk, meen J.D.Vorster (1941:193) dat dit nie slegs gelei het tot leerverandering nie, maar tot die minagting van leerstellings. Die leer is ondergeskik aan die lewe gestel. "Die ou Calvinistiese vroomheid is gedeeltelik vervang deur die subjektief sterk gevoelsgekleurde asketiese vroomheid van die Metodis" (:193). Daarby voeg Buys dat dit 'n vervlakking van die godsdienstige lewe tot gevolg gehad het, omdat mense in 'n toenemende mate op geestelike ervarings gesteun het "en nie meer diep en vol en ryk uit die Skrif geleef het nie" (:83). Die miskenning van


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leerverskille het oppervlakkigheid in die hand gewerk; Christene het rigtingloos begin word. "Revivals" moes telkens mense stimuleer en het die grond voorberei vir sektevorming. Selfs die kerklike tug is ondermyn :(83).

Die Metodisme het ook, volgens Buys (1975:84), skadelik ingewerk op die wyere gebied van die volkslewe. Godsdiens is beperk tot die binnekamer en die kerk en die Christelike beginsel is uit die lewe geweer. "Dit het lynreg ingegaan teen die Calvinistiese beginsel van die eer van God op alle terreine wat ons volkslewe gevorm het en die gevolge kon nie uitbly nie..." Wat hieronder gely het was onder andere die skole en die staatslewe. Die Afrikaner is hokgeslaan met die gedagte dat die godsdiens nie in die politiek gesleep mag word nie. Ook van die maatskaplike en geselligheidslewe is die Christelike beginsels deur die toedoen van Metodisme ontneem (:84).

Buys (1975:84) sê dat by al hierdie "skades" wat die Metodisme in Suid Afrika berokken het, het die Metodisme met sy oorbeklemtoning van bekering, die gevoel, die Heilige Gees en die gebed op sy beurt 'n oordrewe reaksie by Calviniste uitgelok, wat moontlik tot verarming van die Calviniste gelei het, wat jammer is. "Anti-Metodistiese, negatiewe gereformeerdheid is net so onaanvaarbaar soos die Metodisme self" (:84).

Metodisme sien hy as 'n simptoom wat hom voordoen by 'n ernstige geestelike "vitamien-tekort in die sisteem van die kerk. Maar dit is met die Metodisme soos met 'n anti-biotiese middel: hy maak een saak reg maar hy krap tien ander om" (Buys: 1975:85).

Hy beweer verder dat Metodisme vir byna twee eeue lank getrag het om in die "ingesonke geestelike lewe van die grootste kerk in Suid-Afrika" 'n godsdienstige herlewing te bewerkstellig en in baie gevalle wel daarin geslaag het, maar 'n "hele sindroom van euwele verskynsels met hom saamgebring" het (Buys 1975:85). Daarteenoor is Calvinisme soveel anders, want dit besit 'n "diepgang, 'n gebalanseerdheid, 'n onversetlike krag, 'n stoerheid en wydheid van blik...waarby die Metodisme op sy beste maar baie bleek vertoon" (:84).

Buys (1975:85,6) vra ten slotte of die Afrikaanse kerke, wat hulleself op grond van hulle belydenisskrifte Gereformeerd noem, "revival" of reformasie verkies. Sal die kerk geneë wees met die verlossingsleer, sy verlossings- en opwekkingsveldtogte, sy ekstatiese geesdrywery, veral rondom Pinkster, sy gebedsgenesing, sy "interkerklike" verenigingslewe wat "kerkverwoestend" werk, sy geestesklimaat wat gedurende die twintigste eeu verantwoordelik was vir die ontstaan van talle sektes en die verwaarlosing van die buitekerklike lewensterreine? Die kerk moet hierdie weg inslaan óf die weg van Calvinisme!

Teenoor Buys se negatiewe opmerkings, stel Hanekom (1951:260) dit weer dat die Metodistiese invloede in Suid-Afrika in 'n sekere opsig 'n stuwende krag was vir die liberalisme waar dit op indirekte wyse meegewerk het om die gereformeerde leer te ondermyn. Hy verduidelik dat die onderliggende verskille tussen liberalisme en Metodisme nie uit die oog verloor moet word nie, want in die kerklike lewe het die liberale rigting dikwels sterk opgetree teen Metodistiese leraars en die Metodistiese leer.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir Buys (1975:48,49) is dit 'n tragedie dat die Kerk in sy stryd teen die bedreiging van die liberalisme nie die nodige leertug toegepas het nie, maar sy hand na die Metodistiese Revivalisme as bondgenoot uitgesteek het. Ook volgens Vorster (1941;186) was die liberalisme en Metodisme die twee magtige geestesrigtings wat mekaar opgevolg het en hul skadelike werk onder beskerming van die Staat gedoen het, tot nadeel van Calvinisme. Hy wys ook op die nou verwantskappe tussen hierdie twee strominge (:187).

Dr.M.C.Kitshoff skryf 'n artikel[7] in *Die Kerkbode* waarin hy sterk kapsie maak teen die uitsprake van Buys en sy medewerkers in die boek "*Revival of Reformasie - 'n Studie oor Metodisme*".

Kitshoff verkwalik die skrywers omdat hulle so swaar op Totius se studie geleun het in plaas daarvan om meer onlangse bronne te raadpleeg. Hy haal verskeie stellings aan wat aanvegbaar geword het. Wat die bydrae van byvoorbeeld die verskillende verenigings betref, vra hy of alles wat vir Metodisme aangesien word wel die "gruwel van verwoesting is". Hy glo dat die historiese verband tussen die Metodisme van Wesley en die sogenaamde "Metodisme" in die Ned.Geref.Kerk nog nie duidelik aangewys kon word nie. "En vóór dit nie gedoen is nie, sal dit onjuis wees om die "andersheid" van die N.G.Kerk as "Metodisme" te bestempel" (*Die Kerkbode* 30 Junie 1976:827). Hy beweer dat aksente en gebruike in die Ned.Geref.Kerk wat ooreenkomste vertoon met historiese Metodisme nie noodwendig in die Kerk as "Metodisme" gebrandmerk kan word nie.

Kitshoff (1976:827) sê verder: "Klem (selfs al is dit oordryf!) op bekering en op die najaag van heiligmaking (selfs al is dit met selfdissipline!) is tog nie noodwendig Metodisties nie!" Ook herlewings kan nie net aan Metodisme gekoppel word nie omdat daar herlewings was lank voor Metodisme (:827).

Hy erken dat Metodisme 'n invloed op die Ned.Geref. Kerk uitgeoefen het, maar vra of die Kerk, in sy geheel gesien, op 'n onbybelse, onkonvensionele en ongereformeerde syspoor beland het. Omdat die Ned.Geref.Kerk en die Geref.Kerk aan dieselfde *belydenis* vashou, wil hy weet of eersgenoemde kerk nie 'n ander soort *belewenis* van sy godsdiens ervaar nie. Is beide "revival" en reformasie nie maar kante van dieselfde saak nie? (:828).

### *7.4 Interpretasie em beoordeling*

Uit bogenoemde bestaan genoegsame bewys dat Calvinisme en Metodisme moeilik versoenbaar is. Die vraag is egter of dit wat die Calviniste as Metodisties gesien het, werklik Metodisme in die ware sin van die woord was. Hier dink ons aan Kitshoff (*Die Kerkbode* 30 Junie 1976:827) se opmerking dat die historiese verband tussen die Metodisme van Wesley en die sogenaamde "Metodisme" in die Ned.Geref.Kerk nog nie vasgestel kon word nie.

Die term "Metodisme" is dikwels gebruik as 'n "stok om mee te slaan". Die boodskap van bekering, wedergeboorte, heiligmaking, ens. wat talle predikante in die Ned.Geref.Kerk verkondig het, was nie

---

[7] Die artikel val, soos in Buys se geval, buite die tydsbestek van hierdie studie, maar dit gee tog 'n goeie weergawe van wat die gevoel deur die jare was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

maklik versoenbaar met die verbondsgedagte dat almal wat gedoop is, Christene genoem is, en daarom nie nodig het om tot bekering opgeroep te word nie. Veral as die kwessie van die uitverkiesing bygetrek word, kan bekering, volgens die Calvinisme, nie na willekeur aan almal verkondig word nie.

Hoewel daar telkens na die wortels van Metodisme verwys is, is met die term "Metodisme" iets anders bedoel. Veral wanneer uitermate klem gelê is op bekering, is dit beskou as in stryd met die Calvinistiese uitverkiesingsleer, wat sodanige bekering as ongevraagd beskou het. Ook 'n oordrewe klem op heiligmaking is gekoppel aan die Metodistiese leer van "perfeksionisme". Oor hierdie onderwerp het dr. Andrew Murray gesê: "I want you to remember what a difference there is between Perfection and Perfectionism. The former is a Bible truth: the latter may or may not be a human perversion of that truth. I fear much that many, in their horror of Perfectionism, reject Perfection too" (Aangehaal deur Burger 1987:98).

So het Murray ook die term "Second Blessing" gebruik, maar nie in dieselfde sin as waarvoor dit in die praktyk bekend gestaan het nie. Baie ander het aangedring op 'n "tweede bekering" naas wedergeboorte. Dit is dus verstaanbaar waarom hulle as Metodistiese predikers beskuldig is. Hoeveel predikante het nie aangedring op 'n besliste bekering nie; op die noodsaaklikheid om van so 'n ondervinding te weet en om daarvan te getuig nie? Hoeveel het nie selfs 'n uitnodiging ná 'n diens gemaak nie? Hoeveel was nie betrokke by die herlewings, Pinksterdienste en spesiale evangelieprediking nie? Dit het nie van hulle "verraaiers" van hul gereformeerde leer gemaak nie. Hulle het nie Arminiaans geword ten koste van Calvinisme nie. Selfs die Arminiaanse verliesbaarheid van saligheid is nooit deur hierdie predikers geleer nie.

In die meeste gevalle het hierdie predikante onder die leiding van die Heilige Gees hulle bediening uitgeleef en weens wanpersepsies en verwarrende terminologie is hulle bediening onnodig in diskrediet geplaas. Wat Gerdener in Du Toit (1952:259) van Murray sê, kan ook van die meeste ander Evangeliesgesinde predikante gesê word: "Dit is waarskynlik hierdie gloedvolle prediking van Andrew Murray wat een en ander in ons tyd in die versoeking gebring het om hom as Metodisties aan te dui. As dit beteken dat sy leer enigsins van die suiwer gereformeerde waarheid afgewyk het, dan is dit 'n growwe voorstelling." Murray, as een van die belangrikste eksponente van die Evangeliesgesindes in die Ned.Geref.Kerk, het dikwels onder hewige aanvalle deurgeloop. Van die felste aanvalle het gekom van "Streng Gereformeerde Patriot". Hierdie persoon (wat niemand anders was as ds.S.J.du Toit nie) verkwalik onder andere vir Murray omdat hy nie veel gedoen het om die Belydenisskrifte te versprei nie, maar eerder sy "Skots Metodiste boekies" (*Het Zoeklicht* 15 Oktober 1932:310).

Dat daar dikwels gebruik gemaak is van sogenaamde Metodistiese praktyke, kan nie ontken word nie, maar dit alles was slegs die middel tot 'n doel, naamlik om tot bekering te lei of om 'n dieper geestelike lewe deelagtig te word. Opwekkingsdienste, Christelike verenigings, spesiale evangelieprediking, ens. het nie ten doel gehad om kerkies binne 'n kerk te vorm nie, maar dit het slegs een doel voor oë gehad, naamlik"die redding van siele" - 'n uitdrukking wat dwars in die krop steek van Calviniste.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kritici het dikwels uitgewy oor die gevoelsprediking en die emosionele tonele wat afgespeel het tydens bekeringsdienste. Die idee is geskep dat mense kwansuis daartoe opgesweep is. Dat dit in uitsonderlike gevalle waar was, kan nie ontken word nie, maar wanneer die Heilige Gees 'n persoon onder sondeoortuiging plaas, gaan dit gewis nie gepaard met 'n glimlag op die gesig nie. Tydens die herlewings byvoorbeeld, het mense in benoudheid tot God geroep om genade. Dit was gewis nie deur die toedoen van die charisma van 'n dinamiese prediker nie. Soos getuig is, het die herlewings dikwels plaasgevind in die afwesigheid van 'n leraar of selfs sonder dat 'n preek gelewer is.

Die vraag ontstaan willekeurig of kragdadige bekerings en 'n jaag na heiligmaking nie baie probleme in die kerk in Suid-Afrika opgelos het nie? Hoeveel mense is nie gesus in hulle diepe slaap met die valse gerustheid dat hulle eendag die koninkryk van God sal beërwe nie?

Waar verskeie teoloë onwrikbaar standpunt ingeneem het teen Metodisme, het andere weer erken dat daar tog iets goeds in geleë is. Deur die toedoen van Metodistiese invloede, het 'n groter mate van spiritualiteit in die Ned.Geref.Kerk posgevat. Behalwe die herlewings wat spontaan uitgebreek het ná ernstige gebed, kon die "skuld" vir die beoefening van sogenaamde Metodistiese praktyke ook voor die deur van amptelike kerklike kommissies gelê word. Dink byvoorbeeld aan die oproep tot gebed vir die toestand van die Kerk; die instelling van die pos van spesiale evangelieprediking, die goedkeuring vir die instelling van Pinksterbidure en vele meer, wat telkens op hoë vlak ter sprake was.

Hoe is die amptelike orgaan van die Ned.Geref.Kerk nie ook gebruik om sogenaamde Metodistiese praktyke te bevorder nie? Behalwe bogenoemde sake, is dikwels boodskappe oor verootmoediging geplaas en selfs waarin mense direk opgeroep is om hulle tot God te bekeer. Die onderwerp van heiligmaking het ook nie 'n mindere plek gekry nie. Selfs bydraes deur oorsese evangeliesgesinde predikante soos byvoorbeeld D.L.Moody, C.H.Spurgeon, F.B.Meyer en vele ander, is ruimskoots gepubliseer.

Selfs gesiene predikante soos dr.Andrew Murray, prof.N.J.Hofmeyr, prof. J.C.Kotzé, om maar net 'n paar te noem, het nie geskroom om sogenaamde Metodistiese praktyke toe te pas nie. Hulle sou dit nie wederregtelik doen om hulle kerk tot stappe teen hulle uit te lok nie. Vir hulle het die saak swaarder geweeg as die sentimente.

Die oënskynlike spanning wat tussen Calvinisme en Metodisme in die Ned.Geref.Kerk opgelaai het, is onnodig op die spits gedryf deur enkelinge wat tot die uiterste wou gaan om hulle standpunte te verdedig. Dit sou seker nie onmoontlik wees dat hierdie twee rigtings verrykend op mekaar kon inwerk nie. Deur die oorbeklemtoning van die een, word die ander uiteraard benadeel en 'n balans sou die beste uitweg wees. Buys (1975:84) se opmerking is uiters gepas: "Anti-Metodistiese, negatiewe gereformeerdheid is net so onaanvaarbaar soos die Metodisme self"

Dat daar wel die twee uiterstes voorgekom het, kan nie betwyfel word nie, maar in die praktyk het gewis 'n vermenging van hierdie twee pole bestaan. Baie predikante, van wie sommige in hierdie studie genoem is, het teoreties streng by hulle gereformeerde beginsels gestaan, maar in die praktyk heel


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dikwels Metodistiese praktyke beoefen, met groot sukses en tot heil van baie mense. Meer as een het moontlik die versugting gehad, soos deur Koornhof (*Die Kerkbode* September 1936:281) uitgelig: "Na my geloof wil ek graag 'n Calvinis wees, maar na my lewenswandel en prediking sou dit my 'n eer wees om 'n Metodis genoem te word."


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 8. LEERSTELLINGS OOR BEKERING, WEDERGEBOORTE EN HEILIGMAKING

Tot dusver het dit duidelik na vore gekom dat daar beslis twee denkrigtings onder predikante van die Ned.Geref. Kerk was in die tydperk 1850 tot 1950. Die een groep was voorstanders van 'n definitiewe bekeringsmoment in die mens se lewe, terwyl die ander groep dit verwerp het. Eersgenoemde groep is geëtiketeer as Metodisties, terwyl die ander groep baie sterk op die Calvinistiese beginsels standpunt ingeneem het. Beskuldigings wat oor en weer geslinger is, het ongetwyfeld verdere verwarring onder lidmate veroorsaak.

Die verdedigers van Calvinisme het die meer behoudende Evangeliese groep beskuldig van 'n onskriftuurlike bekeringsywer wat die Kerk in 'n Metodistiese rigting stuur. Laasgenoemde groep het weer die doodsheid van die Kerk voor die deur van die sogenaamde verbondsteoloë gelê. Daarom het predikante en lidmate dikwels hulle stemme laat hoor teen die verstarde gereformeerde ortodoksie en die begeerte uitgespreek dat 'n groter mate van piëtisme in die Kerk moes posvat.

In die kerkgeskiedenis het hierdie pendulum-effek dikwels voorgekom, naamlik waar 'n tendens van rasionalisme en 'n oorbeklemtoning van die ortodokse leer voorgekom het, het die kerklike publiek daarteen in opstand gekom en oorgeleun na die ander kant - die kant waar die subjektiewe godsdiensbelewenis van groter belang was. (Die lewe teenoor die leer). Die gevaar wat hierin verskuil lê, is dat albei kante eweveel gevaar inhou. Indien daar met die leer weggedoen word, is geen maatstaf geldend nie en allerhande vreemde idees stroom die kerk binne. Daar moes dus voortdurend gewaak word teen hierdie twee uiterstes.

Veral in die Ned.Geref. Kerk was heelwat sterk leiersfigure wat, ten spyte van valse beskuldigings van Metodisme, gewaak het vir die behoud van die suiwer gereformeerde leer en dat die balans tussen leer en lewe gehandhaaf moes word. Soos genoem, was dit mense wat nie net self die ondervinding van bekering en heiligmaking deelagtig geword het nie, maar dit ook met groot ywer verkondig het.

Die evangelies-piëtistiese predikante wou nie doelbewus in 'n Metodistiese rigting afstuur nie. Hulle wou binne die gereformeerde kader hulle geloofsoortuigings uitleef, naamlik dat daar 'n definitiewe bekeringsondervinding in elke mens se lewe moet plaasvind. Hierdie boodskap, gebaseer op die Woord van God, is versterk deur hul persoonlike ondervinding. Soos in hoofstuk 2 uitgelig, kon hierdie predikante terugwys na 'n besliste oomblik in hul lewe toe hulle as verlore sondaar hul tot God bekeer het. Dit het nie alleen 'n verandering in hul eie lewe tot gevolg gehad nie, maar ook die ondertoon van hul bediening gevorm.

Die "verbondsteoloë" daarenteen het nie soveel klem geplaas op 'n daadwerklike bekering nie; veral nie om 'n appèl te plaas op uitverkore verbondskinders nie.

Wat opvallend is, is dat die interpretasie van die heilsorde deur die twee groepe nie noemenswaardig verskil het nie. In breë trekke het die meeste teoloë aanvaar dat die inisiatief van God uitgaan tot die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitverkorenes en wedergeboorte vind plaas. Op 'n gegewe oomblik in die mens se lewe vind bekering plaas, wat die eerste bekering is en wat uitloop op voortdurende bekerings wat as heiligmaking bekendstaan. Die ander aspekte van die heilsorde soos roeping, geloof, regverdigmaking, ens. word dan om wedergeboorte en bekering uitgebou.

Hoe is dit dan moontlik is dat soveel uiteenlopende beskouinge oor wedergeboorte en bekering onder predikante voorgekom het, terwyl die heilsorde as vasgestelde norm moes dien? Die antwoord is kan onder andere gevind word in die praktiese interpretasie van die onderskeie begrippe asook in die toepassing daarvan in die praktyk.

Hoewel die evangeliese predikante nie die uitverkiesing ontken het nie en wel aanvaar dat wedergeboorte voor bekering plaasvind, is dit opvallend dat dit in die praktyk anders gesteld was. Die boodskap van bekering word aan alle mense verkondig en die uitnodiging om te reageer geskied ook aan almal. (Moontlik word dit aanvaar dat net die uitverkorenes sal reageer). Sodra mense op die uitnodiging reageer, hul lewe aan die Here oorgee, word aanvaar dat so 'n persoon tot bekering gekom het. Daar word dikwels na hierdie gebeurtenis, waar die mens 'n definitiewe keuse maak, verwys as die persoon se wedergeboorte.

Baie predikante het hulle dikwels blootgestel aan hewige kritiek omdat hulle met die uitnodiging die mens voor die keuse gestel het om te handel. Nadat die verlore sondaar, onder oortuiging van die Heilige Gees, sy verlorenheid besef het, is hy voor 'n keuse geplaas of hy hom tot God wil bekeer. Hierdie handeling van die mens om hom tot God te bekeer is in meer as een opsig as Metodisties gesien, of soos vroeër uitgelig is: "antropologies soteriologies" waar die mens in die middelpunt staan. By die verbondsteoloë is so 'n handeling onaanvaarbaar. God se eer moet sentraal wees.

Maar wat het die verskillende predikante werklik geglo? Is dit nie bloot wensdenkery dat daar so 'n groot verskil in hul prediking was nie? Is daar in hul teoretiese heilsbeskouing 'n besliste daad van bekering ingebou? Op hierdie sake sal deeglik ingegaan moet word.

Dit sou gewaagd wees om veral in hierdie hoofstuk te beweeg op die terrein van die dogmatiek, tog is dit noodsaaklik om, al is dit net oppervlakkig, ondersoek in te stel na wat enkele uitstaande kerklike figure se interpretasie van bekering, wedergeboorte en heiligmaking en ander aspekte van die heilsorde was. Die doel van hierdie hoofstuk is dus om die soeklig te plaas op enkele predikante se leer in terme van genoemde drie aspekte en ondersoek in te stel of daar ooit werklik wesensverskille was. Sonder om predikante se sienswyses teenoor mekaar af te speel, en sonder om hul leerstellige beskouings met die fynkam deur te gaan, vind ons dit tog noodsaaklik om aandag daaraan te gee deur dit te meet aan die ware gereformeerde leer, die Metodistiese beskouinge asook die behoefte wat onder lidmate bestaan en hoe die ondervindings in die praktyk deurgevoer is.

Die eenvoudigste oplossing sou sekerlik wees om die Drie Formuliere van Enigheid of die amptelike leerstelling van die Ned.Geref.Kerk as maatstaf te gebruik om die verskillende predikante se beskouings


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daaraan te meet. Weens die historiese aard van hierdie studie word slegs aandag gegee aan fasette in die geskiedenis van die Ned.Geref. waar die heilsorde, of gedeeltes daarvan ter sprake was.

### *8.1 Die Heilsorde (Ordo salutis)*

Ten aanvang word gekyk na 'n bespreking wat in 1940 oor die heilsorde gehandel het en daarna te boek gestel is. Alhoewel dit nie so normgewend is as wat byvoorbeeld die Kerk se amptelike leerstellings nie, dien dit as 'n basis om van te werk ten einde vas te stel wat die diversiteit ten opsigte van die verskillende sieninge was.

Nie alle gereformeerde teoloë het saamgestem oor die presiese orde waarin die heilselemente voorkom nie. Vir baie mense blyk dit 'n onbelangrike saak te wees, want die logiese orde is meer belangrik as die chronologiese. Tog is dit noodsaaklik om wel hierop in te gaan ten einde vas te stel of daar wel enige verskil was.

Tydens 'n byeenkoms aan die Bybelskool op Worcester vanaf 15 tot 19 Mei 1940 is 'n reeks referate gelewer oor die heilsweg en ander tersaaklike onderwerpe. In opdrag van die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking is die referate gepubliseer onder die titel "*Hoe word ek salig*?"

In die voorwoord deur ds.F.J.M.Potgieter wys hy daarop dat onder gereformeerde teoloë op ondergeskikte punte van die heilsorde meningsverskil bestaan, maar in hoofsaak is daar eenstemmigheid. Wat die orde van veral wedergeboorte en bekering betref, merk hy op dat as die kerk nie die kostelike, geestelike erfgoed ken nie, dit gevaar kan loop om op die dwaalspoor van die sektes te beland. Dan sal die kerk weet dat die bekering nie aan die wedergeboorte voorafgaan nie en dat die heiligmaking van die regverdigmaking onderskei, maar nie geskei word nie" (Potgieter1941:3).

Oor die wesenlike verskille voeg ds.P.de V.Grobbelaar (1941:7) by dat dit opvallend is dat selfs onder gereformeerde teoloë verskille bestaan oor die volgorde en die getal van die verbondsweldade. Hy verwys na Hodge wat die getal op vyf plaas en wel in die volgende orde: Roeping, Wedergeboorte, Geloof, Regverdigmaking en Heiligmaking. Kuyper stel die getal óók op vyf, maar in 'n ander orde: Wedergeboorte, Roeping en Bekering, Regverdigmaking, Geloof en Heiligmaking. Bavinck, in die tweede verbeterde druk van sy standaardwerk oor die Dogmatiek, stel die heilsdade soos volg op: Roeping en Wedergeboorte, Geloof en Bekering, Regverdigmaking en laastens Heiligmaking en Volharding.

By die betrokke byeenkoms is besluit om die aanbieding te doen volgens die orde waarin Bavinck die heilselemente plaas.

#### *8.1.1 Roeping en Wedergeboorte*

Ds.Grobbelaar (1941:8) definieer roeping as die eerste werksaamheid van Gods Gees in die hart van die mens. Sedert die gebeure in die Tuin van Eden het God se genadige roeping tot die mens uitgegaan.

Hy onderskei tussen die uitwendige en inwendige roeping. Eersgenoemde geskied deur die natuur, geskiedenis, die mens se rede en die verkondiging van die Woord. Volgens Mat.28:19 moet die roeping deur die gepredikte woord na alle mense gebring word, sonder onderskeid. Die praktyk bewys egter dat


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie almal aan wie die Evangelie verkondig word, tot die geloof kom nie. Daarom word die prediking gerig aan alle mense as sondaars sonder onderskeid, omdat ons nie weet wie uitverkies is en wie nie. Op grond hiervan sê Grobbelaar (1941:11) dat 'n mens nie vir elke individu afsonderlik die versekering kan gee dat sy sondes vergewe en versoen is nie. As dit wel moontlik was, dan sou die prediking van die Evangelie oorbodig wees. Maar aan almal moet gesê word dat hulle in die Here Jesus Christus moet glo om gered te word.

Die inwendige roeping, oftewel die wedergeboorte, dui op die onweerstaanbare genade, d.w.s. die mens word wederbaar deur die Gees van God en hierdie genadeweldaad is onweerstaanbaar. Die inwendige, kragdadige roeping is dus onafskeidbaar van die wedergeboorte. Die wedergeboorte word beskou as die vrug van Gods vrye uitverkiesing, wat die werk is van die Heilige Gees. Dit word aangedui deur verskillende benaminge, soos byvoorbeeld die besnydenis van die hart en die vernuwing van die innerlike mens. Die wedergeboorte verhef die mens tot kind van God (Grobbelaar 1941:13-16).

Wedergeboorte is die absolute aanvang van die geestelike lewe en is die wortel waaruit die vrugte van die geloof, bekering, regverdigmaking, ens. spruit. Die ware geestelike lewe word deur die wedergeboorte ingeplant in die kind van God. Dit is dus die vernuwing van die hele mens. Deur die wedergeboorte word die mens van die duisternis en slawerny van sonde en dood vrygemaak (Grobbelaar 1941:17). Dr.S.H.Rossouw (1941:26) stem saam dat 'n totale vernuwing van die mens by wedergeboorte plaasvind.

Wat die volharding van die heiliges betref, versterk Grobbelaar (1941:17) hierdie aspek met die volgende uitspraak: "Daardie nuwe lewe van die wedergeborene kan in ewigheid nie weer verlore gaan nie, maar dit kom tot openbaring in die dade van geloof en bekering..."

### *8.1.2 Geloof en Bekering*

Naas die behandeling van die onderwerp van geloof, kom *bekering* vervolgens aan die beurt. Rossouw (1941:26) raak aanvanklik enkele aspekte van die wedergeboorte aan en wys onder andere daarop dat die mens in sy wedergeboorte volstrek lydelik en werkeloos is. Hy vergelyk die Woord van God met 'n saadkorrel wat deur die regstreekse werking van die Heilige Gees in die hart van die sondaar geplant word waar dit ontkiem. Deur sy Gees wederbaar God ook op hierdie stadium klein kindertjies, selfs voordat hulle tot bewussyn kom. Dit beskou Rossouw (1941:27) slegs as 'n verborgenheid wat alleen met verbondskinders plaasvind, selfs onbewustelik soos deur die doopformulier bevestig.

Wanneer hy kom by die behandeling van "bekering", sê Rossouw (1941:27) dat die instrumentele diens van die prediking by die bekering gebiedend noodsaaklik is. Die wedergeboorte is die verborge agtergrond waaruit die bekering voortkom.

Hy sien ook die wedergeboorte en bekering beide as weldade van die verbond van genade van God wat nou aan mekaar verbonde is. Die bekering volg op die wedergeboorte. Klein kindertjies kan wel die wedergeboorte deelagtig word, sonder om tot bekering te kom, of dit enigsins begryp. As hulle te sterwe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kom voordat hulle tot selfstandige bewussyn kom, gaan hulle nie verlore nie. Volwassenes wat wedergebore is, moet hulle bekeer (Rossouw 1941:28)

Betreffende die tydsaspek tussen wedergeboorte en bekering, sê Rossouw (1941:28) dat die bekering nie noodwendig jare lank ná die wedergeboorte volg nie. By die een kan dit langer duur as die ander. Die bekering is die wesenlike aanvang van die verlossing en die wedergeboorte is die verborge agtergrond waaruit die bekering voortkom. God wek die siel op in die wedergeboorte, maar die dode moet self na die opwekking uit die graf opklim. Hy erken dat 'n verskeidenheid bekerings voorkom. Lydia en die tronkbewaarder word as voorbeelde aangegee. "By die een was dit die stil opgaan van die dagbreek, maar by die ander die felle vuurstraal van die bliksem....Tog is daar roerende eenheid. Albei wend hulle immers af van die oue, na die nuwe lewe in Christus Jesus" (:30).

By bekering kom 'n volle sinsverandering voor (Rossouw 1941:31). Ter verduideliking word die Griekse woorde *"metameleia"*, *"epistrophe"* en *"metanoia"* bespreek met die opmerking dat die drievoudige snoer een is, maar by verskillende sondaars is die klem van die verskillende fases verskillend (:32). Al drie saam kom dan daarop neer dat die bekering 'n hartlike leedwese en wegvlug van die sonde is, tesame met 'n ernstige lus om alle goeie werke te doen. Omdat bekering dui op 'n besliste ommekeer, verg dit 'n definitiewe, besliste keuse van die mens. Dit is nie net 'n oppervlakkige sedelike verbetering of slegs skyn nie, maar moet 'n waaragtige werklikheid wees. Die bekering is die menslike oorgawe aan God as vrug van die wedergeboorte (:32). Waar die wedergeboorte lydelik is, is die mens by die bekering aktief.

Rossouw (1941:34) verwys verder na 'n eerste of *prinsipiële* bekering wat nie as die wedergeboorte herhaal kan word nie. Dog, die eerste bekering wat hier op aarde plaasvind, bereik nooit 'n vlak van volmaking nie, want dan is dit perfeksionisme. Hierdie bekering is die begin van die heiligmaking. Die *prinsipiële* bekering word gevolg deur die tweede, die derde, die daaglikse bekering. "Op die 'dadelike bekering' moet volg die 'daelikse' "(:34). Hierdie ontwikkelingsgang duur die ganse lewe deur waarin die dodelik gewonde ou mens moet sterwe en die nuutgeborene geleidelik moet opgroei en sterker word in die genade. "Dit is die ou afgestorwe mens wat opstaan deur die wedergeboorte, wat God tot bekering roep" (:35).

### *8.1.3 Heiligmaking*

Die behandeling van hierdie onderwerp is aan dr.Jac.J.Müller toegesê. Ter aanvang word die volgende vergelyking getref: Soos die geestelike dood van die sondaar oorwin word deur die wedergeboorte en soos sy skuld tot niet gemaak word deur die regverdigmaking, so word die smet van die aanklewende sonde weggeneem en die mag van die inwonende sonde kragteloos gemaak deur die heiligmaking. Nadat die wedergeboorte, regverdigmaking en bekering by die mens plaasgevind het, is die heiligmaking die voortgaande hervorming en herskepping van die wedergeborene na die beeld van Christus. Dit is 'n voortgaande proses vanaf die dag van ons bekering tot op die dag van die dood en verheerliking met Christus (1941:55).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Müller (1941:59,60). koppel dus heiligmaking nie aan 'n krisismoment ná bekering nie, maar as 'n voortgaande proses wat 'n aanvang neem by bekering. Heiligmaking word ook gesien as heiligwording van die gelowige wat 'n geleidelike proses is en nie noodwendig in een oomblik plaasvind nie. 'n Geleidelike afsterwe van die ou mens vind plaas tesame met die gedurige versterking en verlewendiging van die nuwe mens Hierdie geestelike proses wat lewenslank aanhou, gaan saam met 'n hele reeks nuwe geestelike ondervindings en menige krisis in die geloofslewe

Hy trek tewens te velde teen die siening van 'n krisismoment deur te verwys na Christelike kringe wat ontken dat heiligmaking 'n geleidelike proses is en wat die heiligmaking sien as iets wat ook, net soos die regverdigmaking, in één oomblik voltrek word. Hierdie ondervinding maak dan van hom 'n "geheiligde" kind van God in wie die ou natuur met wortel en tak uitgeroei is. Hier verwys hy na die leer van die "tweede seën" *(second blessing)* en bring dit in verband met John Wesley se lering van volkome heiligheid wat as 'n tweede gawe ná regverdigmaking deur die gelowige toegeëien word en in één oomblik kan geskied (Müller 1941:60,61).

Müller verwys hier na die "nuttige en doeltreffende" brosjure van ds.G.D.du Toit oor die "Second Blessing" (1938) asook na die Leerkommissie van die Sinode (1936) se bevinding hieroor. Albei wys dit as 'n dwaling af omdat dit onskriftuurlik en ongereformeerd is en omdat dit die regverdigmaking van die heiligmaking skei en uiteraard lei tot perfeksionisme (Müller 1941:61). In hierdie organiese groei wat plaasvind, kan daar meer as een keerpunt of krisis wees "en nie net 'n tweede nie maar ook 'n honderdste" (:62).

'n Ander dwaling wat Müller uitlig en ook verwerp, is die gedagte dat die "geregverdigde" maar nog nie "geheiligde" kind van God verlore kan gaan. Ook die dwaling wat voorgee dat die "geheiligde" nou net een natuur het, die goddelike, wat nie sondig nie. In antwoord hierop sê hy dat, volgens Gods Woord, die ou mens nooit geheel uitgeroei word nie en dat die ou natuur van sonde en sondige neigings nooit met wortel en tak verwyder word nie, maar dat die gelowige nog lewenslank 'n stryd het teen die verdorwe ou mens met sy inwonende sonde en sondigheid (:62).

Dit is baie duidelik dat Müller hom sterk uitspreek teen enige vorm van perfeksionisme. So noem hy byvoorbeeld dat die kerk op grond van die Skrif die volmaaktheid onbereikbaar ag voordat die gelowige op sy sterfuur self deur God verlos word van die 'liggaam van die dood' en gereinig word van alle oorblywende smette van sonde. Hier op aarde is niemand volmaak nie en kan hy dit ook nie wees nie (1941:63). Hierby voeg hy die volgende stelling: "Die ou mens is wel tot groot mate kragteloos gemaak en gekruisig, maar nog nie vernietig nie" (:64).

### *8.1.4 Samevattend*

Die heilsorde, soos deur bogenoemde teoloë uiteengesit is, kan soos volg saamgevat word: Deur die gepredikte woord kom die boodskap tot alle mense, ongeag of hulle uitverkore is of nie. Inwendige roeping, wat van God tot die mens uitgaan, is onweerstaanbaar en word gelykgestel aan die wedergeboorte. Die uitwendige roeping geskied deur verskillende faktore, soos byvoorbeeld die natuur.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die wedergeboorte is die vrug van die uitverkiesing en dui ook die aanvang van die nuwe lewe aan. Die wedergeborene kan nie meer verlore gaan nie. By die wedergeboorte is die mens lydelik, terwyl God die leiding neem.

Klein kindertjies kan onbewustelik wederbaar word. Dit is slegs geldend vir verbondskinders. Indien so 'n kind op 'n vroeë ouderdom sterf, noodsaak dit nie bekering nie. Volwassenes wat wedergebore is, moet nogtans tot bekering kom. Wedergeboorte en bekering is nou verbonde aan mekaar. Bekering is die vrug van wedergeboorte. Nie alle bekerings vind dieselfde plaas nie - sommige stil en die ander meer dramaties. In ieder geval vind 'n sinsverandering plaas wat 'n totale omdraai, 'n wegdraai na God toe impliseer. By bekering is die mens aktief.

Die eerste of prinsipiële bekering is die aanvang van 'n reeks bekerings wat die pad van heiligmaking uitspel. Heiligmaking word dus nie aan 'n krisismoment gekoppel nie, maar is 'n voortgaande proses. Dit is 'n lewenslange stryd teen die mag van die inwonende sonde en geen volmaaktheid, behalwe by die dood, word hierdeur geïmpliseer nie.

### *8.2 Bekering, wedergeboorte en heiligmaking soos geïnterpreteer deur verskillende predikante van die Ned. Geref. Kerk*

Met bogenoemde opsomming (wat myns insiens 'n redelike weergawe is van die algemene leer soos in die Ned.Geref. Kerk verkondig is) in gedagte, let ons op verskillende persone se interpretasies van die kerkleer.

Daar is geen prinsipiële kriterium gebruik by die keuse van predikante nie. Die vernaamste twee motiverings waarom onderstaande persone uitgesonder is, is eerstens omdat daar voldoende geskrewe materiaal beskikbaar is en omdat die meeste van hulle dit ten doel gehad het om die onderwerpe van wedergeboorte, bekering en heiligmaking in hulle geskrifte en prediking te aksentueer.

In hierdie weergawe van hulle interpretasie, sal gepoog word om so objektief as moontlik te werk te gaan, aangesien 'n verkeerde "inlees" van geskrewe materiaal tot wanpersepsies aanleiding kan gee. Dit verg 'n voortdurende waaksaamheid om hulle hermeneuties korrek te interpreteer.

#### *8.2.1 Prof.N.J.Hofmeyr*

As een van die eerste leerkragte aan die Kweekskool op Stellenbosch, het prof. Hofmeyr 'n merkwaardige rol gespeel as grondlegger van 'n suiwer evangelies-georiënteerde leer. Hy het nie geskroom om sy standpunt oor wedergeboorte en heiligmaking uit te leef nie. Hierdie leer sou as teenvoeter dien vir die aanslag van liberalisme wat op daardie stadium die Kerk bedreig het.

Een van die kosbaarste nalatenskappe van hom is sy geskrif *"Uit de duisternis tot het licht"* wat in 1906 gepubliseer is. Daarin is die heilsorde breedvoerig behandel. Dit is grotendeels 'n verwerking van artikels wat in *De Kerkbode* in 1884 verskyn het. Hierdie studie is baie breedvoerig en maak dit uiters moeilik om slegs die belangrikste aspekte uit te lig.

Hierdie werk is verdeel in drie dele, naamlik "*De Bekeering tot God*", "*De Overgave aan Christus*" en "*De Wandel door den Heilige Geest*".


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.2.1.1 Bekering

In afdeling 1 gebruik prof. Hofmeyr "bekering" as uitgangspunt en bou al die ander aspekte rondom dit uit. Hy begin sy bespreking met die vraag: "Wie moet hulle bekeer?" Hy waarsku teen 'n godsdienstige vroomheid wat mense gebruik om hulle sondige toestand te verdoesel. Alleenlik wanneer die mens bewus word van sy sondige toestand, gemeet aan God se heiligheid, sal hy hom tot God bekeer. Hy wys onomwonde daarop dat sodra die mens bewus word van hierdie toestand, hy hom dan tot God moet bekeer.

Nie alleen is hierdie 'n dogmatiese werk nie, maar hy doen terselfdertyd 'n ernstige beroep op die leser om sy koue, sterwende siel nie langer buite die lewewekkende strale van God se genade en liefde te hou nie, maar om tot Hom, van wie die mens so lank al weggekeer het, te bekeer. Die mense se bekering vind op daardie moment plaas wanneer hy die oog van homself afwend en Christus aanskou soos wat Hy aan die kruis vir die mens se sonde gesterf het (Hofmeyr 1906:8).

In 'n voetnota definieer Hofmeyr (1906:10) bekering as 'n innerlike ervaring wat vanself op 'n daad uitloop. Die ervaring "*metanoia*" (sinsverandering) en die daad "*epstrophé*" (ommekeer) word beide deur die vertalers met die woord "bekering" vertaal. Wanneer hy verwys na die innerlike ervaring of gemoedsverandering (*metanoia)* wat tydens bekering plaasvind, sê hy dat dit in die mens se "*noes*", oftewel sy gemoed plaasvind. Hy noem dit ook die "*oog der ziel*".

Vroeër was die mens se gemoed in 'n sluier gehul, maar nou word dit weggeneem. Die mens se oog word oopgemaak vir die ewige en hemelse dinge (Hofmeyr 1906:11). Namate die ewige lig die mens bestraal en hy sy onbekeerde lewe in al sy verfoeilikheid sien, ontstaan die behoefte om die verkeerdheid te bely (:13). Hoewel die verligting wel vroeër teenwoordig was, het die mens nie daarop ag geslaan nie, maar nou ontstaan die begeerte om tot God te keer. Reeds in sy sondige toestand skyn die lig van God diep in sy hart en bring dit die mens tot 'n wrede ontnugtering. In die lig van God se heiligheid verkry die mens 'n afsku in sy sondige toestand. Wat die mens in die verborgene bely, durf hy nie in die openbaar aan ander vertel nie (:14).

Op hierdie stadium is dit reeds duidelik dat Hofmeyr nie die inisiatief wat van God uitgaan as *wedergeboorte* interpreteer nie, maar as die *verligting van die Heilige Gees* in die gemoed van die mens.

- Waardeur God die bekering werk

Die Here stel die sondaar in staat om, terwyl die sonde nog verwoestend in hom werk, tot God te keer (Hofmeyr 1906:18). Verskeie faktore kan meewerk om die bekering in 'n mens te werk, soos byvoorbeeld die gewete, wat onlosmaakbaar is van God se geregtigheid (:28). Ook die mens se lewenservaringe dra by tot sy bekering. Dit werk mee om die hart voor te berei om die saad van die Evangelie te ontvang wat die vrug van bekering sal oplewer (:21).

Die mens se *sonde*, die *omgewing*, die Woord van God of enige ander geskrewe of gesproke woord kan 'n bydrae lewer. Die gedagte wat in die mens opkom of selfs 'n droom of plotselinge herinnering aan wat in die verlede gebeur het, kan meehelp tot die mens se bekering. (Hofmeyr 1906:21-23).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 'n later stadium behandel Hofmeyr verskillende faktore wat aanleiding gee tot die ontwaking van die mens, soos byvoorbeeld droefheid, teëspoed, geweld, ens. (:48,49). Dit is vreemd dat hy hier weer faktore noem wat ontwaking bewerk, aangesien hy reeds vroeër die onderwerp behandel het van die mens wat uit sy geestelike doodslaap moet ontwaak.

Die ontwaking moet uitloop op bekering, maar dit gebeur nie altyd nie. Soms verval die mens weer in 'n toestand van diepe beswyming, waarin die Here dit nodig ag om so 'n persoon tot ontwaking te bring. Die rede waarom 'n mens nie oorgaan tot bekering nie, is omdat hy nie die weg van bekering ken nie (Hofmeyr 1906:50,51). Die Woord, waarsonder bekering onmoontlik is, dring by die mens aan op onmiddellike aanneming van die toegesegde heil en op onmiddellike oorgawe aan Jesus Christus (:25,27).

- Die onmiddellike daad van bekering

Dit is uiters noodsaaklik dat daar 'n besliste *omkeer* in die mens se verhouding tot God moet plaasvind. Die sondaar moet die sonde, die wêreld en al wat verkeerd is die rug toekeer en hom tot God wend. Hierdie besliste daad wat moet plaasvind sal die persoon se hele lewe beïnvloed. Hierdie onmiddellike daad word eens en vir altyd afgehandel. Verskeie kere doen Hofmeyr (1906:37,38) 'n ernstige beroep op die leser om onmiddellik te reageer. Dit is ook nie nodig dat so 'n bekering met stryd gepaardgaan nie, tensy daar ongeloof en ongehoorsaamheid by betrokke is (:39). Die mens gee hom aan Jesus oor en sluit met Hom die ou lewe af. In Hom ontvang hy vergifnis van sonde, wat aan die ou lewe verbonde was en ontvang die onderpand van die nuwe lewe (:53).

'n Belangrike opmerking wat Hofmeyr maak is dat bekering nie die aanvang van die nuwe lewe is nie, maar die oorgang daartoe. Die aanvang van die nuwe lewe is die geloofsoorgawe aan Jesus Christus. Die voorwaarde daarvoor is die bekering (*De Kerkbode* Januarie 1884:18). Soos wat grond voorberei word voordat dit besaai kan word, so geskied die bearbeiding van die Heilige Gees as voorbereiding tot die bekering en daaropvolgende nuwe lewe (:18).

Die mens se bekering en sy geloofsoorgawe moet van mekaar onderskei word, maar nie geskei word nie (Hofmeyr 1906:52). Hoewel dit onderskei word, word dit gesamentlik as twee helftes van 'n geheel beskou en dus nie van mekaar geskei nie. Die geloofsoorgawe veronderstel die bekering. Die mens kom nie in sy *bekering* nie, maar in sy *geloofsoorgawe* tot rus. (:54). Dikwels is mense nie seker van die presiese dag en datum van hulle bekering nie. Hofmeyr sê dat die mens hom nie moet bekommer as hy nie die juiste oomblik kan onthou nie. As 'n mens met danksegging tot God kan bely dat die oorgawe gemaak is, dan bevind hy hom op die pad van die bekeerde (:43).

Die bekering is soms soos 'n plant wat ongemerk opkom nadat die lewende saad vir jare in die grond lê. Hierde saad kan gesaai word wanneer die kind byvoorbeeld op die moeder se skoot die waarhede aanhoor. Jare daarna ontkiem die saad wanneer die persoon hom tot God bekeer (Hofmeyr 1906:43.44). Die ontwaking moet lei tot bekering en die bekering moet weer lei tot die omhelsing van Gods liefde in


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jesus Christus. Die ontwaking en bekering tot God en oorgawe aan Jesus vind in dieselfde oomblik plaas (:51).

8.2.1.2 Roeping

Volgens Hofmeyr (1906:59,61) vind roeping en bekering terselfdertyd plaas. Waarom is dit so? Omdat die bekering uit die kragdadige roeping ontstaan. Soos wat die blom sy kelk open wanneer die son daaroor skyn, so bekeer die siel hom wanneer God hom met krag uit die wêreld tot Hom roep. Bekering is die keersy van die goddelike roeping. Die mens bekeer hom omdat hy kragdadig geroep word:"Toen God in uw krachtdadige roeping zicht zoo duidelik aan u openbaarde, zoo luide tot u sprak, toen waart gij reeds in Zijne gedagte macht, en kondet gij niet anders dan u tot Hem te bekeeren" (:61). By roeping laat God, deur sy Gees, die mens nie met rus nie, maar plaas 'n verpligting op hom om hom te bekeer (:64).

In sy geskrif "*Teenstellinge in die leer en lewe van die Christen*" maak Hofmeyr die volgende stelling: "Niemand het met meer nadruk as Paulus verkondig dat God die goddelose roep en hom uit genade die sonde vergewe nie; maar ook niemand het met meer nadruk as hy verklaar dat niemand wat in sy goddeloosheid voortlewe, die ewige lewe kan hê nie (Hofmeyr 1946:103). God roep dus die mens, waarop hy hom tot God moet bekeer.

God bewerk altyd die eerste stap in die proses waardeur die mens in sy verwyderde staat tot God keer. Dit is God wat die mens oortuig en sonder hierdie oortuiging is bekering ondenkbaar. God kom altyd tot die mens op grond van die versoening (Hofmeyr 1906:66).

8.2.1.3 Bekering en wedergeboorte

Nadat hy 11 hoofstukke aan die verskillende aspekte rondom bekering gewy het, kom Hofmeyr eers by die laaste hoofstuk van hierdie afdeling by die verhouding tussen bekering en wedergeboorte.

Op 'n vraag wat wedergeboorte beteken, antwoord Hofmeyr dat dit'n geboorte van Bo is: "In het oorspronkelijke leest gij in Joh.3:3 niet, zooals onze vertalers het hebben, *wederom*, maar *van Boven" (De Kerkbode* 18 April 1884:181). 'n Mens word deur die wedergeboorte 'n ganse nuwe mens en dit geskied deur die nuwe verhouding tussen God en die mens (Hofmeyr 1906:81). Bekering en wedergeboorte is eweneens onskeibaar van mekaar. Dit vorm saam 'n geheel. Geen wedergeboorte sonder bekering: en geen bekering sonder wedergeboorte (:82). Die bekering veronderstel die wederbarende werkinge van die Heilige Gees. wat die bewys is van die wedergeboorte (:82).

Uit laasgenoemde sin blyk dit asof Hofmeyr wedergeboorte voor bekering plaas, maar die volgende aanhaling bewys die teendeel: "Zoodra gij bij de bekeering u de volbrachte verzoening toeëigent, kan niets den Heiligen Geest verhinderen, om u in te leiden in deze nieuwe gemeenschap met God, en om u het leven van den wedergeborene te doen leven" (:82). Ook wanneer hy verwys na die middel tot die doel: "Het *doel* uwer bekeering is, *het leven van den wedergeborene*; het *middel* tot dit *doel* is, onder anderen, de vergiffenis uwer zonden, op grond van Jezus' verzoening" (:82,83). So is die vergifnis slegs


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die middel om die mens in te lei in die gemeenskap met God wat deur die wedergeboorte 'n aanvang neem (:83).

Soos in die geval van die verlore seun wat in 'n besondere liefdesverhouding tot sy vader gestaan het ná sy terugkeer, so bewerk hierdie gemeenskap van liefde tussen God en die mens die wedergeboorte wat 'n nuwe lewe tot gevolg het. "Deze wedergeboorte is de stempel der waarachtige bekeering" (Hofmeyr 1906:85). Die verlore seun het 'n nuwe mens geword. Hy ontvang 'n nuwe kleed, skoene en 'n ring wat uiterlike tekens is van van sy inwendige verandering, van sy waaragtige wedergeboorte (:85).

8.2.1.4 Die oorgawe aan Christus

Die tweede afdeling van prof.Hofmeyr se werk handel oor oorgawe aan Christus. Hierdie afdeling is nie 'n vervolg op die vorige nie want hierin kom heelwat herhaling van die voorafgaande deel voor. Geloofsoorgawe en bekering wat reeds behandel is, word hier herhaal.

Hy verwys na 'n dwaling wat die kerk binnegetree het waardeur dit as 'n waagstuk, vermetelheid en aanmatiging beskou is as 'n soekende siel onmiddellik ná die uitnodiging oorgaan tot 'n oorgawe. Die gevolg was dat mense vir jare tussen hoop en vrees moes leef en soms tot in die sterwensuur soekend bly (Hofmeyr 1906:95). "Goddank! dat Hij overal mannen, die Hij van deze dwaling heeft verlost, opwekt om eene *oogenblikkelijke redding* te prediken, en tot een *oogenblikkelijke overgave aan Christus* uit te noodigen" (:95). Hierdie oorgawe geskied nie onbewustelik nie en hoewel dit plaasvind, gaan dit nie altyd gepaard met 'n besondere gewaarwording nie (:101). Die oorgawe is 'n daadwerklike wilsbesluit (:102). Hierdie opmerkings speel direk in die hand van mense wat uitvaar teen die Metodistiese praktyke in die kerk (soos in die vorige hoofstuk aangestip is.) Een van hulle besware is juis die appèl tot 'n oombliklike bekering.

Hoewel die volgende aspekte reeds vroeër deur Hofmeyr aangeraak is, is dit asof hy opnuut die noodsaaklikheid van 'n besliste oorgawe wil beklemtoon. Oor die definitiewe daad van oorgawe, veral wat betref die dag en uur, doen Hofmeyr (1906:104) aan die hand dat die dag en uur aangeteken moet word. Al kan die presiese dag en datum van die oorgawe nie onthou word nie, moet die mens net weet dat daar wel 'n *bewustelike oorgawe* plaasgevind het. Dit is die aanvang van 'n lewe van onophoudelike oorgegewendheid aan Hom (:104). Daar is geen sprake van 'n tydsaspek wat verloop tussen die bekering en oorgawe nie. "*Hoe krachtiger het Evangelie werkt, des te sneller is de doorgang van de bekeering tot de overgave aan Jezus Christus*" (:127). Daar is egter gevalle, soos dié van Paulus, waar die bekering en oorgawe op dieselfde oomblik plaasgevind het (:128). Een preek is voldoende om 'n mens tot bekering en oorgawe te lei, ja, selfs een woord is nodig daarvoor (:127).

Een van die groot leemtes wat in die prediking voorkom is dat die prediker die gehoor aangryp deur die preek, maar nooit die geleentheid vir die mense bied om hulle saak met die Here uit te maak nie. As hy nie onmiddellik die oorgawe aan Jesus maak nie, verdwyn die behoefte in die ontwaakte siel. In hierdie sin word vrye byeenkomste aangemoedig waarin behoeftige persone vrymoedigheid sal hê om hulle begeerte met ander te deel (:132).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit dien ook as versterking wanneer die bekeerde persoon in die openbaar teenoor ander persone getuig van sy oorgawe aan Jesus (:135). Terselfdertyd dien hierdie belydenis ook ter versterking van die gemeente van die Here (:136).

8.2.1.5 Die rol van die mens by bekering

Hofmeyr plaas 'n baie hoë premie op die rol wat die mens, veral die prediker, speel by die bekering van die sondaar, maar beslis nie ten koste van die rol van die Heilige Gees nie. Onder die opskrif "*Die werk van God en die werk van die mens in die bekering van sondaars*" behandel Hofmeyr die noodsaaklikheid van en die omgang met die Woord by bekering: "Van miljoene moet ons sê: Hulle sou hulle nooit bekeer het nie, as hulle nie van die Evangeliedienaar die Woord van God gehoor het nie (Hofmeyr 1946:59). Ook die manier waarop die prediker die evangelie verkondig, speel 'n baie groot rol: "Van miljoene kan 'n mens sê: hulle sou hulle nie bekeer het nie as die Woord op 'n ander manier aan hulle gepreek was nie"(:60). Die manier waarop die prediker met die Woord omgaan, is onlosmaakbaar van sy persoonlikheid en daarom is die werking van Gods Woord nie te skei van die prediker self nie (:60).

Nou kom Hofmeyr (1946:60) tot die volgende uitspraak: "En soos nou die een mens aan die ander mens met die oog op sy bekering arbei, so word by die bekering *die menslike wat in die mens self is*, ooreenkomstig sy bestemming deur God gebruik." Hy lê met nadruk klem op die gedagte dat die menslike in die mens in ag geneem moet word. Met die kind moet dus anders te werk gegaan word as met die bejaarde. "Om die mens tot bekering te beweeg moet ons na iets in hom soek waar die woord weerklank kan vind - dieselfde wat 'n mens doen wanneer jy 'n ander tot iets, wat dit ookal mag wees, wil oorreed" (:61).

Uit bostaande opmerkings mag dit blyk asof die mens die vernaamste rol speel, maar Hofmeyr (1946:61) kwalifiseer dat hierdie menslike arbeid geen mens bekeer nie. Die bekering is by uitstek die vrug van die arbeid van God. "Die lig wat die siel moet bestraal om dit God tot saligheid te laat ken, gaan nie van enige mens of skepsel, maar van God self uit. Die mens word weergebore uit die Heilige Gees. en dit grens aan die godslasterlike om te sê dat enige mens of engel die mag sou hê om die Heilige Gees aan ander mee te deel" (:61,62).

Die belangrikste boodskap wat Hofmeyr wil tuisbring, is die noodsaaklike rol wat die evangeliedienaar speel, maar slegs as middel wat God gebruik, terwyl die goddelike werk slegs deur die werking van die Heilige Gees geskied. So skets Hofmeyr byvoorbeeld die onmag van die evangeliedienaar om aan 'n ontwaakte siel die blywende vrede te gee waarna hy soek. Hy is slegs 'n werktuig in die hand van God wat die ontwaakte siel na Christus lei, maar geen mens besit die vermoë om 'n sondaar met Christus te verbind nie. "God bind in die bekering die siel aan Hom nie deur 'n mens nie, maar deur Sy Gees" (Hofmeyr 1946:63).

Die volgende aanhaling beklemtoon Hofmeyr se erns oor die bekering van sondaars: "As alle predikers dit ingesien het, as hulle begryp het dat hulle bediening niks minder op die oog het as die bekering van


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die sondaar nie, hoe sou hulle dan daarin kan berus dat hulle bediening dikwels te magteloos is om sondaars tot die geloof te beweeg?" (Hofmeyr 1946:65).

Die vyande van die sogenaamde Metodisme sou Hofmeyr sekerlik onder die spervuur plaas vir die volgende uitlating: "As 'n mens in die belange van ander sake soms besondere pogings aanwend, waarom sal die evangeliedienaar, terwyl hy weet dat die evangelie 'n krag van God tot saligheid is, nie van tyd tot tyd probeer om deur 'n buitengewone arbeid siele te red nie? Wie dit veroordeel, veroordeel die buitengewone ywer waarmee Paulus steeds gearbei het..." (Hofmeyr 1946:66).

8.2.1.6 Heiligmaking

Oor hierdie onderwerp, stel prof. Hofmeyr dit duidelik dat daar een van twee posisies is wat die kind van God kan inneem: 'n lewe van kindskap teenoor knegskap; 'n lewe van vryheid, teenoor 'n lewe van slawerny.

'n Gedeelte van sy boek *"Niet Knecht maar Kind"* is deur ds.G.D.du Toit vertaal en verwerk en vir plasing na *Die Kerkbode* gestuur. Verskillende eienskappe van 'n "kneg" word behandel waaronder die volgende: "Die kneg weet nie, by eie ondervinding, wat oorwinning oor sonde is, deur die krag van die inwondende Heilige Gees nie" (*De Kerkbode* 23 Maart 1932:562). Hieronder verwys hy na Paulus se beskrywing van so 'n toestand in die boek Romeine, onder andere Rom.7:26.

*"Deur daardie betere sin bewoë*, probeer ons om te doen, wat die gemoed goedkeur. Maar daar is 'n ander krag, wat woon in ons vlees, die sonde, naamlik. Sodra ons nou probeer om te doen wat die gemoed, of die betere sin, goedkeur, word die sonde in ons opgewek, en hy neem ons gevange (Rom.7:21-23). Die gevolg is 'n allerdroewigste knegtelike" (*De Kerkbode* 23 Maart 1932:562). Hierdie wisselvalligheid tussen die kwade en die goeie sal voortduur, totdat 'n hoër mag, naamlik die Gees van kindskap, beheer oor ons lewe neem. Paulus noem dit die gees van die lewe in Christus Jesus, omdat dit die gees van ons kindskap is waaruit die lewe van Jesus Christus verklaar moet word. Dieselfde lewe moet nou in die gelowige gewerk word. Van die oomblik af dat die gelowige die Gees van kindskap ontvang het, woon die enigste mag wat hom van die sonde kan verlos, in hom. Slegs diegene wat geregeer word deur die Gees van kindskap is kinders, terwyl die ander wat deur die "betere sin" in hulle geregeer word, is knegte. Hulle het begrip van die heerlike vryheid van die kinders van God. Die kneg verstaan dit nie. Hy gebruik baie inspanning om dit te bekom, maar slaag nie daarin nie (:562).

In "*Uit de duisternis tot het licht*" vra Hofmeyr die vraag aan die leser op watter een van die twee paaie wandel hy? Hy verwys na Rom.7:22 en Rom.8:2 en vestig die aandag daarop dat die mens nie in die gevange toestand moet bly nie, maar 'n vrygemaakte moet word. (Hofmeyr 1906:195). Die verskil tussen die twee uiterstes lê in die beslissende vraag: "H*oe staat het tusschen u en de zonde?" (:195).*

In 'n ander werk van Hofmeyr, *"Teenstellinge in die Lewe en Leer van die Christen"*, word ondermeer "sondesmart en bevrydingsvreugde" as teenstellings gebruik in sy behandeling van Rom.7:24,25. Hy wys pertinent daarop dat op aarde geen einde aan die sondesmart van die gelowige kom nie. "Die sonde


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is in hom nie uitgeroei solank hy in hierdie liggaam leef nie. Soos die dood hierdie liggaam in hom werk, so ook die sonde. Sy liggaam is 'n liggaam van die sonde en van die dood" (Hofmeyr 1946:30). Namate die gelowige tot die besef kom van sy roeping tot volmaaktheid, word hy getref deur die smartlike werklikheid van die sonde in hom. Hoe verder die gelowige in die heiligmaking vorder hoe meer betekenis kry die uitroep: "Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" (:31).

Hy lig hierdie saak oor die sonde verder toe deur daarop te wys dat sonde nie die heerskappy voer in die gelowige se lewe nie. Hy stel dit op 'n kostelike wyse dat die sonde "hom in die buitewyke teruggetrek het, terwyl in my gees, in die hoofstad, in die hart van die stad Gods Gees vir ewig woon. Ek sien en betreur die sonde wat in my is, maar verheug my tewens dat dit nie in my heers nie en slegs vanuit die grensdistrikte my bestook"(Hofmeyr 1946:32).

Hierdie toestand mag egter nie 'n verslapping bewerk nie, maar verg steeds 'n voortdurende waaksaamheid. Die enigste verskil is dat die Gees van God nou "die hoogste mag" in die gelowige is en nie meer die sonde nie. "...en as ek my daarin verheug dat die werkinge van die sonde in my die laaste stuiptrekkings is van die liggaam van die sonde wat tot niet gedaan word. Hoe gans anders is dit as ek die ongeskonde, woedende tier, weerstaan, terwyl ek weet ek teen sy krag nie bestand is nie, of as ek my teen hom versit, terwyl ek weet dat hy nog maar 'n rukkie sal spartel, omdat 'n dodelike wond hom reeds toegedien is. Watter moed en krag skep ek nie uit die sekerheid dat hy sterwende is nie (Rom.6:6)" (Hofmeyr 1946:33). Hy stel dit ook in geen onduidelike taal nie, dat die mens nie van die vlees verlos word nie: "Solank ons leef, bly die vlees in ons as teenstander van die Gees. Maar die stryd is reeds deur Jesus Christus beslis" (:34).

Hoewel Hofmeyr nie melding maak van die term *perfeksionisme* nie, kan die leser self tot die gevolgtrekking kom dat daar in sy geskrifte geen sprake daarvan is nie, waarvan die volgende getuig: "Eer de heiligmaking bij u beginnen kan, moet gij vrijgemeaakt zijn van de zonde. *Uw heiligmaking is de vrucht uwer vrijmaking van de zonde*. Uw heiligmaking vangt aan, als de zonde ophoudt in u te heerschen. Ik zeg niet te BESTAAN, maar te *heerschen.* " (Hofmeyr 1906:181). Hy is egter oortuig dat heiligmaking 'n aanvang neem nadat die mens van sonde verlos geword het (:201).

In die geskrif "*Uit de duisternis tot het licht"* wil dit voorkom asof Hofmeyr die verlossing van sonde, waarna hy so dikwels verwys, koppel aan bekering. Aangesien dit blyk asof hy sê dat die mens by sy bekering hierdie vrymaking van die sonde ontvang het (en dit ook moet besef), sê hy weer dat indien die mens dit nog nie besef het nie, so 'n oorgawe nog moet plaasvind (Hofmeyr 1906:207). Vir hom lê die vrug van die volbragte vrymaking van die heerskappy van die sonde in die daaglikse voortgesette vrymaking (:208). Hierdie voortgesette vrymaking het egter nie te doen met die voortgesette werking van die sonde nie: "Gij vraagd mij, of de zonde dan hierdoor ophoudt in u te werken? Geenzins! Maar het zijn die *nawerkingen* der oude betrekking tusschen u en de zonde, niet de *voortzetting* er van. De oude betrekking is voor altijd vernietig (:209). Op 'n ander plek sê hy: "In uw sterfelijk lichaam blijft de zonde altij nawerken...Maar de zonde werkt toch na in u, door verkeerde neigingen en begeerten" (:210)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Veral uit sy boek "*Pinksterlicht en Leven*" verwys hy baie duidelik na 'n definitiewe krisismoment in die gelowige se lewe waarin die sogenaamde "tweede bekering" plaasvind. In die aanhaling deur ds.G.D.du Toit in *De Kerkbode (*6 Mei 1936:911) sê Hofmeyr dat Jesus Christus by hierdie keerpunt in 'n mens se lewe as Redder opdaag. Na 'n magtelose oorgawe in die arms van die Heiland, het Hy verhoor en die mens van u sukkelende lewe verlos. Hy het die werk van heligmaking uit sy hande geneem, en hom gebring in 'n blywende rus. Hierdie seën vind nie by alle gelowige dieselfde plaas nie. Sommige kry dit by hulle eerste geloofsoorgawe, terwyl ander jarelank daarna soek omdat hulle dit langs 'n verkeerde weg soek.

Almal vind dit egter deur te wanhoop aan eie strewe, dit op te gee en hulle deur die Heilige Gees op daardie betere weg te laat lei. Die spesifieke dag waarop dit plaasgevind het, kan in herinnering geroep word. Hulle kan dit hulle *Pinksterdag* noem. Sedert daardie ondervinding het hulle nie die volmaaktheid bereik nie, maar hulle lewe het stadigaan op 'n hoër vlak beweeg as vroeër. Dit was vir hulle asof hulle *'n tweede bekering* ondergaan het, hoewel dit niks anders was nie as 'n ruimer opening van die hart vir die ryke instroming van die Heilige Gees (*De Kerkbode* 6 Mei 1936:911).

Ds.G.D.du Toit het aanklank gevind by die beskouinge van prof.Hofmeyr, in so 'n mate dat hy dikwels daarvan in sy werke aangehaal het. Behalwe in sy boek "*Heiligmaking*" het ds.Du Toit ook in "*Jesus op die Troon*" gedeeltes uit sy geskrifte aangehaal. In die slotgedeelte van laasgenoemde boekie, gee Du Toit weer wat Hofmeyr sê oor "*'n Keerpunt in die lewe van die Christen*". Daarin word verwys na die onderskeid tussen 'vleeslikes' en 'geestelikes'. Die oorgang van 'n vleeslike tot 'n geestelike toestand kan geleidelik of plotseling plaasvind. Hierdie ondervinding is 'n aanvangspunt (Du Toit 1932:88,89).

8.2.1.7 Opsomming

Hofmeyr gaan van die standpunt uit dat die verlore sondaar tot ontwaking moet kom sodra die verligting van die Heilige Gees hom bewus maak van sy sondetoestand. Die mens se gemoed wat in duisternis gehul was, word verlig. Die ewige lig ontbloot sy bedorwe toestand. God gebruik verskillende faktore, onder andere die gewete, om die mens tot ontwaking te lei. Die ontwaking loop uit op bekering. Daar is wel gevalle waar die ontwaking nie tot bekering lei nie. Dit kom voor by mense wat verkies om met hul doodslaap voort te gaan.

Bekering is 'n daad van sinsverandering en ommekeer na God toe. Bekering, met geloof as voorwaarde, vind onmiddellik plaas. 'n Nuwe lewe neem 'n aanvang by geloofsoorgawe. Bekering is die poort tot geloofsoorgawe. In geloofsoorgawe kom 'n mens tot rus. Dit is nie nodig om die dag en datum te weet van die geloofsoorgawe nie, solank 'n mens net seker is dat hy dit gedoen het. Roeping, bekering en geloofsoorgawe vind terselfdertyd plaas. Roeping is onweerstaanbaar. Die kruis is die basis van versoening tussen God en mens. In die prediking moet die mens aangemoedig word om onmiddellik tot oorgawe oor te gaan. Oorgawe is 'n daadwerklike wilsbesluit.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wedergeboorte is die aanvang van 'n nuwe lewe. Wedergeboorte, wat onlosmaakbaar is van bekering, is die stempel van die bekering. Mense wat hierdie geloofsoorgawe gemaak het, wat hulle tot God bekeer het en dus wedergebore geword het, moet aangemoedig word om openbare belydenis te doen.

Hoewel Hofmeyr geen melding maak van 'n chronologiese opeenvolging van elemente van die heilsweg nie, behandel hy 'n logiese ontwikkeling van gebeure wat op een oomblik plaasvind. Die elemente van ontwaking. bekering, geloofsoorgawe en wedergeboorte word van mekaar onderskei, maar kan nie geskei word nie.

Die gevaar bestaan dat 'n simplistiese gevolgtrekking van 'n persoon se leerstellige beskouing kan lei tot waninterpretasie. Die volgende aanhaling bevestig egter bogenoemde slotsom: "Ontwaakte ziel, kies één van twee: *terstond* u van uw eigen weg tot Gods weg te keeren, *terstond* u tot Hem om te wenden en aan Jezus Christus u toe te vertrouwen, en alzoo *terstond* vergiffenis en licht en krag te ontvangen..." (:40,41)

Dit is egter moeilik om veral uit die twee geskrifte "*Uit de duisternis tot het light*" en "*Niet knecht maar kind*" 'n presiese formulering van prof. Hofmeyr se heiligmakingsbeskouing te vind. Globaal gesien, lê hy wel klem op 'n definitiewe keerpunt in die gelowige se lewe wat as 'n "tweede bekering" bekend staan. Die proses van heiligmaking vind voortdurend plaas en die gelowige betree nooit die posisie waarin die bestaan van die sonde in sy lewe beëindig word nie. Slegs die heerskappy deur die sonde kom ten einde.

Wanneer Hofmeyr se interpretasie van die heilsweg onder oë gekry word, kan sonder vrees vir teëspraak aanvaar word dat sy beskouing nie honderd persent in lyn was met dié van die meeste predikante in die Ned.Geref.Kerk nie. Veral die gedagte van bekering voor wedergeboorte en 'n definitiewe "tweede bekering" word allerweë as onaanvaarbaar beskou. Tog vind ons geen bewyse waarin predikante hierdie geëerde godsman kritiseer vir sy beskouinge nie.

### *8.2.2 Dr Andrew Murray*

Dr.Andrew Murray het geen gelyke in ons land as dit kom by die publikasie van geestelike leesstof nie. Om al sy geskrifte te bestudeer ten einde 'n samevatting te gee van wat hy glo in terme van wedergeboorte, bekering en heiligmaking, sal gewis 'n onbegonne taak wees. (In die voorwoord van sy versamelde werke (Deel.1) word vermeld dat hy meer as 250 geskrifte die lig laat sien het.)

Die twee doktorale proefskrifte van B.J.K.Anderssen en C.F.C.Coetzee oor die leer van dr.Murray sou uiteraard 'n meer breedvoerige weergawe tot gevolg hê, maar onafhanklik daarvan word gepoog om tot 'n eie formulering te kom deur gebruik te maak van enkele werke van Murray.

In die "*Versamelde Werke*", deel X word Murray se behandeling van die Heidelbergse Kategismus uiteengesit. Vir die doel van hierdie studie word slegs enkele grepe daaruit geneem om as basis te dien vir sy beskouing van die heilsweg. Verder word dit aangevul deur enkele aanhalings uit van sy ander geskrifte.

Volgens Murray (1945:359) is daar veral drie woorde "waarin uitgespreek word wat met die sondaar gebeur as hy die verlossing deur die geloof deelagtig word", naamlik *weergeboorte, regverdigmaking* en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*bekering*. Hy vat dit soos volg saam: "Waar die woord *wedergeboorte* spreek van wat onsienlik, inwendig, binne in die mens deur God gedoen word, *regverdigmaking* spreek van die uitspraak wat daarbo in die hemel oor hom gedoen word, en die *bekering* wys neer op dit wat deur die mens self, kragtens Gods werk in hom, gedoen word en wat vir die medemense sigbaar is. Die mens word geroep om hom te bekeer, en die bekering moet in sy gedrag en wandel voor die medemense sigbaar wees" (Murray 1945:360).

8.2.2.1 Wedergeboorte

Murray (1945:359) definieer wedergeboorte soos volg: "Deur die almagtige genade van die Heilige Gees word hy uit die lewe in die dood oorgebring, ontvang hy 'n hele nuwe lewe uit die hemel."

Wedergeboorte is 'n noodsaaklikheid vir elke mens weens sy natuurlike bedorwe toestand. Geen mag kan die mens uit daardie toestand ophef nie, behalwe God self. Wanneer die diepte van hierdie ellende erken word, sal die wedergeboorte deur die Gees geglo, gesoek en verstaan word (Murray 1945:43,44).

In die dagstukkies *"Glo u dit?"*, soos vervat in die *Versamelde werke* deel I, kom dit duidelik na vore dat met wedergeboorte die geestelike lewe in die mens 'n aanvang neem: Die lewende woorde van God is die saad wat lewe in die hart van die mens bring. "Deur die woord het die Gees van God lewe in hul harte laat ontkiem; hulle is wedergebore" (Murray 1942:9).

Oor wie die inisiatief neem by wedergeboorte, word aan die hand van Handelinge 16:14 verduidelik dat as die mens kla dat hy verhard is, want alles voel so dof en dood, dan open die Here die hart met sy Woord. As iemand verlang om dit aan te neem, sal Hy self die hart oopmaak (Murray 1942:11). Ook in een van sy vroeë geskrifte, getiteld "*Het Nieuwen Leven*", stel Murray dit dat wedergeboorte deur God bewerkstellig word. Die mens moet van bo gebore word (Murray 1897:35)

In die inleiding tot sy geskrif; "*The Power of the Spirit*", antwoord hy op William Law se teorieë. Daarin verduidelik hy dat die mens by regverdigmaking deur genade vergewe en aangeneem word, terwyl die mens by wedergeboorte sy verlossingswerk uit 'n ander oogpunt beskou. Sonde is die dood, die verlies van die Goddelike lewe en die genade word geopenbaar as die nuwe lewe wat deur die Heilige Gees ingeplant en deur Hom in die siel onderhou word. Hierdie twee groot waarhede is so omvattend dat die mens dit nie altyd besef nie. Die probleem is dat die een ten koste van die ander oorbeklemtoon word (Du Plessis 1920:46).

Regverdigmaking het nie, soos by die wedergeboorte, te doen met wat inwendig binne in die mens deur God gewerk word nie, maar wat van buite plaasvind as God hom in Christus regverdig verklaar (Murray 1945:359,360).

8.2.2.2 Bekering

Bekering word gesien as die ingang tot 'n lewe in diens van God (1945:359). Dit is wat deur die mens self, kragtens God se werk in hom, gedoen word en wat vir die medemens sigbaar is (Murray 1945:360). Die mens is nie by magte om hom te bekeer nie. Net so min as wat hy die vergifnis self kan bewerkstellig, net so min kan hy die ware bekering teweegbring (Murray 1942:16).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bekering en geloof is onlosmaakbaar van mekaar. In die geloof moet die sondaar sy sondes aan die voete van die Here Jesus plaas in erkenning dat Hy die sondes vergewe en reinig van alle ongeregtighede (Murray 1942:67,68).

Aan die hand van die boetepsalm van Dawid, Psalm 51, skryf Murray 'n reeks van 31 dagstukkies, getiteld "*Wees my genadig*", wat aanvanklik in 1868 die lig gesien het. Terwyl hy die "heilbegerige" se lewe in die lig van Dawid se situasie plaas, doen hy 'n beroep op die mens om hom tot God te bekeer: "Daarom roep ek u, sodat u mag sien hoe God 'n siel red" (Murray 1942:164). Die mens moet eers kom tot die ernstige sondebesef en dan hom wend tot die genadige vergifnis van God. "Ek bid u, verag tog die dierbaar bloed van Christus nie langer nie, maar haas u tot God met Dawid se bede: 'Was my heeltemal van my ongeregtighede" (Murray 1942:179).

Die sekerheid van sondevergifnis is gewis. Tot die sondaar spreek Murray (1942:221) die aanmoedigende woorde dat as hy by God soek om vergifnis deur die bloed van Christus, sal Gods Gees aan hom die stille versekering gee dat God self die ongeregtighede van hom weggeneem het.

Ook in hierdie geskrif stel Murray dit baie duidelik dat daar nie so iets bestaan dat 'n mens volmaak is en nie meer kan sondig nie (Murray 1942:221,223). Selfs terwyl God weet dat die hart inwendig onrein is, wat die sondige neiging betref, word die sondaar rein verklaar deur die wet sodra al die eise van die wet voldoen is. Hy onderskei tussen twee tipes reinheid. Eerstens geskied die "regtelike rein wees deur die vryspraak van die wet" en die tweede, "die inwendige rein wees deur die vernuwing van die Gees." Die eerste vind onmiddellik plaas, terwyl die tweede langsamerghand geskied, hoewel die twee nie van mekaar geskei kan word nie (Murray 1942:241,242).

By die wedergeboorte skep God 'n rein hart. Die mens word inderdaad 'n nuwe skepsel omdat hy 'n nuwe lewe, die lewe van God, ontvang het (Murray 1942:244). In hierdie sin gebruik Murray beslis nie die term "wedergeboorte" as 'n onbewustelike werking nie, hoewel hy tog melding maak van die werking van die Heilige Gees wat onbewustelik voorkom in die hart van die heilbegerige en ontwaakte sondaar. Daardeur bevestig Murray dat niks in die mens gewerk word behalwe deur die Gees nie (Murray 1942:253,254).

Die hele aanloop tot sy gebruik van die term "wedergeboorte" dui op 'n besliste ondervinding soos wat Dawid dit beleef het. Op 'n later stadium praat Murray van "die jongbekeerde, die heilbegerige, die begenadigde" (Murray 1942:258). Dit kan dus verwarrend wees as 'n mens probeer om Murray se gebruik van die terme "bekering en "wedergeboorte" van mekaar te skei.

Volgens vraag 88 van die Heidelbergse Kategismus verduidelik Murray dat die bekering van die mens uit twee dele bestaan, naamlik die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe. Dit beteken nou dat die nuwe mens in die krag van daardie lewe in Christus sy lede, die werkinge van sy liggaam, moet doodmaak en die ou mens in die plek van die dood moet hou (Murray 1945:361).

Kenmerkend van 'n bekeerde persoon is die hartlike berou omdat hy God deur sy sonde vertoorn het en daarmee saam haat hy die sonde en vlug daarvan weg. Daarop volg 'n hartlike vreugde in God, 'n lus en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

liefde om na Gods wil te lewe. "As u werklik bekeerd is, sal hierdie dinge in u wees; u sal na God gedrywe word, sodat Hy deur Sy Gees hulle meer en oorvloedig in u kan laat wees" (Murray 1945:367,8).

Vir diegene wat hulle weerhou van die oproep om hulle te bekeer, vermaan Murray hulle soos volg: "Wend u na die lewende God met u sondes. Roep na Hom met die gebed van Sy Woord: 'Bekeer my, dan sal ek my bekeer.' Werp u in swakheid en sonde neer voor Hom wat gekom het om tot bekering te roep. Hy is nou verhoog om bekering te gee. Hy sal dit sekerlik gee" (Murray 1945:371).

#### 8.2.2.3 Geloofsversekering

In sy boeke, prediking en bediening in die algemeen, het Murray baie klem gelê op die noodsaaklikheid van bekering en die wete dat 'n mens wel kan weet dat hy weergebore is. Hy sê onder andere dat die Skrif altyd spreek tot Christene as diegene wat weet dat hulle die ewige lewe het. Daarom noem die Bybel drie dinge waarin die mens sy sekerheid het, naamlik geloof in die Woord, daarna die werke en dan daarmee saam die Heilige Gees (Murray 1897:167).

In die boekie aan jong Christene "*Het Nieuwe Leven*" (Hfst.2) word heelwat nadruk gelê op sekerheid van saligheid. Baie mense sê dat dit Metodisties is om getuienis af te lê van 'n mens se bekering, maar Murray (1897:169) moedig dit juis aan ter wille van 'n versterking van geloofsversekering. In 'n voetnota sê hy dat die geloofsversekering aangehelp word deur belydenis. Dit wat die mens uitspreek, word vir hom duideliker (1897:169).

#### 8.2.2.4 Heiligmaking

Hierdie onderwerp geniet baie aandag in Murray se geskrifte en glo dat daar wel 'n definitiewe ondervinding van heiligmaking in die Christen se lewe moet wees. Hy gee toe dat heiligmaking wel met stryd gepaard kan gaan, maar lê veral klem op die rus in die Here. Dit is 'n lewe wat deur geloof gelei kan word. "Verlos van sonde deur 'n geloofsdaad, geheilig van die sonde deur 'n voortgesette geloofsdaad...Na die mate van die geloof is daar wasdom in die geestelike lewe. En daardie lewe is dan nie 'n voortdurende teleurstelling nie, maar 'n nimmereindigende oorwinning. Nie asof die mens ooit 'n toestand van vleklose volmaaktheid of van smetlose sondeloosheid sal of kan bereik op aarde nie. Dit sal wees 'n heilige wandel gebore uit "rus in God" (Liebenberg 1942:xii).

'n Groot struikelblok onder gereformeerde teoloë is eerstens of daar 'n definitiewe krisisondervinding van heiligmaking by Christene kan wees en tweedens of 'n onderskeid gemaak kan word in terme van geestelike en vleeslike Christene.

In 'n traktaatjie getiteld "*Vleeslik en Geestelik*", spreek Murray hierdie knelpunt aan. Op grond van 1 Kor.3:1-4 kwalfiseer hy dat sommige Christene *vleeslik* is, terwyl ander *geestelik* is" (Murray 1933:3). Ná die behandeling van die eienskappe van 'n vleeslike mens, gaan hy oor tot die verduideliking hoe 'n Christen 'n geestelike mens kan word. Een van die eienskappe is dat 'n mens werklik oortuig moet wees van sy vleeslikheid. Daar bestaan, volgens hom, 'n groot verskil tussen die sondes van die onbekeerde mens en dié van die gelowige. "En hoe moet 'n mens dan verlos word van hierdie twee dinge - die meer


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verborge sondes en die diepe innerlike sondigheid? Op hierdie wyse: nadat hy 'n christen geword het, oortuig die Heilige Gees hom van sy vleeslike lewe, en hy begin daaroor berou te kry en hom daaroor te skaam, en roep saam met Paulus uit: "Ek ellendige mens, ek is 'n gelowige, maar wie sal my verlos van die liggaam van die dood?" (Murray 1933:15)

Een van die stappe wat Murray (1933:16) aangee, dui op die onmiddellike ondervinding wat die Christen deelagtig word, naamlik om te glo dat 'n mens van die vleeslike tot die geestelike toestand kan oorstap in een enkele oomblik. "Mense wil van die vleeslike na die geestelike *groei*, en dit kan hulle nimmer."(:16). Met so 'n onmiddellike stap beteken dit nie dat 'n mens geestelike volwassenheid bereik nie. "Maar wat ek bedoel as ek praat van *een stap* is dit: u kan van plek verander, en in plaas van te staan in die vleestelike [sic] lewe, in een enkele oomblik die geestelike lewe binne tree" (:17)

Murray skroom nie om 'n beslissende onderskeid te maak tussen vleeslike en geestelike kinders van die Here nie. Soos wat 'n streep getrek kan word om die onderskeid tussen geestelike dood en geestelike lewe aan te dui, so versoek Murray die leser wat glo en bely dat God sy Heilige Gees gegee het om hom te lei, om sy plek aan die regterkant in te neem. "Dan sal ek almal van u vra wat voel dat u nog vleeslik is om u te skaar aan die linkerkant, en te sê: "O God, ek moet bely dat my lewe vir die grootste deel nog vleeslik is, en onder die mag van die sonde....Werp uself, met die belydenis van u sonde, en in algehele magteloosheid, neer aan die voete van die Lam Gods. Hy kan u bevry." (Murray 1933:20).

Murray (1933:21) tref 'n terloopse vergelykig tussen die vleeslike en geestelike mens met die verskil tussen die lewe in die woestyn en die land Kanaän en sluit dan af met die volgende oproep: "Vertrou die bloed van Christus vir die reiniging, bely die vleeslikheid van elke sonde, en werp dit in die fontein van bloed, en glo dan in die lewende Christus om u te seën met die seëning van Sy Gees" (:22).

#### 8.2.2.5 Perfeksionisme en die "Second Blessing"

Murray was baie sterk gekant teen die gedagte van perfeksionisme. In sy geskrif "*Het Nieuwe Leven*" gee hy baie wenke vir jong bekeerlinge en dring daarop aan dat hulle gereeld hulle aan die Here moet oorgee (Murray 1897:36-39) en dat daar voortdurende selfondersoek en belydenis van sonde gedoen moet word (:40-42). Dit bevestig die gedagte dat 'n mens nie op 'n plek kan kom van sondelose volmaaktheid nie.

Murray (1945:68) sê dat bekering nie 'n plotselinge oorwinning oor sonde is nie, maar dat elke sonde na die voete van Jesus gebring word, sodat Hy dit kan wegneem. Ook verwys hy na 'n voortgesette bekering wat die mens in staat stel om in die heiligmaking te vorder (:68).

In die boek *"The Two Covenants"*, waar hy die term "second blessing" gebruik, beklemtoon Murray die besliste krisisondervinding (naas bekering) wat in die kind van God se lewe plaasvind:

> "In the life of the believer there sometimes comes a crisis, as clearly marked as his conversion, in which he passes out of a life of continual feebleness and failure to one of strength, and victory, and abiding rest. The transition has been called the Second Blessing" (Murray 1899:168).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy sê dat baie mense beswaar gemaak het teen hierdie term asof dit onskriftuurlik is (:168) maar verduidelik dat hy die uitdrukking aan die Twee Verbonde koppel. Bekering maak van 'n sondaar 'n kind van God, vol onkunde en swakheid, sonder begrip van die heelhartige toewyding wat God van hom verlang of van die volle besit wat God bereid is om van hom te neem. In sommige gevalle vind die oorgang vanaf die aanvangstadium plaas deur 'n geleidelike groei en verligting, maar ondervinding bewys dat so 'n gesonde groei nie voorkom nie. Vir diegene wat nog nie die geheim ontdek het van 'n gesonde groei of van oorwinning oor sonde en volkome rus in God nie, is dit heel moontlik om deur 'n *enkele besliste stap* deur sy Gees en krag 'n totale nuwe lewe te betree (Murray 1899:169).

Verder verduidelik Murray stapsgewys wat nodig is om 'n persoon te help om daardie stap te neem. Die mens moet sy sondige toestand insien, dit bely en alles staak wat sondig en van die self is en hom dan ten volle aan Christus en sy diens wy. Hierdie verandering is in baie gevalle net so opmerklik as by bekering. "For lack of a better name, that of a Second Blessing came most naturally" (Murray 1899:169)

Verder vergelyk hy hierdie ondervinding met die tweeledige deurgang van Israel deur water, eers uit Egipte, daarna in Kanaän. Die woestynreis was die gevolg van ongeloof en ongehoorsaamheid en is toegelaat deur God om hulle te verootmoedig en te beproef en om vas te stel wat in hulle harte was. Met die bereiking van hierdie doel, het 'n tweede seën hulle deur die Jordaan gelei op net so 'n magtige wyse binne in Kanaän as wat die eerste hulle deur die Rooi See uit Egipte gebring het (Murray 1899:170). Hy gebruik ook as illustrasie die Heilige en Allerheiligste van die tabernakel as tipes van die lewe in die twee verbonde en van die twee stadiums van christelike ondervinding (Murray 1899:170).

Hierdie twee tipe lewens word ook in Romeine uiteengesit. Daar verwys Paulus na die lewe onder die wet teenoor die lewe onder die genade, die gees van slawerny teenoor die Gees van aanneming tot kinders. Ook aan die Korinthiërs verduidelik Paulus die verskil tussen die vleeslike en geestelike mense. In Galasiërs kom hierdie twee tipes weer eens na vore.

Hy sê dat dit orals in die Skrif duidelik is wat die toestand van die kerk op die huidige dag bely, naamlik dat bekering slegs die poort is wat tot die weg van die lewe lei en dat aan die binnekant van daardie poort nog groot gevaar is om van die weg af te dwaal. Net soos daar baie is wat altyd gedink het dat bekering langsaam en geleidelik en onseker moet wees, omdat hulle slegs die krag van die mens in aanmerking neem, so kan talle mense nie insien hoe die openbaring van die ware lewe van heiligmaking en die toegang tot so 'n lewe deur die geloof, uit 'n lewe van eie inspanning en mislukking, onmiddellik en permanent kan wees nie (Murray 1899:171).

Die gedeelte word afgesluit met 'n aanhaling uit 'n boekie "*Dying to Self': A Golden Dialogue, by William Law with notes by A.M.*":

> A great deal has been said against the use of the terms, the Higher Life, the Second Blessing. In Law one finds nothing of such language, but of the deep truth of which they are the, perhaps defective, expression, this book is full. The points on which so much stress is laid in what is called Keswick teaching, stand permanently out in his whole argument. The low state of the average life of believers, that cause of all failure as coming from self-confidence, the need of an entire surrender of the whole being to the operation of God, the call to turn to Christ as the One and Sure Deliverer from the power of self, the Divine certainty of a better life for all who will in


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> self-despair trust Christ for it, and the heavenly joy of a life in which the Spirit of Love fills the heart - these truths are common to both" (Murray 1899:171,172).

Wat opvallend is van hierdie aanhaling van Murray is die aanklank wat hy by William Law gevind het. Law was 'n bekende agtiende-eeuse Engelse mistikis en met boeke soos "*A Serious Call to a devout and holy life*" het hy'n diepgaande invloed uitgeoefen op manne van die Evangeliese Opwekking, soos die Wesleys, Whitefield, Venn, Adams en andere (Du Plessis1920:460).

Oor die term *mistiek* wys Du Plessis (1920:462) op verskillende betekenisse, maar die een wat die sterkste opval in Murray se geval is "het streven van de menselike geest om tot de zaligheid van dadelike en onafgebrokene gemeenschap met God te geraken." Hierdie definisie vind ooreenstemming met Murray se benadering van 'n posisie van rus in die Here.

Murray het ook hoë agting betoon vir die geskrifte van die mistikus Bernardus van Clairvaux (Du Plessis 1920:462). Gerusstellende woorde kom uit Du Plessis se pen wanneer hy noem dat Murray se opleiding in die evangeliese en gereformeerde teologie so grondig was, dat hy hom nie laat wegvoer het deur die sypaaie van die bespiegelende mistiek nie (1920:466).

8.2.2.6 Opsomming

Hoewel Murray 'n duidelike onderskeid maak tussen wedergeboorte en bekering, val dit tog op dat hy dikwels hierdie terme as alternatiewe gebruik: "Hoort hoe duidelijk Petrus dit zecht aan de pasbekeeren: 'Gij zijt wedergeboren,' 'gij zijt nieuwgeborene kinderkens'; 'gij zijt nu bekeerd;'...."(1897:5,6). Hy sê onder andere dat die Woord ons leer dat 'n jong Christen nog swak is - "zwak als niewgeborene kinderen. De vreugde en de liefde die een jongbekeerde somtijds ondervind...." (1897:6). Hy noem dus die jong Christen "nieuwgeborene en jongbekeerde". Ook in die volgende uitspraak kom die alternatiewe gebruik van die twee begrippe duidelik na vore:

> "En deeze is de weg om als kinderen Gods te leven: zoovelen als Hem aangenemen, dien geeft Hij de macht kinderen Gods te worden. Dat geldt niet alleen van de bekeering en wedergeboorte, maar van elken dag van mijn leven. Om in alles als kind van God te wandelen, en het beeld van mijn Vader te toonen, is een ding noodig: ik moet Jezus den Eengeboren Zoon nemen, Hij maakt mij tot Gods kind" (Murray 1897:33).

Dit wil blyk asof terminologie nie vir Murray van groot belang was nie. Die wese van die saak wat hy wou oordra, was vir hom essensieel. Hy maak dus nie altyd 'n duidelike onderskeid tussen wedergeboorte en bekering in die praktyk nie. Dit kom dus voor asof dit vir hom die twee sye van dieselfde muntstuk is.

Hoe dit ookal sy; daar bestaan geen twyfel by Murray dat die mens hom in 'n verlore sondige toestand bevind en hom tot God moet bekeer nie. Die Heilige Gees is verantwoordelik vir die ontwaking van die heilbegerige siel waarin hy sy ellendige toestand insien en hom tot God wend vir verlossing. Op grond van die bloed van Christus ontvang die sondaar in geloof vergifnis en reiniging. Hierdie daad geskied bewustelik en die mens word aangeraai om te getuig van hierdie nuutgevonde vryheid.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hier eindig dit egter nie. Die mens is nie sondeloos nie en daarom vind 'n voortdurende reiniging plaas. Die gelowige kan mettertyd in 'n koue geestelike toestand verval en 'n vleeslike lewe lei. Soos in die geval met sy bekering, moet daar 'n bewustelike oorgang plaasvind van vleeslik tot geestelik.

In wese stem die leer van dr.Andrew Murray ooreen met dié van prof.Hofmeyr, veral oor 'n besliste bekerings- en heiligmakingsondervinding wat in die mens se lewe moet plaasvind. Murray plaas egter teoreties wedergeboorte voor bekering, wat nie van Hofmeyr gesê kan word nie. Albei dring baie ernstig daarop aan dat die sondaar hom tot God moet bekeer en verder dat daar 'n definitiewe keerpunt in die kind van God se lewe moet kom.

Dit is ook geen wonder dat Murray dikwels verkwalik is vir sy Skots-Metodistiese standpunte nie. Ook in die praktyk het hy Metodistiese gebruike nagevolg, soos deur mense voor 'n besliste keuse te stel om hulle tot God te bekeer. In haar dagboek vertel Alie Badenhorst hoe ds.Murray ná 'n diens al die bekommerdes uitgenooi het om op te staan en plaas te neem op die voorste bank, terwyl die res die kerk moes verlaat. Daar het hy aan haar verduidelik hoe om tot bekering te kom. Sy kon nie dadelik vrede kry nie en eers tydens die volgende oggend se diens kon sy 'n oorgawe maak en die vrede van God ondervind. Ná die diens het Murray aan haar gevra of sy vrede het, waarop sy bevestigend kon antwoord (Badenhorst 1939:33,34). Hierdie is maar een praktiese voorbeeld van die werkwyse van Murray wat wys op sy Metodistiese inslag.

### *8.2.3 Prof.John Murray*

Ds.John Murray (of professor, soos hy later bekend gestaan het) het nie naastenby soveel boeke geskryf as sy broer Andrew nie. Een van sy geskrifte, waarin die heilsweg behandel word, is die "*Cathechisatie-boek over de leer der zaligheid*" wat in 1904 verskyn het en gebaseer is op die *Kort Begrip*. Enkele aspekte word vervolgens uitgelig wat bevestig dat bekering en wedergeboorte ook vir hom uiters noodsaaklike onderwerpe was.

#### 8.2.3.1 Sondebewustheid

Aanvanklik behandel hy die drie dinge wat nodig is om getroos salig te lewe en te sterwe. Vraag 7 van sy Kategismus handel oor die mens se onvermoë om die wet van God te hou:

> Shrikkelijke toestand van uw hart! Gij moet er levendig van overtuigd worden; de Heilige Gees moet u door de heilige wet van God zoo bekend maken met uwe zonde en ellende...dat gij gedrongen wordt de toevlucht te nemen tot Jezus den Verlosser. " (Murray 1904:50).

Hy fokus op die bedorwenheid van die mens, soos oorgeërf vanaf Adam, wat beteken dat die mens in hierdie sondige toestand gebore word. Adam se sonde het sy natuur so vergiftig dat almal wat ná hom gebore word, ook so sondig is soos die lote uitskiet uit die wortels van 'n slegte boom. Hierdie sondige natuur, die erfsonde, waarmee die mens gebore word, is soos 'n fontein wat net slegte dinge tevoorskyn bring (:57). Hy maan die lesers om te bid dat die Heilige Gees hulle hul sondige toestand sal wys om dan op die regte wyse na Jesus as Verlosser te gaan (:62).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede deel van die leerboek handel oor die oplossing van die sondeprobleem, naamlik die blye boodskap van verlossing deur Jesus Christus. Geen mens is in staat om homself uit sy sondige toestand te verlos nie. Daarvoor is 'n middelaar nodig. Christus is deur God as Middelaar vir die mens gestuur. Nie die engele nie en ook geen mens op aarde kan as middelaar optree nie (:64-70).

Ook Murray (1904:73) is dit eens dat dit wel moontlik is vir die mens om volle sekerheid van saligheid te kry. Dit is 'n dwaling om maar net te hoop dat volle saligheid verkry is (:73). Dit is ook nie vermetel om aanspraak te maak op hierdie sekerheid nie(:74).

8.2.3.2 Wedergeboorte

Die Heilige Gees bewerk die wedergeboorte in die sondaar. Hy oortuig die sondaar van sy sondes en doen dit deur die Woord. Omdat die mens blind is, moet hy verlig word deur in die Woord te kyk. Wanneer sy verstand verlig is, sien hy sy sondige toestand raak (Murray 1904:122). Die mens word bekwaam gemaak om in Jesus te glo. Deur die werking van die Heilige Gees ontek hy sy sondige toestand en daarna skenk die Heilige Gees aan hom die instaatstelling om te glo en die belofte toe te eien. "Zoo gelooft hij in Jezus, en hij wordt een niewgeboren, een wedergeboren mensch" (:123). Soos wat die volk in die woestyn gelowig opgesien het na die slang, so word die "doodkranke natuur" van die sondaar herstel; hy word wedergebore (:123).

Soos wat 'n blom, plant of boom uit 'n saad ontspring, so word die siel wedergebore uit die saad van die Woord. As 'n mens die Woord nie gebruik nie, is daar geen hoop dat die Heilige Gees in iemand die wedergeboorte teweeg bring nie. Dieselfde Woord moet ook die gelowige lei om sterk te word en op te groei in die nuwe goddelike lewe (Murray 1904:124). Die mens se hart word meer en meer geheilig en gereinig van die sonde soos wat vuur die reinigingswerk doen. Die Heilige Gees as Heiligmaker, maak die gelowige meer en meer heilig en "bereid" vir die heilige hemel (:125).

Murray (1904:126) doen nou 'n ernstige beroep op die kinders en jongmense om hulle nie alleen te vergewis van die werking van die Heilige Gees nie, maar om die sekerheid te ontvang.

Wat die uitverkiesing betref, onderwerp hy hom aan die Skrif wat wys dat sommige mense tot die ewige lewe verordineer is, maar erken dat die diepte daarvan vir die mens onbegryplik is. Hy wil nie hê dat daar enige bekommernis moet wees of 'n mens uitverkore is nie. Wat van groter belang is, is om die Evangelie, wat vir die sondaars gegee is, as 'n sondar aan te neem, en deur die geloof gebruik te maak van die belofte van die bystand van die Heilige Gees. "...als hij waarlijk in den Heiland geloof heeft, zal hij eens zeker te weten komen dat hij een uitverkorene is" (:130).

Alle gelowiges in Christus wat hulle saligheid van Jesus alleen verwag, in sy bloed gewas is en deur sy Gees geheilig is, behoort tot die ware Kerk van Christus (Murray 1904:131). Hulle taak is om die weg tot saligheid aan andere te verkondig. Hy spreek hom ook ernstig uit teen diegene wat net tevrede is om lidmate te wees van 'n kerk, sonder om "wedergeboren leden van der ware Kerk" te wees. Hulle is dooie lidmate, onvrugbare ranke aan 'n wynstok. Dit is ook 'n heilige Kerk en diegene wat verkies om eerder


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sonde te doen as om 'n lewe van heiligmaking te lei, moet liefs nie die naam en belydenis aflê as 'n lewende lidmaat van die Kerk nie (:133).

Die duiwel maak baie mense wys dat hulle geen sekerheid kan hê dat hulle sondes vergewe is nie, maar die ware Christen wat in die geloof sy toevlug tot Jesus geneem het, weet en glo dat hy die vergewing van sondes as 'n groot weldaad ontvang het en waarvan die Heilige Gees aan hom die versekering gegee het (:136).

Die volle saligheid word nie hier op aarde bereik nie, maar eers by die opstanding wanneer die liggaam en die siel weer sal verenig. Dan word die ewige lewe beërwe. Die ewige lewe begin reeds hier op aarde in die wedergeboorte. Daardeur verkry die Christen deel aan die geestelike lewe uit God wat verskil van die natuurlike lewe van alle mense (1904:138).

#### 8.2.3.3 Regverdigmaking

Om te sê dat 'n mens deur God regverdig verklaar is, dui eweneens op vermetele taal van 'n sondaar. Die Skrif bevestig dat aan die mens wat na Jesus toe kom, geregtigheid toegereken word. Die mens neem vergifnis aan en word vrygespreek en regverdig verklaar deur sy goddelike Regter en hy ontvang die reg op 'n nuwe lewe (Murray 1904:142).

Al ontvang die mens regverdigmaking van God, behou hy sy sondige aard en daarom word regverdigmaking van heiligmaking onderskei (Murray 1904:196). By regverdigmaking kleef die smet van sonde nog aan die mens. Hy moet nog stry teen die bedorwe luste van die hart. Regverdigmaking is nie 'n uitstorting van heiligheid in die mens se hart nie, maar 'n regtelike handeling waarin God die sondaar vryspreek op grond van ons advokaat, Jesus Christus (:145).

Regverdigmaking vind plaas op grond van Christus se geregtigheid alleen en nie deur die werke van die mens nie. Selfs nie eers die mens se eie geloof is voldoende om tot sy regverdigmaking te lei nie. Geloof is net om die hand uit te steek en 'n gif van God ontvang (:149)

#### 8.2.3.4 Geloof

Die Heilige Gees bewerk die geloof in die mens se hart. Sonder hierdie kragtige werking is daar by die sondaar geen ware gevoel van behoefte aan Jesus, geen duidelike insig in die weg van saligheid deur vrye genade en geen lus om hom aan Jesus oor te gee ten einde deur Hom gered te word nie (:153). Die geloof kom deur die Woord - ook die gepredikte woord. Eweneens is die daaglikse lees van die Bybel - op die regte manier - nodig (:154). Geloof word ook versterk deur die twee sakramente (:155).

Maar wat beloof God aan die gedoopte deur die sakrament van die doop? Op die antwoord dat Hy die afwassing van die sonde deur die bloed en Gees van Jesus Christus belowe, brei Murray verder uit, naamlik dat hieronder twee groot weldade verstaan moet word: "...eerst de vergeving der zonden, of de rechtvaardigmaking door het bloed van Christus, daarna de wedergeboorte en vernieuwing, of heiligmaking van onze ziel, door het Heilige Geest" (:162).

Omdat hierdie boek van Murray op die jeug toegespits is, spreek hy sy besorgdheid uit oor soveel jongmense wat gedoop is en selfs bely dat hulle in Jesus glo, terwyl hulle net in naam lidmate van die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerk is. Die meeste jongmense bly ydel, onbedagsaam, biddeloos en onbekeerd voortleef sonder die afwassing van hulle sondes. In sulke gevalle sou die doop geen seën inhou nie, maar eerder 'n vloek Dan sal die skuld in die oordeelsdag veel swaarder wees as dié van die ongedoopte en onkundige heidene op wie moontlik neergesien word (:164).

Hy stel dit baie duidelik dat die doop nie wedergeboorte is nie (:165). Deur die doop betoon God die Vader, Seun en Heilige Gees hul gewilligheid om die mens te red. "Maar in uwen Doopt heeft God u den Heiligen Geest beloofd; zoek nu en gij zult vinden; geloof aan de macht en de gewilligheid van Jezus, om u dadelijk aan te neem" (:165).

8.2.3.5 Heiligmaking

In die volgorde wat die vrae behandel word, staan Murray eers stil by heiligmaking voordat hy by bekering kom. Soos reeds genoem, lê die verskil tussen regverdigmaking en heiligmaking daarin dat eersgenoemde plotselend geskied, terwyl heiligmaking daarenteen 'n gedurige vootgaande werksaamheid in die siel is (Murray 1904:197). Deur die heiligmaking betoon die gelowige sy dankbaarheid teenoor God vir die verlossing en dit vind plaas deur die gesindheid, luste, gedagtes, woorde en werke wat meer en meer heilig word na die voorbeeld van Jesus (:186,7). Nie alle gelowiges vorder ewe vinnig in die proses van heiligmaking nie Omstandighede speel 'n groot rol, maar die mens moet ook gedurig waak en bid (198,9).

8.2.3.6 Bekering

Bekering bestaan, volgens Murray, uit twee dele, naamlik die aflegging van die ou, sondige lewe en daarna die voer van 'n nuwe, heilige lewe. (Murray 1904:189). Dit moet gepaardgaan met 'n leedwese oor die groot oortredinge wat in die verlede gepleeg is en dan moet die mens ook wegvlug daarvandaan. Daar moet ook 'n lus wees om die goeie werke te doen (:189).

Hierdie goeie werke spruit nie voort uit vrees vir die hel nie, maar uit 'n spontane begeerte. Die opregte Christen het 'n verandering in sy hart ondergaan. Alle mense is van nature sondig, daarom het almal die bekering nodig, ongeag sy stand. Hierdie verandering moet voortdurend voortgesit word in die mens se lewe. Omdat die gelowige geneig is om weer in sonde terug te val, is dit nodig om elke dag berou te toon en jou weer tot God te bekeer (:190). Die werk van bekering in ons siel is die taak van die Heilige Gees, maar ook ons eie verantwoordelikheid.

Op die vraag: "Zijt gij al bekeerd of nog onbekeerd?" vermaan hy dat indien 'n mens seker is, moet hy die Here loof en toesien dat hy die vrug van bekering dra. As 'n mens nie bekeerd is nie, moet hy weet wat die gevolge is, naamlik 'n ewige verderf. "Haast u dan tot God, door den Heere Jezus om dien Geest der bekeering te ontvangen"(:191).

Die mens se geloof en bekering moet van so 'n aard wees dat dit 'n heilige wandel en goeie werke tot gevolg sal hê (:194)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.2.3.7 Opsomming

Murray wek geen twyfel dat die mens in 'n verlore staat verkeer, en dat in homself geen verlossing is nie. Dit is wel moontlik om verlossing deur Jesus Christus te ontvang en daarmee saam volle sekerheid van saligheid.

Wedergeboorte begin reeds wanneer die Heilige Gees die sondaar verlig en oortuig van sy sondige toestand. Die Heilige Gees gebruik verskillende middele, soos byvoorbeeld die Woord om hom van sy sondige toestand bewus te maak. Hy skenk nie slegs verligting nie, maar ook instaatstelling om te glo. Wedergeboorte, wat so 'n groot gebeurtenis is, word met 'n fisiese geboorte vergelyk. Werdergeboorte vind plaas deur 'n saad, naamlik die Woord van God.

Deur die Woord ontvang die verloste mens sekerheid. God reken aan hom die geregtigheid of vryspraak toe op grond van Jesus Christus (regverdigmaking). Die sakramente het geen saligmakende waarde nie. By die doop belowe God net aan die mens saligheid, maar hy ontvang dit nie. .

Heiligmaking is die toonbeeld van dankbaarheid vir die verlossing. Anders as by regverdigmaking wat plotseling geskied, vind heiligmaking oor 'n lang tyd plaas.

Bekering is die mens se teken van berou oor sy sondes. Deur bekering wend hy hom tot God , weg van die sonde af. Die mens moet daagliks seker maak dat sy verhouding met God reg is. Hy moet hom daagliks tot God bekeer.

Murray beskou dus nie wedergeboorte as 'n onbewustelike daad wat een of ander tyd op bekering uitloop nie. Sonder om dit in soveel woorde te stel, vind wedergeboorte en bekering gelyktydig plaas. Soms gebruik hy die terme *wedergeboorte* en *bekering* alternatiewelik, byvoorbeeld: "...dat gij bekeerd en wedergeboren mocht worden." (:164). Hy verwys dus dikwels na hierdie gebeurtenis waar 'n mens wedergebore word, as sy <u>bekering</u>.

Omdat die mens nog sondig bly, geskied heiligmaking nie in een oomblik nie, maar dis 'n lewenslange proses wat begin by bekering en voortgesit word deur volgehoue bekering.

Dit kom vreemd voor dat daar tog 'n noemenswaardige verskil in interpretasie van die heilsweg bestaan tussen prof.John Murray en sy kollega, prof. Hofmeyr. Oor wedergeboorte en bekering vind hy en sy broer, Andrew, aanklank, maar nie wat heiligmaking betref nie.

*8.2.4 Ds.J.R.Albertijn*

In die geskrif oor die lewe en preke van ds.Albertijn, wat deur sy seun saamgestel is, kom verskeie van sy preke voor. Dit sou nie regverdig wees om hierdie bundel met preke te sien as 'n dogmatiese handleiding nie, maar tog dien dit as waardevolle skat waarin sy beskouing oor die heilsweg baie duidelik uiteengesit word.

Oor die orde waarin die verskillende elemente voorkom, laat ds. Albertijn hom soos volg daaroor uit:

> "De 'ordo salutis' of tijdsorde waarin deze werkzaamheden tot onze zaligheid plaasvind, valt moeilik te bepalen. Is het *eerst* geloof, *dan* wedergeboorte, *dan* rechtvaardigmaking, *dan* aanneming tot kinderen, of omgekeerd? Dit weten wij niet, en behoeven het ook niet te weten. Dit ten minste staat vast, dat de eerste werking altijd van God komt." (Albertijn 1922:257).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tog is daar 'n sekere orde waarin hy die verskillende aspekte hanteer en behandel die heilsweg onder die volgende afdelings:

8.2.4.1 Berou

Die eerste kenmerk van Gods genadewerk in die hart van die sondaar is die kommer oor sy sonde. Indien daar nie 'n Heilige Gees-gewerkte bekommernis oor sy sonde is nie, kan hy nie met die volgende stappe op die heilsweg voortgaan nie (Albertijn 1922:207). Die Heilige Gees open die oog van die sondaar (:209) en wanneer die gewete van die sondaar tot ontwaking kom, besef hy die erns van die oordeel wat op hom wag (:210).

Hy raai die verlorene aan om belydenis van sy sonde te doen: "Ga in uw binnenkamer, sluit de deur, en zeg het dan, zodat gij uw eigen stem kunt horen: 'o Heer, ik kom het U zeggen, met wenend berouw en smart, ik ben schuldig aan..." Daarna moet die sondes genoem word (Albertijn 1922:213). Dit is egter nie nodig dat die sondes voor mense bely moet word nie, tensy 'n oortreding teenoor iemand begaan is.

Om net sondes te bely, is nie voldoende nie, want belydenis is nog nie versoening en vergifnis nie. Die sonde moet onder die bloed van Christus gebring word (:213,4)

Ná belydenis moet die sonde laat staan word. Die versoening en vergifnis van sonde kan onmiddellik en volkome deelagtig word, maar om van die ou ingewortelde sondige gewoontes verlos te word, is 'n lewenslange stryd en 'n voortdurende toevlugneming tot die "Zondedoder" (:214,5). (Oor hierdie saak brei Albertijn baie uit en sien die voortdurende teenwoordigheid van die sonde in sy lewe as die doring in die vlees.)

8.2.4.2 Belydenis

Gebaseer op die drie gelykenisse in Lukas 15, maak Albertijn 'n toepassing op die eerste stappe van 'n sondaar wat na God toe kom. Soos die herder alles verlaat en die verlore skaap gaan soek, so soek die Seun van God die verlore sondaar. Die lamp wat die vrou aansteek, simboliseer weer die Heilige Gees se verligtende, openbaarmakende werksaamheid. Die vader van die verlore seun dui op die liefdevolle erbarming van God die Vader oor die verlore sondaar (Albertijn 1922:216).

Die gelykenis van die verlore seun is tiperend van die verlore sondaar se *ontwaking, ontdekking, visioen, belydenis en beslissing*. Die eerste kenteken van bekering is dat die mens tot homself kom en uit sy sondeslaap *ontwaak* (Albertijn 1922:217). Daarna kom die *ontdekking*. Die sondaar ontdek die diepe ontevredenheid oor sy sondige toestand en gevaar. Die vrees vir die dood is een van die bestanddele van die waaragtige bekering Veral by die aanvang van die bekering word hy gedryf deur die behoefte aan selfbehoud (:219).

Die *visioen* word beskou as een van die vernaamste bestanddele van die bekering. Albertijn kon geen woord vind om dit uit te druk nie: "...herinnering, heimwee, zieldorst - daarom heb ik het maar genoemd: het *visioen*". 'n Visioen van iets hoërs, iets beters as alle aardse dinge, ja 'n gesig van God self' (Albertijn 1922:221).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op die *belydenis* as bestanddeel van bekering word heelwat klem gelê. Geen mens kan waaragtig tot bekering kom sonder belydenis nie. Hierdie belydenis, wat nie oppervlakkig moet wees nie, spreek van uitwerping van sonde, breek met sonde, asook 'n verlating van die sondige weg (Albertijn 1922:222,3).

In die gelykenis van die verlore seun is die trefwoorde *afkeer, inkeer, omkeer* en *terugkeer*. Die *beslissing* (beslissende oomblik van die bekering) vind plaas in de derde periode, naamlik "omkeer" (Albertijn 1922:223).

8.2.4.3 Bekering en geloof

Onder die opskrif *"Bekering en geloof"*, behandel Albertijn die volgende onderafdelings: *Wedergeboorte; geloofsoorgawe* en laastens *bekering en geloof*

Hy gee eerstens aandag aan wedergeboorte. Die element van verlossing baseer hy op die Here Jesus se gesprek met Nikodemus in Johannes 3. Volgens die woorde van die Heiland bestaan verlossing uit twee dele: Hy sê aan Nikodemus: "Jy moet" en "Ek moet". "Jy moet wedergebore word" en "Ek moet verhoog word". Eersgenoemde is die werksaamheid van die Heilige Gees *in* ons, terwyl die tweede die werksaamheid van ons Saligmaker is. Die een is die herskepping van die nuwe natuur in ons deur die Heilige Gees, terwyl die ander die versoening is van ons sondes deur die bloed van die Lam van God wat die sondes van die wêreld weggeneem het (Albertijn 1922:227).

In die herskepping van die nuwe natuur in ons, het ons die aanvang van ons heiligmaking en die waarborg van ons uiteindelike volmaking. Ons saligheid bestaan uit ons vernuwing en ons versoening (Albertijn 1922:228). Oor die *noodsaaklikheid van wedergeboorte*, staan die skrywer vas, naamlik dat daar net twee moontlikhede is: "óf door wedergeboorte, binnen het koninkryk Gods; - of zonder wedergeboorte, daar buiten" (:228). Wedergeboorte is nie 'n voortsetting van die oue nie, maar die besliste begin van 'n nuwe "lijn"; "geen afsnijding alleen van een enkele wilde tak aan de boom, meer gehele vernieuwing van de stam, van de vrucht van de wortel! (:229).

Ook die mens se onmag om so 'n nuwe lewe in te gaan, kom onder die loep. Geen menslike pogings kan iets aan die saak doen nie; daarom word dit beskou as die *wonderdaad* van die wedergeboorte wat in die gevalle, diepbedorwe Adamskind deur die almag van God teweeggebring word (Albertijn 1922:230). Dat dit die werking van die Heilige Gees is, word nie betwyfel nie, want soos in die geval van Nikodemus, vind die geheimsinnige, maar werklike en toenemende werking van die Heilige Gees plaas (:231).

Die *noodsaaklikheid van die versoening* word gebaseer op die woorde "Ek moet verhoog word" wat dui op die versoening van ons sondes deur die plaasvervangende offer van die Lam van God. (Albertijn 1922:232) Die wedergeboorte sal vir ewig 'n onmoontlikheid bly, tensy die tweede deel van ons saligheid, naamlik die versoening van ons sondes, daarmee gepaard gaan (:232).

Weer eens blyk die chronologiese volgorde van die elemente van die heilsweg vir ds.Albertijn nie belangrik te wees nie, byvoorbeeld wanneer hy die opmerking maak dat dit dwaas is om jou met die vraag besig te hou: "of de wedergeboorte aan de verzoening der zonden vooraf gaat; dan of de


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verzoening der zonden eerste geschiet, en dan door de wedergeboorte wordt opgevolgd?" (Albertijn 1922:232). 'n Praktiese voorbeeld word hieraan geheg deur die vergelyking te tref met die speke van 'n wiel: "Als het wiel van een rijtuig begint te draaien, welke speek beweegt zich dan het eerst?" (:232). Baie belangrik egter is die wete dat versoening van die sonde bestaan in die bedekking en uitwissing van die sonde op grond van die bloed van die Lam (:233).

Onder 'n onderopskrif "*Bekering en geloof*" spreek Albertijn hom duideliker uit oor bekering. By sommige mense mag die gebrek aan sekerheid van saligheid ontstaan en as kompensasie vir hierdie onsekerheid probeer die mens sy eie weg inslaan deur te hoop op saligheid en om sy bes te probeer. Dit is die menslike weg en tevergeefs. God se weg daarenteen is dat die mens sy saligheid as vrye gawe sal aanneem om dan daarna as verloste kind, na die genade wat Hy gee, sy bes te doen om Hom welbehaaglik te wees (Albertijn 1922:246) Bowenal bly die belangrikste: die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus (:247)

Albertijn beskou nie die daad van bekering as 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n daad wat lewenslank voortduur (Albertijn 1922:249). Dit word dikwels voorafgegaan deur jare van voorbereiding, van roepstemme en "kloppingen des Geestes", besondere leiding deur Gods se voorsienigheid, totdat, op God se tyd, die onberoulike keuse en die allergewigtigste stap geneem word "in ogenblikken, waarvan eeuwigheden afhangen" (:249).

Ter verduideliking word die illustrasie gebruik van 'n persoon wat noordwaarts ry, maar sê dat hy oppad Kaapstad toe is. Om in Kaapstad aan te kom, moet hy omdraai en die teenoorgestelde rigting inslaan. "Is hij dan op dat ogenblik bekeerd? Gewisselik. Is hij al in de Kaapstad? Nog lang niet, maar hij is op pad; hij is bekeerd" (:249). So wandel die mens op die weg van bekering en sy bekering neem daagliks toe namate die weg vir hom duideliker word. Dit vind plaas totdat hy by die bestemming kom waarna die roepstem van bekering nie meer gehoor word nie en waar die bekering self nie meer nodig sal wees nie (:250).

Bekering is wel God se taak, maar dat die mens moet gehoor gee aan die bevel van God, naamlik om hom te bekeer (Albertijn 1922:250). Hoewel die mens *kan* weet en *behoort* te weet of hy gered is, is dit nie altyd 'n vereiste dat hy die dag en datum van sy bekering moet weet nie. Dit is wel moontlik, maar geensins noodsaaklik nie (:251). Albertijn is van mening dat dit veiliger is om nie die dag en datum te weet nie, want dan kan dit die grond word waarop sekerheid van bekering gebou word. Die mens is nie bekeerd op grond van 'n ondervinding wat in die verlede plaasgevind het nie, maar op grond van wat die mens op hierdie oomblik is. Sekerheid moet op Bybelse gronde berus (:251).

Onlosmaakbaar van die bekering gaan die geloof in die Here Jesus Christus. Die rede waarom bekering en geloof moet saamgaan, is tweërlei van aard: Eerstens, omdat die bekering nie in staat is om die "doemschuldigheid" van ons sondes te bedek en uit te wis nie en ook kan dit nie die mag van sonde in die mens verbreek nie (:252). Ook sal die bekering nie standhou nie, mits die geloof in die almagtige getroue Saligmaker daarmee gepaard gaan. Baie bekerings gaan verlore omdat dit nie gepaard gaan met


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geloof nie (:253). Daar is egter 'n groot verskil tussen geloof *in* die Here en geloof *aan* die Here. Laasgenoemde maak die mens nie salig nie. Die saligmakende geloof is die geloof *in* Hom (:253).

Soos in die geval van die bekering is die geloof in die Here Jesus nie 'n enkele daad wat eens en vir altyd afgehandel word nie. Omdat die regverdige deur die geloof lewe, word dit soos 'n tweede natuur waarsonder hy nie kan leef nie (:255).

8.2.4.4 Geloofsoorgawe

God se eie Seun neem die mens aan, word sy plaasvervanger, dra sy vloek en skuld en doen versoening vir die sondes voor die aangesig van God (Albertijn 1922:241). Deur die werking van die Heilige Gees werk Hy 'n vernuwing in die bedorwe Adamskind; 'n nuwe geboorte vind in hom plaas, sodat so 'n persoon wat in Christus is, 'n nuwe skepsel word (:242). Deur die wedergeboorte ontstaan 'n wonderdaad in die mens se lewe wat voortduur in heiligmaking en voltooi word in die volmaaktheid (:242).

Hierdie handelinge in sy lewe geskied nie teen die mens se sin en wil nie. Die roepstem van die Here kom tot die sondaar dat hy hom aan die verlossingsplan moet oorgee en sonder uitstel onherroepelik toevertrou aan die getroue, almagtige God en Saligmaker (Albertijn 1922:243).

Kindskap word verwesenlik deur geloof en wedergeboorte. Niemand word 'n kind van God sonder hierdie twee elemente nie (Albertijn 1922:257). Deur die geloof ontvang ek die *reg* om kind van God te word; deur die wedergeboorte ontvang ek die *geaardheid* van 'n kind van God. Die regverdigmaking, vergifnis, aanneming, bekering, die reg op die hemel is alles verbonde aan die ingang deur geloof en wedergeboorte (:258).

8.2.4.5 Opsomming

Ds.Albertijn huldig 'n unieke standpunt oor die heilsorde. Hoewel hy nie ag gee op 'n bepaalde orde waarin die heilselemente afspeel nie, beskou hy wedergeboorte en bekering as 'n uiterste noodsaaklikheid vir elke mens.

Die Heilige Gees open die geestesoog van die sondaar; sy gewete kom tot ontwaking en hy besef sy verlore toestand. Nadat sy sondes bely is, vind die versoening op grond van die bloed van die Lam plaas. Soos in die geval van die verlore seun, vind die sondaar se ontwaking uit die sondeslaap plaas; hy ontdek sy sondige toestand en kry 'n visioen van 'n beter lewe wat vir hom beskore is. Ná 'n hardgrondige belydenis, neem hy 'n beslissende houding in om om te keer.

Deur die wedergeboorte wat deur die Gees van God gewerk word, word 'n nuwe lewe geskep. Bekering is nie net 'n eenmalige afgehandelde saak nie, maar duur lewenslank voort. Dit word ook voorafgegaan deur jare van voorbereiding. Bekering en geloof gaan hand aan hand. Hoewel Albertijn bevestig dat 'n mens wel geloofsversekering kan verkry, is dit nie nodig om die dag en datum van die bekering te weet nie.

Oor heiligmaking spreek Albertijn hom nie maklik uit nie. Behalwe die voortgesette bekering wat moet plaasvind, verwys hy na die sonde wat steeds in die gelowige se lewe teenwoordig is. Albertijn het


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiermee 'n groot probleem gehad, in so 'n mate dat hy die geneigdheid tot die sonde beskou het as die doring in sy vlees waarvan 'n mens nie ontslae kan raak nie.

Dit is nie so eenvoudig om sy leerstellige beskouing te meet aan dié van enige ander persoon nie. In die breë gesien, stel hy ook die noodsaaklikheid van 'n definitiewe wedergeboorte en bekering vir elke mens voorop, hoewel die orde daarvan nie belangrik is nie. Veral sy hantering van die sondeprobleem in die lewe van die gelowige is uniek aan hom.

*8.2.5 Dr.B.B.Keet*

Dr. Keet (gebore 1885) was ook een van die uitstaande figure en steunpilare in die Ned.Geref.Kerk. Naas sy bediening in Noorder-Paarl en Graaff-Reinet, word hy in 1920 professor in onder andere Dogmatiek.

In 'n opvolgreeks in "*Die Kerkbode*" van 1942, verstrek hy sy interpretasie van die heilsleer onder die opskrif: "*Ons Redelike Godsdiens*". Die orde stel hy soos volg voor: Roeping (waaronder begrepe is wedergeboorte, geloof en bekering) regverdigmaking, heiligmaking en verheerliking (*Die Kerkbode* 4 November 1942:542).

8.2.5.1 Roeping

Hy maak 'n onderskeid tussen verskillende roepings. Die saaklike roeping (*vocatio realis*) soos wat dit na die mens kom deur die natuur, geskiedenis, ens. "Hierdie roeping is nie genoegsaam tot saligheid nie, omdat dit niks weet van Christus en sy soenverdienste nie..." (*Die Kerkbode* 18 November 1942:595).

Die woordelike roeping (*vocatio verbalis*) wat van die evangelie uitgaan is veel hoër. Dit kom tot almal wat binne die grense of invloed van die Christendom lewe, d.w.s. tot dié wat by die (uitwendige) genadeverbond ingesluit is. Hierdie roeping is hoër omdat dit bepaald van Christus uitgaan en ons roep tot geloof in die genade van God wat in Christus geopenbaar is. Dit is 'n universele roeping, nie omdat dit alle mense bereik het nie, maar omdat dit tot almal, sonder onderskeid van ras of klas of kleur gebring moet word. Selfs onder diegene wat die woordelike roeping verneem, word 'n onderskeid getref tussen dié wat dit aanneem en dié wat dit verwerp. Nie almal gee gehoor aan die roeping wat van die evangelie uitgaan nie (*Die Kerkbode* 18 November 1942:595). Op hierdie stadium is daar geen verskil tussen die uitwendige en inwendige roeping nie, maar die verskil kom by die antwoord wat die mens daarop gee. Die onderskeid tussen die twee tipe roepings is dat die uitwendige nie noodsaaklik tot geloof en bekering lei nie, terwyl die inwendige roeping "onwederstandelik" is en altyd sy doel bereik (:595)

8.2.5.2 Wedergeboorte

Die wedergeboorte is die werking waardeur God in die sondaar hierdie verandering van hart tot stand bring. Die vrug daarvan word deur verskillende begrippe uitgedruk, naamlik 'n nuwe hart, 'n nuwe skepsel, 'n maaksel van God geskape in Christus Jesus. Die wedergeboorte staan in die nouste verband met die inwendige, kragdadige roeping en niks minder as 'n nuwe geboorte verleen ingang tot die koninkryk nie (*Die Kerkbode* 18 November 1942:595).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verdere uitvloeisel van die wedergeboorte is dat die geroepenes uit die dood oorgegaan het in die lewe. Hulle leef nie meer nie, maar Christus leef in hulle. Hulle word 'n nuwe skepsel, die maaksel van God (*Die Kerkbode* 18 November 1942:596). 'n Geestelike mens kom tot stand om eenmaal ook 'n geestelike liggaam te ontvang wat gelykvormig is aan die verheerlikte liggaam van Christus. Die lewe wat deur die wedergeboorte ontstaan, is die lewe van Christus. Die wedergeboorte bring geen nuwe substansie in ons nie, net die sonde met sy verwoestende werking word weggeneem. Die lewe van die wedergeboorte is 'n ewige, onsterflike lewe wat nie meer verlore kan gaan nie, want dieselfde Gees wat die wedergeboorte in ons hart werk, hou dit gedurig in stand (:596).

8.2.5.3 Geloof en bekering

Keet sê dat die lewe van die wedergeboorte eerste in die dade van geloof en bekering tot uiting moet kom. Ondanks die feit dat hierdie twee baie nou met mekaar saamhang, word die onderskeid gemaak deur die geloof meer bepaald met die verstand in verband te bring (alhoewel dit nooit buite die wil geskied nie) en die bekering meer bepaald met die wil (alhoewel dit ook altyd met die verstand te doen het) (*Die Kerkbode* 16 Desember 1942:687).

Hy noem onder andere dat vir die wedergebore mens die geloof in God en in Christus net so natuurlik is as wat dit vir elke mens natuurlik is om te glo in die sienlike wêreld (:687). Benewens talle ander teoretiese waarhede oor hierdie onderwerp, sê hy dat ons nie die geloof as voorwaarde van die saligheid moet beskou nie; dit is alleen die weg waarlangs die weldade van die genadeverbond ons deel word. Versoening, vergewing, heiligmaking kom nie deur ons geloof tot stand nie (hulle is deur Christus vir ons verwerf) maar kom deur die geloof in ons persoonlike besit (:688).

Soos ander teoloë wys Keet (*Die Kerkbode* 18 November 1942:688) ook op die twee betekenisse van bekering, naamlik "innerlike verandering van gemoed" en "verandering van wandel wat as vrug van die inwendige sinsverandering moet intree." Die aandeel van die mens gaan gepaard met opoffering, naamlik om soos kindertjies te word, om die kruis op te neem, om te stry vir ingang deur die nou poort, ens. (:688) Paulus sinspeel op bekering wanneer hy die volgende uitdrukkings gebruik: "met die nuwe mens beklee"; "kruisiging van die vlees" en "wandel na die Gees" (:688).

Uit die Bybelse voorbeelde wat Keet aanhaal, kom hy uiteindelik tot die bespreking van die aard van bekering, naamlik 'n innerlike sinsverandering waarby die sonde erken en bely word, berou en droefheid daaroor betoon word, en 'n geheel nuwe lewensrigting en -wandel ontstaan wat geopenbaar word in liefde tot God en sy gebooie (*Die Kerkbode* 18 November 1942:688).

Die Skrif verwys na 'n eerste en 'n voortgesette bekering wat oor die mens se hele lewenstyd strek. In die eerste bekering leer die sondaar sy sondige toestand ken, bely hy sy skuld, keer hy terug tot God en ontvang hy 'n opregte liefde tot alles wat God behaag. Hier vind 'n totale ommekeer van lewensrigting plaas; 'n breek met die sondige verlede (*Die Kerkbode* 18 November 1942:688).

Keet onderskei tussen die eerste en voortgesette bekering deurdat laasgenoemde nie op die hele toestand van die sonde betrekking het nie, maar op die bepaalde sondige dade of gewoontes waaraan die gelowige


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hom skuldig maak en waardeur hy uit die krag van God verlos word (*Die Kerkbode* 18 November 1942:688).

Betreffende die tyd en wyse waarop die bekering plaasvind, leer die Skrif dat dit by mense verskil. In sommige gevalle geskied dit deur 'n plotselinge krisis en met geweldige gemoedsaandoeninge, soos byvoorbeeld Paulus. By ander verloop dit deur 'n stille werking van Gods Gees in die hart, meestal by dié wat in gelowige huisgesinne opgroei, soos in Timotheüs se geval wat van sy jeug af in die Skrifte onderrig is. By almal is die bekering noodsaaklik. Dit is nie so noodsaaklik *hoe* ons tot bekering kom nie, maar dat ons bekering opreg moet wees (*Die Kerkbode* 18 November 1942:688).

8.2.5.4 Regverdigmaking

Keet (*Die Kerkbode* 30 Desember 1942:739) begin die bespreking oor die onderwerp van regverdigmaking met die volgende opmerking: "Deur die wedergeboorte wat in die vrugte van geloof en bekering gesien word, vind ons die toegang tot die koninkryk van God met alles wat dit insluit. Hierdie inhoud kan goedskiks saamgevat word onder drie weldade, nl. geregtigheid, heiligheid en saligheid of heerlikheid." By die eerste element, naamlik geregtigheid, bedoel Keet "regverdigmaking" en definieer dit as die "regterlike daad van God waardeur Hy die mens vryspreek van alle skuld en straf van die sonde en hom die reg op die ewige lewe skenk" (:739).

Hierdie regverdigmaking word nie van ewigheid af aan die mens toegereken nie, ook nie by die dood en opstanding van Christus nie, maar dit vind plaas "in die persoonlike toepassing van die werk van Christus deur die Heilige Gees, en dit geskied deur die persoonlike geloof" (*Die Kerkbode* 30 Desember 1942:740). In die regverdigmaking word onderskei tussen. die vergewing van sonde en die reg wat ons verkry op die ewige lewe(:740).

8.2.5.5 Heiligmaking

Oor wat heiligmaking is, sê Keet (*Die Kerkbode* 6 Januarie 1943:12) dat daar misverstand en verwarring heers. Hy definieer dit soos volg:

> Vir ons, sondige mense, beteken die heiligmaking niks anders nie as die aflegging van die sondige lewe en die ontwikkeling van die ware menslike lewe soos dit uit die hand van God gekom het. Dit is in één woord vrymaking van die sonde en sy verderflike gevolge om 'n natuurlike, ongeskonde, gesonde lewe te kan lei. Die heiligmaking wil tot stand bring wat die mens van die begin af moes wees, beelddraer van God bestemd om Hom te verheerlik en te dien; dit was en is die natuurlike roeping van die mens. Die onnatuurlike en vreemde kom met die sonde; daarom word ons heiligmaking grotendeels gemeet by die graad van ons oorwinning oor sonde (*Die Kerkbode* 6 Januarie 1943:12).

In die heiligmaking word ook gesien 'n lewe van voortdurende terugkeer tot God. Deur gedurige bekering bewys die mens telkens weer sy liefde tot God, ten spyte van sy herhaalde afdwalinge en oortredinge, wanneer hy afstand doen van sy sondige wil en in ooreenstemming met die wil van God begin lewe (*Die Kerkbode* 6 Januarie 1943:12).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 'n vraag wat se waarborg daar bestaan dat kindertjies wat vroeg sterf, hemel toe sal gaan, word die antwoord juis gevind in die gedagte dat wedergeboorte voor bekering plaasvind. "As geloof en bekering derhalwe die voorwaarde tot saligheid is, sou die kinders ook van gelowiges, verlore moet gaan." Verder sê Keet: "Logies gaan die wedergeboorte aan die geloof vooraf, maar hierdie logiese onderskeiding beteken nie dat die geloof noodwendig na die wedergeboorte ontstaan nie; dit kan ook gelyktydig daarmee ontstaan....Oor die tyd van die wedergeboorte kan geen uitspraak gedoen word nie, dit is 'n wonderbaarlike magsdaad van God wat óf voor óf in óf na die doop plaasvind (:596).

8.2.5.6 Opsomming

Sover is prof.Keet se interpretasie van die heilsweg nog die naaste aan dié van die deursnee predikant in die Ned.Geref.Kerk en soos dit algemeen in die Kerk geleer is.

Die woordelike roeping, wat universeel is, gaan tot alle mense uit. Nie almal gee gehoor daaraan nie. In diegene wat reageer, vind die wedergeboorte plaas. Deur die wedergeboorte, wat deur God bewerk word, ontvang die mens 'n nuwe hart en word 'n nuwe skepsel. Hy gaan oor vanuit die dood tot die lewe.

Die wedergeboorte kom in die dade van geloof (wat op die verstand gerig is) en bekering (wat op die wil gerig is) tot uiting. By die bekering, waar 'n sinsverandering plaasvind, word die sondes met droefheid en berou bely en 'n nuwe rigting word ingeslaan. Bekering kan plotseling of langsamerhand plaasvind. Daar bestaan 'n eerste en voortgesette bekering by die gelowige. Laasgenoemde het te doen met die sondige dade of gewoontes waaraan hy hom skuldig maak.

Heiligmaking is 'n lewe van ontwikkeling waarin die sondige lewe afgelê word en verander word in 'n lewe van oorwinning tot eer van God.

*8.2.6 Ds.G.D.du Toit*

Dit verg nie veel moeite om enige inligting oor ds.Du Toit se leerstellige beginsels te vind nie, aangesien hy nie slegs 'n liefde vir die skryfkuns gehad het nie, maar ook omdat hy dikwels by geskille oor leerstellige sake betrokke was.

Hy het in 'n ander milieu geleef as bogenoemde persone waarvan drie in 'n onderrigsituasie was. Sy bediening, wat 'n hoogbloei in veral die dertigerjare beleef het, het hoofsaaklik gesentreer rondom die gemeente en spesiale evangelieprediking. In sy prediking en geskrifte het hy baie klem gelê op wedergeboorte, bekering en heiligmaking.

Reeds in 1922 kon die las vir 'n verloregaande wêreld bespeur word in 'n artikel in *Die Kerkbode* onder die hofie *"Rept U!"* Hierin verwys hy na die Pinkstertyd wat verby is en van groot seën wat talle gemeentes beleef het. Hy skryf die oplewing toe aan talle gebede wat vir 'n geruime tyd opgegaan het vir herlewing en meen dat dit 'n antwoord op die gebede is. Hy was belas oor mense se bekering en dat predikante iets daaraan moet doen: "O, welk 'n gedachte: God werkt, maar zijn medearbeiders slapen! Zullen Gods kinderen niet in deze tijd meer dan ooit bidden en *werken*, getuigen zijn voor de Here?" (*De Kerkbode* 26 Julie1922:971). Hy spreek 'n versugting uit teenoor die evangeliedienaars of hulle nie kragtiger as ooit sal optree met die prediking van verlossing deur onse Here Jesus Christus nie (:971).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy versoek Christene om gemeentekonferensies by te woon en verwys na die seën wat 'n konferensie te Williston vir talle Christene ingehou het en waartydens talle onbekeerdes tot die Here Jesus gebring is (:972).

Ds.Du Toit was baie besorg oor die onkunde onder gelowiges met betrekking tot heiligmaking, daarom het hy nie op hom laat wag nie, maar baie artikels in *Die Kerkbode* geplaas en ook 'n hele aantal boeke geskryf waarin hierdie onderwerp behandel is. Dit beteken nie dat die onderwerp oor wedergeboorte en bekering agterweë gelaat is nie. Ons vind net minder daarvan in die geskrewe stukke. In sy geskrif "*Die werk van die Heilige Gees in die Gelowige*" (hoofstuk 2) behandel hy die werk van die Heilige Gees in wedergeboorte en bekering Dit is in elke geval 'n onderwerp wat hoë prioriteit geniet het in sy bediening, veral as spesiale evangelieprediker.

8.2.6.1 Wedergeboorte en bekering

Du Toit (1944:21) beskou wedergeboorte en bekering as twee kante van dieselfde saak, naamlik die goddelike en die menslike. "Wedergeboorte is die inplanting van die nuwe lewe, Gods lewe in ons, die begin van die werk van saligmakende genade" (:21). Niemand weet wanneer dit plaasvind nie, hetsy in die vroegste jeug of op gevorderde leeftyd. Bekering is weer die ontwaking van daardie ingeplante lewe tot bewussyn.

In *Die Kerkbode* van 15 Mei 1935 (:911,912) verskyn 'n bydrae deur hom: *"Wat kom eerste: Wedergeboorte of geloof?"* Hy spreek eerstens sy waardering uit teenoor die Gereformeerde Geloofsleer. Hy sê dat dit algemeen voorkom dat iemand al die jare van sy lewe in sonde leef en op 'n sekere oomblik wedergebore word. As 'n belydende Christen nie daardie oomblik met dag en datum kan bewys nie, dan is hy nog nie wedergebore nie. Die gevolg is dat baie ware wedergebore kinders van die Heer jarelank in geestelike duisternis lewe totdat hulle op 'n sekere dag, onder 'n toespraak of deur 'n gesprek, besef dat God al die tyd met hulle besig was, en dat die duisternis waarin hulle geleef het, toe te skryf was aan hulle onkunde. Hy spreek die wens uit dat meer klem gelê moet word in die prediking op die heerlike seëninge van die Genadeverbond.

Op 'n later stadium skryf hy weer dat baie gelowiges 'n helder getuienis kan aflê "van hul wedergeboorte en bekering", terwyl ander dit nie kan doen nie. Dit blyk asof hy hom weerspreek wanneer hy sê dat dit nie nodig is om die dag en datum te onthou nie, terwyl daar bepaalde kenmerke is wat bepaal of 'n mens wedergebore is of nie (Du Toit 1944:24).

Gedurende die *Bybelskool* wat aan die Strand gehou is en waartydens die verskillende aspekte van die gereformeerde geloofsleer onder die loep geneem is, het 'n verskilpunt ontstaan oor die orde waarin geloof en wedergeboorte plaasvind. Een groep, wat wedergeboorte voor die geloof geplaas het, het geredeneer: "Wie nie wedergebore is nie, kan nie glo nie", terwyl die ander groep gesê het: "Deur die geloof wat die Heilige Gees in die hart werk, kom die wedergeboorte". Die vergadering het egter verdaag sonder helderheid oor die betrokke punt (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:911).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Du Toit het oor hierdie kwessie gaan hulp soek in 'n geskrif van dr.A.Kuyper en tot die slotsom gekom dat albei beskouinge korrek is. Hy sê dat alles afhang van wat bedoel word met die begrip 'wedergeboorte', of ten minste wat die uitgangspunt is vanwaar die saak beredeneer word.

Hy verstrek vervolgens 'n weergawe van dr.Kuyper se siening, naamlik dat die term "wedergeboorte" in tweërlei betekenis gebruik word, naamlik in 'n *beperkte sin*, oftewel "die eerste genadedaad van God aan ons, ons lewendmaking." In die mens wat dood is in sonde en misdade plant die Here God die beginsel van 'n nuwe en geestelike lewe, dan is so 'n persoon wedergebore. In hierdie geval kom wedergeboorte duidelik voor geloof.

Ons kan ook van wedergeboorte spreek in *ruimere* sin, naamlik die hele verandering wat ons persoon ondergaan van sy lewendmaking af tot by sy dood. Die Nederlandse Geloofsbelydenis gebruik die term in ruimere sin waar gespreek word van die goddelose wat tot die geloof gekom het, en van hom word gesê dat die geloof hom wederbaar het (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:911). Kuyper sê dat daar in die ou tyd meer gebruik gemaak is van die spraakgebruik in ruimere sin, maar vandag word meestal van wedergeboorte gespreek in engere sin.

Du Toit (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:911,912) vervat sy bespreking onder 7 hoofpunte en sê dat as ons nie vra wat die bekeerde sondaar in sy eie siel deurleef nie, maar eg-Gereformeerd: watter werk het God aan sy siel gedoen, dan kan ons Gods genadewerk die beste volg, as ons let op die volgende mylpale:

Die eerste onderopskrif lui: "*Die inplanting van die nuwe lewensbeginsel, of van die geloofsvermoë*". Hieronder beklemtoon Du Toit die beskouing dat hierdie eerste daad van God op verskillende leeftye plaasvind, hetsy voor geboorte of voor die doop: "By verreweg die meeste persone wat ten lewe bestem is, gryp die instraling van die nuwe lewe plaas voor die heilige Doop. Dit is die rede waarom die Kerk die kinders van gelowige ouers in die heilige Doop as wedergeborenes toespreek" (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:912).

Du Toit verduidelik dat hierdie kinders nie op later leeftyd tot die genadeverbond toetree nie, maar dat hulle van die eerste oomblik "van hulle aansyn af", reeds in die verbond is. Hulle is die saad van die Kerk en het die kiem van die lewe ontvang voor die Doop waartydens hulle reeds in Christus geheilig is.

Met die doop ontvang hulle die seël op iets wat reeds aanwesig is, nie op iets wat nog moet kom nie. Hy sê die gereformeerde ouer beskou sy kind nie as steggie van 'n wilde wingerdstok wat miskien later geënt sal word nie, maar as 'n kind wat reeds geënt is in Christus (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:912).

Tweedens bespreek hy die bewaring van die ingeplante lewensbeginsel, terwyl die sondaar nog sy lewe in sonde voortsit. Persone in wie die nuwe lewensbeginsel reeds vroeg in hul lewe ingeplant is, is nie meer dood nie, maar lewe. Sterwe hulle baie jonk sonder om tot bekering te kom, is hulle nog behoue. Reeds in hulle jeug openbaar hulle, ook sonder bewuste geloof, 'n aangetrokkenheid na die heilige dinge. Die nuwe lewe wat reeds daar is, sluimer nog en word vergelyk met 'n onderaardse stroom,wat 'n tydlank onder die grond loop en dan later opspring (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:912).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die tema *Die roeping deur die Woord en die Gees* word bedoel 'n kragdadige roeping wat gerig word, nie tot dowes nie, maar tot dié wat kan hoor..." (:912). Deur hierdie roeping van God ontstaan nou die oortuiging van sonde en die regverdigmaking, "twee openbaringe van dieselfde geloofswerking" (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:912). Uit hierdie geloofswerking ontkiem dan die *bekering* dit is die mylpaal op die genadeweg, "waarby die ingeplante lewe in steeds helderder bewussyn oorgaan."

Met die bekering, sê Du Toit, vind 'n tweërlei werking in die sondaar plaas, naamlik die afsterwing van die ou mens, en die opstanding van die nuwe. Daarom moet ons bekering in 'n tweërlei sin verstaan. "In beginsel bekeer die mens hom net eenmaal, nl. as die siel die eie-ek loslaat, en Christus aangryp, maar by voortgang bekeer die kind van God hom daagliks" (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:912).

Die bekering gaan dan vanself oor in die heiligmaking, wat ook weer 'n daad van God is, en nie van die mens nie. Dit is nie 'n groei na Christus toe nie, maar 'n suig van die lewensap deur die fynste worteltjies van die geloof. "Hierdie heiligmaking vind sy voleinding in die volkome verlossing by die dood. Dan kom die werk van die wedergeboorte eers tot volle ontplooiing" (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:912).

Ten slotte haal Du Toit weer vir Kuyper aan wat wedergeboorte sien as die ganse *bewuste* genadewerk wat strek tot by die dood. Hierdie genadewerk deurloop drie stadia, naamlik die wedergeboorte in sy eerste stadium, as die Here die lewe inplant in die hart wat dood was. Wedergeboorte in sy tweede stadium is wanneer die wedergebore mens tot bekering kom en die wedergeboorte in sy derde stadium as die bekering groei in heiligmaking (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:912).

Du Toit (*Die Kerkbode* 15 Mei 1935:912) se slotsom is dat wedergeboorte dan die beperkte benaming is vir wat *onbewus* in ons plaas is, terwyl bekering die term is vir die ontwaking van die ingeplante lewe tot die *bewussyn*. "En as die vraag nou gestel word, of die wederbarende werking van die Heilige Gees in die binneste van die mens geskied voor hy die Woord van God hoor, of gelyktydig daarmee, of daarna, dan antwoord ons, al drie is waar: dit kan *voor* of *met*, of *na* die gehoor kom."

Een van die persone wat spoedig op ds.Du Toit se artikel gereageer het, was mev.I.J.Marais (*Die Kerkbode* 5 Junie 1935:1083,4). Sy is van mening dat die stuk 'n gevaarlike uitwerking kan hê op dorstige siele, wat in die eerste plek na *Die Kerkbode* gryp om lig en dan maar net deur die duiwel aan die slaap gesus te word. Sy reageer soos volg: "Ek, as sondaar, is verlore, en het absoluut niks te doen met die gesindheid van my ouers nie. Dit is 'n saak alleen tussen 'n mens en sy God...."(:1083). In die lang betoog wat sy daarna lewer verskil sy van ds.Du Toit in dié sin dat sy bekering vóór wedergeboorte plaas. Hierdie tipe verwarring het dikwels in die korrespondensiekolomme na vore getree.

### 8.2.6.2 Heiligmaking

Hierdie onderwerp het vir ds.Du Toit baie na aan die hart gelê. Nie alleen het dit tot uiting gekom in die talle bydraes in *Die Kerkbode* nie, maar in baie boeke wat die lig gesien het. Hy het aanklank gevind by die beskouinge van dr.A.Murray en prof.N.J.Hofmeyr wat albei die siening gehuldig het dat heiligmaking kan uitloop op 'n krisisondervinding.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat egter interessant is, is dat Du Toit 'n verandering van standpunt ondergaan het. Waar hy aanvanklik, soos hierbo aangedui, geglo het dat heiligmaking 'n voortgaande proses van bekering is, het hy later dit as 'n definitiewe krisismoment naas bekering beskryf.

In 1927 word 'n reeks artikels in *De Kerkbode* geplaas onder die opskrif "*Die Oorvloedige Lewe - Hoe dit te verkry*". Hy wys die lesers daarop dat in die lewe van die dissipels bepaald 'n krisis gekom het. Hulle kon steeds terugverwys na 'n sekere dag toe hulle plotseling vervul geword het met die Heilige Gees. Hoewel hy na die dissipels se ondervinding verwys, beskou hy dit nie as norm vir elke Christen nie. Hy wys die vinger na Christene wat aan hulle mede-christene die ideaal stel dat 'n mens bewus moet wees van die twee krisisse in 'n mens se lewe. In analogie met die volk wat deur die Rooi See getrek het (as tipe van wedergeboorte) en deur die Jordaan (as tipe van die vervulling met die Heilige Gees) glo hierdie Christene dat daar besliste twee krisisse in die kind van God se lewe moet wees. Om voorskriftelik te wees deur dit as die enigste metode te sien waarop God werk, is vir Du Toit onskriftuurlik. Hy klassifiseer die Christene in drie kategorieë, naamlik diegene wat die bekering en vervulling op een oomblik deelagtig geword het; ander wat dit as twee ondervindings beleef het en 'n derde groep wat van geen krisis weet nie en tog vervul is met die Heilige Gees. "Net so min as Gods Woord die eis stel, dat elke christen die dag van sy wedergeboorte *moet* weet, net so min stel hy die eis, dat elke christen die dag waarop hy met die Heilige Gees vervul is, *moet* weet....Maar dat hierdie kriesis [sic]-ondervinding Gods reël is vir al Sy kinders is o.i. seker onskriftuurlik en in stryd met die ondervinding van baie christene, wat ook daardie oorvloedige lewe deelagtig geword het "(*De Kerkbode* 29 Junie 1927:936).

Twee jaar later het Du Toit se standpunt totaal verander. In 1927 het hy 'n konferensie van ds.C.F.Scheepers te Williston bygewoon en in1929 erken hy dat hy die vorige twee jaar 'n worsteling met hierdie saak gehad het, totdat hy die sekerheid ontvang het. Dit wil voorkom asof hy ná die besoek aan ds.Scheepers hierdie ondervinding deelagtig geword het. (Sien Du Toit se beskrywing van sy ondervinding - punt 8.2.6.3).

Tydens die konferensie het ds.Scheepers juis die tipologie oor Egipte, woestyn en Kanaän voorgehou. Du Toit beskryf dit soos volg:

> "Net soos Israel deur de Rode See getrek het, en toe verlos was uit Egipte, maar daarna oor die Jordaan moes trek om verlos te word van die woestynlewe en Kanaan, die land van oorvloed binne te gaan, so moet die christen ook tweemaal verlos word. Eers word hy wedergebore enso verlos van sy onbekeerde toestand. Daarna word hy verlos van die sukkelende woestynlewe en gebring tot die lewe van volheid. Hierdie twede [sic] verlossing geskied deur 'n definitiewe daad van geloof. Dit is 'n kriesis [sic] in die lewe. Van daardie kriesis af is daar 'n gesonde groei in die geestelike lewe" (*De Kerkbode* 10 Julie 1929:63).

Waar hy aanvanklik hierdie tipologie verwerp het, onderskryf hy dit nou. Du Toit betrek ook dr.Murray by hierdie standpunt: "Groot klem word gelê op hierdie twede [sic] seën, 'n waarheid waarop Dr.A.Murray ook met nadruk gewys het" (*De Kerkbode* 10 Julie 1929:63). Van ds.Scheepers sê hy dat hy die laaste tyd groot klem gelê het op "vier groot waarhede: wedergeboorte, heiligmaking, goddelike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

genesing en die wederkoms van Christus" (:63). In skerp reaksie teenoor vormgodsdiens beklemtoon ds.Scheepers die noodsaaklikheid van wedergeboorte. Heiligmaking beskou hy as 'n krisis en 'n proses in die lewe van 'n Christen.

Hy gee meer inligting deur oor ds.Scheepers en meld dat hy nog "volle predikant van ons Kerk" is en dat God hom roep "om oral waar hy gevra word, die heerlike waarheid van heiligmaking, goddelike genesing en die wederkoms van Christus, wat God aan hom bekend gemaak het, te gaan verkondig" (:64).

Wat op hierdie stadium reeds opval is die aanklank wat Du Toit by Scheepers gevind het, terwyl albei weer op hulle beurt na Murray verwys. Deur hierdie "kruisbestuiwing" het 'n heiligmakingsleer in die Ned.Geref.Kerk posgevat wat nie gestrook het met die algemeen-aanvaarbare nie. Hoewel dit as 'n tipe perfeksionistiese leer beskou is, sal later daarop gewys word dat dit nie die geval was nie.

Ná die Willistonkonferensie het Du Toit sonder aarseling die tweede krisis (van heiligmaking) verkondig. Hy verwys nie net na die Rooi See en Jordaan as tipes van die twee keerpunte nie, maar ook na 'n rooi en wit streep wat onderskeidelik bekering en heiligmaking uitbeeld. (Hier stem dit weer ooreen met Murray se "Two Covenants").

Die dienste op Williston, asook ds.Du Toit se weergawe daarvan, het positiewe reaksie in *De Kerkbode* se korrespondensiekolomme uitgelok. So rig ds.J.Rabie van Beaufort Wes 'n brief aan *De Kerkbode* ( 24 Julie 1929 :151,2) in verband met die Williston-besoek en versoek di. Scheepers en Du Toit om meer te vertel van die krisis in die lewe van 'n Christen. Van die krisis, soos deur die deurgaan deur die Rooi See uitgebeeld, word baie gehoor in die Kerk "maar ek wil dit waag om te sê dat 'n kriesis by die gelowige, afgebeeld deur die deurgaan deur die Jordaan, nie so 'n bekende iets is nie." Hy erken dat daar oral 'n sterk verlange na heiligmaking is en vra raad by die broeders of daar so 'n krisis as uitgangspunt van die proses moet wees.

Uit Stellenbosch kom 'n brief van A.V.Krige wat die volgende bevat:

> In hierdie verband voel ek my nou geroepe om te betuig dat daar in my lewe wel so 'n kriesis gekom het baie jare na my bekering. By my bekering het ek die Here vertrou vir die vergiffenis van my sonde, maar by my heiligmaking het ek Hem vertrou vir die verlossing van inwonende sonde (Rom.7). Hy het toe 'n skeppingsdaad - die skep van 'n rein hart in my - gewerk (Ps.52), en van toe af kon Sy Gees my hele hart in besit kry. Die verandering wat hierdeur in my hart gewerk is, lyk vir my groter as die verandering by my bekering" (*De Kerkbode* 7 Augustus 1929:241).

As uitvloeisel van hierdie reaksies, het ds.Du Toit 'n reeks artikels geskryf om hierdie onderwerp beter te omskryf.

8.2.6.3 Ds Du Toit se persoonlike ondervinding

In die reeks wat handel oor die geestelike toestand van die Kerk, gee hy sy besorgdheid te kenne en soek na moontlike oorsake daarvoor. Hy wil weet hoe ons verlos kan word van daardie "sieklike, sukkelende lewe en hoe kom ons tot die lewe waar Christus met Sy volheid besit van ons neem?". Hy beantwoord die vraag deur kortliks te wys na sy eie ondervinding:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deur die invloed van die die A.E.B. het 'n bittere ontevredenheid en 'n dors na die volheid in Christus ontstaan. Hy vertel van sy geestelike nood en bankrotskap asook sy vrugtelose bediening en hoe hy talle boeke oor heiligmaking gelees het. Veral die boeke van dr. Andrew Murray, wat vroeër vir hom onverstaanbaar was, het hom gelei op die "weg tot die Volheid in Christus. "Langsaam maar seker het die lig vir ons opgegaan. Een definitiewe stap was nog nodig. Goddank vir daardie stap..." (*De Kerkbode* 14 Augustus 1929:276).

Ná hierdie ondervinding was daar geen keer aan ds.Du Toit nie en hy laat nie op hom wag om die kerklike publiek behoorlik in te lig oor hierdie uiters belangrike saak nie. Onder die opskrif "*'n Kriesis in die lewe van die Christen*" (*De Kerkbode* 21 Augustus 1929:315) beskryf hy die tipiese toestand van die mens wat 'n tyd ná sy bekering 'n duisternis in sy lewe ondervind en besef dat hy te doen het met 'n "donker iets" in sy hart, "die sondige vlees" of die "vreeslike sondemag" wat hom radeloos maak. Aan die hand van 'n aanhaling van dr.A.Murray, gee ds.Du Toit aan die lesers die oplossing: "Dit is die wil van God dat Sy kinders, elkeen met die Heilige Gees vervul sal word. Vir die christen wat nie vol van die Gees is nie, is dit volstrek onmoontlik om te lewe en te werk soos God dit wil hê" (:315)

In 'n volgende reeks van 11 aflewerings (vanaf 20 November 1929 tot 12 Februarie 1930) gee hy 'n meer dogmatiese uiteensetting van die ondervinding van heiligmaking onder die opskrif "*Die Vervulling met die Heilige Gees*" Wat opval in hierdie wetenskaplike reeks artikels, is dat die noodsaaklikheid van 'n definitiewe krisisondervinding weer eens benadruk word. Soos vroeër na verwys, bring hy hier die illustrasie van die rooi en wit streep in:

> Leser, God het op Golgotha 'n rooi streep getrek, 'n bloedstreep. Aan die watter kant van daardie streep staan u? Dit is tevergeefs om te soek naar die volheid, solank u aan die linkerkant staan. Kom eers oor naar die regterkant. Word eers met God versoen. Staan u egter reeds aan die regterkant, dan wys ons u daarop dat God op Pinksterdag 'n wit streep getrek het deur sy Gees. Die disiepels van Jesus, met al hulle liefde tot die Heiland, het aan die linkerkant van daardie streep gestaan. Op Pinksterdag het hulle oorgestap naar die regterkant. En God het 'n boodskap gestuur aan al Sy kinders dat hulle moet sorg, dat hulle aan die regterkant van daardie wit streep staan" (*De Kerkbode* 20 November 1929:889,890).

Te midde van hierdie andersoortige siening van Du Toit, waarsku hy die lesers teen die verkeerde verwagtinge in verband met die volheid van die Heilige Gees en raai hulle aan om die Belydenisskrifte van die Kerk te gebruik as leidraad vir beveiliging teen "afgronde". Hy pleit by hulle om in die Kerk te bly. Ook maak hy hulle bedag op dwaalleringe wat gepaard gaan met die leer oor die vervulling met die Heilige Gees, naamlik onderdompeling, vreemde tale en die leer van perfeksionisme (*De Kerkbode* 12 Februarie 1930:287).

8.2.6.4 Die skeiding tussen "geheiligdes" en "ongeheiligdes".

Hierdie opskrif trek onmiddellik die aandag van die leser, maar sonder om enige draaie te loop, verklaar ds.G.D.du Toit dat so 'n klassifikasie onskriftuurlik is (*Die Kerkbode* 6 Mei 1936:910). Tog beskryf hy aan die hand van Paulus se beskrywing in 1 Kor.3:1,3 die twee moontlike posisies waarin die gelowige


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

homself kan bevind, naamlik vleeslik of geestelik. Die vleeslike mens se lewe word deur die vlees beheer, terwyl die geestelike mens se nuwe natuur in beheer is. (Du Toit 1944:34).

Op 'n vraag hoe die vervulling met die Heilige Gees plaasvind, verwys Du Toit (*Die Kerkbode* 6 Mei 1936:911) na een van prof. Hofmeyr se geskrifte "*Pinksterlicht en Leven*" waarin hy noem dat hierdie ondervinding geskied langs die weg van 'n keerpunt. Hy sê Hofmeyr gebruik soms die uitdrukking "tweede bekering" wat verskil van die sogenaamde "second blessing". Daar is baie kinders van die Heer wat kan getuig van hierdie keerpunt. Ander kinders van die Heer is vervul met die Heilige Gees sonder dat hulle 'n besondere ondervinding deurgemaak het. “In elk geval, of ons van sulk 'n keerpunt kan getuig of nie, die lewe wat onder die heerskappy van die Heilige Gees staan, is seker die lewe wat normaal kan groei" (:911).

8.2.6.5 Die leer van die "Second Blessing"

Voorstanders van heiligmaking as 'n krisisondervinding is dikwels beskuldig van 'n Metodistiese leer van die "Second blessing". Eweneens kon ds. Du Toit ook daarvan beskuldig word, maar getrou aan die leer van sy kerk, verdedig hy telkens die gereformeerde siening oor heiligmaking aan die hand van die Skrif en die Belydenissikrifte. Daarmee saam staaf hy sy teorieë met aanhalings van bekende teoloë soos dr.Andrew Murray en prof.N.J. Hofmeyr.

Dr.A.Murray, wat in sy boek “*The Two Covenants*” tot ontsteltenis van menigeen die die term “Second Blessing” gebruik, verdedig ds.Du Toit vir Murray en verduidelik dat daar 'n besliste verskil is tussen die "Second Blessing" wat die Metodiste verkondig en soos dit deur dr.Andrew Murray geïnterpreteer word. Volgens Du Toit bedoel die Metodis daarmee 'n tweede werk van genade wat in een oomblik in die hart van die gelowige verrig word en waardeur die hart gereinig word van alle sondebesef en vervul word met die volmaakte liefde van God. Die gelowige is nou nie net verlos van die heerskappy van sonde nie, maar van die aanwesigheid van die sondige natuur in hom. Sy enigste vyand, die satan, is nou buite hom. Versoeking kom nie meer van binne nie, maar net van buite. Volgens die Metodiste kan alleen so iemand dan ook waarlik spreek van vervul te wees met die Heilige Gees. Solank die sondebederf nog in ons is, kan ons, volgens hulle, nie vervul word met Gods Gees nie. Hierdie leer staan bekend as die leer van 'entire sanctification' of die 'second blessing'. (*Die Kerkbode* 28 April 1937:801).

Hy sê verder dat prof. Hofmeyr ook gedurig in sy boeke na so ‘n keerpunt verwys. Hy voeg by dat dit jammer is dat dr.Murray die term 'second blessing' gebruik, waar hy oor hierdie keerpunt spreek, want dit is bepaald misleidend (*Die Kerkbode* 28 April 1937:801).

In 1939 verskyn 'n boek uit Du Toit se pen: *"Die Leer van die "Second Blessing" getoets aan die Heilige Skrif"*. Dr.Jac.J. Müller resenseer die boek in *Die Kerkbode* van 22 Maart 1939 en skryf dit hoog aan en voeg by dat dit ‘n waardige apologetiese bydrae is in die gedagtewisseling oor die leer van die heiligmaking.

Nou verbonde aan die leer van die perfeksionisme is die mening dat as die Heilige Gees die gelowige vul, sonde wel gedoen kan word, maar die sonde kom dan in die vorm van versoeking van buite, omdat


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die sonde met wortel en tak uitgeroe is ("eradication"). Ook hierteen spreek Du Toit hom uit dat dit 'n onbybelse leer is (*De Kerkbode* 12 Februarie 1930:287). Hy kwalifiseer sy bewering deur daarop te wys dat die Griekse woord vir "te niet doen" (*katargete*) beteken "kragteloos gemaak". Die sonde is nie vernietig nie, maar deur die inwoning van Christus...is die sonde van sy krag beroof (:287). Hy haal ook dr.A.Murray en ander skrywers aan wat ook hierdie gedagte beklemtoon.

In sy slotopmerkings verwys Du Toit (1939:46-47) na die Sinodale besluit van 1936: "...maar met eweveel beslistheid wys die Sinode die leer van die "tweede seën" af as 'n dwaling omdat dit onskriftuurlik is, en noodsaaklikerwys lei tot perfeksionisme." Hy raai die lesers aan om ter wille van verwarring nie die term "second blessing" te gebruik nie, maar eerder die woord "keerpunt".

Die redakteur van *Die Kerkbode* het aan ds.Du Toit opdrag gegee om 'n vrae-en-antwoorderubriek te hanteer. Hierdie behoefte het voortgespruit uit 'n begeerte om meer te wete te kom oor heiligmaking (vgl *Die Kerkbode* van 30 September 1936). Met die beantwoording van hierdie vrae het ds.Du Toit se standpunte oor heiligmaking sterk na vore getree, wat uiters gebalanseerd was. Hy handhaaf voortdurend die balans tussen perfeksionisme aan die een kant, teenoor 'n onverskilligheid jeens sonde aan die ander kant. In hierdie verband was hy lief om dr.A.Murray aan te haal: "Perfeksionisme verslaan sy duisende, imperfeksionisme sy tienduisende" (*Die Kerkbode* 22 Julie 1936:152).

In dieselfde rubriek beantwoord hy 'n vraag oor wat 'n rein hart is. Voordat hy wys op die dwaling van perfeksionisme, wat leer dat die bloed van die Lam die ou sondige natuur met wortel en tak uit hom uitroei, verduidelik hy aan die hand van dr.A.Murray se boek *Die kracht van Jezus Bloed* die verskil tussen vergewing en reiniging. Waar vergewing te doen het met die skuld van die sonde, het reiniging te doen met die smet van die sonde. "Reiniging is die ondervindelike toepassing van die krag van die bloed op die hart van die gelowige....Die ou natuur met sy sondige neiginge is nog daar, maar dit het geen mag om te heers nie" (*Die Kerkbode* 22 Julie 1936:151).

Om alles weer te gee wat ds.Du Toit in die verskillende rubrieke behandel het, sal te omvattend wees. Hy het onderwerpe behandel soos die ou natuur, die vlees, die ou mens, die liggaam van sonde, "eradication" (*Die Kerkbode* 26 Augustus 1936:414,5); aangebore sonde (*Die* Kerkbode 10 Mei 1939:853); die verskil tussen die natuurlike, vleeslike en geestelike mens (*Die Kerkbode* 19 April 1939:702); geheiligdes en ongeheiligdes (*Die Kerkbode* 23 Desember 1936:1277) en vele meer.

Voordat van Du Toit afgestap word, moet, ter wille van duidelikheid, gemeld word dat hy nie net 'n definitiewe krisisondervinding vir die gelowige voorgestaan het nie. In sommige van die rubrieke het hy dit duidelik gestel dat sekere Christene geleidelik tot die vervulling oorgaan. Telkens waak hy teen die gedagte van 'n "krisis", veral as dit die idee van perfeksionisme skep. Hy het dit ook teen terme soos "tweede genadewerk" en "tweede seën" wat verwarring kan skep. Aan die hand van prof.Hofmeyr se *Pinksterlicht en Leven* verduidelik hy die twee moontlikhede waardeur gelowiges tot die ondervinding kan kom, naamlik plotseling of geleidelik (*Die Kerkbode* 19 November 1936:856, 12 Mei 1937:890 en 19 April 1939:702).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

#### 8.2.6.6 Opsomming

Deur objektief na ds.G.D.du Toit se leerstellige beskouing te kyk, is dit duidelik dat sy leer oor wedergeboorte en bekering baie streng gereformeerd was, terwyl sy heiligmakingsleer meer trekke toon van die sogenaamde Metodisme.

Aan die hand van Kuyper sien hy wedergeboorte in ‘n engere en breëre sin. Soos die meeste gereformeerde predikante dit sien, vind wedergeboorte, wat deur die Gees van God bewerk word, onbewustelik in die mens se lewe plaas. Hierdie “lewensbeginsel” wat sluimerend in die mens werk, lei later tot ‘n oortuiging van sonde en die mens kom tot bekering. Uit die bekering vloei voort die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe. Reeds op hierdie punt verskil hy met ander predikante wat weer vernuwing toeskryf aan die wedergeboorte.

Sy heiligmakingsleer toon ongetwyfeld Metodistiese trekke, hoewel hy uiters versigtig is om nie in die slaggate van perfeksionisme te trap nie. Waar hy aanvanklik in lyn met die gereformeerde leer heiligmaking geïnterpreteer het as voortdurende bekering, het hyself en ook sy sienswyse ‘n metamorfose ondergaan. Hierin het ds.Scheepers en die A.E.B. ‘n groot rol gespeel. Hy het egter die Arminiaanse gedagte van “entire sanctification” verwerp en hom sterk uitgespreek teen die leer van die “Second Blessing”. Ook ander Metodistiese leringe, soos die verliesbaarheid van die saligheid, het hy verwerp.

Du Toit het sy heiligmakingsleer dikwels gerugsteun met aanhalings uit werke van Murray en Hofmeyr, om daardeur sy wortels te herlei in ‘n gereformeerde lyn, eerder as na Metodistiese bronne. In hierdie konteks het hy dus nie net ‘n plotselinge ondervinding vir heiligmaking voorgeskryf nie, maar ook ruimte gegee vir die idee dat gelowiges geleidelik tot die ondervinding kan kom. Verder het hy ook ‘n hoë agting gehad vir die werke van Ruth Paxson, ‘n Christenwerkster in China (*Die Kerkbode* 10 November 1937:867), terwyl hy die werke van Thomas Cook as Metodisties beskou het (*Die Kerkbode* 9 September 1936:519).

## *8.3 Ander interpretasies van die heilsweg*

Om te volstaan by bogenoemde predikante se sieninge, kan moontlik ‘n te beperkte beeld skep van die diversiteit van sieninge oor die heilsweg. Daarom word dit nodig geag om na ‘n paar ander predikante se interpretasies te kyk voordat tot enige slotsom gekom kan word. Soos in bogenoemde geval, is geen vooropgestelde kriterium gebruik waarvolgens die seleksie gedoen is nie. Die beskikbaarheid van bronnemateriaal oor die betrokke onderwerpe dien as vernaamste motivering. Dit kan ook in ‘n mate as ‘n steekproef dien van die denkwyse van ander predikante in terme van die heilsweg.

### *8.3.1 Ds.H.P. van der Merwe*

Ds.Van der Merwe (later dr.) word deur Dreyer (1924:198) beskryf as een van die mees belese manne in die Ned.Geref.Kerk. Ná sy opleiding het hy in 1895 ‘n beroep na Kenhardt aanvaar en in 1897 is hy na Britstown. In 1903 volg hy ds.Andrew Mc Gregor op in Robertson. Met sy besoek aan verskeie oorsese universiteite, ken die St.Andrew’s Universiteit in Skotland aan hom ‘n eredoktorsgraad toe. In 1924 is hy tot moderator verkies.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy benadering tot die bekering gebruik hy 'n gans ander invalshoek om sy saak te stel, naamlik die betrokkenheid van die wetenskap. Sy uitgangspunt is dat die wetenskap op soveel terreine ingespan word om bewyse oor sake te lewer, terwyl dit in gebreke bly om 'n bydrae te lewer op die gebied van die geestelike ondervinding. "Waarom niet van de feiten kennis genomen? Dat die bekeering eene onomstootelijke zekerheid is, der aandacht der wetenskap overwaard, dit zullen wij pogen aan te tonen" (*De Kerkbode* 6 Julie 1911:373)

Dit is asof hy met sterk argumente na vore wil kom om te bewys dat bekering 'n werklikheid is en dat dit wetenskaplik verantwoordbaar is. Onder drie hoofpunte bespreek hy die sekerheid van bekering.

"Eers moet op de bekeering worden gelet als eene zekerheid in de innerlijke ondervinding....Eerst dan: de bekeering is eene innerlijke ondervinding die bestaat in de verlossing van de schuld der zonde; in den vrede Gods in het hart; en in de vrijzetting uit de macht van zondige gewoonten. Nu dit is geene inbeelding, maar een volkomene zekerheid in de ondervinding van honderd duizend tallen" (*De Kerkbode* 6 Julie 1911:373). Hy noem ook verskeie voorbeelde van persone wat wel tot bekering gekom het, om sodoende sy argument te versterk dat bekering 'n werklikheid is (:373).

Onder die volgende hoofpunt wat hy aansny is die gedagte dat die bekering 'n onweerspreeklike sekerheid in die lewe is waarvoor geen betoog nodig is nie. "Zoo openbaart de innerlijke gemoedsverandering bij den bekeerde zich voor aller oog in zijn vernieuwd en veranderd leven" (*De Kerkbode* 6 Julie 1911:373).

In die gees van die wetenskaplike benadering van hierdie preek, haal hy 'n wetenskaplike aan wat sê dat bekering in alle gevalle nie slegs 'n verandering van opinie of beskouing is nie, maar van 'n diepgaande verandering van karakter (*De Kerkbode* 6 Julie 1911:373). Ten slotte gebruik hy nog 'n wetenskaplike verklaring van de bekering. Soos wat 'n stuk yster rooiwarm word omdat dit met vuur in aanraking was en soos 'n stuk yster magneties word omdat dit met 'n magneet in aanraking kom, so is 'n bekeerde mens 'n siel wat met Jesus Christus in aanraking kom deur die goddelike genade wat in hom werk (:373).

*8.3.2 Ds.C.W.Retief*

Ds.Retief sit die heilsweg soos volg uiteen: "Voordat die mens glo moet hy tog eers *wedergebore* wees, en op die van God meegedeelde goddelike lewe volg daar die *roeping* en dan volg die sinsverandering, nl. die *bekering*, en daarna kom die *geloof*, en so volg die *heiligmaking*" (*Die Kerkbode* 12 Januarie 1938:68).

Hy verwys na wedergeboorte en bekering as eerste en tweede genadedaad respektiewelik. So sien hy die eerste genade as 'n magtige daad van God wat plaasvind buite die wete en buite die voorkennis van die sondaar. Dit is wat God ingeplant het in die hart van die sondaar. Die tweede genadedaad van God aan die begenadigde sondaar vind later plaas, maar nie buite die wil van die mens nie (*Die Kerkbode* 27 Oktober 1937:786).

Oor die onbewustelikheid van wedergeboorte noem hy dat by die lig van Gods Woord so 'n werking kan plaasvind nog in die skoot van die moeder, dus voor die kind die lewenslig gesien het (*Die Kerkbode* 27


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oktober 1937:786). Kinders van gelowige ouers ontvang wel die kiem van die ewige lewe. Al sou kinders van gelowige ouers, wat as hulle groot word, 'n wêreldgesinde lewe lei, dan het die ouers nog altyd die voorreg om te mag glo dat hulle kind wedergebore is. Sodoende mag die ouer nog altyd by God pleit vir die bekering van sodanige kind of kinders. Die meeste kinders kom tot bekering in die 'rypheid wordende jare". Daar is gevalle waar die kiem van die wedergeboorte eers duidelik sigbaar word in later jare (:786).

Uit bogenoemde uiteensetting van Retief, waarin hy ook die onbewustelikheid van die daad van wedergeboorte stel teenoor die bewustelike ondervinding van bekering, kom baie vrae na vore, veral met betrekking tot die terminologie. Dit wil voorkom asof die kind vanaf die doop wedergebore is. Tog gee hy in 'n antwoord op 'n skrywe van mev.De Villiers weer dat die wedergeboorte selfs voor die doop van 'n kind kan plaasvind. "So moet die gelowige ouer sy kind beskou as in Christus geheilig totdat die teendeel blyk. Nooit tog kan aanvaar word dat elke kind van gelowige ouers, hoof vir hoof, geestelik vernuut of wedergebore is nie. Hoeveel van die gedoopte geslag gaan verlore!" (*Die Kerkbode* 13 April 1938:660).

*8.3.3 Ds.C.R.Kotzé*

Hierdie persoon het geen bekendstelling in Ned.Geref.-kringe nodig nie. Hy was by uitstek 'n kampvegter vir die behoud van die suiwer leer teen die agtergrond van vele sektariese bedreigings.

Volgens hom bestaan daar 'n duidelike verskil tussen wedergeboorte en bekering, want "ons lees orals in die Bybel, dat die mens hom bekeer en moet bekeer, maar ons lees nooit in die Bybel, dat die mens self in sy binneste vir hom 'n nuwe hart of gees wek nie, ons lees nooit in die Bybel dat die mens homself kan wederbaar nie....Hy kan homself nie wederbaar nie, maar nadat hy deur die Heilige Gees in sy binneste, die nuwe lewe, die nuwe gees deelagtig geword het, nadat die wedergeboorte in hom plaasgevind het, kan hy tot die geloof kom en kan hy hom bekeer" (*Die Gereformeerde Vaandel* Januarie 1938:17).

Hy maak die aantyging dat sommige mense hulle wedergeboorte soek by konferensies, opwekkings, nuwighede, vreemde predikers en sektes, terwyl die Woord sê: "Hulle sal nie sê kyk hier of kyk daar nie, want die Koninkryk van God is binne-in julle". Kotzé beskou die groot kwaad van die vreemde metodes, rigtings en bewegings, dat die mense so dikwels in onkunde veronderstel of aanneem. Tot nadeel van hulle eie kerk vertel hulle geesdriftig dat hulle die geestelike lewe juis daar deelagtig geword het, wat hulle in die kerk nie kon kry nie. Die hele waarheid is dat die innerlike drang en dors, wat hulle daar by die vreemde bronne wou gaan bevredig, juis as vrug van die wedergeboorte in ons kerk ontstaan het. "Hier het God die Koninkryk in hulle binneste gewerk" (*Die Gereformeerde Vaandel* Februarie 1938:46).

Kotzé glo ook dat 'n kind reeds voor sy doop wedergebore kan word: "As die kind dan voor sy geboorte al deur God geliefd word, deur God afgesonder en geheilig word, en selfs die volheid van die Heilige Gees kan ontvang, dan kan ons verstaan, dat ons Kerkleer sê (Leerreels I,17): 'Daarom moet die godsalige ouers nie twyfel aan die verkiesing en saligheid van hulle kindertjies, wat reeds in die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kinderjare deur God weggeneem word nie.' Selfs die verbondskind word in sonde ontvang en gebore (Ps.51:7) en kon sonder wedergeboorte nooit in die hemel kom nie; daarom glo ons op grond van Skrif en Kerkleer, dat die ware verbondskind ook nog voor sy doop kan wedergebore word."

Oor die onsekerheid van die tyd van die wedergeboorte sê hy dat as daar geen datum vasgestel kan word vir die ontstaan of skepping van die natuurlike lewe of menslike siel nie, kan ook geen datum vasgestel word vir die ontstaan van die nuwe lewe, die nuwe mens in ons binneste nie (*Die Gereformeerde Vaandel* Februarie 1938:47).

Hy is baie beslis oor die orde van die elemente deur te wys op die saligmakende geloof en ware bekering wat slegs kom as gevolg van die wedergeboorte. Die wedergeboorte word altyd eerste gestel (*Die Gereformeerde Vaandel* Februarie 1938:47). Hy gebruik Prediker 12 as bewys dat die wedergeboorte in die reël in die jeugdige leeftyd plaasvind, "maar God sal en kan na sy vrymagtige genade in sy verbondskind die nuwe lewe wek, die wedergeboorte inplant enige tyd tussen die ontvangenis en die gryse ouderdom" (:47).

Onder die opskrif: "*Die Wedegeboorte Geskied in die Kerk*" maak ds.Kotzé die stelling dat God na sy alwyse raad die uitverkorenes in die Kerk plant en die Heilige Gees werk die wedergeboorte daar in die Kerk. Hy werk met die Bybel, Kerk, gebed sakrament, Christelike invloed en stille influisteringe "om die nuwe mens of nuwe lewe deur al die trappe van groei en ontwikkeling te drywe, te lei en te sterk" (*Die Gereformeerde Vaandel* Februarie 1938:49).

*8.3.4 Dr.D.R.Snyman*

Dr.Snyman was vir ongeveer twee dekades predikant op Stellenbosch (1927-1947) en het 'n groot bydrae gelewer tot die sieleheil van menige student. Sy boekie "*Ewigheid-Toe!*" bevat ernstige boodskappe oor die dood, die hemel en die hel. In 'n klein boekie: "*Dringende boodskappe*" beantwoord dr.Snyman die vraag: *Wat moet ek doen om gered te word*? Daarin behandel hy kortliks die stappe tot hierdie ondervinding, naamlik *Glo in die Here Jesus;:Neem die Here Jesus aan as u persoonlike Saligmaker; Doen belydenis van u sonde; Bely die Here Jesus.*

Onder die vierdie punt bespreek Snyman (1956:54) die wedergeboorte en verduidelik dat God in die sondaar die *wedergeboorte* teweeg bring. Hy beskryf die wedergeboorte as 'n wonderwerk in die hart van die mens deur die Heilige Gees waardeur die sondaar geruk word uit die hand van die Duiwel en geplaas word in die hand van God. Wanneer iemand wedergebore is, dan kry hy geestelike lewe en begin hy behae skep in die dinge van die Here.

Wat opvallend is, is dat Snyman baie klem plaas op dit wat die mens moet doen: Glo...; Neem...aan; Doen belydenis van sonde... en bely". Hierdeur word nie geïmpliseer dat Snyman die werking van die Heilige Gees buite rekening laat nie, maar die appèl wat op die mens geplaas word om handelend op te tree, stel hom bloot aan kritiek wat gewoonlik voor die deur van Metodisme gelê word..

'n Ander Metodistiese tendens is die appèl wat hy maak om onmiddelik op te tree. Onder die opskrif: "*Neem Christus nou aan terwyl U die geleentheid daartoe het*" (:55) sê hy dat diegene wat van plan is


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om Christus aan te neem, moet dit in hierdie lewe doen. Dit moet dadelik gedoen word voordat die geleentheid verbygaan. "U mag skielik afgemaai word deur die dood, en môre mag dus vir u die dag van verlore geleentheid wees" (Snyman 1956:55).

Die feit dat Snyman die onderwerp van wedergeboorte aanroer ná die stappe wat gedoen moet word om gered te word, impliseer verder dat hy "redding" as sinoniem sien met "wedergeboorte" (en ook met verlossing.) Hy sê ook: "By die wedergeboorte ontvang die geredde sondaar die Heilige Gees in sy hart" (Snyman 1956:55). "Wat kry die verloste?" Die antwoord hierop is dat die verloste *vergifnis van sondes ontvang, vrede by God* en *versekering van saligheid* (:54,55). Die uitstaande gebeurtenis in die mens se lewe waarby hy alles ontvang wat nodig is, is die wedergeboorte.

Soos dit in 'n vorige hoofstuk uitgekom het, was Retief ook lief om die getalle te vermeld van mense wat byeenkomste bygewoon het en dié wat tot bekering gekom het. Bowenal was hy ook 'n uitgesproke chilias - tipiese Metodistiese karaktertrekke!

#### 8.3.4.1 Heiligmaking

Snyman gebruik die vraag: "Hoe word 'n mens heilig?" om die stappe tot heiligmaking in te lei. Die oomblik wanneer 'n sondaar, bewus van sy sondige toestand, sy toevlug tot God neem vir reiniging, neem God hom aan en hy word gereinig en geheilig deur die bloed van Christus. Wanneer 'n persoon Jesus Christus aanneem, word hy as 'n heilige erken.

Hierdie genadewerk wat in die harte begin is, word deur die Heilige Gees voortgesit deur die gebruik van genademiddels soos die Woord van God en gebed. Op so 'n wyse word die beeld van Christus meer sigbaar in die gelowige wat die heiligmaking najaag. Omdat God die gelowige tot heiligmaking roep, moet hy hom beywer om in ooreenstemming met dié heilige roeping te leef (Snyman 1956:59,60).

Soos die geval met ander teoloë, huldig Snyman ook die Skriftuurlike beskouing dat heiligmaking by "redding" begin. Hy sien heiligmaking egter nie as 'n afsonderlike krisisondervinding naas redding nie. Dit gaan gepaard daarmee en is die begin van 'n proses.

### *8.3.5 Ds.H.J.Pienaar*

In die ongedateerde werk van ds.H.J.Pienaar van Zwartland, getiteld "By die Lewensbron"[8] word verskillende onderwerpe aangeraak. Daarin vra hy onder andere: "Wat dan is die *aard van die wedergeboorte*?" In die lig van Gods Woord is dit *'n begin*. Dit is nie 'n herstel of vernuwing van iets wat reeds bestaan het nie. Dit is die begin van iets nuuts, van 'n nuwe lewe. Hy word 'n nuwe skepsel. Net God kan so 'n nuwe lewe skep. Hy lewe nou in die lig en die krag van Gods Gees (Pienaar :32).

Nadat die vraag "Hoe geskied wedergeboorte?" beantwoord is, kom die volgende onderopskrif: "Aanneem, glo!" Daaronder sê hy dat ons nie kind kan wees sonder wedergeboorte nie. Wanneer 'n sondaar Jesus Christus deur die geloof aanneem, dan ontvang hy onmiddellik die ewige lewe en gaan hy

---

[8] In sy voorwoord meld hy dat geldelike winste wat uit die verkoop van die boekie voortvloei, aangewend sal word vir die boufonds van die C.S.V.-gebou op Stellenbosch


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die Koninkryk van God. Daardie nuwe geboorte is nie afhanklik van ons nie. "Dit is uit *God* en God alleen....(Pienaar:32).

Hy glo ook dat wedergeboorte en bekering in een oomblik plaasvind en kan nie van mekaar geskei word nie. "My bekering is die bewys van my wedergeboorte" (Pienaar:32). Met die wedergeboorte word die mens in die heilige gemeenskap met God gelei. Daaruit vloei die bekering voort - 'n lewe van oorwinning, gehoorsaamheid en toewyding" (:32)

8.3.5.1 Heiligmaking

Romeine 7 is 'n baie bekende hoofstuk waarin die innerlike sondestryd in die mens uitgebeeld word. Pienaar neem die uitroep van Paulus: "Ek ellendige mens..." as basis vir die bespreking oor die sondige toestand van die gelowige. Hy verduidelik dat Paulus as *'n weergebore mens* spreek. Hy is bekeerd en vervul met die Heilige Gees. Sy wil is as weergeborene "vernuut" (Pienaar:67). Ten spyte van sy gunstige posisie, moes Paulus erken dat hy gans en al magteloos is. Hy het alles probeer om oorwinning te behaal, maar sonder enige sukses.

In dié gedeelte kom die woordjie "ek" en "my" volop voor, terwyl die naam van Christus of die Heilige Gees nie gebruik word nie. Dit is sy *"weergebore ek"* wat probeer om die Here te behaag en die goeie te doen. Hierdie mislukking van Paulus is 'n mislukking by elke Christen. Niks uit onsself kan aan ons die oorwinning bring nie. Hierdie uitroep van Paulus moet elke Christen se deel wees. Wanneer die mens sy ellendige toestand ontdek, kan hy kom by die oplossing in Christus Jesus(:69).

8.3.5.2 Vleeslik of geestelik

Pienaar raak ook die sensitiewe onderwerp aan oor die verskil tussen vleeslike en geestelike Christene. Wat hierdie twee tipes betref, sê Pienaar (:70): "Daar is Christene wat nog onder die mag van die vlees is en na die vlees wandel; en Christene wat onder die mag van die Gees is en na die Gees wandel. Ons is óf geestelike óf vleeslike Christene."

Benewens die vleeslike staat van die Korintiese gemeente, verwys Paulus na die *heerskappy van die sonde*". Geen mens is in staat om hom uit so 'n toestand uit te haal nie. Pogings word langs verskillende weë aangewend om van die "vlees, van ons verborge sondes" verlos te raak. Konferensies word bygewoon; allerlei boeke word gelees en gebed word ernstiger, maar sonder sukses. Telkemale kry die vlees maar weer die oorhand oor ons. So gaan dit aan totdat die Christen ontdek dat die oorwinning buite hom is, naamlik "deur Jesus Christus onse Here" (:71).

Pienaar (:71) bevestig dat verlossing van die vlees die dood beteken. "Ons moet sterwe...Die dood van ons ou mens, van die vlees, is 'n *goddelike* daad. En daarom is dit 'n *geloofsdaad*. Daar is twee magte waarmee ons te doen het, die mag van die vlees en die mag van God, van die Gees. Daar is die lewe onder die mag van die sonde of die vlees en die lewe onder die mag van die Gees van God"(:71).

Uit bogenoemde aanhalings impliseer Pienaar 'n besliste daad van verandering wat in die lewe van die gelowige moet geskied. Meer pertinent sê hy: "En, let op, ons kan nie vanuit die vleeslike in die geestelike toestand *ontwikkel* of *groei* nie. Ons moet uit die een in die ander *oorstap, oombliklik*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*oorgaan*. Dit is: *uitstap* uit die een en *instap* in die ander. Ons moet duidelik en beslis oorstap oor die lyn wat die vleeslike van die geestelike skei" (:72).

Hierdie "oorstap oor die lyn" herinner 'n mens aan ds.G.D.du Toit se illustrasie van die rooi en wit streep.

Deur hierdie besliste daad is dit duidelik dat ds.Pienaar nie te kenne wil gee dat met die sonde eens en vir altyd afgereken word nie. Hy verduidelik dat wanneer die mens vergifnis ontvang, het hy Jesus Christus deur die geloof aangeneem en homself aan Hom oorgegee en dan begin die uiters belangrike en gewigtige proses van verlossing uit die mag van die sonde, oorwinning oor sonde. "By ons bekering is die sonde nie wortel en tak uitgeroei nie....Die ou natuur is nie vernietig nie....So gaan dit aan totdat ons ontdek dat sonde oorwin word *alleen deur 'n krag buite ons, wat ons onafgebroke moet toevloei"* (Pienaar:76).

Die twee ondervindings in die mens se lewe word deur die volgende uitgedruk: "Net soos ons ons sonde na Jesus Christus gebring het om *vergifnis* te ontvang, net so bring ons nou ons sonde na Hom toe om *oorwinning* oor die sonde te verkry....(:76,77).

### *8.3.6 Ds.A.V.Krige*

Vroeër is verwys na ds.Krige wat in *Die Kerkbode* van 7 Augustus 1929 (p.241) getuig het hoe hy 'n tweede krisis van heiligmaking deelagtig geword het. Vervolgens enkele aanhalings van sy standpunt:

> "...en soos ons Hem by ons bekering aangeneem het as ons Saligmaker, so kan ons Hem nou aanneem as ons Oorwinnaar. Hierdie twede oorgawe is wat verstaan word deur "de bekering der gelovigen." vgl.Jer.3: "Bekeert u, gij afkeerige kinderen." en "Keert weder, gij afkeerige kinderen."...Die sonde is nou oorwin in ons. Waar ons by ons bekering ons wil oorhandig het, maar daarna gevind het dat die "oude mensch", die "lichaam der zonde" (Rom.6:6, Vgl. Rom.6,7 en 8) sterker was as ons wil en ons gedryf het om te doen die kwaad wat ons nie wou nie, daar het ons nou ons ou sondige liggaam, wat nogal wou help stry teen die satan, ook oorhandig, ook gekruisig, en Christus die kans gegee om volgens Sy plan in ons te werk." (*De Kerkbode* 13 Julie 1927:51).

Hy sien dus bekering in 'n tweeledige sin. Die tweede bekering beskou hy ook, soos sommige ander teoloë dit interpreteer, as die besliste stap van oorgawe tot 'n heilige lewe. Krige noem hier dat die *oue mens*, die *liggaam van sonde* by hierdie ondervinding gekruisig word.

### *8.3.7 Ds.F.J.Liebenberg*

Ds. Fred Liebenberg was onlosmaakbaar verbind aan die C.S.V. Hy was ook een van die predikante wat baie besorg was oor die geestelike toestand in die Kerk. Hy het 'n groot aandeel gehad in die verspreiding van geestelike leesstof, veral deur sy betrokkenheid by die C.S.V.-uitgewers.

In een van sy beskeie bydraes, "*Die Gloeiende Kool*" skryf hy aan die hand van die ondervinding wat Jesaja gehad het oor die noodsaaklikheid van 'n Goddelike ontmoeting. Hy skroom nie een oomblik om die toestand van die kerk tot die been toe oop te klowe nie, maar trek die kringetjie baie nou om by die individu uit te kom.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Behalwe die noodsaaklikheid van wedergeboorte wat hy beklemtoon, vestig hy die aandag op heiligmaking: "...waarom is ons lewe van val en opstaan dan so God-onterend? Die rede is seker omdat ons wel die eerste deel van Gods saligheid vir ons toegeëien het, maar nie die tweede nie" (Liebenberg 1946:60). "My leser, ook, u en my grootste behoefte is om met die Heilige Gees van God vervul te wees....Hoe moet ons dit nie betreur dat ons lewens so selfsugtig, so Godonterend is nie!" (Liebenberg 1946:61).

Ook hy gebruik die woestyn-Kanaän-tipe om hierdie ondervinding te beklemtoon (Liebenberg :61,62). Hierdie ondervinding geskied in een oomblik, soos uitgedruk in die volgende stelling: "...dit sal u onmiddellik toegang besorg tot die land van Kanaän, die land van oorvloedige lewe in al die volheid van God in Christus" (:64).

'n Saak wat hy baie sterk op die hart afdruk, is nie net dat predikante weergebore moet wees nie, maar dat hulle daarteen moet waak om nie met vleeslike ywer hulle verpligtinge uit te voer nie.

### *8.3.8 Dr.F.J.M. Potgieter*

Dr. Potgieter, wat vanaf 1940 tot 1943 op Steynsburg was (toe onderstaande artikel geskryf is) is daarna as professor aan die Teologiese Seminarie op Stellenbosch aangestel (Olivier 1952:100).

In 'n reeks artikels onder die opskrif: "*'n Eenvoudige uiteensetting van die heilsorde*" verduidelik hy in die reeks onder die "*Toepassing van die Heilswaarhede*" die volgende onderwerpe: Die Wedergeboorte, Roeping, Bekering, Geloof, Regverdigmaking en Heiligmaking. Hy stel dit pertinent dat die heilsdaad van wedergeboorte eerste geskied. In die slotaflewering van hierdie reeks, herhaal hy sy standpunt dat daar 'n bepaalde orde bestaan waarop die heilsdade plaasvind. "En dáár word die heilsweldade wat in Christus beslote lê, ten aansien van elke lid van sy liggaam...deur die Heilige Gees volgens vaste, logiese orde toegepas. In die reel is hulle ook chronologies (d.i.in tydsorde) geskeie, maar dit is bv. nie die geval by vroegsterwende kindertjies nie. Die *eerste* van hierdie weldade wat so geken word, is die *wedergeboorte*...Die *tweede* is die inwendige, kragdadige roeping van die wedergebore mens...Dit word gevolg deur die *derde* genadedaad, die prinsipiele *bekering*...Vierde is die geloof...vyfde ...die regverdigmaking...en as sesde die heiligmaking..." (*Die Kerkbode* 25 Februare 1942:296).

#### 8.3.8.1 Wedergeboorte

Benewens verskeie interessante besprekings, noem hy die volgende tersaaklike inligting oor die tydstip waarop wedergeboorte plaasvind: "Ons Kerk bely dan ook die troosryke waarheid dat alle vroeggestorwe kinders van gelowiges weer gebore en derhalwe gered is....Daarom het die Gereformeerdes van alle tye gehandhaaf dat die wedergeboorte selfs voor die doop of onder die doop (ook wel na die doop) kan plaasvind" (*Die Kerkbode* 24 September 1941:532). Samevattend definieer hy die wedergeboorte soos volg:

> Die wedergeboorte kan omskrywe word as 'n wonderdaad, wat deur die Heilige Gees in die uitverkorene uit louter genade gewek word; wat na sy wese 'n geboorte is en in die ontvangenis oombliklik geskied; wat as geestelike lewensaanvaarding noodsaaklik is; wat as werk van die Gees van God onweerstandelik en ondeurgrondelik is; wat deur die mens lydelik ondergaan word; wat aan geen bepaalde leeftyd gebonde is nie; wat onmiddellik geskied; wat na sy aard nie


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skeppend is nie, maar herskeppend is en wel vir 'n tyd lank verborge, maar nooit werkeloos kan wees nie" (:533).

8.3.8.2 Bekering

Verder onderskei Potgieter, soos ook die ander teoloë, die prinsipiële bekering van die voortgesette bekering, oftewel heiligmaking, wat die gestadigde afsterwe van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens behels (*Die Kerkbode* 29 Oktober 1941:728). Hy gebruik ook die term "tweede bekering" wat byvoorbeeld ná 'n sware sonde, soos in Dawid se geval, plaasvind. Dit moenie verwar word met die "waaragtige eerste bekering" wat net een maal en vir altyd plaasvind nie (:728). "Nou begryp die bogenoemde bekeerde dit nie altyd nie en kom as gevolg van die ander sondes wat nog in sy lewe bly voortwoeker, weer in die woestyn. In die woestyn soek God hom dan weer op en open sy oë deur 'n tweede bekering vir die rykdom wat vir sy kinders weggelê is" (:728). Hy beweer verder dat die kind van God juis omrede van die eensydige aard van sy eerste bekering in sy sonde terugval en dan meteens in sy toestand van geestelike ellende ontwaak en terugkeer tot God. Maar ook hier dra die tweede bekering 'n ondergeskikte karakter (:728)

Potgieter ontken dat die bekeerde altyd die dag en datum van sy bekering kan noem. Die persoon wat in growwe sondes verval, kan wel bewus wees van die dag waarop hy tot bekering gekom het, terwyl die persoon wat van jongs af onder christelike invloede was, "nie sy vinger kan lê op dié ondervinding wat sy prinsipiële bekering was nie" (*Die Kerkbode* 29 Oktober 1941:728). Met die verskillende geestelike ervarings waarmee laasgenoemde in sy lewe te doen kry, is dit vir hom moeilik om te bepaal watter ondervinding die eerste bekering was. "Immers, die bekering vind by die bondskind gewoonlik vroeg reeds plaas, en om later in die lewe presies uit te maak watter ervaring die eerste ware bekering was, is nie so maklik nie" (:729).

Met die bewuswording van die nuwe, potensiële lewe wat met die wedergeboorte in die mens gelê is, word nie net die sondige verlede afgelê nie, maar hy keer hom daarna ook in alles, as gevolg van die ombuiging van sy wil, toe tot God....God word nou in Christus Jesus sy hemelse Vader..." (*Die Kerkbode* 29 Oktober 1941:727).

8.3.8.3 Heiligmaking

Potgieter beskryf heiligmaking as die afsterwing van die oue mens en die oplewing van die nuwe mens. Voorts onderskei hy tussen regverdigmaking en heiligmaking en gee die volgende stelling weer: "Die mens staan nie alleen skuldig voor God nie, maar hy verkeer ook in 'n *toestand* van sonde*smet*. En ook van hierdie inklewende melaatsheid van die sonde moet hy (behalwe in die geval van vroegsterwende kinders) *mettertyd* gereinig word. Gelyktydig hiermee vind die oplewing van die nuwe mens plaas, van wie die ontvangenis dateer sedert die wedergeboorte en wat, net soos in die natuurlike lewe, as 'n geestelik klein en swak kindjie van die bewuswording in die prinsipiële bekering af voortdurend 'moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Verlosser, Jesus Christus' " (*Die Kerkbode* 21 Januarie 1942:92).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In lyn met ander predikante, stel hy ook wedergeboorte voor bekering, maar maak melding van 'n tweede bekering. Tog is dit nie asof hy hierdie tweede bekering in dieselfde lig sien as die "Second Blessing" nie, want daarteen - en ook teen Perfeksionisme - spreek hy homself baie sterk uit. Deur die tweede bekering, wat nie soos die eerste bekering net een keer voorkom nie, vind 'n geleidelike reiniging van die sondesmet plaas.

Dit is egter nie baie duidelik of Potgieter heiligmaking as 'n tweede bekering in dieselfde lig gesien het as wat Liebenberg, Krige en selfs J.C.G.Kotzé dit gesien het nie.

*8.3.9 Dr.J.C.G.Kotzé*

Terwyl ds. (later dr.en prof.) Kotzé op Stanford was, het hy die tweede krisisondervinding deelagtig geword onder die bediening van ds.C.F.Scheepers. Sy ondervinding is in sy boek "*Terug na Pinkster*" weergegee, hoewel hy op 'n later stadium verskonend was vir die "entoesiasme" waarin hy die getuienis weergegee het.

Dit was moontlik in dieselfde vuur wat hy die vierledige reeks in *De Kerkbode* geplaas het ná die Uitenhage- Sendingkonferensie toe hy so te velde getrek het teen die geestelike doodsheid van sy kerk.

Hy skryf die doodsheid toe aan 'n gebrek aan Geesvervulde lewens. Hy tref 'n duidelike onderskeid tussen "lewe en lewe oorvloedig". "Die lewe van die Israeliet wel uit Egipte, maar tog nog in die woestyn, is immer veel gebrekkiger dan dié in Kanaän"(*De Kerkbode* 12 Augustus 1931:362). Hy trek hierdie onderskeid tussen die twee groepe deur na die onderskeid wat Paulus maak in 1 Kor.3. "Die een is wedergeboorte, die onmondige of ook genoem die vleeslike stadium...die ander is die vervulling met die Heilige Gees, ook genoem die geestelike of mondige kinderstadium se onderskeid" (:302).

'n Negatiewe en positiewe handeling vind plaas. Die eerste spreek van verlossing van sondeskuld, smet en gevaar van verderf, terwyl die tweede handel oor die vervulling met die Heilige Gees van die gereinigde hart en die bekwaammaking vir 'n lewe van diens. Die eerste spreek van die verwydering van wat vuil is, terwyl die tweede 'n toevoeging is van wat nodig is vir 'n heilige lewe vir die toekoms (*De Kerkbode* 12 Augustus 1931:302). Ter verduideliking verwys hy na 'n glas vol vuil water wat eers leeggemaak moet word (sondevergifnis), daarna skoongemaak (reiniging) en dan gevul (heiligmaking) moet word, om aan sy doel te beantwoord (:302). Hy sê dat daar Christene is wat net konsentreer op die reiniging en nie op die vervulling nie.

Hy ontleed Petrus se preek op Pinksterdag om die drieledige aspek van "volkome saligheid" te verduidelik, naamlik bekering, doop (simbolies vir die afsterwe van ou self, en opstaan van die nuwe mens - ook genoem kruisiging van self of vernuwing) en laastens die vervulling met die Heilige Gees.

8.3.9.1 Ds.Kotzé en "Metodisme"

Hy is egter daarvan beskuldig dat hy 'n emosionele Metodistiese prediker is (Kotzé 1981:68). Dit was moontlik weens sy sterk klem op wedergeboorte en heiligmaking, die uitnodigings wat hy ná die dienste gemaak het, asook met sy verbintenis met ds. C.F.Scheepers en later met dr.D.J.de Vos. Hy het selfs as spreker by die Dorothea-sending opgetree (Kotzé 1981:47). Van Niekerk (1983:97,98) wys daarop dat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met die besoek van ds.Kotzé aan Reddersburg, waar ds. D.J. de Vos in die bediening gestaan het, ontevredenheid in die kerkraadsgeledere ontstaan het weens die "onreëlmatighede" wat tydens die dienste opgediuik het. Die uitnodigings wat ds.Kotzé ná die dienste gemaak het, asook die konnotasies met buitekerklike groepe soos die Oxfordgroep, A.E.B. en die Lospredikante, was van die onderwerpe wat op die kerkraadsvergadering geopper is en waarteen gewaak moes word.

Op 'n veel later stadium (1961) noem prof.S.P.van der Walt (1961:97) in sy werk *"Dwaling en Waarheid"* omtrent 'n tweede ondervinding naas wedergeboorte: "Instemmend word uit werke (soms kleinere brosjures) van predikante en professore uit ons kerke aangehaal. Ds. (nou prof.) J.C.G.Kotzé se woorde vind veel byval by die Apostoliese Geloofsending waar hy oor Hand.8 die volgende skryf...". Hy meen dat so 'n benadering deurgaans in Metodistiese kringe aangetref word en herlei dit terug na Wesley (:97).

Alhoewel Kotzé dikwels getuig het van sy ondervinding van die vervulling met die Heilige Gees, het hy dit nooit 'n "second blessing" genoem nie, maar 'n vars ontmoeting met God (Kotzé 1981:6). Omdat die Ned.Geref. Kerk se belydenis nie melding maak van 'n definitiewe krisisondervinding ná wedergeboorte nie (Gerdener 1949:285-288), is dit verstaanbaar waarom hy moontlik afgewyk het van die term "second blessing" - nie dat hy die noodsaaklikheid van sodanige ondervinding geringgeskat het nie. Waar hy daaroor gepraat het, het hy dit op "reformatoriese wyse" gedoen, soos toe hy byvoorbeeld in 1955 die onderwerp van "evangeliese heiligmaking" tydens 'n Bybelskoolsaamtrek in die Strand behandel het (Kotzé:1981:68). "Met oorvloedige aanhalings uit die werke van Kuyper, Bavinck, Ridderbos, Berkouwer e.a. het hy gewaarsku teen elke vorm van gevoelvolle geesdrywery (:68). Vurige bekeringspreke, 'n oproep tot persoonlike heiligmaking en 'n waarskuwing teen die spoedige wederkoms van Christus is nie voldoende nie. Sulke prediking het hy geklassifiseer as kitsoplossings, as eensydig, as gebrekkige bediening van die Woord" (:68,69). Hy waarsku ook teen die gedagte om die evangelie te sien "slegs as die redding van siele. Dit is die redding van mense. Dit gaan om die herskepping van die hele mens" (:71). Hierdie benadering was anders as sommige ekstremistiese predikers wat juis die klem net op bekering laat val het.

Wat opval is die verandering in ds.Kotzé se verwysing na sy persoonlike ondervinding van heiligmaking. In die boek "*Terug na Pinkster*" het hy met entoesiasme sy weergawe gegee van sy bekering- en heiligmakingsmomente. In 'n hersiene uitgawe van die boek, met die veranderde titel "*Pinksterrevolusie*" erken hy dat hy in die eerste geskrif geskryf het met "polsende vuur en ywer van 'n jong herleefde hart" (Kotzé 1972:1). Verwysend na die eerste uitgawe sê hy: "En nie die minste nie het ek by die deurlees die genot belewe in die warme, soms naïewe, getuienis in hierdie eerste pennevrug van die groot dade van die Here"(:1). Hy vra egter geen verskoning vir wat in die eerste boek gemeld is nie en benadruk steeds die nood wat die kerk aan Pinkster het.

Kotzé, as sterk behoudende gereformeerde predikant, het tog trekke getoon wat geneig het in die rigting van die sogenaamder Metodisme, hoewel hy veels te nugter was om in die strik daarvan te trap.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### *8.4 Wedergeboorte en bekering - verwarrende terminologie*

By die meeste predikante het geen onduidelikheid bestaan oor die onderskeid wat tussen wedergeboorte en bekering gemaak word nie. Tog het geringe verskille na vore getree.

By veral die lidmate het 'n onsekerheid geheers oor die wesenlike verskil tussen die twee begrippe. In baie gevalle het predikante die twee begrippe in die praktyk as sinonieme beskou, hoewel teoreties onderskeid en selfs skeiding gemaak is. Vroeër is vermeld dat persone soos dr.A.Murray die twee terme alternatiewelik gebruik het. Heel dikwels het lidmate die vraag gevra na die verband tussen wedergeboorte en bekering.

As voorbeeld word die volgende geval genoem: Op 'n vraag hoe 'n mens die wedergeboorte ontvang, antwoord W.H.Young soos volg: "Langs Gods weg, die weg van berou; deur die sonde te versaak, en God te vra om ons om Jesus wil te vergewe en ons Sy eiendom te maak" (*Die Kerkbode* 22 Desember 1937:1215). Oor die bewustelikheid van so 'n ondervinding bevestig hy met beslistheid dat 'n mens kan weet wanneer hy weergebore is (:1215). Hy doen 'n ernstige oproep: "Verkry die wedergeboorte en bring die ewigheid deur by Jesus" (:1215). Hy verstaan dus onder wedergeboorte daardie besliste daad van ontmoeting met God - iets wat die mens van sy kant moet doen.

Mense het teoreties 'n onderskeid gemaak tussen wedergeboorte en bekering, maar as hulle na die daad in hulle lewe verwys waarop hulle tot bekering gekom het, word beide terme gebruik. So getuig mev.J.M.du Plessis van Ruskop byvoorbeeld hoe die Here haar tot wedergeboorte gelei het. "Maar op Sondag, 31 Mei 1936 het ek daartoe gekom om my onvoorwaardelik aan die Heer oor te gee en ek het besef dat ek die doop met die Heilige Gees ontvang het. Van toe af het daar 'n algehele verandering in my lewe gekom, waarvoor ek die Here vandag dank" (*Die Kerkbode* 26Mei 1937:996). Sy verwys na 'n definitiewe dag waarop sy wedergebore geword het. Dit is ook vreemd dat sy die doop met die Heilige Gees daaraan koppel. Omdat hierdie lidmate geen teologiese agtergrond gehad het nie, is hierdie tipe verwarring begryplik.

Petrus Botha van Sheldon-stasie skryf dat hy 'n groot sondaar vir vyftig jaar was, en nadat hy met berou van sonde na God gegaan het, en ná 'n vreeslike worstelstryd, is hy toe met sy hemelse Vader versoen. "Op dieselfde dag van my wedergeboorte was al my misdade uit krag van Jesus Christus se verdienste vergewe....So kan ons sien, die nuwe lewe by die wedergeboorte ontvang is 'n volmaakte lewe en so 'n persoon gewaar geen tweede genade nie...." (*Die Kerkbode* 9 Junie 1937:1087).

Onder die opskrif "Voor pasbekeerden" vergelyk prof. C.F.J.Müller die wedergeboorte met 'n natuurlike geboorte Hy noem onder andere dat daar sekere onfeilbare tekens is waardeur 'n persoon kan weet of hy weergebore is of nie. Soos met 'n gewone geboorte, begin die "wedergeborene zondaar" asem te haal (bid), te ween oor sy sonde, te verlang na voedel (die Woord van God), ens. Verderaan verwys hy ook in dieselfde konteks na die "onherbore hart" en die "onbekeerden mens" (*De Kerkbode* 26 Julie 1922:960,1). Anders as ander predikante, wat dit duidelik stel dat 'n mens nie weet wanneer die wedergeboorte plaasvind nie, blyk dit asof by Müller 'n vermenging van die begrippe "bekering" en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"wedergeboorte" voorkom. Dit sou egter nie billik wees om so 'n geëerde persoon se sienswyse te beoordeel op grond van 'n enkele beriggie nie, maar die hantering van die terme hierin val vreemd op die oor.

Ds.G.F.Marais vra die vraag hoe 'n sondige mens 'n kind van God genoem word en antwoord self daarop dat dit geskied deur 'n verandering by die mens. Hierdie verandering word *wedergeboorte* genoem. "Daardoor bekomt de mensch een nieuwe natuur. Hij wordt der goddelijke natuur deelachtig. Hij, die een zondaar was en een verworpeling, bekomt een gezindheid die hemelsch is" (*De Kerkbode* 5 September 1912:702). Hiervolgens geskied wedergeboorte bewustelik en in een oomblik wanneer die verandering van natuur plaasvind.

Ds.C.R.Kotzé gee in 'n reeks artikels 'n volledige dogmatiese uiteensetting van die begrippe rakende die heilsweg. In *Die Kerkbode* (28 Februarie 1934:390) vra hy of 'n mens in die gryse ouderdom gered kan word en ook of 'n mens die uur van sy wedergeboorte weet. "Maar laat ons dit tog duidelik en met nadruk sê, dat die uur van wedergeboorte by geen sterfling bekend is nie." Op hierdie bewering reageer twee korrespondente, naamlik C.J.Claassens (Sr.) van Parys en N.J.Smith van Kroonstad. Ds.Kotzé beantwoord hulle vraag deur onder andere daarop te wys`: "Laat ons nou tog, as ons van *wedergeboorte* praat, nie die woord bekering gebruik nie! En ook nie omgekeerd nie. Broers Smith beweer dat dit tot groot onsekerheid kan lei as 'n mens nie die uur van sy wedergeboorte weet nie. Ter verduideliking skets ds.Kotzé die beeld van die graankorrel. Die mens weet nie op watter uur die saad begin ontkiem nie, terwyl die oomblik wanneer die plantjie opkom, wel bekend is. Net so is die bekering, geloof en heiligmaking die vrug van die wedergeboorte.

In dieselfde verduideliking haal ds.Kotzé die begrip "redding" aan soos gebruik deur broer Smith toe hy gevra het of die moordenaar aan die kruis dan nie geweet het dat hy gered is nie. Ds.Kotzé sê dat hy nie van redding praat nie, maar van wedergeboorte. "As ons twee of drie verskillende woorde gebruik met verskillende betekenisse vir een en dieselfde saak, sal ons mekaar nooit verstaan nie. *Redding* sluit in wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, volharding en opstanding. Ons is nou net met wedergeboorte besig" (*Die Kerkbode* 2 Mei 1934:826).

Ds.Kotzé antwoord ook op 'n opmerking deur broer S.P.J. van Vuuren van Boksburg waarin hy beswaar aanteken teen die leer dat wedergeboorte bekering voorafgaan. Ds.Kotzé se reaksie is: "....maar dit is 'n leer wat hy self voor die kansel bely het (Dortse Leerreels III,12) en hy het self met die belydenis verklaar dat dit ooreenkom met Gods Woord" (*Die Kerkbode* 2 Mei 1934:826). Van Vuuren se beswaar is dat 'n mens kan sterf ná die wedergeboorte en voor die geloof en bekering, sodat hy dan op grond van die wedergeboorte hemel toe gaan, maar sonder geloof en bekering. "Die broeder trek wedergeboorte, geloof en bekering op onveroorloofde wyse uitmekaar!" (:826).

In aansluiting met sy verklaring oor die graankorrels, sê ds.Kotzé: "Net so is ook die geloof en bekering werklik in die nuwe lewe of wedergeboorte aanwesig. Die volle saligheid moet en sal uit daardie wedergeboorte deur die werking van Gods Gees ontwikkel" (:826).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- *Middellike en onmiddellike wedergeboorte*

‘n Aspek wat dr.F.J.M.Potgieter aangeraak het, wat hewige reaksie uitgelok het, is die gedagte dat wedergeboorte nie deur die Skrifwoord plaasvind nie. Eens van die persone wat hierop reageer het, was ds.G.D.du Toit (vgl.*Die Kerkbode* van 1 April, 15 April, 22 April, 29 April en 3 Junie 1942). Die onderlinge verskille was so hewig dat die redakteur versoek het dat die korrespondensie afgesluit word. Die redakteur skryf: "...so was daar steeds onder Gereformeerde teoloë van onverdagte trou en gehegtheid aan Skrif en belydenis verskil oor die onderhawige saak. Dit is dus nie nodig om die vraagstuk: middellike of onmiddellike wedergeboorte, op die spits te drywe en daar 'n nuwe strydpunt van te maak nie..." (*Die Kerkbode*, 3 Junie 1942:794).

In ds.Du Toit se reaksie sê hy onder andere: "As die Heilige Gees in die werk van die wedergeboorte nie gebruik maak van die Skrifwoord nie, wat is dan eintlik die doel van die prediking van die Evangelie? Het die Skrif dan geen boodskap tot onwedergebore mense nie. Is dit die werk van die evangeliedienaar om deur middel van die Skrif reeds wedergebore mense tot bekering, dit wil sê, tot heiligmaking, te roep?" (*Die Kerkbode* 15 Oktober 1941:656).

Ook B.D.Maree van Marydale skryf: "Dus om iets anders te wil beweer as dat die wedergeboorte deur die gelese of gepredikte Woord en deur die krag van Gods Gees geskied, is onskriftuurlik, en na die vlees...Kon ek maar hier my getuienis gee van hoe die Woord van God in my hart geval het en daardie nuwe skepsel, geskape na Christus Jesus, tevoorskyn gebring het!" (*Die Kerkbode* 12 November 1941:814).

Op 'n uiters ingewikkelde dogmatiese wyse varantwoord dr.Potgieter sy stellings in die korrespondensiekolomme van *Die Kerkbode* (1 April 1942:495,496). Hierin verwys hy ook na die twee standpunte betreffende die middellike en onmiddellike wedergeboorte. In die daaropvolgende week se uitgawe (8 April 1942:531) gaan hy voort met die beantwoording van die vrae wat veral deur ds.Du Toit geopper is. Wat interessant is, is sy antwoord op die vraag van ds. Du Toit: "Bekeringspreke in die sin van boodskappe van God aan mense wat dood is in die sonde is onskiftuurlik?" Hy antwoord hierop: "Uit wat gesê is, is dit duidelik dat bekeringspreke nooit onskriftuurlik is nie. Veral in ons dae van afval van die lewende God moet die prediker seker baie nadruk op bekering lê. In diegene wat nie uitverkore is nie, sal die bekeringsprediking egter nooit die saligheid werk nie; in die uitverkorene wel, ná sy wedergeboorte. Uit die aard van die saak sal die bekeringspreek wat in die boesem van die gemeente gelewer word 'n ander karakter dra as dié wat voor heidene geskied, want in die eerste geval moet met die genadeverbond rekening gehou word" (:531).

Ds.Du Toit laat nie op hom wag nie: "Vir my is dit duidelik dat albei, onmiddellike en middellike wedergeboorte skriftuurlik en gereformeerd is. By klein kindertjies geskied die wedergeboorte onmiddellik. Dit spreek vanself, hulle kan die Woord nog nie hoor nie. By volwassenes *kan* God as die Almagtige die wedergeboorte ook onmiddellik werk....Maar Gods reël is om die wedergeboorte by volwassennes deur sy Woord en Gees te werk. En hier, by hierdie laaste punt, lê die verskil tussen Dr.Potgieter en my. Hy maak geen onderskei tussen die wedergeboorte by klein kindertjies en by



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volwassenes nie. By almal geskied dit volgens hom sonder die Skrifwoord, dus onmiddellik" (*Die Kerkbode* 15 April 1942:568).

Vervolgens gee ds.Du Toit 'n breedvoerige Skrifgefundeerde uiteensetting om sy standpunt te verantwoord en stel dit dat die Dordtse Sinode hom uitgespreek het ten gunste van die middellike wedergeboorte sonder om die onmiddellike wedergeboorte te verwerp. Ook die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland in sitting in Utrecht in 1905 het dieselfde standpunt ingeneem (:569).

In A.A.Weich se reaksie op die "Woordewisseling in *Die Kerkbode* " tussen dr.Potgieter en ds.Du Toit betreffende die middellike en onmiddellike plaasvind van die wedergeboorte, die rol wat die Skrif speel by wedergeboorte, ens., stel hy dit onomwonde dat wedergeboorte onmiddellik plaasvind. Hy definieer wedergeboorte soos volg: "Die wedergeboorte is dié daad van die almag van God, waardeur Hy die siel wat doodgebore is, lewend maak. Hierby mag niks bygevoeg word nie. So gou 'n mens by die wedergeboorte van bekering of geloofsoorgawe of wat ook al spreek, dan verduister hy die hele saak. *Net lewend maak en niks meer nie*. Die siel is doodgebore en God spreek: ""Leef!" en die siel leef dadelik. Die lewe mag nog baie swak wees, maar die siel *leef*. Dit is wedergeboorte" (*Die Kerkbode* 13 Mei 1942:695).

Oor die posisie van die Woord sê hy: "Die Woord skep die atmosfeer waarin God - nie die Woord nie, maar God - die wedergeboorte werk." (:695). Verder betwyfel hierdie broeder ook of ware wedergebore mense aangetref kan word in die woeste heidendom waar daar nog nooit enige evangelieprediking plaasgevind het nie. "Hy werk die wedergeboorte waar die Woord en by name die evangelie verkondig word" (*Die Kerkbode* 13 Mei 1942:696).

Die verskille onder gereformeerde teoloë ten opsigte van die middellike en onmiddellike wedergeboorte het selfs 'n draai in die sinodesaal gemaak, naamlik by die sinodes van 1940 en 1945. Die Spesiale Kommissie vir die Geloofsbelydenis het, as gevolg van die verskille, by die Sinode aanbeveel dat geen uitspraak gelewer moet word nie (vgl. Acta 1940, p.333 en Acta Synodi 1945, pp.27-28; 341-2) (Acta Synodi 1949 p.337).

### *8.5 Interpretasie en beoordeling*

Uit hierdie relatief klein verteenwoordiging van die predikantekorps is 'n sigbare diversiteit van die interpretasie van die heilsorde te bespeur. Sonder enige uitsondering het hulle daarop aanspraak gemaak dat hulle suiwer Calvinisties is. Gebind aan hul ondertekeningsformulier by ordening, sou hulle ook nie die reg hê om enigsins van die gereformeerde leer af te wyk nie. 'n Wye spektrum van interpretasies kom onder hulle voor, veral in terme van die wedergeboorte. Nie in alle gevalle is 'n vasgestelde heilsorde gehandhaaf nie. Aan die een kant word die suiwer Calvinistiese interpretasie gevind waar geleer word dat die wedergeboorte onbewustelik in die lewe van die uitverkorene plaasvind en selfs voor die geboorte kan geskied. Hier ontvang die verbondskind die ewige lewe en word 'n nuwe skepsel. Hierdie saad loop later uit op die vrug van bekering waar, anders as by wedergeboorte, die mens aktief


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by betrokke is deurdat hy sy berou toon oor sy sondige toestand. Hierdie bekering is die aanvang van talle bekerings wat 'n lewe van heiligmaking impliseer.

Aan die ander kant van die spektrum kom die meer Metodistiese model voor waar die roeping van God tot die verloregaande mens uitgaan en hy hom tot God bekeer. Op dieselfde oomblik werk die Heilige Gees wedergeboorte in die mens waarby hy deur God regverdig verklaar word en die ewige lewe ontvang. Hierdie daad vind bewustelik plaas waarna die mens kan terugverwys na sy wedergeborene of bekering. Ook wat heiligmaking betref, bestaan die Metodisties-geïnspireerde konsep dat 'n krisisondervinding van oorgawe, reiniging en vervulling met die Heilige Gees plaasvind.

By nie een van die verskillende interpretasies van wedergeboorte, bekering of heiligmaking is die Arminiaanse gedagte gevind van die verliesbaarheid van die saligheid of selfs van sondelose perfeksionisme nie.

Daar was ook 'n redelike verskil in terme van die verband tussen wedergeboorte en bekering, hetsy of dit afsonderlik of gesamentlik plaasvind. Dikwels is die twee terme met mekaar verwar, terwyl in baie gevalle die noodsaaklikheid van 'n definitiewe keerpunt beklemtoon is, ongeag of wedergeboorte of bekering plaasvind. Om wedergeboorte voor bekering te plaas, los 'n groot kwelvraag op, naamlik wat van 'n kind word wat op 'n vroeë ouderdom te sterwe kom. Indien die kind reeds wedergebore is, word aanvaar dat hy hemel toe sal gaan. Hierdie teorie was lynreg in stryd met die Metodistiese model waar die mens as verlore beskou word tot die oomblik van sy bewustelike wedergeboorte.

Wat ook verder opvallend is, is dat die voorstanders van 'n krisis van heiligmaking geneig was om die Egipte-woestyn-Kanaän-tipe ter verduideliking te gebruik. Hierin word 'n duidelike kruisbestuiwing of wedersydse beïnvloeding waargeneem. Dit was veral die invloed van dr.Andrew Murray en prof.N.J.Hofmeyr wat sterk deurgeskemer het in die leer van die meer evangeliesgesinde predikante. Daarteenoor was die neo-Calvinistiese invloed baie sterk waarneembaar by die grootste deel van die predikantekorps.

In die slothoofstuk word meer breedvoerig aandag gegee aan die verskillende interpretasies van die verskillende aspekte van die heilsorde deur sommige predikante.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 9. RADIKALE OPTREDE VAN NED.GEREF.-PREDIKANTE LOK REAKSIE UIT

Veral in die dertiger- en veertigerjare van hierdie eeu het enkele Ned.Geref.predikante uitermate sterk sentimente getoon ten opsigte van wedergeboorte, bekering en heiligmaking. Terwyl hulle vas gestaan het op hul Calvinistiese grondgebied, het hulle oorgeleun in die rigting van die Metodisme en daardeur heelwat reaksie uitgelok. Tog het hulle binne die vasgestelde belydenisgrondslag van die Kerk gebly. Hier kan die name van tydgenote soos di.G.D.du Toit, J.C.G.Kotzé, C.F.Scheepers en vele meer genoem word.

Hoewel hulle leerstellig aanklank gevind het by hulle voorgangers, soos die Murrays, Hofmeyrs en andere, het hulle in 'n totaal ander dampkring beweeg. Predikante van laat in die vorige eeu moes walgooi teen die liberalisme, terwyl die Metodisme veral in die eerste helfte van hierdie eeu 'n sterk invloed op die Kerk uitgeoefen het. Terselfdertyd het 'n hernude ontwaking van die Calvinisme plaasgevind wat die waaksaamheid teen die Metodisme laat opskerp het. Midde in hierdie atmosfeer van wedersydse wantroue, het stemme opgegaan teen die relatief lae geestelike peil van die Kerk. Lidmate het gevra na boodskappe oor bekering en verdieping van die geestelike lewe. Gebede is opgestuur vir 'n geestelike ontwaking en herlewing soos in die vorige eeu beleef is.

Hierdie omstandighede het sommige predikante genoop om radikaal op te tree. Hulle het die voorgeskrewe kerkregtelike grense oorskry en uit hulle pad gegaan om aan die gevraagde behoefte te voldoen. Uit die meeste kringe is hulle optrede summier veroordeel, maar die vraag ontstaan of hulle nie moontlik bygedra het tot die bewuswording van die gereformeerde spiritualiteit nie. Alhoewel die spreekwoordelike swaeltjie nie die somer maak nie, kan hierdie predikante se optrede nie ligtelik oor die hoof gesien word nie. Was hulle rol in die geskiedenis van die Ned.Geref.Kerk nie moontlik simptomaties van 'n dieperliggende probleem wat in die Kerk voorgekom het nie? 'n Meer breedvoerige bestudering van die omstandighede rondom hulle optrede behoort meer lig te werp.

Die predikante wat hier ter sprake is, is die sogenaamde Los predikante, asook dr.D.J.de Vos. Eersgenoemde het, soos die benaming lui, los van hul bepaalde gemeentes opgetree sonder die nodige kerklike sanksie en toesig, terwyl dr.De Vos as tydgenoot van eersgenoemde, met sy vurige ywer en 'n veglustige geaardheid tot 'n ander uiterste oorgegaan het, naamlik die stigting van 'n nuwe kerk.

## *9.1 Die Los predikante*

Soos in die geval van die A.E.B. en die Oxfordgroep, was die "Los predikante" gedurig in die spervuur. Binne die *gereformeerde* sfeer het hulle baie gedoen om die *spirituele* dimense van lidmate te verander. Wat die spirituele invloed betref, was hulle bydrae veelseggend, maar in terme van gereformeerdheid, was hulle optrede fataal.

### *9.1.1 Betekenis van die term "Los predikant"*

Deur ds.D.F.Erasmus se beskrywing kan 'n duidelike prentjie gevorm word wat hieronder verstaan word:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Die verskynsel doen hom teenswoordig in ons land voor, dat predikante hulle gemeentes bedank, eervolle ontslag kry en dan, met behoud van hulle status, sonder 'n bepaalde arbeidsveld, orals in die land ronddtrek om te preek. Hierdie handelswyse druis in teen die Gereformerde Kerkreg, waarvolgens geen predikant die reg het op die bediening van Woord en Sakrament, as hy nie op wettige wyse aan 'n gemeente verbind is nie *(Die Gereformeerde Vaandel* April 1934:110).

Erasmus (:111) meet hierdie tendens aan die besluite van enkele gereformeerde sinodes in die verlede (waaronder die sinode van Dordtrecht) wat standpunt daarteen ingeneem het en in sy samevatting noem hy dat dit kerkregtelik ongeoorloof is vir 'n predikant om hom los te maak van sy gemeente om op eie verantwoording rond te trek en orals te preek.

Die verskynsel van "Los predikante" kom reeds 'n lang pad. Volgens D.van Niekerk (1983:3,4) kan die historiese verloop van artikel 10 van die Kerkorde van die Ned.Geref.Kerk teruggevoer word na artikel 3 van die Nederlandse kerkorde. Daarin word 'n bedienaar van die Woord verbied om sonder toestemming van die kerkraad in 'n ander gemeente te arbei. Artikel 3 van die Nederlandse kerkorde wat handel oor die sogenaamde "loopers" of "scheur makers" was noodsaaklik omdat kort na die Reformasie indringers en onbekwame persone, wat die kerk binnegekom het, afgeweer moes word. 'n Groep rondreisende persone, waaronder gewese priesters, monnike en dopers, het hulle by die gereformeerde kerke gevoeg en begin preek sonder die nodige aanstelling. Ook artikel 7 en later artikel 15 was gemik teen hierdie "losse predikanten" wat hulle nie aan 'n bepaalde kerk wou verbind nie, maar soos die apostels en evangeliste, van een plek na die ander gereis het en na eie goeddunke gepreek het.

Verskeie sinodes in Nederland het in die sestiende eeu aandag aan hierdie artikels gegee. Tydens die sinode van 's-Gravenhage (1586) is die artikel uitgebou wat die kwessie van reisende predikante (vaste en los predikante) asook die waarneem van dienste in 'n ander kerk sou aanspreek (D.van Niekerk 1983:7).

### *9.1.2 Wie was die Los Predikante?*

Volgens A.van Niekerk (1983:388) word hoofsaaklik na di.C.F.Scheepers en W.C.Malan verwys as Los predikante, hoewel dr.F.D.Moorrees en ds.Feneysey in 'n mindere mate met dié term geassosieer word. Eersgenoemde was by die Oxfordgroep betrokke, terwyl laasgenoemde sekere verbintenisse met die C.S.V. gehad het.

Aandag word slegs gegee aan di.Scheepers en Malan omdat hulle optrede in die Ned.Geref.Kerk verreikende gevolge gehad het. Verder word hulle uitgelig weens die onmiskenbare invloed wat hulle op die geestelike lewe van baie mense gehad het.

#### 9.1.2.1 Ds.C.F.Scheepers

Coenraad Frederik Scheepers is op 27 Januarie 1882 op Alexandrië gebore. Hy het as jong seun tot bekering gekom. Hy ontvang opleiding aan die Wellington-Sendinginstituut en word in 1906 sendeling in Goudini. Ná verdere opleiding in Holland as predikant, word hy in 1918 gelegitimeer en beroep na die St.Stephensgemeente, Kaapstad (*Betshan* Augustus 1944:1).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sedert Junie 1920 bedien hy die gemeente Amandelboom, Williston. Hierdie was die hoogtepunt van sy bediening. Vir jare het hy gesoek na die vervulling met die Heilige Gees. Hy het van een predikantekonferensie na die ander gegaan en navraag gedoen hoe om dit te bekom. Terwyl hy selfs oor hierdie ondervinding gepreek het, het hy voor die gemeente erken dat hy dit nie het nie. Hy was selfs gewillig om die bediening neer te lê as hy nie die ondervinding deelagtig word nie. In 1924 ontvang hy die vervulling met die Heilige Gees en direk daarna breek 'n herlewing in Williston uit (*Betshan* Augustus 1944:1).

Hy spits hom veral toe op die genesingsbediening, gemotiveer deur die lees van dr.Andrew Murray se werk oor hierdie onderwerp. Hy het ook verskeie konferensies gehou. In 1929 sê hy sy gemeentebediening op en word rondreisende evangelis. Hy spits hom veral toe op die hou van konferensies. In 1935 koop hy 'n eiendom buite Bloemfontein met die oog op krankebearbeiding en noem dit "*Betshan*". In 1936 ontwikkel dit tot 'n Bybelskool vir evangeliste. Ná agt jaar is meer as 'n honderd studente deur hom opgelei (*Betshan* Augustus 1944:1). Hy sterf op 28 Mei 1944 en word twee dae daarna op *Betshan* begrawe.

Ds.Scheepers gee 'n oorsig van sy geestelike lewe weer in 'n verklaring wat hy laat publiseer het in *Die Kerkbode*. Wat sy prediking betref, sien hy die kruis van drie kante, naamlik dat Jesus vir die sondaar sterf, dat die gelowige aan homself, die vlees en die wêreld sterf deur geloofsvereenselwiging met die gekruisigde Jesus en dat Jesus siektes op die kruis gedra het. "M.a.w. ek verkondig wedergeboorte, heiligmaking en liggaamlike genesing deur geloof in die gekruisigde, opgewekte en ten hemel gevare Heiland, Jesus Christus. Die uitwerking van hierdie prediking word deur die uitslag geregverdig. Ook ruim ek plek in vir die wederkoms van Jesus in my prediking" (*De Kerkbode* 2 Maart 1932:421).

In 'n vroeëre berig het hy verklaar dat hy nog predikant is van die Ned.Geref.Kerk in die Kaapprovinsie en stel homself beskikbaar om op uitnodiging spesiale dienste te hou. Hy verduidelik dat hy self aangevra het vir eervolle ontslag en dat hy nie van plan is om hom by 'n sekte of enige ander kerkgenootskap te skaar of om hom selfs te laat doop nie (*De Kerkbode* 19 Februarie 1930:319).

Vandat ds.Scheepers as Los predikant begin funksioneer het, het die Kerk vir hom in 'n vyand verander, hoewel heelwat lidmate en selfs predikante by sy bediening baat gevind het. Soos vroeër reeds vermeld, het ds.J.C.G.Kotzé onder sy bediening die vervulling met die Heilige Gees deelagtig geword. Ook het ds.G.D.du Toit se geestelike lewe en bediening merkbaar verander ná die bywoning van 'n konferensie wat ds.Scheepers op Williston gehou het. Ds Du Toit het oor die leer van heiligmaking tot ander insigte gekom.

Benewens sy optrede sonder kerklike toesig, is hy veral deur die Ned.Geref.Kerk aangeval vir sy leer. Hy het byvoorbeeld in die heilsorde bekering voor wedergeboorte geplaas; heiligmaking as 'n tweede krisis in die kind van God se lewe beskou; die salwing met olie en gebed vir siekes toegepas en laastens die chiliastiese wederkomsleer voorgestaan. Later word dieper ingegaan op sy leer.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

9.1.2.2 Ds.W.C.Malan

Ds.W.C.Malan is op 25 Februarie 1885 in die Wakkerstroomdistrik gebore. Hy was die kleinseun van kommandant-generaal Piet Joubert. Tydens die Tweede Vryheids-oorlog het hy saam met sy vader teen die Britse magte van koningin Victoria geveg (D.van Niekerk 1983:15).

Hy kom tot bekering onder die bearbeiding van ds.Scheepers (Steyn 5/10/1997). Ná sy kweekskoolopleiding het hy die gemeentes Salisbury, Umtali, Cederville en Goedgegun bedien. Laasgenoemde was die eerste Ned.Geref.-gemeente in Swaziland en hy was die eerste predikant daarvan.

In Goedgegun het hy begeer dat die Heilige Gees die gemeente sou besoek. Geesvervulde prediking was die oorsaak van geestelike groei in die gemeente en 'n verdieping in die geestelike lewens van lidmate (Benadé 1987:33). Notules en onderhoude wat met ds. Malan se opvolgers gemaak is, dui daarop dat hy die gemeente op 'n besondere wyse uit die Woord van God geleer, vermaan en gevoed het (:34).

Hy nooi ds.Scheepers en die A.E.B. na sy gemeente wat uiteindelik gelei het tot 'n jarelange verbintenis met mekaar (A.van Niekerk 1983:25). Hy het ook tydens dienste van ds.Scheepers in sy gemeente tot die "tweede geestelike ondervinding" gekom (:364).

Weens ds.Malan se belangstelling in die sendingsaak, het hy begin om dienste vir die Swazi's te hou, maar die gemeentelede het op 'n vergadering hulle afkeur daarteen uitgespreek omdat dit op die gemeente-eiendom gehou is. Die kerkraad was oor die algemeen gekant teen sending (Benadé 1987:48).

Weens toenemende finansiële agteruitgang van die gemeente, versoek hy die kerkraad om by die Sinodale Kommissie aansoek te doen om losgemaak te word van die gemeente. Die Ring van Ermelo verleen aan hom demissie, wat uiteraard vir die gemeente 'n harde slag was (Benadé 1987:68). Ná sy losmaking begin hy betrokke raak by kerklike konferensies en stel homself beskikbaar in gemeentes vir spesiale dienste.

Sy bediening as Los predikant getuig van groot vrug binne die Ned.Geref.Kerk en in talle uitgawes van *Die Kerkbode* (1931-1937) verskyn berigte van byeenkomste waarby hy betrokke was. Melding word ook gemaak van die betrokkenheid van di.C.H.Murray, G.D.du Toit, J.C.G.Kotzé en A.C.Murray by sommige van hierdie byeenkomste (A.van Niekerk 1983:27).

Waar die Ned.Geref.Kerk aanvanklik verdraagsaam teenoor hom opgetree het, het 'n wrewel teen hom ontwikkel. Veral sy onafhanklike optrede sonder die nodige kerklike sanksie en toesig, het kommer gewek. Aangesien daar geen voorsiening in die kerkwet gemaak is vir sulke uitsonderlike gevalle nie, is een vergadering ná die ander gehou om sy posisie te ondersoek. Hierdie vergaderings is gekenmerk deur heelwat onderlinge verskille (A.van Niekerk 1983:29). Op Donderdag 18 April 1940 is hy deur die Transvaalse Sinode ontmantel. 'n Breedvoerige berig in *Die Vaderland* van 19 April 1940, p.6, het onder die opskrif gestaan: *"Appèl van ds.W.C.Malan deur sinode van hand gewys"* en is afgesluit met die volgende uitspraak: "...en daarmee is hierdie lang saak wat soveel maande en jare op die gemoedere van die kerk gerus het, finaal afgehandel." Dit was egter nog nie die einde van die konflik tussen hom en die Kerk nie.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A.van Niekerk (1983:30) beweer dat verskeie vertrouelinge van ds.Malan gevoel het dat hy "onbillik, op liefdelose en onwettige wyse ontmantel is en dat alles...beleef (is) as deel van die kerk se vervolging teen die rigting en standpunte binne die kerk waarvoor ds.Malan gestaan het." Ten spyte van al hierdie onaangenaamhede, het die kloof tussen hom en die Kerk verbreed deurdat hy voortgegaan het met die hou van dienste en die optrede as spreker tydens konferensies.

Sy ongewildheid het toegeneem as gevolg van sy betrokkenheid by die A.E.B. Tot op sinodale vlak is melding gemaak van sy voortreflike diens in die gemeente Goedgegun, maar nadat hy uit die gemeente is, het sy verbintenis met die A.E.B. hom verder in diskrediet gebring (Benadé 1987:71). Terwyl hy nog in die gemeente Goedgegun was, het ouderling H.J.A.Potgieter in Februarie 1931 'n klag teen ds.Malan aanhangig gemaak omdat hy glo by die A.E.B. aangesluit het. Daarop het ds.Malan gesê dat hy nie aan die organisasie behoort nie, "maar nogtans niemand (wat) wel daaraan behoort het iets gehoor leer het, wat teen die kerk was nie" (Benadé 1987:71). Die verduideliking is aanvaar en die klag is teruggetrek.

Op 'n later stadium het hy weer lidmaat van die Ned.Geref. Kerk geword en in 1952 is hy toegelaat tot die bediening in die Ned.Geref. Kerk waarna hy in 1955 'n beroep na Olifantsfontein ontvang het om dan in 1960 te emeriteer (A.van Niekerk 1983:31).

### *9.1.3 Negatiewe reaksies teen die Los predikante*

Uiteenlopende reaksies oor die optrede van die Los predikante was aan die orde van die dag. In die korrespondensiekolomme van *Die Kerkbode* is briewe sporadies geplaas. Veral gedurende 1933 en 1934 het briewe so gereeld verskyn dat die redakteur eindelik die korrespondensie moes beëindig. Heelwat briewe is nie eers geplaas nie, omdat dit verdere twis sou teweegbring (vgl. *De Kerkbode* 26 Julie 1933:178).

Lesers het begin beswaar aanteken teen die onophoudelike argumente. So skryf mev.D.C.Uys uit Bothaville: "Dit is met huiwering dat ons week na week *Die Kerkbode* oopmaak, want, ag, die redetwis, wat al so lank in *Die Kerkbode* gevoer word, word nou vir Gods ernstige kinders ondraaglik. Die ewigheid sal openbaar hoeveel skade en pyn hierdie korrespondensie veroorsaak het. Ons kan dit nie meer uithou nie, en uit die diepste van my siel wil ek aan die korrespondente vra om tog asseblief in Gods naam en ter wille van ons belydenis die vegtery te staak....Sal Ds.C.R.Kotzé nie asseblief vir hom vir 'n tydjie stil hou, totdat die gemoedere, wat so opgewonde is in verset teen hom, eers 'n bietjie tot rus gekom het nie?" (*Die Kerkbode* 13 Junie 1934:1108).

Drie jaar later steek dr.A.B. du Preez weer sy kop uit deur hom baie sterk uit te spreek teen die buitekerklike predikers. Volgens hom is die term "Los predikante" nie die regte benaming nie, aangesien predikante wat nie in gemeentebediening staan nie en kerklik aangestel is, soos spesiale evangelieprediker, Spoorwegpredikant, ens. ook as los predikante beskou kan word - daarom verkies hy die term "buitekerklike predikers". Die gedagte van buitekerklike predikante kan, volgens hom, net in 'n land soos Suid-Afrika posvat "waar die volk 'n diepgewortelde godsdienssin het en waar die volksaard besonder gemoedelik is. Die uitbuiting van hierdie volkskaraktertrekke gee juis die groeikrag aan die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beweging" (*Die Kerkbode* 15 September 1937:494). Hy verwys in besonder na predikante soos di.Scheepers, Malan en Feneysey wat aanvanklik predikante in die Kerk was en 'n sterk gevoelsgekleurde godsdiens beoefen het wat altyd vra na nuwe opwekkings en aanvuring en sy meeste bevrediging kry in kampkonferensies waar gehandel word oor dieper geestelike lewe (:494).

Du Preez behandel hierdie persone se kenmerke onder vyf hoofpunte. Oor die laaste punt, naamlik geloofsgenesings, brei hy baie uit. Die ander eienskappe van hierdie mense wat hy aanraak, is die gedagte dat hulle hul losmaak van kerklike verband, dat hulle skuldig is aan ervaringsprediking; dat hulle 'n wetties-gekleurde godsdiens beoefen en dat hulle ek-sentries en ons-sentries is.

In terme van hulle aktiwiteite los van die kerk, wys Du Preez daarop dat hulle hul skuldig maak aan oortreding van artikel III en XV van die kerkordening. Omdat hulle glo "Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense", meen hy dat hulle daardeur te kenne gee dat Gods Gees *nie* in die kerk en sy wetsbepalinge spreek nie en dat slegs die woord van mense in die kerk gehoor word, terwyl Gods Gees in hulle eie gemoed spreek, hulle aanstel, roep en lei. Vir Du Preez is dit verregaande aanmatiging en skuldige verwaandheid (*Die Kerkbode* 15 September 1937:494).

Du Preez het dit verder teen hierdie predikante dat hulle uitgaan van die standpunt dat "die Kerk verwêreldlik, koud en doods is en sy prediking versteen en verstard is en sy doel glad nie bereik nie (en) tree...op as herlewings-predikers wat oproep tot bekering en tot nuwer en voller geestelike lewe...Die kerklike godsdiens word verkleineer, word onsuiwer beskou, en hulle wil dan probeer om soveel moontlik mense daaruit te red" (*Die Kerkbode* 6 Oktober 1937:647).

Du Preez het dit ook teen die onderskeid wat gemaak word tussen mense wat ware kinders van God is en wie nie. Hy het ook bedenkinge oor die Los predikante se openbare belydenis of getuienisse wat mense ná die dienste of konferensies aflê wat onder andere kan lei tot geestelike hoogmoed (*Die Kerkbode* 6 Oktober 1937:647).

Dr.Du Preez se artikels het hewige reaksie uitgelok, in so 'n mate dat hy self erken dat die briewe vol veroordeling en aankondiginge van goddelike oordeel op hom "gereën" het. Verdere uitsprake wat hy teen die buitekerklike predikers gemaak het is dat hulle "verafgod" word en verwys na die "onaantasbare" buitekerklike predikers (*Die Kerkbode* 1 Desember 1937:1037). Ondersteuners van hierdie predikante het onder andere gevra of dr.Du Preez persoonlik kennis dra van ds.Scheepers (en ander buitekerklike predikers); of hy al ooit in noue aanraking met een van hulle was en waarom ons predikante nie gaan luister as die A.E.B. of Los predikante in hul gemeentes dienste hou nie. Op al hierdie vrae het Du Preez die nodige antwoorde verskaf.

Nie al die lesers het vir lief geneem met die artikels van dr.Du Preez nie. In 'n kort artikel vat die redakteur ses persone se reaksies saam wat gelewer is oor die bydrae van dr.Du Preez. Daaronder word o.a. melding gemaak van die "sterk taal" wat dr.Du Preez gebruik het. Net een van genoemde ses persone steun die sinode se besluit dat buitekerklike predikers nie toegelaat moet word nie (*Die Kerkbode* 1 Desember 1937:1021).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds.C.H.Murray van Viljoenskroon noem nie dr.du Preez se naam nie, maar verwys na aanhalings wat hy gemaak het en wys daarop dat dit nie 'n ware weergawe is van die buitekerklike bewegings se motiewe nie en voeg by: "Dit is 'n politieke slenter wat 'n man laat sê wat hy nie sê nie. Weloorwoë woorde sal deur en deur eerlik wees jeens dié teen wie geskrywe word" (*Die Kerkbode* 19 Januarie 1938:127).

Murray vra of die S.A.G.M. onder voorsitterskap van dr.Andrew Murray 'n buitekerklike of interkerklike beweging was. "Watter ryke seëninge het dit nie afgewerp nie! Daarvan kan menige leraar en leek getuig. Is die werk van Edwin Orr, waarvan *Die Kerkbode* met instemming gewag maak, interkerklik of buitekerklik? Mag die Kerk dan gebruik maak van sulke lekearbeiders soos Edwin Orr, Dr.Grattam Guinness, Adv.George Goodwin? En as sy van leke van oorsee mag gebruik maak, waarom dan nie van die getuienis van leke onder ons eie seuns nie? (*Die Kerkbode* 19 Januarie 1938:127). Hy betoon verder sy waardering vir gegronde bekerings onder lekepredikers, en opbou van gelowiges in hul geloofslewe.

In die redaksionele rubriek van *Die Kerkbode* (1 Desember 1937:1021) word gewys op die onbybelse gebruik van buitekerklikheid. Die bestaan van buitekerklike bewegings word slegs geregverdig op grond van die geestelike doodsheid waarin die Kerk verval het. Dit impliseer dat die kerk as 'n sinkende skip aan sy lot oorgelaat word, terwyl die "opvarendes" vir hulleself en andere elders 'n heenkome gaan soek. Die redakteur sê dat as dié wat nog "lewe" het, die kerk verlaat, dan bly daar niks meer oor om hom aan die lewe te hou nie en is hy gedoem tot ondergang. Hierdie sogenaamde "lewe" wat die buitekerklikes het, in teenstelling met die doodsheid in die kerk, is, volgens die redakteur, in baie gevalle nie die lewe waarvan die Woord van God spreek nie. Dit is bloot 'n kunsmatige opsweping van die gevoel, of 'n "wrede onchristelike dweepsug wat almal en alles verdoem, of 'n geestelike hoogmoed en eiegeregtigheid wat in hoë mate afstotend is, of 'n ligsinnige en oppervlakkige gebruik van geykte godsdienstige uitdrukkings en die toe-eiening van die godsdienstige ondervindings van andere" (1 Desember 1937:1021). In die reël bestaan daar by hierdie buitekerklikes 'n meerderwaardigheidsgevoel teenoor die lede van die "doodse" Kerk wat hulle gerus en selftevrede maak. Daarom soek 'n mens tevergeefs na die gesindheid van die nederige, sagmoedige, liefdevolle Jesus by hulle (:1021).

'n Verdere aanklag deur die redakteur is dat as die Kerk hierdie buitekerklike bewegings ondersteun, hy erkenning gee aan sy magtelose toestand om die saak van God op aarde te bevorder, tensy hulp van buite af opdaag. Dit het tot gevolg dat die kerk die lewe en arbeid van tienduisende evangeliedienaars en ander gelowiges in sy boesem negeer, en is hy ontrou aan homself as 'n institusie van die Here Jesus (*Die Kerkbode* 1 Desember 1937:1022).

Ds.J.P.van der Walt van Frankfort herinner die lesers van *Die Kerkbode* (12 Julie 1933:88) aan 'n sinodale besluit rakende ds.Scheepers dat sy leer aan die Volmaakbaarheidsleer (perfeksionisme) grens. Hy het dit ook teen die gedagte dat bekering op Wederdoperse wyse aan gemeentelede gebring word asof hulle heidene is, want daardeur word die verbondsgedagte onderskat (*Die Kerkbode* 12 Julie 1933:88).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds.H.C.J.Flemming reageer op ds. Van der Walt se skrywe en ontken nie dat daar op spesiale dienste, as weerhou van felle kritiek nie. In ve synde die suiwere verkondiging van Gods Woord, ook onder die kragtige werk van die Heilige Gees vrugte kan rus nie, maar hy verlang na orde, reëlmaat in die lerk (*Die Kerkbode* 16 Augustus 1933:323).

Ds.C.R.Kotzé spreek sy teleurstelling uit teenoor lidmate wat begeer dat die godsdiens in meer aanskoulike gedaante moet kom en meen dat die predikante voldoen aan die behoefte van die lidmate deurdat hulle sorg vir kanselruiling wat vernuwing bewerkstellig (*Die Kerkbode* 22 November 1933:972,3). Hierop beaam mnr.G.Muller van Coalbrook wat dankbaar is vir mense soos ds.Kotzé wat 'n bewaker is vir kerksuiwerheid. In die lig van die tekort aan werk van die proponente vra hy die vraag waarom gemeentes nie gebruik wil maak van sulke manne vir spesiale dienste nie (*Die Kerkbode* 13 Desember 1933:1108).

Stemme het nie net van predikante opgegaan teen die Los predikante nie. Ook lidmate het hulle nie weerhou van felle kritiek nie. In verskeie gevalle was die reaksies baie uiteenlopend van aard.

### *9.1.4 Positiewe reaksie oor Los predikante*

Soos met enige ander geval, het hierdie saak ook twee kante. Predikante was versigtig om nie te veel positiewe kommentaar te lewer nie, want dit sou hulle skuldig maak aan die verontagsaming van kerklike besluite. Tog het sommige lidmate die vrymoedigheid geneem om hulle saak te stel.

Mev.A.Hamman van Boksburg reageer baie skerp op die brief van Ds.C.R.Kotzé , oor 'Kerk en Sekte' en sê dat die Kerk in 'n baie treurige toestand verkeer, hoe goed die leer ook mag wees. Mense smag na die dieper lewe of heiligmaking. Sy erken dat sy oud geword het en nooit 'n definitiewe oplossing vir haar geestelike behoefte by kerkleiers ontvang nie. Omtrent ses jaar tevore het 'n bejaarde predikant, wat oor die onderwerp gepreek het, vir haar gesê: "Maar daar is niemand in ons Kerk sedert die dood van Dr.A.Murray en Prof.Hofmeyr wat oor heiligmaking kan praat nie." Sy dank die Here vir veral die twee gemeentelose predikante en die A.E.B. deur wie sy en baie ander geestelike versadiging vir hul behoefte gevind het. Sy spreek haar waardering uit teenoor die heiligheidsbeweging wat gekom het om te bly (*Die Kerkbode* 6 Desember 1933:1063).

Mev.M.Cilliers van Suid-Rhodesië is eweneens dankbaar teenoor ds.Nicol vir die briewe wat hy geskryf het aangaande die Oxford-beweging. Haar verbintenis met die buitekerklike bewegings en Los predikante was baie positief. Sy het begrip vir die kerkrade en predikante wat nie die tyd het om op die platteland besoeke af te lê nie en vra waarom hierdie mense "wat gereed staan om dit te doen" nie ingespan word nie. "Jy voel jy verhonger en verlang na christelike omgang en voedsel, en dit is verkrygbaar, maar die Kerk sien liewer ons van honger omkom as om hulle wette te breek" (*Die Kerkbode* 25 Oktober 1933:786). Sy stem nie saam dat hierdie groepe lidmate van die kerk afrokkel nie, want waar hierdie mense gearbei het "het die meeste kerke vol geword van begerige siele en van werkers" (:786).

Sy praat met groot waardering van 'n C.S.V.-byeenkoms by die Valle waar di.Malan en Scheepers en mej.Jacobs opgetree het. "As ons dink aan daardie tent by die Valle en die belydenisse, wat daar afgelê


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, dan voel jy, dat die Here in ons midde was. En hoe kan andere sê dat hulle verkeerd doen, as die Here dit goedkeur?"(*Die Kerkbode* 25 Oktober 1933:786).

Ouderling H.A.Botha van Roossenekal lewer slegs goeie getuienis van die spesiale dienste wat ds.Scheepers in hulle gemeente waargeneem het en sê dat dit geen opwekkingsdienste was nie, want ná 'n jaar "is diegene wat destyds tot bekering gekom het, steeds vuurwarm vir die Heer" (*Die Kerkbode* 29 November 1933:1015). Hy beveg die beskuldiging dat ds.Scheepers se dienste die mense tot die sektes lei: "Hier egter was dit net andersom, nl. dat mense, wat by sektes wou aansluit, deur sy prediking tot ander lig gekom het en hulle weer tot ons kerk gewend het" (:1016). Die teenpool van oudl.Botha se ondervinding vind ons weer by mnr.G.Muller van Coalbrook wat wys op die onluste en verdeeldheid wat deur ds.Scheepers se optrede in hulle gemeente veroorsaak is (*Die Kerkbode* 13 Desember 1933:1108).

“Antisektaries" maak sterk uitsprake teen die vyandigheid jeens die Los predikante, A.E.B. en die Oxfordgroep. "Hier is ons op die spore van wat "los predikante" gedoen het. Waar daar vroeër, tydig en ontydig, ekskuse gevind was vir danspartye en kerkloosheid, bestaan daar vandag Christelike Strewersvereniginge en bidstonde. (*Die Kerkbode* 17 Januarie 1934:128).

'n Oud-diaken van die Strand, mnr.S.G.du Toit, skryf oor sy aangename wedervaringe met die Los predikante. Hy berig dat daar en ook elders kragtige bekerings onder hulle bearbeiding plaasgevind het en nou wil hy vra of dit nie sonde is om die werk van God so teë te staan nie. Hy verklaar sy liefde teenoor sy kerk en erken dat hy nie die Los predikante ondersteun ten koste van die eredienste nie. Vir hom is dit belangrik om “siele vir Koning Jesus te win”, ongeag deur wie se bemiddeling dit plaasvind (*Die Kerkbode* 30 Mei 1934:1017).

### *9.1.5 Die Leer van die Los predikante*

Die sogenaamde Los predikante het veral onder lidmate van die Ned.Geref.Kerk met toewyding die boodskap verkondig waarvan hulle oortuig was. Nie alleen het hulle wyse van optrede onenigheid en verdeeldheid veroorsaak nie, maar in besonder dit wat hulle geleer het, is allerweë veroordeel. Daar was geen manier waarop hulle in die Kerk geakkomodeer kon word nie en is dus as “sektaries” geklassifiseer.

Omdat die konferensies wat hulle gehou het, goed bygewoon is, word afgelei dat die lidmate aanklank moes vind by hulle leer. Hulle het geestelike voedsel gekry, maar daarmee saam hulle plaaslike predikant begin kritiseer. Heel dikwels het lidmate hierdie groepe beskerm en hulleself verontskuldig deur te verwys na hulle leer wat nie vreemd was aan die Kerk nie.

Die Oxfordgroep het hulle boodskap veral op bekering toegespits; die A.E.B. op heiligmaking; ds.Scheepers op albei plus goddelike genesing, terwyl ds.W.C.Malan, behalwe die genoemde aspekte, ook die wederkoms van Christus as tema in sy bediening gebruik het. Laasgenoemde twee was uitgesproke chiliaste. Veral ds.Scheepers se genesingspraktyke het hom in ‘n doodloopstraat in die Ned.Geref.Kerk laat beland. Die A.E.B. se heiligmakingsleer, wat gegrens het aan die “Second Blessing” en perfeksionisme, het hulle ongewildheid in gereformeerde kringe laat toeneem.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Met die oog op hierdie studie word dit as van die uiterste belang beskou om na enkele aspekte van veral die Los predikante se leer te kyk en dit te vergelyk met dié van die bogenoemde Ned.Geref.predikante. Sodoende kan 'n objektiewe evaluering gemaak word van die knelpunte wat die onenigheid in terme van die leer veroorsaak het.

9.1.5.1 Die leer van ds.C.F.Scheepers

Behalwe die enkele artikels in *Die Kerkbode*, het ds.Scheepers die *Betshan*-blaadjie uitgegee en verkeie traktaatjies geskryf. Nadat hy losgemaak is van die gemeentelike bediening, het hy in die Ned.Geref.Kerk konferensies gehou en later op *Betshan*, buite Bloemfontein, 'n kranke-inrigting begin. Dit het later 'n opleidingsentrum vir evangeliste geword.

Van die bronne wat vir hierdie studie nagevors is, is 22 aantekeningboeke van twee van sy studente, ds.en mev.A.Grobler, wat in die omstreke van 1939-41 by hom onderrig ontvang het. Daarin is die gedikteerde lesings van ds.Scheepers neergepen. Die boeke van ds.Grobler is genommer en as bronverwysing word net melding gemaak van die boek- en bladsynommer.

Ds.Scheepers het in 'n traktaatjie "*Die Pardys herwin*" 'n uiteensetting gegee van die "kruisvrugte" naamlik Regverdigmaking, Heiligmaking en Goddelike genesing. Dit wat met die sondeval vir die mens verlore geraak het, is weer herwin ná die kruisiging. Die mens word aangeraai om dit weer vir homself toe te eien. Hierdie drie aspekte het sentraal gestaan in sy prediking.

9.1.5.1.1 Bekering

Een van die aspekte waarvoor ds.Scheepers veroordeel is, is die heilsorde waarin hy bekering voor wedergeboorte geplaas het.

Scheepers definieer bekering as die vrug van die werksaamheid van die Heilige Gees in die hart van die onwedergeborene (Hetsy 'n goeie Nikodemus of 'n goddelose sondaar) waardeur die siel oortuig word van sondes en vervul word met die vrees vir die toorn van God (Luk.19:10). Wanneer die Heilige Gees nie teëgestaan of smaadheid aangedoen word nie, maar gehoorsaam word deur die sondes te bely en van harte afstand van gedoen word, werk die Heilige Gees deur middel van Gods Woord 'n saligmakend geloof waardeur die sondaar 'n deelgenoot van die ewige lewe word (Boek 6:15).

"Waarin bestaan die waaragtige bekering?" "In die hartelike berou, aflê en vlug van die sonde en die hartelike begeerte en doen van die goeie....Die eerste oogmerk van die bekering is om die bekeerling deur die ondervinding van die wedergeboorte te laat uitgaan uit die ryk van die duisternis tot die ryk van die God van die lig." Die middel waarmee God die bekering bewerk is die Woord van God wat aan die hart lewend gemaak word en kan tot die mens kom deur die gepredikte Woord of die verklaarde Woord in traktaatjie of boek, of direk uit die Bybel sonder menslike bemiddeling (Boek 6:15,16).

Hy sê bekering impliseer 'n gedagte van hartseer, van berou i.v.m. die saak waartoe die mens opgewek is om hom van te bekeer. Die ware betekenis van die woord is om van opvatting, opinie, gedagte, te verander. Volgens die Woord van God moet die geredde sowel as die ongeredde hulle bekeer van 'n opinie in verband met sekere dinge (Boek 3:76)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Bekering kan 'n reformasie wees as gevolg van 'n kragsinspanning deur die ongeredde. Vir die tydelike lewe het so 'n bekering waarde, maar niks vir die ewige nie. Dit kan ook 'n middel word waardeur die ware bekering verhinder word" (Boek 6:.42).

Hy sien berou oor sonde en 'n bekering van die sonde tot God as die werk van die Heilige Gees. Daar is 'n bekering in die Bybelse sin van die woord moontlik sonder die werksaamheid van die Heilige Gees. Die mens kan deur menslike inspanning hom van ondeug tot deug bekeer....Mense kan hulleself bekeer, maar dis nie die bekering wat die Bybel van praat nie (Boek 3:79).

Die Heilige Gees wend verskillende middels aan om hierdie egte bekerings te bewerk. So gebruik die Heilige Gees faktore om aan die mens sy sondige toestand te toon, byvoorbeeld tydelike geldelike moeilikhede, siekte, deur die prediking van die Woord, ens.(Boek 6:43,44).
Oor die verband tussen bekering en wedergeboorte verwys hy na prof.N.J. Hofmeyr se boek *"Uit die duisternis tot die lig"* (bls.82) en sê: "Die bekering en die weergeboorte kan nie van mekaar geskei word nie. Die twee saam maak een geheel. Daar is g'n weergeboorte sonder bekering nie, en g'n bekering sonder weergeboorte nie." (Boek 3:79).

"Bekering is 'n verandering van gemoed, van insig; wedergeboorte is 'n verandering van hart." Om wedergebore te wees beteken om 'n veranderde lewe te besit. "Bekering is 'n verandering van gemoed, wedergeboorte word gevolg deur 'n verandering van die lewe." (Boek 3:80).

Volgens Mark.1:15 moet eers bekering plaasvind. Dit beteken 'n afkeer en wegkeer van die sonde voordat jy kan glo om salig te word. Niemand kan glo voor hy nie sy sondes bely het en vergifnis ontvang het nie. Die bekering en die geloof waardeur die mens weergebore word is albei werksaamhede van die Heilige Gees. "Eers berouvolle belydenis en dan vergiffenis" (Boek 3:80).

'n Baie belangrike opmerking wat Scheepers maak in terme van die verhouding tussen bekering en wedergeboorte is die volgende:

> "Bekering en wedergeboorte kan nie van mekaar losgemaak word nie. <u>Daar is 'n bekering wat die wedergeboorte voorafgaan en daar is 'n bekering wat op die wedergeboorte volg.</u> *(My onderstreping)* Vandag word daar 'n skewe voorstelling gegee, nl. die gedoopte mens is wedergebore en hy moet maar net tot die bekering kom, d.i. hy moet sy lewe in ooreenstemming bring met die beginsel van die ewige lewe wat in hom is.. Dis onbybels. 'n Mens kan in die sin net so goed vir 'n jakkals sê hy moet hom soos 'n skaap gedra. (Bekering en wedergeboorte kan nie geskei word nie)." (Boek 6:17).

9.1.5.1.2 Wedergeboorte

Oor hierdie onderwerp het ds.Scheepers 'n traktaatjie geskryf, terwyl die inhoud ook vervat is in een van die *Betshan*blaadjies.

Hy glo dat elke mens weet of hy wedergebore is (*Betshan* Jul-Aug 1938:4). Wedergeboorte geskied, met enkele uitsonderings ná, sonder menslike bemiddeling. Geen mens kan homself wederbaar nie. "Deur die wedergeboorte word die mens deur 'n skeppende daad so verander dat hy 'n Godsgeaardheid


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deelagtig word. Elke mens kan dit ondervind en weet dat hy dit ondervind het, maar dit te verklaar kan niemand nie" (*Betshan* Jul-Aug 1938:6).

Aan die hand van die doopformulier wys hy daarop dat elke mens sondig is en nodig het om vir 'n tweede keer gebore te word. "Dit is 'n absolute vereiste dat jy 'n nuwe natuur, 'n goddelike geaardheid moet kry, weer gebore moet word" (*Betshan* Jul-Aug 1938:4).

9.1.5.1.3 Hoe word die wedergeboorte gewerk?

Hy gee eerstens aandag aan 'n paar dwaalleringe. Die eerste is om te glo dat die mens wedergebore gebore word (*Betshan* Jul-Aug 1938:7). Om te glo dat 'n mens by sy doop, hetsy kinderdoop of onderdompeling, wedergebore word is Rooms en Doppers (:7).

'n Ander dwaling wat hy aanroer is dat die mens met wedergeboorte van die ou mens verlos word en vervul word met die Heilige Gees. Rom. 7 het nie met wedergeboorte te doen nie "Veral Metodistiese teoloë ontken dat Rom.7 die ondervinding van 'n wedergeborene is. Dit is 'n dwaling want dit *is* 'n wedergeborene se ondervinding" (*Betshan* Jul-Aug 1938:7).

'n Verdere dwaling is dat 'n mens niks aan sy wedergeboorte kan doen nie. Vir Scheepers is dit onaanvaarbaar om die wedergeboorte met 'n aardse geboorte vergelyk, want dit lei tot dwaling.

> Bekering en wedergeboorte kan nie van mekaar geskei word nie. Dis twee kante van een en dieselfde saak. Die mens wat hom nie wil bekeer nie, sal nooit wedergebore word nie. Dit is 'n wonderwerk van God en sal nooit iets anders wees nie, maar dis slegs die eén kant, daar is die ander - die menslike kant ook. Hy moet hom bekeer van die duisternis tot die lig, van Satan tot God, om sondevergifnis te ontvang, om weer gebore te kan word. Doen u deel en wees verseker God sal Sy deel doen" (*Betshan* Jul-Aug 1938:8).

Die Heilige Gees bewerk die wedergeboorte. Soos in die geval van die verwoeste skepping, so broei die Heilige Gees oor die hart van die gevalle mens en wek daardie goddelike lewe. "Sonder die werksaamheid van die Heilige Gees is wedergeboorte geheel onmoontlik" (*Betshan* Jul-Aug 1938:8)

Die eerste werk van die Heilige Gees is om van goeie en slegte mense sondaars te maak in hulle eie oë voor God. Net die Heilige Gees kan dit doen. "Dit sal in die mens se gemoed 'n verandering bring waardeur daar 'n verandering in die rigting van die mens se lewe kom. Daar kom 'n regs-omkeer, 'n 'right-about-turn'". Die gesig wat van God weggekeer was, is nou op God gerig. Dit laat ons sien dat bekering en wedergeboorte nie van mekaar kan losgemaak word nie, dis 'n eenheid" (*Betshan* Jul-Aug 1938:8).

Hy wys egter daarop dat hierdie bekering, wat die gevolg is van die mens se besef van sy verkeerde weg op pad na die verderf, nie wedergeboorte is nie, "maar 'n genadewerk wat die wedergeboorte vooraf gaan en tot die wedergeboorte lei" (*Betshan* Jul-Aug 1938:8). Die Heilige Gees werk nie alleen die wedergeboorte nie, maar is self daardie lewe. Waar die Gees die mens verlaat het by die sondeval, keer hy nou tot die mens terug (:8).

Die Heilige Gees gebruik middels om die wedergeboorte te bewerk. Soos wat 'n boer die ploeg en die saad gebruik om 'n oes te kry, so gebruik die Heilige Gees sy middele, naamlik die prediking van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Woord, drome, traktaatjies, 'n boek, krankheid, dood, aardse verliese, tydelike armoede ens."en nog baie meer gebruik God om die hart mee oop te breek, die sondes uit te kry en dan die saad van die lewe te saai waaruit die wedergeboorte kom" (*Betshan* Jul-Aug 1938:9).

Die tweede middel is die saad. "..geen wedergeboorte vind plaas sonder die Woord van God nie. Sonder die saad van die Woord is geen wedergeboorte moontlik nie...daar is sekere tekse waarin die kiem van die wedergeboorte is" (*Betshan* Jul-Aug 1938:9).

'n Duidelike vraag word aan die leser gestel: "Het u u al bekeer van Satan tot God? Is u hart skoongemaak, omgeploeg deur die belydenis van u sondes met berou? Is dit nou u sterkste begeerte om 'n wedergeborene te wees?" (:9).

Scheepers is baie beslis dat 'n mens wel kan weet of hy wedergebore is (*Betshan* Jul-Aug 1938:9). Hy sê dat daar kerke is, selfs Hollandse kerke, wat glo dat 'n mens 'n Fariseër is as jy sê jy weet. Hy sê dat hy reeds vir 40 jaar dit weet. "Dit is die leer van ons kerk[9] dat die mens mag, kan en moet weet dat hy weer gebore is en dat sy sondes vergewe is" (*Betshan* Jul-Aug 1938:9). Deur die influistering van die Heilige Gees kan 'n mens wel weet dat hy wedergebore is. Geen mens behalwe die Heilige Gees kan aan 'n mens hierdie sekerheid gee nie. Hy sê pres.Kruger het dit geweet en dit vertel (:10).

Verder is wedergeboorte nie verlossing van sonde nie maar dit stel die mens in staat om sekere sondes te onderdruk, maar nie vir lank nie . "In die reël kry die ou sondige natuur gou weer die oorhand en baie ou sondes heers weer in die hart en in die openbare lewe" (*Betshan* Jul-Aug 1938:10).

Dit is wel moontlik vir 'n wedergeborene om te sondig omdat die vleeslike natuur te sterk is. Indien hierdie sondemag te sterk word, is daar drie uitweë: Om moedeloos te word en te sê jy wil nie meer weergeborene wees nie. Die Heilige Gees in 'n mens sê: "Jy kannie al wil jy. Niks kan die lewe van God in jou tot niet maak nie" (*Betshan* Jul-Aug.1938 p.10) (Dit bevestig dat Scheepers nie glo aan die vervalleer nie). Verderaan benadruk hy dat hy hierdie dwaling (dat 'n kind van God weer verlore kan gaan) geheel en al verwerp (*Betshan* Jul-Aug 1938:11). Die tweede is om te aanvaar dat almal maar sondig. Die derde oplossing is "om nou na heiligmaking te soek en so van die mag van die sonde verlos te word" (:10).

Samevattend word wedergeboorte as volg gedefinieer: " Wedergebore te wees, beteken om te weet dat om Christus se lye en sterwe ontwil, jou sondes vergewe is, dat jy goddelike natuur deelagtig is en die versekering het dat die Heilige Gees in jou woon. Elkeen wat wil, mag, kan en moet dit weet en ondervind" (*Betshan* Jul-Aug 1938:11).

In een van sy bekende traktaatjies behandel hy die volgende onderwerpe: "Hoe sal ek my bekeer?"; "Sondevergifnis", "Sondelys van die gelowige", "Oorgawe" en "Waarom sal ek my bekeer?" Ná die verstrekking van 'n sondelys, vra hy die leser: "Het God die Heilige Gees u al van sondes oortuig? Indien nie, bid daaroor. Indien wel, lees hierdie sondelys en maak 'n kruisie by elke sonde waar u aan

---

[9] L.W. Hier verwys hy na die Ned.Geref.Kerk.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skuldig is, bely elke sonde by name en breek in u hart met alle sondes...Ontvang nou die Heilige Gees om in u hart te kom woon. Gebeur dit, dan is u 'n wedergebore kind van God."

In die volgende tien stappe wat aangegee word vir 'n persoon "om van die koninkryk van satan na die koninkryk van God te gaan", is die denkpatroon van ds.Scheepers baie duidelik sigbaar:

*1.Die Heilige Gees oortuig van sondes*

Die eerste saak vir 'n onbekeerde is dat hy 'n gesig van die oordeel van God oor hom kry. Die toorn van God moet vir die sondaar 'n werklikheid word. "Probeer tog nooit om mens te bekeer nie. Ons moet die verdoemenis preek, ons moet die toorn van God preek; ons moet die verlorenheid van die sondaar preek. Ons moet die Heilige Gees vertrou om van die sondaar 'n sondaar te maak. Die saligheid is net vir sondaars." (Boek 2:147,8)

*2.Onvoorwaardelike oorgawe aan sy wil*

Die mens kan homself nie bekeer nie, maar hy het die mag om as die Heilige Gees hom tot bekering wil beweeg, vir die Gees "nee" te sê (Boek 2:148,9). Duisende mense het tot ontwaking gekom, maar nie tot bekering nie. Dit is 'n verbygaande opwelling.

*3.Bekering en berouvolle belydenis van alle sonde*

As die mens nou van sy sonde oortuig is en by die punt gekom het dat hy gekies het, dan moet hy hom heelhartig tot God bekeer (Boek 2:149).

*4.Beoefening van geloofstoe-eiening*

Hieronder waarsku Scheepers sy studente dat hulle nie tyd moet verkwis met onryp mense nie (Boek 2:150).

*5. Vergifnis van sondes (Die lewendmakende genade van die hart)*

Moet nooit vir 'n siel sê dat hy nou gered is nie, want dit is net die Heilige Gees wat dit kan doen (Boek 2:151).

*6.Lewendmaking van die siel*

*7.Bad van die wedergeboorte*

*8.Aanneming tot lid van die familie van God*

*9.Die instorting van vrede, blydskap, krag en liefde in die hart*

*10.Die getuienis van die Heilige Gees dat ek 'n kind van God is*

9.1.5.1.4 Wedergeboorte en die verbond

Scheepers het geleer dat die Here Jesus en sy dissipels nie 'n verbondsleer geken het "waardeur die kinders van daardie verbondsvolk wederomgebore gebore is nie of deur die besnydenis wederomgebore word nie, maar gepreek dat hulle hul berouvol van hulle sonde tot God moet bekeer" (Boek 3:7,78). Hy verwys na die brief aan die Hebreërs waarin die heiden met sy sondige lewe en die Jood met sy godsdienstige lewe die een net so doemwaardig en verlore is as die ander.

Scheepers sê die leer dat 'n mens wederomgebore gebore word of dat jy wederomgebore word deur die doop is 'n gruwelike dwaling wat ons met ons ganse siel verwerp (Boek 3:78). Paulus word as voorbeeld gebruik wat nie vertel het dat hy wederomgebore gebore was of wederomgebore word deur die besnydenis nie, "maar vertel dat hy onder daardie dekmantel sondes gepleeg het wat hom die hoogste plek, die eerste plek van die sondaars wat verlore is, besorg het" Ook word Nikodemus as onbesproke persoon as voorbeeld voorgehou:"Die laaggesonke tollenaar en Nikodemus is in dieselfde posisie verlore en moes deur dieselfde middel, wedergeboorte, in die koninkryk van die hemel ingaan" (Boek 3,:79)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

9.1.5.1.5 Die uitverkiesing

Oor hierdie belangrike onderwerp vra Scheepers: "Waar eindig die uitverkiesing en waar begin die vrye wil van die mens? Die uitverkiesing sluit die vrye wil van die mens totaal uit" (Boek 1:105)

Ongelukkig is die volgende aantekeninge in telegramstyl afgeneem en nie baie duidelik nie. By benadering kom dit op die volgende neer:

> Om oor die mense te kyk en te sê watter uitverkore is, is onbybels. Die Bybels sê dat die uitverkiesing gaan van God en van God alleen uit, sonder enigiets van die mens. Onthou dat u 'n mens is en God is God. Dank die Heer dat ek 'n uitverkorene is om ook andere wat uitverkore is in te bring.
>
> Daar rus 'n verantwoordelikheidsbesef op die mens. Sommige sê hulle is uitverkore en kan maar sonde doen - dit is 'n menslike opinie. Heer, dat ek in die hemel is, is enkel alleen aan U te danke. Waaragtige bekering is uit God, om te wil is uit God. Alles van die saligheid kom van God af. Omdat een mens hom bekeer en die ander nie, is te wyte aan die suiwere soewereine wil van God
>
> Uitverkiesing is nie iets om met die wêreld oor te gesels nie. Dit is om geloofsversekering in die hart van die gelowige te werk -Hy sal voleindig (Boek 1:105,6).

In 'n ander lesing behandel hy weer enkele aspekte rondom die uitverkiesing. Hy sê dat die uitverkiesing soms verkeerd verstaan word deurdat mense in 'n gemakstoel sit en nie eers bid of dienste hou nie. Om dit reg te verstaan, beteken dat ywerige, toegewyde arbeiders voortgaan met die wete dat daar vrug op hul arbeid sal wees. Oor 'n persoon wat sê dat hy nie uitverkore is nie, verwys Scheepers na enkele teksverse en voeg by dat die soewereine wil van God en dié van die mens nie rym nie. Dit is in die geheime raad van God. "Vriend, jy het 'n vrye wil. God wil hê jy moet salig word" (Boek 2:127). Indien iemand sê hy verstaan dit nie, antwoord Scheepers: "Ek glo, al verstaan ek dit nie....As ek preek dan glo ek dat die wat moet gered word, sal gered word" (:127)

Aantekeninge oor hierdie onderwerp word afgesluit met die woord "Kalvinis" in die kantlyn en daarlangs: "Die soewereine uitverkiesende wil van God. Joh.15:16. Stuur uitverkorene om uitverkorene weg van verlossing te gee" (Boek 2:128).

In een van die *Betshan*blaadjies kom 'n gedeelte voor onder die opskrif: "Die toestand van die uitverkorene voor, tydens en na 'n reeks dienste". Onder punt 4 die volgende:

> Uitverkorenes wat onder bearbeiding kom is na persoonlike arbeid of die bywoning van 'n reeks van dienste nog so onvatbaar dat as alles verby is, het hulle maar die stadium van 'n bloeisel bereik. Meer arbeid en tyd sal nodig wees voor hulle die stadium van wedergeboorte sal ondervind (*Betshan* Mei 1942:6).

In afgerolde lesings noem Scheepers die volgende: "Was die Kerk wat God bedoel wat sy moes wees, sou die werksaamheid van die Heilige Gees so kragtig wees, dat die uitverkorene reeds in hulle jongelingsjare tot die ondervinding van hulle saligheid sal kom, en dat die nie-uitverkorenes uit, en weg sou gedryf word. 'n Ongeredde siel wat nie tot die saligheid uitverkies is nie, sal nooit dit in 'n kragtige Heilige Gees atmosfeer uithou nie. In die doodse toestand van vandag, het hierdie soort van mense in die reël die hoogste woord te sê" (:8).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit bostaande is dit duidelik ds. Scheepers beslis geglo het aan die uitverkiesing. Die enigste verskil wat in sy leer geopenbaar word, wat verskil met ander teoloë in terme van die uitverkiesing, is dat die uitverkorene nie op 'n onbewuste oomblik wedergebore word nie, maar nadat hy hom bekeer het, die wedergeboorte deelagtig word.

Hy het egter die gedagte verwerp dat 'n babatjie wat sterf voordat hy gedoop is of die jare van onderskeiding behaal het, hel toe sal gaan. Ongeag die posisie van die ouers, sal die kind met die dood paradys toe gaan. "Die uitverkiesing mense (d.w.s. die mense wat altyd en oral die uitverkiesing preek en bespreek), sê ja, die uitverkore kinders word gered maar die ander nie" (*Betshan* Aug-Okt.1937:6). Hy kan dit nie aanvaar dat God 'n kind wat onwetend gesondig het, sal verdoem nie en meen dat God nie 'n kind verantwoordelik hou vir sy dade voordat hy tot die jare van onderskeiding gekom het nie (:6). Hy het dit ook teen die gedagte om saligmakende waarde aan die doop te heg (:8).

Ds.A.Grobler, voormalige student van ds.Scheepers het op 'n vraag wat aan hom gestel is gesê dat ds.Scheepers in 'n mate aan die uitverkiesing geglo het. Sy benadering was soos volg: "Op die deur staan: 'ALMAL WELKOM!". Aan die binnekant staan: "UITVERKORE" (Grobler 22/05/1997).

9.1.5.1.6 Die vervalleer

Vroeër is vlugtig daarna verwys dat Scheepers die teorie verwerp dat gelowiges weer verlore kan gaan. Op 9 November 1939 het ds.Scheepers die volgende met sy studente behandel: "Kan 'n uitverkorene verlore gaan?" "Die ontrouheid van niemand ter wêreld kan die oorsaak wees dat 'n uitverkorene kan verlore gaan nie. Met hierdie stelling sny ons die gedagte dat die saligheid van die mens afhang, van die getrouheid van 'n geestelike arbeider, heeltemal af. Waar hang dit dan wel van af?" (Boek 2:124).

Die volgende bewyse kom voor waarom 'n uitverkorene nie verlore kan gaan nie:

> (1) Omdat God die Vader teenoor Jesus dan ontrou sal wees - 'n absolute onmoontlikheid.
>
> (2) Waar die bloed toegepas word aan 'n hart, daar kan niks ter wêreld daardie toepassing van die bloed tot niet maak nie.
>
> (3) Baie Skrifwaarhede bevestig dit. (a) Fil.1:6; 2 Tim.2:13; 1Petr.1:5; 2 Thes.3:3.
>
> (4) Vanweens [sic] die inwoning van die Heilige Gees in die hart van die gelowige.
>
> Die nie-wedergeborene het niks met die uitverkiesing te maak nie. Vir hom is die opwekking: Kom na God toe. Wanneer hy gekom en verlos is, nou wil God aan hom die uitverkiesing verduidelik - om hom deeglik te fundeer met die oog op sy ewige verlossing.
>
> By die prediker kan hierdie leer een van twee uitwerkings hê:
>
> (1) Dit maak van hom 'n Turk d.w.s. hy skakel die menslike element uit, gooi sy verantwoordelikheid en dié van siele wat gered moet word in ongeloof op God, wat beteken hy onttrek hom daaraan en staan skuldig voor God dat hy sy roeping nie vervul nie. Dis die posisie van die ultra-Kalvinistiese mense.
>
> (2) Dit gee vastigheid aan die arbeid van die evangeliedienaar.
>
> Dis die kalme beroep van 'n man wat weet: saai jou goeie saad op die regte tyd en jou oes sal seker wees. Vastigheid - hoe sekerder, hoe meer ywer. As in my siel die lewende versekering is dat die uitverkorene wedergebore sal word en dat hy nie sal verlore gaan nie" (Boek 2:124-126).

In 'n traktaatjie "*Opstanding van Jesus Christus*" lewer ds.Scheepers 10 waarborge wat Jesus se opstanding bied tot voordeel vir die mens, onder andere wedergeboorte en regverdigmaking. Daarmee saam bied die opstanding 'n waarborg dat die gelowige bewaar sal bly. Die een rede waarom mense, wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

getuig dat hulle tot bekering gekom het, nie daarmee volhou nie, word toegeskryf daaraan dat die sogenaamde bekeerlinge nie wedergebore is nie (Scheepers :12).

9.1.5.1.7 Heiligmaking

Benewens die boodskap oor Goddelike genesing, het ds.Scheepers se heiligmakingsleer hom baie ongewild gemaak in die Ned.Geref.Kerk. Volgens sy kritici het hy die leer van perfeksionisme verkondig.

Dit kan niemand verkwalik word dat hy wel daarvoor beskuldig is nie, want dikwels skep sy geskrifte die idee dat dit die geval is. By nadere ondersoek word die teendeel bewys.

Ter inleiding van sy traktaatjie"*Die weg tot die volheid van die Gees*"[10] gebruik hy die volgende aanhaling uit *Die Kerkbode* ( Pinkster 1926) wat hy uit die Nederlands vertaal het:

> In die eerste gemeente was die volheid van die Gees die algemene ondervinding, sodat as dit by iemand gemis word, is daar navraag omtrent gedoen (Hand.8:16; 19:2). Is ons net so onder die indruk van die onmisbaarheid van hierdie vuurdoop?.... Hoeveel arbeid is daar onder ons, wat geheel onvrugbaar is? Hoeveel honderde preke word weekliks uitgespreek, wat sover as ons kan sien, heeltemal onvrugbaar is! Die Koninkryk van God eis dit. Die gemeentes moet opgebou word deurdat die pasbekeerdes in die kring van die gelowiges 'n opbouende atmosfeer kry. *....Mag hierde Pinksterfees so 'n tyd by ons bring"*

Hierop reageer Scheepers (2,3): "My ganse siel sê Amen! op bostaande, want dis 'n suiwere verklaring van die Woord van God en van toestande, soos dit werklik is. Die onderwerp is: "*Die onmisbaarheid van die vuurdoop.*" Die behoefte van 'n predikant aan herlewing in sy gemeente, die begeerte na wedergeboorte, die smagting van 'n gelowige na verlossing van sy "swakke, vallende christelike lewe", die begeerte om siele na Jesus te lei - alles is opgeneem in die wil van God vir die mens.

Dit is in hierdie trant wat Scheepers se geskrifte oor heiligmaking die lig gesien het. Hy het besef wat die nood onder kinders van God is en verduidelik dan stapsgewys hoe 'n gelowige so 'n lewe deelagtig kan word. Die stappe is

- U moet glo dat daar so 'n lewe is
- U moet glo dat die lewe vir u is
- U moet bely dat u die seën nie het nie
- Ek moet hierdie lewe hê, kos wat dit wil
- Ek lê my onvoorwaardelik op die altaar van God neer
- Wat ek God gee, dit neem Hy
- Belydenis en aflegging van elke sonde
- Geloof
- U rein hart moet nou vervul word
- Verwag die ondervinding

Scheepers beweer dat regverdigmaking en heiligmaking tot mekaar staan soos die verhouding tussen 'n fondament en die huis waarop dit gebou is. 'n Persoon moet dus seker wees dat hy wedergebore is voordat hy heiligmaking deelagtig kan word. "Godsdienstige nie-wedergebore mense soek soms heiligmaking en kom tot bekering.." (:4).

---

[10] Hierdie artikel het ook in Die Kerkbode verskyn (Datum onbekend)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos ander teoloë voor en ná hom, verduidelik hy ook die volheidslewe in analogie met die land Kanaän (:5).

In die blad *Betshan* (Oktober 1944) kom sy behandeling van Rom.6:6 voor. Die artikel handel oor heiligmaking en daarin verstrek hy drie sieninge: Die eerste is dat die bedorwenheid nou een maal in die mens is waaraan hy niks kan doen nie. Die tweede is dat die ou "self" oorheers en onderdruk moet word, maar hierdie beskouing is onhoudbaar: "'n Beeld van die uitvloeisel uit 'n onrein hart, wat alleen verwyder kan word deur die bron te suiwer van die erfsmet wat die oorsaak van die onreinheid is. En my hoorder, daarvoor help onderdrukking en alle menslike ywer niks nie.."

Die laaste beskouing is "die Bybelse een", naamlik dat daar 'n krisispunt in die lewe moet kom waardeur die "self", die verteenwoordiger van satan in die mens, die doodsteek moet kry. "Die heiligmaking wat u nou deelagtig geword het is nie 'n einddoel nie, maar 'n meegedeelde heiligheid (*Betshan* Oktober 1944:5,6).

In sy behandeling van die heiliging van gees, siel en liggaam[11], fokus Scheepers veral op die siel van die mens waar heiligmaking hoofsaaklik plaasvind. In die siel, of persoonlikheid van die mens, is die gemoed, die wil die begeertes, die emosies , die verstand en die self gesetel. Voor die sondeval was daar sprake van die goeie self, as onderkoning van God, maar daarna het die slegte self die onderkoning van satan geword (*Betshan* November 1942:1).

By wedergeboorte betree die Heilige Gees die gees van die mens. Volgens Scheepers is daar nou drie EKKE in die lewe van die wedergeborene, naamlik die EK van sy nuwe wese, God die Heilige Gees in sy gees; die EK van die gevalle natuur, die sondige self, die onderkoning van Satan en die EK van die persoonlikheid. Nou dat die Heilige Gees in die gees van die mens kom woon het, ontstaan 'n stryd tussen die vlees en die gees. Die volgende stap is die verlossing van die siel. "Hierdie koninkryk in die siel van die mens, is die bron van die sonde, die neiging tot die sonde, die vlees wat hom aan God nie onderwerk nie...wat al wat uit God is met al die mag van satan openeer. Alle sondige dade, gesindhede en woorde wat uit die mens tevoorskyn kom, voor en na die wedergeboorte het sy oorsprong in die siel van die mens, waarin die bron van sonde is, wat die SELF, EK, VLEES ens. genoem word in die Woord van God" (*Betshan* November 1942:3). Die oogmerk by die verlossing van die siel is om die sondige EK, die onderkoning van satan "uit te roei, dood te maak, te verwyder en te begrawe, om so Jesus op die ontruimde troon koning te maak" (:3).

Vervolgens behandel Scheepers alternatiewe Bybelse begrippe vir die benaming van die "koninkryk van satan in die siel" soos byvoorbeeld *Ek, die ou mens, liggaam van sonde, inwonende sonde* en nog vele meer. Hierdie lys van terme sou later tot groot verwarring onder gelowiges aanleiding gee. Eweneens het die volgende illustrasie van Scheepers vertwyfeling gewek: "Waar het hierdie sondes wat na 'n tyd weer teruggekom het hulle oorsprong vandaan? Spinnerakke kom van die spinnekop hierdie sondes kom

---

[11] Hierdie artikel wat in die *Betshan*blad geplaas is, het ook in traktaatvorm verskyn


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit 'n bron namelik erfsonde. Dit word deur die onderkoning van satan wat in die siel getroond is, bewerk. Die hart is as gevolg hiervan nog nie rein nie" (*Betshan* November 1942:4).

Voorts verwys Scheepers na enkele mistastings in terme van hierdie verlossing wat in die siel plaasvind. Sommige meen dat "onderkoning van Satan" in 'n toestand van magteloosheid geplaas word, ander meen dat dit onderdruk moet word, terwyl 'n derde teorie volgens hom ook onbybels is. Dit stel die hart van die mens voor waarin 'n troon en kruis is. As Jesus op die troon is, is self aan die kruis en andersom. Scheepers sê dat, volgens die Woord van God, word "die self, die onderkoning van Satan, die vlees" deur die Heilige Gees met die swaard 'n doodsteek gegee (:4).

Scheepers beskou dit as 'n "groot dag" toe die Gees van God in die gees van die mens ingekom het, en in 'n sekere sin 'n "groter dag" toe die Heilige Gees die siel in besit geneem het en Jesus koning gemaak het (*Betshan* November 1942:5).

Aan sy studente het ds.Scheepers geleer: "Die geredde moet verduidelik word die sondemag is nog in jou en jy sal forseer word om te sondig teen jou sin, maar daar is verlossing. Moenie sê as jy sondig, dat jy nou nie meer 'n kind van God is nie, maar moenie die leuen glo dat jy nie in hierdie lewe van die mag van die sonde kan verlos word nie. Daar is verlossing vir jou" (Boek 6:49).

9.1.5.1.8 Die proses van heiligmaking

In hierdie verband haal Scheepers 'n definisie aan van dr.A.Murray oor heiligmaking: "Dit is 'n krisis ondervinding met die oog op 'n proses" (Ongelukkig word die bronverwysing nie verstrek nie.) (*Betshan* November 1942:5). Op 'n ander plek sê Scheepers: "Die krisis by die doding van die selflewe is eens en finaal maar wanneer dit by die eienskappe, by die heiliging van die siel kom is daar 'n proses" (:6).

Hy brei verder uit oor die proses: "Die krisis ondervinding beteken die doding van die sondige self en die kroning van Koning Jesus op die troon. Hierdie troon is in die siel. Met die doding van koning Self het die eienskappe van die siel bly bestaan, namelik, die persoonlikheid wat samegestel is uit die wil, die verstand, die gevoel, die self-bewussyn, die verbeeldingsvermoë en karaktereienskappe.... Heiligmaking bestaan nou daarin dat koning Jesus hierdie eienskappe van die siel van alle sondige invloede sal reinig om dit daana onder sy mag en heerskappy te kry, sodat Hy dit in Sy diens kan gebruik" (*Betshan* November 1942:5). Voorts haal hy weer vir Murray aan wat wys hoe sterk die invloed van die siel is. Onder andere sê Murray: "So listig en magtig is die siele-lewe, dat ook waar die siel geleer het om God te dien die siel nog sy kragte inspan en deur sy pogings om godsdienstig te wees weier om die Heilige Gees die leiding te gee. Hierdeur word die Heilige Gees gehinder in sy werksaamheid" (:6).

Vroeër het Scheepers gepraat van die drie EKKE. Hier kom die "EK van die persoonlikheid" ter sprake. Hierdie Ek van die persoonlikheid moet nou oortuig word van die onheilighede en moet toestemming verleen vir die verwydering daarvan. Dit gaan dikwels met 'n stryd gepaard. Tog is dit belangrik dat die mens hierdie onheilighede aan die Heilige Gees sal uitlewer om gekruisig te word met die oog op die toename in heiligmaking. "'n Gelowige het net so veel heiligheid as wat die bestanddele van sy siel, die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

karaktertrekke van sy persoonlikheid van al wat sondig, van die ou Adam natuur gereinig en verlos is en met die lewe van Christus vervuld is" (*Betshan* November 1942:6).

In sy verduideliking van "*Heiligmaking in die daaglikse lewe*" kom die proses duidelik na vore. Hy bespreek onder andere "onheilige gesindhede...wat na ou Koning Self lyk. Nou is dit nie Satan wat op u afsak nie maar gesindhede wat by u aanwesig is en u weet nie wat dit vandaan kom nie (:4). Hy verduidelik sy stelling aan die hand van die "drie selwe" soos vroeër genoem. "Koning Jesus het nou die regering oorgeneem, op die troon van die hart maar nou moet die onheilighede uit die persoonlikheid, en karakter uitgesuiwer word en die karaktertrekke van Koning Jesus moet aan u meegedeel word. Nou is u op die pad van heiligmaking" (*Betshan* Mei 1943:4).

Hy gebruik 'n voorbeeld van persone wat teleurgesteld raak omdat hulle nie die gesindheid van Jesus in hul lewens openbaar nie. In hulle soeke na 'n dieper heiliging kom hulle by 'n voller oorgawe van hulle wil en ondervind 'n wonderlike instroming van liefde. By 'n dieper vereenselwigings word persone meer liefde en heiligheid deelagtig (*Betshan* Mei 1943:5). Wat Scheepers hierdeur wil sê is dat hierdie ontwikkeling oor 'n tydperk plaasvind.

Scheepers se beskrywing van die sondige toestand van die Geesvervulde kom in die volgende woorde sterk na vore: "U menslikheid is deurtrek of liewer deursuur met die vloek en sonde wat u getref het" (:5). Hierdie sondige gesindhede en eienskappe moet uit die gemoed en persoonlikheid van die mens "uitgepers, uitgesuiwer en gelouter word om by die wederkoms rein, onbesmet, sonder vlek of rimpel voor hom in heiligheid te wees" (:5).

Sy heiligmakingsleer kan opgesom word deur die klem wat hy plaas op die krisis van heiligmaking, waar "die doding van die selflewe" finaal plaasvind, terwyl by die proses 'n dieper reiniging en verlossing asook dieper oorgawes voorkom (*Betshan* November 1942:6).

9.1.5.1.9 Perfeksionisme

Veral bostaande uiteensetting van die proses van heiligmaking lewer voldoende bewys dat hy nie geglo het aan sondelose volmaaktheid ná die vervulling met die Heilige Gees nie.

Sy leer oor heiligmaking word verder uiteengesit en ook gepreek aan die hand van 'n uitbeelding van "Die sewe harte" 'n Bestudering daarvan skep die idee asof hy aan sondelose perfeksionisme geglo het. (Sien bylae 1 en 2)

Die sewe harte word voorgestel deur konsentriese sirkels. Die buitenste sirkel stel die persoonlikheid van die mens voor, terwyl die binneste sirkel op die mens se hart dui.

Die eerste hart wys op die sondelose toestand van Adam voor die sondeval. Die tweede sirkel stel die hart voor van die mens wat met erfsonde gebore word. "Elke mens word met 'n swart hart gebore...Die swart hart noem ons erfsmet, of erfsonde." Dit is die aangebore verdorwenheid waarmee elke mens gebore word en van nature geneig is om God en sy naaste te haat. Wedergeboorte is noodsaaklik.

Die derde hart word deur 'n pikswart kol voorgestel. Dit simboliseer die erfsmet wat as fontein die sondes laat opborrel. So 'n persoon moet tot bekering kom. Die stappe daartoe is eerstens dat die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Heilige Gees die mens se oë open vir die sondes in sy lewe; Met berou moet sondes een vir een by name bely word; glo dat Jesus vir die sondes gesterf het en laastens word die ewige lewe met dank aangeneem.

By bekering ontvang die mens 'n wit hart. Die mens ontvang vergifnis, versoening regverdigmaking. Die mens ontvang 'n tweede hart wat wedergeboorte, oftewel die ewige lewe, voorstel. "Die gelowige het nou twee harte en daarom is daar lig en duisternis, vlees en gees, die Heilige Gees en Self in sy lewe." Scheepers verstrek 20 benaminge vir die "ou lewe" soos *Ek, liggaam van sonde, vlees, woestynlewe, onrein hart, die ou mens, inwondende sonde,* ens.

Die volgende hart dui 'n gelowig aan wie se sondes bely en vergewe is. "Die kruis word aan SELF met sy 20 name...toegepas. Gods Woord leer dat SELF dood is in Christus aan die kruis."

Die laaste hart is 'n rein hart. "Dit is 'n goddelike eis.... Die weg daartoe is: 1.Bely u sondes kind van God en 2. Glo vier dinge: - 1. Dat u sondes vergewe is; 2. Dat self dood is en dat u hart rein is....3. Dat God u rein hart gevul het met die Pinkstervolheid; 4. Hou dit in die geloof vas totdat die ondervinding kom.

Die voortselling van die eerste hart, naamlik dié van Adam voor die sondeval lyk presies dieselfde as die laaste hart wat genoem word: "Die wit hart waar God drie-enig heers." Op die oog af wil dit dus blyk asof die leer van Perfeksionisme hier verkondig word omdat die gelowige, wie se hart gereinig is, net so sondeloos voorgestel word as dié van Adam voor die val.

Die term "rein hart" wat in daardie dae algemeen gebesig is, kon ook moontlik impliseer dat die mens nou sondeloos is.

Aan die agterkant van die traktaatjie verskyn egter 'n uittreksel onder die opskrif "Perfeksionisme. Dit handel oor die besluit van die predikantekonferensie te Wellington (Mei 1875) dat die beoefening van die hoër Christelike lewe, soos deur dr.A.Murray voorgestaan is, nie noodwendig die leer van perfeksionisme sal bevorder nie.

Die plasing van hierdie beriggie wat in die "Zuid-Afrikaan" van 5 Junie 1875 verskyn het, dien 'n tweeledige doel, naamlik dat ds.Scheepers bevestiging soek dat sy leer oor heiligmaking wel in die Kerk verkondig is en dat hy hom distansieer van die leer van perfeksionisme. Scheepers het dieselfde berig aan sy studente gedikteer vir aantekening (Boek 7:106-108).

Ook in die traktaatjie "'*n Rein Hart*" word die idee geskep asof hy perfeksionisme verkondig. Hy sê onder andere: "Sondes soos 'n slegte humeur, hoogmoed, jaloesie, liefdeloosheid, wêreldgesindheid word aangetref in die weergebore hart, maar nie in die reinhart nie. Dis nie 'n hart waarin die sonde onderdruk word nie....maar in die gereinigde hart is dit weg, dit word nie onderdruk nie" (:5). Dan definieer hy 'n rein hart as 'n hart vry van die mag van die smet van sonde, met ander woorde die sondemag is verbreek (:5).

'n Opmerking wat baie na aan die leer van die "Second Blessing" grens, is die volgende: "Neiging tot sonde is van binne in die hart wat nog nie gereinig is nie, versoeking is van buite. Deur aan versoeking toe te gee word dit sonde. Deur dadelik my sonde te bely, behou ek my staat van reinheid" (:6). Hierdie


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

laaste sin in verband met die proses van sonde doen en vergifnis ontvang, verskil in wese nie veel van die siening van baie predikante dat heiligmaking 'n *voortdurende bekering is* nie.

Ook in sy artikel "*Heiligmaking in die daaglikse lewe*" stel hy hom bloot aan kritiek en beskuldigings dat hy die leer van perfeksionisme verkondig. Hy beskryf die toestand van die gelowige nadat hy vervul is met die Heilige Gees en hoe die Satan met felle aanslae op hom toeslaan. "Die sondige self kannie weer lewendig gemaak word nie, en in die hart teruggebring word nie, met ander woorde sonde kan uit daardie hart nie kom nie, maar nou kom Satan van buite af met die beskuldigings en sondes wat hy na die persoon aanbring en hom wys maak dat hy daaraan skuldig is, terwyl dit nie die geval is nie" *(Betshan* Mei 1943:2).

As voorbeeld gebruik hy Eva wat geen sonde in haar gehad het nie en hoe sonde "van buite af" aan haar gebied is. Met die ontvangs daarvan is sonde in haar hart gebore. "...netso probeer satan sonde van buite af vir ons ook aan te bied. Neem ons dit aan, word sonde in ons reinhart (sic) gebore wat weer deur die Bloed gereinig kan word, maar weier ons dit bly ons hart rein en het satan 'n neerlaag gely" (:2).

Waarna hy wel verwys wat nog in die mens se lewe "agterbly" ná die vervulling met die Heilige Gees, is vleeslike gewoontes "wat beoefen is onder regering van Koning Self..." (:3). Voorbeelde wat genoem word is die wederregtelike besit van items van besighede vir privaatgebruik, die onwelvoeglike optrede teenoor bediendes, vryetydsbesteding, geleende items wat nie terugbesorg is nie, die betrokkenheid by vergaderings en byeenkomste waarvan die Heilige Gees die mens van oortuig, ens.

Bogenoemde dui egter nie op sondes wat in die mens se lewe is ná die vervulling met die Heilige Gees nie. Verderaan verduidelik hy dat sekere ongewenste gesindhede by die Geesvervulde bespeur kan word soos nukkerigheid, ongeduld, ens. Hierdie tendens word nie aan die deur van die "self" gelê nie, want Self is dood...Koning Self kan nie meer lewendig word nie. Satan is die oorsaak want hy probeer nou om "sonde weer in die reinhart (sic) te bring en so die werking van die vervulling uit werking te sit..." Die raad wat hy gee is "Sodra u dit agterkom, weier dit as van Satan en bid daaroor totdat u hom oorwin het" (*Betshan* Mei 1943:4).

Om saam te vat: Op die oog af blyk dit asof hy neig in die rigting van 'n leer oor sondelose perfeksionisme, maar te veel bronne bewys die teendeel.

In een van sy traktaatjies: "*Sonde in die lewe van die Geesgevulde*" se inleidende paragraaf antwoord hy bevestigend dat 'n Geesgevulde nog sondig. Hy sê dat die vyande van heiligmaking voorstaanders daarvan beskuldig van allerlei ongerymdhede, ondermeer "dat ons sondelose volmaaktheid verkondig, dat ons sê: dit is al soveel jare wat ons laas sonde gedoen het, ens.ens. Ek betreur die verspreiding van sulke moedswillige leuens. Baie vlees like Christene is banger vir heiligheid as vir sonde....Die leer van volmaaktheid wat ons verkondig is nie engelevolmaaktheid of Adam-voor-die-val volmaaktheid nie maar Christelike volmaaktheid, d.w.s. 'n volmaaktheid soos die Bybel dit vir gelowiges aan hierdie kant van die graf voorstel" (:2).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Sy verduideliking oor die sondeprobleem word ondersteun deur die stelling dat daar 'n onderskeid is tussen sonde doen en deur sonde oorheers te word. Hy haal in hierdie verband Gesang 12:5 aan. Die laaste sin lui so: *"En schoon ek vaak uit zwakheid viele, Toch heerst in my de sonde niet"*.

Hy noem verskeie redes waarom Geesvervuldes nog sonde doen. Die eerste is *onkunde*. Die Geesgevulde iemand is van wie die selflewe gekruisig, dood en begrawe is (Kategismus vraag en antwoord 43). "Hy moet hieraan gelowig vashou en hom nie deur gevoelens van binne en tekens van buite en nie deur sogenaamde heiligheids-predikers van sy geloofsoortuiging laat afbring nie" (:3). Hy raai die gelowige aan om te bely: "Ek hoef nie te sondig nie, want die Drieënige God woon in my om my te bewaar." Deur die verligting van die Woord deur die Heilige Gees, sal 'n mens weet wat die vervulling is en 'n weg vind om 'n lewe te lei waarin sonde oorwin sal word (:3).

'n Tweede oorsaak word toegeskryf aan onkunde en ongeloof. Op praktiese wyse gebruik Scheepers 'n voorbeeld van die ou klere van ongeloof wat saamgeneem is oor die Jordaan en dit word soms geopenbaar. Gevoel kan ook geloof ondermyn. "Geloof is om vir waarheid te hou wat God sê in die aangesig van die teenoorgestelde gevoelens" (:4).

Sy aanval op sogenaamde heiligheidpredikers sou talle van sy teëstanders se monde snoer. Hy beskou dit as 'n dwaalleer wanneer uitlandse heiligheidpredikers "'n standaard voorhou wat so hoog is dat mense, wat waarlik die vervulling het, se fondamente so geskud is dat hulle alle vrymoedigheid verloor het" (:4). Hy sê: "Dis 'n misdaad. Van valse fondamente moet mense afgeslaan word maar nie van goeies nie" `(:4).

Of hierdie opmerking die idee mag skep dat dit 'n verlaagde standaard impliseer, haal hy dr.Andrew Murray se antwoord aan op 'n vraag of hy vervuld is met die Heilige Gees. Murray antwoord: "Ja. Nie so vol as ek kan wees of verlang om te wees nie want ek is lid van 'n sieklike liggaam, n.l. die Christelike kerk" (:4,5).

In 'n stelling wat Scheepers met 'n "N.B." merk, sê hy: "Hierby kom die voorstelling asof die mens nou heeltemal heilig is wanneer die vervulling ontvang is, wat nie waar is nie"(:5). Hy sê verder dat heiligmaking karaktervorming is. "Dit is 'n saak van groei....Moenie die aanwesigheid van onvolmaakthede beskou as 'n bewys dat jy nie Geesgevuld is nie. Aan die anderkant moenie bepaalde sondes in jou lewe verskoon nie" (:5).

Scheepers werp verdere lig op dit wat gelowiges laat twyfel of hulle vervuld is met die Heilige Gees wanneer hy sê: "Die mens as 'n Geesgevulde behou sy eie wil as 'n persoon....Op die hele pad van heiligmaking is dit 'n gedurige keuse tussen die wil van God en die wil van 'n ander en my eie wil" (:6). Om toe te gee aan 'n versoeking, kan ook 'n rede wees waarom Geesgevuldes sondig, al is dit net in die gedagtewêreld (:7).

Bogenoemde grepe uit Scheepers se werke lei tot die slotsom dat hy baie beslis nie die leer van perfeksionisme voorgestaan en verkondig het nie.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

9.1.5.1.10 Evaluering van Scheepers se leer.

Ds.Scheepers het sterk aanklank gevind by prof.N.J.Hofmeyr en dr.A.Murray en dikwels na hulle verwys. Sy leer oor bekering was in lyn met dié van Hofmeyr.

In breë trekke het Scheepers se heiligmakingsleer ooreengestem met dié van Murray en Hofmeyr omdat albei 'n tweede krisisondervinding van heiligmaking in die gelowige voorgestaan het. In fyner besonderhede was daar egter verskille, veral ten opsigte van Scheepers se eienaardige teorie dat die "self" gedood word. In een van sy *Betshan*-blaadjies (Jan/Feb.1938) is 'n hoofstuk uit prof.Hofmeyr se boek geplaas met die opskrif: "Op watter een van hierdie twee paaie wandel u?" Hierdie bydrae handel oor Rom.7:23 en Rom 8:2 wat twee paaie van die gelowige aandui, naamlik die pad van slawerny en die pad van vryheid.

Ongelukkig is hy verkeerdelik beskuldig dat hy die leer van Perfeksionisme verkondig het. Dit kan egter nie verkwalik word nie, want in verskeie geskrifte skep dit die idee, maar by nadere ondersoek is hy beslis dat 'n <u>proses</u> van reiniging in die kind van God se lewe plaasvind.

In sy geskrifte stel hy die sonde waarvan die gelowige verlos word, as sinonieme met die *ek, die vlees, die ou mens, ens*. Dit kon ongetwyfeld tot verdere verwarring en misverstande lei. Veral die uitdrukking dat, met die krisis van heiligmaking, die "SELF" gedood word, het in die jare wat gevolg het, tot vele misverstand gelei. (So het ds.J.P.Prinsloo, wat in die vyftigerjare prinsipaal was van die Nuwe Protestantse Kerk Kweekskool, beswaar gemaak teen hierdie uitdrukking. Hy het vir die studente gesê dat as die "self" in die mens dood is, dan is hy 'n pop (Coetzee 21 Mei 1997).

Ds.Scheepers se betrokkenheid by die A.E.B. kon hom moontlik verder blootstel aan beskuldigings van Perfeksionisme. Hoewel die A.E.B. meer geneigd is tot die Arminianisme, en daarmee saam die leer van Perfeksionisme, het Scheepers hom in geen onduidelike taal, skerp daarteen uitgespreek en sy Calvinistiese verbintenis oorbeklemtoon. (Hy het egter hom dikwels uitgespreek teen die "uitverkiesingmense" en die "ultra-Calviniste").

Ná sy veroordeling deur die Kaapse sinode van die Ned.Geref.Kerk in 1932 rakende sy optrede as Los predikant sonder kerklike sanksie en toesig, rig hy 'n verweer aan die Scriba Synodi, ds.A.J.van Wyk, van Franschhoek. In die brief, gedateer 18/9/1936, maak hy beswaar dat hy sonder 'n offisiële klagte, "net op losse gerugte, sonder ondersoek of verhoor" veroordel is. Daarin verduidelik hy sy betrokkenheid tot die Ned.Geref. Kerk.

> My status as predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is my heilig en dierbaar en as predikant van my kerk het ek die reg om die beskerming van my kerk te vra. My kerk is onder die verpligting om my te beskerm en nie na willekeur te veroordeel nie. Ek weet dat ek in een adem met die A.E.B. genoem word. Ek verklaar hiermee dat daar nie 'n speldepunt van 'n Sektariese gees in my is nie. Ek is deur en deur kerkgesind in die regte betekenis van die woord. Daar is 'n wêreld van onderskeid tussen die A.E.B. en my wat ons status in die kerk betref. Ek weet dit word ook van my gesê dat ek sondelose perfectionisme leer. Dit is onwaar. Ek meen eerlik dat ek in alles op die woord van God staan en nerens in stryd met die leer van my kerk is nie" (*Betshan* Jan./Feb.1938:16).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy vermeld ook wat ds.C.P.Pauw, voormalige hoof van die O.V.S.Seding in Noord Rhodesië, by geleentheid oor hom gesê het: "....hy het geen nuwighede verkondig nie, maar kalm dog beslis en met krag gehamer op die ou waarhede wat ons vind in Gods Woord in ons psalms en gesange, in die boeke van vader Andrew Murray, en wat Prof.Hofmeyr ons geleer het in die kweekskool om nou nie meer te noem nie" (:16).

Besonderhede uit bostaande brief bevestig sy verhouding tot die Ned.Geref.Kerk, die A.E.B. en persone soos prof.Hofmeyr en dr.A.Murray. Dit dien ook vermeld te word dat hy tot die dag van sy dood aan geen ander kerk behoort het as die Ned.Geref.Kerk nie.

9.1.5.2 Ds.W.C.Malan

Ds.Malan het 'n paar geskrifte die lig laat sien, waaronder "*Met watter Doop?*"; "*Duisend Jaar! Hoe lank?*"; "*Genade Gebeurtenisse*" en "*Die Getuinis ontbloot Jehovah-Getuies*". Ongelukkig kon slegs een bron verkry word waarin hy sy leer sistematies uiteensit, naamlik "*Die Reguit pad enduit veilig*" Hy het hierdie boek geskryf as emeritus van die Ned.Geref.Kerk. Sy interpretasie van die heilsweg sien soos volg daaruit:

9.1.5.2.1 Roeping en verkiesing

In sy hantering van die heilsweg, begin Malan by "Roeping en Verkiesing". Die gevalle toestand van die mens in Adam beteken nie dat God sy rug tot die mens keer nie, maar Hy begeer om die gevalle mens tot Hom terug te bring. God het sy roeping en verkiesing tot die gevalle mens gerig en vir Adam en Eva laat besef dat Hy hulle tot sy liefde terugroep (Malan 1973:6). God wat uitverkies, roep ook en by die uitverkiesing word die roeping gevoeg. "Net so handel Hy vandag nog met ons mense deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees, wat daarvoor Gods woord tot ons bring" (:6).

God se Raad en die verantwoordelikheid van die mens kan nooit geskei word nie (Malan 1973:7). Volgens die Belydenisskrifte en die Woord, het God 'n bepaalde weg uitverkies waarvolgens Hy met die mens handel. In sy uitverkiesingsraad neem Hy die verantwoordelikheid van die mens in ag deur hom te roep en die roeping by die verkiesing te voeg. "As Hy nie uitverkies en roep nie, dan het ons nie Sy onveranderlike uitverkiesing as grond van sekerheid vir ons saligheid nie en ook nie Sy onveranderlike roeping as grond van sekerheid vir die moontlikheid van 'n aandeel aan die saligheid nie" (Malan 1973:8).

Wanneer die verlore sondaar sy behoefte aan redding erken en Jesus as sy Saligmaker aannneem, word sy roeping en verkiesing aanmekaar vasgemaak. "Hy het voldoen aan sy verantwoordelikheid en dit is met sy gees dat die Heilige Gees gedurig deur die woord van God getuig, dat hy deur die wedergeboorte uit God 'n kind van God is, en die ewige lewe het" (Malan 1973:8,9). Ook wanneer die sondaar 'n besef kry van sy verlore toestand en die Here Jesus aanneem, maak hy gebruik van die genade van God om sodoende die roeping en verkiesing van God vir homself vas te maak (:9).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit gebeur dikwels dat mense die skuld op die uitverkiesing plaas waarom mense verlore gaan. Dit is egter die mens se eie skuld dat hy verlore gaan "en in die uitverkiesing van God gelaat word in die verderf, waarin hy homself werp" (:9).

9.1.5.2.2 Geloof en Geloofsversekering

Malan (1973:13) onderskei tussen geloof voor en geloof ná redding en noem dit "die eerste en tweede". Albei word in die mens gewerk deur die Heilige Gees en by albei gebruik Hy die Woord.

Deur die geloof voor die mens se redding (eerste geloof) oortuig die Heilige Gees hom met die Woord van God van sy verlore toestand, sonde en ellende. Deur die tweede geloof getuig die Heilige Gees saam met die gelowige se gees, ook deur middel van die Woord van God, dat hy kind van God is (:13). Die Heilige Gees kan egter nie saam met al die mense op aarde getuig dat hulle kinders van God is nie, omdat almal Hom nog nie aangeneem het as hul persoonlike Saligmaker nie. Die grootste rede hiervoor is ongeloof.

Ter ondersteuning van sy standpunt dat geloof voor en ná redding 'n vereiste is, gebruik hy die posisie van die volk Israel in Egipte. Voor en nadat hulle deur die Rooi See getrek het, het hulle geloof beoefen wat verkry is deur die woord van die Here wat deur Moses en Aäron aan hulle oorgedra is (Malan 1973:14). Soos in die geval van 'n persoon wat as erfgenaam aanspraak maak op 'n erflating, so kan elke sondaar wat aan God die bewys (erkenning en belydenis) lewer dat hy 'n sondaar is en hom tot God wend (bekeer) die erflating van die testament van God ontvang (:15). Die Bybel is die bron van hierdie geloof en deur dieselfde woord getuig die Heilige Gees saam met sy gees dat hy 'n kind van God is en sodoende ontvang hy geloofsversekering deur die Heilige Gees.

9.1.5.2.3 Bekering en wedergeboorte

Malan (1973:16) stel dit baie duidelik dat hierdie twee aspekte, wat dikwels deur die duiwel gebruik word om mense te laat dwaal, duidelik van mekaar onderskei moet word, maar nie geskei kan word nie. Bekering is 'n werk wat God aan die mens opdra omdat Hy dit vir die mens moontlik maak om dit te doen, terwyl wedergeboorte 'n werk is wat God self doen en wat net Hy alleen kan doen. "Niemand kan verklaar waar dit sy aanvang neem nie of waar dit sy voltooiing bereik nie...en tog is dit 'n werk, waarvan ons besliste sekerheid moet verkry dat God dit aan ons gedoen het"(:17).

Bekering en wedergeboorte kan albei deur die geloof verkry word. Geloof word verkry deur die Woord van God. Geloof red nie die mens nie, maar is slegs 'n middel waardeur die mens tot God kom.

'n Uiters delikate punt wat Malan (1973:18) aanraak, is of die sondaar in staat is om hom tot God te bekeer. Hy verwys na die teorie wat leer dat die sondaar hom nie tot God kan bekeer alvorens hy deur God wedergebore gemaak is nie. Dan word die illustrasie van 'n babatjie gewoonlik voorgehou. Net soos 'n baba voor geboorte niks kan doen nie, so kan 'n sondaar voor wedergeboorte nie glo en hom bekeer nie. Volgens Malan (:18) is hierdie illustrasie, gemeet aan die Skrif, onhoudbaar. Hy verstrek enkele redenasies om sy bewering te staaf, waarvan die vernaamste is dat die mens by die sondeval nie opgehou het om mens te wees nie. Daarom behou hy nog sy wil om te kan kies. Wanneer die mens


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

egter wedergebore gemaak word voordat hy kan en wil glo, en voordat hy hom wil bekeer, word hy teen sy sin en wil gedwing om met God in die nouste verbintenis te kom (:19). In hierdie sin is Malan oortuig dat hierdie beskouing lynreg is teen die Belydenisskrifte wat op die Woord van God gebaseer is..

'n Verdere rede wat Malan aanvoer is dat die mens, volgens die Woord van God, sekerheid van sy wedergeboorte kan verkry. Deur die Woord word net een weg aangestip waardeur die mens wedergeboorte deelagtig kan word. Deur die dood en opstanding word bekering aan die mens gegee. Dit wat uit die hemel aan die mens gegee word, moet hy aanneem. Dit is die mens se verantwoordelikheid om gebruik te maak van die bekering wat tot die mens se beskikking gestel is. "God dwing niemand ooit deur die woord van Sy almag tot die wedergeboorte of bekering nie; maar deur Sy goedertierenheid roep en lei Hy ons na die pad van bekering, wat Hy vir ons reggemaak het"( Malan 1973:21). God roep die mens deur sy goedertierenheid en as die sondaar in geloof daarop reageer, word hy deur die wedergeboorte 'n kind van God. "Dan sal die Heilige Gees saam met die gees van elke sodanige persoon deur die onverganklike woord van God helder, duidelik en heerlik getuig en die geloofsversekerdheid gee dat hulle wedergebore kinders en erfgename van God is (:21,22).

Op 'n vraag waarom party mense nie wedergebore word nie, is vir Malan (:22) net een antwoord, naamlik dat so 'n persoon die evangelie nie wil glo nie en die beskikbare bekering nie wil gebruik nie.

In die res van die betrokke hoofstuk oor die volgorde van bekering en wedergeboorte, behandel Malan verskeie redenasies en kom tot net een slotsom, naamlik dat bekering, wat die verantwoordelikheid van die mens is, voor wedergeboorte kom.

In 'n vorige hoofstuk verduidelik Malan (1973:12) dat bekering nie redding is nie. Bekering is dus nie 'n taak waardeur redding bewerk word nie. Bekering is by die mens die diepste besef en sterkste erkentenis van sy hopelose en volslae verlorenheid en daarmee gepaardgaande 'n behoefte aan 'n ware Redder.

#### 9.1.5.2.4 Reiniging en heiliging

Die geestelike ervaring van die gelowige eindig nie by bekering en wedergeboorte nie. In werklikheid is dit die begin van die geestelike lewe as wedergebore mens. Die mens se posisie as slaaf onder die heerskappy van satan word omgesit in kindskap van God die Vader. Die hemelse lewe moet nou tot openbaring kom in sy lewe (Malan 1973:28).

Malan (1973:28) verwys ook na twee bekerings in die mens se lewe: Die een of eerste bekering vind plaas voor die redding of wedergeboorte en is 'n bekering van 'n sondaar en staan bekend as die bekering tot sy redding. Die tweede vind plaas ná sy redding of wedergeboorte en is 'n bekering tot sy reiniging en heiliging. Hierdie tweede bekering is net vir die wedergeborene bedoel en is nie vir die ongeredde sondaar beskore nie. Dit is die bekering van 'n kind van God tot reiniging van sy hart om deur vervulling met die Heilige Gees heilig gemaak te word om nou afgeskeie van die wêreld en toegewy aan die Here heilig te lewe (Malan 1973:28). Met die tweede bekering word die kind van God van die aangebore sonde verlos. Dit is die plant wat die Satan geplant het wat ontwortel moet word sodat ons deur die Heilige Gees heilig gemaak kan word. Hierdie reiniging van die hart dien as voorwaarde vir die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

vervulling met die Heilige Gees (:29). Die tweede bekering is die "epstrofee" en in Petrus se geval het hierdie bekering (epstrophe) plaasgevind. "Dit is dus bekering waarmee 'n weergebore kind van die Here hom moet bekeer om van die aangebore sonde gereinig en met die Heilige Gees vervul te word" (:30).

Alhoewel hy nie baie daaroor uitbrei nie, skep Malan wel ruimte vir 'n proses van heiligmaking en wel in die volgende woorde: "Hy sal ons harte reinig van die aangebore sonde en dan...ons met die Heilige Gees vervul. Dan sal Hy wat nou liefdesbeheer oor ons lewe gekry het, ons in staat stel om steeds voortdurend al ons dae totdat geloof oorgaan in aanskoue dit na te jaag om heiliger gemaak te word..." (Malan 1973:31). (My onderstreping).

9.1.5.2.5 Bewaring en volharding

Onder hierdie opskrif behandel Malan enkele dwaalleringe wat terselfdertyd 'n aanduiding gee van sy standpunt oor die betrokke sake. Veral aspekte soos die verval van die gelowiges en perfeksionisme word summier verwerp. Laasgenoemde onderwerp word deur hom soos volg beskryf: "Mense wat dit aanhang, leer dat kinders van die Here wat van die aangebore sonde gereinig en met die Heilige Gees vervul is, kan in hulle lewe hier op aarde by so 'n geestelike toestand kom, dat hulle nie meer sonde kan doen nie" (Malan 1973:33). Hy voeg daaraan toe dat in die Bybel geen grond vir so 'n beskouing is nie en dat dit gebou is op waninterpretasies van sekere teksverse. Hierdie beskouing verloor uit die oog dat selfs geheiligde kinders van die Here nog steeds die gevalle liggaam, waarmee hulle gebore is, tot en met die dood behou (:33). Die enigste bedreiging vir die geheiligde kind van God is as versoekings van buite kom.

Teenoor die dwaling van Perfeksionisme, opper Malan die *vrees vir Perfeksionisme*. Mense wat hierdie beskouing voorstaan, ontken dat die "oue mens" by 'n gelowiges so gedood word, dat dit nie meer in hulle kan lewe nie. Ook ontken hulle dat "die liggaam van sonde" by 'n gelowige so vernietig kan word "dat sy hart volkome van die aangebore sonde - waarby die liggaam van sonde ook in die Bybel genoem word - gereinig sal wees sodat die liggaam van sonde of die aangebore sonde nie meer in ons harte is nie" (Malan 1973:34). Hulle leer dat indien die aangebore sonde vernietig is, kan die mens nie meer aan versoekings toegee en sondig nie.

Om saam te vat: Malan leer dus dat die "oue mens" by die gelowige totaal en al gedood word; dat die "liggaam van sonde" of aangebore sonde by 'n gelowige vernietig word sodat hy geheel en al daarvan gereinig word. Wat versoeking betref, leer Malan (1973:35) dat dit onbybels is om te glo dat die afwesigheid van die liggaam van sonde by 'n mens die waarborg is dat hy nie versoek kan word en nie sonde sal kan doen nie.

9.1.5.2.6 Samevatting van Malan se leer

By ds.W.C.Malan bestaan geen twyfel dat bekering voor wedergeboorte plaasvind nie. Die twee aspekte word van mekaar onderskei, maar nie geskei nie - tipies war prof.N.J.Hofmeyr en ook ds.C.F.Scheepers geleer het.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy glo ook aan 'n eerste en tweede bekering. By die tweede bekering vind die verlossing van die "liggaam van sonde" plaas en dit is steeds moontlik vir die mens om aan versoeking toe te gee. Sy pertinente koppeling van die woorde "metanoia" en "epistrophe" respektiewelik aan die eerste en tweede bekering, kom nie algemeen by ander teoloë voor nie.

Die uitdrukking wat hy gebruik, naamlik dat die plant wat Satan geplant het, ontwortel moet word, kan die idee skep asof hy neig in die rigting van die ontwortelinsgteorie. Hierdie teorie leer dat die gelowige van die aangebore sonde verlos word en dat versoeking nou net van buite kan kom. Sou 'n mens daaraan toegee, word dit sonde. Die feit dat Malan verder uitbrei oor die proses van heiligmaking ná die krisis, bewys die teendeel. Wat hy egter met hierdie uitdrukking bedoel, is dat die mens geheel en al van die aangebore sonde verlos word. Dit impliseer nie dat die mens sondeloos is nie. 'n Voortdurende reiniging moet nog plaasvind.

*9.1.6 Leerverskille tussen Los predikante en Ned.Geref.Kerk*

Alhoewel beide Scheepers en Malan predikante van die Ned.Geref.Kerk was, het hulle leerinterpretasie duidelike verskille met dié van die Ned.Geref.Kerk getoon. Van die vernaamste verskille was dat hulle bekering voor wedergeboorte gestel het, terwyl heiligmaking vir hulle nie net 'n proses was nie, maar ook 'n krisis wat die proses voorafgaan.

Hierdie beskouings is allerweë deur die Ned.Geref.Kerk verwerp. In opdrag van die Vrystaatse sinode van die Ned.Geref.Kerk, verskyn 'n publikasie in April 1940: "*Lospredikante. Hulle gesante en geesverwante*." Daarin kom onder andere die uitsprake van die sinode van April 1940 voor rakende die Los predikante. Onder die hoofpunt: "Lidmaatsbelofte en predikantsbelydenis" verskyn die volgende twee punte:

> 5. Voorts verklaar hy ook met dieselfde ondertekening o.m. 'dit is die wedergeboorte, die vernuwing...wat God sonder ons in ons werk...daarom ook tereg verklaar word dat die mens deur die genade, wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.' D.w.s. die wedergeboorte is Gods werk en dan kom na die wedergeboorte ook die geloof en die bekering. Dit is die leer van die Kerk, wat elke lidmaat voor die kansel bely en elke predikant onderteken.
>
> 6. En hy verklaar ook met sy naamtekening dat hy (Dordtse Leerreels, hoofstuk 2) *die dwaling verwerp*, wat leer: 'Dat alle mense in die staat van versoening en in die genade van die verbond aangeneem is: sodat niemand vanweë *die erfsonde* aan die verdoemenis skuldig of verdoem sal word nie, maar dat al die mense van die skuld van hierdie sonde vry is. Want hierdie gevoele stry teen die Skrif wat sê dat ons van nature kinders van die toorn is'. (Ef.2:3). M.a.w. die *verbondskinders word gered* Hand.2:39, 1 Kor.7:14, en die ander gaan verlore.
>
> D.w.s. elke predikant het met sy naamtekening as onbybels verwerp die dwaalleer wat sê dat geen kind weens sy erfsonde sal verlore gaan nie. As hy dit alles nie verklaar en belowe het nie, sou hy nooit predikant van enige Ned.Geref.Kerk geword het nie (:4).

Direkte aantygings teen ds.Scheepers verskyn voorts in die pamflet. Daarin word die volgende stellings gemaak:

> In 'n pamflet oor die wedergeboorte bl.14 leer ds.Scheepers, dat: 'die mens wat hom nie wil bekeer sal nooit wedergebore word nie.' M.a.w. Bekering kom eers en God kan of sal die wedergeboorte maar ook werk as die mens hom eers bekeer het. Dit is die teenoorgestelde van wat ons Kerk leer (:5).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na aanleiding van 'n kommissieverslag aan die Vrystaatse sinode rakende ds.Scheepers, het *Die Voorligter* 'n berig gepubliseer wat hierdie verslag toelig. Melding word gemaak van die volgende beskouinge van ds.Scheepers, soos dit in een van sy pamflette voorkom: "...dat die gees van elke kind sonder een enkele uitsondering - of die vader en moeder blinde heidene is, of die vroomste man en vrou denkbaar - met die dood na die Paradys gaan..." Oor die laaste uitlating, word die volgende kommentaar gelewer: "...terwyl hy by sy ampsaanvaarding as predikant bely het dat net die uitverkore verbondskinders hemel-toe gaan" (*Die Voorligter* Augustus 1940:755).

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde van die tipe aanval wat teen die Los predikante geloods is. Soos vroeër in hierdie hoofstuk aangedui, moes hulle hewige kritiek verduur - nie net oor hulle onkerkregtelike optrede nie, maar oor hulle leerstellige standpunte.

Wanneer 'n objektiewe waarneming gemaak word van die leer van die Los predikante, ontstaan die vraag of hulle leer werklik so radikaal verskil het en totaal onaanvaarbaar was. Op die oog af blyk dit nie asof dit drasties verskil het met die leer van byvoorbeeld prof.N.J.Hofmeyr nie.

Soos in die vorige hoofstuk uitgelig, was prof. Hofmeyr meer geneig om bekering as voorvereiste vir wedergeboorte te sien. Immers, hy het wedergeboorte en bekering as onlosmaakbaar van mekaar gesien. Dieselfde siening is deur beide Scheepers en Malan gehuldig, trouens veral Scheepers het dikwels Hofmeyr in sy werke aangehaal.

Ds.Scheepers het, ter stawing van sy standpunt oor 'n tweede krisis van heiligmaking, dikwels verwys na die Hofmeyrs, Murrays en Albertijns. Terwyl hy nog predikant op Williston was, het hy sporadies artikels aan *Die Kerkbode* geskryf. Reeds in 1924 het hy die versugting uitgespreek dat meer predikante hierdie ondervinding sal hê. Met die opskrif: "*Die Volheid van die Heilige Gees*" spreek hy hom so uit:

> Volgens die Skrif is dit die voorreg van wedergeborene om bewus te wees van hierdie genadewerk van die Heilige Gees aan die siel. Dit word bevestig deur die getuienis van duisende christene. Nooit sal ek die woorde van wyle Ds.J.R.Albertyn, op Stellenbosch uitgespreek, vergeet nie: "Twee en dertig jaar geleden ben ik van God gezegend met een zegen, die vandag nog voortduurt." Hierdie woorde het vir my een getuienis behels, dat spreker die volle salwing van die Heilige Gees deelagtig was. As ek op die vraag: "Wat is die grootste behoefte van ons Kerk vandag?" moes antwoord, dan sou ek sonder te aarsel sê, "Dat die christene en byname die evangeliedienaars vervuld sal word met die Heilige Gees." 'n Heilige jaloesie vervul my siel, as ek lees wat God in hierdie verband b.v. in Amerika en Engeland doen. Sal dit God dan nie uit genade behaag om ook in onse Kerk manne op te wek en te salf, wat sulke kragtige werk tot herlewing sal doen nie?....Sal daar nie in hierdie tyd 'n noodgeroep uitgaan tot God nie, om ons weer levend te maak, om ons met die Heilige Gees te vervul?" (*De Kerkbode* 2 April 1924:448).

In een van hierdie artikels haal hy 'n gedeelte aan uit prof. N.J.Hofmeyr se *"Pinksterlicht en Leven"*. Dit is 'n weergawe van sy getuienis van 'n tweede bekering:

> "Zij kunnen zich de dag herinneren waarop het gebeurde, dat hun de schellen van de ogen vielen, en zij mogen die dag hun Pinksterdag noemen. Sedert die ervaring zijn zij niet tot de volmaaktheid gekomen, maar mocht hun leven zich gestadig op 'n hoger peil dan vroeger bewegen, en 't was hun alsof zij 'n tweede bekering ondergingen; hoewel 't niets anders was dan


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n ruimer opening van't hart voor de rijke instroming van de Heilige Geest." (*De Kerkbode* 20 Mei 1925:656)

Hierdie getuienisse het sekerlik as motivering gedien waarom ds.Scheepers self van sy eie ondervinding getuig in dieselfde blad:

> "Hierdie woorde beskryf op 'n besonder duidelike en juiste manier die ondervindinge van my eie persoonlik geestelik lewe in die afgelope tyd. Die genadewerking van die Heilige Gees, hierbo die twede (sic) bekering genoem, is nou elf maande gelede aan my geskied....Aan elke mens, wat waarlik wedergebore is, m.a.w., wat die eerste bekering ondergaan het, bied God die lewe van geloof, die Kanaänslewe, die Kristuslewe, 'n lewe in die volheid van die Heilige Gees, die oorwinningslewe aan, as 'n genadegawe...Sal ons nie almal die tien dae van gebed met die oog op ons aanstaande Pinksterfees gebruik om inbesit van ons erfenis te kom nie?" (:656).

Hierdie aanhalings bevestig die aanklank wat hierdie predikante by mekaar gevind het.

Wanneer die boodskap van Scheepers en Malan met dié van byvoorbeeld prof.Hofmeyr, ds. G.D. du Toit en dr.J.C.G.Kotzé vergelyk word, soos wat hulle dit in die praktyk in hulle prediking na vore laat kom het, kan daar beswaarlik enige verskil gevind word. Hulle het die boodskap verkondig van 'n daadwerklike bekering as 'n eerste werk van genade en daarmee saam 'n definitiewe daad waarin heiligmaking as 'n krisismoment in die kind van God se lewe gestalte moet kry. Ds.Du Toit het aanklank gevind by ds.Scheepers, veral oor heiligmaking, terwyl ds. Scheepers dikwels na prof.Hofmeyr en selfs na dr.Murray verwys het.

Maar waar lê die wesensverskil? Die antwoord is moontlik net geleë in die feit dat di.Scheepers en Malan sonder kerklike sanksie hul werk verrig het, terwyl die ander binne die kerklike strukture gebly het. A.van Niekerk (1983:81) se kommentaar oor hierdie tendens is dat ds.G.D.du Toit gepoog het om "die skerp kante van hulle (die A.E.B.) leer af te kap en in lyn met die leer van die kerk te bring", terwyl di.Scheepers en Malan "hul eie weg ingeslaan en hul radikale leerstellige sieninge ongetemperd in die Ned.Geref.Kerk verkondig" het.

Maar wanneer gekyk word na die teorie van byvoorbeeld dr.Jac.J.Müller (wat reeeds in 'n vorige hoofstuk onder bespreking was) staan 'n mens verstom oor die totale verwerping van Scheepers en Malan se leer. Hoewel Müller nie aan 'n krisis van heiligmaking geglo het nie, maar wel aan 'n lewenslange proses, maak hy die volgende stelling: "Soos die geestelike dood van die sondaar oorwin word deur die wedergeboorte en soos sy skuld tot niet gemaak word deur die regverdigmaking, so word die smet van die aanklewende sonde weggeneem en die mag van die inwonende sonde kragteloos gemaak deur die heiligmaking..." (Müller 1941:55). (My onderstreping). Het hierdie predikante werklik so drasties verskil, of het vooroordeel 'n groot rol gespeel? In baie gevalle was die verkeerde terminologiegebruike die groot oorsaak vir verdeeldheid, terwyl daar geen wesensverkille was nie.

Maar kan die werk van Scheepers en Malan as van nul en gener waarde beskou word? Allermins! Wat van baie mense, waaronder dr.J.C.G.Kotzé, wat die dieperlewe-ondervinding onder ds.Scheepers se bediening deelagtig geword het? Wat van soveel mense wat binne-in 'n gereformeerde milieu geestelike verdiepings onder hulle prediking en bearbeiding ondergaan het? Het hierdie predikante nie 'n aptyt


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewek by "geestelike honger" lidmate van die Ned.Geref. Kerk nie? Omdat die los predikante en ander buitekerklike bewegings se handelinge nie volgens bepaalde gereformeerde maatstawwe geskied het nie, is die baba met die badwater uitgegooi.

### *9.2 Dr.D.J.J.de Vos*

Naas die twee Los predikante, was dr.D.J.J.de Vos seker die mees radikale predikant in die Ned.Geref.Kerk in die veertigerjare van hierdie eeu. As Evangeliese predikant, vir wie bekering en heiligmaking hoë prioriteit geniet het, het hy dit ten doel gestel om die Ned.Geref.Kerk van binne te hervorm. Sy radikale optrede teen die geestelike toestand in die Kerk het van hom 'n uiters kontroversuele persoon gemaak en daardeur hom by 'n doodloopstraat gebring.

#### *9.2.1 Vroeë lewe en bekering*

Dirk Johannes Jacobus de Vos is op 22 Julie 1904 in die distrik Sutherland gebore. Hy was een van 'n gesin van 12 kinders uit godvresende ouers van die Ned.Geref.Kerk. Reeds voor sy geboorte het sy moeder hom aan God afgegee en streng as "Nasireër" opgevoed. Van kleins af het sy die geskrifte van Spurgeon aan hom voorgelees en aan hom meegedeel dat hy die pad van Spurgeon moes loop (A.van Niekerk 1983:87).

Die gevolg van sy Nasireërslewe was 'n eensame lewe op skool en ook as student. Hy was 'n individualis en reeds op skool het hy uitgeblink as leier en sportman en ook erken dat hy 'n vegter was (De Vos 1967:278).

Tydens sy skooljare het hy tuisgegaan by ds.Jac.van der Merwe, latere spesiale evangelieprediker van die Ned.Geref.Kerk. Onder sy prediking en bearbeiding het Dirk de Vos as vyftienjarige seun tot bekering gekom. Ds.Van der Merwe het 'n groot invloed op sy geestelike vorming uitgeoefen en op 'n vraag wat sy toekoms oplewer, het hy vir ds.Van der Merwe gesê: "Ds., ek gaan Spurgeon se werk probeer voortsit en probeer preek soos Ds.preek" (A.van Niekerk 1983:88).

#### *9.2.2 Opleiding en bediening*

Reeds op pad na Stellenbosch, waar hy hom sou bekwaam as predikant, het hy in aanraking gekom met die euwels van die studentegemeenskap. Veral die sondige leefwyse van die teologiestudente het hom dwars in die krop gesteek (De Vos 1967:281).

De Vos was 'n briljante student en het sy kandidaats- en proponentseksamen met lof geslaag. Hy het reeds as student geskrewe bydraes tot publikasies gelewer en tree selfs toe tot die Du Plessisstryd. Hy skaar hom egter onvoorwaardelik by die behoudende regsinnige gereformeerdes, teenoor die liberale rigting van Du Plessis (A.van Niekerk 1983:92). Hy was deurgaans uitgesproke teen sosiale euwels,'n kampvegter vir regsinnigheid en 'n pleitbesorger vir die behoud van die ortodokse gereformeerde leer (:93).

Hy word op 14 Junie 1931 georden as hulpprediker in die Tweetoringkerk op Bloemfontein en in dieselfde jaar vertrek hy na Reddersburg.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ná die dood van hulle eerste dogtertjie het 'n keerpunt in die pastoriepaar se lewe ingetree. Ds.De Vos getuig dat God in sy grote genade vyftien maande ná die tragiese gebeurtenis hom en mev.De Vos ontmoet het en die "diepere werk in ons siel, die reiniging en vervulling met die Heilige Gees" meegedeel het. Vanaf daardie Sondagmôre is siele gered, te midde van 'n kruisweg en weg van selfverloëning (*Die Nuwe Protestant* Junie 1946:13).

A.van Niekerk (1983:95,96) gee 'n stukkie geskiedenis weer van die geestelike verdieping in die lewe van ds. De Vos: Die kerkraad van Reddersburg het besluit om di.A.C.Murray, J.C.G.Kotzé en mej.Ellen Jacobs te nooi vir 'n reeks spesiale dienste vanaf 1 tot 10 Maart 1935. Dit was teen die sin van ds.De Vos, want hy het dit veral teen ds.Kotzé gehad. As verdediger van die regsinnige gereformeerde leer, was De Vos skepties teenoor die rigting wat ds.Kotzé ingeslaan het ná sy geestelike ondervinding tydens 'n besoek van ds.C.F.Scheepers aan sy gemeente. As kerkman was De Vos bevooroordeeld teenoor die buitekerklike bewegings soos die A.E.B. en die werk van di.W.C.Malan en C.F.Scheepers (:96).

Ds.Murray het tydens die reeks dienste in die middae oor heiligmaking gepreek, terwyl ds.Kotzé in die aande opgetree het met bekering as tema. Ds.De Vos het 'n afsydige houding ingeneem tydens die reeks dienste. "Die laaste Sondagmiddagdiens het 'n keerpunt in die lewe van ds.De Vos gebring. Die "radikale heiligmakingsboodskap" deur ds.Kotzé het ds.De Vos diep getref. Hy en ds.Kotzé is 'n ent buite die dorp die veld in en in 'n gebroke toestand oor sy geestelike lewe het ds.De Vos homself "onverbiddelik en heelhartig" aan die Here oorgegee en "aanvaar dat die Here hom op daardie oomblik met sy Heilige Gees vervul het" (A.van Niekerk 1983:96). Hierdie ondervinding het ds.De Vos se bediening dramaties verander.

In Roodepoort is sy bediening gekenmerk deur sy ywer om die Kerk en die gemeente, veral die kerkraad, te suiwer van die ongereddes en almal wat 'n onheilige lewenswandel het. Hy begin ook 'n onderskeid tref tussen "bekeerdes" en "onbekeerdes". Sy godsdiensverslag van 1939 aan die die ring was die enigste wat melding gemaak het van daadwerklike bekerings (A.van Niekerk 1983:102).

In die loop van 1940 word hy na Durban beroep. Van die staanspoor af het tekens daarop gedui dat hy 'n stormagtige tydperk tegemoet sou gaan. Dit was veral die onenigheid met sy medeleraar, ds.Van Rooyen, wat op die spits gedryf sou word en aanleiding sou gee tot sy bedanking. Te midde van die polarisasie het die gemeente op vele terreine baat gevind by sy aandeel om sake te verbeter. Hy het in sy kragtige, reguit prediking sterk klem gelê op sake soos wedergeboorte, bekering en heiligmaking (A.van Niekerk 1983:115). Baie is gesê oor die uitstaande Pinksterdienste wat in 1940 en 1943 in die gemeente beleef is. Van laasgenoemde word onder andere die volgende geskryf: "Baie het gelowig geword en kinders van die Here is versterk. Die stad is geskud deur die Gees van die Here en die herlewing gaan voort, mense kom nog daagliks tot bekering..." (:121).

In 1942 is ds.De Vos na Stellenbosch waar hy die grade Ph.D. en M.Th. behaal het. Intussen duur die verwydering tussen die twee groepe in die gemeente voort. Ná vele beskuldigings en baie vergaderings


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is die tweespalt op die spits gedryf toe twee-derdes van die kerkraad saam met dr.De Vos hulle afskei en op 21 April 1944 *Die Nuwe Protestantse Kerk* stig.

Op daardie stadium het talle lidmate van die Ned.Geref.Kerk, wat byval gevind het by die leer van die A.E.B. en Los predikante, veral oor bekering, wedergeboorte en heiligmaking, hulle by dr.De Vos geskaar. Dwarsoor die land is gemeentes gestig. Ongelukkig het dr.De Vos deur toesprake en die geskrewe woord op ontaktvolle wyse te velde getrek teen die Ned.Geref.Kerk en ongeneeslike wonde geslaan.

*9.2.3 Houding jeens buitekerklike groepe*

As predikant van die Ned.Geref.Kerk het De Vos hom gedistansieer van die A.E.B. en die Los predikante, maar nietemin het die aksente wat in sy prediking voorgekom het, soos wedergeboorte, bekering en heiligmaking, tot gevolg gehad dat die aanhangers van hierdie groepe sy sterkste ondersteuners was. Hy stel in 'n terugblik sy standpunt teenoor hierdie groepe soos volg:

> "Ek het tenspyte van aansoeke nóg die A.E.B. nóg die Oxfordgroep in my gemeentes te Reddersburg en Roodepoort toegelaat. Ek is in 'n verbitterde stryd met die s.g. lospredikante...gewikkel geraak. Ek kon nóg in hulle optrede, nóg van die Oxfordgroep heil bespeur. Vir my was daar te veel dwalings en wantoestande merkbaar. Ek het met hart en siel geglo dat die N.G.Kerk *van binne* kon en moes herstel word" (*Die Hervormde Kerkbode* Desember 1956:88).

In 1937 het dr.De Vos en ander predikante gepoog om die Vrystaatse Sinode te oorreed om oor te gaan tot die aanstelling van 'n spesiale evangelieprediker. "Ons mening was dat deur dit te doen sou die Kerk die werk uit die hande van die lospredikante en buitekerklike bewegings neem" (*Die Hervormde Kerkbode* Desember 1956:89).

Om agter die kap van die byl te kom vin die disharmonie tussen De Vos en die Los predikante, moet die oorsaak gesoek word by moontlike leerstellige verskille.

*9.2.4 Dr.De Vos se leerstellige standpunt*

In sy omvattende werk "*Kerkwetenskap*" verstrek De Vos 'n weergawe van sy standpunte.

9.2.4.1 Roeping

De Vos (1967:212) is ook beslis dat die mens in sy verlore toestand homself nie kan red nie. Die mens se skepping en herskepping kom van God af. "As God besluit om u te begin red, begin Hy u roep. Hierdie roep word dikwels en op baie maniere gehoor. Sy eerste roeping is algemeen en uitwendig" (:213). God roep deur die lewe, dood, siekte, ongelukke, armoede, teenslae, voorspoed, die natuur, ens.

Naas die algemene roeping, nader God die mens met die inwendige roeping. God wil nie hê dat die mens verlore moet gaan nie en daarom is by hierdie wil van Hom geen wilsbesluit geneem dat elke mens gered moet word nie. "Die uitnodiging is aan almal maar dit gebeur nooit dat almal dit aanvaar nie...Net so vas staan ook dat daar nooit deur God 'n *wilsbesluit* geneem is dat almal (elkeen) nie kan of mag gered word nie....Só is dan die gawe van die geloof aan alle mense aangebied, en wanneer die mens die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gawe aanvaar wat vryelik aangebied word, besit hy die vermoë om saligmakend te glo en word hy gered" (De Vos (1967:213,4).

9.2.4.2 Wedergeboorte

Die wedergeboorte word deur De Vos (1967:214) beskou as die direkte vrug van die inwendige roeping en dit beteken die begin van 'n nuwe lewe vir die mens. Die tyd daarvan word nie vir die mens vasgestel nie. "As God 'n kind voor sy fisieke geboorte wil wederbaar, doen Hy dit om redes aan Homself bekend. Duisende kindertjies sterf sonder bekering omdat die bekering alleen met daadsondes te doen het, terwyl die wedergeboorte met die erfsonde, die sondige natuur te doen het" (:214).

Voor die sondeval het die mens 'n menslike en goddelike natuur gehad. Deur die erfsonde is die goddelike natuur van hom ontneem en vervang met 'n sondige natuur. Deur die herskeppingswerk van die wedergeboorte word die sondige natuur in die mens gedood en vernietig. Met hierdie daad word die sondige natuur weer met die goddelike vervang (De Vos (1967:214).

De Vos (1967:214) is ook baie beslis dat wedergeboorte nie van die mens kom nie, want die Skrif gee nie opdrag aan die verlorenes: "Doen die wedergeboorte" nie, maar wel "Bekeer jou." Wedergeboorte is God se werk, terwyl die bekering die antwoord op die wedergeboorte is. Die wedergeboorte is 'n inplanting in die wese van die mens terwyl die bekering die vrug is daarvan. Elke kindjie moet, voordat hy sterwe, wedergebore word sodat die erfsonde, sondige natuur tot niet gedaan kan word....Al is die wedergeboorte nie sigbaar nie, word dit sigbaar in die daaropvolgende bekering" (:214).

'n Uiters belangrike stelling wat De Vos (1967:214) maak is: "Ons is derhalwe gered deur die wedergeboorte en nie deur ons bekering nie." Die wedergeboorte is die ingang in die nuwe lewe wat geskied langs die weg van die inwendige roeping "of die wakkerskud deur God in ons misdade en sondes." Dit is die begin van die nuwe lewe en alle menslikheid word daaruit weggeneem. Deur die wedergeboorte geskied die ingang tot die koninkryk van God (:215).

Gegrond op enkele teksverse, verduidelik De Vos (1967:215) dat die sonde wat nou gedoen word, teen die mens se wil gedoen word, bloot omdat die menslike natuur onvolmaak is. "Die bevryde 'ek' sondig nie meer nie en kan nie sondig nie. Die goddelike natuur in ons sondig nie - dit is ons nuwe mens, ook nuwe 'ek'. Hierdie 'ek' word die huis van God genoem."

Oor die onvolmaaktheid van die mens, lei De Vos die leser se gedagtes na Paulus se klagte in Rom.7 oor die sonde wat in hom as kind van God woon. Die antwoord is geleë in die gedagte "dat ons volmaaktheid, ons vlekkeloosheid, ons rimpelloosheid nie in een dag bereik word nie." Ons leef nou soos Adam en Eva in God se toelatende wil, naamlik, "dat die moontlikheid van sondig teen God êrens in ons, ons menslike natuur - nie in ons 'ek' of ons wil nie - 'n vastrapplek het" (De Vos 1967:215,6). Om die mens se lede nou tot beskikking van God te stel, werk terselfdertyd die heiligmaking (:215).

De Vos (1967:216) maak 'n onderskeid tussen die vlees en die "ek of die wil" en, gegrond op die Skrif lê hy klem daarop dat die reiniging van die besoedeling van die vlees moet plaasvind. Die wedergeborene kan nie teen God sondig nie omdat ons "ek" en ons "wil" nie saamspan om teen God te sondig nie. "Die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nuwe ek is uit God gebore uit onverganklike saad en daardie saad kan nie sondig nie. Die natuur wat ons uit God ontvang het, sondig nie" (:216). Hy maak 'n terloopse opmerking dat die geregtigheid wat die mens (veral ná die kruisiging) deelagtig word, onverloorbaar is (:216).

Die belangrikheid van wedergeboorte word verder uitgelig deur De Vos se stelling dat die wedergeboorte 'n oneindige diep en groot werk van God is en selfs die grootste gebeurtenis op aarde is wat met 'n sondaar kan gebeur. Die "geredde mens" wat een met God geword het, het by wedergeboorte totaal vernuwe geword en is met Jesus opgewek (De Vos 1967:216,7).

9.2.4.3 Bekering

"Op die wedergeboorte volg die bekering, 'n sekerheid en vastheid soos die son volg op die dagbreek" (De Vos 1967:218). Aan die hand van die gelykenis van die verlore seun verduidelik De Vos dat dit 'n tipe is van die onwedergeborene waar God met die mens in sy wese, sy hart, sy "ek" spreek sodat hy wakker word en sy eie toestand besef. Die "wilsbesluit" om op te staan en na sy vader terug te keer, is die begin van sy bekering. "Dit is die wyse waarop die wakkergemaakte, die lewendiggemaakte of die wedergeborene nou self handel om vrede in sy hart te kry. Hy sien nie alleen sy toestand nie, maar besef dit ook" (:218).

Te midde van die wroeging, berou en smart waarin die persoon verkeer, is daar 'n "tinteling van die lig in sy siel, die moed om op te staan." "Die roeping en die wedergeboorte het hulle merk gevind. In sy hart tree die nuwe lewe raadgewend op en bemoedig dit die berouvolle, wys hom die weg aan: Jesus..." (De Vos 1967:219).

Deur die sinsverandering (metanoia) kom die mens, weens die droefheid oor sy sonde, tot ander insigte en nou kry die mens 'n beter kennis van God en van die waarheid. Die mens besit nou geloofs- of saligmakende kennis. Benewens die sinsverandering is *metanoia* ook 'n wilsverandering (De Vos 1967:219). Ná die kort verduideliking van die term *epistrophe* (daadwerklike terugkeer asof jy sover 'n blote heiden was) maak De Vos dit duidelik dat die mens self tot berou moet kom en nie deur mense daartoe aangespoor of gedwing moet word nie (:219). De Vos (1967:219,220) definieer bekering soos volg:

> Dit is 'n daad van God waardeur Hy die wedergeborene bewustelik na Hom toe lei in geloofsberou en dit is 'n daad van die wedergeborene waardeur hy deur die genade van God na God toe keer in geloofsberou.

Die orde is soos volg: "God begin in die roeping, gaan voort met die wedergeboorte en stel jou in staat om jou tot Hom te bekeer..." (:220).

9.2.4.4 Vergelyking tussen bekering en wedergeboorte

De Vos gee 'n opsommende verduideliking van die twee terme deur daarop te wys dat soos wat die wedergeboorte op die roeping volg, so volg die bekering op die wedergeboorte met dié onderskeid dat klein kindertjies (minstens tot hul sewende jaar) almal wedergebore word indien hulle te sterwe kom omdat hulle geen genoegsame kennis van die sonde het om hulle te bekeer nie. By die wedergeboorte,


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waar God alleen werk, word die erfsonde uitgeroei, terwyl by die bekering die daadsondes uitgeroei word. In die bekering werk God en mens saam. "Die wedergeboorte is die plant, die bekering die vrugte. Die wedergeboorte vind op stille wyse in die diepste wese van die mens plaas, terwyl die bekering deurdring tot die oppervlakte, die sigbare" (De Vos 1967:220). "Die wedergeboorte kan nooit herhaal word nie, terwyl die bekering voortgesit word. Die wedergeboorte vind meteens plaas, die bekering kan ineens of oor 'n tydperk plaasvind" (:220).

9.2.4.5 Regverdigmaking

Regvedigmaking word deur De Vos (1967:244) gedefinieer as die regtelike daad van God waardeur Hy die mens vryspreek van alle skuld en straf van die sonde en 'n reg op die Ewige Lewe gee. "Dit gaan noodwendig vrede, vreugde, heiligmaking en verheerliking vooraf, aangesien niemand wat nog skuldig is en op straf wag, vrede en vreugde kan smaak nie. God verklaar regverdig dié wat waaragtig saligmakend in Jesus glo....Om gered te word moet hierdie straf ook verwyder word" (:244).

9.2.4.6 Heiligmaking

De Vos noem verbasend min oor hierdie onderwerp. Voordat hy dit definieer, sê hy:"Die mens is wel gered, maar nie gereinig nie, en daardie reiniging vind in elke wedergeborene plaas" (De Vos 1967:245) Daarop volg sy definisie: "Dit is 'n afsondering en toewyding tot God met die hele hart, met die hele siel en met alle kragte, verder 'n bekleding met Christus as ons heiligheid, reiniging van morele euwels en 'n gelykvormigheid aan die beeld van Jesus Christus."

Vir hom is heiligmaking "'n proses wat reeds by die wedergeboorte 'n aanvang neem en voortduur totdat dit kulmineer in volmaking aan die einde van die lewe" (:245).

*9.2.5 Opsomming*

Dr.D.J.de Vos val in lyn met die meeste Ned.Geref.-predikante deur sy sterk gereformeerde benadering oor die heilsweg, naamlik roeping, wedergeboorte, bekering, regverdigmaking, met heiligmaking, wat nie as 'n krisismoment uitgelig word nie, maar as proses vanaf die wedergeboorte begin en in die verheerliking 'n hoogtepunt bereik.

In hierdie sin verskil hy merkbaar met die Los predikante wat bekering voor wedergeboorte plaas en heiligmaking as tweede krisis uitlig.

***9.3 Radikales se aandeel in kerkstigting***

Die volgehoue ondersteuning wat lidmate van die Ned.Geref.Kerk aan die Los predikante en die A.E.B. verleen het, het hulle op dun ys geplaas. Van hulle is selfs gesensureer. Die behoefte wat hulle gehad het aan bekering en heiligmaking, waaraan die plaaslike predikante nie voldoen het nie, is in 'n groot mate bevredig deur die bywoon van konferensies deur die Los predikante en die A.E.B. Hierdie situasie het onhoudbaar geword vir beide lidmaat en kerk. Die stigting van 'n nuwe kerk was onafwendbaar.

Een van die eerste predikante van die nuutgestigte Nuwe Protestantse Kerk, ds.J.A.Saunders, roep die gebeure tussen 1934 en 1944 in herinnering. Hy bevestig dat die Kerk se vervolging van die twee Los



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

predikante en die A.E.B. heftig was. "Letterlik dosyne kinders van God wat hulle gesteun het, was onder sensuur geplaas, moes in die kerke in die sondaarsbanke sit, mag nie nagmaal gebruik, kinders doop, nie in biduur bid nie (die gemeente moes vir hulle bid). Dit was meesal toegeweide [sic] kinders van God wat sommige in en ander buite die kerk tot redding gekom het" (Saunders 1989). Hy sê dat "behalwe die paar gebrandmerkte predikante in die kerk" die Ned.Geref.Kerk op "'n baie lae pyl" was en "redding" het hoofsaaklik plaasgevind deur die toedoen van buitekerklike groepe. Van die mense wat onder sensuur geplaas is, was mnr.& mev.F.König (ouers van prof.A.König), mnr.& mev.Abel Erasmus (kleinseun van die persoon na wie die Abel Erasmuspas vernoem is) en mnr.& mev.Piet Coetzee. Ook die name van persone in die omgewing van Belfast en Frankfort word deur Saunders genoem.

Mev.M.Steyn van Middelburg, wat op daardie stadium in Belfastgemeente was, bevestig in 'n onderhoud (5/10/1997) dat die aanvalle hewig was. Sy verwys na enkele predikante wat bekering gepreek het, onder andere ds.J.C.G.Kotzé van Charl Cilliers, ds.H.D.A.du Toit van Carolina (en sy vrou wat waarlik wedergebore was), ds.J.H.M.Stofberg van Hendrina, asook ds. J.P.Liebenberg van Bethal, vir wie sy persoonlik geken het. Sy noem dat hulle leraar op Belfast, ds.Van der Merwe geglo het dat hy reeds voor sy geboorte wedergebore is. Hy het self hewige aanvalle van die kansel geloods teen die gesensureerdes oor hulle betrokkenheid by die A.E.B.- en Scheepers-konferensies. ('n Interessante opmerking wat sy maak is dat ds.Van der Merwe met sy aftrede in Warmbad, tot bekering gekom het.) Sy noem verder dat mej.Maria Klopper (na wie die kinderhuis vernoem is), mnr.Hennie Bekker, asook mnr.Christo Kriel (kolporteur) aktief betrokke was by die hou van konferensies. Ds.A.Grobler (Onderhoud 26/5/1993) voeg die name by van ds.Kelber, eerw.W.H.du Plessis, ds.Louw van Cornelia en ds.Murray van Oranjeville wat "gered"was.

Oor die stigting van *Die Nuwe Protestantse* Kerk, verwys Saunders (1989) na Van Niekerk se proefskrif en voeg by: "Ds.Kotzé, later professor, het in briewe aan lede van die N.P.Kerk geskryf dat God die N.P.Kerk in die lewe geroep het om die N.G.Kerk wakker te skud." Saunders sê dat dit in 'n groot mate gebeur het deurdat daar 'n groep predikante was wat "sielesoekers" was "nadat prof.Kotzé in Stellenbosch en Alfonso du Toit in Pretoria in die kweekskole aangestel was. Tog word diesulke predikante nog deur 'n groot groep in die N.G.Kerk as sektaries gebrandmerk."

Ds.S.J.Becker (voormalige student van ds.Scheepers en een van die eerste predikante van die N.P.Kerk) verwys met groot waardering na 'n tyd toe daar in die "boesem van die N.G.Kerk groot Godsmanne" was soos "dr.Andrew Murray, prof.Niklaas Hofmeyr, ou vader Albertijn, genl.ds.Paul Roux en nog baie meer" wat onuitwisbare spore in ons volkslewe nagelaat het. Faktore wat egter meer direk die veld voorberei het vir die stigting van die N.P.Kerk, was die rol van die A.E.B., di.Scheepers en Malan (Becker 1965:1).

Hy gee 'n beskrywing van die twee groepe waarin "die ongeredde wêreld" ten tye van die stigting verdeeld was, naamlik die kerklose en kerklosse ongereddes aan die een kant teenoor die godsdienstige kerklike ongereddes aan die ander kant. Eersgenoemde groep het 'n onverskillige houding ingeneem "met die uitsondering van die enkele meer ontwikkeldes, wat die onegtheid van baie se godsdiens


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgemerk het" wat die saak met belangstelling dopgehou het. Die tweede groep, waarvan die getalle "oorweldigend" was, was meer aggressief (Becker 1965:1).

Becker (1965:2) gee 'n prentjie van die gesensureerde lidmate en sê dat meer as een met verbasing verklaar het: "Toe ek in die sonde gelewe het, was ek goed vir die Kerk. Maar nou dat die Heer uit genade my siel gered het en my uit my sonde uitgehaal het, word ek vervolg. Hoe moet ek dit verstaan?" Becker noem dat hierdie mense nie vir alles gevlug het nie. "Hulle het nie die Kerk gestig nie, het ook nie daarvoor gevra nie" (:2).

Hierdie opmerkings kan onwillekeurig lei tot 'n subjektiwiteit en daarom moet die rede vir die sensuur deur die Kerk ook nie uit die oog verloor word nie. Dat die "ongeredde" predikante en lidmate 'n gevoellose houding kon inneem, is nie oordrewe nie, maar terselfdertyd moet begrip getoon word vir die feit dat die kerklike owerhede wou waak teen onkerkregtelike bedrywighede en sektariese neigings.

'n Toepaslike opmerking wat Van Niekerk (1983:81) maak, is dat die Evangeliese groep veral aan die begin in die A.E.B. en Los predikante bondgenote gesien het in die soeke na en verwesenliking van 'n herlewing in die Ned.Geref.Kerk. Sake waarop hulle klem gelê het was inderdaad 'n behoefte in die Ned.Geref.Kerk. "Tog het die leerstellige konsekwensies van hulle sieninge al meer deurgewerk en was dit selfs nie aanvaarbaar vir die meeste in die Evangeliese groep nie. Die vraag was hoe om die waarheidsmomente wat deur hulle beklemtoon is, in die Ned.Geref.Kerk te akkommodeer, sonder om die wese van die gereformeerde leer in te boet" (:82).

Oor die lidmate van die Ned.Geref.Kerk wat hulle by hierdie buitekerklike groepe geskaar het, noem Van Niekerk (1982,3) dat hulle lojaliteit uiteraard daar moes lê omdat hulle onder dié mense tot bekering gekom het en geestelik voedsel ontvang het. "Dinge wat hulle geglo het wat in die kerk verwaarloos is, het hier weer tot sy reg gekom....Hulle het geglo dat die sake wat deur die buitekerklike bewegings beklemtoon word, die eintlike leer van die Ned.Geref.Kerk was en dat hulle medeverantwoordelik was om die kerk se oë weer daarvoor oop te maak." Die skielike verandering van die Kerk se houding teenoor hierdie groepe, asook die kerklike vervolging teen die aanhangers, het verwarring geskep en polarisasie tussen hulle en die Kerk veroorsaak (:84). 'n Gedagte wat geopper is, en waaroor Van Niekerk se studie handel, is of die tyd nie ryp was vir die totstandkoming van 'n nuwe kerk nie. Dit het inderdaad gebeur toe *Die Nuwe Protestantse Kerk* gestig is.

Intussen is die stigting van *Die Nuwe Protestantse Kerk* deur die Ned.Geref.Kerk betreur. Veral die optrede van dr.De Vos en sy broer, ds.J.F.de Vos, is begryplik deur die Ned.Geref.Kerk sterk veroordeel. Nie alleen het berigte in *Die Kerkbode* verskyn nie, maar ook meer as een boek oor die sektewese het veroordelend opgetree. Hierdie nuwe kerk is oor dieselfde kam geskeer as die Jehova-getuies, Christian Science en Apostoliese sektes (Vgl.*Verdwaalde* Vroomheid ds.C.R.Kotzé; Die *Kerkbode* 25 September 1946:588, ens.).

'n Maand ná die stigting van die N.P.Kerk is ds.Scheepers oorlede. In die "*Betshan*"-blad word kennis gegee dat die direksie, onder wie se sorg die eiendom van ds.Scheepers geplaas is, besluit het om

Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Betshan* aan Die Nuwe Protestantse Kerk na te laat "omdat hierdie Kerk die naaste beantwoord aan die doel en strewe van *Betshan*" (*Betshan* Januarie 1945:1). Dr.De Vos het die eiendom in ontvangs geneem.

In die *Betshan*-blad word enkele doelwitte vir die *Betshan*-inrigting uitgespel, asook vir die nuwe kerk. Daarin word kennis gegee van 'n 'n nuwe blad met 'n ander naam wat sou verskyn. Dit sou ten doel hê: om die lesers op hoogte van sake te bring "met die stryd om die Kerk terug te voer na die Skrif. Die stryd om *Kerkherstel*" (:2). Hierdie laaste woorde, asook ander artikels wat in die betrokke blad verskyn, adem die gesindheid van dr.De Vos, hoewel sy naam nie genoem word nie. Dit was dan ook sy doel om met die kerkblad 'n hewige aanval teen die Ned.Geref.Kerk te loods, wat hom in onguns gebring het, veral binne die nuutgestigte Kerk.

Volgens persoonlike mededelings wat aan A.van Niekerk (1983:250) gemaak is, word ontken dat ds.Scheepers die besluit van dr.De Vos goedgekeur het om 'n nuwe kerk te stig. Hy was glo altyd getrou aan die Ned.Geref.Kerk en sou so 'n stap nooit goedkeur nie. Daarteenoor noem Van Niekerk (:250) dat, volgens ander mededelings, toe ds.Scheepers op sy sterfbed verneem het van die stigting van die nuwe kerk, hy sy goedkeuring daaroor uitgespreek het.

Aan die ander kant het ds.W.C.Malan ná die stigting van die N.P.Kerk nooit direk betrokke geraak by die Kerk nie. By enkele gevalle het hy waarnemerstatus op die sinode geniet, maar nooit by die Kerk aangesluit nie. Hy het groot versigtigheid aan die dag gelê. Moontlik het die optrede van dr.De Vos teen die Ned.Geref.Kerk hierin 'n rol gespeel.

### *9.3.1 Los predikante se leer vloei oor na die N.P.Kerk*

Wanneer A.van Niekerk (1983:348) die leer van Die Nuwe Protestantse Kerk onder die loep neem, verwys hy na die "ingrypendste afwyking" van die gereformeerde leer ten opsigte van die heilsorde waar bekering die wedergeboorte voorafgaan. Ook vermeld hy die klem wat geplaas word op die gedagte dat die verskillende dele van die Ordo salutis van mekaar onderskei word, maar nie geskei word nie. Dan vra hy die vraag waar hierdie siening oor die heilsorde vandaan kom. Hy skryf dit primêr toe aan die Metodistiese gedagterigting "waar die beslissing rondom die heil lê by die wilskeuse van die mens in die eerste plek" (:348). Verder skryf hy dit toe aan 'n reaksie op die verwaarlosing van die "appèl tot bekering en die gebrek aan die beklemtoning van die bekering as toegangsvereiste tot die koninkryk" (:348).

Hy maak die opmerking dat di.W.C.Malan en C.F.Scheepers in baie opsigte die vaders is van die leer van Die Nuwe Protestantse Kerk en die rede waarom die interpretasie van hulle leer selde bevraagteken is, is omdat hulle Ned.Geref.Kerk predikante was (:349). Verderaan betrek hy dr.De Vos se interpretasie van die heilsorde en voeg by dat hy allermins as die vader van die N.P.Kerk se heilsorde beskou kan word (:350).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*9.3.2 Leerverskille in Die Nuwe Protestantse Kerk laat dr.De Vos weer afskei*

Soos genoem, het die aanhangers van die A.E.B. en die Los predikante hulle by die N.P.Kerk geskaar. Binne 'n kort tyd ná die stigting het leerverskille in die geledere van die Kerk na vore getree.

By dr. De Vos was daar geen sprake van 'n prinsipiële standpuntinname op leerstellige gronde wat hom sou vervreem van die Ned.Geref.Kerk en wat aanleiding sou gee tot 'n nuwe kerkstigting nie. In sy prediking was daar wel sekere beklemtoninge wat die klimaat rypgemaak het vir afskeiding (A.van Niekerk 1983:189,190). Voor die stigting van *Die Nuwe Protestantse Kerk* het hy nooit 'n verandering van belydenis voorgestaan nie, maar ná die stigting het dit 'n ander wending geneem. A.van Niekerk (1983:209) verwys na die klemverskuiwing, veral met betrekking tot die Drie Formuliere van Enigheid. Waar De Vos kennis gegee het dat die Nuwe Kerk gegrond sou wees op die drie Formuliere van Enigheid, het die Statute van die nuutgestigde kerk weer bepaal dat dit die Drie Formuliere van Enigheid sou erken in soverre dit ooreenstem met die Woord van God. Dit alleen, is volgens Van Niekerk, 'n aanduiding van 'n leerverandering. Hy sien dit as 'n "oop leer" wat enige sienswyse kon akkomodeer, mits dit ooreenstem met die Woord van God.

Dit het dr.De Vos in 'n dilemma geplaas. Hy wou so na as moontlik aan die bestaande leer van die Ned.Geref.Kerk bly, maar het besef dat dit nie so maklik sou wees om die A.E.B.- Malan- en Scheepersgesindes onder die Drie Formuliere van Enigheid te akkomodeer nie. Dit sou eers op 'n later tydstip duidelik word hoeveel toegewings hy moes maak om almal te akkomodeer, ten koste van sy eie standpunte (A.van Niekerk 1983: 210,211). Van Niekerk borduur verder voort op die moeilike situasie wat geskep is om tot 'n belydenisgrondslag te kom weens die verskeidenheid van opinies.

Binne die eerste paar jaar ná die stigting van die nuwe kerk, kon dr.De Vos nie sy ware leerstandpunte verberg nie. Hoewel hy steeds 'n sterk voorstander was vir die bekering van sondaars, asook heiligmaking van die gelowiges, was sekere tendense in die nuutgestigte Kerk vir hom 'n klippie in die skoen. Op 25 Junie 1947 voer hy die rede tydens die sluiting van die klasse van die *Murray Bybelinstituut* ná die eerste semester. In die inleiding deel hy die vergadering mee dat God aan sy kant is en voeg daaraan toe: "God is aan elke man en vrou se kant wie klaargekry het met sonde en in wie se hart hy die wedergeboorte en krisis van heiligmaking gewerk het." Die trant waarin die toespraak gelewer is, spreek van herbesinning oor die rol en toekoms van die "Kweekskool". Hy doen 'n evaluering van die persone betrokke by die inrigting en van ander tendense wat tevoorskyn getree het. So probeer hy om velerlei sake, wat swaar op sy gemoed druk, met die gehoor te deel.

Wat die leer oor heiligmaking betref, vra hy of hulle nie verval het in 'n "reinhart-dwaling" nie. "Ek bedoel soos daar voorgegee word dat 'rein harte' op 'n groot skaal verkry word. Dis 'n ernstige saak wat 'n Andrew Murray laat verwar het; 'n J.C.G.Kotzé laat terugkeer het; 'n G.D.du Toit laat terugval het op die praktyk en nie op die Heilige Skrif nie. Kan ons dit preek omdat die Woord van God so sê - al het alleen Jesus dit bewys? Ek sien dit nie geopenbaar in één enkele persoon of gemeente nie. Tog glo ek nog: God sê so!"


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die lesing van Mei 1947 van die "Bybel-Korrespondensiekursus" behandel "J.F.deV.(waarskynlik sy broer Jacob) die onderwerp oor "Die hart van die mens in die Skrif". Die betrokke aflewering word geëindig met 'n opmerking tussen hakies: "Maar hieroor later uitvoeriger wanneer ek praat oor 'die hart gereinig of die rein hart'. Voorlopig gaan ek voort met die hart van die mens - **wat** [sic] dit is in die Skrif" (:2). Ongelukkig kon geen spoor gevind word van hierdie beloofde bespreking nie. Dit laat net die vraag ontstaan of dr.D.J.de Vos se uitlatings oor die "rein hart"- gedagte nie sy broer, wat ook teenwoordig was by bogenoemde geleentheid, tot ander insigte gebring het nie.

Ná dr.De Vos se afskeiding van *Die Nuwe Protestantse Kerk*, kon hy sy gevoel ongehinderd uitdruk in sy referaat: "*Regverdiging om oor te gaan tot die stigting van 'n Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk*"[12] Nie alleen vaar hy, soos sy gewoonte was, uit teen die Ned.Geref.Kerk nie, maar doen dieselfde teenoor *Die Nuwe Protestantse Kerk* Eerstens skets hy die toestand in die Ned.Geref.Kerk wat aanleiding gegee het tot die aanvanklike afstigting van die N.P.Kerk in 1944:

> "Dit was 'n protes teen die vervolging van die N.G.Kerk van haar geestelike lidmate wat haar op haar gebreke gewys en haar bestraf het, wat teen enige koste die kerk van binne wou reformeer het en die kerk wou lei in 'n algemene herlewingsbeweging;....wat haar <u>fatalistiese heilsorde beskouinge</u> (my onderstreping) veral beklemtoon in haar prediking nie kon aanvaar nie....wat haar opleiding nie toespits op die redding van siele nie....Hierdie en nog meer ander toestande het gaandeweg gelei totdat daar 'n breekpunt moes kom, Dr.Andrew Murray het in S.Afrika die meeste daartoe bygedra dat die oë van die lidmate vir die heersende toestande oop te maak [sic]" (De Vos :1).

Hy vervolg deur 'n verwysing na die baie lidmate wat na die sektes oorgegaan het en die buitekerklike groepe wat voortgegaan het om lidmate op die regte spoor te plaas. Hy sê dat hierdie groepe erger geword het as georganiseerde sektes.

Die omstandighede kort ná die stigting van *Die Nuwe Protestantse* Kerk omskryf De Vos soos volg:

> Slegs 'n jaar na die stigting is op groot skaal bevind dat hierdie mense in die grootste denkbare sondige toestande lewe maar gedek onder die mantel van 'n eie gemaakte leerstellige heiligmaking en sogenaamde rein harte. Daar is ontdek dat die bewegings verrot is - nie alleen in hulle lewes nie maar verward is in menigvuldige dwalings..." (De Vos:2).

Oor die begeerte wat op daardie stadium geheers het na eenheid, sê hy dat alles op 'n totale mislukking uitgeloop het:

> Leerstellige verskille sowel as op die gebied van arbeidsmetodes wou eenvoudig nie saamsmelt nie Nederduitsers, Scheepers, Malan en A.E.B. geörienteerdes sowel as sekte gesindes en Oxfordgroep gesindes wou eenvoudig en kon eenvoudig nie smelt nie....Tot 'n formulering wou dit maar nie kom nie. So erg is dit dat die probleem van die doop altyd ontwyk moes word tot vandag toe, net so met die probleem van die goddelikegenesing en die wederkoms van Christus" (De Vos:2).

Nadat hy die problematiek van die ongekwalifiseerde predikante aansny, vervolg sy aanval:

> Almal voor die voet wil preek, kan of kan nie en so beskik die Nuwe Kerk oor die eienaardigste preekbundeltjies denkbaar sowel as 'n stroompie van ligsinnige onbenullige traktaatjies. "Geesvervuldes" word opgeroep na konferensies en ontvang daaronder 'n geblaas van die Heilige Gees... (De Vos:2).

---

[12] Dr.De Vos het hom in 1949 van Die Nuwe Protestantse Kerk gedistansieer en die H.N.G.Kerk gestig


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Die toelating tot lidmaatskap word gegrond op 'n getuienis van wedergeboorte sonder 'n elementêre kennis van Godswoord en geen kennis of weinig kennis van die formuliere of Belydenisskrifte nie. Op die gebied is dit net so erg as in die vervalle N.G.Kerk (De Vos:2).

Hy verwys na vroeëre waarskuwings wat hy gerig het oor die sektariese neigings in die Nuwe kerk en die onvermydelike breuk daarmee op 6 April 1949. "Daar het ten spyte van alle pogings om dit te verhoed 'n onkeerbare sektariese stroom in die N.P.Kerk saamgesmelt" (De Vos:2).

Nog 'n saak waaroor hy hom sterk uitgespreek het, is die "onsmaaklike, onskriftuurlike Metodisme" wat na vore getree het in die voorgeskrewe metode van bearbeiding van siele. Dit lei tot die "loëning van die volharding van die heiliges":

> Sommige van hierdie dwalendes is reeds tot viermaal wedergebore, tot viermaal is 'n genade werk aan hulle gedoen, tot vier maal is die ou mens gestorwe en opgestaan en tot viermaal is hulle dwarsdeur Rom.6,7 en 8. Dit is 'n opsetlike dwaling van hierdie onskriftuurlike Metodisme sodat hulle met elke konferensie met die mens onder op die sport kan begin, sodat hulle iets te doen het op elke konferensie" (De Vos:3).

Hy skroom ook nie om die beoefening van Goddelike genesing en die eskatologie aan te roer nie. Oor eersgenoemde (moontlik verwysend na die metode hoe dit toegepas is) sê hy dat die N.P.Kerk daarmee in die oggend van sy bestaan daarmee verpes is. "Net so erg maar minder gevaarlik is die dwalings op die gebied van die eskatologie..."(De Vos:3).

Om terug te keer tot die heiligmaking, laat hy hom soos volg uit: "Afskuwelik en walglik is die rein harte wat 'aangeneem' word en die heiligmaking wat so 'aangeneem' word. 'Ek het ook nou die rein hart ontvang', 'Ek het ook nou 'heiligmaking' ontvang' is gesegdes wat walg en afstoot" (De Vos:3).

So ondraaglik was die toestand vir dr.De Vos, dat hy in 1947 die N.P.-gemeente van Durban aangeraai het om liewer terug te keer na die Ned.Geref.Kerk. Omdat die N.P.Kerk volgens hom, in 'n sekte verander het, kon hy en sy huis hom nie meer daarmee vereenselwig nie en het besluit om op 10 Mei 1949 *Die Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk* te stig (De Vos :4).

Tydens die tweede sinodale sitting van genoemde kerk op 5 Oktober 1950, verwys hy na die twee rigtings "van Christus af" wat deur die eeue teenwoordig was. Die een rigting "met sy sieklike Pellagianisme, Arianisme, Metodisme en A.E.B.-isme" het verbrokkel en tot niet gegaan deur sy beskouinge, terwyl die ander rigting "die Hervormers wat later die naam van calvinistiese Gereformeerdes genoem is dwarsdeur die 400 jaar onbeweeglik, vas, gedissiplineerd bly staan het" (Notule van Tweede Sinodale sitting 5 Okt.1950:1).

### *9.3.3 Behoud van Ned.Geref.Kerk-leer*

Met die stigting van die H.N.G.Kerk, het dr.De Vos dit ten doel gestel om die leer van die Ned.Geref.Kerk te behou. In sy uiteensetting van die heilsorde, soos bespreek in 'n vorige hoofstuk, kon dit reeds bespeur word, maar ook in direkte stellings soos die volgende: "Die N.G.Kerk se lewe is 'n dop, sy leer korrek" (*Die Hervormde Kerkbode* Desember 1956:89). Verwysend na sy distansiëring van *Die Nuwe Protestantse Kerk* sê hy: "Ek was beslis om in die leer van die N.G.Kerk te volhard, om so nie tot 'n sekte te verval nie" (:89)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met betrekking tot die Kweekskool van die H.N.G.Kerk, 'verwys De Vos na hulle eerste Sinode te Durban waar die besluit geneem is dat voortaan slegs gegradueerde manne aan die toekomstige kweekskool toegelaat sou word. Hulle moes in besit wees van dieselfde B.A.-Admissiegraad as die studente van die N.G.Kerk. Die kursus moes bestaan uit dieselfde aantal vakke as dié van die kweekskool van Stellenbosch en verder moes dit op dieselfde standaard gehandhaaf word. "Ons kweekskool is Calvinisties-gereformeerd. Bavinck se dogmatiek is ons dogmatiek - Keet se kerkreg is ons kerkreg" (*Die Hervormde Kerkbode* Desember 1956:89).

Daar was dus by hom 'n absolute desperaatheid om ten alle koste gereformeerd te bly en om nie toe te laat dat die H.N.G. Kerk dieselfde rigting sou inslaan as wat die geval was met Die Nuwe Protestatntse Kerk nie.

### *9.4 Interpretasie en beoordeling*

Dr.D.J.de Vos kan beskou word as 'n gereformeerde predikant in murg en been. Met sy hele wese het hy saamgestem met die leer van die Ned.Geref.Kerk. Omstandighede in Durban het hom uitgedryf om 'n eie kerk op die been te bring - iets waaraan hy 'n jaar of wat tevore nooit aan sou dink nie.

Tesame met hierdie onvermydelike, en dikwels onaangename gebeure, het talle lidmate van die Ned.Geref.Kerk heimlik gesmag dat iets daadwerkliks moes gebeur. Hulle het aanklank gevind by die leer van die buitekerklike groepe, maar wou nie die gereformeerde milieu verlaat vir die Pinksterkerke nie. Met die aanhoor van die nuus dat 'n nuwe kerk, met gereformeerde beginsels gestig is, het hulle dit as welkome uitweg gesien. Verskeie persone met wie onderhoude gevoer is, het die opmerking gemaak dat, toe hulle deur middel van die dagblaaie van die nuwe kerk verneem het, vas oortuig was dat dit die kerk was waarna hulle gesmag het.

Omdat hierdie potensiële lidmate aanklank gevind het by die leer van die Los predikante, en omdat laasgenoemde geneë was met die totstandkoming van so 'n kerk, het hulle leer opgegaan in die Nuwe Protestantse Kerk. Vir dr.De Vos, as stigter van die Kerk, was dit totaal en al onaanvaarbaar. Veral die praktiese uitlewing daarvan het hom dwars in die krop gesteek. Hierdie situasie het onhoudbaar geword, met die gevolg dat hy ná 5 jaar 'n ander kerk moes stig wat meer aan sy verwagtinge vir 'n ideale kerk kon voldoen. In besonder druk die naam *Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk* hierdie ideaal uit. Dit was nog altyd sy strewe om die Ned.Geref.Kerk van binne te hervorm, maar kon nie daarin slaag nie. Nou het hy 'n kerk waarin hy die "oorgeërfde" leer van die Ned.Geref. ten volle kon implimenteer.

Dikwels is na *Die Nuwe Protestantse Kerk* verwys as die *De Voskerk* . Hierdie konnotasie is begryplik omdat die twee onlosmaakbaar aan mekaar verbind word. Dr.De Vos se deelname aan die stigting daarvan is 'n gegewe feit, maar sy leerbeginsels en ideale vir 'n modelkerk is nie daarin vervat nie, maar wel in die H.N.G.Kerk. Daarom kan sonder enige vrees vir teëspraak tot die slotsom gekom word dat hy slegs 'n katalisatorrol gespeel het in die stigting van die *Nuwe Protestantse Kerk*. Dit was soos 'n vuurhoutjie wat 'n vuur gestig het, maar daarna uitgedoof is, terwyl die vuur aanhou brand het. A. van Niekerk (1983:222,3) stel dit soos volg: "Vir dr.De Vos was dit 'n uitgemaakte saak, dat hy slegs 'n


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

instrument was wat sonder sy toedoen en wil gebruik was in die Godgewilde, historiese noodwendige stigting van Die Nuwe Protestantse Kerk."

Ironies is dit dat, hoewel Die Nuwe Protestantse Kerk vir jare as die "*De Vos Kerk*" bekend gestaan het, dat De Vos se leer nooit vervat is in dié van die N.P.Kerk nie, maar dat twee Ned.Geref.-predikante, wat nooit lidmate was van die Nuwe kerk nie, se leer grotendeels gestalte in die Kerk gevind het.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 10. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Sedert die volksplanting is die ortodokse gereformeerde leer sterk afgedruk op die gemoed van die Afrikaner. Van tyd tot tyd het enkele predikante 'n klemverskuiwing na 'n meer evangeliese rigting bewerkstellig. In die agtiende eeu toring die name van M.C.Vos en H.R.van Lier uit, maar sedert die koms van die Skotse predikante in die eerste helfte van die vorige eeu, by name ds.Andrew Murray (sr.), het hierdie situasie dramaties verander. Ná hom het sy seuns (en 'n groot deel van sy nageslag), tesame met ander predikante die weg gebaan vir die sterk evangeliese denkrigting wat tot vandag toe in die Ned.Geref.Kerk vloei.

Vroeg in hierdie eeu het allerweë kommer bestaan oor die geestelike toestand in die Ned.Geref.Kerk. A.van Niekerk (1983:76) skets die situasie en noem dat ná 'n tydperk van vormlikheid en geestelike stagnasie mense begin soek het na 'n persoonlike belewenis van die heil van Christus. Heilswaarhede soos wedergeboorte, bekering en heiligmaking het opnuut ter sprake gekom. In 'n persoonlike mededeling aan Van Niekerk (1983:76) het prof.J.C.G.Kotzé hom soos volg daaroor uitgespreek: "Gedurende die dertigerjare, het 'n besondere atmosfeer van herlewing in die kerk geheers. Mense het gevra na die Heilige Gees en Sy werking. Baie aksent is gelê op bekering. Predikante het baie konferensies gehou oor heiligmaking en herlewing." Hy erken dat daar rondom hierdie saak in die Kerk veel verskille na vore getree het.

Teen hierdie agtergrond skets Van Niekerk (1983:77) die twee strominge, soos deur dr. D.Moorrees uitgelig, wat in daardie era sterk uitgekristalliseer het. Teenoor die een groep wat navolgers was van Abraham Kuyper en daarmee saam sterk Calvinisties, streng ortodoks en onwillig vir kompromieë, was die ander groep "wat graag bekend sou wou staan as Evangelies-Gereformeerd. Hulle beklemtoon die suiwerheid van die leer van die vadere, maar wil hê dat die toepassing Evangelies sal wees. Hy noem die Hofmeyrs, Murrays en Louws as verteenwoordigers van hierdie rigting." Nicol (*Gereformeerde en Evangeliese Identiteit)* begrens hierdie tydperk tot 1930 en noem dat dit die era was toe die gereformeerdheid van die Ned.Geref.Kerk hoofsaaklik by die teologie van die Nederlandse Kerk aangesluit het. Hy is van oortuiging dat 'n openheid teenoor ander geestelike strome voorgekom het en voeg by dat hierdie styl makliker by die evangeliese tradisie in die Kerk aangesluit het, sodat 'n Andrew Murray-tipe spiritualiteit tot daardie tyd oorheersend was.

Van Niekerk (1983:78) verduidelik dat daar wel tussenposisies was, maar die fokus word geplaas op die hoofstrome, naamlik die "Ortodokse" teenoor die "Evangeliese" Hy vermeld kortliks die motiverings en ander bydraende faktore wat die Evangelies-gesindes tot die besef gebring het van hulle groot taak in die Kerk. Dit bring hom by die volgende opmerking: "Kenmerkend van hierdie rigting was dat dit steeds wou vashou aan die gereformeerde leer, maar met 'n praktiese evangeliese toepassing; leersuiwerheid wou handhaaf, gekoppel aan lewensvroomheid. Tog is dit so dat die Evangeliese rigting 'n groter openheid na buite gehad het. Daar was dikwels raakpunte met ander groepe wat sommige van dieselfde


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sake beklemtoon het. Hierdie openheid het hulle ook meer blootgestel aan sekere leerstellige beïnvloeding."

Van die teenpool, naamlik die Ortodokse rigting, sê Van Niekerk (1983:79) tereg dat hulle in die Evangeliese stroming 'n gevaar gesien het vir die behoud van die suiwer gereformeerde leer. Hy spreek sy mening uit dat hierdie twee groepe mekaar moes aanvul en balanseer; tog het die teendeel plaasgevind, naamlik dat hulle mekaar gewantrou het. Op sy beurt praat Nicol (*Gereformeerde en Evangeliese Identiteit*) weer van die "strenger styl" as hy na hierdie ortodokse rigting van Abraham Kuyper verwys en sê dat hierdie strenger styl nie so maklik soos die wyer styl (Murray-invloed) met die evangeliese element in die Ned.Geref.Kerk kon bind nie, maar dit deels bestry het.

### *10.1 "Metodistiese" beïnvloeding*

Aan die einde van die tydperk wat deur hierdie studie begrens word, lewer prof. F.J.M. Potgieter 'n terugblik op die invloede wat vormend op die karakter van die Ned.Geref.Kerk ingewerk het sedert die volksplanting. Hy plaas veral die invloed van die piëtisme, Metodisme en kollegialisme onder die vergrootglas en maak 'n definitiewe onderskeid tussen piëtisme en Metodisme (*Die Kerkbode* 26 Desember 1951:1300). Hy noem die name van sieketroosters Louis van Dyk, Willem Raassel en H.H.van der Veen wat piëtistiese oortuigings gehad het, maar wie se invloed op die Kerk nie noemenswaardig was nie. Van H.R.van Lier sê Potgieter (:1301) dat hy geen piëtis was nie, maar 'n ware Calvinis, hoewel hy hom tot die piëtiste aangetrokke gevoel het. Van M.C.Vos kan nie dieselfde gesê word nie deurdat hy so na aan die piëtisme gestaan het, dat hy deur hulle afwykings beïnvloed is.

Potgieter (*Die Kerkbode* 26 Desember 1951:1300) meen dat die Skotse predikante weer deur die Metodisme beïnvloed is, veral deur Whitefield. "Hierdie manne was ook geen Metodiste of Calvinistiese Metodiste soos Whitefield nie, maar hoogstens Metodistiese Calviniste, d.w.s Calviniste wat deur die Metodisme in meer of minder mate beïnvloed is."

Potgieter (:1301) stem saam met Bavinck dat dit God behaag het om deur middel van die piëtisme (en Metodisme) die vervalle kerk weer bewus te maak van sy roeping "en slapende zielen...uit hunne ellende te doen roepen om verlossing en genade." Daaraan voeg hy toe dat God die Piëtisme in die Ned.Geref.Kerk op so 'n wyse gebruik het dat manne soos Van Lier en Vos diep onder die indruk gebring is van die noodsaaklikheid om ook hul gereformeerde belydenis te beleef. Hulle het die Kerk ook tot daadkragtiger sendingwerk aangespoor. Die Metodisme het weer, volgens Potgieter (:1302) daartoe meegewerk om aan die Ned.Geref.Kerk 'n meer praktiese karakter te gee. Dan kom hy tot 'n belangrike slotsom: "Wat sy leer betref, is hierdie Kerk beslis nie deur die Metodisme beïnvloed nie" Wat wel die geval is, sê hy, is dat, ten spyte van die uitgesproke standpunt van die Kerk, sommige lede van die Kerk ten nadele deur die Metodisme beïnvloed is.

Geen twyfel bestaan oor die juistheid van eersgenoemde stelling nie. Ook Nicol (*Gereformeerde en Evangeliese Identiteit)* huldig dieselfde standpunt in sy uitspraak dat die evangeliese vroomheid nie die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerk van sy ortodokse leerbasis afgeskuif het nie. Ten spyte van vele aanslae, hetsy deur die liberalisme of Metodisme, het die Ned.Geref.Kerk vas bly staan in sy eg-gereformeerde leer.

Die tweede stelling, dat sommige lede ten nadele deur die Metodisme beïnvloed is, verg 'n dieper besinning.

Potgieter wys onder andere op die volgende kenmerke van Metodisme:

- Die wilsvryheid en die bekering: "In meer of minder mate word die mens se saligheid van die keuse van sy eie, vrye wil afhanklik gestel en steeds geskied die bekering op so 'n drastiese wyse dat dag en datum genoem word.
- Die heiligmaking word onderskei en geskei van die regverdigmaking. "Dit is 'n tweede gawe, 'n "second blessing", wat 'n "real change" meebring, terwyl die regverdigmaking slegs "a relative change" bewerkstellig."
- 'n Ongesonde hunkering na die "spesiale" in plaas van na die gereelde spyse van Woord en sakrament soos deur die God van die Verbond verorden (*Die Kerkbode* 26 Desember 1951:1302).

Daaraan val geen twyfel nie dat, in die lig van bogenoemde eienskappe en gedagtig aan die inhoud van hierdie studie, daar gewis baie predikante en lidmate in die Ned.Geref.Kerk was wat onder hierdie sogenaamde Metodistiese beïnvloeding gestaan het. Hulle het dit egter ten sterkste ontken en wou gereformeerd bly, maar die wyse waarop hulle omgegaan het met onderwerpe soos bekering, wedergeboorte en heiligmaking, het beslis in die hand van Metodisme gespeel.

Hierdie persone het, midde-in hul gereformeerde milieu, die geestelike noodtoestand in die Kerk waargeneem en gesoek na oplossings. In die meeste gevalle het hierdie soeke gelei na net een oplossing: Mense moet tot bekering kom. Met hierdie dryfveer, afhanklik van die werking van die Heilige Gees en gebed, is mense voor 'n definitiewe wilskeuse geplaas om hul lewe aan die Here oor te gee. In baie gevalle, soos uitgekom het in die bediening van die spesiale evangeliepredikers, is die eerste paar dienste uitsluitlik daaraan gewy om mense bewus te maak van hul sondige toestand. 'n Sterk appèl is op mense gemaak en uitnodigings is gerig waarin hulle voor 'n keuse geplaas is om hul lewe aan die Here oor te gee. Dit het selfs gelei tot die sogenaamde "na-byeenkomste" waar mense met 'n geestelike behoefte persoonlike aandag ontvang het. Aan mense is selfs die geleentheid gebied om te getuig van hulle ontmoeting met die Here. Hierdie tipe aksies was nie vreemd by mense soos dr.Andrew Murray, dr.J.C.G.Kotzé en vele ander nie.

Oor die volle tydperk waaroor hierdie studie handel, het bogenoemde praktyk algemeen voorgekom, hetsy tydens herlewings, met spesiale dienste, tydens besoeke van buitelandse sprekers, op konferensies of bloot by enkele kerklike byeenkomste. Die mens se saligheid is afhanklik gemaak van sy wilsvryheid en die bekering het wel op so 'n drastiese wyse geskied dat dat die dag en datum genoem kon word - tereg Metodisties, volgens Potgieter.

Nie alleenlik oor die bekering nie, maar veral in terme van heiligmaking het baie geskrifte die lig gesien waarin die heiligmaking as 'n "tweede gawe" vir elke gelowige verduidelik en voorgehou is. Beide die gesproke sowel as die geskrewe woord is vir hierdie doel aangewend Baie boeke en ook traktaatjies is


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedruk waarin mense direk gekonfronteer is oor hulle geestelike welstand. Selfs in *Die Kerkbode* het gereeld artikels en preke verskyn waardeur op die lesers aangedring is om hulle tot God te bekeer en 'n lewe van heiligmaking tot eer van God te leef.

Verskeie mense het persoonlik die ondervinding van heiligmaking as 'n tweede krisis beleef en 'n werklike verandering in hul lewe bemerk. Hoewel hulle dikwels beskuldig is van perfeksionisme en die huldiging van 'n "second blessing"-leer, het hulle hul nie daaraan skuldig gemaak nie en het hierdie uitdrukkings meestal 'n skeldende konnotasie gehad.

Slegs 'n relatiewe klein groepie uit die predikantekorps het heiligmaking op hierdie manier geïnterpreteer. Dit bevestig verder Potgieter se aanname dat sommige lede deur die Metodiste beïnvloed is.

'n Derde saak wat Potgieter aanroer, is die Metodistiese tendens van hunkering na die spesiale, teenoor byvoorbeeld die gewone kerklike aktiwiteit.

Daar bestaan geen twyfel nie dat die "spesiale" juis in die tydperk 1850-1950 sterk na vore getree het. Die unieke herlewing wat in die sestigerjare van die vorige eeu plaasgevind het, het mense laat vra na meer daarvan. Spesiale oproepe, konferensies, besprekings, dienste, geskrifte, ja, feitlik geen steen is onaangeroer gelaat om 'n herhaling van so 'n besondere werking van die Heilige Gees te beleef nie. Teenoor die heersende doodsheid in die Kerk is die ideaal van 'n herlewing voorgehou met die versugting: "Sal U ons nie weer lewend maak nie?"

Hoe het die spesiale evangelieprediking en besoeke van buitelandse predikers nie groot skares gelok nie. Hierdie spesiale geleenthede het in skrille kontras gestaan met die heersende tendense in gemeentes. Gemeentelede het die gemeentelike opset opgeweeg teen hierdie spesiale geleenthede en dit te lig bevind. Gedurig moes predikante walgooi teen hierdie vreemde neigings en moes lidmate oorreed word om die waarde van die gepredikte Woord in hul eie gemeentes te besef. Beswaardes wat gekant was teen spesiale evangelieprediking het dit veral gehad teen die wyse waarop die dienste gehou is en nie soseer teen die feit dat mense tot bekering kom nie.

Die praktyk het dus bewys dat Potgieter reg is in sy stelling dat sommige mense wel onder sogenaamde Metodistiese invloed was, maar of dit 'n nadelige uitwerking gehad het, laat vrae ontstaan, veral as gelet word op watter persone aan bostaande norme gemeet word. Met geringe uitsonderings kan die name van die predikante wat in hierdie studie onder bespreking is, saam met nog vele ander, genoem word. Onder hierdie mense se bediening het baie mense wat tot bekering gekom het, 'n lewensverandering ondergaan. Dit het hulle weer in staat gestel om die blye nuus van verlossing aan andere oor te dra. Soos 'n veldbrand het dit deur die Kerk versprei, selfs oor die kleur- en landsgrense heen. Hieronder het die mense die Skrifwoord verstaan: "...verkondig die evangelie aan die ganse mensdom..".

Hierdie oppervlakkige besinning lei 'n mens tot die retoriese vraag: "Het hierdie vorm van sogenaamde Metodisme werklik mense tot nadeel beïnvloed?.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In baie opsigte is geskerm vir die leer van die Kerk en soos Potgieter dit tereg stel, is die leer nie deur die Metodisme beïvloed nie. Die enigste nadelige uitwerking was die spanning tussen leer en lewe. Hoewel hierdie spanning nie altyd op die spits gedryf is nie, het baie teoloë binne die aanvaarde neergelegde gereformeerde riglyne die belangrikheid van 'n "lewe" verkondig. Hoewel die lewe nie die leer beïnvloed het nie, het die leer ook nie altyd lewens verander nie. Slegs in gevalle waar die leer so geïnterpreteer is dat dit veronderstel is om die lewe te verander, het hierdie lewensverandering plaasgevind.

Aan watter kant van die spektrum ookal, het geen predikant in hierdie tydperk verkondig dat die mens van nature sondeloos is nie. Die verlore sondige toestand is terdeë besef en erkenning is gegee aan die soendood van Jesus aan die kruis, maar hoe die sondaar van die staat van verlorenheid moet oorgaan tot die staat van verloste, het interpretasieverskille tot gevolg gehad. Rondom dit het uiteenlopende gedagtes ontstaan: van die latente wedergeboorte van die uitverkorene aan die een kant, tot die bewustelike wedergeboorte, onlosmaakbaar van die bekering, vir alle mense beskore, aan die ander kant.

Ook wat heiligmaking betref, was die vertolking van die leer nie eenstemmig nie. Vir sommige het heiligmaking 'n aanvang geneem by wedergeboorte, by ander ontstaan heiligmaking by bekering en loop uit op voortdurende bekerings. Vir enkeles het heiligmaking eers sinvol betekenis gekry wanneer dit aan 'n besliste krisisondervinding gekoppel kon word. Oor die algemeen was almal dit eens dat geen mens 'n staat van sondelose volmaaktheid aan hierdie kant van die graf kan bereik nie, hoewel sommige moontlik die idee kon skep dat sondeloosheid deur heiligmaking veronderstel word.

Moontlik sal die volgende uitspraak van Potgieter (1951:1301) nou meer betekenis dra wanneer hy die invloed van die Metodisme in gedagte het:

> So kenmerkend van hierdie godsdienstige stroming, is die grondgedagtes van die Hervorming soos die gewone bediening van die Woord, die gereelde katkisasie, die stille terugkeer van die verlore verbondskind na sy Vader en die bestendige groeiproses van die heiligmaking vervang deur die "revival meeting", die minagting van die leer, die dramatiese bekering of momentele oorgang uit die duisternis na die lig, d.w.s., van alle mense sonder uitsondering en die nie minder plotselinge ontvang van die "second blessing" ten gevolge van 'n tweede geloofdaad.

Om saam te vat: Die sogenaamde Metodisme het gewis mense se gedagtes ten opsige van die heilswaarhede in uiteenlopende rigtings gestuur, maar die wese van die vasgestelde leer van die Kerk geensins beïnvloed nie. Wat wel gebeur het, is dat, soos Potgieter (1952:1301) met die hulp van Bavinck glo dat Metodisme die vervalle Kerk meer bewus van sy roeping gemaak het en om slapende siele uit hulle ellende te roep om verlossing en genade.

Hierdie vorm van Metodisme was moontlik nadelig vir die karakter van die Kerk en was 'n bedreiging vir die leer, maar vir die individu wat gesmag het na 'n veranderde lewe, het dit besliste voordele ingehou.

Om bloot te sê dat predikante net deur Metodisme beïnvloed is, is te simplisties. Dit is opvallend hoe dikwels predikante gebruik gemaak het van uitsprake deur buitelandse predikers, soos F.B.Meyer, D.L.Moody. C.H.Spurgeon, A.B.Simpson, R.A.Torrey en vele meer. Bydraes deur hierdie predikante is


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dikwels in *Die Kerkbode* geplaas. In baie gevalle is vertaalde werke van minder bekende persone ook geplaas. Predikante het selfs oorsese werke vertaal en plaaslik versprei. In die voorwoord in "*Marshall's Heiligheid door Geloof*" skryf Elout van Soeterwoude in Julie 1890: "De ook ten onzent geachte en geliefde Dr.Andrew Murray heeft onlangs eene niewe uitgave bezorgd van Marshall's uitmuntend maar ietwat verouderd werk over de ware evangelische heiligmaking, welk werk ongeveer twee eeuwen lang velen tot leering en stichting was." Ds.P.J.Marais vertaal in 1924 'n boekie van James Gall van Edinburgh, Skotland, getiteld "*Oombliklike Redding deur de Geloofsoorgawe aan Jesus Kristus*". In die voorwoord noem ds. Marais dat die boekie in die sewende dekade van die vorige eeu geskryf is en vyftig jaar tevore in Hollands vertaal is deur ds.Haumann van die Ned.Geref. Kerk, met 'n voorwoord deur prof.N.J.Hofmeyr. In die genoemde voorwoord skryf prof.Hofmeyr onder andere dat die doel van die boekie is "om die ontwaaktes tot Jesus Kristus te lei." Predikante sou nie hierdie boekies vertaal en versprei het, as hulle nie eens was oor die inhoud daarvan nie. Hierdie is net enkele voorbeelde om aan te toon dat gereformeerdes in Suid-Afrika nie 'n geïsoleerde bestaan gevoer het nie maar die grense oorskry het. Dit het moontlik bygedra tot die diversiteit in die interpretasie van die gereformeerde leer.

Om te beweer dat sekere predikante deur die Metodisme beïnvloed is, beteken beslis nie dat hulle Arminiaanse leerstellings ingevoer het nie, maar slegs Metodistiese praktyke beoefen het. Daarom kon hulle hierdie praktyke binne-in 'n Calvinistiese milieu uitoefen sonder om afbreek te doen aan die gereformeerde karakter van die Kerk - natuurlik tot die uiterste frustrasie vir die ultra-Calviniste!

### *10.2 Interpretasie van die heilsorde*

Soos genoem, het predikante die vasgestelde leer van die Kerk, veral ten opsigte van die heilsorde, verskillend geïnterpreteer. In breë trekke kom die heilsorde van die Ned.Geref.Kerk op die volgende neer: Die mens in sy verlore, sondige toestand is insigself geestelik dood en is nie in staat om hom tot God te bekeer nie. Daarom moet God, deur die werking van die Heilige Gees, die mens wederbaar. Wedergeboorte vind dan onbewustelik in die uitverkorene plaas. Hier ontvang hy die nuwe lewe in Christus en word 'n nuwe skepsel, ja alles wat God in sy Woord aan die wedergeborene toesê. Die mens is onbewus van hierdie werking omdat dit selfs voor die geboorte kan plaasvind.

Die wedergeboorte, wat uitsluitlik God se werk is, is soos 'n saad waarvan die vrug in die vorm van bekering tot uiting kom. Wanneer die mens tot die besef kom wat die heil van God alles behels, neem hy, in die lig van hierdie sinsverandering 'n wilsbesluit en keer hom tot God. Hierdie bekering, waar die mens handelend is, is die aanvang van 'n reeks bekerings wat 'n lewe van heiligmaking impliseer en wat voortgaan tot aan die einde van die lewe. Ander aspekte van die heilsweg, soos roeping, geloof en regverdigmaking, neem ook 'n spesiale plek in die heilsorde in en die interpretasie daarvan verskil in 'n geringe mate van persoon tot persoon.

Teenoor die gereformeerde leer is die meer Metodisties-georiënteerde siening dat alle mense verlore is en dat die roeping van God tot alle mense uitgaan om hulle tot Hom te bekeer. Hiervoor gebruik Hy verskeie middele, onder andere die prediking. Sodra die sondaar, onder die oortuiging van die Heilige


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gees, op hierdie roepstem ag gee, lei die oortuiging van die Heilige Gees hom tot sinsverandering en 'n wilsbesluit om hom tot God te bekeer. Wanneer die mens in opregtheid tot God kom, word sy sondes vergewe en wedergeboorte, gewerk deur die Heilige Gees, vind op daardie spesifieke oomblik plaas. Die Heilige Gees kom woon in die mens se gees en gee aan hom die versekering dat hy kind van God is.

Hierdie verandering werk nie 'n sondelose toestand in die hand nie. Op een of ander stadium word die gelowige bewus dat sy lewe nie God behaag nie. Sy onvrugbare geestelike toestand lei hom tot 'n desperate uitroep: "Ek ellendige mens..." Soos in die geval van sy bekering, word 'n wilsbesluit geneem en hy wend hom tot God vir 'n dieper reiniging en vervulling met die Heilige Gees. Op hierdie stadium word hy verlos van die sonde wat in hom woon, maar sy sielelewe bly deur die sondesmet aangetas. Vanaf hierdie "tweede bekering" lê 'n lewe voor van voortdurende aan die kaak stel van sy sondige geneigdheid en vleeslikheid. Deur oomblik na oomblik in die Gees te wandel, word hy deur die Skrif verseker dat hy nie aan die begeerlikhede van die vlees sal voldoen nie. Hierdie proses van heiligmaking duur vir die res van sy lewe en slegs wanneer die verheerliking plaasvind, kan hy aanspraak maak op totale volmaaktheid na gees siel en liggaam.

*10.2.1 Diversiteit van sienswyses*

In die bestudering van die verskillende standpunte, wil dit voorkom asof daar in die betrokke tydperk 'n wye spektrum van sienswyses voorgekom het. Ten minste drie sieninge het voorgekom, hoewel daar 'n mate van oorvleueling was:

- Wedergeboorte en bekering vind op twee afsonderlike tye plaas. Wedergeboorte kan selfs voor die geboorte plaasvind en is 'n onbewustelike werking in die mens se lewe. By wedergeboorte word hy 'n nuwe skepsel. Die vrug van hierdie saad kom later in die persoon se lewe tot uiting in die bekering en heiligmaking.
- Deur die wedergeboorte wat die Heilige Gees in die sondaar wek, kom die sondaar tot ontwaking en bekeer hom tot God. Wedergeboorte en bekering vind op een oomblik plaas en is onlosmaakbaar van mekaar. Die mens kan terugverwys na sodanige gebeurtenis in sy lewe. In baie gevalle word die term *wedergeboorte* en *bekering* wisselend gebruik. Die term "redding" is dikwels gebruik om hierdie gebeurtenis te beskryf.
- God roep die verlore sondaar wat dan tot ontwaking kom. Weens die bewuswording van sy sondige toestand, kom hy tot 'n sondeoortuiging en in berou bekeer hy hom tot God. Op dieselfde oomblik skep die Heilige Gees die wedergeboorte en die mens ontvang die sekerheid dat hy 'n kind van God is.

Die eerste model het baie sterk na vore getree by die sogenaamde "verbondsteoloë" en ook waar predikante wedergeboorte en bekering teoreties verklaar het, veral aan die hand van byvoorbeeld die Heidelbergse Kategismus. Hier word baie sterk klem op die uitverkiesing geplaas. Hierdie predikante het met die hernude bewuswording van Calvinisme (neo-Calvinisme) in reaksie teen Metodisme sterk op die voorgrond getree. Dit was veral onder die invloed van Abraham Kuyper wat hierdie teorie baie sterk gepropageer is. Dreyer brei uit oor die Neo-Calvinistiese leer van die wedergeboorte en verwys na Kuyper wat leer dat die saad van die wedergeboorte selfs voor die geboorte in die mens geplant kan word, en dat die prediking alleen tot wedergeborenes gerig word. "Die sondaar wat dood is deur die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sonde kan nie glo en hom bekeer nie. Hierdie lewe ontstaan by die wedergeboorte....Hierdie lewenskiem kom later tot ontwikkeling, sodat die wedergebore mens met die hulp van God hom kan bekeer en glo" (Uit *Het werk van de Heilige Geest II*, aangehaal in Dreyer in *Hervormde Teologiese* Studies November 1943:25).

Behalwe die talle voorbeelde wat in hierdie studie genoem is van predikante wat hierdie standpunt huldig, kan die naam van ds.F.M.Smit van Dealesville hierby gevoeg word. In 'n uitgebreide reeks artikels oor wedergeboorte, wat oor 'n lang tydperk in *Die Kerkbode* geplaas is, het hy baie sterk standpunt ingeneem dat wedergeboorte onbewustelik plaasvind. "Die natuurlik-dooie, of onwedergebore siel het die almagtige God op 'n seker, vir die mens onbekende, oomblik lewendig gemaak, of gewederbaar, toe Hy die onverganklike en onvernietigbare saad van die ewige lewe in daardie siel ingeplant het" (*Die Kerkbode* 20 Desember 1939:1136). Met hierdie verbinding aan Christus word hy lewendig gemaak, word hy 'n nuwe skepsel en ontvang die ewige lewe (*Die Kerkbode* 23 Oktober 1940:744). Voor hierdie gebeure is die sondaar so dood dat selfs nie die prediking op hom enige uitwerking kan hê nie (*Die Kerkbode* 20 September 1939:548).

Verskeie predikante in hierdie kader het baie sterk standpunt ingeneem teen diegene wat nie met hierdie sienswyse saamgestem het nie. So skryf ds.C.R.Kotzé onder die opskrif "*Kerk of Sekte*" oor hierdie onkundige predikers vir wie "'n sieklik-mystieke vroomheid so wonderlik aantreklik is" (*Die Kerkbode* 13 Desember 1933:1110) terwyl die gehoor "met klimmende belangstelling en aandoening...verneem: dat elke mens homself moet bekeer voor en aleer hy die nuwe lewe of wedergeboorte in die binneste kan en sal deelagtig word; dat elke ware gelowige haarfyn die datum van sy eie bekering moet weet; dat ware gelowiges ook nog kan verlore gaan" (:1111). Dit is opvallend dat baie van hierdie tipe aanvalle met veralgemenings gepaard gaan, soos die laaste opmerking van die verliesbaarheid van saligheid.

Die tweede model, waar wedergeboorte voor bekering plaasvind, dog gelyktydig met mekaar, het voorgekom by predikante wat teoreties wou vashou aan die Formuliere, maar in die praktyk dit anders ondervind het. Hier kry ons persone soos ds.G.D.du Toit. In die eerste aflewering van bogenoemde reeks, het ds.Smit vir ds.du Toit aangeval oor ten minste drie foute wat hy gemaak het in een van sy geskrifte. Hy het dit gehad teen ds.Du Toit se interpretasie dat by 'n babatjie, wedergeboorte voor geloof kom, terwyl by sommige volwassenes kom geloof voor wedergeboorte. Smit spreek hom soos volg daaroor uit: "As God die mens geheel passief vind, soos Ds.Du Toit tereg opmerk, wanneer Hy hom wil wederbaar, hoe kan daardie mens dan reeds in besit wees van 'n aktiewe werking, geloof wat opvoer na wedergeboorte?" (*Die Kerkbode* 30 Augustus 1939:392).

Ook ander geestelike leiers het afgewyk van die tradisionele interpretasie van die heilsweg. Eerw. W.Holzapfel, wat dikwels artikels vir *Die Kerkbode* geskryf het, maak die volgende stelling: "De ongelovigen moeten zich eerst tot God bekeren. De eerste stap tot 't nieuwe leven is de omkeer van de zondaar tot God. Daarop volgt de wandel in de heiligmaking" (*De Kerkbode* 9 November 1927:669). In 'n preek oor die wedergeboorte sê hy onder andere: "Elkeen dus wat die Here Jesus aanneem as die redmiddel teen die vergif (sic) van die sonde en as die Redder van die sonde en skuld, die is


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wedergebore" (*De Kerkbode* 16 Julie 1930:106). Die gebruik van die term "redding", asook die gedagte dat die saligheid universeel is, kom in die volgende uitspraak van hom duidelik na vore: "Niemand hoef in sy verlore toestand te bly nie. Niemand is hopeloos of reddeloos verlore nie. God het voorsiening gemaak tot redding. Almal kan gered word. Dit sluit in die vergiffenis van sondes, die toedekking van die oortredinge, die reiniging en heiligmaking..." (*Die Kerkbode* 1 Februarie 1933:199). In hierdie uitsprake is geen sprake dat die saligheid slegs vir uitverkorenes bedoel is nie.

Met groot versigtigheid sou 'n mens dr.Andrew Murray ook hieronder wou klassifiseer. Om uit die letterlik honderde geskrifte wat uit sy pen gevloei het en preke wat gelewer is, hom op een sinsnede te beoordeel, sou onregverdig wees. In hierdie studie is reeds breedvoerig ingegaan op sy leerbeskouing, maar as bewys dat hy geglo het dat die sondaar eers by bekering 'n kind van God word, word gelet op die volgende uitspraak: "O! de blijdschap als een ziel dit recht verstaat, en daarbij volhardt: Ik heb my tot God bekeerd, en God heeft mij aangenomen, en nu ben ik Zijn verlost, gelukkig kind" (*De Kerkbode* 6 Januarie 1916:20). Hy het ook 'n sterk appèl op leser en hoorder gemaak om hulle tot God te bekeer. (Hierdie teorie neem egter nie die gedagte weg dat die wedergeboorte voor die bekering plaasgevind het nie.)

Die laaste teorie het weer 'n Metodistiese kleur aangeneem. Hier is ook 'n oproep tot die sondaar gemaak om hom onmiddellik tot God te bekeer, waar die bekering die wedergeboorte voorafgaan. Voorbeelde hiervan kry ons in artikels van veral predikante wat laat in die vorige eeu of vroeg in hierdie eeu geleef het. 'n Sterk appèl is op die mens gemaak om hom tot God te bekeer. Sedert die beginjare het artikels (soms in die vorm van boodskappe) sporadies in *Die Kerkbode* verskyn waarin ernstig aangedring is op die sondaar om hulle tot God te bekeer. Een van die eerste uitgawes van *De Gereformeerde Kerkbode* bevat byvoorbeeld 'n baie ernstige oproep tot bekering: "Zeg alles vaarwel. Verlaat ijlings de nare nachtspelonken der zonden. Sta op uit der slaap van den geestelijken dood....Dus, door een oprecht geloof en door eene ware bekeering, wordt een slaaf des Duivels, een kind van God..." (*De Gereformeerde Kerkbode* 10 Maart 1849:66,7). Hierdie oproep bots lynreg met Smit se siening dat die sondaar so dood is om nie eers op die gepredikte woord te reageer nie. Prof. N.J. Hofmeyr beklemtoon in 'n preek te Stellenbosch oor "*De Redding van de Stokbewaarder*" dat die prediking juis die sondaar trek. As voorbeeld noem hy die 3 000 wat op Pinksterdag tot bekering gekom het. Ná die eerste duidelike evangelieverkondiging gee hulle hul aan die Heiland oor "en werden terstond door Hem verlost: hunne zonden werden hun vergeven, en zij ontvingen de gave van de Heilige Geest" (*De Kerkbode* 27 November 1919:1269*)*. Ook in hierdie preek, soos in ander geskrifte, lê hy nadruk daarop dat die sondaar eers tot verligting of ontwaking kom: "Er ontwaakte in u een verlangen, om als anderen vergiffenis van zonden te ontvangen, en door God tot kind te worden aangenomen" (:1269). 'n Soortgelyke benadering word gevolg in 'n boodskap deur "N" in *De Gereformeerde Kerkbode* 26 Februarie 1859,pp.65-70).

Let ook op na die orde wat ds.H.F.Schoon gebruik in 'n artikel onder die opskrif "*De Gelijkenis des Heeren (de Kamel en het Oog der Naald)*: "De zondaar, die in de liefde Gods tot bekeering geleid, door


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

de genade van den Heere Jezus in Diens bloed van de zonde gereinigd en door het Woord Gods in de kracht des Heilige Geestes wedergeboren wordt, verkeert hier op aarde nog steeds in gevaar om terug te vallen in de zonden..." (*De Kerkbode* 9 Maart 1916:227). Hierdie woorde impliseer dat die sondaar tot bekering kom, gereinig word deur die bloed waarna die wedergeboorte sy deel word.

Eerw. W.J.Wentzel van Brackenfel skryf dat, nadat ds.C.R.Kotzé van Winburg "die een en ander aangeroer het omtrent die wedergeboorte", bydraes in die korrespondensiekolomme bewys het dat daar groot onkunde geheers het "oor die weg waarlangs die sondaar gelei word om in besit van die saligheid te kom" (*Die Kerkbode* 29 Augustus 1934:392). In sy verduideliking wyk hy geheel en al af van die gereformeerde leer en gee die orde soos volg aan: Roeping, oortuiging, berou, belydenis, oorgawe, aanname van kindskap, geloof. In die derde aflewering brei hy uit oor die wedergeborene wat nie meer verlore kan gaan nie.

Laasgenoemde gevalle het veral by die evangeliese predikante voorgekom waar 'n appèl op alle sondaars gemaak is om hulle te bekeer. Sou die mens reageer en tot bekering kom, is daar nooit in die praktyk 'n onderskeid gemaak tussen bekering en wedergeborte nie en eweneens is die twee aspekte altyd in noue verband met mekaar geplaas. Hierdie ondervinding in die mens se lewe is beskou as 'n genadewerking van God waarby die mens ook betrokke is. Die belangrikste het egter vasgestaan, naamlik dat in al bogenoemde gevalle erken is dat die inisiatief altyd van God uitgaan. Die vraag ontstaan egter of baie van die predikante nie waarskynlik die "verligting", "ontwaking" en "wedergeboorte" met mekaar verwar het nie. Eers wanneer die mens "verlig" geword het, of "wedergebore" is, kan hy hom tot God bekeer.

Veronderstel wedergeboorte en bekering vind op twee verskillende tydstippe plaas, dan sal dit beteken dat die sondaar, wat wedergebore geword het, 'n nuwe skepsel in Christus word. Wanneer die appèl op 'n later stadium tot hom gerig word om hom tot God te bekeer, kom hy as reeds verloste, as wedergeborene, na God toe en nie as sondaar nie. Moontlik het dit aanleiding gegee tot die onduidelikheid en vrae wat by talle mense voorgekom het.

Nou verweef aan die appèl op hoorders (en lesers) tot 'n daadwerklike bekering, was die aandrang op heiligmaking as definitiewe keerpunt in die geestelike lewe. Een voorbeeld is dié van ds.E.C.Anderssen wat vra of daar vir die gelowige naas bekering 'n Pinksterondervinding is. "Hierop antwoord ik beslist: *Ja" (De* Kerkbode 18 Maart 1925:351). Hy noem hierdie ondervinding 'n nuwe bekering "in sommige gevallen krachtiger dan de eerste, en konden zij getuigen dat hun leven van dat ogenblik af aan een geheel nieuwe was geworden" (:352).

Om hierdie definitiewe bekerings- en heiligmakingsmomente te illustreer, het predikante dikwels gebruik gemaak van die tipologie van die volk Israel se trek uit Egipte, deur die woestyn in die land Kanään. Prof.Hofmeyr, ds.G.D.du Toit, ds.C.F.Scheepers en andere het hierdie tipologie gebruik. Een van die eerste aanduidings hiervan is vervat in *De Gereformeerde Kerkbode* van 21 Oktober 1892 (pp.339-342). Die skrywer "K" verduidelik dat die mens deur dieselfde keerpunte gaan: "Er is eerst het leven in de zonde - in Egypte - met al de ellende der zonde. Dan de bekeering daarop volgende....Wij ontvangen rechtvaardigmaking, verlossing van de schuld en de smet der zonde door het bloed van Christus (De


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Roode Zee) (:340). Daarna volg 'n lewe in die woestyn "onder de wet, in slavernij; in vrees..." "Goddank, er is echter een beter leven voor ons dan het leven in Romeine vii, namelijk het Christelijk leven voorgesteld in Romeine viii" (:340). By hierdie tweede ondervinding ontvang die siel die doop van die Gees. "Daar is zij der zonde gestorven; de macht der zonde is gebroken....Daar is zij Gods levend. Daar is zij vrij, hebbende kindschap ontvangen en erfrecht met Christus....Vroeger verlossing van die schuld, nu verlossing van de macht der zonde" (:841).

Wat die Metodistiesgekleurde heiligmakingsleer betref, wil dit voorkom asof die praktiese belewenis in mense se lewe die swaarste geweeg het. 'n Ongelukkige sielstoestand wat hoogty gevier het, het die mens laat soek na 'n beter lewe - 'n lewe van oorwinning. Eers nadat'n definitiewe magsdaad van God in die mens se lewe bewerk is, was die uitvloeisel van 'n Geesvervulde lewe duidelik sigbaar.

Dit wil dus voorkom asof die leer van die Kerk in ag geneem is as dit kom by die doel van heiligmaking, maar wat die middel tot die doel betref, is nie altyd gehandel volgens die leerstellige interpretasie soos deur die deursnee predikante geleer is nie.

In kritiek teen bogenoemde aannames kan gesê word dat predikante hermeneuties verkeerd aangehaal is. Met groot versigtigheid is met die inhoud van artikels omgegaan uit vrees dat in so 'n strik getrap kan word. Om hierdie rede word so veel as moontlik van direkte aanhalings gebruik gemaak omdat persoonlike interpretasies tot foutiewe aannames kan lei. Bogenoemde modelle is egter nie die laaste woord wat gespreek is nie. Vele meer onderverdelings kan sekerlik gemaak word, maar die omvang is te groot en sal eerder tuishoort op die terrein van die Dogmatiek.

*10.2.2 Onsekerheid onder lidmate*

Wat opvallend is, is dat in die verskillende uitgawes van *De Kerkbode* wat sedert die vyftigerjare van die vorige eeu, tot vroeg in hierdie eeu verskyn het, ontsettend baie artikels voorkom waarin by die leser aangedring word om sekerheid van saligheid te verkry. Die hoofdoel van die kerk was die redding van siele (vgl. *De Kerkbode* 1 Junie 1872:163). Ook artikels oor die vervulling met die Heilige Gees was nie skaars nie. In die bestudering van die verskillende vroeë uitgawes, is weinig, indien enige, dispute oor veral bekering, wedergeboorte en heiligmaking en ander heilswaarhede teëgekom.

Veral later in hierdie eeu het lidmate heelwat vrae gevra oor wedergeboorte en bekering, wat getuig het van die onkunde wat bestaan het. In gevalle waar ontevredenheid uitgespreek is oor die skaarsheid van hierdie onderwerpe van die kansels af, het die persone wat antwoorde verstrek het, verdedigend opgetree en genoem dat dit wel verkondig word, veral tydens Pinkster wat gewoonlik as oestyd beskou word wanneer siele ingebring word.

In 'n verslag deur die voorsitter van die Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking, ds.J.P.Burger, word onder andere melding gemaak van die probleme wat ondervind word deur die twee spesiale evangeliepredikers in die Kaap, di.Van der Merwe en Du Toit. Die een is die onkunde aangaande die heilsweg. "Siele verlang daarna maar verstaan nie" (*Die Kerkbode* 8 Maart 1939:430). 'n Konferensie in Worcester met "Die Heilsweg" as tema word vir al die gemeentes in die vooruitsig gestel. Verder


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word beswaar gemaak teen die gevaar van die Los predikante "wat met verkeerde leer die gemeentes opsweep" (:430). Hier word veral die leer van Perfeksionisme genoem. Oor die seën wat ondervind word, skryf die voorsitter: "Daar is altyd etlike gevalle van merkwaardige bekeringe. Siele word weder gebore." Uit bostaande opmerkings val die aandag op die verwysing na die onkunde van lidmate oor die heilsweg, asook die "verkeerde leer" van die Los predikante. Terwyl daar grootliks ooreenstemming was tussen die leer van ds.G.D. du Toit en byvoorbeeld ds.Scheepers oor die leer van heiligmaking, is dit vreemd dat hier van "die vreemde leer" gepraat word. Soos in ds.du Toit se geval, het ook nie een van die twee Los predikante Perfeksionisme voorgestaan nie. Die enigste "verkeerde leer" kon geleë wees by die orde waarin bekering en van wedergeboorte voorgehou is.

Laastens is die wisselende gebruik van die terme "merkwaardige bekeringe...siele word weder gebore" opvallend. Dit sou nie regverdig wees om deur hierdie opmerking 'n veralgemening te maak nie, maar die inkonsekwente gebruik van hierdie terme in die praktyk is tog opvallend.

Beskuldigings dat die Ned.Geref.Kerk ten nadele deur die Metodisme beïnvloed is, het verwarrend ingewerk. Na aanleding van beskuldigings van 'n Metodistiese bekeringsywer in die Ned.Geref.Kerk, gebruik ds.C.H.Murray van Viljoenskroon aanhalings uit Charles Finney se boek "*Lectures on Revival*" om dit te regverdig. Hy spreek sy waardering uit teenoor manne wat met streng Calvinistiese beginsels en "vol van bekeringsywer" hul werk doen en sy gebed is dat die Here meer manne sal gee met die besondere gawe om die gedoopte onwedergeborenes die Evangelie van Wedergeboorte en bekering te predik en die waarheid van heiligmaking met duidelikheid en oortuiging aan swakkes, die halfhartiges en die wêreldsgesindes te verkondig" (*Die Kerkbode* 10 Junie 1936:1163). Let op hoe hy met die terme "bekering" en "wedergeboorte" omgaan.

Hierdie tipe beskuldigings teen die Kerk het ook lidmate verwar. Onder die skuilnaam "Lidmaat" vra die persoon 'n veelheid van vrae, byvoorbeeld of dit wel so is dat die Kerk daarmee (met Metodisme) deurtrek is; wat daaronder verstaan word; hoe dit met Calvinisme verskil; in watter vorm dit in die Kerk voorkom; of spesiale evangelieprediking deel daarvan is, of dit goed- of af te keur is, ens. Mense het 'n behoefte gehad aan praktiese godsdiensbelewenisse, maar die Kerk se strenge optrede teen die vreemdsoortige het verder bygedra tot die onsekerheid in lidmate se gemoed.

### *10.3 Geestelike klimaat bewerk kerkskeuring*

Hoewel die sogenaamde Metodistiese beïnvloeding die Ned.Geref.Kerk meer bewus gemaak het van sy groot taak en roeping om mense, wat in 'n sondige staat van verlorenheid verkeer, tot redding te roep, het dit nie die teenoorgestelde uitwerking gehad. Dit het veroorsaak dat lidmate ander weivelde gaan opsoek het. Daarmee saam het die Kerk ook baie ferm opgetree teen enige vorm van Metodisme.

Die Ned.Geref.Kerk-lidmate wat voorstanders was van 'n daadwerklike bekering en ook 'n krisisondervinding van heiligmaking, kon nie dit waarna hulle gesmag het, by hul plaaslike gemeentes kry nie. Sodoende het hulle 'n aptyt begin ontwikkel vir 'n tipe prediking wat aan hierdie behoeftes kon voldoen. In die kerklike omgangstaal is verwys na gevoelsprediking. Veral in die dertiger- en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veertigerjare van hierdie eeu het die praktyk bewys dat daar 'n sterk vraag na hierdie tipe prediking was. Groot getalle mense het die dienste van spesiale evangeliepredikers en buitelandse evangeliste bygewoon.

Die Metodistiese gevaar is in hierdie tipe prediking gesien en daarom het 'n klemverskuiwing in die Ned.Geref.Kerk plaasgevind. Vanf die konvensionele uitreik-aksies, waarin een sterk evangeliesgesinde prediker die middelpunt van belangstelling geword het, het die klem verskuif na die amp van die gelowige waar elke lidmaat 'n evangelis in eie reg is en waar hierdie vorm van evangelisasie vanuit die plaaslike kansel moes geskied. Evangelisasie het meer die oog gehad op die terugbring van afgedwaalde lidmate na die kerk as om die boodskap van verlossing op groot skaal aan sondaars te bring. Bekeringsboodskappe was ongevraagd omdat dit nie vir die verbondskinders bedoel was nie, maar eerder vir die heidene of diegene wat van die kerk vervreemd geraak het.

Hierdie afskaling van spesiale evangeliedienste het 'n leemte geskep. Terselfdertyd begin enkele predikante in hulle eie en ander gemeentes konferensies hou. In samewerking met buitekerklike bewegings soos die A.E.B., word hierdie leemte in 'n groot mate gevul. Hulle werksmetode en in besonder hulle leer word as ongereformeerd beskou en daarom beland hulle in 'n doodloopstraat in die Ned.Geref.Kerk.

Ook in dieselfde tyd kom dr.De Vos op die toneel. Hy probeer man-alleen die Ned.Geref.Kerk van binne hervorm en dra met ongekende ywer die evangelieboodskap van verlossing aan sondaars uit. Aanvanklik behaal hy groot sukses, maar sy ooryweriheid en ontaktvolle optrede bring hom ook by 'n doodloopstraat. Onhoudbare omstandighede noop hom om deel te hê aan die stigting van 'n ander kerk, naamlik Die Nuwe Protestantse Kerk.

Deur die sameloop van omstandighede voeg die volgelinge van die buitekerklike groepe hulle by dr.De Vos. Laasgenoemde, as uitgesproke Calvinis, en beginselvaste voorstander van die gereformeerde leer, saam met sogenaamde Metodisties-georiënteerdes in een kerk, was soos water en vuur wat nie kon meng nie. Binne vyf jaar besluit hy om weer 'n nuwe kerk te stig waarin sy ideaal, om die Ned.Geref.Kerk te hervorm, verwesenlik kon word en noem die kerk *Die Hervormde Ned.Geref.Kerk*. Ook die Kerkblad weerspieël hierdie ideaal - *Die Hervormde Kerkbode*. Omdat sy aanvanklike wegbreek uit die Ned.Geref.Kerk nie oor leerstellige sake gehandel het nie, kon hy in die nuutgestigde H.N.G.Kerk sy gereformeerde leer handhaaf.

Omdat Die Nuwe Protestantse Kerk met sy stigting nie die leer van die Ned.Geref.Kerk, en daarmee saam dié van dr.De Vos oorgeërf het nie, bevestig die eiesoortigheid van sy leer, asook die feit dat dr.De Vos slegs as katalisator gedien het by die stigting van die nuwe kerk. Hierdie kerk sou 'n onderdak vorm vir die duisende lidmate wat 'n groter aangetrokkenheid getoon het vir die meer evangeliese, piëtistiese en sogenaamde Metodistiese leer, teenoor die sreng Calvinistiese leer van die Ned.Geref.Kerk. In die nuwe kerk kon hulle 'n groter mate van verligting ervaar ná die tyd van stryd wat veroorsaak is deur die spanning tussen leer en lewe.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

Die stigting van Die Nuwe Protestantse Kerk is nie net veroorsaak deur 'n onderlinge kollegiale stryd in een gemeente nie, maar 'n uitbarsting van 'n sluimerende en onderdrukte begeerte om 'n sekere mate van spiritualiteit binne 'n gereformeerde konteks spontaan te beleef.

Baie evangeliesgesinde predikante het ná die stigting van die nuwe kerk ongehinderd met hul bediening in die Ned.Geref.Kerk voortgegaan. Vrae mag ontstaan waarom manne soos prof. J.C.G.Kotzé en ds.G.D.du Toit nie ook van kerk verander het nie. Baie diepliggende faktore kan hieraan toegeskryf word, maar die eenvoudigste antwoord is moontlik geleë in die gedagte dat God nie 'n eksklusiewe kerkgenootskap wil gebruik om die boodskap van verlossing aan 'n verloregaande wêreld te bring nie. Evangeliesgesindheid en gereformeerdheid is nie noodwendig teenpole nie, maar 'n mate van integrasie is wel moontlik. Nicol (*Gereformeerde en Evangeliese Identiteit)* beweer dat een van die geheime van die Ned.Geref.Kerk gelê het in die kombinasie van die gereformeerde en die evangeliese.

### *10.4 Leerstellige ontwikkeling*

Oppervlakkig gesien, is Van Niekerk (1983:351) se aanname korrek dat die wortels van die heilsorde van Die Nuwe Protestantse Kerk terug te vind is in die A.E.B., ds.Scheepers en veral by ds.W.C.Malan. Hulle was egter nie die bron waaruit die heilsorde sy beslag gekry het nie. Tereg is dit gebore uit 'n "Metodistiese" denkpatroon, maar "Metodisties" in die sin waarin hierdie term sedert dr.Andrew Murray se tyd in die Ned.Geref.Kerk gebruik is. Dit was niks anders as 'n bloot evangeliese leer binne 'n gereformeerde milieu nie. Die leer van Scheepers en Malan, ten opsigte van bekering en wedergeboorte, kan grotendeels terugherlei word na onder andere prof.Hofmeyr wat bekering en wedergeboorte as onlosmaakbaar van mekaar gesien het. In sy geskrif : "*Uit die duisternis tot het licht*" is reeds aangetoon hoe hy die wedergeboorte sien as as stempel van die waaragtige bekering (1906:85). Dit was lynreg in stryd met ander teoloë wat die bekering as vrug van die wedergeboorte (as saad) gesien het.

Die rede waarom wedergeboorte voor bekering geplaas word, is omdat die mens in sy geestelik doodse toestand nie homself tot God kan bekeer nie. Om dié rede moet die Heilige Gees eers die nuwe lewe skep, en wanneer die mens tot ontwaking kom en sy toestand besef, bekeer hy hom tot God. In hierdie sin het prof.Hofmeyr weer gesê dat die sondaar tot <u>ontwaking</u> kom. Dit noop hom om hom tot God te bekeer, waarop die wedergeboorte volg - in een oomblik, want bekering en wedergeboorte is onlosmaakbaar van mekaar.

Hoewel ander tydgenote van prof.Hofmeyr, asook latere evangeliese predikers in die Ned.Geref.Kerk, teoreties wedergeboorte voor bekering geplaas het, het hulle 'n baie sterk appèl op die mens geplaas om tot bekering te kom. As voorbeeld word weer verwys na die artikel van prof.Hofmeyr oor "*Die werk van God en die werk van die mens in die bekering van sondaars*" Daarin word 'n geweldige hoë premie geplaas op die prediker wat verantwoordelik gehou word vir die bekering van die "ontwaakte siel". Hulle bediening moet niks minder op die oog hê as die bekering van die sondaar nie (Hofmeyr 1946:65). Dit impliseer dat die prediker 'n 'sterk appèl op die luisteraars moet uitoefen. Sou hy dit nie na wense doen nie, kan hy nie enige bekering verwag nie. Die werking van die Heilige Gees word uiteraard nie


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

buite rekening gelaat nie. Hoe het manne soos die Murrays en Van der Merwes en talle ander bekeringspredikers nie ook met groot erns in hulle prediking die mense beweeg tot bekering nie.

Dit was met hierdie selfde ywer waarmee Scheepers en Malan die boodskap van verlossing gebring het. Teoreties is bekering voor wedergeboorte geplaas, maar in die praktyk was daar net een doelwit: Die redding van siele! Omdat hulle in 'n tydvak geopereer het waarin neo-Calvinisme met sy anti-Metodistiese ywer 'n hoogbloei beleef het, was hulle leer onaanvaarbaar.

In 'n baie breedvoerige bespreking oor die onderwerp van heiligmaking, meen Van Niekerk (1983:352-368) dat die Metodistiese invloed van die A.E.B. met betrekking tot perfeksionisme 'n gewisse uitwerking gehad het op die leer van *Die Nuwe Protestantse Kerk,* veral omdat die "tweede genadewerk" in lyn gebring is met die leer oor die "Second Blessing". Daar bestaan heelwat vertwyfeling oor hierdie aanname.

Die gedagte dat die kind van God verlos word van die inwondende sonde, het dikwels in die verlede verwarring by individue geskep en voorstanders van hierdie leer blootgestel aan kritiek asof hulle die leer van perfeksionisme verkondig. Tog het dit in hierdie studie na vore gekom dat nóg ds.Scheepers nóg ds.Malan die leer van Perfeksionisme aangehang het. Op die spoor van proff.N.Hofmeyr en J. Murray, asook dr.Andrew Murray, ds.G.D.du Toit en andere, het hulle die absolute noodsaaklikheid van 'n "tweede bekering" beklemtoon. Geringe verskille oor wat presies by hierdie daad in die hart van die mens plaasvind, het voorgekom. Prof.Hofmeyr het byvoorbeeld 'n eiesoortige teorie geformuleer wat hy koppel aan knegskap en kindskap. Die geheim van dr.Andrew Murray se geestelike lewe was weer gesetel in 'n lewe "in Christus".

Wanneer V. Raymond Edman die geestelike ondervindings van negentien bekende persone uitlig, sê hy tereg: "Geen Goddelike waarheid kan duideliker gestel word as dat die keerpunt van die geestelike lewe, soos die van die bekering, geen vaste patroon volg nie. Net soos 'die wind waai waar hy wil', so beweeg die Gees soos Hy wil. Andrew Murray verpersoonlik op meesterlike wyse die werklikheid van die Geesvervulde lewe wat sy werklikheid uit die Persoon van die Heilige Gees put, heeltemal weg van enige dinamiese emosionele ondervinding" (1973:100,1).

Dieselfde beginsel wat Edman onderstreep, kan ook deurgevoer word na dié van Scheepers, Malan en andere. Ds.Scheepers het byvoorbeeld geleer dat die "self" by hierdie krisismoment doodgemaak word en dat dit sinoniem is aan die inwonende sonde, die vlees, ens. Dit het verskil van enige ander teoloog se beskouing en is ook nie so in die leer van die Nuwe Protestantse Kerk vervat nie. Dit is waarskynlik om hierdie rede dat Van Niekerk (1983:365) die bewering maak dat die siening van ds.J.C.G.Kotzé oor heiligmaking ingrypend verskil van die siening van die A.E.B., di.Scheepers en Malan "naamlik dat die erfsonde met die 'tweede genadewerk' totaal vernietig word en dat die versoeking om te sondig daarna slegs van buite die mens kom."

In hierdie opinie van Van Niekerk kom 'n groot mate van veralgemening voor. Net soos ds.Kotzé geleer het dat die moontlikheid van sonde, selfs in die allerheiligste kind van God, tot die dag van sy dood


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorkom, so het Scheepers en Malan ook geglo. Kotzé, Malan, Scheepers en andere het net soos Hofmeyr, Murray, G.D.du Toit en vele meer geglo aan so 'n "tweede genadewerk", hoewel die term nie altyd so gebruik is nie en selfs verfoei is. Hulle was eenstemmig dat die kind van God op een of ander stadium in sy lewe sy eie kragteloosheid en sondigheid ontdek, want dit lei tot 'n slawerny onder die mag van die sonde. Met die oplossing te vinde in Jesus Christus, vind die verlossing en reiniging plaas en daarmee saam die vervulling met die Heilige Gees. Naas hierdie krisisondervinding volg 'n proses waarin 'n dieper reiniging plaasvind tot die dag van die dood of die wederkoms van Christus. Die gebruik van terme "rein hart" en "verlossing van die inwondende sonde" het nie so algemeen voorgekom by die vroeëre predikante nie.

Edman (1973:101,2) verstrek dr.Andrew Murray se weergawe van hierdie ondervinding soos wat hy dit tydens 'n Engelse Keswick-konferensie meegedeel het. Hy vertel van die "gevoel van ontevredenheid en onbeskryflike rusteloosheid" wat in sy hart gebrand het en hoe hy tydens die eerste tien jaar van sy bediening op 'n laer geestelike trap gestaan het. Hy het een aand in sy studeerkamer in Kaapstad 'n toewyding beleef, hoewel hy dit nie as sy "bevryding" gesien het nie, aangesien hy nog besig was om te worstel. Hy het homself aan God oorgegee met die gedagte om die doping met die Heilige Gees te ontvang, maar kon geen bevrediging verkry nie. "Deur al hierdie struikelinge het God my gelei sonder enige spesifieke ondervinding waarna ek kan verwys...." (:102).

Ten spyte daarvan dat hy self geen dinamiese ondervinding beleef het nie, het hy tog nadruk gelê op die noodsaaklikheid van 'n "Second blessing". Hy het hom dus nie skuldig gemaak aan ervaringsteologie nie, maar sy bediening gegrond op die Woord van God.

Net so het die twee Los predikante, ongeag die geringe interpretasieverskille, met groot ywer verkondig dat so 'n ondervinding wel in die lewe van die gelowige moet plaasvind. Dat die persepsie geskep kon word dat hulle perfeksionisme verkondig het in die oordrag van hierdie waarheid, kan nie betwyfel word nie, maar volgens die geskrewe getuienis van hierdie mense, het hulle hul nie daaraan skuldig gemaak nie. Eweneens moes dr.Andrew Murray ook dieselfde beskuldigings aanhoor.

Van Niekerk (1983:364) skerm vir dr.A.Murray met die volgende stelling: "'n Beroep op Murray en die ander vir 'n begronding van die heiligmakingsleer van Die Nuwe Protestantse Kerk sou egter nie verantwoordbaar wees nie. (Selektiewe beroepe op veral Murray sonder inagneming van sy totale dogmatiese siening het dikwels tot verkeerde gevolgtrekkings gelei.)" Vroeër het Van Niekerk (:356) verwys na twee doktorale verhandelings van dr.B.J.K.Andersen en dr.C.F.C. Coetzee oor Murray se siening oor heiligmaking en die vervulling met die Heilige Gees en voeg daaraan toe dat hulle konklusies soms uiteenlopend was. Dit is begryplik dat wanneer op fyner detail ingegaan word, daar sekerklik nie ooreenstemming sal wees tussen die leer van Murray en byvoorbeeld ds Malan nie. Die praktyk het dit egter bewys, en in hierdie studie het dit ook na vore gekom dat, hoewel mense se interpretasies oor sekere heilswaarhede verskil, die basiese beginsels wat hulle aan die lidmate wou deurgee, dieselfde doel voor oë gehad het.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geen formulering van 'n kerk se dogma geskied in 'n vakuum nie, maar volg 'n pad van ontwikkeling. In hierdie ontwikkelingsproses word aanpassings gemaak en herformulerings gedoen totdat tevredenheid bereik word en die leerstuk vasgelê word. Met dit in gedagte kan met sekerheid gesê word dat die leer (veral oor heiligmaking), soos verkondig deur Scheepers en Malan, nie toevallig by die "agterdeur" van buitelandse Metodistiese invloede ingesluip het nie, maar 'n baie lang pad van onderlinge beïnvloeding binne-in die Ned.Geref.Kerk geloop het. Dat prof.Hofmeyr en ook dr.Murray se geskrifte veral vir ds.Scheepers in 'n bepaalde denkpatroon ingelei het, kan nie ontken word nie en daarom sou dit nie regverdig wees om hulle leerformulerings bloot aan Metodistiese invloede te koppel nie.

### *10.5 Slotgedagte*

Bekering, wedergeboorte en heiligmaking is aspekte van gereformeerde spiritualiteit. In die lig van hierdie studie word opnuut besef hoe belangrik hierdie aspekte is, veral in die praktiese belewing van die mens se godsdiens. Omdat elke mens in 'n sondige staat van totale verlorenheid verkeer, is dit die belangrikste voorskrif wat God aan die mens gee, naamlik dat hy weergebore moet word. Dit verg 'n bekering van die mens se kant af. Ook 'n lewe van heiligmaking is binne die wil van God vir die mens.

Al die ander aspekte van spiritualiteit soos gebed, Bybellees, getuienis, sang, liefdesdiens en vele meer, is neweprodukte en sal nuwe betekenis kry wanneer dit uit die hart kom van die mens wat deur God verander is. Mense wat wedergeboorte, bekering en heiligmaking as 'n persoonlike belewenis ondervind het, is nie daardeur tot onaantasbare heiliges verklaar nie, maar hulle het hulself "as 'n drankoffer uitgegiet" en hul diensbaar gestel tot die geestelike behoud en opbou van 'n verloregaande wêreld.

Bekering, wedergeboorte en heiligmaking is nie sektariese terminologie nie, maar bekend in gereformeerde kringe. Om so ver terug te gaan as die Hervorming, kan na die lewensverandering van mense soos Luther en Calvyn verwys word. Dit het op geen ander wyse ontstaan as 'n hartgrondige bekering en geloofsversekering nie. Om dit bloot as Metodisties af te maak, sou nie regverdig wees teenoor die miljoene lidmate wat smag na geloofsversekering en verdieping in hul geestelike lewe nie. Die kerk het 'n groot verantwoordelikheid teenoor hulle en kan daaraan voldoen sonder om ongevraagde Metodistiese praktyke te beoefen. Deur die nalating daarvan, kan dit veral in ons moderne tyd lei tot 'n ongevraagde drang na charismatiese invloede. Hierteen waarsku Nicol ook (*Gereformeerde en Evangeliese Identiteit*).

Gereformeerde spiritualiteit en die evangeliese stroming in die Ned.Geref.Kerk gaan hand aan hand. Die gereformeerde en evangeliese erfenis kan, soos in die verlede, geïntegreer word en dit is onnodig dat polarisasie en konflik moet plaasvind. Alhoewel die Kerk dikwels beskuldig is van Metodistiese infiltrering, het hulle nie 'n Arminiaanse Metodisme toegelaat nie, maar slegs sogenaamde Metodistiese praktyke beoefen. Hierdie evangeliese predikante het dus 'n middeweg gevolg tussen Calvinisme en Metodisme sonder om na een van die uiterstes oor te leun. Weer word verwys na die gepaste opmerking van Koornhof (September 1936:281) in hierdie verband: "Na my geloof wil ek graag 'n Calvinis wees, maar na my lewenswandel en prediking sou dit my 'n eer wees om 'n Metodis genoem te word.'"



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uiteraard het elke denominasie sy unieke leer, maar met dit wat van gemeenskaplike belang is, kan die verskillende lede van die Kerk van Christus hande vashou om in 'n tyd soos hierdie alles in hul vermoë te doen om sondaars uit die duisternis tot die lig te lei en om kinders van God op die weg van heiligmaking te begelei. Christus het aan geen kerk die alleenreg gegee om die verlossingsboodskap van Jesus Christus te verkondig nie en daarom moet onaangename herinneringe uit die verlede vergeet word sodat saamgestaan kan word in die uitlewing van die belangrike evangeliese roeping op aarde.Mag dit wees dat elk van die betrokke kerke hul gereformeerde wortels opnuut ontdek en besef dat ook daarin 'n leer vervat is wat 'n verandering aan 'n verloregaande wêreld kan bring. So kan die wil van God, soos vergestalt in 1 Tim 2:3,4 en 1 Tes.4:3 sy volle loop neem en die strewe na gereformeerde spiritualiteit diegene opnuut bring by die Calvinistiese doelwit, naamlik dat God in alles verheerlik mag word - *Soli Deo Gloria*!


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BRONNELYS

## *1.* BRONNE

### *1.1 Tydskrifte*

***De Gereformeerde Kerkbode***

26 Februarie 1859
8 Oktober 1859
17 Desember 1859
24 Maart 1860
5 Mei 1860
28 Julie 1860
11 Augustus 1860
3 November 1860
11 Mei 1867
1 Junie 1872
24 Januarie 1874
17 April 1875
29 April 1876
17 Maart 1877
5 Julie 1879
16 Augustus 1879

***De Kerkbode***

Januarie 1884
18 April 1884
24 Augustus 1899
7 September 1899
12 Oktober 1899
16 November 1899
14 November 1901
27 Julie 1905
3 Augustus 1905
10 Augustus 1905
14 September 1905
16 November 1905
31 Mei 1906
9 September 1909
6 Julie 1911
5 September 1912
8 Januarie 1914
6 Januarie 1916
9 Maart 1916
3 Januarie 1918
18 Julie 1918
22 Augustus 1918
20 Maart 1919
27 November 1919
29 April 1920
8 September 1921
15 September 1921
1 Desember 1921
13 April 1922
26 Julie1922
20 September 1922
11 Oktober 1922
14 November 1923
28 November 1923
2 April 1924
18 Junie 1924
18 Maart 1925
20 Mei 1925
29 Junie 1927
13 Julie 1927
28 September 1927
9 November 1927
18 April 1928
10 Julie 1929
24 Julie 1929
7 Augustus 1929
14 Augustus 1929
21 Augustus 1929
20 November 1929
8 Januarie 1930
12 Februarie 1930


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

19 Februarie 1930
12 Maart 1930
19 Maart 1930
19 April 1930
7 Mei 1930
21 Mei 1930
11 Junie 1930
18 Junie 1930
30 Julie 1930
6 Augustus 1930
10 September 1930
22 Oktober 1930
29 Oktober 1930
19 November 1930
3 Desember 1930
12 Desember 1930
4 Februarie 1931
1 April 1931
29 Julie 1931
5 Augustus 1931
12 Augustus 1931
19 Augustus 1931
2 Maart 1932
27 April 1932
11 Mei 1932
25 Januarie 1933
1 Februarie 1933
22 Februarie 1933
8 Maart 1933
22 Maart 1933
5 April 1933
19 April 1933
3 Mei 1933
24 Mei 1933
14 Junie 1933
12 Julie 1933
26 Julie 1933
16 Augustus 1933
30 Augustus 1933
27 September 1933
25 Oktober 1933
1 November 1933
22 November 1933
29 November 1933
6 Desember 1933
13 Desember 1933
27 Desember 1933

***Die Kerkbode***
3 Januarie 1934
17 Januarie 1934
28 Februarie 1934
7 Maart 1934
2 Mei 1934
30 Mei 1934
13 Junie 1934
29 Augustus 1934
26 September 1934
3 Oktober 1934
10 Oktober 1934
17 Oktober 1934
19 Desember 1934
6 Maart 1935
15 Mei 1935
5 Junie 1935
25 September 1935
9 Oktober 1935
13 November 1935
20 November 1935
27 November 1935
11 Desember 1935
18 Desember 1935
29 Januarie 1936
12 Februarie 1936
19 Februarie 1936
4 Maart 1936
11 Maart 1936
6 Mei 1936
20 Mei 1936
10 Junie 1936
22 Julie 1936
29 Julie 1936
26 Augustus 1936
9 September 1936


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

30 September 1936
7 Oktober 1936
23 Desember 1936
30 Desember 1936
4 April 1937
28 April 1937
12 Mei 1937
26Mei 1937
9 Junie 1937
28 Julie 1937
15 September 1937
6 Oktober 1937
13 Oktober 1937
27 Oktober 1937
10 November 1937
1 Desember 1937
15 Desember 1937
22 Desember 1937
12 Januarie 1938
19 Januarie 1938
23 Februarie 1938
16 Maart 1938
13 April 1938
25 Mei 1938
1 Junie 1938
19 Oktober 1938
23 November 1938
4 Januarie 1939
18 Januarie 1939
8 Februarie 1939
8 Maart 1939
22 Maart 1939
19 April 1939
26 April 1939
3 Mei 1939
5 Julie 1939
30 Augustus 1939
20 September 1939
18 Oktober 1939
1 November 1939
20 Desember 1939
17 Januarie 1940
6 Maart 1940
7 Augustus 1940
2 Oktober 1940
23 Oktober 1940
12 Februarie 1941
24 September 1941
8 Oktober 1941
15 Oktober 1941
29 Oktober 1941
12 November 1941
19 November 1941
21 Januarie 1942
18 Februarie 1942
25 Februare 1942
1 April 1942
8 April 1942
15 April 1942
13 Mei 1942
3 Junie 1942
17 Junie 1942
15 Julie 1942
4 November 1942
18 November 1942
16 Desember 1942
30 Desember 1942
6 Januarie 1943
19 Mei 1943
26 Mei 1943
6 Oktober 1943
16 Februarie 1944
5 April 1944
8 Maart 1944
22 Maart 1944
3 Januarie 1945
31 Januarie 1945
6 Junie 1945
10 Oktober 1945
24 Oktober 1945
3 April 1946
17 April 1946
15 Mei 1946
19 Junie 1946



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

10 Julie 1946
25 September 1946
9 Oktober 1946
4 Desember 1946
11 Desember 1946
26 Januarie 1949
12 Oktober 1949
12 April 1950
19 April 1950
26 April 1950
15 November 1950
28 Februarie 1951
25 April 1951
23 Mei 1951
14 November 1951
26 Desember 1951
12 Maart 1952
6 Augustus 1952
8 Januarie 1969
31 Desember 1969
19 Februarie 1975
30 Junie 1976
7 Maart 1997

***Die Kerkblad***
26 Maart 1997

***Die Voorligter***
Augustus 1940
September 1940
April 1943
Mei 1944

***Die Hervormde Kerkbode***
Desember 1956

***Hervormde Teologiese Studies*** *in die bevordering van die Bybels-Reformatoriese Teologie in S.A. Afdeling 1* November 1943.

***Die Gereformeerde Vaandel***
Desember 1918
April 1934
Julie 1936
September 1937
Februarie 1938
Oktober 1947

***Het Gereformeerd Maandblad***
Oktober 1894
Januarie 1913.

***Het Zoeklicht***
15 Oktober 1932


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

***Die Nuwe Protestant***
Junie 1946:

***Betshan***
Aug-Okt.1937
Jul-Aug 1938
Jan.-Feb.1938
Mei 1942
November 1942
Mei 1943
Augustus 1944
Oktober 1944
Januarie 1945:

"***De Strever - Orgaan der C.S.V. onder de Krijgsgevangenen***" 15 Maart 1902

## *2. BOEKE*

ALBERTIJN, J R 1922. ***Leven en Preken van Johannes Rudolph Albertijn.*** Londen: Longmans, Green & Co.

BADENHORST, A M 1939. ***Tant Alie van Transvaal***. Die dagboek van Alie Badenhorst; uit die oorspronklike Nederlandse vorm in Afrikaans oorgesit deur M.E.Rothman. Kaapstad: Nasionale Pers.

BARNARD, A C 1960**. *Eeufees van die Pinksterbidure 1861-1961***. N.G.Kerk-Uitgewers.

BEKOMMERD, 1936. ***Christus die Deur:Die Twee Rigtings van Kalvinisme.*** Kaapstad:Die Burger-Boekhandel.

BENADÉ, M J 1987. Die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Swaziland. D.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

BOSMAN, H S 1912. ***Openingsrede door Ds.H.S.Bosman uitgesproken op den 31 sten Mei,1912.*** Volkstem-Drukkerij.

---------1923 ***Een Terugblik op Kerkelijke en Godsdienstige Toestande in de Transvaal***. Kaapstad: Van der Sandt de Villiers.

BRINK, J N 1904. ***Ceylon en de Bannelingen.*** Amsterdam, Kaapstad: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers Maatskappij.

BURGER, I S van der M 1987. ***Die Geskiedenis van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (1908-1958)***. Braamfontein Evangelie-Uitgewers.

BUYS, PW 1975. Metodistiese invloede in Suid-Afrika, in Van der Vyver,G C P, Coetzee, P J & Buys, P.W (reds) *Revival of Reformasie: 'n Studie oor Metodisme*. Potchefstroom:Pro Rege.

C S V 1924. *Konstitusie van die Christen Studente Vereniging van Suid Afrika (Offisieel)* S1:C.S.V..


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

CONRADIE, B 1951. ***Andrew Murray na honderd jaar.*** Stellenbosch: Die C.S.V.-Boekhandel.

CONRADIE, W S 1946. Die C S V as geestelike bolwerk op skool, in C.S.V. *Jeug vir Christus 1896-1946,*Stelleboseh:C.S.V.

CRAFFORD, D 1982. ***Aan God die Dank*** Geskiedenis van die sending van die Ned.Geref.Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende Buurstate Deel 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

CRONJÉ, J M 1981. ***Aan God die Dank*** Geskiedenis van die Sending van die Ned.Geref.Kerk Deel 2. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

DANEEL, R H [sa] ***De Hand des Heeren*** of Evangelisatiewerk in Zuid-Afrika. Kaapstad: Jacques Dusseau & Co.

DE KLERK, J J 1975. Die op-die-massa-gerigte opwekkingsprediking van die laaste drie eeue. ***Ned.Geref.Teologiese Tydskrif*** Deel XVI no. 1, pp.46-55.

(red)1979. ***Evangelistiek.*** Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

DE VILLIERS, G A W 1907. ***Vergaderde Honig,*** Aantekeninge op pastor Fransons Bijbel studie kursus. Kaapstad: Jacques Dusseau & Co.

DE VOS. D J 1967. ***Kerkwetenskap.*** Bloemfontein: Andrew & Kie.

DE WAAL, P 1940. ***Strewershandboek.*** Tweede Uitgawe Stellenbosch: Pro ecclessia-Drukkery.

DREYER, A 1924. ***Eeuwfeest-Album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika 1824-1924.*** Kaapstad: Publikatie-Kommissie van de Z.A.Bijbel vereniging.

DU PLESSIS, J 1920. ***Het Leven van Andrew Murray.*** Kaapstad: De Zuid Afrikaanse Bijbelvereniging.

DURAND, J 1985. Afrikaner piety and dissent, in Villa Vicencio,C & De Gruchy,J W (reds) ***Resistance and hope: Essays in honour of Beyers Naudé.*** (pp.39-51). Kaapstad, Johannesburg: John Philip.

DU TOIT, C W M 1948. ***Toekomstige Wêreldgebeure in die Lig van die Skrif.*** Frankfort: Vrye Christelike Gereformeerde Kerk.

---------***'n Maranata-beweging in Suid-Afrika.*** Frankfort: s n.

DU TOIT, F G M 1979. ***Hermanus Stephanus Bosman 1848-1933.***Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

DU TOIT, G D 1932. ***Jesus op die Troon.*** Kaapstad: S.A.Bybelvereniging.

---------1939. ***Die Leer van die "Second Blessing" getoets aan die Heilige Skrif.*** Stellenbosch: Die Administrasie-buro.

---------1944. ***Die werk van die Heilige Gees in die gelowige.*** Stellenbosch: Die Christen-studentevereniging van Suid-Afrika.

---------1946. ***Die gelowige in Christus.*** Derde druk. Stellenbosch: Die C.S.V.-Uitgewery.

---------1961. ***Gods Weg van Verlossing.*** Stellenbosch: Die C.S.V.-Uitgewery.

DU TOIT, H D A 1952. Kerk en Kansel, in Hanekom ,T N (red), ***Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk*** Gedenkboek by ons Eeufees 1952. Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers.

DU TOIT, J D 1905. ***De Streversvereeniging beoordeeld van Gereformeerd standpunt.*** Potchefstroom: Hövekr & Wormser.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

---------1917. ***Ds.S.J.du Toit in Weg en Werk***. 'n Periode van Afrikaanse oplewing. Paarl: Paarl Drukpers Maatschappij Beperkt.

E C A, 1932. ***Die lewe van Danie Odendaal*** 'n Suid-Afrikaanse Billy Bray. Bloemfontein: Nasionale Pers.

EDMAN, V R 1960. ***Hulle het die geheim ontdek***. Kempton Park: Hart-Uitgewers.

ELWELL, W A (red) 1984. ***Evangelical Dictionary of Theology.*** Michigan: Baker Book House.

FLETCHER, L B [sa] ***South African Jewels.*** London: Marshall,Morgan & Scott.

---------1938. ***Bekering - en dan?*** (Tweede uitgawe). C.S.V.Boekhandel.

GALL, J 1924. ***Oombliklike Redding*** deur die Geloofsoorgawe aan Jesus Kristus. Pretoria: J.H.de Bussy en Kaapstad: Holl.-Afr.Uitgevers Mij. v/h J.Dusseau & Co.

GERDENER, G B A 1919. ***Sarel Cilliers*** Die vader van Dingaansdag. Stellenbosch, sn.

GOVAN, H E 1926. ***Just Glorious*** A brief record of the joyous Christian life and labours of Leonard Messenger. Second Impression,Enlarged. Edinburgh:"Bright Words" Offices.

GROBBELAAR, P de V 1941. Roeping en Wedergeboorte, in ***Hoe word ek salig?*** Kaapstad: S.A.Bybelvereniging.

GROENEWALD, E P 1972. Prof.dr.H D A du Toit: Lewe en werk, in Marais, B J & Boshoff, C W H (reds), ***Rondom die Prediking : Erebundel aangebied aan prof.H D A du Toit.*** *49-61. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.*

GRUBB, N 1971. ***Rees Howells*** Intercessor. London: Lutterworth Press.

HANEKOM, T N 1951. ***Die Liberale rigting in Suid-Afrika: 'n Kerkhistoriese studie.*** Deel 1. Stellenbosch:C.S.V.-Boekhandel.

--------red. 1952. ***Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk*** Gedenkboek by ons Eeufees 1952. Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers.

***Herlewing sy Geskiedenis en Voorbereiding.*** Kaapstad:Suid-Afrikaanse Bybel-vereniging.

HOFMEYR, J W (samest.) 1990. The fruits of the Second Reformation in the Netherlands, South Afria and North America, in ***Vensters op die moderne Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis.*** Pretoria: Unisa.

HOFMEYR, N J 1906. ***Uit de Duisternis tot het Licht*** Een Wegwyser voor Heilbegeerigen. Zesde Uitgaaf. Stellenbsch: Christelijke Jongelingen-Vereeniging.

-------- 1896. ***Niet Knecht maar Kind*** De zegen des Niewen Verbonds. Amsterdam: Jacques Dusseau & Co.

---------1946 ***Teenstellinge in die leer en lewe van die Christen.***Stellenbosch: Die C.S.V.-Boekhandel.

HOFMEYR, S 1890. ***Twintig Jaren in Zoutpansberg***. Een verhaal van twintig jarigen arbeid onder de heidenen in de Transvaal. Kaapstad: J.H.Rose & Co., Boekverkoopers.

JONKER, W D 1989 Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. ***Ned.Geref.Teologiese Tydskrif*** Deel XXIX no. 2, pp.182-193.

KESTELL, J D 1911. ***Het Leven van Professor N J Hofmeyr.*** Kaapstad: Hollandsch-Afrikansche Uitgevers-Maatskappij.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KITSHOFF, M C 1972. ***Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen*** Kaapse predikant uit die negentiende eeu. Groningen: V.R.B.Offsetdrukkerij.

***Korte Levensschets en nagelaten geschriften van Servaas Hofmeyr, Theol.Dr.*** 1891. Kaapstad: J.C.Juta Co.

KOTZÉ, C R 1952. ***Verdwaalde Vroomheid*** Die Sektewese van ons tyd. Kaapstad: Die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

KOTZÉ, T J 1935. Die Christen-student en sy probleme, in F.C.S.V.. ***Koers in die Krisis*** *I*, 338-350. Stellebosch: Pro Ecclessia.

KOTZÉ, J C G 1935. ***Terug na Pinkster.*** sn.

---------1972. ***Pinksterrevolusie.*** Kempton Park: Hart-Uitgewers.

KOTZÉ, G J 1981. ***J.C.G.Kotzé Prediker Professor Profeet.*** Brakpan: Verenigde Gereformeerde Uitgewers.

KRIEL, L M & GERDENER,G B A 1924. ***Kerkgeskiedenis vir ons Volk.*** Kaapstad: Die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

KRIGE, J J 1935. Metodisme, Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika, ***Koers in die Krisis*** - Deel III. Stellenbosch: Pro Ecclessia.

LE ROUX, G T 1949. Vrugbare arbeid:konferensies en kampe, in CSV, ***Jeug vir Christus*** *C S V 1896-1946.* Stellenbosch:C.S.V.

LIEBENBERG, F J (samest.) 1942. Dr.Andrew Murray in ***Die Geloofslewe*** Versamelde werke dr.AndrewMurray, Deel I. Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging van S.A.

--------- 1945 ***Wekroep tot herlewing.*** Stellenbosch: Die Christen- Studentevereniging van S.A.

---------1946. ***Die Gloeiende Kool.*** Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging van S.A.

LOUW, A F 1958. ***My eerste neëntig jaar.*** Kaapstad, Pretoria: N.G.Kerk-uitgewers.

M.N. 1907. ***Het Leven van Stephanus Hofmeyr.*** Zendeling te Zoutpansberg. Wellington: Christelijke Lectuur-Vereeniging "Zending Instituut".

MALAN, C J 1984. ***Die Nadere Reformasie.*** Tweede uitgawe. Potchefstroom:PU vir CHO

MALAN, W C 1973. ***Die Reguit pad enduit veilig.*** Brakpan: Verenigde Gereformeerde Uitgewers.

MARSHALL, 1890. ***Marshall's Heiligheid door Geloof*** van Andrew Murray naar het Engelsch. 's Gravenhage: C.Blommendaal.

MCQUILKIN, J R , et al 1996. ***Five views on Sanctification.*** Michigan:Zondervan Publishing House.

MOODIE, T D 1975. ***The rise of Afrikanerdom*** Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion. Berkeley, Los Angeles,London: University of California Press.

MÜLLER, J J 1941. Heiligmaking, in ***Hoe word ek salig?*** Kaapstad: S.A. Bybelvereniging.

MURRAY, J 1904 ***Cathechisatie-boek over de leer der zaligheid*** Volgens Het Kort Begrip vooral voor huiselijk gebruik. Negentiende uitgawe Kaapstad: J.C.Juta& Co.

MURRAY, A [1868] 1942. ***Wees my genadig*** in Die Geloofslewe Versamelde werke Deel I Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging van S.A.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

-------- 1897. ***Het Nieuwe Leven*** Woorden Gods voor de Jonge Kinderen in Christus. Amsterdam: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatskappij.

--------- 1899. ***The Two Covenants and the Second Blessing***. Londen: James Nisbet & Co. Ltd.

---------1942. ***Die Toestand van die Kerk*** in Versamelde Werke, Deel I. Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging van S.A.

---------1945. ***Die Heidelbergse Kategismus*** in Versamelde Werke, Deel X. Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging van S.A.

OBERHOLSTER, J A S 1952. ***Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk.*** Gedenkboek by ons derde Eeufees 1952, in Gerdener, G B A (red.). Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers.

---------1956. ***Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis*** Hul Ontstaan en Ontwikkeling. Kaapstad: HAUM.

OLIVIER, P L 1952. ***Ons Gemeentelike Feesalbum*** 'n Oorsig van die Ontstaan en Groei van Gemeentes van die Gefed.Ned.Geref.Kerke met geleentheid van die Van Riebeeck-fees 1952. Kaapstad: N.G.Kerkuitgewers van S.A.

***Openingsrede door ds.H.S.Bosman uitgesproken op den 31 sten Mei,1912.*** 1912. Volkstem-Drukkerij.

ORR, J E 1967. ***Evangelical Awakenings in South Africa in the nineteenth century: Their antecedent movements in the motherlands and subsequent impact upon the evangelization of Africa.*** Gepubliseerde D D-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

---------1975. ***Evangelical Awakenings in Africa***. Minneapolis:Bethany Fellowship.

PECKHAM, C N 1973.The Africa Evangelistic Band: An historical and doctrinal appraisal. Dip.Theol.-thesis, Baptist Theological College of Southern Africa, Johannesburg.

PIENAAR, H J [sa]. ***By die Lewensbron.*** Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika.

POTGIETER, F J M 1941. Voorwoord, in ***Hoe word ek salig?*** Kaapstad: S.A. Bybelvereniging.

REDELINGHUYS, J J 1983. Geskiedenis van Evangelisasie in Transvaal. NDT-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

RETIEF, M W 1976. ***Die Wonder van Herlewing.*** Hersiene uitgawe van "Herlewings in ons Geskiedenis".Kempton Park: Hart-Uitgewers.

ROSSOUW, S H 1941. Bekering, in ***Hoe word ek salig?*** Kaapstad: S.A.Bybelvereniging.

ROUX, H N 1949. Die C.S.V. in die Transvaal, in C.S.V., ***Die Jeug vir Christus - C.S.V. 1896-1946.*** Stellenbosch:C.S.V.

SMIT, D J 1988. Wat is gereformeerde spiritualiteit? ***Ned.Geref.Teologiese Tydskrif*** Deel XXIX no. 2, pp.182-193.

SMIT, D J 1989. Kan Spiritualiteit beskryf word? ***Ned.Geref.Teologiese Tydskrif*** Deel XXX no. 1, pp.83-93.

SNYMAN, D R 1944. ***Ewigheid-toe.*** Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika.

---------1956. ***Dringende boodskappe.*** Vierde Druk. Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika.

-------- 1939. ***Die Komende Christus en die Komende Krisis.*** Johannesburg: C U M.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

STEWART, J R G 1953. ***Helena Garratt***. Pretoria: Die Afrika Evangeliese Bond-Boekhandel.

STRAUSS, W de W 1951. ***Strewersgedenkboek:1901-1951.*** Die Christelike Strewersunie onder beskerming van die Gefed.Ned.Geref.Kerke. Kaapstad: Citadel-pers.

TERHOVEN, K 1989. ***Breath of Heaven*** Meditations on Revival. Kaapstad Struik Christian Books.

VAN DER MERWE, G 1996. ***Jesus is Koning*** Die verhaal van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika - 1896 tot 1996. Stellenbosch: C.S.V.van Suid Afrika.

VAN DER WALT, S P 1961. ***Dwaling en Waarheid*** oor sektes en godsdienstige strominge. Potchefstroom:Pro Rege.

VAN DER WATT, P B 1976. ***Karakters uit die kerklike verlede***. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

--------- 1979. ***John Murray 1826-1882*** Die eerste Stellenboschse professor. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

---------1980. ***Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905*** Deel Drie N.G. Kerkboekhandel

---------1987. ***Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975*** Deel Vier, Eerste uitgawe. N.G.Kerkboekhandel

VAN DER WESTHUIZEN, C M 1946. Stranddienste in C.S.V., ***Die Jeug vir Christus C.S.V. 1896 - 1946.*** Stellenbosch:C.S.V.

VAN NIEKERK, A S 1983. Die Geskiedenis van Die Nuwe Protestantse Kerk. D D-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

VAN NIEKERK, D F 1983. Die verskynsel van Los predikante in die NG Kerk met spesifieke verwysing na ds.W.C.Malan. N.D.T.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

VORSTER, J D 1941. Methodistiese invloede in die volkslewe in F.C.S.V. ***Koers in die Krisis III***. 381-386. Stellenbosch: Pro Ecclessia.

WALKER, W 1968. ***A History of the Christian Church.***(Revised Edition).Edinburgh: T&T Clark.

WURTH, G B [sa] ***De Bekering als Evangelisatie-probleem***. Kampen: J H Kok.

### *3. Koerantberigte*

*Die Vaderland* 19 April 1940, p.6,*"Appèl van ds.W.C.Malan deur sinode van hand gewys"*

*Die Burger*, Woensdag 25 November 1936 p.6

### *4. Argivale Bronne*

BECKER, S J 1965. *'n Geskiedkundige oorsig van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika met die 21 ste Verjaarsdag - 21 April 1965.*

DE VOS, D J J 1949. *Regverdiging om oor te gaan tot die stigting van 'n Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk.*

GETUIENIS 'n: *Getuienis gelê voor die kerkraad van die Ned.Herv.of Geref.Kerk Gemeente Belfast, Tvl. op 15 Junie 1940.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Lospredikante: Hulle gesante en Geesverwante.* Gedruk en versprei op las van die Sinode van die Ned.Geref.Kerk in die O.V.S., April 1940.

Murray Bybelinstituut "Bybel-Korrespondensiekursus" Mei 1947 no.6 Reeks I.

Notule van Tweede Sinodale sitting van die H.N.G.Kerk 5 Okt.1950.

**5. Traktaatjies**

MURRAY, A 1933 *Vleeslik en Geestelik*

SCHEEPERS, C F

---------*Heiligmaking in die daaglikse lewe*

---------*Na die vervulling met die Heilige Gees, Wat?*

---------*Opstanding van Jesus Christus*

--------- *Pardys herwin,Die*

--------- *Rein Hart,'n*

--------- *Sewe harte, Die*

---------*Sonde in die lewe van die Geesgevulde*

-------- *Weg tot die volheid van die Gees, Die*

**6. Sinodale Verslae**

Acta Synodi 1915: Bylae 20 p.45,46.

Acta Synodi 1919 Bylae 37 p.110.

Acta Synodi 1928 p.90

Acta Synodi 1949 p.337

**7. Onderhoude**

Coetzee, F Onderhoud op 21/5/1997 oor Dogmatiek (Nigel)

Grobler A. Onderhoud op 30/9/1991 (Randfontein)

---------Onderhoud op 22/05/1997 oor ds.Scheepers (Telefonies).

Grobler, A & E Onderhoud op 26/5/1993 (Randfontein)

Janse van Rensburg Z en S Onderhoud op 20/5/1990 oor hulle bekering en geestelike toestand in die Kerk. (Petrus Steyn)

Steyn, M. Onderhoud op 5/10/1997 oor A.E.B-bedrywighede in Belfast-omgewing (Middelburg).

Venter B. Onderhoud op 5/1/1997 oor C.S.V. (Frankfort)

**8. Ander:**

NICOL, W Die Gereformeerde en Evangeliese Identiteit van die Ned.Geref.Kerk en die Charismatiese beweging. (Ongedateerde pamflet)

VENTER, R 1996. Gereformeerde spiritualiteit onderweg. Sinode Ned.Geref.Kerk Midde-Afrika - 15 September 1996.

GROBLER, A Aantekeninge van lesings deur ds.C.F.Scheepers.

DE VOS, D J J Rede gelewer met die sluiting van klasse by die Murray Bybelinstituut (25 Junie 1947) (Fotostaat van oorspronklike aantekeninge).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services 2013